


199016860401



UOVS - BIBLIOTHEEK



19901686040122000019

DIE CHRISTELIKE HUISGESIN SE LEWENSOMVATTENDE OPVOEDINGSTAAK
ONDER LEIDING VAN DIE GELOOFSUITGANG UIT DIE HART

deur

GERT STEPHANUS BURGERS

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad
Doctor Philosophiae in die Fakulteit Lettere en Wys-
begeerte (Departement Bybelkunde) aan die Universiteit
van die Oranje-Vrystaat

818683

Ingelewer : Januarie 1980

Promotor : Prof. Dr. J.C. Lombard

Soli Deo Gloria

(Aan God alleen die eer)

Oppedra aan:

My vrou, Thiesa, wat ek liefhet en wat van ons huwelik 'n liefdes-
gemeenskap gemaak het;

My kinders wat ouerskap vir ons 'n vreugde gemaak het;

My ouers wat my 'n verbondsoopvoeding gegee het en 'n christelike
lewensvoorbeeld gestel het.

DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van hierdie proefskrif, is dit vir my 'n behoefte van die hart, om my opregte dank en waardering te betuig teenoor al die mense wat op my lewensweg gekom het en 'n bydrae deur woord of voorbeeld gelewer het, om my lewe te vorm.

Ek dank die Nederduits Gereformeerde Kerk vir die christelike lewensvorming wat ek ontvang het in die Sondagskool, die kategese, die prediking en op huisbesoek. Ek dank my kerk vir die Teologiese wetenskaplike opleiding wat ek ontvang het aan die Kweekskool, Stellenbosch en die Teologiese fakulteit B, Universiteit van Pretoria.

Ek dank die skole, vanaf die onvergeetlike plaasskool, die hoërskole en die P.U.K. vir C.H.O. - vir die leermeesters wat aldaar aan my akademiese vorming gewerk het.

Twee-en-twintig jaar nadat ek die Universiteit verlaat en in die bediening gestaan het, was my verdere akademiese studie aan die U.O.V.S. onder die hooggeleerde Prof. Dr. J.C. Lombard, 'n indrukwekkende en verfrissende ervaring. Sy simpatieke, dog streng gedissiplineerde leiding, het 'n groot indruk op my gemaak en kon hy daarin slaag om my akademies so ver te bring as wat ek kon. Ek waardeer sy hulp uit sy eie boekery. Ek dank ook mevrou Lombard wat my altyd vriendelik en gasvry ontvang het.

By hierdie dankbetuiging voeg ek graag nog die volgende:

Die personeel van die Universiteitsbiblioteek van die U.O.V.S.; die R.A.U. en die stadsbiblioteek van Boksburg; Ds. S.B.J. van Rensburg en ander Ringspredikante wat boeke aan my geleen het; Ds. S.M. van Vuuren wat met nalees gehelp het.

In besonder wil ek my dank en waardering uitspreek teenoor die Kerkraad en gemeente van Boksburg-Suid wat vir my die geleentheid gegun het om die studie te voltooi, ek dank hulle vir begrip, verdraagsaamheid en inspirasie.

My opregte dank gaan ook aan Mnr. Brewis, Hoof van die Van Dykpark Laerskool vir sy gewaardeerde hulp; en die liewe vriende wat my so gasvry ontvang het, waar ek tuis gegaan het gedurende my studies; my skoonmoeder, mevrou C. Fourie, vir haar belangstelling en hulp, mevrou Janet Swanepoel vir die netjiese tikwerk, haar geduld en gasvryheid en meneer Veldsman van Vellas Drukkery.

En nie die minste van almal nie, my vrou wat met soveel geduld my verdra en in ag geneem het tydens hierdie studie en ons kinders wat steeds vir my 'n inspirasie was.

I N H O U D S O P G A W EHOOFSTUK 1

MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE

HOOFSTUK 2DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELD[^]BESKOUING

2.1	DIE KENMERKE VAN 'N LEWENS- EN WÊRELD [^] BESKOUING	5
2.2	DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELD [^] BESKOUING MEER INHOUDELIK BELIG.	8
2.2.1	Die dekkingsveld van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.	
2.2.1.1	Godskennis.	
2.2.1.2	Selfkennis in die lig van Gods Woord	13.
2.2.1.3	Wêreldkennis	17
2.2.1.4	Ewigheidskennis	18
2.3	DIE INVLOED VAN 'N LEWENS- EN WÊRELD [^] BESKOUING OP DIE OPVOEDING VAN DIE MENS	21
2.4	ANDER HEERSENDE RELIGIEUSE OORTUIGINGE VAN ONS TYD.	24
2.4.1	Die humanisme en sekularisme	25
2.4.2.	Die kommunisme en neo-Marxisme se horisontalisme	33

HOOFSTUK 3

39

BASIES RELIGIEUSE EN KOSMIESE GRONDSLAE VAN DIE CHRISTELIKE MENS[^]BESKOUING

3.1	NOODSAAK VAN DIE ANTROPOLOGIE VIR DIE OPVOEDING	39
3.2	DIE OORSPRONG VAN DIE MENS	42
3.3	KERNWAARHEDE OOR DIE MENS [^] LIKE PERSOON	45
3.3.1	Die betekenis van die geskiedenis van die mens na die beeld van God	45
3.3.2	Die mens en die sondeval	53
3.3.3	Die mens se verlossing in Jesus Christus	56

3.4

3.4	DIE GENADFVERBOND	59
3.4.1	Die oorsprong van die genadeverbond	59
3.4.2.	Gehoorzaamheid aan God binne die genadeverbond	68
3.5	DIE RELIGIE WAT OP DIE HART BESLAG LÊ	
3.6	DIE RELIGIE EN DIE RELIGIËUSE GRONDMOTIEF	
3.7	DIE MENSLIKE PERSOON IN VOLLE LEWENSVERBAND	
3.7.1	Die mens in die lewensaspekte - 'n Kosmologiese perspektief.	
3.7.2	Die ontsluiting van die wetskringe met spesiale verwysing na die leidende funksie wat die geloof vanuit die spitsposisie neem	90
3.8	DIE MENS SE KULTUURTAAK EN OPVOEDING	96
3.9:	DIE MENS EN DIE SAMELEWINGSVERBANDE	99
3.9.1	Die mens in sy kerkverband	100
3.9.2	Die mens en die skoolverband	104

HOOFSTUK 4

DIE CHRISTELIKE HUWELIK EN GESIN

4.1	DIE OORSPRONG VAN DIE HUWELIK EN GESIN	109
4.2	DIE STRUKTUURBEGINSEL VAN HUWELIK EN GESIN	111
4.3.	DIE FUNDERING VAN DIE HUWELIK EN GESIN	111
4.4	DIE BESTEMMINGSFUNKSIE VAN DIE HUWELIK	114
4.5	DIE STRUKTUUR VAN DIE HUISGESIN	116
4.6	KONTINUÏTEIT VAN DIE HUWELIK IN VERBAND MET DIE KONTINUÏTEIT VAN DIE LIEFDESDUUR	119
4.6.1	Belang van die uitlewing van die liefdesnorm	120
4.6.2	Die liefde as die leidende funksie van die huwelikslewe in sy volle lewensuitdrukking	121
4.6.3	Die aard van die morele egtelike liefde	123
4.7	DIE GESAGSTRUKTUUR IN DIE HUWELIK EN GESIN	124
4.7.1	Huwelik- en gesinsgesag is ampsgesag, van Godswêë, daarom betreklik en normatief gebonde. Dis afgeleide gesag.	126
4.7.2	Die wyse van gesagsuitoefening van die man in huwelik en gesin	129

HOOFSTUK 5

HOOFSTUK 5

DIE HUWELIK EN GESIN SE VOLLE LEWENSUITDRUKKING IN DIE WETSKRINGE
AS LEWENSASPEKTE ONDER LEIDING VAN DIE NORMATIEWE GESAGSTRUKTUUR 131

5.1	DIE HUWELIK EN GESIN IN DIE NORMATIEWE WETSKRINGE	131
5.1.1	Die interne huweliks- en gesinsdenke	131
5.1.2	Die huwelik en gesin 'n die historiese wetskringe	134
5.1.2.1	Die wedersydse vorming deur man en vrou in die huwelik	136
5.1.2.2	Die gesin se vormende opvoedingstaak	137
5.1.2.3	Die rol van die tug in die opvoeding, veral met betrekking tot die huisgesin	139
5.1.2.4	Devaluering en ontleding van die gesin se opvoedingstaak	141
5.1.2.5	Kleuterskole en bewaarskole	143
5.1.2.6	Die huwelik en gesin se beheersende vorming in die daaglikse arbeid	144
5.1.3	Die interne huweliks- en gesinstaal	147
5.1.3.1	Die interne huwelikstaal	147
5.1.3.2	Wyere huweliks- en gesinssimboliek	148
5.1.3.3	Taalvorming: byname, historiese gebeure	149
5.1.4	Die omgang en sosiale verkeer in huwelik en gesin	150
5.1.4.1	Gesinsontspanning	152
5.1.5	Die interne huweliks- en gesinsekonomie	153
5.1.6	Huweliks- en gesinsharmonie	155
5.1.7	Die interne huweliks- en gesinsreg	157
5.1.7.1	Die gesinsreg meer spesifiek toegelig Die ouergesag	158
5.1.8	Huwelik en gesinsgeloof	160
5.2	DIE HUWELIK EN GESIN IN DIE VOOR-LOGIESE NATUURSYE	162
5.2.1	Die huwelik en gesin se psigiese struktuur	162
5.2.2	Huwelik- en gesinsharmonie. Huwelik en gesin in die fisiese wetskring.	165
5.2.2.1	Die huisgesin en sosiale mobiliteit. Die bewegingsaspek	168
5.2.2.2	Vertikale mobiliteit	168
	5.2.2.3.....	

	5.2.2.3	Horisontale mobiliteit	170
	5.2.3	Die huwelik en gesin se ruimtestruktuur	172
	5.2.4	Die huwelik se normatiewe getalstruktuur, volgens liefdesgebod	176
5.3		TIPIESE UITDRUKKING VAN DIE GELOOFSASPEK IN AL DIE ANDER LEWENSASPEKTE VAN DIE HUISGESIN	178
5.4		TIPIESE INTERNE BYBELSE GELOOFSSEKERTE IN DIE huisgesin	181
5.5		DIE ONTSLUITINGSFUNKSIE VAN DIE BYBELSE GELOOFSNORME TEN OPSIGTE VAN DIE VOLLE HUWELIK- EN GESINSLEWE	184

HOOFSTUK 6

187

DIE OPDRAG TOT EN NOODSAAKLIKHEID VAN CHRISTELIKE OPVOEDING

187

6.1		WAT CHRISTELIKE OPVOEDING IS	187
6.2		GODS OPDRAG TOT VERBONDSOPVOEDING	189
	6.2.1	Ou Testamentiese getuienis oor verbondsoopvoeding	189
	6.2.2	Die Nuwe Testamentiese getuienis oor verbondsoopvoeding	197
6.3		DIE OPVOEDBAARHEID VAN DIE KIND	201
6.4		DIE NOODSAAKLIKHEID VAN OPVOEDING	202

HOOFSTUK 7

205

EKSTERNE FAKTORE, KULTUURMILEU EN VERBANDE WAT MET DIE GESIN VERVLEG IS AS MEDEBEPALEND VAN DIE GESIN SE OPVOEDINGSTAAK

205

7.1		DIE NATUUR SE EKSTERNE INVLOED OP DIE GESIN SE OPVOEDING	205
7.2		DIE PLATTELAND SE EKSTERNE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESINSLEWE	207
7.3		DIE STAD SE EKSTERNE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN	212
7.4		DIE DIERE EN PLANTE SE EKSTERNE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN	217
	7.4.1	Die invloed van die kontak met diere op die opvoeding van die gesin	218
	7.4.2	Die invloed van die kontak met plante op die opvoeding van die gesin	222

7.5

7.5	DIE SKOOL SE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN	225
7.6	DIE INVLOED VAN DIE KERK OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN	233

HOOFSTUK 8 240

LEERSTELLIGE BYBELONDERRIG AS TIPIESE GELOOFSONDERRIG IN DIE HUISGESIN (GELOOFSASPEK) 240

8.1	DIE BETEKENIS VAN GELOOFSOPVOEDING VIR DIE HUISGESIN	240
8.2	DIE TOERUSTING VAN DIE HUISGESIN VIR GODSDIENSONDERRIG EN OPVOEDING	243
8.3	HUISGODSDIENS AS METODE EN HULPMIDDEL VAN VERBONDSOPVOEDING	246
8.4	INHOUD VAN DIE BYBELONDERRIG	251
8.4.1	Die betekenis van die Tien Gebooe vir die opvoeding van die verbondsgesin	252
8.4.2	Die betekenis van Spreuke vir die opvoeding van die verbondskind	264
8.4.2.1	Wysheid	265
8.4.2.2	Die Dwaas	266
8.4.2.3	Die Luiard	267
8.4.2.4	Die Vriend	268
8.4.2.5	Die Ouer-Kind Verhouding	269

HOOFSTUK 9

DIE ETIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE OPVOEDING 273

9.1	INLEIDING TOT DIE ETIESE ASPEK	273
9.2	DIE MENSLIKE VERANTWOORDELIKHEID TEN OPSIGTE VAN DIE SEDELIKE	273
9.3	OPSKERPING EN ONTSLUITING VAN DIE CHRISTELIKE GEWETE	278
9.4	DIE LIEFDE IN DIE HUWELIK EN GESIN	279
9.4.1	Die Christelike liefde. Liefde tot God	279
9.4.2	Die romantiese liefde	283
9.4.3	Die huwelikskeuse van die kinders	284
9.4.4	Die seksuele aspek as liefdesuiting	291
9.4.5	Huweliksliefde	293
9.4.6	Huwelikstrou	294
9.4.7	Kuisheid	296

HOOFSTUK 10

<u>DIE JURIDIESE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING</u>	301	
10.1	INLEIDING	301
10.2	GOD SE ABSOLUTE GESAG	303
10.3	DIE TIPIESE INTERNE GESINSGESAG	305
10.4	DIE GESIN EN DIE JURIDIESE ASPEK VAN DIE OPVOEDING	308
10.5	DIE GESIN SE GESAGSBEGRENSING: SOEWEREINITEIT IN EIE KRING	

HOOFSTUK 11

<u>DIE ESTETIESE ASPEK VAN DIE OPVOEDING</u>	313	
11.1	DIE SKOONHEID VAN DIE BYBEL	313
11.2	GOD, DIE BRON VAN DIE SKONE	313
11.3	KUNSVORMING IS KULTUROPDRAG VAN GOD	315
11.4	DIE MENS EN SY TALENTE	315
11.5	SATAN EN DIE KUNS	317
11.6	LEWENSSTYL	318
11.7	DIE VERBAND TUSSEN DIE ESTETIESE EN DIE ANDER LEWENSASPEKTE	321

HOOFSTUK 12

<u>DIE EKONOMIESE ASPEK VAN DIE HUISGESIN SE OPVOEDING, SOOS GEÏNTEGREERD MET AL DIE ANDER NORMATIEWE CHRISTELIKE LEWENSUITGANGE</u>	324
--	-----

12.1	BEGRIPSBEPALING	324
12.2	NORME VIR DIE EKONOMIESE LEWE	324
12.3	GESINSEKONOMIE EN GESINSARBEID	327
12.4	DIE GESINSBEGROTING	
12.5	HOE DIE GESINSOPVOEDING IN DIE EKONOMIESE ASPEK GESKIED	333
12.6	DIE EKONOMIESE ASPEK SE UITDRUKKING IN AL DIE NORMATIEWE LEWENSASPEKTE	335
12.6.1	Die geloofsaspek	335
12.6.2	Die sedelike-liefdesaspek	337
12.6.3	Die juridiese aspek	338

12.6.4

12.6.4	Die estetiese aspck	338
12.6.5	Die sosiale aspek	340
12.6.6	Die taalaspck	342
12.6.7	Die analitiese aspek	343

HOOFSTUK 13

<u>DIE SOSIALE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING</u>		345
13.1	DIE SOSIALE ASPEK VAN DIE SAMELEWING	345
13.2	DIE SOSIALE OPVOEDING BINNE DIE GESINSLEWE	352
13.3	SPREUKE OOR DIE STYL EN WYSE VAN SOSIALE ONGANG IN DIE GEMEENSAP EN IN DIE HUISGESIN	360
13.4	ENKELE NUWE TESTAMENTIESE NORME NEERGELE ^ê VIR DIE HARMONIEUSE ONGANG IN DIE GEMEENTE EN IN DIE HUISGESIN	363

HOOFSTUK 14

<u>DIE TAALASPEK VAN DIE HUISGESIN SE OPVOEDING</u>		371
14.1	BEGRIPSBEPALING	371
14.2	DIE TIPIESE GESINSTAAL EN GESINSGESPREK	376
14.3	OPSOMMEND- TIPIESE GESINSTAALOPVOEDING	382

HOOFSTUK 15

<u>DIE HISTORIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE OPVOEDING</u>		387
15.1	DIE KULTUURVORMENDE INVLOED VAN DIE HUISGESIN AS KULTUUREENHEID	387
15.2	DIE GESIN SE KULTUUROPDRAG - LEWENSWYD	388
15.2.1	Gesinsarbeid - 'n Goddelike ordinansie	392
15.2.2	Lotery - 'n ewel in die gesin se opvoeding	396
15.2.3	Die gesin se dagtaak in volle lewensverband	398

HOOFSTUK 16.....

HOOFSTUK 16

404

DIE LOGIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE OPVOEDING

404

16.1	BEGRIPSBEPALING	404
16.2	DIE PLEK VAN DIE LOGIESE DENKE IN DIE LEWE VAN DIE MENS	406
16.3	DIE TIPIESE LEIDENDE AKSENT IN DIE GESINSDENKE	410
16.4	DIE GESAGSLEIDING IN DIE OPVOEDING TOT DENKE	411
16.5	DIE CHRISTELIKE NORME VIR DIE DENKLEWE VAN DIE MENS	413

HOOFSTUK 17

415

DIE HUWELIK EN GESIN SE VOLLE LEWENSUITDRUKKING IN DIE NIE-NORMATIEWE
NATUURWETMATIGE ASPEKTE

415

17.1	DIE STRUKTUUR VAN DIE MENSLIKE PERSOON	415
	17.1.1 Die fisies-chemiese struktuur	415
	17.1.2 Die vegatief-biotiese lewensaspek	415
	17.1.3 Die psigiese liggaamstruktuur	415
	17.1.4 Die aktstruktuur	416
17.2	DIE STRUKTUUR VAN DIE PSIGOLOGIESE ASPEK	417
	17.2.1 Gesinsopvoeding en die psigologiese aspek daarvan	418
	17.2.2 Die psigologiese aspek in lewensverband in die gesinsopvoeding	422
	17.2.3 Die Bybel en menslike gedrag of sielkundige handele	423
17.3	DIE BIOTIESE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING	425
	17.3.1 Die biotiese aspek van die gesinsopvoeding in volle lewensverband	425
	17.3.2 Die huisgesin en gesondheidopvoeding	429
	17.3.2.1 Verdowing- en verslawingsmiddels en alkoholisme (oedermyners van die gesondheid van die gesin)	434
	17.3.3 Die geslagslewe in liefdesverband	436
	17.3.4 Die gesin en geslagsopvoeding	436
	17.3.4.1 Seksuele wanpraktyke wat skadelik is vir die gesinsopvoeding	439

	<u>HOOFSTUK 18</u>	444
EVALUERING		444
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	451.
BRONNE		451.
KOMMENTARE		473
PROEFSKRIFTE		476
VERHANDELINGE		478
ENSIKLOPEDIË		480
VERSAMELWERKE		481
TYDSKRIFTE		484
DIKTATE		486

HOOFSTUK 1

MOTIVERING VIR HIERDIE STUDIE

Die motivering vir hierdie studie is geput uit :

- (i) die nood waarin talle Christelike huisgesinne hulle vandag bevind, ook ten opsigte van die ontleding van die opvoedingsfunksie van die gesin en erosie. Ons huidige tydsgewrig word gekenmerk deur 'n huweliksnood, soos blyk uit die hoë egskeidingsyfer, en 'n gesinsnood soos blyk uit die groot getal ontwrigte huisgesinne waarin veral die ouer-kind verhouding veel te wense oorlaat en gevolglik het ons te doen met kinderverwaarlosing, losbandigheid, gesagskrisisse en so meer ;
- (ii) die behoefte aan 'n allesdekkende Christelike opvoedingsvisie en taakstelling wat die hele mens in al sy lewensaspekte binne die gesin as 'n eenheid in die visier het. Dit moet dien as beskermende en positiewe toerusting vir die kinders van die huisgesin om so weer as grondslag te dien vir toekomstige positief toegeruste ouers van die nuwe geslag.

Een van die basiese metodes van gesinshervorming is immers om die goeie grondslag te lê by die kind wat môre die verantwoordelike ouer is.

Ons gaan daarom in hierdie studie uit spesifiek van die Christelike huisgesin. Binne die gesin en met name dan ook binne die Christelike gesin het ons die eerste en primêre opvoedingstaak en -situasie soos tereg deur talryke opvoedkundiges en sosioloë en andere beklemtoon. Te meer nog binne die Christelike huisgesin geld die eis tot verbondsoopvoeding van die kind in al sy lewensuitinge en lewensverbande.

Die.....

Die tema van hierdie studie impliseer ook duidelik die hoofdoel van die Christelike opvoeding om die kind vanuit sy kleuterfase tot bewuste sekerte van die geloof in God Drie-enig te lei en te verdiep.

Vanuit hierdie grondslag word hy geleer om in gehoorsaamheid aan die Skrif tot Gods eer te lewe in al sy lewensaspekte en -betrekkinge.

Dis juis opvallend dat die huisgesin in sy eenvoud en tegelyk sy unieke samestelling 'n wonderlike geleentheid bied vir lewensomvattende opvoeding. Hier word grondslae gelê wat vir die volle lewe van later grondliggende betekenis het, en ons oogmerk is om dit duidelik na vore te bring. Hiervoor maak ons vrugbaar gebruik van die wysgerige verbandsleer van die reformatoriese Wysbegeerte soos dit gestalte vind in die Wysbegeerte van die Wetsidee. Dit bied ons 'n helder en sistematiese visie op die volle lewe soos dit teoreties vanuit Christelike besinning onderskei word en in die daaglikse lewenspraktyk bestaan. Hier word dus aangesluit by die naiewe geskape werklikheid en daarom behoort ons benadering lewensgetrou te wees.

As die gesin se uitdrukking en opvoeding in alle lewensaspekte belig word, beteken dit nie dat te veel in die breedte gegaan word en te min in die diepte nie. Tegelyk moet beklemtoon word dat die gesinsopvoeding in elke onderskeie aspek nie na sy volle draagwydte en konsekwensies belig word nie - dit sou ons te vêr voer.

Uiteraard sal ook gewys word op die gesin en gesinsopvoeding se vervlegtingsverhouding met ander samelewingstrukture soos kerk, skool, staat en so meer.

Naas bogenoemde vervlegting van gesin en ander samelewingstrukture sal gewys word op die gesagsgebied of soewereiniteit in eie kring van die gesin en ander strukture omdat dit ook belangrike implikasies het vir die Christelike opvoeding.

Ons.....

Ons uitgangspunt in hierdie studie is dus allermens religieus neutraal as net fenomenologies-analities. Die leiding of ontsluitende betekenis van die geloofsaspek beteken dus dat die lig van die Woord as norm in hierdie studie tenvolle tot sy reg moet kom, al bied dit nie direkte uitsprake oor alle moderne probleme ten opsigte van gesinsopvoeding nie.

Die tema veronderstel dan ook die gehoorsaamheid aan Gods gebod deur die mense wat na die beeld van God geskape is met 'n normatiewe roeping en kultuurtaak ten opsigte van die opvoeding.

Die religie wat op die mens se hart beslag lê, bepaal sy lewens- en wêreldbeskouing en lewenspraktyk.

Vanuit die bepaalde christelike lewens- en wêreldbeskouing vind die christelike opvoeding plaas. Die basiese waarhede hieroor word in hoofstuk twee verantwoord.

Uit die mens se hart is die uitgange van die volle lewe. Daarom word spesifiek aandag geskenk aan die christelike antropologie of mensleer, met die oog op die basiese religieuse grondslae daarvan.

Omdat christenmense opvoed en opgevoed word, het ons in hoofstuk drie die christelike mensleer uiteengesit. Ons moet die mens wat opvoed en opgevoed word ken.

Die huwelik word behandel omdat dit normaalweg verdiep tot gesin en vanweë die intieme vervlegting tussen huwelik en gesin. Dis immers waar dat die ouers van kinders steeds nog die egpaar van die huwelik bly. In hoofstuk vier gee ons 'n analise van die huweliksstruktuur.

Die christelike gesin se struktuur en die normatiewe ontsluiting van die huisgesin in volle lewensverband en die ontsluitingsfunksie van die geloof, word in hoofstuk vyf behandel.

In.....

In hoofstuk ses bied ons 'n uiteensetting oor die christelike opvoeding se basiese religieuse uitgangspunte.

In hoofstuk sewe behandel ons eksterne faktore, kultuur-milieu en verbande wat met die gesin vervleg is as mede-bepalend van die gesin se opvoedingstaak.

In hoofstuk agt volg 'n uiteensetting van die christelike opvoeding in enger en spesifieke Bybelse sin onder leiding van die geloofsaspek soos dit in verbondsoopvoeding in die Woord geëis word.

In hoofstuk nege tot sestien word die opvoeding in die gesin behandel in die oorblywende normatiewe aspekte van die lewe van die mens tot by die logiese.

Daarna word in die volgende hoofstukke die opvoeding behandel soos dit verband hou met die natuursye van die lewe, met name ook van die liggaamstruktuur van die mens.

Die eenheid van die menslike persoon, dit wil sê, van „gees en liggaam" by wyse van spreek word in hierdie gedeelte as vanselfsprekend veronderstel.

In die slothoofstuk volg 'n saaklike evaluering met verwysing na die implikasies daarvan vir verbondsmatige gesinsopvoeding in totale lewenseenheid onder leiding van die geloofsnorme - ook met die oog op die afvallige geestelike aanslag van die huidige tydsgewrig.

HOOFSTUK 2

DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUIING

2.1 DIE KENMERKE VAN 'N LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUIING

Elke lewens- en wêreldbeskouing het sy eie unieke religieuse uitgangspunte. Met die oog op opvoeding van ons kinders, is dit noodsaaklik om op die kenmerke van 'n lewens- en wêreldbeskouing ag te slaan omdat 'n evaluering gemaak moet word van die invloed daarvan van die kant van die ouer op die vorming van die kind in die begeleiding na sy volwassenheid.

Ouers het die reg om te verwag dat hul kinders onderwys sal ontvang wat beantwoord aan die eise van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing sodat hul harte op God gerig kan word om Hom te eer en te dien.

Vreemde religie sal ons kinders van God vervreem en van Hom afvallig maak.

Ons is oortuig daarvan dat 'n opvoeding vanuit die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die beste beantwoord aan die eise van 'n volledige opvoeding in al die lewensaspekte en dat dit die kind se vermoëns tenvolle sal ontsluit onder leiding van die spitsposisie van die geloofsuitgang van die hart.

Elke normale mens het 'n lewens- en wêreldbeskouing.

Heiberg stel dit soos volg: „Geen beskawing kom in 'n religieuse, lewensbeskoulike lugleegte totstand nie. Elke beskawingsvorm is bewus of onbewus, die totaalvrug van 'n bepaalde religieusgefundeerde lewens- en wêreldbeskouing. Daarom lê ook aan die Afrikaanse-Christelike beskawing 'n omvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing ten grondslag wat daaraan normatief beslag gegee het.”¹

-
1. HEIBERG P.J. : DIE GRONDSLAG VAN DIE CHRISTELIKE OPVOEDING EN ONDERWYS. Referaat No. 2b Volks-Kongres vir opvoeding en onderwys. Pretoria 29 Sept. 1969.

Dit.....

Dit geld natuurlik vir alle ander lewens- en wêreldbeskouinge ook dat 'n bepaalde religie die lewenskoers daarin bepaal.

Elke beskouing is 'n bedingingsfaktor waarmee in die opvoeding rekening gehou moet word

Die keusevryheid waarvoor die mens op aarde staan is die wat Josua aan die volk Israel gestel het in Josua 24 : 15 - "kies dan vir julle vandag wie julle wil dien of die gode; maar ek en my huis, ons sal die Here dien."

Die keuse kom daarop neer dat die volk moet kies en hulle kinders moet beïnvloed; watter geestesrigting hulle en hulle kinders se harte moet vul.

Die aanvaarde geloofsoortuiging en lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed mense om in 'n bepaalde koers te leef.

Die lewens- en wêreldbeskouing het 'n religieuse uitgangspunt waarop dit gefundeer is en daardie uitgangspunt is fundamenteel. Dit lê ten grondslag van elke mens se lewe.

Vir die Christen is sy geloofskeuse vir God Drie-enig, soos Hy Hom in sy Woord openbaar het. Die Woord is die grondslag waarop die Christen sy lewe bou.

Vir die kommunisme as totale religie is die kommunistiese ideologie die grondslag waarop hy sy totale lewe bou, as sy uitgangspunt of vertrekpunt wat ook koersbepalend is.

Basies bestaan daar net twee uitgangspunte waartussen 'n mens kan kies, daar is nie so iets as 'n neutrale mens met 'n neutrale hart nie.

Die enigste keuse vir alle mense is die tussen die aanvaarding van die bestaan van God soos geopenbaar in Jesus Christus, of die verwerping daarvan.¹

1. Vgl. GUNTER C.F.G. : OPVOEDINGSFILOSOFIE, p. 306

Stoker noem die volgende kenmerke van 'n lewens- en wêreldbeskouing: "dit is universeel, dit was al die eeue daar en dit gaan oor die hele linie van die mens se bestaan."¹

Die gekose lewens- en wêreldbeskouing beïnvloed die mens om in al die lewens aspekte dienooreenkomstig te leef.

Stoker noem nog verdere kenmerke van 'n lewens- en wêreldbeskouing. " 'n lewens- en wêreldbeskouing is integraal, omdat dit op die waarheid aanspraak maak en dit is religieus bepaald omdat dit op die hart van die mens beslag lê. Die mens glo in sy lewens- en wêreldbeskouing, naamlik dat dit die groot waarheid is. Daarom gee die lewens- en wêreldbeskouing antwoord op die mees fundamentele vrae van die mens se lewe, te wete vrae na die Oorsprong, die sin van die lewe en oor die toekoms van die mens. 'n Lewens- en wêreldbeskouing dra 'n gemeenskaps-karakter. Dit verskaf stukrag aan daardie geloofsgemeenskap."²

Daar is dus verskillende soorte geloofsgemeenskappe in die wêreld, waaronder ook die Christelike geloofsgemeenskap. Wat Stoker soos hierbo gemeld van lewens- en wêreldbeskouing^s geld van alle lewens- en wêreldbeskouings. Die Christelike geloofsgemeenskap beoefen sy gemeenskap as heiliges (afgesonderdes vir die Here) in die kerk en ander samelewingsverbande.

'n Lewens- en wêreldbeskouing is ook dinamies, dit is mensvormend en beïnvloed ook die geskiedenisvorming, die voortgang en vooruitgang van volke in al sy geledinge.

In die lewens- en wêreldbeskouing beskik die opvoeding oor 'n mag wat selfs die geskiedenis in 'n bepaalde koers kan dwing soos byvoorbeeld na Pinksterdag in Jerusalem. Vandaar het die Christelike religie met sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing die wêreld oorspoel.

'n Lewens- en wêreldbeskouing dra ook 'n verpligtende karakter. Die Christen staan onder die verpligting om Gods Woord te gehoorsaam in al sy dele. So staan ook die kommuniste onder die verpligting om die kommunistiese religie te gehoorsaam.

1. STOKER H.G. : BEGINSELS EN METODEDES IN DIE WETENSKAP, p. 115, 116

2. Ibid, p. 118 - 121

Uit dit alles moet ons konkludeer dat die religieuse grondslae van 'n lewens- en wêreldbeskouing met die ontsluiting daartoe 'n sensitiewe en deurslaggewende karakter het, juis met die oog op die opvoedingstaak.

In die lig van die belangrikheid van 'n lewens- en werelddbeskouing soos ons reeds aangetoon het, met die invloed daarvan op die lewe van die mens, is dit noodsaaklik dat elke Christenouer helderheid sal verkry oor die inhoud daarvan wat aan hul kinders voorgehou moet word, sodat hul kinders hul lewens kan inrig in ooreenstemming met die norme wat die Drie-enige God daarvoor neergele het op grondslag van die geopenbaarde Woord.

2.2 DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING MEER INHOUDELIK BELIG

Grosheide gee vir ons sy siening van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing soos volg: "Onder levens- en werelddbeskouing verstaan we het geheel van iemands (bewuste of onbewuste) opvattingen, die zijn denken en handelen bepalen. De levensbeskouing bestaat dus in hoofdzaak uit theologiese en wijsgerige beginselen of leringen." Hy voeg verder hieraan toe: "Hoe iemands lewens- en werelddbeskouing is, hangt samen met het diepst van zijn ganse bestaan. Tenslotte komt het daarop aan of iemand wedergeboren, kind van God is of niet. Dat maakt de grootste skeiding."¹

Ons verskil van Grosheide waar hy beweer dat 'n lewens- en wêreldbeskouing op teologiese en wysgerige grondslae gebou is. Dit mag wel sy sydelingse invloed uitoefen. 'n Lewens- en wêreldbeskouing is gebou op voorteoretiese basis, die nuwe Christelike siening van sake. Bavinck gee byvoorbeeld vir ons in die opsig 'n duideliker en meer aanvaarbare definisie, wat hieronder volg:-

GROSHEIDE F.W. : LEVENSBESCHOUWING. In Christelijke Encyclopedie IV, p. 425.

Uit

Uit Grosheide se definisie lei ons wel tereg af, dat die geestes-
mag wat op die hart beslag lê, eintlik die grondslag van 'n lewens-
en wêreldbeskouing is. Dus is die religie die basis van die lewens-
en wêreldbeskouing.

Verder lei ons van Grosheide se betoog af dat daar basies
twee groepe mense in die wêreld is, naamlik wedergebore en onweder-
gebore mense. Hulle lewens- en wêreldbeskouinge sal lynreg teen-
oor mekaar staan.

Bavinck se definisie van wat 'n lewens- en wêreldbeskouing is,
lui soos volg: „Onze diepste overtuigingen, onze wereld- en
levensbeschouwing bekomen en behouden wij nooit in den weg van het
wetenschappelijk bewijs, zij zijn geen product des verstands, noch
ook een werk van den wil. Zij liggen echter beide in het diepste
der ziel, in het hart, vanwaar de uitgangen des levens zijn. Zij
zijn een stuk van den mensch zelf, zij maken als het ware een deel
van zijn wezen uit, zij zijn de mensch zoals hij in een bepaalden
kring geboren, getogen, opgevoed en gevormd is. Het stelsel van
ons denken is dikwerf niet anders dan de geschiedenis van ons hart.“¹

Bavinck lê dus klem daarop dat ons lewens- en wêreldbeskouing
opkom uit ons nuwe ervaring van ons lewe, en nie uit wysbegeerte
en teologie nie.

'n Siening van die Nederduits Gereformeerde Kerk ten opsigte
van 'n lewens- en wêreldbeskouing is onder andere soos volg ge-
formuleer: „'n lewens- en wêreldbeskouing is 'n beskouing oor die
ontstaan, die bestaan, die voortbestaan, die wese en sin, die struk-
tuur, die doel en eindbestemming van die werklikheid. Dit is 'n
beskouing oor die oorsprong, die wese en die bestemming van die mens,
oor norme en die bepaalde waardes, in rangorde van voorkeur oor die
sedelike en dan veral, oor die norm vir die goeie karakter, oor die
waarheid en die wese van die kennis.“²

Ons deel hierdie siening, behalwe, dat nie net die sedelike
nie, maar alle lewensaspekte duidelik hierby ingesluit moes word,

1. BAVINCK H. : DE ZEKERHEID DES GELOOFS, p.23.

2. Uit : STANDPUNTE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK
TEN OPSIGTE VAN OPVOEDING EN ONDERWYS, p.15.

omdat die lewens- en wêreldbeskouing sy invloed laat geld oor elke lewenskring.

'n Lewens- en wêreldbeskouing is ons beskouing oor en veral ons houding teenoor die lewe en die wêreld. Ons neem stelling in teenoor die werklikheid, veral teenoor die mens en die wêreld waarin ons ons bevind.

Ons lewens- en wêreldbeskouing is 'n totaliteitsbeskouing wat ons 'n onmiddellike blik, oorsig, oor die groot werklikhede van die lewe gee.

Ons lewens- en wêreldbeskouing is gebou op of rus op ons na lewe daelike ervaring en kennis .

Hier kom wysbegeerte en lewens- en wêreldbeskouing mekaar tegemoet. Wysbegeerte gaan in die rigting van die teoretiese denke, maar moet gedurig in aanraking bly met die lewens- en wêreldbeskouing, om nie kontak met die werklikheid te verloor nie en die lewens- en wêreldbeskouing moet altyd by die wysgerige denke tot innerlike helderheid kom. Die een kan die ander nie vervang nie. Daar kan egter ook nie skeiding in die wortel, die grondstruktuur kom nie. ¹

Skeiding in lewens- en wêreldbeskouing lê in die wortel, naamlik, vir of teen God. Die teen God soek mensverheerliking, want die mens van die sonde staan teenoor God. ² Hierdie keuse vir of teen God, bepaal in laaste instansie die mens se optrede, want geen lewens- en wêreldbeskouing is religieus neutraal nie. ³

1. Vgl. HUGO G.F. de V.: 'N CHRISTELIK NASIONALE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUING. F.A.K.-Kongres, Bloemfontein, 1-2 Okt. 1948.
2. Vgl. SCHROTENBOER soos aangehaal deur HEIBERG P.J. : DIE OPLEIDING VAN DIE CHRISTELIKE ONDERWYSERS. TCW J6 K4 1970, p.163 : religion is man's inescapable situation - Geen mens is religieus neutraal nie.
3. Vgl. TALJAARD J.A.L. : KURSUS IN LEWENS- EN WÊRELD BESKOUINGS-LEER EN MENS-LIKE SAMELEWINGS-VERBANDE, p.14.

2.2.1 DIE DEKKINGSVELD VAN DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUING

Die dekkingsveld van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, omvat die ganse geskape werklikheid van alle sienlike en onsienlike dinge. Botha omskryf die Christelike lewens- en wêreldbeskouing as: „'n stel fundamentele oortuigings ten opsigte van die hele werklikheid. Dit sluit dus in, die fundamentele oortuigings aangaande die mens, die medemens, die menslike natuur, God en die sin van die menslike lewe in hierdie wêreld. So 'n stel fundamentele lewens-oortuigings word gekleur, en gedetermineer deur die religieuse gerigtheid van die menslike hart.”¹

Strauss het hierdie dekkingsveld nog verder en wyer gestel, hy skryf: „'n ware uitsig op God Drie-enig, op ons aardse tuiste en op ons ewige bestemming is slegs in Christus ons deel. Christus bind ons hart, waaruit al die uitgange van ons lewe is, vas aan God Drie-enig; Hy open vir ons Gods Woordsopenbaring en bied so aan ons die enigste ware kennis vir tyd en ewigheid. In ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing, moet ons dus onderskei : Godskennis, selfkennis, wêreldkennis en hemelkennis.”²

2.2.1.1 GODSKENNIS

Die mens op aarde is nie net afhanklik van Godskennis nie, maar is vir sy bestaan van God afhanklik. Strauss vat die afhanklikheid van die Godskennis so saam: „ God het as soewereine Skepper die geskape werklikheid daargestel. Hy onderhou dit en Hy is ook die Voleinder daarvan. Die begin, die voortbestaan en die einde van hierdie tydelike werklikheid is dus nooit van God te skei nie en daarom bestaan ook die mens en sy aardse tuiste slegs in hul afhanklikheid van Hom. Hy dra dit in Sy Almag volgens die vrye welbehae van Sy alsoewereine wil en Hy is hierin ook van niks en niemand afhanklik nie. So volkome en sonder enige voorbehoud is

1. BOTHA M.E. : DIE STUDENTSE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUING. In Riglyne J4 No. 3, Okt. 1973, p.14.

2. STRAUSS H.J. : CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUING, p.7.

ons afhanklik van ons Skepper." ¹

In hierdie afhanklikheid aan sy Skepper, is ook die eis van gehoorsaamheid aan die mens gegee. Hierdie gehoorsaamheid aan God geld ook die mens in sy aardse tuiste. Die mens is aan Gods wet onderworpe in sy totale bestaan na alle aspekte.

Deur die sondeval het die mens sy vermoë verloor om die wet te gehoorsaam. In sy groot genade het God Sy Seun na die wêreld gestuur om vir en in die gevalle mens se plek die wet te vervul, so die radikale gebrokenheid herstel en die mens met God versoen.

Die ganse geskiedenis kan slegs standhou deur die genadewerk in Christus. Die mens kan dus van die herstelde skepping alleen gebruik maak op grond van die versoeningswerk in Jesus Christus. Ons kan alleen tot die ware kennis van die allesomvattende wet van God kom deur Jesus Christus.

Die wet van God eis gehoorsaamheid aan die allesdekkende wet van God vir alle lewensaspekte en lewensverbande.

„In al die wetskringe is die Christen tot Godsgehoorsaamheid geroepe, in Christus is sy hart wederbaar en daarmee al sy uitgange." ² Hierdie wederbarende werk is die werk van God die Heilige Gees, wat al die weldade van Christus in die gelowige hart indra om Hom instaat te stel om Christelik gelowig en gehoorsaam te kan lewe.

Die Godsbegrip sal deurslaggewend wees in die kyk van die mens op die wêreld om hom heen en die medemens met wie hy in hierdie wêreld moet saamleef. Erken die mens God nie as persoonlike God nie, dan soek hy in homself of

1. STRAUSS H.J. a.w., p. 14.

2. STRAUSS H.J. a.w., p. 15.

in die skepping van God vir hom so 'n afgod of idool.¹

Die ware geloof bely die verdorwenheid en verlore-
heid van die hele hart en ook die verlossing van die hele
hart en daarmee saam die gehoorsaamheid aan die ordina-
sies van God met die hele hart.

Ons is daarom ook geroepe tot diens van God met ons
hele hart.

Daar is niks waartoe die Christen geroepe is, of dit
is voorsien van die besondere voorskrifte wat daarvoor geld
in die wet van God.

In besonder geld hierdie wet van God ook vir die op-
voeding van ons verbondskinders.

Dit is so 'n vanselfsprekende Goddelike imperatief, dat
daar vir die Christengelowige nie oor geredeneer hoef te
word nie. Die sondeval veroorsaak die versuim ook by
Christene en die nodige opskerping daartoe.

Christelike opvoeding het ook as kultuurtaak die hele
proses van opvoeding en onderwys, met name ook in die huis-
gesin. Die kultuuropdrag in Gen. 1:28 sluit dus ook in
die histories-vormende uitleiding van die kind na volwassen-
heid.

2.2.1.2 SELFKENNIS IN DIE LIG VAN GODS WOORD

In hoofstuk drie sal ons oor die Christelike mensbe-
skouing handel. Hier is dit egter nodig om iets oor die
mens te sê, omdat die mensbeskouing deel uitmaak van die in-
houd van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Die mens is van adellike afkoms. Hy is na die beeld
van God geskape. Sonder hierdie perspektief kan niks sinvols

1. Vgl. BOTHA M.E. a.w. p.15.

oor die mens gesê word nie, ook nie oor sy taak in hierdie wêreld nie en beslis ook nie oor die wyse waarop hy die lewe en die wêreld bekyk nie.¹

Die mens het nie sy gelyke in die wêreld nie, stam nie van 'n dier af nie, is nie net vanuit sy biotiese en psigiese aspekte te verklaar nie, of te begryp of te behandel nie.

Die beeld van God waarna die mens geskape is, is nie 'n statiese beeld nie, maar dit behels 'n opdrag om hierdie beeld te vertoon tot verheerliking van God.

Vir die beskouing oor die mens is dit ook nodig om deeglik rekening te hou met die feit van die sondeval en die verlossing in Jesus Christus.

Die skepping, sondeval en verlossing vorm die grondslag van ons Christelike mensbeskouing en van die Christelike lewe, die Christelike beskawing, die Christelike opvoeding en onderwys en die Christelike wetenskap.²

God het vir die handeling van die mens duidelike riglyne geformuleer en die sleutel vir die ontsluiting van die geskapene en vir die herstel van die gebrokenheid van die geskapene baie duidelik aan die mens bekend gemaak in sy Woord.³

Geloof aan die Woord het grondliggende betekenis ten opsigte van die inhoud van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Eerstens moet ons onder die Woord die Skeppende Woord verstaan. Dit wil vir ons sê dat God se skepping ordelik en wetmatig van aard is en dat die mens instaat is om Godswerke ook te ken uit sy ordelik geskape werklikheid.

-
1. Vgl. BOTHA M.E. a.w. p. 15.
 2. Vgl. HEIBERG P.J. a.w. p.39.
SCHOEMAN P.G. : GRONDSLAE EN IMPLIKASIES VAN 'N CHRISTELIKE OPVOEDINGSFILOSOFIE, p.23.
 3. Vgl. BOTHA M.E. a.w. p.18.

God het vir die mens moontlikhede in sy skepping gelê wat ontsluit moet word sodat die heerlikheid van God langs dié weg meer sigbaar kan word.

Onder die Woord verstaan ons ook die Vleesgeworde Woord, dit is Jesus Christus (Joh. 1:1, 14).

Christus het die Woord so volkome vervul dat van Hom gepraat word as die Vleesgeworde Woord.

In en deur Christus alleen is dit vir die mens moontlik om God en sy wêreld tenvolle te kan ken en in die juiste perspektief te kan sien.

God het ook nog aan die mens die huidige vorm van Sy kerk as instituut gegee met 'n besondere aksent van genadeverklondiging en voorligting as gevolg van die sonde.

In die kerk van Christus word sy heilbrengende „naworgwerk" voortgesit en juis vir dié doel het die Heilige Gees op Pinksterdag gekom, die Trooster wat in ons harte woon en ons op die weg van heiligmaking help.

Die kerk is die versorgende moeder van die Christengelowiges deur die Woordbediening, die sakramente en die tug.

God het aan Sy kerk die ampte toevertrou om sy kerk op te pas, te versorg en te lei.

Die gelowiges het Hy toegerus om vir Hom konings, priesters en profete te wees.

Die versorgingsdienste van die kerk, bou ook weerstand in die gelowiges, teen versoekings en teen kwaad en maak hulle godsdienstig en geestelik weerbaar.

In die kerk vind opvoeding plaas van die verbondsvolk in die beloftes en eise van die verbond.

Christus.....

Christus se Hoofskap oor Sy kerk is uitgestrek oor alle aspekte, verbande en gemeenskappe wat in Gods Koninkryk ingesluit is.

Die ongelowige het geen deel aan of begrip van die ryke verskeidenheid in Gods Koninkryk nie. Hy verafgod een of meer aspekte van Gods skepping en sien dit alleen raak sonder om aan die verskeidenheid werke van Gods handewerk reg te laat geskied.

Die ongelowige ken nie die Christelike geloof, -liefde, -reg, -kuns, -ekonomie, -omgang, -taal, -kultuur, en -denke nie.

Al die genoemde aspekte is ook deel van die verbond, daarom praat ons van verbondskerk, -gesin en so meer.

Die siening oor die kerk is ook deel van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. 'n Enkele woord oor die norme vir die mens se lewe is hier toepaslik.

Anders as die bestaanswyse van natuurdinge, naamlik onder beslag van natuurwette, is die lewe van die mens tuisgebring onder die kultuurnorme van Gods allesdekkende wet.

Norme is volgens Strauss voorskrifte waarvan slegs die beginpunte aan die mens gegee is, omdat die mens geroepe is om self in die verlengde van hierdie beginsels te lewe en te bou.¹

Beginsels is dus taakstellend. Die hele lewe van die mens is 'n lewe uit beginsels. Die mens voer 'n normatiewe lewe. Daar is geen handeling van die mens wat nie deur God genormeer is nie, dit wil sê daar is geen handeling van die mens waarvoor God nie voorskrifte verordineer het nie.

Die mens het 'n keusevryheid of hy die norme gaan eerbiedig of nie. Natuurdinge het geen keuse of vryheid nie.

1. Ibid p.25.

Die saadkorrel wat geplant is, het geen keusevryheid of hy wil groei of nie.

Die mens se keusevryheid is egter ook sy verantwoordelikheid teenoor God. Dit is egter ook waar, dat die mens alleen in Christus tot gehoorsaamheid aan die kultuurnorme van God kan kom.

Die natuursye van die werklikheid sluit die volgende wetsaspekte of funksies in, naamlik getal, ruimte, beweging, fisies-energie, biotiese en die psigiese.

In die onderskeiding van die natuurfunksies met hul aardeie vaste wette wat vir die verskillende natuurdinge geld, wys ons op die kultuurfunksies van die menslike lewe en die norme wat daarvoor geld.

In die geloofskring is die mens geroepe tot gehoorsaamheid aan die geloofsnorme van God soos in die Woord geopenbaar.

In die liefdesfunksie is die mens geroepe tot gehoorsaamheid aan die liefdesnorme deur God gegee. So is die regsfunksie voorsien van regsnorme, die estetiese funksie is voorsien van estetiese norme, die ekonomiese-, die sosiale-, die taal-, die historiese- en die denkfunksie elkeen voorsien van hul eie norme.

Dit is by voorbaat duidelik dat die opvoeding van die kind, leerling en volwassene dus ook 'n geestelike normatiewe taak is waarin die mens gehoorsaam of ongehoorsaam handel. In die lig van die selfkennis uit Gods Woord al dan nie, gaan ook die paaie in die opvoeding uitmekaar en sal ook ouers in die lig daarvan hulle kinders óf Christelik óf humanisties opvoed.

2.2.1.3 WÊRELDKENNIS

Kennis van die wêreld vorm deel van die inhoud van die

Christelike.....

Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Die begrip „wêreld“ behels onder andere alles wat in bruikleen aan die sorg en rentmeesterskap van die mens toe- vertrou is (Gen. 1:28). Hier beteken „wêreld“ die ryk van die nie-menslike natuur soos die stof, plante en diere.

Ook die nie-menslike geskapene is inbegrepe in die mens se religieuse perspektief en dit maak die menslike verantwoordelikheid ten opsigte daarvan uitermate groot.¹

Wanneer ons egter normaalweg van die „wêreld“ praat, dan is daarby inbegrepe die bewoonde wêreld oor die aardbol heen, dit wil sê die aarde met die mense daarop.²

Die natuurryk is bedoel om aan die mens diensbaar te wees en vir die doel is die natuurwette deur God gegee en georden. (Ps. 104, 148)

Die opvoeding ook in die Christelike huisgesin, moet tot die regte Christelike natuurbeskouing en dié toepassing daarvan kom.

2.2.1.4 EWIGHEIDSKENNIS

Die menslike lewe het sy oorsprong by God, sy doel is die verheerliking van God in al sy arbeid en die lewe op aarde, en sy bestemming is weer by God. Uit God, deur God en tot

-
1. Vgl. ROMEINE 8:19 - „Want die skepping wag met reikhalssende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God“. VAN LEEUWEN J.A.C. en JACOBS D : ROMEINEN. Korte verklaring der Heilige Schrift, p. 152. Hulle verklaring van Romeine 8:19 lui so: „Hieruit blijkt hoe onmetelik de waarde is der eeuwighe heerlijkheid, dat zij alles kan opwekken en meevoeren tot een begeerte daarnaar.“
 2. Vgl. JOHANNES 3:16 - „So lief het God die wêreld gehad.....“

God.....

God is alle dinge (Rom. 11:36), tuisgebring onder Sy wet en die ordelike bestand van sy verordeninge - die erfsonde tenspyt.

Almal wat in Christus, die Verlosser en Saligmaker uitverkies en wedergebore is, het as verlose sondaars 'n geloofsvisie op die ewigheid.

Die gelowige leef vanuit die hoop wat na die toekoms wys, na die herstel van alle dinge wat hier op die ondermaanse aarde deur die sonde swaar getref is.

Sonder daardie uitsig op die toekoms kan die mens nie volledig wees nie, want so sien ons onself en ons wêreld na waarheid as ons God ken as Skepper, Onderhouer en Voeiender. Dit doen ons deur ons geloof in Jesus Christus. Ware kennis is afhanklik van ware Christelike Godskennis.

Die mens is nie toevallig in 'n toevallige wêreld betekenisloos nie. Die mens en sy wêreld is deel van 'n ewigheidsplan van die ewige God.

In die Woord se lig wys alle dinge na God en sien ons ook hoe alles intiem verweef is in onderlinge afhanklikheid van God. Alles wys na Hom en as Hy dit afwys, dan is daar niks van mens en wêreld oor nie.

Die mens het op aarde geen blywende stad nie. (Hebr. 11:10).

Die mens is 'n bywoner (Hebr. 11:13) en 'n tentbewoner (2 Kor. 5:1) op aarde wat alles heenwys op die tydelike aard van die mens se verblyf al hier.

So vermaan Paulus ook in 1 Kor. 15:58 - „Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.“ Gods

werke.....

werke moet voltooi word. Deur gehoorsame en getroue arbeid ontvang ons die volle Christelike lewe op elke akker van die oesland en bring ons die skepping tot gehoorsame onderworpenheid aan die Koning. Dit gebeur oral waar daar gewerk word in gehoorsaamheid aan Gods wet, hetsy as natuurwet of as norm in onwillige onwetendheid (soos die geval is van die ongelowige wetenskaplike) of in gewillige en toegewyde gehoorsaamheid.

Die ongelowige is ook in bepaalde sin besig om Gods Koninkryk te bou, al is hy ook dikwels onwetend besig om in gehoorsaamheid aan Gods wet op te tree. Arbeid is egter soveel vreugdevoller as die mens bewus en met opset in gehoorsaamheid aan Gods norme arbeid.

Die uitverkorene is nie net uitverkies met die oog op sy eindbestemming nie, maar hy is ook uitverkies om hier op aarde Gods werk te doen wat noodwendig lei tot die groot bestemming aan die einde van die eeue.¹

Die mensse eindbestemming is ook deel van die inhoud van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Met bogenoemde het ons by verre na nie die volle inhoud van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing geformuleer nie, ons het slegs die buitelyne getrek van dit waarbinne die Christelike denke wortel. In die behandeling van die verskillende lewensaspekte (uitgange van die hart) sal ons aantoon hoe hierdie gehoorsaamheid aan die allesdekkende wet van God, in die lig van die Woord, behoort nagekom te word.

In die opvoeding moet ouers hul kinders se uitsig op die ewigheid altyd in gedagte hou, sodat die kinders nie met uitsiglose vrees vervul sal wees vir die dood nie, maar dat hulle met vreugde hul lewenstaak kan uitvoer met 'n uitsig op die einde in die hemel, wat eintlik 'n radikaal nuwe begin is, want die sonde is uitgeskakel.

1. Vgl. OPENBARING 14:13b: „hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle“ (Nuwe vertaling).

Vgl. ook 1 KORINTHIJERS 10:30,31; KOLOSENSE 3:23.

Dis 'n uiters belangrike aspek van die ouer se opvoedingstaak om aan die kind 'n toekomsvisie te gee, gewortel in die Christelike hoop vir tyd en ewigheid. Die leer van die eskatologie kan bevatlik aan die kind tuisgebring word om hom totaalperspektief te gee. Hy moet weet waarheen alles gaan en waarin dit uitmond. Die opstandingslied van 1 Kor. 15 en die uitsig op die nuwe hemel en aarde van Openbaring 21:1, 2, sluit pragtig bymekaar aan.

2.3 DIE INVLOED VAN 'N LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING OP DIE OPVOEDING VAN DIE MENS

Eminente opvoedkundiges is dit eens dat die lewens- en wêreldbeskouing die koers bepaal waarin die opvoeder die kind opvoed. Ons verwys onder andere na wat Coetzee geskryf het: „Die mens se beskouing oor die lewe is ook sy beskouing oor opvoeding en dit bepaal wat hy sy kinders gaan leer. Alle mense voed op en alle mense word opgevoed, dit is 'n universele verskynsel.”¹

Hieruit vloei die stelling:

- i) Die mens se lewensbeskouing is ook sy beskouing oor opvoeding.
- ii) Die mens se lewensbeskouing bepaal wat hy sy kinders gaan leer.
- iii) Opvoeding is 'n universele verskynsel net soos 'n lewensbeskouing ook 'n universele verskynsel is.

Gunter vereenselwig hom met dié stelling, hy formuleer sy standpunt soos volg: „Elke opvoeder benader die kind en voed hom op vanuit sy bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat in laaste instansie op 'n bepaalde uitgangspunt of grondkeuse berus van waaruit al sy redenasies geskied, want êrens en met iets moet hy begin.”²

-
1. COETZEE J.C. : INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE, p.24.
 2. GUNTER G.F.K. : OPVOEDINGSFILOSOFIE, p. 306.
Vgl. TALJAARD J.A.L. : KURSUS IN LEWENS- EN WÊRELDBESKOUINGSLEER EN MENSLIKE SAMELEWINGSVERBANDE.

Daar.....

Daar is dus geen ware opvoeding denkbaar sonder die rigtende en steunende krag van 'n lewensopvatting nie.¹ Dit is ook duidelik dat die beskouing van die ouer die rigting aanwys wat sy opvoedkundige gedagtes bepaal. Die ouer se opvoeding word ook bepaal deur sy keuse vir of teen God, want daar is geen neutrale opvoeding nie.²

'n Neutrale opvoeding, as dit moontlik was, beteken 'n opvoeding sonder God Drie-enig en 'n opvoeding wat nie vir God is nie, is teen Hom. Dit is om dié rede ook belangrik vir die ouer om te weet dat die opvoeding wat sy kind op skool en daarna ontvang, 'n opvoeding vir God sal wees. In 'n Christelike gemeenskap sal Christelike opvoeding altyd die ideaal bly.

Landman sê tereg: „Dit is 'n Bybelse waarheid dat opvoeding alleenlik op die Bybelse grondslag en met die Bybelse geloofswaarhede as lewewekkende en lewegewende opvoedingsinhoud moet geskied.... Die Protestants-Christelike lewensopvatting wat dus op die Bybel gefundeer is en wat dus die opvoeding in 'n Christelike gemeenskap ten grondslag lê, is die verwoording van die Skrifwaarheid soos geopenbaar deur God en voorsien van die inhoude waarin die verbonds-kind onderrig en aan die hand waarvan hy opgevoed word.“³

Die noue band tussen religie en opvoeding is 'n onbetwisbare lewenswerklikheid, dit is die leefinhoud waarsonder geen mens werklik kan lewe nie.

Ons verwerp elke humanistiese denkrigting in die opvoeding omdat dit die mens verafgod en sy hart van God afvallig maak; omdat

1. Vgl. COETZEE J.C. a.w. p.3.
Ook KEYTER J. de W.: DRINGENDE VRAAGTEKENS IN ONS OPVOEDING EN ONDERWYS. 2de Trekkreeks No.17, p.43.
2. Vgl. TALJAARD J.A.L. .a.w. p.14.
3. LANDMAN W.A. ; VAN ZYL M.E.J. : KIND EN GODSDIENS, p.15

die.....

die humanis 'n aspek of aspekte van die menslike lewe (byvoorbeeld rede, gevoel) bokant God stel.

Omdat die humanis die Woord verwerp, verwerp hy ook die leer van die sonde, hy ontken dus die sondige aard van die mens en maak so Christus se soendood onnodig.

Ook ten opsigte van die sedelike lewe geld die norm van Gods Woord nie vir die humanis nie, ook nie vir die politiek nie en vir geen ander aspek van die menslike lewe nie.

Waar opvoeding oor die hele terrein van die menslike lewe gaan, stoot die humanis God van Sy troon en bestyg hy self daardie troon.

Die humanis loën die Goddelike oorsprong van die mens en be-roof die mens van sy transendente oorsprong, sy geskapeheid na die beeld van God.

Ons moet ook die fenomenologiese benadering van die opvoeding verwerp omdat dit wortel in die opvatting van 'n sogenaamde neutrale wetenskap wat 'n neutrale houding inneem teenoor alle lewensbeskouinge, ook die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.¹

Ons onderskryf Schoeman se kritiek op die fenomenologie:
 „Omdat alle dinge onselfgenoegsaam is en bly en by alle ander dinge in die kosmos inskakel, verwerp die Christelike opvoedingsfilosoof die fenomenologiese aanspraak op 'n sogenaamde „neutrale“ en „sekulêre“ wetenskap van die pedagogiek wat na sy wese ongekommitteerd, outonoom en op sigself bestaan, nooit rigtinggewend vir die praktyk (die sogenaamde on-neutrale irrasionele lewensfeer) wil (mag) wees nie, en alleen oor „toepassingsmoontlikhede beskik“²

1. Vgl. VAN WYK : FENOMENOLOGIESE PEDAGOGIEK I.B.C. No. 40, pl.

2. SCHOEMAN P.G. : GRONDSLAE EN IMPLIKASIES VAN 'N CHRISTELIKE OPVOEDINGSFILOSOFIE, p.39

Vir die Christenopvoeder bly God die Bronwel van sy lewe en strewe. (Ps. 42).

Die Christen eerbiedig Gods norme in die beoefening van sy hele lewe in godsdiens, etiek, reg, estetika, ekonomie, in die sosiale lewe, taallewe, kultuurlewe en denklewe. Die Christen eerbiedig sy liggaam as tempel van God, met sy psigiese en liggaamlike vermoëns wat hy tot beskikking van God stel.

„Soos alle dinge hulle sin en bestemming in God vind, net so vind opvoedkunde en opvoedende onderwys hulle sin in Hom,¹ aldus Schoeman.

2.4 ANDER HEERSENDE RELIGIEUSE OORTUIGINGE VAN ONS TYD.

Prinsipiëel gesien vanuit Christelike oortuiging en op grond van die feit dat die Woord van God die enigste ware openbaring is, het net die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bestaansreg. Ons glo aan die absoluteheid van die Christus van die Christendom.²

Daar is diegene wat die Christendom en die Kerk beskuldig van valse vroomheid en wat meen dat hulle sonder God kan klaarkom. Diesulkes is ten diepste in verzet teen die genade en in vyandskap teen die lewende God. Overduin sê van diesulkes: „Jesus Christus is vir die natuurlike mens 'n onhanteerbare God, omdat Hy nie die projeksie is van die redelike mens wat outonoom wil bly nie.“³

Die probleem van ons tyd is 'n ideologiese probleem tussen botsende lewens- en wêreldbeskouings en verskillende geestesrigtings.

-
1. Ibid p.40.
 2. Vgl. OVERDUIN J. : DIE EVANGELIE VANDAG, p. 189. Volgens Overduin is dit verkeerd om te praat van die absoluteheid van die Kerk, sy dogma of geskiedenis, veral wanneer ons dit vergelyk met ander godsdienste, want daar is te veel mensliks in en daarom ook foute, ons moet van Christus af uitgaan. Hy alleen is absoluut.
 3. Ibid p. 187.

Die.....

Die lewens- en wêreldbeskouing inspireer mense om dinge op 'n spesifieke manier te doen.

Ons wil vasstel wat die lewenskoers van enkele aktuele denkrigtings is en hoe dit afwyk van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, want hierin het die Christen dit: „een en al oor voor God.“¹

Dis die religieuse oortuigings wat teen mekaar worstel om die hart of gees van die kind wat opgevoed moet word. Daarom moet ons bewus wees van die antitese tussen links en regs ook as dit gaan om die opvoeding binne die gesin en die denkrigting van die volwassenes, met name die ouers. Die Christelike opvoeding worstel tans om bestaansreg en lewensruimte teenoor afvallige strominge en daarom moet ons saaklik aandag skenk aan enkele van die belangrikste tendense.

2.4.1 DIE HUMANISME EN SEKULARISME.

In die Westerse wêreld is daar hoofsaaklik twee lewens- en wêreldbeskouings wat lynreg teenoor mekaar staan en dit is die Christelike en die humanistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Die humanisme openbaar hom in velerlei vorms.

Waar die Christen sy begin, voortsetting en voleinding in die Drie-enige God vind, daar vind die humanis dit in die mens, want vir hom is die begin, voortsetting en voleinding die mens self.²

Die humanisme is 'n ideologie, 'n lewensopvatting, 'n lewensopenbaring sedert die sondeval wat hom tot die einde van die eeue sal openbaar.³

In die sondeval het die mens teen God in opstand gekom.

-
1. VON MEYERFELDT F.H. : DE CHRISTELIJKE LEVENSWANDEL, p. 44.
 2. Vgl. COETZER M.J.G. : DIE SPESIFIEKE BYDRAE VAN BYBELONDERRIG TOT GEESTELIKE WEERBAARHEID, p. 33.
 3. Vgl. HEYNS J.A. : DIE MENS, p. 18.
Ook DUVENAGE S.C.W. : DIE HUMANISME AS BEDREIGING VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING VAN DIE AFRIKANER. I.B.C. No. 34, p. 1.

Volgens.....

Volgens Berkouwer moet die raaisel van die sonde gesoek word in, wat hy noem: „de motiefloosheid, de zinloosheid van de vervreemding van God en zijn heerlijkheid en gemeenschap. Het is de raaisel van het zondigen, het zich afwenden van de Vader der lichten, de rebellie tegen deze goede Heer van alle leven, de verbreking van de band met Hom, het wantrouwen jegens de alleen Betroubare de weerstand tegen de liefde en de gerechtigheid, tot in de uiterste zonde van de lastering van de Heilige Geest.”¹

Die sonde kom na ons onder die skyn en die gestalte van die goeie.²

Dit is die wet van God wat die onthullende funksie het om ons die sonde te laat ken en dit is ook weer die wet wat ons van die sonde wegroep. Die wet het dus 'n tweeledige karakter, naamlik „de sonde onthult en de weg wijst na de wil Gods”³ Paulus sê daarop dat die wet sonde laat leef het (Rom. 7:9). Berkouwer sê dat met die onthulling van die wet: „wordt de sonde geintensiverend en de rebellie komt tot haar uiterste spits.”⁴ Die sonde leef op in konfrontasie met die wet.

Die sonde vind sy uitgangspunt, sy aanknopingspunt in die wet, misbruik dit en word 'n uiters aktiewe mag. Die sonde is egter ook 'n verleidende mag wat die mens teen die wet laat optree.

Die sonde is die mens se eie sonde, bedryf in eie verantwoordelijkheid en is tegelyk ook 'n bedreiging vir die mens. Die mens probeer nog steeds, soos Adam en Eva, om sonde te verberg. Die sonde dien die duisternis as lig aan, die kwaad as die goeie, die slawerny as vryheid en die ongeloof as geloof.

Berkouwer sê daar is in die kwaad: „altijd een waas van onduidelijkheid, die tot zijn verschijningsvorm op aarde behoort. Wel is de contrastructuur het wezen der zonde, maar vanuit dit contra speelt de schijn een niet geringe rol.”⁵

1. BERKOUWER G.C. : DE ZONDE I, p. 143.

2. Vgl. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK III, p. 119.

3. BERKOUWER G.C. a.v. p. 153.

4. Ibid p. 165.

5. BERKOUWER G.C. : DE ZONDE II, p. 9.

Die humanis ontken sy Christelik religieuse wortel. Hy is sy eie god.

Dooyeweerd sê: "As soon as philosophical thought begins to lose its definite direction in consequence of the undermining of its religious basic motive, it falls into a state of spiritual decadence and becomes a victim to a radical relativism and nihilism.

At present the symptoms of such a spiritual uprooting can readily be established in what is called the fundamental crisis of contemporary, secularized Western thought. In this crisis the distress and disintegration of the human ego itself is revealed. For the ego necessarily dissolves itself into nothingness when it loses its direction towards the Absolute which even in its idolatry it seeks to preserve."¹

Dijk beskryf die sondeval so: "een kwaad dat wij tegenover God bedrijven "²

Ons sit vandag nog die sondeval voort deur ons verset teen God.

Lombard sien die openbaring van die humanisme soos volg: "As 'n wye blik oor die teenswoordige sedelike verval van die Westerse wêreld gewerp word en daar na 'n oorsaak van al die dinge gesoek word, sou die moderne humanistiese wêreldbeskouing as die primêre bron van die verrotting beskou kan word; 'n beskouing sonder God en sy Woord waarin die mens verval het, ongeag hiervoor verantwoordelik is, want "menswees is met God saamwees."³

Duvenhage sê die verskillende openbaringsvorme van die humanisme wissel van naakte opstand teen God tot 'n subtiele verabsoluttering van die mens.⁴

-
1. DOOYEWEERD H. : IN THE TWILIGHT OF WESTERN THOUGHT, p. 33
 2. DIJK K. : ZONDE. In Christelike Encyclopedie VI, p. 706, Vgl. DUVENHAGE S.C.W. a.w. P 2
 3. LOMBARD J.A. : HUMANISME. In Theologia Evangelica . J11, No. 2, Sept. 1969, p. 119
 4. Vgl. DUVENHAGE S.C.W. : HUMANISME. In Handhaaf. J6 No. 12, Aug. 1969, P 7 Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. P. 32 in die volgende uitspraak. "The real starting point of philosophical thought cannot be the ego in itself, which is an empty notion. It can be only the religious basic motive, operative in the ego as the center of our temporal horizon and experience."

Die

Die humanistiese mens is sy die raadgewer in alle opsigte en beslis outonoom met sy rede wat en hoe hy wil en hoe hy sy losbandige vryheid sal uitwerk. So skep hy vir hom ander gode wat in sy diens staan. So stel hy byvoorbeeld sy vertrou op geld, mag, posisie, kennis, eie eer, selfs hul buik en luste.¹ Die humanisme is 'n brutale verwerping van Gods gesag en Sy woord is tans 'n wêreldwye siekte wat 'n epidemiese omvang aanneem en alle lewens-terreine en alle samelewingsvorme aantas.

Dooyeweerd sien in die humanisme die geboorte van 'n nuwe mens met 'n „nuwe blik“ op homself en met die fiksie van die outonome, selfgenoegsame mens wat sy eie wetgewer en eindbestemming is.²

Venter beskryf die humanistiese vryheid soos volg: „In die naam van die menslike vryheid, is die stryd aangebind teen alle dogmata en uitwendige gesagsbindinge. In die plek van blywende waardes en waarheid van die Skrifprinsipes is toe egter die wisselende dogmata van 'n eensydig naturalistiese wetenskap gestel waardeur die menslike gees veel erger gebind is as wat ooit die geval was met die Skolastiek van die Middeleeue.“³

Ons beluister in die humanisme die stem van die verlore seun wat aanspraak maak op sy regte, sy vryheid, om in 'n ver land bande-loos te leef, maar wat sou uitvind dat die verland hom gebind en beperk het in die soort lewe wat hy vir homself uitgewerk het. „Daar is 'n weg wat vir die mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.“ (Spr. 16:25).

Os Guinness gee 'n beskrywing van die humanisme waarin hy dit stel dat die humanistiese stelsel op vier pilare rus, naamlik die rede, vooruitgang, wetenskap en selfbeskikking. Ons laat hom self aan die woord: „The first pillar is the belief in reason. Here optimistic humanism is forced to its initial leap of faith. The second pillar is the belief in progress. It was widely believed that nature was marching forward in evitably higher and higher views of life, (Herbert Spencer), but now this is being drastically undermined.

-
1. Vgl. VAN ANDEL H.A. : GODS GEBOD EN ONS GEBED, p. 24.
 2. Vgl. DOOYEWEERD H. : VERNIEUWING EN BEZINNING, p. 28.
 3. VENTER E.A. : WYSGERIGE TEMAS, p. 175.

The third pillar is the belief in science as the guide to human progress and the provider of an alternative to both religion and morals (John Huxley). The fourth pillar is the belief in the self-sufficiency of man." ¹

God word hierin nie erken as soewereine Skepper en Onderhouer, uit Wie, deur Wie en tot Wie alles is nie. ²

Die mens neem self die plek van God in. Dit is geen wonder dat Nietzsche die konsekwensies van die humanisme deurgetrek het en toe uitgekóm het by sy gevolgtrekking soos Guinness dit weergee: „God is dood, dit is nou die tyd vir die Uebersch." ³

Duvenhage verwys ook na wat Sartre geskryf het, naamlik, dat daar voor die geboorte en na die dood van die mens niks is nie, nog God, nog ewigheid. Tussen hierdie twee mure, geboorte en dood, is die mens vir sy eie en sy medemens se bestaan verantwoordelik. ⁴

Teenoor die humanisme met sy uitgangspunt in die individu, handhaaf ons dat God die middelpunt van alle dinge is; dat die mens aan God alleen gehoorsaamheid verskuldig is en dat die mens van God sy talente en lewensstaak ontvang het; dat die mens nie net individu is nie, maar ook sosiale wese en dat sy sosiale aard gelykwaardig is aan sy individualiteit. (Jy moet jou naaste liefhê soos jouself, Mat. 22:39). Voor God is alle mense gelyk, maar as mense en in hul verhoudinge tot mekaar, is hulle ongelyk en hierdie ongelykheid is ook deur God bepaal. Sulke ongelykhede sien ons tussen man en vrou, tussen volke, nasies, tale, kerke, gesinne ensomeer. Daar is die verskille tussen gesagsdraers en onderdane; meerderes en minderes. Die mens se vryheid is deur God beperk, dit is nie onbeperk nie, of soewerein nie. Die mens het sy vryheid deur die sondeval verloor, alleen die bloed van Jesus Christus bevry

1. GUINNESS O. : THE DUST OF DEATH, p. 14.

2. ROMEINE 11:36 - Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge.

3. Vgl. GUINNESS O. : a.w. p. 23.
Vgl. ook DUVENHAGE S.C.W. : DIE HUMANISME AS BEDREIGING VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUING VAN DIE AFRIKANER. I.B.C. No. 34, p. 8.

4. Ibid p. 7.

die mens, nie sy eie vermoë nie.

Die sosiale verband se vryheid is anders as individuele vryheid en ons kan individuele vryheid nie vereenselwig met sosiale vryheid nie.

Ware genade ken die humanis nie; vir hom bestaan dit uit wat die sterkere vir die swakke skenk.

Die humanistiese barmhartigheid gaan uit van sy menslikheidsgevoel en nie uit liefde vir God en God se mense nie.

Die mens is ook nie vanself goed nie, want hy is in sonde ontvang en gebore en geneig tot die kwaad.¹

Ons het in die humanisme te doen met die mens van die sonde in sy sonde. Sy gedagtes, woorde en werke is sondig.²

In die opvoeding wil die humanisme dat die mens as „redelik-sedelike“ wese opgevoed moet word en alle kinders gelyke voorregte moet geniet. Daarteenoor stel ons dat die kind in die eerste plek aan God behoort en dat sy religieuse vorming om die rede eerste erkenning moet kry. Die rede en die sedelike is maar twee aspekte van die hele mens se lewe en nie alles nie. 'n Kind word ook nie terwille van homself opgevoed nie, maar tot eer van God, wat aan hom sy talente en geleenthede gegee het.

Die kind moet ook nie net as individu opgevoed word nie, maar ook as sosiale wese, daarom moet die kind in sy opvoeding bewus gemaak word van sy gesinsverband, samelewingsverband, kerkverband en volksverband.

In die opvoeding kan almal nie byvoorbeeld gelyke kanse kry nie, daar moet rekening gehou word met die onderskeid tussen seuns en

1. HEIDELBERGSE KATEGISMUS, SONDAG 2 antwoord 5.

2. Vgl. STOKER H.G. : DIE STRYD OM DIE ORDES, p. 33 vv.
vgl. ook VENTER E.A. a.w. p. 78 - Hy noem die humanisme die filosofie van die vertroebelde denke. „Dit is die straf op sy sonde.“

dogters, plattelandse en stedelike kinders. God het self 'n verskeidenheid in die wêreld gelê.

Die humanisme laat aan die kind vryhede toe waar die Christen streng tug sal toepas om die aangebore verdorwenheid van die mens.

Die humanisme voed 'n mens op om nie in God te glo nie, maar in die mens as 'n alvermoënde wese. Dit kan die Christenouer nie toelaat nie, want God alleen is die Alvermoënde en van Hom bly die mens afhanklik en van Hom ontvang die mens alles uit genade.

Rietveld beskryf die sekularisme as: „een overbrengen van het terrein van het eeuwige naar het terrein van het tijdelike." As voorbeeld noem hy dan: „zo spreekt men van secularisatie wanneer bepaalde levensterreinen, zoals die van de wetenschap, van handel en bedrijf, van de kunst, van de opvoeding, van de politiek enz. onttrokken worden aan de invloed van kerk, theologie, religie of zelfs van het Christelijk geloof, en outonoom worden." ¹

Ons beluister ook iets hiervan as ons lees van 'n heilstaat, of wanneer skrifgedeeltes of skriftemas geneem word vir 'n tema van 'n roman of popliedjie, dit wil sê, die Bybel en godsdienstige heiligdomme word profane leesstof.

Sekularisme beteken die ongeoorloofde toeëiening van geestelike goedere. Die mens maak hom los van die Kerk en die ware godsdienst. Dit lei tot vormgodsdienst, tot verkerkliking in plaas van verchristeliking.

Aan die anderkant het ons die Piëtisme en Metodisme vir wie die saligheid van die siel die een en alles is, terwyl die ander lewensterreine aan verwêreldliking prysgegee word.

1. RIETVELD B. : SECULARISATIE. In Christelike Encyclopedie VI, p. 133-134.

Vgl. VAN RIESSEN Ir. H. : MACHT EN ONMACHT VAN DE TWINTIGSTE EEU, p. 24 - „Bedoelt is met secularisatie de idee van een gesloten wereld, een wereld zonder God."

Die wêreld daarbuite wat 'n mens met sonde besmet, moet eerder vermy word, in plaas daarvan om dit positief te hervorm. Hierdie standpunte lei die ouers dikwels daartoe, dat die kinders 'n eensydige oorspanne en oorlaaide godsdienstige en veral bekeringsopvoeding ontvang, maar nie 'n ewewigtige christelike lewens- en wêreldbeskouing nie. Die Metodisme eis individuele gelykheid van alle mense voor God en in Christus; die godsdienstige lewe is hoofsaak, die leer is bysaak. Die Metodisme verwerp die uitverkiesingsleer, die leer van die erfsonde, die leer dat God met geslagte en nie net met individue werk nie. Hulle verwerp die leer van die verbond en die beskouing dat kerklike organisasie volgens kleur, ras en volkslyne behoort te geskied. Om die redes beskou die liberaliste die Metodiste as bondgenoot.¹

Ons vind dieselfde dualisme in die Rooms Katolieke beskouing, waar die lewe van genade binne die Kerk alles is en die lewe buite die Kerk links gelaat word en aldus sekulariseer.

Ons sien duidelik hoe die sekularisme hom vergestalt in huisgesinne wat in die Kerk gedoop en belydenis afgelê het en wat nog in die Kerk wil trou, maar wat met hul lewenswandel ver buite die Kerk staan. Die lidmaatskap aan die Kerk verleen 'n sekere sosiale status en 'n bepaalde diens. Daarvoor is die Kerk handig en goed genoeg en die lidmaatskap aan die Kerk hou ook die pad oop na die sekuriteit in die hemel of hiernamaals. Intussen kan die lewe hedonisties geniet word. Hierdie leë vormgodsdienste van ouers word mutatis mutandis op die kinders oorgeplaas en ook hulle erf 'n leë vormgodsdienst of nog minder as dit. Ook hulle word gewoon aan leë kerke, godsdienstlose gesinslewe, ontbeer die voorreg van Christelike nasionale weerbaarmaking in onvoltooide sin van ouers wat hulle liefhet om Christus ontwil.

Sekularisme ontnem aan die Woord sy gesag met die gevolg dat die mens die outonome gesagsdraer word.

1. Vgl. STOKER H.G. a.w. p. 30-31.

2.4.2 DIE KOMMUNISME EN NEO-MARXISME SE HORIZONTALISME

Die opkoms en die aanslag van die kommunistiese ideologie met sy sterk uitloper van die neo-marxisme moet deur elke opvoeder deeglik verantwoord word. Dit werk ook deur na die gewone mens en ouer en daarom neem ons dit ook hier in behandeling.

Die kommunisme is 'n soort sosialisme.¹ Die sosialisme handhaaf dat die sosiale belangriker as die individu is. Die sosialisme is altyd verbind aan een of ander verband, soos byvoorbeeld aan die staat waarvan die Fascisme as voorbeeld dien; of aan 'n geloofs-gemeenskap waarvan die Roomse Kerk as voorbeeld dien.

Die sosialisme maak die individu onmondig en stel hom in diens van die geheel.²

Die kommunisme is 'n ekonomiese sosialisme. Alles behoort aan almal en privaatbesit is diefstal. Hier word die werker en sy belange tot uitgangspunt, doel en norm, tot hoofbeginsel van alle menslike verhoudinge gestel.

Kuypers formuleer die kommunistiese strewe soos volg: " 'n Maatskappij waarin ieders behoeften bevredigd worden doordat hetzij de produktie middelen hetzij de gebruiksgoederen, hetzij beide tot eigendom der gemeenschap zijn gemaakt."³

Kotze beskryf die kommunisme as 'n ideologie, 'n denksisteem, 'n politieke stelsel, 'n lewensbeskouing, 'n valse religie wat aan die mens 'n gevoel van eie waarde, belangrikheid, veiligheid, geluk, rus, vrede en hoop vir die toekoms verskaf.⁴

-
1. VAN WYK J.H. : STROMINGE IN DIE OPVOEDINGSTEORIE, p. 63.
 2. VAN WYK J.H. a.w. p. 52.
Vgl. VELEMA W.H. en KOLE J.A. : OP DE KEPER BESCHOUWD, p. 96.
 3. Vgl. KUYPERS G. : COMMUNISME. In Christelike Encyclopedie II, p. 263.
 4. Vgl. KOTZE D.J. : DIE KOMMUNISME VANDAG, p. 1
Ook COETZER M.J.G. a.w. p. 42.

Die kommunisme bestempel hom as anti-religie. Dit beteken nie dat hy net teen religie is nie, maar in die plek van religie. Hy is dus anti-Christus, teen Christus maar dan ook in die plek van Christus.¹

Die kommunisme het ook 'n religieuse grondmotief. Hier is die god of afgod die historiese proses wat onvermydelik uitgevoer word, die mens beheer die historiese proses, daarom is die mens in sekere sin god.

Die kommunis bely ook 'n paradystyd, 'n Utopia, waarin die mens vroeër geleef het, maar die mens het dit verloor en die oorsaak hiervan was die Kapitalistiese stelsel. Vandaar die ellende (sonde) in die wêreld. Die mens kan van hierdie „sondeval" verlos word deur die mens se innerlike te verander. Plaas die geslagte van kinders wat nog gebore moet word in sosialistiese omgewings en na verloop van tyd sal jy die menslike natuur vervolmaak het.²

Wat God deur Sy Seun en die Heilige Gees doen om die mens te verlos, te herskep, te vernuwe, dit doen die kommunis self.³

-
1. Vgl. KOTZE D.J. a.w. p. 40.
Vgl. VAN DIJK M.P. : DE UITDAGING VAN HET NEO-MARXISME, p. 18 - „De mens.... mag zich door God niet laten vernederen. Immers, zelf is hij in wezen God."
Vgl. COETZEE J.C. : DIE MODERNE OPVOEDING, p. 13,20.
 2. PIKE H.R. : WAAROM WORD MENSE KOMMUNISTE? In Christelike Sending Internasionaal. 'n Pamflet.
 3. Vgl. VAN DIJK M.P. : a.w. p. 18, 19. Hy skryf: „De oorzaak van alle ellende ligt in de klassenmaatschappij. Als deze is opgedoekt krygen wij het paradijs."
Vgl. ook VELEMA W.H. en KOLE I.A. a.w. p. 96, 97. Hulle skryf ondermeer die volgende: „God wordt geloochend en de materie wordt vergoddelijkt. Aan het proces van de materie, ook wel het wet der ekonomiese ontwikkeling genoemd, wordt scheppende, goddelijke kracht toegekend." Die materialisme is sy verlossingsboodskap. Marx beskou dit so dat God 'n skepping van die mens is. Vir hom beteken godsdiens die erkenning dat die mens nie self, op sy eie, kan aangaan nie. Daarom is godsdiens vir hom ook die opium van die volk.

Dit.....

Dit spreek dus byna vanself dat die kommunisme se grootste vyand die Christelike geloof is. Die sterkste verskansing teen die kommunisme is 'n Geesvervulde Kerk.

Die kommunisme in sy neo-Marxistiese vorm, streef na wêreldoorheersing. Volgens Bradshaw keer die neo-Marxisme bestaande beginsels om en gee daar nuwe betekenis aan. So dien hy 'n staat van Marxistiese filosofie aan as Christelikheid; 'n staat van kollektiewe vulgareit as beskaafde kultuur; 'n staat van agressie en anargie as vreedsame protes; en so meer.¹

Dit is duidelik dat permissiwiteit, ongebondenheid, wetteloosheid, anargie die gevolge moet wees.

Die neo-Marxisme is 'n nuwe humanisme met geloof in die mens. Die neo-Marxisme beoog 'n vernuwing van die ou Marxisme. Die neo-Marxisme het 'n oog ook vir kultuur, wetenskap en religie.²

Die natuur moet meer en meer onder die mag van die mens kom, dit moet gehumaniseer word. Die mens het genaturaliseer, dit wil sê hy is ontnem van sy geestelikheid, want die mens is in wese materie, so het Marx gedink, maar nou, 'n honderd jaar later, worstel die kommunisme nog met God, vir sommige is Hy, vir ander word Hy, maar Hy bly vir hulle 'n bedreiging van hul vryheid. Hy is vir hulle nie die God van die Skrif nie, maar 'n god wat iets te doen het met geskiedenisvorming, 'n god wat hulle met hul rede kan bewys.³

-
1. BRADSHAW B. : DIE KOMMUNISTIESE INFILTRASIE VAN DIE WESTERSE KULTUUR, p. 20.
 2. Vgl. VAN DYK M.P. a.w. p. 17.
 3. Vgl. VAN RIESSEN Ir. H. : MACHT EN ONMACHT VAN DE TWINTIGSTE EEUW, p. VAN RIESSEN stel dit so: „Want terwijl de mens naar het beeld van God gemaakt is, construeerd hij na een god naar zijn beeld. God wordt wat de mens zich als zodanig denken kan.“ Vgl. OVERDUIN J. a.w. p. 187 : „Jesus Christus is vir die natuurlike mens 'n onhanteerbare God.“

Iemand.....

Iemand wat veiligheid by God soek, is vir die neo-Marxisme 'n teken van onvolwassenheid. Hulle argumenteer dat kinders behoefte het aan geborgenheid omdat hulle klein en swak is: „Maar als je groot bent geworden dan zoek je geen bescherming meer. Dan sta je op eigen benen, dan moet je zelf weten wat je doen en laten kan.”¹

Die volwassene het dus sy eie norme, maar hierdie norme is nie so „sy eie” as wat hy hom voorstel nie, want hy het in sy hart 'n Marxistiese religie wat sy norme bepaal. Hy is nie vry nie, maar slaaf van die Marxisme, net soos die Christen, in Paulus se woorde, 'n slaaf is van Jesus Christus.

Die neo-Marxistiese mens het nie die God van die Skrif nodig nie, want hy besluit self oor sy lewe, hy besit eie gesag, hy is aan niemand verantwoording verskuldig nie. Jesus Christus het mens geword, God word steeds meer mens. God moet mens wees, menswees is god.

Sonde is „verzakelijking van de Maatschappij.”² Daar is nie meer sondaar nie, maar slagoffer. Die kwaad sit in die maatskappy en in die strukture, nie in die mens nie.

Hiermee kan 'n Christen hom nooit vereenselwig nie, want sonde sit in die totaliteit van menslike lewe, in sy hart as die sentrum van waaruit die mens in al sy uitinge, gedagtes, woorde en dade leef.

As kwaad in die maatskappy of in die strukture sit, sal dit nie 'n verbetering wees as 'n nuwe maatskappy of strukture totstand gebring word nie. Om die sonde van die mens se hart oor te plaas op strukture het probleme met die Boodskap van die Bybel.

-
1. VAN DIJK M.P. a.w. p. 45.
Vgl. ZYLSTRA B. : THE POST-CHRISTIAN HUMANISM OF KARL MARX.
In Reformasie en revolusie, p. 364, 365.
 2. Vgl. ook VELEMA W.H. en KOLE I.A. a.w. p. 96.

Die.....

Die neo-Marxisme ignoreer die feit van die erfsonde. Die Bybelse leer van die erfsonde beteken dat die totale rigting van die mens verkeerd is, van God afgewend is.¹

Die enigste uitkoms uit die sonde is die geloof in Jesus Christus en Sy versoeningsbloed.

Die neo-Marxisme voed 'n mens op wat sy eie verlosser moet wees, wat sy eie verlossing moet uitwerk. Die nuwe verlossing beteken 'n nuwe wêreldorde, vandaar die permissiewe en losbandige gees wat vandag oral in die wêreld sy kop uitsteek. Revolusie is hul slagspreek. Nêrens het hulle 'n beter wêreld tot stand gebring nie, nie in Angola of Mosambiek of elders in die wêreld nie. Hulle skep dekadensie en verslawing.

Die God van die Skrif is 'n God van orde, liefde en vrede. Daar gebied Hy die seën. Zuidema stel dit so: "This implies that said commandment must at all times occupy the first place in our lives, and, consequently, must never be supplanted from that first place. Our relation to God, our Redeemer, occupies the first place from God."²

Van ons kant eis die wet die liefde van ons totale menswees. Die wet eis ook 'n tweede belangrikste, naamlik liefde vir die naaste en die self (Mat. 22: 34 - 40).

Volgens Coetzee is daar twee hoofstrominge in hedendaagse moderne opvoeding, naamlik: "die histories Christelike en die humanistiese en hulle loop so prinsipiëel ver uiteen dat 'n mens hulle, veral wat die beginsels van die opvoeding betref, nie onder een hoof

-
1. VAN GRONINGEN G. : PROBLEMS AFFECTING THE DEVELOPMENT OF CHRISTIAN LEARNING OR CHRISTIAN SCHOLARS : DISUNITED AND WITHOUT A COMMON BASE. In Christian Higher Education, p. 197. Hy sê die volgende: "The unbelieving, unredeemed part of humanity in our postchristian world is fumbling in confusion to refuse to listen to the only Sovereign Triune God. Adding to the tragic situation is the fact that the masses of humanity, along with the scientists, cannot hear much, if anything, from the redeemed part of humanity. Why not?", "because a babel of voices arises from within it."
 2. ZUIDEMA S.U. : COMMUNICATION AND CONFRONTATION. The Great Commandment, p. 107

saam kan bespreek nie." ¹ Ook vir die opvoeding geld die woord van Jesus: "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor My Vader wat in die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor My Vader wat in die hemel is" (Mat. 10: 32,33).

Geen Christenouer of opvoeder kan of mag 'n neutrale houding inneem ten opsigte van die opvoeding van verbondskinders nie. Hulle moet positief verbondsoopvoeding bevorder en openlik en doelbewus die humanistiese opvoedingsfilosofie teenstaan en beveg, omdat dit hom openlik teen Christus uitspreek.

1. COETZEE J.C. a.w. p. 21.

HOOFSTUK 3

BASIESE RELIGIEUSE EN KOSMIESE GRONDSLAE VAN DIE CHRIS- TIENE MENSBEKOUING

3.1 NOODSAAK VAN DIE ANTROPOLOGIE VIR DIE OPVOEDING

Hierdie studie gaan oor die opvoeding van die verbondskind in die huisgesin. Om dié rede is dit noodsaaklik om te sê hoe ons die Christenmens sien en verstaan.¹ Daar is tans 'n groot verskeidenheid gangbare lewensfilosofieë wat 'n invloed uitoefen in mindere of meerdere mate, en in elke geval word die mens anders gesien en waardeer.

Die vraag : wat is die mens? is 'n baie ou vraag, Dawid het dit ook in Ps. 8:5 gevra omdat ook hy met dié lewensvraag geworstel het, diep onder die indruk van hoe God die mens begunadig het as Skepper.

Hierdie vraag staan in die sentrum van die hedendaagse denke. Telkens nadat die mens sy belangstelling gekonsentreer het op die groot heelal, het die mens ontevrede begin voel. In so 'n situasie keer die menslike denke altyd weer terug na die sentrale raaisel van sy eie bestaan. „Sodra hierdie raaisel die mens se denke begin verwar," sê Dooyeweerd, „lyk dit of die groot heelal uit die brandpunt van belangstelling verdwyn."²

Die vraag na wat die mens is, staan vandag in die brandpunt van die Westerse denke, vanweë die geestelike nood van die Westerse samelewing en die fundamentele krisis van ons kultuur. Suid-Afrika is met dieselfde probleem gemeed, omdat dit tot die Westerse beskawing behoort.

Die opvoeding van die Christenmens in hierdie verwarde wêreld vereis dat ons 'n duidelike en suiwer mensbeskouing sal voorhou.

1. Vgl. VAN DER ZWEEP L. : DE PAEDAGOGIEK VAN BAVINCK, p. 59. Daar haal hy Bavinck soos volg aan: „De opvoeding van de mensch onderstelt kennis van de mensch.”
2. DOOYEWEERD H. : WAT IS DIE MENS, p. 1.

Ons.....

Ons moet weet hoe en wat die mens is wat ons opvoed, want dit sal bepalend wees vir ons didaktiek en doelstellings in die opvoeding.

Met Stace sê ons instemmend: „Every set of ideals, moral or political, is an outgrowth of some theory - whether explicitly set forth or unconsciously assumed - about the nature of man.”¹

Uit die verskeidenheid antropologiese beskouings, blyk dit duidelik dat die religieuse grondmotief wat op die hart beslag lê, die beslissende woord spreek.

So spreek die Bybelse grondmotief die beslissende woord oor die Christelike mensleer. Die Bybel is egter nie 'n wetenskaplike handboek nie, maar dit gee vir ons die voor-wetenskaplike kennis, die antwoorde waarop die wetenskap met al die middele tot sy beskikking, nie 'n antwoord kan vind nie.

Vir ons kennis van die mens, hou ons naas die Bybel ook rekening met wat die verskillende vakwetenskappe oor die mens te sê het. Elk van die vakwetenskappe gee vir ons 'n beeld van bepaalde aspekte van die mens soos wat hulle hom sien. Die mens is egter 'n eenheid wat uit baie aspekte bestaan en hy moet tegelyk na alle aspekte en as 'n eenheid besien word.

Ons standpunt is duidelik: „die ganse menslike bestaan is religieus bepaald; die religieuse grondmotief wat beslag lê het op die hart, beheers metterdaad elke lewensuitgang; in sy hart transendeer die mens hierdie ervaarbare werklikheid.”²

Ons verwerp die dualisme van siel en liggaam wat die mens betref

-
1. STACE W.T. : THE DESTINY OF WESTERN MAN. Soos aangehaal deur VENTER E.A. : WYSGERIGE TEMAS, p. 27.
 2. VENTER E.A. a.w. p. 30.

en.....

en poncer die onverbreeklike eenheid van gees (of siel) en liggaam.¹ Ons aanvaar ook dat die mens se hele tydelike bestaan in sy hart saamgetrek is van waaruit die mens se lewensrigting prinsipiëel bepaal word. Ons wys daarom die humanistiese antropologie af omdat dit skeiding maak tussen siel en liggaam.

Al vyftien die tydelike funksies of wetskringe van die menslike bestaan vorm struktureel georden en vervleg, die lewensuitinge van die menslike liggaam as eenheid.

Ook die logiese denke behoort tot die mens se liggaam, terwyl dit onder die beheersing staan van die religieuse grondmotief van die hart. So alleen kan ons die worteleenheid van die menslike natuur handhaaf. In die menslike liggaam is al die strukture tot 'n eenheid vervleg.

Ons onderskei saaklik die volgende strukture:

- i) Die fisiese liggaamstruktuur. Dit is die struktuur van die fisies-chemiese stowwe wat nodig is vir die organiese opbou van die liggaam waarin die eerste vier funksies saamverbind is, naamlik getal, ruimte, beweging en energie.
- ii) Die bioties-liggaamstruktuur van die lewende organisme wat in die fisiese struktuur gefundeer is.
- iii) Die psigiese liggaamstruktuur van die sinnelike gevoelslewe.
- iv) Die akt-struktuur van die liggaam waarin al die bopsigiese funksies saamverbind is en wat tot uiting kom in die drie vorme van ken, verbeel en wil.²

1. STELLINGWERF J. : OORSPRONG EN TOEKOMST VAN DE CREATIEVE MENS, p. 170. Hy sê die mens het nie 'n siel en het nie 'n liggaam nie. Die mens is 'n lewende siel. Hy sê: „Niet een liggaam word geboren met een voor, tijdens, of na geboorte ingeplante onsterflike ziel, maar een mensenkind wordt geboren met een hart als integraal centrum van dit mensenbestaan.”

2. Vgl. VENTER E.A. a.w. p. 32.

Die normatiewe aktstruktuur rus op die vorige strukture en dit kom net by die mens voor. Daarin is onder andere die radikale verskil tussen die mens en die dier.

Met hierdie riglyne as agtergrond, kan ons die Christelike mensleer van nader beskou.

3.2 DIE OORSPRONG VAN DIE MENS

In sy opvoedingstaak het die Christelike huisgesin met Christenmense te doen. Kennis van die mens is 'n noodsaaklike voorvereiste vir sy opvoeding. Ons beskouing van die volwasse mens is ook ons beskouing van die kind.¹ Bingle sê van die kind: „Van jou as vader ontvang jou kind sy liggaam en sy siel deur die algemene genadige werking van die Heilige Gees, maar sy gees ontvang hy deur die besondere skepping van God. Elke mens, ook jou kind is 'n aparte skepping van God. Elkeen is 'n ander beelddraer van God.”²

Die mens kan homself egter nie ten volle ken nie. Strauss sê in die verband: „Die mens is nie die samevatting van die tydelike skeppingsaspekte of funksies nie en ook nie van die natuur- en kultuurdinge nie. Ons sal nooit tot die ware kennis van die mens kan kom as ons hom langs die weg so probeer konstrueer nie - die resultaat sal altyd 'n idool of drogbeeld wees. Nee, die mens is beelddraer van God en kroon van die skepping.”³

Die enigste Bron waaruit ons die mens kan ken, is die Woord van God. Dooyeweerd antwoord op die vraag na wat die mens is, soos volg: „Dit kan nie deur die mens beantwoord word nie. Dit is egter deur Gods Woord beantwoord.”⁴

-
1. WATERINK J. : THEORIE DER OPVOEDING, p. 56.
 2. BINGLE H.J.J. : DIE GODSDIENSTIGE LEIDING VAN DIE VOORSKOOSE KIND. Kinderopvoedings Reeks No. 2, p. 21.
 3. STRAUSS H.J. : DIE CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUING, p. 36.
 4. DOOYEWEERD H. a.w. p. 21. Dooyeweerd wys ook op die volgende: „die mens het alle ware selfkennis verloor sedert die verlies van sy ware Godskennis.” Hier verwys hy na die sondeval van die mens.

Honig bevestig hierdie siening, as hy sê: „Alleen die Bybel geeft ons het rechte antwoord op de vraag naar den oorsprong, den ouderdom en de oorspronklike woonplaats van het menselijke geslacht.¹

Die Heilige Skrif leer ons, dat die mens net soos alle ander skepsele, deur die wil van God in aansyn geroep is, maar dat die mens alleen 'n besondere verwantskap met God het, soos van Melle dit stel: „Maar tevens, dat hij (die mens) van alle scepsele zich onderscheidt door zijne oorspronklike verwantskap met en daaruit voortvloeiende gelijkenis op God," (Gen 1:26; Hand. 17:28b).²

Hierin is geen mens op aarde 'n uitsondering nie, want, sê die Bybelse leer: „Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon....." (Hand. 17:26a). Hieruit spreek ook die eenheid van die mensdom.³

In die skepping van God is die mens dus uniek, hy alleen is beeldraer van God.⁴ Die mens is in 'n besondere sin God se mens.

Die mens is ook as 'n integrale eenheid geskape, tenspyte van die groot verskeidenheid aspekte van die mens.

Berkouwer sê van hierdie eenheid: „Gods openbaring richt onze blik op de mens in zijn totaliteit, in zijn verhouding tot God..... Men is zich meer en meer bewust geworden dat het Bijbels mensbeeld wel de mens aanwys in een ontzaglijke verscheidenheid maar dat deze het uitzicht op die eenheid van de ganse mens toch nimmer weg-

-
1. HONIG A.G. : HANDBOEK VAN DE GEREFORMEERDE DOGMATIEK, p. 332-334.
 2. VAN MELLE P.J. : KORTE SCHETS DER CHRISTELIJKE GELOOFSLEER, p. 34.
 3. Vgl. HONIG A.G. a.w. p. 332-334.
 4. Vgl. STRAUSS H.J. : CHRISTELIJKE WETENSKAP EN CHRISTELIJKE ONDERWYS, p. 21.

necmt maar haar veelmeer doet uitkomen en accentueerd.....
 Geen enkel deel ontvangt een zelfstandig accent....omdat het in
 het Woord Gods juist om de ganse mens in zijn verhouding tot
 God te doen is." ¹

Die mens kan hom dus net self ken as hy kennis van sy Maker
 besit. Calvyn het dit, volgens Heiberg, soos volg gestel: „Ware
 selfkennis is afhanklik van ware Godskennis. En die ware Gods-
 kennis is vir ons geopenbaar in die Woord van God. Daarom is die
 Bybel, soos reeds genoem, vir ons die sleutel tot die vraag van die
 mens." ²

Bavinck sê die volgende oor die skepping van die mens: „De
 schepping loopt uit op den mensch. In hem sluiten geestelijke en
 stoffelijke wereld zich saam. Volgens het scheppingsverhaal in
 Gen. 1 is de mensch, man en vrouw, saam geschapen op den zesden
 dag. Gen. 1:26vv nadat de schepping der landdieren was voraafge-
 gaan. Ook de Schrift leert daarin een nauwe verwantschap van mensch
 en dier.....maar bij de verwantschap is er ook een groot onderscheid.
 De dieren word op Gods bevel door de aarde voortgebracht, Gen. 1:24,
 de mensch echter wordt geschapen na eene beraadslaging Gods, naar
 zijn beeld tot een heer over alle dingen." ³

-
1. BERKOUWER G.C. : DE MENS HET BEELD GODS. Dogmatische
 Studiën, p. 217-218.
 2. HEIBERG P.J. : DIE GRONDSLAG VAN DIE CHRISTELIKE OPVOEDING
 EN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA. T.C.W. 6J 1K 1970, p. 42.
 3. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK II, p. 471-472.
 Vgl. ook BAVINCK H. : MAGNALIA DEI, p. 167. Hier sê hy:
 „Niet de man alleen, noch ook uitsluitend de vrouw, maar
 beiden in onderling verband en verbond, zijn dragers van
 het evenbeeld Gods." ³

Die.....

Die Skrif beskrywe die skepping van die mens in besonderhede want daar begin die verhaal van die ryk bedeelde wese wat deur God op aarde geplaas is om in sonderheid Hom te verheerlik en wie se lotgevalle ons dwarsdeur die hele Skrif beskrywe vind.¹

Hierdie Goddelike oorsprong van die mens is nog nooit in die Christelike Kerk betwyfel nie.²

Ons wil nou die kernwaarhede oor die menslike persoon nagaan om so die mens beter te ken en verstaan, met die oog op die opvoedingssituasie in die huisgesin.

3.3 KERNWAARHEDE OOR DIE MENSLIKE PERSOON

3.3.1 DIE BETEKENIS VAN DIE GESKAPENHEID VAN DIE MENS NA DIE BEELD VAN GOD

Die mens as beelddraer van God dui die sentrale en totale verhouding aan tot God. Hierdie verhouding is die vertrekpunt vir die Christelike mensleer.³

Van der Zanden sê die volgende ten opsigte van die mens se geskapenheid na die beeld van God: „Het beeld Gods is niet slechts als een vijver, waarin iemand zijn eigen beeld aanschouwt, maar het word reeds aanstons in Gen. 1:26 in verband gebragt met een actie van den mensch, namelijk met zijn heerschen over de dieren en over de geheele aarde, die door hem vervuld en onderworpen moet worden, (Gen 1:28). Het beeld Gods is dus akte, daad, het is geloven, gehoorzamen, God navolgen, aanhangen, betrouwen en lief-

1. Vgl. KEET B.B. : ONS REDELIKE GODSDIENS, p. 110.

2. Vgl. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK II, p. 472.

BAVINCK H. : MAGNALIA DEI, p. 172: „Zoo verhaalt de Schrift den oorsprong van den mensch, beide van den man en den vrouw, en zoo is hare gedachte over de instelling van het huwelijk en over den aanvang van het menschelijk geslacht.”

3. Vgl. KOCK P. de B. : DIE CHRISTELIKE MENSBEKOUING, T.C.W. 6J 1K 1970, p. 42.

hebben van ganscher harte, van ganscher ziele, van ganscher gemoede en met alle krachten. Het is dienst Gods." ¹

Die beeld van God is egter nie net akte nie, hoe belangrik dit ook al is. Die sonde het die mens in sy akte teenoor God verdorwe. Die Heilige Gees wat in die wedergeboorte, die gevalle mens herskep het, is die bron van alle goeie werke. Sy verwantskap aan God onderskei die mens van alle ander skepsele van God (soos ons later sal aantoon) ook in die opsig dat die mens daarvoor moet heers.

In oorsienstemming met wat ons van sy skepping lees, is die mens as 'n eenheid geskape, bestaande uit liggaam en siel en dat hulle nie geskei mag word nie, asof die een met die ander niks te doen het nie, of dat die een minder deel het aan die beeld van God as die ander. ²

Die mens is na sy aard 'n volledige eenheid. Hy is nie die kombinasie van twee onvolledige substansies nie. Ons lees van die mens se liggaam, siel en gees in 1 Thes. 5:23 - "en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word." ³ Ons kan derhalwe nie met Van Melle saamstem in die vlg. uitspraak nie: "De ziel is de zetel voornamelijk van het gevoelsleven, dat ook het dier bezit; de geest die van het redelijk en zedelijk bewustzijn des menschen, met de daaraan eigene vermogens van verstand en wil. Ziel en geest worden ook niet zelden samengevat onder den naam van gemoed of hart." ⁴

1. VAN DER ZANDEN L. : DE MENSCH ALS BEELD GODS, p. 31,32.
2. Vgl. VERMEULEN A. : DIE OPVOEDKUNDIGE ANTROPOLOGIESE BETEKENIS VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE, p. 54, 55.
3. Vgl. ook HEBR. 4:12.
Vgl. JAARSMA C. : FUNDAMENTALS IN CHRISTIAN EDUCATION. Theory and practise, p. 303-307.
VERMEULEN A. a.w. p. 54-55.
SPIER J.M. : ORIENTERING IN DIE CHRISTELIJKE WYSBEGEERTE, p. 114-115.
4. VAN MELLE P.J. a.w. p. 35.

Van Melle fouteer as hy siel en gees so skei en aan die gees die eienskappe van „redelik en sedelik” toeskryf. Die mens is nie net redelik en sedelik nie, maar ook byvoorbeeld sosiaal, esteties, ekonomies, en so meer, met ander woorde 'n religieuse wese.

Die mens lewe uit al die aspekte van sy bestaan, tegelyk vanuit die sentrale kern van sy hart.

Waar die Here in Mat. 22:37 die mens aansê : „jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand,” bedoel Hy die totale mens. Die Skrif gee ook nie hier 'n teoreties-wetenskaplike leer van die antropologie nie.

Ons het reeds daarop gewys, dat die mens sy siel en sy liggaam van sy ouers erf, dit deur voortplanting ontvang.

Die Roomse Kerk handhaaf, dat daar teikens wanneer 'n nuwe liggaam ontstaan, 'n siel geskape word, dit wil sê, die kreationistiese siening.¹ Ons beswaar teen dié stelling is, dat daar dan voortdurende skepping van siele moet plaasvind. Só 'n standpunt kom in gedrang met die leer van die erfsonde, asof die erfsonde net die liggaam aankleef.

Die beeld van God in die mens, word juis vergestalt of gegee in die volheid van die menslike persoon as eenheid na „liggaam en gees” en al die gawes wat dit inhou. Hierdie vermoëns is die mens ingeskape. Hy kan dit nie verloor nie. Hy kan nie ophou om beelddraer van God te wees nie. (Vgl. Ps. 8:5-9; 1 Kor. 11:7; Hand. 17:28).

Die sondeval het die beeld van God bedorwe, maar nie vernietig of uitgewis nie: „en dat er een ander van overgebleven is, ten gevolge waarvan de mensch eenige natuurlijke Godskennis, een besef van het onderscheid tusschen goed en kwaad, en eene bewustheid van onsterfelijkheid heeft behouden, zonder dat dit alles hem echter instaat stelt om te worden wat hij naar zijn aanleg worden moest.”²

1. VAN MELLE P.J. a.w. p. 35.

2. VAN MELLE P.J. a.w. p. 37.

Die wese van die mens se beeldskap van God volgens die Skrif, word veral in Efes. 4:24 en Kol. 3:20 gestel.¹

Honig meen tereg dat Paulus in hierdie twee tekse, waar hy van die nuwe mens praat, verwys na die oorspronklike skepping en dat die herskepping nie 'n nuwe skepping is nie, maar herstel van die oorspronklike wat deur die sonde getref is. Honig en andere onderskei ook nog tussen die beeld van God in ruimere en engere sin. Hy sê: „Onder het beeld Gods in engeren zin verstaan wij dan de ware kennis, gerechtigheid en heiligheid, en onder het beeld Gods in ruimeren zin al datgene, waardoor de mensch eenerzijds van de engelen en anderzijds als redelijk, persoonlijk schepsel van de dieren onderscheiden is.” Hy sê ook verder: „Hebben wij nu het beeld Gods in eerstgenoemden zin verloren, in den laatstgenoemden zin hebben wij het behouden.”²

Bavinck sê van die mens as na die beeld van God: „Onder alle schepselen is alleen de mensch beeld Gods, de hoogste en rijkste openbaring Gods en tegelyk daardoor het hoofd en de kroon der gansche schepping.”³

1. EFESIËRS 4:24 - „En julle met die nuwe mens moet beklee, wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.”

KOLOSENSE 3:10 - „En julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper.”

Vgl. DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 3 vraag en antwoord 6; Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. 14; Die Dordtse Leerreëls III IV, wat leer dat die beeld van God in die mens bestaan in kennis geregtigheid en heiligheid.

2. HONIG A.G. a.w. p. 340-341.

3. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK III, p. 491.

Bavinck verwys ook na die belangrike gegewens uit die Skrif oor die mens as beelddraer van God, te wete (i) Dat die woorde.... „beeld van God" iets uitdruk wat van God in die mens is, en nie van iets van die mens in God nie. (ii) Die hele mens is beelddraer van God en nie slegs 'n deel van die mens nie. (iii) Die beeld van God word in Jesus Christus vir ons nader verklaar, in Hom wat volkome beeld van God was „en wien wij weder gelijk mochten worden", Rom. 1:29; 1 Kor. 14:49; Fil. 1:23 ens.

Van der Zanden lees in die mens as beeld van God die drieërlei verhouding van die mens naamlik tot God, tot die medemens en tot die ander skepsele. Hy sê: „Door den mensch beeld Gods te noemen duikt de Schrift ongetwijfeldt allereerst uit de verhouding tusschen God en de mensch."

Die mens dra dus 'n afhanklike beeld. Hy het in God sy Oorsprong en bestaansreg. Hy sê verder: „Het mensch is niet primair, maar secundaire, het is niet origineel, maar afgeleid, het is ook niet neutraal, maar op God betrokken." ²

Die uitspraak impliseer, dat opvoeding in die Christelike huisgesin nooit neutraal mag wees nie, want al die gesinslede moet in die geloof religieus na God gerig wees, tot Sy eer en ook die kinders moet meer en meer Gods beeld vertoon.

Singer stel dit ook duidelik in die woorde: „Man's chief end is to glorify God and to enjoy Him for ever." ³

Dooyeweerd ontken neutraliteit in die volgende woorde: „If our hearts find itself fully in the grip of the self-revelation of God as Creator, we can no longer imagine that there could exist a safe and neutral zone which is withdrawn from God. This is the fundamental difference between the living God and the idols which originate from

-
1. BAVINCK H. a.w. p. 493-494.
Vgl. ook HONIG A.G. a.w. p. 341-342.
BERKOUWER G.C. a.w. p. 217-218.
 2. VAN DER ZANDEN L. a.w. p. 50.
Vgl. DOOYEWEERD H. : WHAT IS MAN? In : International Reformed Bulletin, No. 6 J3, Oct. 1960, p. 12.
 3. SINGER C.G. : JOHN CALVIN : HIS ROOTS AND FRUITS, p. 11.

an absolutization of what has only a relative and dependent existence." ¹

Die tweede verhouding waarin die mens staan, volgens Van der Zanden, is sy verhouding tot ander geskape dinge. Terwyl die mens in 'n diensknegsverhouding tot God staan, staan hy in 'n heersersverhouding tot die ander geskape dinge.

„In Gen. 1:26 wordt het beeld Gods in nauw verband gebragt met het heerschen van den mensch over de geheele aarde." ²

Hierdie opdrag sluit in om deur arbeid, wetenskap en tegniek die wêreld te onderwerp.

Van der Zanden sê verder: „Er is verwantschap, overeenkomst. De mensch is de spiegel van Gods deugden het creatuurlijk beeld van zijn Schepper, hy is geschapen om als Gods gehoorzame dienstknecht Gods heerschappij en hoogheidsrecht op aarde te verteenwoordigen, Hem te volgen door te wandelen in liefde (Efes. 5:1, 2) te rusten zooals God rustte van zijn Scheppingswerk (Hebr. 4:4-11 ens.)" ³

Derdens wys Van der Zanden daarop, sluit die beeld van God in die mens se verhouding tot sy medemens. Hy verwys na Adam waar daar na die geboorte van Set geskryf is: „het hy 'n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld." (Gen. 5:3). Adam sien die beeld van God wat hy dra, voortgesit in sy seun Set.

Opsommend sien Van der Zanden die beeld van God in die mens só: „As beeld van God is Adam (i) dienskneg van God, afhanklike en aanhanklike beeld; (ii) heerser oor die aarde, heersende beeld oor die wêreld; (iii) hoof van die mensheid wat sy beeld dra. Nie een van

1. DOOYEWEERD H. : a.w. p. 12.

2. Vgl. PSALM 8:5-9.
VAN DER ZANDEN L. a.w. p. 51.

3. Ibid p.54.
Vgl. STRAUSS H.J. a.w. p.21-22.

die aspekte van die beeld mag negeer word nie. Die beeld van God is 'n eenheid: „Het duidt aan den mensch in zijn totaliteit." ¹

Uit voorafgaande moet dit duidelik wees dat die mens van God ryke gawes en 'n taak ontvang het. ²

Dit impliseer dat die mens kan werk, kultuur kan skep en die taak is sy opdrag in diens van God. Ten opsigte van hierdie taak, voeg Frey by: „Maar heerschappij als gebod van boven betekent terzelfdertyd verantwoordelijkheid naar boven." ³

Die verhouding tussen God en die mens is nie die van 'n outonome subjek teenoor 'n blote objek nie.

Die Dordtse Leerreëls sê, dat die genade van God met mense werk nie asof hulle stokke of blokke is nie. God vernietig nie die wil van mense en sy eienskappe en dwing hom nie met geweld teen sy sin in nie, maar Hy maak die mens geestelik lewend. Hierdie genade werk 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid. ⁴

Van die genade van God sê Heyns: „Die genade is nie mensvernietigend nie. Dit is wel 'n mag wat van God uitgaan, maar die mens is nie verplig om hom daardeur te laat oorrompel nie." ⁵

God stel Hom as het ware van die mens afhanklik om sommige van sy werk op aarde vir Hom te doen. Wát 'n vertrouwe het God nie in die sonde gevalle mens nie.

God het die mens na Sy beeld geskape om hom toe te rus vir die hoë roeping waartoe God hom geskape het.

-
1. VAN DER ZANDEN a.w. p. 56-57.
 2. FREY H. : IN DEN BEGINNE. 'n Verklaring van Gen. 1-11, p.21.
 3. Ibid p. 26.
 4. Vgl. DIE DORDTSE LEERREËLS III, 16
 5. HEYNS J.A. : LEWENDE CHRISTENDOM, p. 96.

Frey.....



260818

Frey het die wye omvangryke betekenis van die beeld van God in die mens só opgesom: „Naar zijn beeld, naar het beeld Gods - daarin is gelegen aanvang, gawe en uitgangspunt van het mensdom en tegelyk doel, opdracht en eindbestemming ervan.”¹

Die implikasies vir die mens, dat hy na die beeld van God geskape is vir die opvoeding, is omvangryk, ingrypend en prinsipiële koers aanduidend.

Dit vestig ons aandag daarop dat die mens hom nie van God kan losmaak in sy opvoeding nie. Die betrokkenheid op God spreek uit die ryk en omvangryke betekenis van die beeldskap van God in die mens. Die mens is aan God gehoorsaamheid verskuldig, omdat hy van God is, vir God gemaak is, tot Sy diens en eer.

Die sondeval het die beeld van God in die mens getref, maar nie uitgewis nie, sodat hy God kan ken uit sy Woord, sy skepping en sy medemens wat ook beeld van God is en uit Jesus Christus, die „beeld van God” met sy verlossingsboodskap.

Voor die sondeval het die mens hom daarin verlustig om uit 'n spontane hart God lief te hê, Hom te ken, Hom te dien en aanbid, sy werk te ken en sy naaste lief te hê.

Die sondeval het die mens beroof van sy kennis van God en sy liefde tot God, van sy aanbidding van God, van die kennis van sy kultuurtaak en van sy liefde vir die medemens as mede beeldraer van God.

God het Sy Seun, Jesus Christus, na die wêreld gestuur om vir die sonde te sterf. Sy Heilige Gees het met die wedergeboorte die mens weer in staat gestel om God te wil ken, Hom lief te hê, Hom te aanbid, om sy werk te ken, om dit weer te wil doen en om weer die naaste lief te hê.

1. FREY H. : a.w. p. 17.

Wielenga som die sin van menswees kernagtig op en wel as volg:
 „God is de vrijwillige oorzaak, de Souvereine regeerder en het hoogste
 doel van alle dinge. Het Wezen der religie is dus God te kennen en
 te verheerlijken.”¹

3.3.2 DIE MENS EN DIE SONDEVAL

Gen. 3:1 begin met die woorde: „Maar die slang was listiger!.....
 en met daardie lis is die eerste mensepaar tot sonde verlei. „Zijn
 werk was de verleiding van het eerste menschenpaar door een leugen, die
 hem de scheldnaam van vader van der leugnens verworpen heeft (Joh. 8:44).
 Sodertdien werkt hij rusteloos in de mensheid om zijn haat tegen al wat
 goed en Goddelijk is af te koelen. Tot op den tijd van den Vader in
 Zijre eigene macht gesteld, bezit en ontwikkelt hij in deze wereld eene
 macht, tegen welke de Heilige Schrift gedurig met den meesten nadruk
 waarschuwt (Mat. 13:36-39; Efes. 6:11,12).²

-
1. WIELENGA B. : WEZEN VAN HET CHRISTENDOM, p. 97.
 2. VAN MELLE P.J. a.w. p. 40.
 Vgl. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK III, p. 7-10.
 HONIG A.G. a.w. p. 378-379.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis beskryf die feit van die sondeval
 soos volg: „maar hy het homself uit eie wil aan die sonde onderwerp
 en sodoende aan die dood en die vervloeking, deur te luister na die
 woord van die Duiwel....Die gevolg van die sondeval is dat die mens:
 „in al sy weë goddeloos, verkeerd en verdorwe is” en dat hy „al sy
 uitnemende gawes verloor wat hy van God ontvang het en niks anders
 daarvan oorgehou het as net 'n klein oorblyfsel wat genoegsaam is
 om die mens alle verontskuldiging te ontnem.”

Die Heidelbergse Kategismus, Sondagsafdeling III, antwoord 7, sê dat
 deur die sondeval: „ons natuur so bederwe is dat ons almal in sonde
 ontvang en gebore word.” Hiermee is die standpunt van die Humanisme
 dat 'n kind sondeloos gebore word, finaal afgemaak as 'n bedrog
 van die Bose (Vgl. Ps. 51:7).

Die Dordtse Leerreëls, die Derde leerstuk, paragraaf 2, bevestig
 ook die feit van die sondeval en dat dit ook ons kinders getref het:
 „Net soos die mens na die val gewees het, was ook die kinders wat
 hy voortgebring het: hy het as verdorwene verdorwe kinders voort-
 gebring.” Die sondeval word dus in Adam se kinders voortgesit en
 dus ook in ons en ons kinders.

Satan.....

Satan is dus steeds besig om met leuens die mens te verlei tot ongehoorsaamheid aan God en sy Woord. Vandaar dan ook die ongehoorsaamheid van die mens teen alle gesag van God in die wêreld, ook van kinders teenoor hulle ouers.

Ons moet deeglik rekening hou met die sonde in ons mensleer.

Bavinck skryf oor die omvattende gevolge van die sondeval: „Nauwliks was zij geschapen, of de zonde drong in haar binnen..... De zonde heeft de gansche schepping verwoest, haar gerechtigheid in schuld, haar heiligheid in onreinheid, haar heerlijkheid in schande, haar zaligheid in ellende, haar harmonie in wanorde, haar leven in dood, haar licht in duisternis verkeerd.”¹

Honig stel die radikaliteit van die sondeval na dit die mens getref het, soos volg: „Geweldig is de verwoesting die de opstand tegen God in het geheele wezen des menschen heeft aangebracht. Ons verstand is verduisterd, (Efes. 5:8) en dientengevolge zijn wij van nature geneigd onze levens- en wereldbeschouwing uit geheel onschriftuurlijke beginselen op te bouwen.”²

Dooyeweerd vat die feit van die sondeval soos volg saam: „dat die mens, geskape na die beeld van God iets in homself en onafhanklik van sy Skepper wou wees.” Hy wys daarop dat 'n basiese rede van die mens se val in die sonde is, dat hy outonoom wou wees en wou kies vir die valse ideaal om soos God te wees.

-
1. BAVINCK H. : a.w. p. 2.
Vgl. NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, Paragraaf XIV
DORDTSE LEERREËLS, Derde en Vierde Leerstukke.
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 3.
Vgl. BERKOUWER G.C. : DE ZONDE I, p.143, 144.
 2. HONIG A.G. a.w. p. 400.
Vgl. HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 3, Vraag en Antwoord 8.

Hy.....

Hy bring die radikale val van die mens soos volg onder woorde: „Uit die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, volg dit dat die val 'n radikale val is; 'n val in die hart, die religieuse sentrum, die wortel self van die menslike bestaan en van die hele aardse werklikheid wat in die mens gekonsentreer is. Dit is waarom die verlossing in Christus 'n radikale en integrale karakter het." ¹

In die sondeval en nêrens anders nie, lê die wortel van letterlik al die probleme van die mens. Die sondeval het dus meegebring dat die mens sy doel mis. Veldkamp noem dit: „een leven dat niet op God gericht is, 'n doel voorbijgeschoten." ²

Die gelowige mens laat hom nog deur die straf tot besinning bring.

In die opvoeding neem tug en straf 'n belangrike plek in om die gehoorsame kind tot gehoorsaamheid te verplig. In die opvoeding moet die opvoeder deeglik die sondeval en sy verreikende gevolge in berekening bring wanneer hy met moeilike kinders, dom kinders en moedswillige kinders te doen kry. Die opvoeder moet ook homself in gedagte hou as hy besig is met opvoedingswerk, want hyself staan onder die las van die sonde. Hy het dus ook sy beperkinge soos die kind dit het. Veral die ouer moet waak dat hy nie verwagtings van sy kind koester bo die vermoë van sy kind nie.

Die voorbeeld van Job wat altyd vir sy kinders by die Here in gebed ingetree het, moet ook ons benadering wees. Job het nie so veel van sy kinders gedink, dat hy sou ver wag, dat hulle te goed is om te sondig nie. Job 1:5: „Want Job het gedink: miskien het my kinders gesondig en God in hulle hart geseën! So het Job altyd gedoen."

Die huidige problematiek rondom die opvoeding, ook in die gesin, het sy oorsaak in die sondige hart van die mens. Die ouer wat dus nie 'n sondebeseft het nie en die kind as 'n normale wese beskou, wat net spontane uitingsgeleenthede moet hê, maak 'n radikale fout.

1. DOOYEWEERD H. : DIE SEKULARISASIE VAN DIE WETENSKAP, TCW J 2K 1972, p.40.
Vgl. ZEEMAN M.T.S. : NUWE HOOP VIR 'N VERWARDE WÊRELD, p. 45. Hy sê ondermeer: „Die mens het 'n eie vrye keuse gehad en het dit nog na die sondeval. Die mens is egter innerlik verdorwe deur sy eie sonde."
2. VELDKAMP H. : ZONDAGSKINDEREN I, p. 35.
Vgl. HONIG A.G. a.w. p. 392.
WIELENGA B. a.w. p. 97.

Die gemeenskap met God, is die bron van alle geluk vir elke huisgesin. Sonde wat skeiding met Hom teweegbring, is die oorsaak van talle negatiewe invloede en resultate.

3.3.3 DIE MENS SE VERLOSSING IN JESUS CHRISTUS.

Ons het daarop gewys dat ons in die opvoeding rekening moet hou met die sondeval as 'n radikale val wat die mens tref in die hart, die oorsprong van die lewe. Dit is net logies dat as die mens uit sy sondeval verlos word, dit 'n redding moet wees wat die mens uit sy diepte waarin hy geval het, moet verlos. Die verlossing moet dan ook in die hart begin, by die oorsprong, die wortel van die lewe.

Die verlossing van die mens in Jesus Christus is 'n vernuwing van die mens, net so radikaal en in sy hart.

Die Bybel leer ons dat Jesus Christus se herskepping en verlossingswerk nie versmal mag word net tot die redding van die siel en die gawe van die saligheid nie. Dit sluit in die handhawing van al Gods geskape handwerk in die kosmiese sin, want God as Skepper is Eienaar daarvan en laat sy werke, sy eiendom nie los nie.

Die verlossing in Jesus Christus vernuwe nie net die mens in enger godsdienstige sin nie, maar juis die hele mens en ook die geskape werklikheid en die aarde wat op die mens aangewys is.

As Paulus in 1 Kor. 2:14 skryf: „Hy maak alle dinge nuut,” dan sluit dit die mens met al sy lewensaspekte, al sy verbande, ook die huwelik en gesinsgemeenskappe en alle verhoudinge waarin hy hom op aarde bevind kragtens Gods skeppingsordinansies in.

Berkouwer stel vir ons die versoening so voor: „Wij zijn - aldus Paulus - met God verzoend door de dood van zijn zoon door wie wij de

versoening.....

verzoening ontvangende hebben, terwyl Hij elders zegt, dat God door Christus ons met zich verzoend heeft en dat God in Christus de wereld met zichzelf verzoenend was, door hun overtreedingsen niet toe te rekenen.....Hij heeft ons het Woord der verzoening toebetrouwd".¹

Die mens word deur Christus se verlossingswerk oor die hele linie van sy bestaan vernuwe.

Christus se Hoofskap gaan ook nie net oor die mens nie, maar ook oor die kosmos.

Du Plessis skryf hieroor: „Dit is veral in die briewe aan die Efesiërs en Kolossense dat Christus se Hoofskap die mees uitgesproke en pregnante karakter vertoon en wat ons hierin tref is die tweërlei aard daarvan....dat die verskil tussen die tweërlei Hoofskap gesoek moet word in die feit dat die Kerk as liggaam van Christus aangedui word en die kosmos nie.... van die kosmos behels Christus se Hoofskap veral die gedagte van heerskappy.

Maar ook die tweede element (samesluiting) kom tot uitdrukking in Christus se Hoofskap oor beide groothede sodat ons in die algemeen kan beweer dat Christus se Hoofskap sowel as sy heerskappy as sy samesluitende funksie in kerk en kosmos tot uitdrukking bring.“²

Du Plessis praat van die kosmos en bedoel daarmee die ondermaanse geskape werklikheid, die wêreld buite die mens om. Die afleiding wat ons met reg van sy uitspraak maak, is dat daar geen neutrale gebied is in Kerk of kosmos waaroor Christus se Hoofskap nie gaan nie.

-
1. BERKOUWER G.C. : HET WERK VAN CHRISTUS. Uit: Dogmatische Studiën p.279-280.
Vgl. JAARSMA C. a.w. p.26.
Vgl. ook HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 1, Vraag en Antwoord 1; Dordtse Leerreels II, 5 - „Verder is die belofte van die evangelie dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê; en hierdie belofte moet aan alle volke en mense tot wie God na sy welbehag Sy evangelie stuur, sonder enige onderskeid verkondig en voorgestel word, met die bevel van bekering en geloof.“
 2. DU PLESSIS I.J. : CHRISTUS AS HOOF VAN KERK EN KOSMOS, p.116-117.

Kempff vereenselwig „wêreld" met „kosmos" soos blyk uit sy verklaring van wat hy met „wêreld" verstaan. Hy sê: „die wêreld staan vir (i) die wêreldgehoel, as samevatting van alles wat geskape is; (ii) hierdie wêreld is verganklik; (iii) die wêreld is die woonplek van die mens, die toneel van die geskiedenis; (iv) die wêreld staan ook vir die mensheid (Mk. 16:15) en (v) die wêreld het 'n gees wat teen Christus staan." Kempff skryf verder: „Dis duidelik dat by Paulus die woord „kosmos" beperk bly tot die wêreld wat in die mag van sonde en dood verval het; die versoende en verlore wêreld is die koninkryk van God." ¹

Die verlossingswerk van Christus word deur Bingle soos volg beskryf: „Omdat die koninkryk van God op aarde binne die mens setel, bestryk dit die hele lewe van sy burgers, al hulle doen en late, individueel en gemeenskaplik in Kerk, staat, maatskappy, beroep, gesin, skool, universiteit, kultuur, kuns, gewoontes - letterlik alles." ²

Die verlossingswerk van Christus red dus die mens van sonde, Hy red nie net die volwasse sondaar nie, maar ook die kind wat in sonde ontvang en gebore is. Hy red die mens ook in sy kultuurtaak, wanneer hy Gods skepping versier en ook die stof tot eer van God verwerk en inspan.

Wat vir ons as Christene belangrik is, is om te weet dat Christus se verlossingswerk ons persoonlik individueel verlos van die vloek en bande van die sonde sodat ons instaat kan wees om God te kan dien tot sy eer; dat Christus ook my huwelik verlos van die sonde, van alles wat die huwelik bedreig. Sy verlossingswerk vernuwe ook die gebroke en vervalde gesinslewe. Hy herstel weer die harmonie en stort sy liefde in die harte uit van die wat Hom vrees. Om die rede kan die gesin opgevoed word tot diens en eer aan God. Die herskape en vernude mens se lewe is oop, is ontsluit, deur Christus, om tot geestelike volwassenheid opgevoed te word.

Hierdie opvoedingstaak van die gelowige, die verbondsouer, geskied binne die bedding van die genadeverbond wat God met die Christenouer aangegaan het.

-
1. KEMPF D. : INLEIDING OOR DIE KONINKRYK EN WÊRELD IN DIE ALGEMEEN. Uit : Die Koninkryk van God, p. 305-314.
 2. BINGLE H.J.J. a.w. p. 317.

In die lig van die verlossing in Jesus Christus van die gelowige uit soewereine genade, sien die gelowige verbondsouer dit so dat die kinders uit butere dankbaarheid daarvoor in die verbond opgevoed sal word - dis 'n bevel van God wat met innige dankbaarheid gehoorsaam moet word.

3.4 DIE GENADEVERBOND

Die genadeverbond is die wyse wat God het om met sy genade die mens op te soek en die band wat die sonde tussen God en die mens verbreek het, weer te herstel.

3.4.1 DIE OORSPRONG VAN DIE GENADEVERBOND

Die genadeverbond het sy oorsprong by God Drie-enig in die Hemel voor alle tye.

God die Vader en God die Seun het 'n ooreenkoms aangegaan waardeur die Seun vrywillig en gehoorsaam na die wêreld sou kom in die gestalte van 'n mens om hier op aarde vir die sonde te sterf om die skuld van mense te dra. Ons lees daarvan in Jes. 53:10, 11: „Dit het die Here behaag om Hom te verbrysel.... en Hy sal hulle skuld dra.”

Joh. 3:16: „So lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.”

„Maar die wat nie glo nie, op hulle rus die oordeel van God.”
(Mk. 16:16).

Voorwaardes van die verbond, soos blyk uit die aangehaalde tekse is dat:

- (i) Die Seun die menslike natuur sou aanneem.
- (ii) Die Seun sy lewe vir die mens op aarde sou gee.
- (iii) Die Seun sal daarop die Hoofskap oor sy gelowige volk ontvang.
- (iv) Die Seun gee aan sy gelowige volk ewige vreugde en geluk-saligheid.

Die verlossing van die wêreld berus: „naar luid der Schrift, op een Goddelijk Raadsbesluit, dat deel uitmaak van het alles omvattende wereldplan Gods." ¹

Jaarsma bring die verbond soos volg onder woorde: „The covenant of grace is conditioned on the suffering and obedience, in short, on the merits of Jesus Christ. It is only on the basis of his atoning work that we can share in the blessings of the covenant of grace." ²

Twee aspekte van die verbond tree duidelik na vore, te wete: (i) Dat God van sy kant eensydig die verbond aangaan en (ii) die verbond sluit enige verdienste van die mens se kant uit, want Jesus Christus het al die voorwaardes van die verbond nagekom. Hy skenk daardie verdienste uit genade aan die verlore sondeaar. Volgens Jaarsma tree die mens toe tot die verbond of deur geboorte saam met die verbondsoeners, of deur belydenis van geloof in Jesus Christus. ³ Hierdie saligmakende geloof is die werk van God die Heilige Gees waardeur hulle Christus aanneem as die Bron van alle goeie gawes.

Kikillus beskryf die genadeverbond as die rede van die bestaan en voortbestaan van die Christendom, dit is die kern van Christus se leer, die enigste hoop vir die mens in tyd en ewigheid. ⁴

1. VAN MELLE P.J. a.w. p. 51.

2. JAARSMA C. : FUNDAMENTALS IN CHRISTIAN EDUCATION. Theory and Practice, p. 28.

3. Ibid p. 29.

BAVINCK sê ook dat die verlossing in Christus 'n saak van Gods kant alleen is. Hy sê: „In het gansche werk der verlossing is het God alleen die als die zoekende en roepende, als die sprekende en handelende optreedt, de gansche verlossing gaat van Hem uit en keert tot Hem terug." BAVINCK H. : MAGNALIA DEI p. 248.

4. KIKILLUS G.T. : DIE GENADEVERBOND. In : Koers in die Krisis I, p. 163.

Die besluit van God om sy Seun na die wêreld te stuur (Joh. 3:16) om vir die sonde van die wêreld te sterf, is die kernwaarheid van die genadeverbond. Dit word bevestig deur die Woord van die Here in Rom. 11:27 - „En dit is van My kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem.”

Die genadeverbond sluit die kinders in.¹ God gee sy genade aan almal wat Hom liefhet en aan hulle kinders. Ook nadat hulle gesondig het, het Hy hulle nog sy kinders genoem.²

Dit beteken egter nie dat elke kind wat in die verbondsgeslag gebore is, 'n wedergebore of uitverkore kind is nie.

Waterink sê: „Niet aanvaarding van het verbond blijft voor de verantwoordelijkheid van het kind dat in het verbond is geboren.”³

Kuyper sien die plek van die verbond in die verlossingsplan van God as volg: „In de uitverkiesing stelt God Almachtig het einddoel vast, en het genadeverbond is het door Hem gekozen middel om dat doel te bereiken. En daarom bepaalt niet het genadeverbond de uitverkiezing, maar de uitverkiezing het genadeverbond.”⁴

Kuyper maak dus hierdie onderskeiding dat die uitverkiesing voor alle tye plaasgevind het⁵ in die hemel, die genadeverbond realiseer in die tyd op aarde. Die doel bepaal die middel.

Kuyper sê dit ook in ander woorde soos volg: „Zoo is de uitverkiezing

-
1. KUYPER H.H. : HAMABDIL, p. 25: „dat verbond nooit gesloten met enkele individuën, los op zichzelfstaande, maar is het altoos een verbond met onz en onz zaad.”
 2. Vgl. WATERINK J. : THEORIE DER OPVOEDING, p.60.
Waterink verwys hier na Gen. 17:7 - „En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou.” In die Nuwe Testament lees ons in Gal. 3:29 - „En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte (Gen. 17:7) erfgename.”
 3. Ibid p. 62.
 4. KUYPER H.H. a.w. p. 23.
 5. EFESIERS 1:4 : „Soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld

de.....

de ewige bron van Gods genade voor ons en het genadeverbond is de stroom, die uit die bron ontsprongen, afdaald van de bergen van Gods heiligheid en de dorstige zielen laaft." ¹

Die genadeverbond het dan ook geen ander doelwit dan om die uitverkorenes tot saligheid te bring nie, maar die genadeverbond is volstrek ook nie 'n onverliesbare erfenis nie. Geslagte val uit die verbond. By die doop word ook nie gesê dat die kind wedergebore is nie, of dat sy sonde vergewe is nie, dit kan geen mens op aarde sê nie. By die doop kan ons slegs bely en erken wat na die wese van die verbond die doop beteken en afbeeld en verbeeld, soos die doopformulier dit stel: „die afwassing van ons sondes deur die bloed en Gees van Jesus Christus.”

Die doop is die uitwendige handeling en teken van wat God in die hart van die mens deur sy Gees verrig.

Ons het reeds gesê dat die gelowige geslagte die walle van die bedding is waarbinne die heilswerk van God vloei, maar, die bedding bind egter nie die Here nie, want vrymagtig trek Hy ook vreemdelinge in die verbondstroom van buite af in, soos Ragab en Rut.

Normaalweg is die verbond die weg waardeur God werk soos byvoorbeeld die familie waaruit Timotheüs gebore is. ²

Alle nadruk word in die verbond gelê op Gods soewereine genade alleen. Tog is hier twee partye betrokke. Dit is egter nie twee partye op gelyke voet soos twee gelyke mense nie.

Ten opsigte van die genadeverbond bring Polman 'n belangrike aspek na vore: „Het heeft in de oprichting een volstrekt monopleurisch, unilateraal of eenzijdig karakter, al heeft het de bestemming om dupleurisch, bilateraal of tweezijdig te worden. De mensen word niet als dood kapitaal behandeld. Zij worden opgeroep om Gods verbond te bewaren (Gen. 17:9, 11) daaraan vast te houden (Jes. 56:4, 6)

1. KUYPER H.H. a.w. p. 24.

2. 2 TIMOTHEUS 1:5 - „....die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Lof's en in jou moeder Eunice.....”

en naar de eis van dit verbond te handelen (2Kon. 34:32). Maar alle nadruk valt op de Goddelijke beschikking." ¹

Die genadeverbond is 'n eensydige ooreenkoms wat God, sonder raadpleging van die mens met die mens aangegaan het. God het ook die voorwaardes van die ooreenkoms aan die mens voorgelê, met die belofte, as die mens die voorwaardes nakom, sal God sy kant van die verbond nakom.

Dit beteken eenvoudig dat verbondsouers hul kinders deur opvoeding die inhoud van die verbond moet leer en hulle kinders opvoed om die verbond te gehoorsaam. In hierdie gehoorsaamheid is soveel seën opgesluit, nie as verdienste nie maar as genadegawe van God aan sy gehoorsame kinders.

Die genadegawe wat ons ontvang het is dat Christus ons met God versoen het en dat Hy vir ons goeie werke voorberei het om daarin te wandel. „Zichzelf verzoenend was, door hun hun overtredingen niet toe te rekenen... Hij heeft ons het Woord der verzoening toebetrouwd." ²

Wat God vir die heilsweg opeis het Hy reeds met die wedergeboorte vir die mens gegee, sodat Hy niks van die mens vra wat Hy nie reeds gegee het nie. Met die ware wedergeboorte het die verlore reeds in beginsel as genadegawes ontvang, nl die geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking en volharding en aan die einde die verheerliking. Omdat die wedergebore mens die weldade ontvang het, roep God hom op om te glo en te bely, roep God op tot bekering en heiligmaking. Die mens kan hierop met die geloofsbelydenis en geloofsdade antwoord omdat God dit vir Hom deur die gawe van die Heilige Gees moontlik maak.

Om hierdie rede is dit vir die verbondsoer moontlik om sy kind te lei tot geloof, bekering, heiligmaking en volharding op die heilsweg. Tewens, dit is die verbondsoer se selfaanvaarde plig, soos hy by die doop van sy verbondskind vrywillig belowe.

1. POLMAN A.D.R. : VERBOND. Uit Christelike Encyclopedie VI, p.460. Vgl. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK III, p. 185.
KEET B.B. : ONS REDELIKE GODSDIENS, p. 140.
Hier sê Keet dat die weldade wat in die genadeverbond ons van Godswê geskenk word, kom tot ons deur die een Middelaar wat van ewigheid af gekies is om God en mens nie alleen te verenig nie, maar ook te versoen.

God noem die gelowige kind ook 'n aangename kind (Joh. 1:12).

Wanneer ouers 'n kind adopteer, dan is daar geen eienskappe van die ouers in die geadopteerde kind teenwoordig, soos wat die eienskappe van ouers in hul eie biologiese kinders teenwoordig is nie. Ouers kan ook nie die aard van die geadopteerde kind verander om te lyk en te aard soos hul eie kinders nie, maar God verander sy aangename kind met sy sondige aard om soos kinders van God te wees, totaal vernuwe, sodat die kind deur sy Gees, God as Vader kan aanroep.

Berkouwer trek konklusies oor die heilsweg wat ook interessante implikasies het vir die Christelike lewenspraktyk en opvoeding as hy sê: „We staan voor het wonderlike feit dat de heilsweg de weg des geloofs is, omdat juist in het geloof alleen de exclusiviteit der genade Gods wordt erkend en geëerbiedigd.”¹ Hy wys ook op die verband tussen die geloof en die ander heilsweg, hy sê: „We staan met het „sola fide” in het brandpunt van de rechtvaardiging, maar niet minder in dat der heiliging.” Hy haal Luther aan wat gesê het: „Zie, - met deze woorden heeft Paulus een duidelijk beeld van het Christendom getekend: alle werken moeten op des naasten bestwil gericht zijn, wijl ieder voor zichzelf aan zijn geloof genoeg bezit en al zijn andere werken, ja, zijn gehele leven hem nu slechts overblijven om er zijn medemens uit vrije liefde mee te dienen.”²

Hierdie „naasten bestwil” en diens aan die medemens met liefde, sluit mutatis mutandis die Christelike opvoeding in aan die kinders aan wie Gods liefde toegesê is en wat deur die ouerliefde versorg moet word.

Paulus beskryf die gelowige mens as 'n nuwe mens met 'n nuwe lewe.³

Ridderbos sê van hierdie nuwe mens: „In al deze qualificaties ligt opgesloten dat het nieuwe leven een radicale verandering betekent, een overgaan van een toestand van dood en slavernij in de leven van vrijheid,

1. BERKOUWER G.C. a.w. p. 199.

2. Ibid p. 28.

3. GALASIËRS 2:20 - „Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun.”

daarom ook niet te verklaren uit menselijke inspanning en zedelijke kracht, maar enkel uit het scheppende machtwoord van God, niet minder machtig dan dat Woord, waarmee Hij eenmaal het licht uit de duisternis te voorschijn riep (2 Kor. 4:6)."¹ Hierdie herskepping van die mens is 'n herstel van die oorspronklike beeld in Gen. 1:26.

Die nuwe beeld is baie duidelik aanwysbaar in die lewe en werke van die gelowige, in die vrugte van bekering en van die geloof.

Die nuwe mens neem nie deel aan die sondes van ongeregtheid nie, geen horeerders, onreinheid, gierigheid (Kol. 3:5), geen gramskap, toornigheid, kwaadheid, lastering, vuil taal, leuens (Kol 3:8, 9), maar barmhartigheid, goedertierenheid, ootmoedigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid, vergifnis van mekaar se misdade, soos Christus dit gedoen het, liefde, lofsange tot eer van God, onderdanigheid van die vrou teenoor haar man, geen bitterheid, maar liefde van man teenoor sy vrou en gehoorsaamheid van kinders aan hulle ouers (Kol. 3: 12-25).

In sy hele lewenswandel openbaar die nuwe mens hom as die nuwe beeld van God, as 'n nuwe, wedergebore mens.

Die nuwe beeld van die verlose mens, is onmiskenbaar verbonde aan die gemeenskap met Christus. Tans is hierdie nuwe beeld nog maar in beginsel. In hierdie nuwe beeld word Christus alhoemeer sigbaar na die wat ons deur gehoorsaamheid aan sy Woord nader na Hom groei. Ons moet alhoemeer word wat ons in Christus is. So moet ons ook ons kinders opvoed om te word wat hulle in Christus is, nuwe mense met 'n nuwe gesindheid, verlose mense wat leef in die vreugde van hul verlossing.

Gelowige ouers het vrymoedig en gewillig tot die verbond ingestem, omdat dit in hul en hul kinders se beste belang is.

Sommige mense maak beswaar teen die beloftes wat ouers by die doop van hul kinders aflê, omdat hulle tog nie weet of hulle kindertjies eendag in Christus sal glo nie. Ouers kan nie hul kinders se geestelike lewe verander nie, dit is waar, maar God vra dit ook nie van die

1. RIDDERBOS H. : PAULUS, p. 245-246.
Vgl. VAN DER ZANDEN L. a.w. p. 132

ouer nie. Ouers maak doopbeloftes op sterkte van die beloftes van die Here en Hy is getrou, Hy sal Sy deel nakom, die ouer moet sy deel nakom.

Verbondskinders moet die Here dank vir hul verbondsouers wat hulle in die waarhede van die verbond opvoed want hulle staan saam met hul ouers in 'n seënvolle verbondsverhouding.

God het van Sy kant Sy beloftes met die uiterlike tekens van die verbond, naamlik die doop en die nagmaal verbind.

Hierdie tekens dra van Gods kant die waarborg van die nakoming van sy beloftes en van die mens se kant aanvaar hy dit in geloof dat hy in die verbond opgeneem is en aanvaar hy die voorwaardes van die verbond en verbind hy hom tot gehoorsaamheid aan die verbondsverpligtinge.¹

Met die doop sê God: „jy behoort nie meer aan jouself nie, maar aan My." Met die doop sê ek: „ek behoort nie meer aan myself nie maar aan my Saligmaker Jesus Christus."

Ouers moet hulle kinders onderrig in die ryk betekenis van die verbond en van die waarborge wat die sakrament van die doop vir hul kinders inhou, naamlik dat hulle gedurig die voorwerp van Gods sorg en beskerming is, solank hulle hul deel van die verbond en doopbelofte nakom. Maar sodra hulle die verbond verbreek, is hulle binne die trefkrag van die Bose en hy sal hulle nie spaar nie.

Calvyn maan ons om nie by die uiterlike van die doop vas te steek nie, maar „haar veeleer opheffen tot de beloften Gods, die ons erin worden aangeboden tot de inwendige verborgenhede, die ons er door worden veraanschouwelijkt."²

Die doop spoor dus die kind aan om die seëninge van die doop in sy lewe te verwerklik en hy vind in die doop 'n verdedigingswapen om

1. Vgl. HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 25, Antwoord 66.

2. CALVIJN J. : INSTITUSIE III, p. 370. Vertaald door SIZOO A. Vgl. FEENSTRA Y. : DOOP. In Christelijke Encyclopedie II, p. 271.

teen die sataniese magte te stry, ¹ in sy geleidelike groei tot volwassenheid.

Die doop verplig die verbondsouer tot verbondsoopvoeding van hul kinders. Hierdie plig is 'n vreugdevolle plig want die nakoming daarvan verseker soveel ryke beloftes vir die kind as beloftes wat die ouer baie graag in sy kind se lewe verwesenlik wil sien.

Die noodsaaklikheid van Christelike opvoeding vloei nie primêr voort uit die kind se hulpbehoewendheid, of uit die eise van die kultuur, die samelewings-verbande of die beroepswêreld nie. Die Christelike opvoeding hou verband met die verhewe oorsprong, die verantwoordelikheid, die taakvervulling en die ewigheidsbestemming van die mens. ²

Die doop is die teken wat ons van die ander volke van die wêreld en van vreemde religie onderskei.

Bouwman beskryf hierdie afsondering van die volk van die Here so: „De doop is het sacrament der inlijving in de Kerk van Christus. De doop is de deur, waardoor wij ingaan in de gemeenschap der zichtbare Kerk, en het merkteekenen der Christenen...” ³

Dit verplig ons tot 'n heilige lewenswandel en tot 'n godsalige lewe voor die Here.

Die doop verplig ook die Kerk en met name die opzieners van die gemeente: „om de jeugd der Kerk als het eigendom des Heeren te verzorgen, te onderwijzen en te leiden in des Heerens wegen, en door de herderlijke zorg toe te bereiden tot de volle gemeenschap der sacramenten, terwijl daarmee ook ten nauwste samenhangt de oefening van opzicht en tucht door de opzieners, aan wie de sleutelen des hemelrijks zijn toebetrouwd. Hoe beter de doop verstaan en beleefd wordt, hoe zuiverder en krachtiger het leven der gemeente zich zal ontplooiën.” ⁴

1. WURTH G.B. : DE HEILIGE GEEST, p. 352-353.
2. Vgl. STANDPUNT VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK TEN OPSIGTE VAN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS, p. 17.
3. BOUWMAN H. : GEREFORMEERD KERKRECHT II, p. 233.
4. Ibid p. 234.

Die.....

Die doop lê dus nadruk op die pedagogiese en etiese sye van die verbond en moet die doopouers en doopgetuies 'n belofte aflê dat hulle die kindjie in gehoorsaamheid aan die eise van die verbond sal opvoed. So word die Christelike Kerk dan gebou met Christelike huisgesinne.

Die Kerk doop daarom ook alleen kinders van Christenouers van wie hy die versekering het dat hulle instem met die belydenis van die Kerk.

Daarom word van die ouers vereis dat hulleself by die doopbediening teenwoordig sal wees. Hulle sal self vir die opvoeding van hul kinders verantwoordelik wees. Sulke ouers kan dan later, as hul hul doopverpligtinge versuim, deur die Kerk aangespreek word en tot verantwoording geroep word.

Hieruit vloei verder dat die Kerk ook 'n plig het teenoor die gedoopte kinders om toe te sien dat hul latere skoolopleiding ook in ooreenstemming sal wees met die ouers en hul Kerk se belydenis.

Dit vloei uit die feit dat die verbondslawe van die kind in gehoorsaamheid tot God 'n religieuse eenheid is in alle aspekte en alle verbande.

3.4.2 GEHOORSAAMHEID AAN GOD BINNE DIE GENADEVERBOND

Die voorreg om verbondsouer te wees en die voorreg om verbondskind te wees, bring mee dat op beide ouer en kind die verantwoordelikheid rus om verbondsghehoorsaamheid te betoon.

Maris waarsku daarom in alle erns: „Gedoopt te zijn houdt niet in, dat we nu op een gemakkelijker wyze zalig kunnen worden dan andere mensen.”¹

Mense sou kon aflei dat die doop die maklikste manier is om die hemel te bereik. Dit is egter nie so nie. God se waarskuwing van

1. MARIS J.C. : VAN HET DOOPVONT TOT DE BONDSDIS, p. 37

sy komende oordeel is juis ook daar waar die weg tot die lewe bekend is, maar mense in hulle valse gerustheid, dink dat God hulle sal oorsien net omdat hulle aan die verbondsvolk behoort.¹

In die doop kom die ouer om ten opsigte van sy kind te bely dat hy (die kind) ook in sonde ontvang en gebore is en daarom aan allerhande ellende, ja, aan die verdoemenis self, onderworpe is, bely die ouer wel dat hulle in Christus geheilig is en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees.

Die wedergeboorte hang ten nouste saam met „die onreinheid van ons siele.” Die wedergeboorte bewerk in ons die bekering van ons sondes en die geloof in die verlossing van sondes in Jesus Christus. Dit eis 'n daad van die mens, die aflê van sonde, die aanvaarding van vergifnis en daarna die lewe van gehoorsaamheid aan die wet van God. Hierdie dinge kom nie vanself nie, die mens moet geleer word hoe om dit te doen en waarom dit noodsaaklik is vir 'n verbondskind.

Die doop geskied op die naam van die dopeling. „De naam is als het ware de hand, waarmee de God des verbonds het kind aangrijpt en inicidit in Zijne gemeenschap.” God roep in besondere tye, wanneer Hy ryke beloftes aan mense toesê: „hen bij den naam, om hem te versekeren van die waarheid zijner dierbaren beloften.”² Die ouers van verbondskinders het daarom geen rede om te twyfel aan die verlossing van hul kind nie, hulle moet hom net opvoed soos 'n kind van God behoort opgevoed te word.

Die doop geskied in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. „Het woordje in beteekent hier, dat de gedoopte gebracht wordt in verbinding met, in betrekking tot en in gemeenschap met God, die Zich als de Drie-enige heeft geopenbaard; zodat „doopen in den Naam” wil zeggen: in verbinding met den naam, en niet op bevel van.”³

-
1. Vgl. AMOS 6:1 - „Wee die gerustes in Sion....”
 2. BOUWMAN H. : GEREFORMEERD KERKRECHT II, p. 310.
 3. Ibid p. 312.

Om.....

Om in gemeenskap met God ingelyf te word, is nie 'n eenmalige daad nie, maar 'n blywende daad. Om in gemeenskap met God te leef, is 'n gemeenskap met sy Woord, 'n blywende, voortdurende gemeenskap waarin die dieptes van God ondersoek en beleef word.¹

Die geestelik arm mens is dit omdat hy te min moeite doen om die rykdomme wat Christus hom aanbied, self toe te eien. Hy is nog te min van die nuwe mens in Christus.

Hulle moet in die verbond opgevoed word omdat hulle erfgename van die verbondsbeloftes is.

Hierdie beloftes sluit in: „the whole range of life, natural and spiritual, temporal and eternal, and as such guarantee them all the riches of grace and glory that are in Christ Jesus. God expects his covenant children to praise Him with thankful hearts.”²

Kinders moet in die verbond opgevoed word omrede van die eise van die verbond.

Waar volwassenes tot geloof kom, word hulle eers onderrig in die Christelike geloof en word hulle gedoop met die aflê van hul geloofs-belydenis.³

Dit spreek dus vanself dat waar kinders gedoop is terwyl hulle nog niks verstaan het nie, hierdie onderrig moet plaasvind sodra hulle tot hul verstand gekom het. Vir hierdie onderrig en opvoeding het die doopouer self verantwoordelikheid aanvaar.

Flemming waarsku die ouer: „As God nie werklik u God is nie en u nie 'n ware gelowige in Christus is nie, het u geen grond waarop u die verbondsteken vir u kind mag toeëien nie. By die doop moet u as verbondsouer kan bely: U is my God en ook die God van my kind.”⁴

-
1. MARIS J.C. a.w. p. 47. Maris sê dat die gedoopte slegs soveel baat daarby vind as wat hy van Christus leer en op Hom sien en: „dat onze doop ons roept tot verbondsbeleving.”
 2. JAARSMA C. a.w. p. 32.
 3. BOUWMAN H. a.w. p. 345. „Gedurende den geheelentyd der voorbereiding voor den doop werd de doop candidaat onderwezen op grond van den regel des geloofs.”
 4. FLEMMING H.C.J. : VOED HULLE OP, p. 35.

3.5 DIE RELIGIE WAT OP DIE HART BESLAG LÊ

Die sentrale betekenis van die hart van die mens spreek daaruit dat die Here na die hart van die mens vra om dit te besit, want daaruit is die oorsprong van die lewe. ¹ Wie of wat besit geneem het van die hart, bepaal hoedanig die uitgange van die hart sal wees. ²

Religie is die „levensband aan God.“ Die mens is as beelddraer van God 'n religieuse wese; is aan God gebind.“ ³

Van Peursen sê: „Ja, ons bestaan self is een bestaan in God.“ ⁴

-
1. SPREUKE 4:23 - „Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe.“ As bevestiging van die waarheid, beklemtoon Jesus Christus die hart van die mens as die plek waar die sonde hul oorsprong het. In Mat. 15:19 sê Hy: „Uit die hart kom die slegte gedagtes.....valse getuienis, lastertaal.“
 2. VENTER E.A. : WYSGERIGE TEMAS, p. 30. „Die ganse menslike bestaan is religieus bepaald; die religieuse grondmotief wat bes'ag gelê het op die hart, beheers metterdaad elke lewensuiting; in sy hart transendeer die mens hierdie ervaarbare werklikheid.
Vgl. VERMEULEN A. : DIE OPVOEDKUNDIGE ANTROPOLOGIESE BETEKENIS VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE, p. 50.
Vgl. GISPEN W.H. : SPREUKEN I, p. 81.
Vgl. VON MEYENFELDT F.H. : HET HART (LEB, LEBAB) IN HET OUDE TESTAMENT, p. 88.
 3. MARIS J.C. a.w. p.9.
 - 4: VAN PEURSEN : LIGGAAM, ZIEL, GEEST, p. 147-153.
Vgl. BERKOUWER G.C. : DE MENSCH HET BEELD GODS, p. 128.
Vgl. DE BEER P.S. : DIE STAND VAN GELOOFSEKERHEID BY 'N GROEP AFRIKAANSSPREKENDE LEERLINGE VAN KLERKSDORP EN OMGEWING, p. 163.

Ridderbos.....

Ridderbos beklemtoon die sentrale betekenis van die hart in die menslike lewe soos volg: „het hart is enerzijds het aangrypingspunt van die Heilige Geest en daar vallen de grote beslissingen, maar het is ook duidelijk dat de vernieuwing door de Heilige Geest niet tot het hart van de inwendige mens beperkt, maar van daaruit ook zijn ganse menselijke wil bepalen.”¹

Uit hierdie uitsprake behoort dit reeds duidelik te blyk watter beslissende plek die hart in die mens se lewe inneem.

Die hart is in oordragtelyke sin vir die mens se lewe net so belangrik as wat die hart as orgaan in die liggaam vir die mens se lewe is.

Die vraag na die hart van die mens se bestaan, sê Kock, is geen wetenskaplike vraag nie, maar dit is 'n religieuse vraag, want die wetenskap kan uit homself die antwoord op die vraag nie weet nie, hy sê: „Die mens is 'n wese met die diepte van h hart in religieuse sin, waaruit die uitgange van die lewe is, die hart waarvan God sê dat Hy dit aansien en nie die dinge wat voor oë is nie; die hart van die mens ten opsigte waarvan die oproep in die Skrif kom: „gee My jou hart,” waarin die Gees van God kom woning maak in die wonder van die wedergeboorte.”²

Die ryk en betekenisvolle inhoud van die „hart” van die mens, word in die Bybel in sy ryke verskeidenheid onder woorde gebring.

Von Meyenfeldt het 'n indringende studie oor die hart (Leb, Lebab) in die Ou Testament onderneem en daarin het hy die volgende betekenis onderskei.³

Hy toon eerstens aan dat die hart die hoof liggaamsdeel van die mens se lewe is (Ps. 45:6); as die belangrikste orgaan (Hoogl. 8:6) en as setel in die binneste (1 Sam. 25:37).

1. RIDDERBOS H. : PAULUS, p. 249-250.

2. KOCK P. de B. : T.C.W. J10 K1 1974, p.5.

3. VON MEYENFELDT F.H. : HET HART, (LEB LEBAB) IN HET OUDE TESTAMENT, p. 132-182.

Behm stel die belangrikheid van die hart soos volg: „Thus kardia comes to stand for the whole of the inner being of man in contrast to his eternal side, his mouth and lips (Mk. 7:6; Jes. 29:13; Rom. 10:8).”¹

Tweedens sien Von Meyenfeldt die hart as die subjek van lewenskrag. Die hart is lewegewend, dit is die draer van die lewe. (Gen. 18:5).

Vermeulen beskryf die plek wat die hart inneem in die mens se lewe soos volg: „Die hart is die volheid van ons selfheid, die ware transendente konsentrasiepunt van ons bestaan, waarin alle tydelike sinfunksies verenig word. As sodanig is dit ook die noodwendige uitgangspunt van alle denke, omdat die selfheid in alle teoretiese abstraksies werkzaam is en die volheid van die selfheid, sê Dooyeweerd, bestaan slegs in die religieuse sentrum van ons kreatuurlike eksistensie, waar die rigting van die hele lewe bepaal word ten aansien van die in volle Waarheid, Absolute Oorsprong van alle dinge.”²

Dit impliseer dat as 'n afgodiese mag van die hart besit geneem het, verlei dit die mens weg van God in 'n afvallige rigting en as die Heilige Gees die hart vul, vernuwe Hy die hart en lei die hele lewenskoers van daardie mens in die rigting van die Christelike gehoorsaamheid.³

As al die uitgange van die hart vanuit die hart is, beteken dit dat al die ingange ook daarin is.⁴

Von Meyenfeldt kom tot die konklusie: „Er is immers byna geen zone van het menselijk leven, waar Leb niet een rol speelt. Hy sê verder: „Wij geloven dit kenmerk gevonden te hebben in wat wij zouden willen noemen het representatiewe gebruik van Leb. Wij bedoelde daarmee, dat Leb het schepsel, waarvan Leb is, vertegenwoordigt..... Leb

-
1. BEHM : THE HART. Uit: Kittel Theological Dictionary III, p. 606, 607, 612.
 2. VERMEULEN A. : a.w. p. 18.
 3. Vgl. DIE BLYE BOODSKAP, Mat. 11:19b - „Maar die toets van die regte insig lê in wat dit voortbring.”
 4. TRUTER D.B. : CHRISTELIKE ONDERWYSINRIGTINGS. Uit : Roeping en Riglyne, Sept. 1977, p. 6.

vertegenwoordigt.....

vertegenwoordigt de gehele mens. Tenslotte, en hier komen wij bij de diepste zin ook van het hart - kan het representatiewe aanduiden: het echte, het onvervalste, eigenlijke. De werklikheid wordtdoor wat representatiewe noemen onverbloemd aangeduid." ¹

Hy beskryf die religiewe betekenis van die hart soos volg: „Het is de haard van religiewe verzet en van religiewe gemeenskap, Prakties elke vorm van religiewe aktiviteit gaat van die hart uit. Bovendien richt die openbaring van JHWH zich tot die hart, wij zagen immers herhaaldelik die hart optreden als ontvanger van Gods Woorden." ²

Uit voorgaande moet dit duidelik wees hoe belangrik die plek is wat die hart van die mens inneem in die opvoeding. ³

Elke mens word beïnvloed deur die Here of deur 'n afgod en daardie geestesmag wat sy hart beïnvloed bepaal sy lewenskoers by elke uitgang van die hart.

'n Doelbewuste en doelgerigte Christelike opvoeding is noodsaaklik om die kind se hart, siel of gees te voed en op te voed met die regte religiewe inhoud en hom in die regte lewenskoers te stuur.

Kock stel dit duidelik: „Die Christendom impliseer 'n Godgerigtheid van die hart en omdat uit die hart die uitgange van die lewe is, beteken dit in beginsel ook 'n Godgerigtheid van die lewe." ⁴

God moet die middelpunt van ons lewe en opvoeding wees.

-
1. VON MEYENFELDT F.H. a.w. p. 151-152.
Vgl. GISPEN W.H. a.w. p. 81, hy sê ondermeer: „Het hart word hier genoemd omdat het die uitgangspunt is voor die lewe d.w.z. die denken, spreken en doen."
 2. Ibid p. 181, 182.
 3. Vgl. BEHM a.w. p. 612 - „Thus the heart is supremely the one centre in which God turns, in which the religious life is rooted, which determines moral conduct."
 4. KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, Inleiding, p. 17.

3.6 DIE RELIGIE EN DIE RELIGIEUSE GRONDMOTIEF

Uit die voorafgaande paragraaf het dit reeds duidelik geword dat alle menslike aktiwiteite religieuse wortels besit en dat die aktiwiteite vrugte dra wat by die wortels pas.¹ Volgens Kock is in die wortel die werklikheid een en ongedeeld.²

Hierdie religieuse wortel kan gerig wees op die God van die Skrif of op 'n afgod. Kock formuleer religie daarom as volg: „daardie innerlike tendens van die menslike selfheid om hom te rig op die ware of vermeende oorsprong van alle dinge. Dit is natuurlik waar van die apostatiese (afvallige) sowel as van die positiewe Christelike religie.”³

Die religieuse grondverhouding waarin die mens tot sy Oorsprong staan, is 'n gesteldheid van die hart.⁴

Taljaard beskryf religie as volg: „Religie is die universele verhouding waarin die mens met al sy oortuigings en in al sy doen en late voor God staan, hom as gehele mens voor God gestel het en in godsdienst asook op alle gebiede die roeping van God vervul of versaak, aan God en sy wil gehoorsaam is al dan nie, sy wet betrag al dan nie, tot sy eer dink, glo en handel in afval tot skuld en skande word.”⁵

Die religieuse grondmotief lê dus beslag op die hele onverdeelbare mens as totaliteit. Dit is ook nie tot die mens alleen beperk nie, maar dit het 'n gemeenskapskarakter en lê beslag op (beheers) die doen en late, aspirasies, strewes en ideale van gemeenskappe.⁶

1. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p. 14.
2. KOCK P. de B.: GRONDSLAE VAN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, TCW J4 K2 1968, p. 16.
3. KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE. Inleiding, p. 12.
4. Ibid p. 13.
5. TALJAARD J.A.L. : KURSUS IN LEWENS- EN WÊRELDBESKOUINGSLEER EN MENSLIKE SAMELEWINGSVERBANDE, p. 14.
6. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p. 19.

Bavinck gee Lactantius se definisie van religie soos volg weer: „den band die den mensch aan God verbindt.”¹ Hy haal ook Augustinus in die verband aan: „ in de religie kiezen wij God, dien door die zonde hadden verlore, weder terug als die bron onzer zaligheid.”² Bavinck onderskei tussen die objektiewe en subjektiewe sye van religie soos volg: „de religie objectiva is identisch met die openbaring Gods en bestaat in het verbond, hetwelk God aan Israel gaf, en dat dus in vollen zin eene goddelijke stichting, heeten mog.... Aan de religie objectiva beantwoord nu subjectief de vreeze des Heeren. Deze drukt de innerlijke gezindheid van den vromen Israeliet uit teenover de heilige wetten, die hem van Godswege ter onderhouding zijn voorgeschreven.”³

Die objektiewe religie kan dan beskryf word in woorde, soos wette, onderwysings, en leringe.

Die subjektiewe sy van die religie word in die Bybel beskryf met woorde soos geloof, vertrou, toevlug, steun, hoop, verwagting en selfs liefde. Die Nuwe Testament praat van sy lering, blye Boodskap, om die objektiewe sy van religie aan te dui en vir die subjektiewe sy, eerbied teenoor die Here, vertrou op Gods genade.

Bavinck sien die subjektiewe religie as 'n aanleg, habitus, in die mens wat deur die inwerking van die objektiewe religie oorgaan tot handeling.

Die mens se lewe is dus religieus bepaald, hy is 'n religieuse wese gebore.

Die religie het ook 'n sosiale karakter, want die mens staan ook in 'n verhouding tot die naaste. Die mens moet God en moet ook die naaste liefhê.

-
1. BAVINCK H. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK I, p. 208.
Vgl. ook MARIS J.C. a.w. p. 9 .
 2. BAVINCK H. a.w. p. 208.
 3. Ibid p. 209.

Honig.....

Honig sê van die sosiale aspek van die religie: „God heeft nie gewild dat de gelovigen op zich zelf zouden blijven staan, maar dat zij met elkaar gemeenschap zouden oefenen.”¹

Ons meen dat die volgende uitspraak van Kock 'n samevatting bied oor wat religie is: „Christelike religie is die regte gesteldheid en ingesteldheid van die hart, is God-gerigtheid, Christus-verankering, hartvernuwing deur die Heilige Gees, gebondenheid aan die Woord en georiënteerdheid aan die wet van God.”²

Wat die afvallige religie betref, stem ons ewe-eens saam met Kock: „As gesteldheid en ingesteldheid van die hart beteken dit algehele verdorwenheid of afvalligheid van die ware God.... Die afvallige mens soek eiewilliglik na 'n vermeende oorsprong binne die skepping self. So doende word die hart van die mens 'n fabriek van afgode - volgens 'n woord van Calvyn. Uit die aard van die saak moet al hierdie valse oorsprongsides gesien word as nietighede in antitetiese relasie tot die ware God. Watter soort religieuse dryfkragte ookal die afvallige hart mag bekoor, of die versondigde lewe mag rig, hulle bly afvallig, in die mees volstrekke sin van die woord.”³

In nadere onderskeiding tussen godsdiens en religie wys ons op die volgende.

Volgens Stoker verstaan ons onder Godsdiens „handelinge waarmee die mens hom direk tot God wend, waar hy onder andere in sy binnekamer tot God bid, aan tafel huisgodsdiens hou en saam met die gemeente aanbid, Hom dank en loof met woord en lied, die sakramente gebruik en na die verkondiging van die Woord luister.”⁴

Kock vereenselwig hom met bogenoemde beskrywing van godsdiens, maar op voorwaarde dat dit nie te eng opgeneem moet word en daardeur godsdiens beperk tot wat ons godsdiensoefening sou noem nie.”⁵

1. HONIG A.G. : GEREFORMEERDE DOGMATIEK I, p. 684.
2. KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE. Inleiding p. 21.
3. Ibid p. 22
4. STOKER H.G. : BEGINSELS EN METODEDES IN DIE WETENSKAP, p. 191.
5. Vgl. KOCK P. de B. a.w. p. 31.

Dit.....

Dit sou 'n verskraling van die begrip godsdiens beteken.

Ons verstaan onder godsdiens in Christelike sin, die ganse lewe van die mens binne die verbond in geloofsgehoorsaamheid aan die Woord van God.¹

Godsdien is in die religie van die hart verwortel, maar kan nie daaruit verklaar word nie. Die verbond van God, soos wat dit in die Woord van God vervet is, sal medekonstituerend wees vir die godsdiens van die mens, aldus Kock.²

Vir die opvoeding is dit van belang om te weet watter religie van die hart besit geneem het, want dit sal die kind lei tot 'n ware of valse geloof, tot diens aan God of 'n afgod, want neutraal kan sy hart nooit wees nie.

3.7 DIE MENSLIKE PERSOON IN VOLLE LEWENSVERBAND

3.7.1 DIE MENS IN DIE LEWENSASPEKTE - 'N KOSMOLOGIESE PERSPEKTIEF

Ons het tot dusver vasgestel dat die mens vanuit sy hart leef en dat die religie wat van sy hart besit geneem het, sy lewenskoers aandui.

Vervolgens wil ons let op die basiese kosmologiese onderskeidings ten opsigte van die mens, waarby ons gebruik maak van die werklikheidsgetroue onderskeidings van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Hier het die Christelik-wetenskaplike besinning vasgelê dat daar in die volle kosmiese werklikheid, waarin ons onself bevind, 'n vyftiental onherleibare en unieksoortige aspekte onderskei kan word.

Vir die verskillende aspekte is verskillende benaminge in swang, soos wetskringe, modaliteite, uitgange van die hart en lewensaspekte.

1. Ibid p. 31

2. Ibid p. 31.

Hierdie aspekte behoort tot die volle geskape werklikheid. Hulle is reeds implisiet meegegee in ons na'tewe ervaring. Hulle is nie uitgedink nie, maar is deur noukeurige ontleding blootgelê, en omdat ons hier nie met 'n willekeurige konstruksie te doen het nie, staan die volgorde en verband tussen die verskillende modale aspekte vas, is hulle onverwisselbaar en onherleibaar na mekaar, elkeen soewerein in eie kring met 'n eie sinkern, eie wette, dog ook nooit geskeie, maar altyd in innige samehang met mekaar. ¹ „In hierdie filosofiese visie van die modaliteite lê die ruggraat van die hele stelsel van die Wysbegeerte van die Wetsidee," aldus Spier. ²

Die vyftien wetskringe is nie noodwendig die volle getal wetskringe nie, daar mag later meer wetskringe ontbloeit word, of dit mag later gevind word dat twee of meer wetskringe saam hoort. Die vyftien wetskringe klop met die werklikheid van die lewe van elke dag.

Die wetskringe word weer gegee vanaf die natuursye (ses in getal) wat onder geplaas word as die mins gekompliseerde en dan in stygende orde van gekompliseerdheid verder op. Die ses natuursye volg in 'n lewens- en werklikheidsgetroue onderskeiding met onverbreekbare, kousaal-natuurwetmatige natuursye en natuurwette op mekaar. Hulle word gevolg deur nege normatiewe aspekte waar die mens aan die subjeksye die norme wat God daaraan gegee het nou ook kan oortree en ongehoorsaam wees.

-
1. Vgl. KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p. 63.
 KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE. Inleiding, p. 102.
 KALSBECK L. : DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE, p. 92.
 SPIER J.M. : ORIËTERING IN DIE WYSBEGEERTE, p. 33
 VERMEULEN A. a.w. p. 24-26.
2. SPIER J.M. a.w. p. 33

1. Die.....

1. Die getalsaspek. Die eerste bestaanswyse van alle skepsele - ook die minste gekompliseerd - is die van die getal of getalsmatigheid van alle individuele skepsele (dinge, plante, diere en mense).¹

2. Die Ruimtelike aspek. Op die getalsaspek volg die ruimtelike aspek. Hier tree kontinuïteit op want die kernmoment hier is kontinue uitgebreidheid. Ruimte word getalsmatig gemeet. Hierdie wetskring retrosipeer op die getalskring deurdat ruimtelike grootte en dimensies in getalle uitgedruk kan word.

Waar die Christelike geloof in die getalskring wys op die verhouding van die gelowige tot die Een ware God, daar wys die ruimteaspek op die geloofsruimte wat byvoorbeeld die geloofsvryheid in Suid-Afrika bied.

3. Bewegingsaspek. Getal en ruimte is basiese voorwaardes waarsonder beweging nie moontlik is nie.

Die sinkern hier is kontinue voortgang. Alle beweging veronderstel ruimte. Ook beweging het 'n eie uitdrukking in alle ander wetskringe en dinge en strukture. Later by die behandeling van die opvoedingsaspekte sal ons hierop breedvoeriger ingaan.

-
1. Die volgorde van die modale aspekte, elk met hul eie sinkern en betekenis word vir ons onder andere weergegee en uiteengesit deur:
 KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p. 64.
 KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE. Inleiding, p. 103.
 SPIER J.M. a.w. p. 33-43.
 VERMEULEN A. a.w. p. 28-42
 KALSBECK L. a.w. p. 98-101
 Vgl. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE OF THEORETICAL THOUGHT, II.
 Hierin behandel hy dit indringend en ekstensief.

Aangesien.....

Aangesien ons begin het om die geloof, die laaste aspek, as voorbeeld te noem van hoe elke aspek uitdrukking vind in die geloofsaspek, sal ons vir ons doel volstaan by die behandeling van die aspekte in hierdie wetskring. As voorbeeld van beweging in die geloofsaspek, noem ons byvoorbeeld die interaksie en wisselwerking tussen gelowiges en Kerke onderling.

4. Die Fisiese aspek. Die fisiese het te doen met die funksie van energie. Die sinkern hier is energie-werking. Hier het ons te doen met nie-lewende dinge in die kosmos. Energie-werking is teenwoordig in alle chemiese stowwe met hul verbindings en reaksies; in lig, geluid, elektrisiteit en atoom ens.

Beweging wat die gevolg is van fisiese energie, is slegs die kinematiese kant van 'n fisiese bewegingsproses. Dit veronderstel ruimtelikheid en getalmatigheid.

Lewelose natuurdinge het hulle hoogste subjekfunksie in die fisiese wetskring en is dus fisies gekwalifiseer.

Die fisies-energetiese aspek vind ook analogiese uitdrukking in al die opvolgende hoëre aspekte.

In die geloofsaspek praat ons van geloofskrag of die dinamiek van die Christelike getuienis.

5. Die Biotiese aspek. Op die fisiese aspek volg die biotiese. Dit is die bestaanswyse van die organiese lewe. Die biotiese vind ook in al die opvolgende aspekte uitdrukking in allerlei variasies. Die biologie het hierdie wetskring as veld van ondersoek.

Spier stel die plek van die biotiese soos volg voor: „Alle lewende wesens in die kosmos het 'n subjektiewe funksie in die biotiese aspek en daarom is plante, diere en mense almal onderworpe aan die wette wat vir die organiese lewe geld. Slegs vir die plant is die biotiese be-

-staanswyse.....

staanswyse egter die karakteristieke kenmerk van sy bestaan. In die sin bestaan die plant dus slegs om te groei, te bot en voor te plant - tipies 'n biotiese ding.

Die begrip lewe, het 'n verskeidenheid uitdrukking in al die opvolgende aspekte. So praat ons van liefdes toename, verdieping en geloofsgroei as ons na die heiligmaking verwys in die geloofskring.

6. Die Psigiese aspek. Die sinkern van die aspek is gevoel. Nie alles wat lewe het gevoel nie. Die plantelewe besit nie gevoel nie. Die dier kom hier ook aan die orde (benewens die mens in sy ryke geskakeerdheid) omdat dit die eerste nie-menslike iets is wat wel 'n gevoelsmatige sensustelsel en instinkte besit. Die dier se psigiese aspek is egter as gevoelslewe skerp onderskeie van die mens, omdat daar by die dier nie subjektiewe uitdrukking na die hoëre wetskringe is nie. Die dier se psigiese lewe bly geslote tot die dierlik instinkmatige gevoel in die natuurwetmatige sin.

Die mens se gevoelslewe ontsluit na die hoëre wetskringe. As iemand geloofsblydschap in geloofsekerheid ondervind, lê dit ook op die vlak van die ontsluiting van die gevoelslewe.

Die wetenskap wat die psigiese lewe ondersoek, is die psigologie (vroeër bekend as sielkunde).

Die psigologie bestudeer die gevoelslewe van die dier en die mens.

„Ons mag egter nooit vergeet dat die sinnelike gevoelslewe van die mens 'n totaal ander kwaliteit as die gevoelslewe van die dier vertoon nie.“¹ Hierdie feit mag nooit uit die oë verloor word, wanneer ons met die mens te doen het nie.

7. Die Logiese aspek. Vanaf die logiese aspek het ons, met die bo-psigiese, die tipies menslike wetskringe. In hierdie wetskringe dra die wet die karakter van 'n norm of beginsel wat uit vrye wilskeuse

1. SPIER J.M. a.w. p. 36.

oortree kan word.¹

Die sinkern van hierdie aspek is logiese onderskeiding. Slegs die mens besit hier subjeksfunksies en slegs die mens is onderworpe aan die analitiese norme. By hierdie en alle latere modaliteite het die dier geen subjeksfunksie nie.

In die alledaagse lewe dink elke mens op naiewe wyse, terwyl in die wetenskap ons op 'n verdiepte en sistematiese manier dink. Deur onderskeidend te dink vorm ons begrippe, verbind en skei die begrippe in oordele.²

Die onderskeidende denke word op die basis van die gevoelslewe voltrek.

Die menslike denke moet nie oorskat word asof dit die enigste aspek van die menslike lewe is nie. Die aspek mag ook nie onderskat word nie, want die denke is die wortel van ons spreke en handeling. Dis die tipies menslike wat die mens tot mens stempel en onder andere hom bo die ander skepsele verhef.

Alle normale mense het 'n denkvermoë van die kind af en ouer. Vir ons mensbeeld is dit belangrik dat die mens se denke religieus gerig moet wees, vanuit sy hart. Dit geld natuurlik ook die wetenskaplike. Daar bestaan nie 'n neutrale denke nie, alle denke is religieus gerig. Dit het ons reeds genoegsaam beklemtoon toe ons oor die betekenis van die hart gespreek het. Daarom is dit van die uiterste belang dat die kind opgevoed word om Christelik te dink van die kleuterfase af.

8. Die Historiese aspek. Op die analitiese aspek volg die historiese aspek, getipeer deur kultuurvormende mag. Hier is die kerngedagte die beheersende vorming van dit wat op die mens se weg gelê word om in die lig van Gen. 1:28 te onderwerp en te beheers. Hier kom in sig die kultuurwerk wat die mens op baie terreine doen.

Ons ryke volkskultuur op alle lewensterreine is 'n bewys van die

1. VERMEULEN A. a.w. p. 33

2. SPIER J.M. a.w. p. 36.

gehoorsaamheid aan Gods opdrag om op elke lewensakker te arbeid.

Kultuurvorming is 'n menslike aktiwiteit. Diere skep nie kultuur nie, hulle maakself is natuurdinge, gemaak deur onbewuste instink. Daarom bly dit deur al die eeue staties, onveranderd.

„Kultuurvorming berus op insig en oorleg in 'n voortgaande proses van kultuurprodukte, wat 'n ander bestemming dien as die materiaal waarvan die mens dit gemaak het. Die mens het 'n tegniese vormende funksie.“¹

Die geskiedenis van die mensheid speel nie net binne die grense van die historiese bestaanswyse af nie, maar binne die kader van al die modale aspekte.

Die wetenskap wat hierdie aspek beskryf, is die geskiedenis.

9. Die Linguistiese- of Taal-aspek. Die taal-aspek word deur simboliese betekening gekarakteriseer. Hier het ons te doen met die spreektaal, skryftaal en allerlei tekens en simbole met 'n gemeenskaplike betekenis. Sulke tekens is benoemingsmiddels wat mense gebruik om mekaar te verstaan, hulle gedagtes oor te dra en so met mekaar omgang te hou. Die taal-aspek huisves nog gebare, standbeelde, gedenk-tekens, syfers, musieknote, seine, vlae ensomeer. In die godsdiensoefening dink ons aan die tekens van die sakramente.

Die feit dat vorming by taal plaasvind, bewys dat die taal-modaliteit op die fondament van die historiese rus.

10. Die Sosiale aspek. Die taallewe ontplooi waar mense in onderlinge omgang verkeer. Daar kry die taal die aksent van mededeling en dit dui daarop dat die sosiale aspek op die taal-modaliteit volg.

Die sosiale word gekarakteriseer deur onderlinge omgang en verkeer.

1. SPIER J.M. a.w. p. 37.

Benevens die feit dat die mens begrepe is by huwelik, gesin, Kerk en staat, is die mens ook nog geïntegreer by 'n groep, vereniging, organisasie ens.

Die sosiale fungeer ook in die opvolgende aspekte. In die geloofsaspek kom die sosiale onder andere tot uiting in die erediens en ander vorme van die gemeenskap van die geloof.

Die wetenskap wat 'n besondere studie maak van die menslike omgangsvorme en -norme in al sy lewensaspekte en samelewingsverbande, is die sosiologie.

11. Die Ekonomiese aspek. Die sinkern van die ekonomiese is geleë in waarde-afwegende besparing. Dit het te doen met die matige of voordeelige gebruik van skaars goedere.

Die ekonomiese rus primêr in die sosiale, omdat die waarde van dinge eers effek kry deur die omgang en verkeer met mense.

Hierdie aspek raak elke mens aan die lyf deur sy oorvloed of gebrek daaraan.

Die basiese normatiewe vraagstelling hier, is: hoe werk ons met die stoflike middele wat God ons gegee het?

Hierdie wetskring het 'n eie tipiese uitdrukking in al die ander aspekte. In die geloofsaspek praat ons byvoorbeeld van geloofseconomie wat ewewigtige gebalanseerde beoefening van byvoorbeeld die godsdiens impliseer teenoor ekstatische geesdrywery.

12. Die Estetiese aspek. Die grensstellende sinkern van die estetiese is geleë in die skone harmonie. Harmonie is voorts 'n onmisbare voorwaarde vir 'n gedifferensieerde kultuurgemeenskap. Die kultuuraspek het sy eie grense, norme en aard.

Die skoonheidsaspek is eie aan al die skeppingswerke van God.

(vgl.....)

(vgl. Ps. 19).

Hierdie aspek vind uitdrukking in al die ander wetskringe. In die geloofsaspek praat ons van geloofsharmonie waar Christelike geesgenote in eensgesindheid met mekaar saamlewe.

In die modale struktuur van die kosmos volg die estetiese aspek op die ekonomiese. Die mens waardeer skoonheid. Die mens kan ook esteties waardevolle dinge maak.

13. Die Juridiese aspek. Dit is die menslike bestaanswyse waarin die besef van reg en onreg hulle oorsprong het. Dit gaan in die aspek om die belange waarvoor die mens regtens in die samelewing beskik.

Die mens besit regte binne elke samelewingskring waarvan hy lid is, soos in die staatsverband, kerkverband, gesinsverband, huweliksgemeenskap, vereniging of organisasie.

Die kern hier is vergelding, nie uitsluitend te verstaan in die sin van strafvergelding nie, eerder as ewewigtige harmonie in 'n veelheid van individuele en sosiale belange.

Die verkragting van die norme wat vir die juridiese aspek geld, word vandag veral geopenbaar in anargisme en rewolusionêre losbandigheid by sommige jongmense en die omkeer van die regsorde en gesagsordes soos verpersoonlik in terrorisme, skakings en menseroof.

14. Die Etiese aspek. Die liefde is iets wat moeilik te definieer is. Wurth se¹ byvoorbeeld daarvan: „Liefde is een van die mees sentrale noties in het natuurlike menslewen als in de Bijbelse openbaring. Het is daarom niet eenvoudig te zeggen wat liefde is. Het meest uiteenlopende, vanaf sexueele hartstocht tot mystieke overgawe aan God wordt met de term liefde aangeduid.”¹

1. WURTH G.B. : LIEFDE. In Christelijk Encyclopedie IV, p. 446. Vgl. ook DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE II, p. 154, waar hy die liefdesaspek noem „the Cape Horn of Christian Ethics” met veel-seggende voorbeelde van uiteenlopende menings.

Ons praat ook van die sedelike of morele aspek. Die sinkern van die etiese is die liefde in al sy tydelike verhoudings soos byvoorbeeld die liefde tussen man en vrou in die huwelik; die liefde tussen ouers en kinders in die gesin; vriendskapsliefde en die simpatie tussen vakgenote. Hierdie liefde word onderskei van die religieuse liefde tot God om Sy ontwil, waarvan ons in die Skrif lees. (1 Kor. 13:8 - „die liefde vergaan nimmer.”)

Die etiese liefde openbaar hom onder allerlei vorme en allerlei verhoudings in die aardse lewe van alle mense. Die heidenmoeder kan net soos die Christenmoeder haar kind eties liefhê.

Die tydelike etiese liefde en die liefde tot God, staan egter nie los van mekaar nie. In teendeel, die religieuse liefde is die dryfkrag van die ganse lewe van die gelowige in al die aspekte van sy lewe, ook in die tydelike etiese verhoudings.

Waar die gelowige se lewe deur die Heilige Gees vervul is, daar is die dryfkrag in die ongelowige se lewe sy afgod wat deur hom vereer word. Ons kan sê dat die basiese struktuur van etiese lewe van alle mense gelyksoortig is, maar dat die moraal tussen die Christen en nie-Christen radikaal verskil.

Die etiese aspek vind in al die ander aspekte uitdrukking. In die geloofsaspek vind dit uitdrukking in die vertroue en oorgawe van man en vrou in die huwelik, waarsonder 'n huwelik nie kan slaag nie. Hierdie aspek kan nie bestaan sonder sy fundering in die juridiese nie. Die liefde veronderstel 'n ewewig van selfliefde en naasteliefde.

Die huwelik vind in die etiese liefdes-aspek sy bestemming. Nie eerstens die geloof nie, maar die liefde is die eerste band wat man en vrou aanmekaar bind en bymekaar hou in die huwelik en dit gee juis liefdesvertroue tot mekaar. Waar ons die huweliksstruktuur behandel in hoofstuk 4, kom ons hierop in meer besonderhede terug.

15. Die Pistiese of geloofsaspek

Die.....

Die geloof moet onderskei word van die religie wat 'n trans-kosmiese karakter het en wat nie opgesluit is in die tydelike aspek van ons bestaan nie.

Vermeulen omskryf die sinkern van die geloofsaspek as: „die laaste wyse van sekerheid in die tyd omtrent 'n absolute grond van alle dinge, in gegrepenheid in die hart van ons bestaan deur 'n openbaring van die Goddelike Oorsprong.”¹

Dit gaan nie hier om wat die mens glo nie, maar om die feit dat elke mens 'n geloof het waarmee hy dit wat aan sy lewe vastheid, sekerheid en uitsig bied, wil gryp.² Die Christen vind hierdie sekerheid in die Drie-enige God. Die nie-Christen is ook begiftig met 'n geloofs-funksie, daarom soek hy sy sekerheid in 'n vermeende godheid.

Elke mens glo - gelowige of ongelowige.

Die geloofsfunksie vervul 'n grenskarakter en vervul die rol van 'n leidende funksie in die mens se hele lewe oor al sy lewens-aspekte heen. Die geloof gee aan elke lewensfunksie sy rigting of koers.

Die geloof is 'n uitsonderlike gawe wat God aan die mens wat na Sy beeld geskape is, gegee het.³ Hierdie aspek onderskei die mens baie skerp van die dier.

Die geloofsaspek vind duidelike uitdrukking in al die wetskringe, en omdat dit die hoogste wetskring is, het dit geen antispasie nie, maar alleen retrosipasies na al die voorafgaande wetskringe. Wat die verskillende wetskringe betref, het ons reeds daarop gewys hoe daardie wetskring in die geloofskring uitdrukking vind.

Opsommend herhaal ons dit hier weer. In die getalsaspek praat ons van die eenheid van die geloof onder eendersdenkende Christene.

In die ruimte aspek praat ons van die geloofsruimte van die plaas-

1. VERMEULEN A. a.w. p. 41.

2. SPIER J.M. a.w. p. 42.

3. HEBREÛS 11:1 : „Die geloof is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.” STIBBS A.M. se in sy kommentaar hierop in THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p. 1210: „faith has been in God's sight the one indispensable condition of worth-while achievement and hopeful endurance.”

like gemeente.

In die bewegingsaspek praat ons van geloofsbeweging as ons die uitbreiding van die Christelike geloof in die oog het.

In die energetiese aspek praat ons van die geloofskrag wat tot openbaring kom in geloofsdade.

In die biologiese aspek praat ons van geloofsgroei as ons die verdieping in die geestelike lewe of heiligmaking bedoel.

In die gevoels-aspek praat ons van geloofsvreugde of -verdriet by die ervaring van blydskap of smart oor 'n sondaar wat hom bekeer of 'n gelowige wat in sonde verval het.

In die logiese aspek word die geloofswaarhede deur siftende denke gerangskik.

In die historiese aspek word die geloofsinhoud as beheersende kultuurvorming uitgedruk in die belydenisskrifte en in die tekens van die sakramente, - brood, wyn en water.

In die sosiale aspek kom die geloof tot openbaring in gebedsgemeenskap, in die erediens het ons 'n geloofsgemeenskap.

In die ekonomiese aspek kom die geloofs-aspek tot uiting in die Christelike offervaardigheid, milddadigheid, in dankoffer as geloofsgeld.

In die estetiese aspek praat ons van die geloofsharmonie wanneer die gelowige se lewe ooreenstem met sy belydenis.

In die juridiese aspek praat ons van verbondsgehoorsaamheid en van die genadereg van die mens om by God te pleit op grond van die genadeverbond.

In.....

In die liefdes-aspek kom die liefde-diens aan die Here na vore. In die Woord van die Here is daar dan ook 'n noue verband tussen liefde en geloof.

Die geloofsaspek het as laaste aspek 'n besondere betekenis vir die mens se lewe. Die geloof beklee die sleutelposisie in die normatiewe optrede van mens.

3.7.2 DIE ONTSLUITING VAN DIE WETSKRINGE MET SPESIALE VERWYSING NA DIE LEIDENDE FUNKSIE WAT DIE GELOOF VANUIT DIE SPITS-POSISIE NEEM.

Om die ontsluitingsproses te verduidelik, neem Kalsbeek as voorbeeld die patriargale familie waarvan Abraham die hoof was.¹ As gesins-hoof het alle gesag by hom berus en het hy besluite geneem. Hy het die funksies van staatshoof met die swaardmag besit; hy het aan die Here geoffer; hy besluit oor die huwelik van sy seun sonder om sy seun daarin te ken; al die en nog ander funksies was in hom as persoon verenig.

Al Abraham se beslissings het gestaan onder die leiding van sy geloof.

Na 'n langdurige ontwikkelingsgang in die mens se geskiedenis, het daar differensiasie plaasgevind en het die velerlei funksies wat eers deur een man gevul was, oorgegaan na verskillende samelewingsstrukture soos die staat, Kerk, kultuur, wetenskap, kuns ens.

Hierdie proses van ontwikkeling word 'n ontsluitingsproses genoem. In die woorde van Kalsbeek lees ons: „Dit proses nu van de meer primitiewe naar de meer moderne menselijke samenleving wordt door de Wysbegeerte der Wetsidee het ontsluitingsproces der menselijke samenlevingsbetrekkingen genoemd. Niet echter alleen de menselijke samenleving maar heel de tijdelijke werkelijkheid, inbegrepen de anorganische en organische

1. KALSBEEK L. a.w. p. 124.

natuur, bevindt zich in een ontsluitingsproses." ¹

God het aan die mens in die begin 'n kultuuropdrag gegee (Gen. 1: 28). Hierdie opdrag impliseer dat die ontsluitingsproses nooit voltooiing kan bereik nie.

Die ontsluitingsproses het by al die volkere verskillend plaasgevind. So het dit gekom dat baie volkere vêr agter staan by ander volke omdat die ontsluitingsproses stadiger ontwikkel het.

Die een enkele oorsaak wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die gang van die ontsluitingsproses, is die geloofsaspek.

Kock onderskei tussen 'n geslote en ontslote geloof. Hy skryf: „'n Ontslote geloof is dan 'n geloof wat luister na die Woordopenbaring en die skeppingsopenbaring lees en verstaan by die Woordopenbaring. 'n Geslote geloof kom totstand deur vervreemding en ongeloof ten opsigte van die Woordopenbaring. Dit het altyd as gevolg dat die skeppingsopenbaring eiewillig geïnterpreteer en misdui word." ²

Die geslote geloof is die teelaarde waaruit die valse godsdienste van die wêreld voorkom.

Daar is egter 'n graadverskil onder die godsdienste van die geslote geloof. Die grootste en vêrste afvalsmoontlikheid is waar die mens die godheid in die natuur self sien as 'n soort werklikheid. ³

Hierin is niks wat die mens kan uitlig bokant die natuurkragte om so as aanknopingspunt vir kultuurontsluiting te kan dien nie.

Die Skrif leer ons immers dat die mens nooit uit eie krag uit sy vervalde staat van ongeloof kan verlos nie.

1. Ibid p. 125.

2. KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE. Inleiding p. 114.

3. Vgl. KALSBECK a.w. p. 126 en KOCK P. de B. a.w. p. 115.

By sommige volke waar die geloof geslote is, het ons tog voorbeelde waar daar groot kulturele hoogtes bereik is, selfs in die gesinslewe, soos byvoorbeeld in Griekeland, die Midde Ooste en Egipte. Hierdie ontsluiting was moontlik omdat die mens tot die insig geraak het dat hyself die natuuraspekte, waaraan hy deel het, te bowe gaan. So ontwaak die besef by hom dat hy instaat is om in normatiewe vryheid vir homself ideale te kreëer.

Kock skryf hiervan: „In die reël neem dit die vorm aan van godsdienslike voorstellinge wat, op die keper beskou, neerkom op gepersonifiseerde normatiewe kultuurmagte. Hier lê die aanknopingspunte vir nuwe kulturele ekspanse moontlikhede, wat die boei en bande van die primitiewe natuurvergoding deurbreek.”¹

Die ongeloof hou hier voluit die leiding en daarom verloop die ontsluiting disharmonies.

Kock stel dit onomwonde dat: „alleen die ware Christelike religie en die Christelike openbaringsgeloof wat as grondslag kan dien vir, en leiding gee aan, 'n ontsluitingsproses wat in beginsel harmonies kan verloop. Dit is so omdat die Christelike religie die hart rig op 'n ware transendente God en die Christelike geloof op grond daarvan nooit na 'n absolute ankergrond binne die geskapene sal en kan soek nie.”²

Vermeulen formuleer die ontsluiting soos volg: „Normatiewe ontsluiting vind plaas waar 'n bo-psigiese funksie gelei word deur 'n hoër: „Wanneer byvoorbeeld die liefde die reg lei, word die regsfunksie ontsluit in sy moment wat vooruitwys op die etiese wetskring. Die reg is onontslote waar oog-vir-oog en tand-om-tand-vergelding aan die orde is.”³

In die ontslote juridiese aspek sal die mens se regsoptrede gelei word deur die liefdesgebod (Mat. 22: 35-39).

1. KOCK P. de B. a.w. p. 116.

2. Ibid p. 116-117.

3. VERMEULEN A. a.w. p. 27.

Die hele proses van die ontsluiting van die wetskringe staan onderleiding van die geloof, wat as grensfunksie self sy voedingsbodem vind in die bo-tydelike religieuse wortel van die mense-geslag, waarin die antitese werksaam is.¹

Die weg waarlangs die geloof self ontsluit word, word deur God gebaan. Kalsbeek skryf hieromtrent: „Door de prediking van het Evangelie wil Hij de harten veranderen. Dit geschied in de wedergeboorte uit de Heilige Geest en vanuit deze omzetting van de religieuze wortel der menselijke existensie wordt de geloofsfunctie weer gericht op God, die zich in zijn Woord heeft geopenbaard en ontvangt het geloof zijn levende inhoud uit dit Woord.”²

Die Bybel openbaar aan die mens dat hy 'n medearbeider van God op aarde is, vanweë sy kultuurmandaat (Gen. 1:28).

Die mens is verplig om te heers oor die skepping en die skepping te ontplooi deur kultuurskeppende aktiwiteite.

Die mens se taak is om die wesenskenmerke van elke struktuur te bepaal en die deur God daarin verweefde wetmatighede oop te dek en in diens van die mens en tot eer van God aan te wend.³

Ook by die mens moet hierdie funksies bepaal en ondersoek word, die verskillende sinsye daarvan ontsluit en hul betrokkenheid op ander strukture aangedui en ontwikkel word.

Claassen stel dit soos volg: „As die mens dus geroepe is om die skepping te onderwerp en daaroor te heers, volgens die norme wat God in elke aspek gestel het, dan is die mens inderdaad besig met ontsluitingsarbeid.”⁴

1. Vgl. VERMEULEN a.w. p. 27-28.

2. KALSBECK L. a.w. p. 134.

3. Vgl. COETZEE C.J. : 'N CHRISTELIKE ANTROPOLOGIE EN DIDAKTIEK, p. 12.

4. COETZEE C.J. a.w. p. 12.

Hieruit.....

Hieruit lei ons af dat ontsluiting moet plaasvind in ooreenstemming met Gods wet, die Christelike norm en waardesisteem. Ons lei hieruit ook af dat die ontsluiting van die mens en die natuur nie tot eie eer mag geskied nie, maar tot eer van God alleen.

Ons het reeds daarop gewys dat ontsluiting geskied onder leiding van hoër funksies.¹ Hierdeur word telkens iets nuuts tot daardie funksie toegevoeg en kan hy nou op terreine fungeer wat vroeër nie moontlik was nie.²

Die ontsluiting van 'n funksie vind nie eenmalig en totaal plaas nie, sommige sinsye bly geslote en sal eers op 'n latere stadium ontsluit.

Die ontsluiting van byvoorbeeld die etiese aspek lei tot verskillende soorte liefdes, soos byvoorbeeld ouerliefde by die kind, dan broederliefde, naasteliefde, vaderlandsliefde, huweliksliefde, ensovoorts. Soos die mens van kind af na volwassenheid vorder, tree verskillende sinsye van dieselfde modaliteit na vore.

Die verskillende aspekte bestaan nie geïsoleerd van mekaar nie, maar betree deur retrosipasie en antesipasie die terrein van elke ander funksie. Dit beteken volgens Spier dat: „elke wetskring in sy eie interne opbou 'n afspieëling van die hele kosmiese wetsorde is, egter telkens op 'n ander manier.”³

Daarenteen is dit ook duidelik volgens Schoeman: „dat die visie op slegs een kosmiese sinsy nooit 'n steekhoudende totaalbeeld van die werklikheid in sy strukturele eenheid kan bied nie.....omdat elke afsonderlike aspek deel van 'n totaliteit uitmaak, sal elke kosmiese sinsy dan ook daarna heenwys, asook na al die afsonderlike modaliteite

1. Vgl. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE II 1969, p. 181 vv.

2. Vgl. SPIER J.M. a.w. p. 52.

3. SPIER J.M. a.w. p. 53.

waarmee dit - in onverbrecklike eenheid - ineengewef is en 'n sinvolle totaalstruktuur vorm." ¹

Opsommend kan ons sê dat die geloof die mens rig op sy normatiewe of kultuurfunksies en dan eers kom hy tot selfbewussyn en vryheidsbesef. Mettertyd ontknoop die geestestoerusting sowel as die primitiewe lewensvorme, die enkeling word selfstandig, daar kom verdeling van arbeid, die normatiewe funksies word verlewendig, die kultuur ontsluit en die primitiewe eenvormigheid word geleidelik vervang deur kulturele veelvormigheid. So ontstaan 'n proses van beskawingsontwikkeling onder leiding van 'n kultuurgeloof. Die hoogste beskawingsontwikkeling kan egter net plaasvind onder leiding van die ware geloof, waardeur die menslike hart (die uitgange van die lewe) weer op sy ware oorsprong gerig word. Dan is kultuur diens aan God met die hele hart in gehoorsaamheid aan Sy Wet op alle lewensterreine.

In sy opvoedingstaak moet die ouer die ontsluitingsproses van die kind in al die aspekte van sy bestaan verstaan en bevorder. In die leiding wat die ouer gee om al die lewensaspekte vir die kind te help ontsluit, moet die ouer intens rekening hou met die leidende funksie van die Christelike geloof.

Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing moet aan die kind oorge- dra word wat betref leer en in lewenspraktyk. Die kind moet volwassenheid bereik in elke lewensaspek. Volwassenheid in alle aspekte bereik seker niemand nie, maar die ouer se strewe moet aan die volgende eise vir sy kind voldoen, naamlik om:

- in die geloofskring 'n belydende lidmaat te word en te wees;
- in die etiese kring morele integriteit te besit;
- in die juridiese kring 'n verantwoordelike stemgeregtigde burger van sy land te wees;
- in die estetiese 'n gebalanseerde uitkyk en lewenshouding te openbaar;
- in die ekonomiese 'n spaarsin te openbaar;
- in die sosiale maatskaplik aangepas te wees;

1. SCHOEMAN P.G. : GRONDSLAE EN IMPLIKASIES VAN 'N CHRISTELIKE OPVOEDINGSFILOSOFIE, p. 9.

in die linguale sy woord te kan doen;
 in die kulturele sy rol te vervul as volwassene;
 in die psigiese homself te aanvaar as volwasse bioties-psigiese
 en in die bioties-liggaamstruktuur tot liggaamlike rypheid
 te ontwikkel.¹

Ons kan volwassenheid soos volg opsom: Die kind is 'n ontslote
 volwassene as hy:

- i) Dienskneg teenoor God is,
- ii) Oorgegewene teenoor sy medemens is,
- iii) Heerser oor die natuur is en
- iv) Verantwoordelik teenoor homself is.

Dit is waarheen die ouer sy kind moet help om ontsluit te raak.
 Dit kan alleen deur 'n positief Christelike opvoeding bereik word.

3.8 DIE MENS SE KULTUURTAAK EN OPVOEDING

God het reeds voor die sondeval die mens geroep en geskape tot
 arbeid.

Met du Toit stem ons saam met die volgende verklaring oor die mens
 se arbeid: „In die kultuuroopdrag (Gen. 1:28), is dit by implikasie
 reeds ingesluit dat die mens sou arbei, omdat die onderwerping, beheer-
 sing en ontplooiing van die natuur daarsonder nie moontlik sou wees nie.
 Daarbenewens kry die mens ook die uitdruklike opdrag van God. Hy is
 in die tuin geplaas met die bedoeling dat hy dit sou „bework en bewaak“
 (Gen. 2:15). Hiervoor het God die mens toegerus; nie alleen deur die
 fisiese vermoë en toerusting (hande, liggaamskrag ens.) maar ook die
 redelike vermoë tot analise, beplanning, stelselmatige uitvoering van
 die beplanning en beoordeling of evaluasie van die voltooide. Met
 dit alles in berekening gebring, lê dit ook voor die hand dat arbeid
 'n eksistensiaal, 'n strukturele noodsaaklikheid vir ware mensheid is;

1. Vgl. VAN DER WALT B.J. : ONDERWEG NA VOLWASSENHEID. Uit :
 Perspektief, p. 42.

die.....

die mens kan nooit ten volle en waarlik mens wees sonder arbeid in een of ander vorm nie." ¹

Die sondeval het die arbeid moeitevol gemaak, maar nie opgehef nie. Wat na die sondeval duidelik geword het, is dat die mens alleen deur sy arbeid sal voortbestaan, in die sweet van sy aangesig sy brood verdien. (Gen 3:19).

Arbeid as noodsaaklike element van hierdie bedeling, kom ook duidelik na vore in die Tien Gebooie, naamlik in die vierde, agste en tiende gebod.

Die Sabbatsgebod berus op die veronderstelling van 'n noodwendige arbeidsisteen, terwyl die verbod om te steel en te begeer die korrekte verhouding tussen loon en arbeid as uitgangspunt het.

Hierdie stand van sake vloei voort uit die absolute Eienaarskap van God wat beskik dat die mens op hierdie wyse deel sou kry aan die rykdomme van die natuur. Die mens is nooit absolute eienaar nie, maar tog mag hy en moet hy eiendom verwerf.

„Die arbeider is sy loon werd" (1 Tim. 5:18; Efes. 4:28; Jak. 5:4), maar „hy wat nie werk nie, moet ook nie eet nie" (2 Thes. 3:10).

God het die norme vir die mens en sy kultuurtaak gegee. ²

Alle werk wat die mens doen, is religieus bepaald. ³ Niemand se werk is neutraal nie, nie die tegniese vakman of die wetenskaplike nie.

God die Skepper en Voorsiener gee aan elkeen sy persoonlikheid, gawes en talente ooreenkomstig die roeping en omstandighede wat vir hom beskik is. Dit gee God reeds by die ontvangenis aan die kind. ⁴

1. DU TOIT D.A. : LOTERY, ARBEID EN GELOOF, p. 4.

2. STRAUSS H.J. : VAKBONDBEWEGING, BEROEPSEGOÏSME EN STAATKUNDIGE PROBLEMATIEK, p. 4.

3. LOMBARD J.C. : DIE CHRISTELIKE ADEL VAN ONS ARBEID. Riglyne J2 No. 2, Sept. 1971, p. 28.

4. Vgl. VAN DER ZWEEP L. a.w. p. 147. Die kind is as mens vir die opvoeder gegee: „Zij heeft het kind niet te maken, maar te vormen; niet te scheppen, maar op te voeden." Liggaam en siel kom nie deur opvoeding totstand nie, maar gaan die opvoeding vooraf, lê daaraan ten grondslag.

Wanneer die kind tot soveel volwassenheid en rypheid ontwikkel het dat hy kan begin om self werk te doen, moet hy deur die ouer daartoe opgevoed word. Die opvoedingstaak van die ouer sluit in die ontdekking van die kind se besondere vermoëns en die ontwikkeling daarvan.

Die arbeid wat die kind aanleer het vormende invloed op die kind self, soos Kneller dit stel: „Culture shapes us intellectually, emotionally, and even physically. It conditions such physical traits as gesture, facial expressions and ways of walking, sitting, eating and sleeping.....Indeed, reality only exists for us insofar as culture has made it accessible." ¹

Die kultuurskat wat die mens die meeste beïnvloed is taal. Die ouer onderrig sy kind deur die taal wat hy praat, daarvoor het God vir ons taal gegee. Daarom kan die Christenouer „na die wil van God vra in konkrete lewenssituasies,² en die ouer kan dit aan sy kind oordra.

Daar is vreugde in arbeid en die kind moet geleer word om dit te geniet, want in sy arbeid kom die skeppende vermoë van God aan die mens tot openbaring. Met sy arbeid versier die mens die skepping van God, eer Hom dus en word Sy Naam verheerlik. Kinders moet meedoen met die lof aan God.

Heiberg som die verhouding mens, kultuur en opvoeding soos volg op: „From the Christian point of view, there exists an intimate relationship between man, culture and education. Man has to be educated to fulfil a manifold cultural mandate in obedience and responsibility towards God." ³

In sy verhouding tot die natuur het die mens van God 'n opdrag. Die mens is vir sy bestaan ook van die natuur afhanklik en vir sy bewerk-
ing is die natuur van die mens afhanklik. Die ouer moet die kind leer om oor die natuur te heers omdat God dit wil, maar dan moet hierdie

-
1. KNELLER G.F. : EDUCATIONAL ANTHROPOLOGY, p. 45-46.
 2. Vgl. DUVENHAGE B. : BEROEPSARBEID IN DIE LIG VAN DIE GEREFORMEERDE ETIEK, p. 14.
 3. HEIBERG P.J. : MENS, KULTUUR EN OPVOEDKUNDE. TCW Jr.9 K4 1973, p. 148.

heers.....

heers arbeid wees en arbeid is besig wees, wat skeppend, bewarend en versorgend van aard is. Hierin is die mens medearbeider van God. As medearbeider van God kan die mens Gods skepping versier en verfraai.¹

3.9 DIE MENS EN DIE SAMELEWINGSVERBANDE

Volgens die Goddelike ordening, is die mens so geskape dat hy, volgens Van Dijk: „doorlopend en op allerlei wijzen in contact treedt met zijn medemens. Dat zijn leven niet is en niet kan zijn een leven op zichzelf en voor zichzelf, maar dat zijn leven aldoor en onophoudelijk bestaat en word onderhouden door samenleven met anderen.”²

Samelewing is noodsaaklik omdat mense op mekaar aangewys is, van mekaar afhanklik is en nie sonder mekaar kan leef nie.

Hierdie saamlewe van mense openbaar sig altyd weer daarin dat mense dit op verskillende maniere realiseer. Hulle doen dit in die huwelik, die gesin, die Kerk, die staat, die skool ensovoorts. Wanneer mense as groepe hulle gesamentlike aktiwiteite wil ontplooi in 'n sekere rigting en na 'n sekere aspek³ van die lewe, dan kies hulle daardie samelewing, vorm „die tot dat bepaalde levesterrein geëigend is. De Kerk voor het godsdienstig leven, de staat voor de openbare orde, het bedrijf voor de behoeftenvoorziening, het gezin voor het intieme verwantschapsleven.”⁴

In die lig van Gods Woord, weet ons dat die samelewingsvorme in hulle onderskeie strukturele ordes van die geskapeheid, religieus veranker is in die skeppingswysheid van God, want God is 'n God van orde en wil dat alles in sy skepping met orde sal geskied, ook in die sosiale orde.⁵

1. Vgl. HEYNS J.A. : DIE MENS, p. 93, 109-111.

2. VAN DIJK R. : MENS EN MEDEMENS, p. 9.

3. VENTER E.A. : DIE GELOWIGE IN DIE SAMELEWING, p. 17.
Vgl. KALSBECK L. : DE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE, p. 246, 247.

4. VAN DIJK R. a.w. p. 60.

5. Vgl. DE KLERK J.J. : 'N PRINSIPIELE BESKOUIING OOR DIE POSITIVERINGS-TAAK VAN DIE GEREFORMEERDE KERK-INSTITUUT IN WISSELWERKING MET DIE MODERNE SAMELEWING, p. 29.

Hierdie samelewingsvorme het elkeen sy eie individuele struktuur.¹

Die verbande, gesin, kerk en skool, staan nie los van mekaar nie, alhoewel elkeen soewerein in eie kring is, elkeen sy eie aard, karakter en besondere taak het.

Die mens in sy verhouding tot die huweliksgemeenskap en gesinsverband word in die volgende hoofstuk breëvoerig behandel. Ons behandel hier in kort die mens in sy verband tot kerk en skool, omdat beide betrokke is by die huisgesin se opvoedingstaak.

3.9.1 DIE MENS IN SY KERKVERBAND

Die organisasie van die mens se godsdienstige aktiwiteite word in die kerk saamgebind.

Die kerk word getipeer as 'n religieuse of geloofs- en verbonds-gemeenskap. Die kerk is 'n instelling van God, die liggaam van Christus, as instituut die plek waar die gelowiges as verbondsegenheid saamkom om hul geloof te bely, God te loof en aanbid, te luister na die verkondigde Woord, die sakramente te ontvang en onder die Kerklike vermaning en tug te stel. Dit teenoor die doelloosheid, uitsigloosheid, die vertwyfeling van die tydelike, die sekulêre, die ongelooft.²

Van die Christelike kerk is Jesus Christus die Groot Apsdraer, die Koning, Priester en Profeet van sy gemeente.³

-
1. Vgl. VAN DIJK R. a.w. p. 60.
 2. CILLIERS D.H. : DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE OPVOEDINGS EN ONDERWYSPRAKTYK. Uit : 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys. Referaat gelewer voor die volkskongres vir opvoeding en onderwys, 29 Sept. - 2 Okt. 1967, p. 116.
 3. HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 12, Vraag 31. Waarom word Hy Christus, dit is Gesalfde genoem? Omdat Hy deur die Vader verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar...ons enigste Hoepriester...en tot ons ewige Koning.

Hy.....

Hy oefen gesag uit oor sy kerk, deels regstreeks en deels middellik. Regstreeks, deurdat Hy aan sy kerk (i) die genademiddelle van Woord en sakramente verskaf, (ii) in die lede van sy kerk deur die Heilige Gees werk en (iii) deur sy voorsienige bestuur oor die lot van sy kerk en haar lede beskik. Middellik oefen Hy sy gesag uit deur mense wat Hy tot die besondere ampte geroep het, naamlik die erkraad.¹

Jesus Christus is Hoof van sy kerk. Die hele wese en bestaan van die kerk is in sy Persoon en werk geleë. Om sy kerk op aarde te vestig, het Hy die besondere ampte ingestel en verorden, naamlik die van leraar, ouderling en diaken. Onder leiding van die ampte word die liggaam van Christus sigbaar en kry dit gestalte op aarde.² Die kerk bestaan uit mense. Die kerk is dus 'n unieke samelewingsverband.

Die kerk vind sy oorsprong in die verkiesende liefde van God as gevolg waarvan Christus vir Hom in die tyd 'n gemeente vergader en instand hou.

Tot hierdie kerk behoort almal wat deur geloofsbelydenis hul daarby gevoeg het.

Die Hoofskap van Christus gaan oor die kerk en oor die ganse geskiedenis. Hy is Koning oor kerk en kosmos.

Dit beteken dat Christus se Hoofskap oor al die aspekte van die menslike denke en doen al sy bemoeienisse met die kosmos in watter vorm ookal gaan. Dit sluit dus die mens se kultuurtaak in. Die sondeval het aan die kultuurtaak 'n opstandskarakter gegee. In en deur Christus het die kultuur as diens aan God in vervulling van sy amp weer moontlik geword. Die kerk met die Woordverkondiging lei mense om tot geloof in Christus en tot Koninkrykarbeid te kom. Christelike kultuur

1. DE KLERK J.J. a.w. p. 53.

2. Vgl. DUVENHAGE S.C.W. : DIE GEÏNSTITUEERDE KERK EN DIE TOEKOMS VAN DIE AFRIKAANSE VOLKSKULTUUR. Uit : Koers Jg. 37, No. 3,4, Desember 1969 - Februarie 1970, p.207.

het dus ook ewigheidsbetekenis.

Die koninkryk van God deur Christus met diek erk in unieke posisie, is die spil waarom die lewe van die mensheid draai.

Ondersteuning van bogenoemde stelling vind ons in Efes. 1:20-22: „God het Hom laat sit aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat Sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.”

Uit hierdie Skrifwoord se Duvenhage, blyk dat Christus Jesus die sentrum is waarom alles draai, die Hoof van die kerk wat met Hom een is en Koning oor alle dinge, maar terselfdertyd word die belangrike plek wat die kerk hier inneem beklemtoon.

Duvenhage haal in die verband Cullman aan: „die kerk is nie maar 'n snit nie, maar dit is die enigste punt van waaruit die ganse regering van Christus sigbaar word en wat hier geskied werk sigself uit op beslissende wyse in die regering van Christus.”¹

Christus is die sentrum van kerk, Koninkryk en kosmos. Met Koninkryk bedoel ons die Ryk van Christus wat die kerk, die wêreld en die hemel insluit. Met kosmos het ons die stoflike wêreld in die oog. Oor dit alles regeer Christus.

Die kerk is draer van die Woord, maar die kerk is nie alleen draer van die Woord nie. Die Woord is vry en kan nie gebind word nie. Enige Christen, of Christelike instelling of organisasie, het die reg en die plig om te leef en te werk onder die tug en in die lig van Gods Woord.

1. Vgl. DUVENHAGE S.C.W. a.w. p. 210.

Taak van die kerk is amptelike diens van die Woord aan almal en vir heel die lewe om so sy invloed te laat geld in sy omgewing en buite sy omgewing om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk.

Die kerk werk mee deur sy unieke taak van Woordverkondiging om lidmate te aktiveer in hul kultuurtaak en in die realisering van die koninkryk van God op aarde.

Die kerk het ook 'n belangrike kategetiese taak ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die jeug.

Die skool se ouers, kinders en personeel is lidmate van die kerk en hulle oefen invloed uit op die skool in skoolkomitees, ouerverenigings en in die klaskamer.

Die kerk het as taak om saam met die gesin en skool bewaarder van die Christelike opvoeding en onderwys te wees; om te help om 'n Christelike gewete in die samelewing te kweek; om Christelike waardes toe te eien; om te help om Christelike onderwysers op te lei.¹

Die Kerkorde lê dit as verpligting op die kerk om Christelike opvoeding in ooreenstemming met sy interpretasie van Christelikheid te bevorder en daarvoor toesig te hou.²

Die huisgesin moet ook hulle plek in die kerk inneem, sodat hulle onder die vermanende, lerende en lewewekkende Woord kan kom. So word die gesin in die kerk opgevoed om God en die naaste lief te hê.

Dis belangrik vir ons tema om hier ook te wys op die vervlegting tussen kerk en gesin omdat die kerk deur sy ampte die gesin pastoraal bearbei; veral dan deur die prediking; kategetiese onderrig en huisbesoek. Dit speel 'n sleutelrol in die tipiese geloofsopvoeding aan die gesin.

1. Vgl. ELOFF S.J. : HUISGESIN, SKOOL, KERK IN GESPREK OOR HULLE GESAMENTLIKE TAAK IN DIE CHRISTELIKE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN ONS VERBONDSKINDERS, p. 1.

2. KERKORDE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK, Artikel 8.

3.9.2 DIE MENS EN DIE SKOOLVERBAND

Die skool behoort ook tot die samelewingsverbande. Die skool het 'n tipiese gestruktureerdheid. In die skool is daar 'n bepaalde gesagsverhouding aanwesig.

Deur die eeue het die skool sy strukturele identiteit bly behou, ondanks die kom en gaan van individue wat daaraan deel het.

Die skool fungeer op tipiese wyse in al die modale sferes¹ Ons wys later daarop.

Die skool word gekwalifiseer as 'n historiese opvoedings- en vormingsverband en gefundeer in die historiese kennisag.² Reeds in die historiese differensiering van die kultuurgemeenskap, steeds gehoorsaam aan die historiese norm van differensiasie en gefinstigter deur die integreringseis, ontplooi die skool as integreringsmiddel aan die hand van die individuele kulturele ontplooiing van die lede.³

In die proses van beskawing word die skool as integreringsmiddel 'n werklikheid en nie as gevolg daarvan nie.

Die skool weerspieël die kultuur-ontslote posisie van die gemeenskap, want dit is die vrug van die ontslote kultuur. Die skool se taak is om hierdie ontslote kultuur verder uit te dra en uit te bou.

Dooyeweerd sien die totstandkoming van die skool die gevolg van die onvermoë van ouers om hul kinders verder te onderrig en op te voed as waartoe hulle instaat is, hy sê: „If the parents are lacking or unable to fulfil their particular educational task, in accordance with the structural principle of the family, it is necessary to make provision to supply this defect. This provision should as much as possible approach the parental type of education. The general cultural moulding provided by the elementary, secondary and other kind

1. Vgl. VERMEULEN A. : DIE OPVOEDKUNDIG- ANTROPOLOGIESE BETEKENIS VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE, p.84.

Vgl. DE KOCK P. de B.: BESINNING OOR DIE SKOOLVERBAND, TCW J4 K3 1968, p.46.

2. Vgl. SPIER J.M. : ORIËNTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p.103.

3. VERMEULEN A. a.w. p. 81,82.

of schools in the later developmental phases of the children, is of a quite different nature from that of parental education.

A school is a differentiated organized community of a typical tuitionary character. It may be that a school tuition in its typical historical foundation is qualified by a typical ethical function, but the latter is certainly not that of the family bond in its natural sense. According to its inner structural principle the moral bond of a school community is that between pupils and their teachers, founded in the cultural formative power of the latter. It can only reveal as a bond of mutual comradeship between the pupils and their teachers." ¹

Ons meen dat Dooyeweerd liever van opvoedende onderwys moet praat as hy die funksie van die skool beskryf as van onderwys alleen.

Dooyeweerd sien die verhouding tussen onderwysers en kinders as 'n etiese verhouding. Taljaard beskryf dit ook as 'n etiese verhouding, maar hy voeg die Onderwysersvereniging by as 'n derde noodsaaklike party in die skool as hy sê: „Die skoolonderrig is in sy tipiese historiese fundering gekwalifiseer deur 'n tipiese etiese funksie, maar dan nie eties in die sin van die huisgesin, gesien as natuurlike gemeenskap nie. Volgens sy innerlike struktuurprinsipe is die etiese band van die skool as samelewingsverband die tussen drie elemente onderling, naamlik tussen die Vereniging, onderwysers en leerlinge onderling, gefundeer in die kultuurvormende mag van die skool." ²

Ons stem nie met Taljaard saam dat die Vereniging 'n noodsaaklike deel van 'n skool is nie. 'n Skool bestaan uit onderwysers en kinders alleen. Die skool is nie 'n verlengstuk van staat, kerk of gesin nie. Die skool is soewerein in eie kring. Die skool kan totstand kom deur die bemoeienis van gesin, kerk of staat en deur die samewerking van die drie verbande gesamentlik, maar die skool word nie deur enige van die drie verbande ingesluk nie. Al drie die verbande het belang by die skool.

1. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE III, p.287.

2. TALJAARD J.A.L. : KURSUS IN LEWENS- EN WÊRELD-BESKOUINGSLEER EN MENS-LIKE SAMELEWINGSVERBANDE, p. 77-78.

Die ouers wil hul kinders deeglik onderrig en wel opgevoed sien.

Die staat stel belang in nuttige en bruikbare landsburgers.

Die kerk stel belang in gelowige belydende en meelewende lidmate.

Die Christelike skool word in die wortel beheers deur die Christelike religie. Hierdie religie moet die skool van die wortel uit, radikaal en totaal reformeer. Vanuit die hart uit moet die skool die Christelike religie deurleef. Die Staat in Suid-Afrika, stel alle skole in Suid-Afrika instaat om aan die Christelike eis te voldoen. Die Onderwyswet Nommer Nege en Dertig van 1967, gee aan die skool 'n verpligte Christelike karakter. Dit skep 'n wonderlike geleentheid om aan die skoolkinders 'n allesomvattende Christelike opvoeding en onderwys te gee. Dit skep 'n unieke geleentheid vir 'n Christenvolk in 'n Christelike staat om aan sy openbare onderwys 'n Christelike karakter te gee.¹

Genoemde wet bied die volste geleentheid aan elke deel van die volk om Christelik nasionaal te ontwikkel onder beheer van die drie gesagsinstansies en volgens beroepsaanleg van die individu. Die toekoms is volgens hierdie wet in die hande van 'n eendragtige volksfront wat owerheid, kerk en ouer volgens die Christelike beginsels hand aan die ploeg laat slaan.²

Die konsekwensies van hierdie wet is dat nie alleen godsdiensoonderrig op skool aangebied word nie, maar dat die skool vanuit die wortel Christelik sal wees om elke vak op skool en elke aspek van die mens se lewe onder leiding van die Christelike religie te bring. Die vorming van die kinders in die skool mag nooit in net een of 'n paar aspekte

-
1. MULDER J.J. : DIE VERHOUDING GESIN STAAT EN SKOOL IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS MET VERWYSING NA DIE ROL WAT ELKEEN IN DIE VOLKS-OPVOEDING VERVUL EN DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KOORDINASIE VAN HIERDIE SAMELEWINGSVERBANDE IN DIE OPVOEDINGS- EN ONDERWYSPRAKTYK. Uit : 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, p.111.
 2. Vgl. MULDER P.W.A. : DIE CHRISTELIKE SKOOL IN HISTORIESE VERBAND. Uit : Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap, No. 20 Sept., 1969, p.30. Vgl. DU TOIT N. : 'N WYSGERIGE ONTLEDING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE CHRISTELIKE SKOOL, OPVOEDING EN ONDERWYS, p.18 vv.

opgaan nie, die hele mens moet opgevoed word.

In die opvoeding van die kind op skool, moet die skool in elke aspek uitdrukking vind. In die na-psigiese aspekte vind die skool dan ook uitdrukking onder andere in die analitiese wetskring.

Die skool is 'n denkgemeenskap. Die denke moet onder die tug van die Woord gestel word.

Die skool is ook 'n historiese (vormende) gemeenskap, dit is die aspek waarin die skoolverband sy fundering vind. Ook die aspek moet onder die tug van die Woord en die wet van God gebring word. Tewens, dit geld ook vir elke ander lewensaspek, elkeen afsonderlik en almal saam moet onder die tug van Gods Woord gebring word.

Die skool is ook 'n taalgemeenskap. Onderrig vind in taal plaas, in gesproke taal, skryftaal, simbole, voorstellinge of beelde.

Die skool is ook 'n sosiale gemeenskap waar onderwysers en kinders saam verkeer in die klaskamer, op die sportveld en ook op ander gebiede en ook andersins as net vir onderrig.

Die skool is ook 'n ekonomiese gemeenskap, waar tyd kosbaar is en daar byvoorbeeld ekonomie van taal moet geld.

Die skool moet funksioneel doeltreffend wees en dit geskied deur die harmonie (estetiese) te handhaaf.

Die skool het sy eie interne reg en gesagsorde, van die hoof af tot by die prefek.

Die skool is ook 'n etiese liefdesgemeenskap, andersoortig dan in die gesin, maar ook onder die liefdesgebod van God.

Die skool is ook ten opsigte van die religieuse gerigtheid 'n geloofsgemeenskap humanisties of Christelik, afgesien van die feit dat die leerkragte en die kinders belydende Christene is al dan nie.

Die.....

Die skool moet in die lyn van die verbond Christelik-religieuse oortuiging ook van die ouer eerbiedig en nalewe, onder andere omdat daar 'n nou vervlegting tussen skool en gesin is. Die skool oefen 'n baie betekenisvolle invloed uit op die skoolgaande kinders in die gesin.¹

1. Vgl. DU TOIT N. a.w. p. 33 vv.

HOOFSTUK 4

DIE CHRISTELIKE HUWELIK EN GESIN

4.1 DIE OORSPRONG VAN DIE HUWELIK EN GESIN

Die bron van ons kennis van die oorsprong van die mens is die geopenbaarde Woord van God. Die Bybel leer ook dat die huwelik en gesin sy oorsprong by God het wat die mens man en vrou, na sy beeld en na sy gelykenis geskape het.¹

Wurth lei uit die Skrifgetuigenis af dat: „Het huwelik behoort tot die geschapen werkelykheid. Daarin heeft het van God zijn onveranderlijk exclusiewe (monogame) en onverbrekelyk structuur ontvangen.”²

De Klerk vat die Skrifgegewens oor die huwelik so saam: „Die huwelik is 'n goddelike, in die skeppingslewe geponde instelling. Dit kom nie aan die einde van 'n korter of langer tydperk van ontwikkeling, of eers met die Christelike tydperk na vore nie, maar staan heel aan die begin van die menslike geskiedenis en was reeds daar voor die sondeval.”³

Die huwelik is nie 'n uitvindsel van die mens nie, maar is deur God in die skepping gegee.

In Mat. 19:4-6, lees ons: „Het julle nie gelees nie?” en daarmee roep die Here in herinnering wat ons in die Boek Genesis lees van die oorsprong van die huwelik. „Het julle nie gelees nie dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie.... en hulle twee sal een vlees wees.” Jesus herinner ons aan wat geskryf is, daarom

1. GENESIS 1:26-28; GENESIS 2:7, 18, 21-23.

2. WURTH G.B. : HUWELIJK. In Christeliek Encyclopedie III, p.546. Vgl. VAN HARTEN - OOSTEROM: GEZIN. In Vier Glazen, Gedenkboek 1886-1975. p. 265, van Societas Studiosorum Reformatorum, . . .

3. DE KLERK J.J. : DIE POSITIVERINGSTAAK VAN DIE GEREFORMEERDE KERKINSTITUUT. p. 144

moet ons daarna luister, want dit is wat God die Skepper self aan ons gesê en bekendgemaak het. „De mensch is niet de in-zich-zelf genoegzame." Hy is hulpbehoewend, hy kan nie alleen wees nie, man en vrou moet saamwees. „En hulle sal een vlees wees" sien op 'n belofte en gebod.¹

Dat die man en vrou na die beeld van die Drie-enige God geskape is, daaroor sê de Bondt: „De man en vrouw mochten zich aan elkaar wijden in heilig liefdeleven en daarin een atschadwing geven van het heilig liefdeleven, zooals dat er is tussen de Drie Personen in het Goddelijk Wezen. De Vader verlustigt zich eeuwig in de Zoon door de Geest. En de Zoon verlustigt zich eeuwig in de Vader door de Geest. En de Geest onderzoekt de diepten van God, om zich daarover in eeuwigheid te vermaken. Dat is het heilig liefdeleven in God zelf."²

Bavinck sien as rede waarom God man en vrou in 'n monogame huwelik aanmekaar gegee het „om de eenheid, gemeenschap en samenwerking voor ziel en lichaam."³

Ook Dooyeweerd beklemtoon die twee-eenheidskarakter van die huwelik: „Het huwelik is naar het getalsaspect beschouwd inderdaad een twee-eenheidsgemeenschap."⁴

Dit beteken natuurlik ook dat in poligamie die man met elke vrou 'n aparte twee-eenheid is.

Die huwelik eis dus trou tussen man en vrou, want as hulle vir lewenslank net aanmekaar behoort, nie mag skei nie, mag hulle op geen wyse ontrou wees nie. „Wie getrouwd is moet weer naar huis al heeft

-
1. DELLEMAN Th. en HIJMANS A. : HUWELIJKSBOEK, p.15-20.
 2. DE BONDT A.:DAEMONISCHE INVLOEDEN IN ONS LEVEN, p.24.
Vgl. FLEMMING H.C.J. : DIE GELUKKIGE MAN EN VROU, p.7. Hy se: Dat die vrou uit die man geneem is laat ons meteens 'n innerlike eenheid in die diepste sien, 'n eenheid waarna die Skepper self verwys as Hy se: „En hulle sal een vlees wees, Gen. 2:24. 'n Eenheid so innig en so intiem dat dit dien as afbeelding van die eenheid tussen Christus en sy Kerk (Efes. 5:22-33)."
 3. BAVINCK H. : HET CHRISTELIJK HUISGESIN, p. 9-10.
 4. DOOYEWEERD H. : VERKENNINGEN, p. 124.

hij.....

hij of zij ruzie en al zijn nijdig."¹ Wat die gesag in die huwelik betref, skryf Flemming: „Waar dan ook die regte verstandhouding tussen man en vrou bestaan, vind die vrou veelmeer in die gesag of hoofskap van die man, daardie steun wat sy nodig het vir die vervulling van haar lewenstaak."

Uit hierdie uiteensetting van die huwelik, kom duidelik na vore:

- i) Dat die huwelik 'n instelling van God is.
- ii) Dat die huwelik monogaam is.
- iii) Dat die huwelik 'n twee-eenheid is.
- iv) Dat die huwelik 'n duursame verhouding is.
- v) Dat die huwelik trou opeis van man en vrou tot mekaar.
- vi) Dat die huwelik 'n liefdesgemeenskap is.
- vii) Dat die huwelik sy eie gesagstruktuur besit waarin die man nie 'n eensydige outonome gesags-outokraat is nie en waar onderling in liefde oorleg gepleeg word ten opsigte van alle belangrike aangeleenthede.

4.2 DIE STRUKTUURBEGINSEL VAN HUWELIK EN GESIN

Dooyeweerd het die struktuur van die huwelik en gesin in die lig van die Woord deurdink en die leer van die strukture geformuleer wat in die skeppingsorde gegee is. Hy besin dieper oor die innerlike normatiewe lewenswette wat aan die onderskeie verbande eie is. So kom die unieke eiesoortige skeppingsaard daarvan beter na vore, - ook die van huwelik en gesin. Huwelik en gesin het elk 'n konstante normatiewe lewensaard en lewenswet en is nie 'n onbestendige saamvoegingsverskynsel na gelang van menslike willekeur nie. Kortom, naas die feit dat God die absolute grondorsaak is van huwelik en gesin, word hier ook die strukturele eienaardigheid daarvan beklemtoon.

4.3 DIE FUNDERING VAN DIE HUWELIK EN GESIN

Dooyeweerd beskryf die fundering van huwelik en gesin soos volg:

-
1. DE HARTOG A.H. : MODERN HEIDENDOM, p.34.
Vgl. DIEMER-LINDEBOOM F.T. : HUWELIJKSTROUW, p.127. „Trouw behoort op elk terrein van het rijk geschakeerde huwelijksleven tot uiting te komen." Trouw moet ook elke dag vernuwe word, p.135, 137.

„Reide zijn tipisch biotisch gefundeerd en als tipisch morele liefdes-gemeenskap gequalifiseerd. De huwelijks-gemeenskap heeft als zoodanig haar tipisch fundering in die seksuele verbinding van man en vrouwe, welke ongetwyfeld is aangelegd op die voortplanting van het menschelyk geslacht.“¹

Wurth sê ook dat die huwelik 'n „biologiese basis heeft.“²

Stoker stel dit soos volg: „Die biologiese fundering van die huwelik en gesin in die seks en die bloedband is korrek.“³ Tenopsigte van die biotiese fundering sê Spier: „die huwelijkstruktuur is biotiesch gefundeerd. Die twee zullen tesamen een vleesch zijn. Die seksuele zijde is als zoodanig geen zondige natuur.“⁴

Later bied Dooyeweerd die volgende oor die biotiese fundering: „It is indeed impossible to understand the inner nature of a natural family in its most narrow sense without taking into account its typical foundation in the biotic aspect of empirical reality, which as much pre-supposes the pre-biotic modalities. The natural derivation and consanguinity of children under age, issuing from the same parents, is the necessary structure foundation upon which a family is built. This state of affairs cannot be denied by any theory. The typical communal tie between parents and children is genetic; it is grounded in a blood relation of the most immediate character.“⁵

Ons verwys ook na die volgende aanhaling van Kalsbeek wat die fundering en bestemming van huwelik en gesin betref: „een morele liefdes-gemeenskap voor die duur van die lewe tussen man en vrouwe, op die grondslag van een relatief duurzame organiesch seksuele verbondenheid.“⁶

1. DOOYEWEERD H. : DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE III, p.252.
Vgl. POPMA S.J. : WYSBEGEERTE EN HUWELIJK. In Wysbegeerte en Levenspraktyk, p.72.
TALJAARD J.A.L. : KURSUS IN LEWENS- EN WERELDBESKOUINGSLEER EN MENSLIKE SAMELEWINGSVERBANDE, p.90.
2. WURTH G.B. a.w. p.546.
3. STOKER H.G. : STRYD OM DIE ORDES, p.161.
4. SPIER J.M. : INLEIDING IN DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE, p.190.
5. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE OF THEORETICAL THOUGHT III, p.266.
6. KALSBEEK L. a.w. p.214.

Dit.....

Dit word deur Hebdon-Taylor as volg gestel: „Marriage is founded upon sexual biological attraction of a man and woman for each other.”¹

Van Dijk gee 'n verdienstelike samevatting van die huwelik se fundering en bestemming in die volgende uitspraak: „Hoezeer echter deze openbaringsvormen van het huwelijk uiteen liepen, men mag tog zeggen, dat de zin van het huwelijk is de levenslange verbintenis tussen een man en een vrouw tot onderling hulpbetoon en centraal de norm, waarin de liefdesgemeenschap tussen de beide geslachten haar hoogste belevingsmogenlijkheid vindt....Het is een psychomatiese eenheid tussen een man en een vrouw.”²

Mense wat dink dat 'n kinderlose huwelik 'n mislukte huwelik is, verloor uit die oog dat die huwelik nie 'n instelling is net om kinders voort te bring nie, want in die huwelik gee God aan die mens die heerlijkheid van die liefdeslewe in heilige oorgawe aan mekaar.³

Die liefdesgemeenskap in die huwelik bestaan nie net omdat daar kinders is nie.

Daar is 'n vervlegting tussen huwelik en gesin en daarvan sê Dooyeweerd: „En nochtans blijft het huwelijk als liefdesgemeenschap zijn eigen structuur behouden ook in vervlechting met het gezin.”⁴

Huwelikspare kan nie willekeurig en selfstandig besluit dat hulle nie kinders wil hê nie. Dit is Gods opdrag dat daar kinders in die huwelik gebore moet word. Dis egter ook waar dat as God beskik dat daar nie kinders moet wees nie, die huwelik dan nie misluk het nie.

Ook die huweliksformulier stel die eerste doel van die huwelik, die eer van God, die tweede doel, die wedersydse hulpbetoon en eers die derde doel is ouerskap.⁵

-
1. HEBDON-TAYLOR E.L. : THE REFORMATIONAL UNDERSTANDING OF FAMILY AND MARRIAGE, p.22.
Vgl. VAN DIJK R. : MENS EN MEDEMENS, p.71.
 2. VAN DIJK R. a.w. p.77.
Vgl. WURTH G.B. a.w. p.546.
 3. Vgl. DE VRIES W.G. : HET HUWELIJK IN ERE, p.179 - Hy sê: „Een kinderloos huwelijk is in de volle ryke sin van het woord waarachtig en volwaardig huwelijk.”
Vgl. ook BONDT A. a.w. p.24.
 4. DOOYEWEERD H. : DE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE III, p.270-271.
 5. DIE KERKBOEK VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK, p. 83.

Die huwelik is nie 'n menslike uitvindsel nie, Calvyn sê:
 „The institution of marriage was not the product of social experience
 or of necessity, neither was it the result of any discovery that the
 union of one man and one woman was the best method of regulating the
 relationship between the sexes in order to guide them into socially
 accepted channels.”¹

4.4 DIE BESTEMMINGSFUNKSIE VAN DIE HUWELIK

In die voorafgaande paragraaf het ons genoegsaam aangetoon dat
 die huwelik bioties gefundeerd is en dat die bestemming van die
 huwelik geleë is in die sedelike liefdesgemeenskap.²

Dit beteken dat ons diegene wat die huwelik beskou as 'n regsge-
 meenskap moet afwys omdat hulle aan die liefde 'n ondergeskikte plek
 toeken.

Dooyeweerd se mening oor die huweliksreg lui soos volg: „het interne
 huweliksrecht moet, evenals het vroeger besproken, interne gezins-
 recht, zijn geheel qualificate juist van de interne structuurwet als
 geheel ontvangen.”³

Dooyeweerd bedoel dat die huwelik 'n interne huweliksreg het wat
 as het ware in die huwelik self ingebou is, tipies selfstandig, en dat
 dit in die samehang met alle ander lewenskringe onder leiding van die
 struktuurprinsipe gesien moet word.

Die regsaspek moet so gesien word, anders loop ons gevaar om dit
 funksionalisties te oorspan.

Die bestemming van die huwelik lê ook nie in die geloofsaspek nie.

-
1. SINGER C.G. : OOR CALVIN : HIS ROOTS AND FRUITS, p.63.
 2. Vgl. DOOYEWEERD H. : DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE III, p.252-253.
 Ook SPIER J.M. a.w. p. 152-194.
 HEBDEN-TAYLOR E.L. a.w. p.22.
 KALSBEK L. a.w. p. 215.
 3. DOOYEWEERD H. a.w. p.254.

Al glo egpare ookal hoe onreg, as die liefde ontbreek, trou hulle nie, en as hulle getroud is, hou dit die huwelik nie aanmekaar nie.

Huwelike wat hul bestemming soek in die ekonomiese, politieke, estetiese, sosiale, kulturele of waarin ookal, mis die bestemmingsfunksie van die liefde.

Waar die liefde is, tree huwelikspare in die huwelik ondanks verskille heen in die godsdienst, politiek, ekonomiese probleme, sosiale verskille, kultuurverskille, taalverskil, ras, kleur en so meer.

Kalsbeek sê dat as 'n huweliksparaar in haat en nyd met mekaar saamleef bestaan die huwelik juridies nog, maar dan is die huweliksgemeenskap in feite nie meer aanwesig nie, want die liefde ontbreek.¹

Dooyeweerd grond sy stelling dat die liefde die bestemmingsfunksie van die huwelik is veral op wat Paulus in Efes. 5:22-33 skryf.²

In hierdie perikoop word die liefde tussen man en vrou in die huwelik in verband gebring met die liefde tussen Christus en sy gemeente.

Die man word gebied om sy vrou lief te hê (Efes. 5:25, 28, 33).

Die liefde is dus nie 'n blinde gevoelsneiging nie, maar 'n normatiewe gebod vir man en vrou in die huwelik.

Kuyper bespreek die unio mystica tussen Christus en die gemeente, waarvan die man en vrou 'n skadubeeld is en vervolg dan: „Er is eerst de mystieke unio tuschen den Scheppingsmiddelaar en den mensch. Het is deze mystieke unie die haar afschaduwing vindt in het huwelijk

1. KALSBECK L. a.w. p.216.

2. DOOYEWEERD H. a.w. p.254.

Vgl. LLOYD-JONES D.M. : LIFE IN THE SPIRIT IN MARRIAGE. 'n Verklaring van Efes. 5:18 - 6:9.

Vgl. FLEMMING H.C.J. : DIE GELUKKIGE MAN EN VROU, p.7.

tussen man en vrouw. En komt na die zonde, en met die zonde die verlossing, dan wordt die mystieke unie met die Scheppingsmiddelenaar verrykt en verdiept in die mystieke unie met die Verlossingsmiddelenaar." Hy konkludeer soos volg: „Die huwelik self is en blyf die zaak van Bruid en Bruidegom, en hangt, ten principiële aan die liefde, die God hulle voor elkaander in die hart geeft en aan beide wil om hulle te verenigert.”¹

4.5 DIE STRUKTUUR VAN DIE HUISGESIN

Ons maak in die Bybel eers na die sondeval met die huisgesin kennis. Tog moet ons op grond van Bybelse getuies, beide uit die Ou- as Nuwe Testament aanneem dat die struktuur van die huisgesin van die begin af gegee is.

Van Walters het ons die volgende uitsprake wat heenwys na Gods ordinansie vir die gesin: „Old Testament : In Adam and Eve, Cain and Abel, the family is the focus for inter-personal relationships for good or ill. Noah's family is the sole survival-unit. The covenant promises to Abraham and Jacob relate to the blessing of the families of the earth. The circumcision sign of the covenant is administered to the prospective progenitors. The Passover is a family meal.”

Die Nuwe Testament plaas die huisgesin in die sentrum van die religieuse lewe met die geboorte van Jesus Christus, in die huisgesin van Josef en Maria en sy opvoeding in daardie gesin. Sy vriendskap met die gesin van Bethanië; Sy bywoning van 'n bruilof by Kana (en ander uitsprake en gebeurtenisse in die Nuwe Testament). Walters haal aan wat Calvyn sou gesê het as hy skryf: „Calvin suggests that God ordained the family to protect His creation.”²

Van Andel sien ook die huisgesin as 'n instelling van God. Hy skryf soos volg: „In die huisgesin, in die verhouding van ouers en kin-

-
1. KUYPER A. : DE GEMEENE GRATIE III, p.363.
 2. WALTERS G. : WITNESS IN AND THROUGH THE FAMILY. In International Reformed Bulletin, No. 2 J2, Oct., 1959, p.26.

-deren.....

deren heeft God zijn eigen verhouding, tot de menschen in aanschouw-
lijken vorm afgebeeld." Soos God die Skepper, Onderhouer en Regeerder
van sy skepping is, so is die ouers die skeppers, onderhouers en re-
geerders van hul kinders.¹

Dooyeweerd se weergawe van die struktuur van die gesin lui soos
volg: „Dit is naamlik: „cen constante individuele zedelijke liefdes-
gemeenschap op de structurele basis van de tipisch biotische geslachts-
verbinding en de natuurlijke afstamming.“²

Wurth sê van die gesinsliefde: „Het is een liefde die door God
geboden is,“ en: „de tipische gezagstruktuur van het gezinsverband,
die zich volgens Dooyeweerd, niet alleen in de interne rechtsverhoudingen
tussen ouders en kinderen, uitdrukt.“³

Ons let ook op die formulering wat Hebden-Taylor ons gee van die
gesinsstruktuur. Hy skryf soos volg: „It is biologically founded
in the sexual union of man and wife and the natural begetting of pro-
creation of offspring. The natural derivation and consanguinity of
children with their parents is the necessary structural foundation
upon which the nuclear family is built. This "structure of existence"
cannot be denied by any theory. The typical communal tie between
parents and children is genetic; it is based upon a blood relationship
of the most immediate kind.“⁴

1. VAN ANDEL H.A. : GODS GEBOD EN ONS GEBED, p.42.

2. DOOYEWEERD H. : DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE III, p.268 vv.

3. WURTH G.B. a.w. p.76.

Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p. 219.

Vgl. DINGERINK J.D. : CRITISCH - HISTORISCHE ONDERSOEK NAAR DE
SOCIOLOGISCHE ONTWIKKELING VAN HET BEGINSEL DER SOUVEREINITEIT
IN EIGEN KRING, IN DE 19e EN 20ste EEUW, p.201.

4. HEBDEN-TAYLOR E.L. a.w. p.43.

As ons nou die aard van die huisgesin beskryf: dan sê ons:
 i) Die band tussen ouers en kinders is die bloedband, maar die bloedband alleen hou die gesin nie aanmekaar nie. Alleen die liefdesbestemming kan die gesin bind. ii) Van Harten-Oosterom beskryf die bestemming van die gesin so: „In het licht van de Bijbel moet het gezin beschouwd worden als een zedelijke liefdesgemeenskap die dus gefundeerd is op de bloedgemeenschap.”¹ Dit beteken dat die samelewing in die gesinsverband beantwoord aan haar bestemming as dit deur die liefde gedra word. God eis liefde tussen ouers en kinders onderling. Die heel naaste van die man is sy vrou en kinders, van die vrou is dit haar man en die kinders en van die kinders is dit hul ouers en broers en susters. iii) Tussen die gesinslede bestaan 'n verskeidenheid van ander bande, soos die geloofsband, juridiese band, die estetiese, ekonomiese, sosiale, kulturele, taal, logiese. Al hierdie bande staan onder leiding van die liefde. Hierdie tipiese gesinsliefde onderskei die gesin van alle ander samelewingsbande.

Naas die interne bestemming tot opvoeding vir die kinders as liefdesgemeenskap, het die gesin ook 'n eksterne opvoedkundige funksie en dit is die opvoeding van die gesinslede om byvoorbeeld lede van die Kerk en staatsburgers te word en so meer.

Die gesin is egter nie terwille van byvoorbeeld die Kerk of staat daargestel nie en die Kerk en staat en ander samelewingsstrukture het ook nie die reg om in te meng in die interne gesinsklessies nie, tensy die gesin ontrou aan sy interne bestemmingsfunksie is, soos byvoorbeeld dat die verbondskinders buite die verbondsgehoorsaamheid opgevoed word, dan spreek die Kerk die ouers aan wat lidmate van die Kerk is; of as ouers hul kinders mishandel, tree die staat op.

Die liefde moet die leidende faktor wees in die breër gesinslewe.

Volgens Dengerink fungeer die gesin: „als reële gemeenskap binnen

1. VAN HARTEN-OOSTEROM C.A. a.w. p.260.

alle aspecten der tijdelijke werkelijkheid."¹

In al hierdie aspekte het die liefde alleen die vermoë om die gesinslede in 'n hegte eenheid saam te snoer. Die liefde is ook 'n opdrag van die Here: „julle moet mekaar liefhe.“²

Die sonde het die struktuurprinsipe van die huwelik en gesin nie aangetas nie, anders sou die huwelik en gesinslewe onmoontlik wees.

Van die struktuurtype sê Dengerink: „De zonde heeft niet dit structuurprincipe aangetast, doch alleen te menselijke vorming en positivering daarvan tot concrete, historisch gefundeerde ordening, alsmede de gehele subjectieve zijde van het gezinsleden.“³

Die wet van God is in sy tydelike gestalte heilig en goed en is nie deur die sonde aangetas nie.

4.6 KONTINUITHEIT VAN DIE HUWELIK IN VERBAND MET DIE KONTINUITHEIT VAN DIE LIEFDESDUUR.

Die huwelik hou net solank as wat daar liefde in die huwelik tussen die man en sy vrou is. Die huwelik is afhanklik van die struktuurwet en is nie afhanklik van die subjektiewe willekeur van die mens nie. Die struktuurwet van huwelik en gesin is in die skeppingsorde vasgelê en moet normatief gehoorsaam word.⁴

1. DINGERINK J.D. a.w. p.201.

2. JOHANNES 13:34 : „'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhe.“

3. DINGERINK J.D. a.w. p.201.
Vgl. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE OF THEORETICAL THOUGHT III, p.271.

4. Vgl. LOMBARD J.C. : DIE HUWELIK EN GESIN SOSIOLOGIES GESIEN IN DIE LIG VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE, p.34.

duelen en sosiaal vraagsstukke, en dit alles in liefdevolle betrokkenheid op mekaar."¹

Dit is die liefde wat man en vrou mekaar laat aanvaar soos hulle is, met al hul gebreke en tekortkominge.

In die huwelik is dit waar die liefde verdra, vergewe, bedek, oorwin en hoop.²

4.6.2 DIE LIEFDE AS DIE LEIDENDE FUNKSIE VAN DIE HUWELIKSLEWE IN SY VOLLE LEWENSUITDRUKING

Die liefde gee die leiding en die pas aan in die huwelikslewe, soos Dooyeweerd dit as volg beskryf: „Want inderdaad, die wezenlijke echtelijke liefde postuleert een levensgemeenschap waarin de tydelijke existensies der echtgenooten zich tot de allerinnigste tydelijke eenheid vervlechten, en die zonder huwelijkstrouw niet bestaanbaar is. Deze liefde appeleert noodwendig krachtens de goddelijke wereldorde op een interne rechtsregeling, doch deze laatste positief onder haar leiding en niet omgekeerd. Waar deze liefde outbreekt, ontbreekt inderdaad die innerlijke huwelijksgemeenschap zelve. Zij is zoo weinig een blinde gevoelsneiging, dat zij in de Schrift uitdrukkelijk als normatieve gebod aan de echtgenooten is gesteld.“³

Die huweliksformulier beskryf die huwelik juis waar dit daarop wys dat die egtelike liefde hulle saambind om mekaar trou te help en bystaan.⁴ Dit is liefdediens.

-
1. DE VRIES W.G. a.w. p. 123.
 2. 1 KOR. 13:4-8a; KOL 3:13,14. Paulus skryf in 1 Kor. 13 oor die uitnemendheid van die liefde en stel dit hoër as geloof en hoop en in Kol. 3 vermaan hy tot die broederliefde. Die liefde moet 'n lewenswyse wees, binne die huwelik en met die mense in die samelewing.
 3. DOOYEWEERD H. a.w. p. 267.
 4. DIE KERKBOEK, p. 78-80.

Die.....

Die egte liefde laat hom gewillig dwing deur die liefde van God.

De Vries skryf oor die liefde van God: „die ons zijn bevrijdende geboden op weg niet laat ontbreken. Ook niet op de weg van beide sexe naar elkaar.”¹

In die huweliksliefde gee en neem man en vrou van mekaar en geniet dieselīde dinge saam. Die liefde vra wederliefde. Die liefde is die maatstaf van die huwelikslewe. Die liefde vra altyd weer liefde. Die liefde gee sin en betekenis aan die huwelik.

Wielenga laat hom soos volg uit oor die liefde: „God verbindt twee menschen opdat sij samen een leven van liefde zouden leven, tydelijk en geestelijk, dit is de voornaamste idee van het huwelijk.”² Hy skryf verder dat die egpaar hul roeping nie kan volbring sonder die ware en bestendige liefde nie. Die ervaring het ons ook geleer dat 'n man en vrou uit 'n gelukkige huwelik harder en meer toegewyd werk as mense uit 'n ongelukkige huwelik.

Die liefde wat God vir die huwelik opeis, gee Hy as 'n gawe in die huwelik. So gesien is die huweliksbevestiging eintlik 'n liefdestevestiging.

Hebden-Taylor stel die liefdesoorgawe tot mekaar as volg: „Love in this sense means caring for the other person as one cares for oneself. To love one's wife means to care for her because of what she is and not because of anything she can give you or do for you. To love your husband means to treat him as an end in himself and not as a means to your own satisfaction.”³

Die aard van die ware huweliksliefde is so heg en intiem dat daar moeilik 'n lewensverband bedink kan word waar mense nader aanmekaar is in hegte lewensverbondenheid en juis dit bied unieke ruimte vir opvoedingswerk. Dit maak van die gesin 'n besonder sensitiewe opvoedingsituasie.

1. DE VRIES W.G. a.w. p. 77.

2. WIELENGA B. : HET HUWELIJK ALS INSETTING GODS, p.128.

3. HEBDEN-TAYLOR E.L. a.w. p.24.

4.6.3 DIE AARD VAN DIE MORELE EGTELIKE LIEFDE

Stoker het die tipiese aard van die sedelike, dus ook van die liefde, behandel volgens die sistematiek van die Wysbegeerte van die Wetsidee. Die volgende grondstellings word gemaak:

Die sedelike verskynsel is uniek en oorspronklik te onderskei van alle ander wetskringe en is nie tot 'n ander herleibaar nie.

Die sedelike staan egter nooit alleen nie, maar is ten nouste verwleg en verbonde met alle ander lewenssye (Universaliteit in eie kring). Net die mens is 'n sedelike wese, in sover hy met ander mense saamleef en in 'n verhouding staan. Daarom hou die huwelik en gesin ook 'n sedelike aspek in, soos voorheen reeds genoem.

Stoker stel die sinkern van die sedelike so voor: „Wat anders van die mens in die verhouding tot die mens, gee aan sy menslikheid die hoogste uitdrukking van die liefde? Wat is die hoogste wat die mens kan bereik in sy verhouding tot die medemens? Is dit nie juis die self- en naasteliefde wat ons die kosmiese wesensgrond van die sedelike openbaar en die unieke eieaard van die sedelike tot uitdrukking bring nie?“¹

Die grondwet van die liefde vind ons in Mat. 22:39 - „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.“ Kwalitatief gelykwaardig self- en naasteliefde.

Liefde dus tot die mens as individuele sosiale wese, liefde tot die menslike persoonlikheid. Hierdie naasteliefde moet ons onderskei van die seksuele sinnelus van die erotiek en sentimentaliteit en ook van die liefde tot God.

In die huwelik en gesin het die sedelike liefdesbetrekking 'n eie aard.

Wanneer 'n man en 'n vrou tot mekaar aangetrokke voel en daar ontwaak 'n persoonlike liefde in hul harte vir mekaar, dan ontstaan daar

1. STOKER H.G. : DIE GROND VAN DIE SEDELIKE, p.12-16, 27, 35.

by beide die roeping om hulle aanmekaar te verbind in 'n hoër eenheid, waarin hulle ook „een vlees“ wil wees. Van die eenheid sê Kuyper: „Men zoekt elkander niet om dat een vleesch zijn, maar om die hoogere eenheid en het andere is van die hoogere eenheid slechts gevolg en uitvloeisel, overeenkomstig de scheppingsordinantie Gods. Zoo rust dan het gezinsleven in de eerste plaats op deze duurzame zedelijke betrekking, die man en vrouw over en weer elkander bindt; en niet dan met den dood kan deze band ontbonden worden.“¹

Hierdie huweliksbetrekking eis liefde, toewyding en sorg vir mekaar.

Strauss skryf oor die gesinsliefde soos volg: „Hierdie gesinsliefde is die skering van die gesinslewe, die sagte weefwerk wat ouers en kinders saambind in hulle wedersydse liefdesvertroue en -trou, hulle liefdesbillikheid en harmonie, hulle liefdesewewig en omgang, hulle liefdestaal en -styl, hulle liefdesbegryplikheid en -gevoeligheid, alles in die omvleueling van liefdesgesag en gehoorsaamheid.“²

Schrotenboer het sy siening van die intieme aard van die gesinsliefde as volg gegee: „The family is a moral community of love between parents and their children. It is an institution of love.“³ Hierdie liefde maak die huwelik intiem, 'n lewenslange verbintenis, gee daaraan sy unieke aard en bestempel hom as 'n eiesoortige en andersoortige gemeenskap.

4.7 DIE GESAGSTRUKTUUR IN DIE HUWELIK EN GESIN

Tot die wese van die huwelik en gesin behoort ook die gesagsverhouding tussen ouers en kinders, wat as skeppingsordinansie eerbiedig moet word.⁴

-
1. KUYPER A. a.w. p.312.
 2. STRAUSS H.J. : VOORBEREIDENDE LEWENSOPVOEDING IN DIE HUISGESIN. Riglyne J2 No. 1, Maart 1971, p.3.
 3. SCHROTENBOER P.G. : FAMILY LIVING AND LEARNING IN BIBLICAL PERSPECTIVE. In Hope for the family, p.18.
 4. VAN HARTEN-OOSTEROM C.A. a.w. p.262.

Die.....

Die huwelik en gesin het 'n eiescortige gesagsstruktuur wat van enige ander soort gesagsstruktuur verskil.

Die gesag in die gesin mag daarom ook nooit 'n nabootsing van die staat se gesag of van die hofprosedure wees nie, want, skryf Dengerink: „De tipische gezagstruktuur van het gezin, welke in het interne structuurprincipe zelve besloten ligt, drukt zich ook uit in de interne liefdesbetrekking tussen ouders en kinderen.”¹

Gesag in die ouerhuis is ondenkbaar sonder tug en sonder ouerliefde.

Spier formuleer die gesag in die huwelik en gesin soos volg: „Dit huwelijksgezag is Goddelijke scheppingsordonantie. Het is niet af te leiden uit de burgerrechtelijke functie van het huwelijk die een uitwendig karakter draagt. Ook al zou de overheid in de wetten de huwelijksgezag niet meer erkennen, ze zou het als normatieve structuur, die in Gods soewereine Scheppingswil verankerd is niet kunnen opheffen. God heeft verordineerd dat de man het hoofd der vrouw zou zyn en dat de vrouw zich door den man moet laten leiden.”²

Hierdie gesag moet in liefde uitgeoefen word, nie in magsug nie en die vrou moet haar man se leiding in liefde aanvaar.

Tereg wys Dooyeweerd daarop dat die gesag van huwelik en gesin deur die struktuurwet gestempel word en behoort te word en wel onder leiding van die liefde, as gesag in liefde uitgeoefen.

Barth sê ook dat die ouer sy gesag van God kry, dat die Vaderskap van God die bron is vir die ouerlike gesag. Barth sê van God se Vaderskap: „Kein menschlicher Vater, sondern allein Gott ist eigentlich, wahrhaftig und zuerst Vater.”

-
1. Dengerink J.D. a.w. p. 202.
Vgl. WURTH G.B. a.w. p.76.
Vgl. DONNER A.M. : GEZAG. In Christeljk Encyclopedie III, p.221.
Ook COETZEE J.C. : ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE, p.270.
en WURTH G.B. : HET CHRISTELIJK LEVEN IN HUWELIJK EN GEZIN, p.285.
 2. SPIER J.M. : INLEIDING IN DIE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE, p.185.
Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p.272.
Vgl. ook WURTH G.B. a.w. p.76.

Barth leer ons dat Gods Vaderskap van Israel en Israel se verhouding tot God, beeld en voorbeeld was van die aardse ouer en sy kinders.¹

Israel het God geëer, die kind moet ook sy ouers eer, nie as gode nie, maar as plaasvervangers van God. Hulle voed die kind op met Gods gesag. In die Nuwe Testament regeer die ouer sy kind onder die direkte leiding van die Heilige Gees.²

4.7.1 HUWELIK- EN GESINSGESAG IS AMPSGESAG, VAN GODSWEE, DAAROM BETREKLIK EN NORMATIEF GEBOONDE. DIS AFGELEIDE GESAG.

In die huwelik en gesin is die gesag aan die man gegee, alleen in sy ampsposisie. Wat die man in die huwelik en gesin betref, skryf Erasmus: „Hierdie gesag kom van Godswée toe aan die man,”³ soos dit tewens ook blyk uit die skeppingsverhaal van die vrou (Gen. 2:18; 1 Tim. 2:12). Dit is skeppingsordinansie dat die vrou die hulp van die man is (Gen. 2:18) en dat hy oor die vrou sal heers (Gen. 3:16).

Dit sluit dan ook in dat die leiding en daarmee die gesag in die gemeenskap tussen man en vrou, aan die man toekom want wie vir ons tot hulp is, moet aan ons ondergeëkik wees.⁴

1. BARTH K. : DIE LEHRE VON DER SCHÖPFUNG, p.275.

2. Ibid p.278.

Vgl. MALAN J. du P. : Referaat oor : DIE VOORREGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE IN 'N NORMALE GELUKKIGE HUISGESIN. Simposium gehou oor : Verantwoordelike ouerskap. RAU 25 Sept., 1977, p.8. Malan sê: „Die ouer is met gesag bekleed om in God se plek die kind groot te maak en op te voed”.

Vgl. OLTHUIS J.H. : I PLEDGE THEE MY TROTH, p.91. Hy skryf onder andere: „Human lives are so important that the Lord establishes the family and gave parents authority to help them in their awesome task.”

3. ERASMUS D.F. : DIE CHRISTELIKE HUISGESIN, p.36.

4. Vgl. COETZEE J.C. a.w. p. 34. Coetzee sien die vader eerste in mag, maar dan ook in liefde teenoor sy vrou en gesin. Die vader se gesag dra 'n dienende karakter.

Erasmus se gevolgtrekking dat „hulp“ ondergeskiktheid beteken, is vergesog. Die praktyk wys hom verkeerd. 'n Vrou is nie 'n slavin nie, sy is gelykwaardig aan die man. Dit is ongelukkig so dat sommige mans soos tiranne teenoor hulle vroue optree. Dit is cwenaar dat sommige vroue weer 'n humanisties geïnspireerde „Womens Liberation“ stryd voer, omdat hulle die manlike gesag verwerp. Nie een van die uiterste standpunte kan sêun in die Skrif vind of opgrond van die Skrif hulleself handhaaf nie.

Theron stel hom die ampsgesag so voor: „In die gesin het die man die prioriteit ten opsigte van die vrou (Gen. 3:6) terwyl die vader en die moeder kragtens die vyfde gebod (Gen. 20:12) superioriteit ten opsigte van die kinders het.“¹

Wurth sê van die man se gesag: „Volgens de Bijbel, die ook hier het mannelijk bestaan zo diep peilt, moet het mannelijke vaderschap zelfs worden afgeleid van het oorspronkelijke Vaderschap van God, de Vader in die hemelen.“² Die man dra in die gesag van die ouers 'n voorrangsposisie. Die man ontvang sy gesag direk van God, die vrou ontvang haar gesag van haar man af.

Bouwman stel dit so: „Beiden, man en vrouw, zijn dragers van het beeld Gods, maar de man is daarin boven de vrouw verheven, dat hij de heerlijkheid Gods is, dat hij in het gezins, en in het huwelijksleven de heerschappij draagt en de vrouw alleen door hem en in zijn naam de heerschappij uitoefent.“ Dit lei daartoe dat as die vrou op die terrein van die man optree sy: „zoowel in strijd handelt met de door God gestelde verhouding tussen man en vrouw alsook ontrouw wordt aan haar eigen bestaanswijze of natuur.“³

Donner sê dat God die een mens bo die ander aanstel.⁴

Sietsma skryf oor die normatiewe begrensing en binding van die ampsgesag. Hy sê ook alle mense is voor God gelyk en daar geen rede

-
1. THERON J.A.L. : DIE GESIN IN DIE MODERNE ATOOMEU. In Eeufeespublikasie. I.B.C. 1969, p.171.
 2. WÜRTH G.B. : VADER EN ZOON. In Horizon. J23 No. 6, 6 Junie 1960, p.141.
 3. BOUWMAN H. : GEREFORMEERD KERKRECHT III, p.390. Vgl. CHRISTERSON L. : THE CHRISTIAN FAMILY, p.91.
 4. DONNER A.M. a.w. p.221.

is waarom een mens oor 'n ander heerskappy kan voer nie: „het is allen slechts ambt, d.w.z. het is door den loop der dingen onder Gods voorzienige leiden zoo, dat zommige menzen positie bekleden waardoor zij met gezag over den anderen begiftigd. En dit gezag wordt door het ambtelijk karakter daarvan geschraagd, want God verleent dit gezag. Maar dit gezag wordt door datzelfde ambtelijke karakter ook begrensde want de Heere heeft den mensch alleen maar om zijn bestwil aan den ander ondergeschikt gesteld, niet omdat hun een innerlijk minderwaardigheid zou aankleef, en hy van nature het gehoorzaamheid geroepen zou zijn.”¹

Ampsgesag bring dus groot verantwoordelijkheid mee, beide vir die persoon wat die gesag ontvang as die een wat die gesag moet gehoorsaam. Menslike gesag is daarom ook nie absolute gesag nie, maar afgeleide gesag, betreklik en beperk en geld alleen in sover God die een roep om die ander te lei en dit te doen na sy ordonansies.²

Waar Gods bedoeling met die tug verkeerd verstaan word, daar word die reg verkrag en vind vergryp van gesag plaas.

Die sonde het die skone harmonieuse verhouding tussen man en vrou onder 'n vloek geplaas. Satan beroof die huwelik van sy heilige karakter.³

Dog die herskeppingswerk van Christus het dit weer moontlik gemaak om die vrou weer as gelykwaardige helpster te benader. Venter sê van Christus se verlossingswerk: „Hoe meer Christelik 'n huwelik is, hoe nader kom ons aan die ideale verhouding tussen man en vrou.”⁴

Ridderbos verklaar dat die gemeenskap in Christus, nie die onderskeid tussen man en vrou ophef nie. Hy sê verder: „en (hef) de leiding gevende positie van de man ten op sigte van de vrouw niet op.”⁵

1. SIETSMA K. : DE AMBTSGEDACHTE, p.50.

2. Vgl. KIKILLUS G.T. : GESAG EN GEHOORSAAMHEID. In Koers in die Krisis III, p.74.

3. Vgl. DE BONDT A. a.w. p.24.

4. VENTER E.A. : WIE IS BAAS? In „Die Volksblad“ van 2 Des. 1944, p.8.

5. RIDDERBOS H. : PAULUS p.515.

Die koms van Christus het bestaande ordes nie opgehef nie, maar Hy het dit vernuwe, so ook die gesagsverhouding in huwelik en gesin.

4.7.2 DIE WYSE VAN GESAGSUITOEFENING VAN DIE MAN IN HUWELIK EN GESIN

In die uitoefening van sy gesag moet die man nie aan sy eie willekeurige begeertes uiting gee nie, maar hy moet die belange van die twee-eenheidsgemeenskap voorop stel. Is daar egter 'n verskil tussen die man en sy vrou wat hulle nie in liefdesvolle gesprek kan oplos nie, dan moet die man die beslissing neem, maar dan met eie verantwoordelikeid voor God.¹

Meijer sien dit tereg so dat God die man verantwoordelik maak, maar nie bo sy vrou verhef nie. Hy skryf soos volg: „Zo staan dus de zaken naar Gods orde: Hij, Jesus Christus is het Hoofd van zijn gemeente, Hij is Hoofd van de man en daardoor tevens het eerste Hoofd van het gezin.”²

Ridderbos beskou dit ook so dat aan die man die voorrangsposisie in die huwelik toegeken is, omdat die vrou terwille van die man geskape is (1Kor 11:9). Hierdie voorrangsposisie word deur Paulus nader bepaal deur die uitspraak dat man en vrou nie sonder mekaar is nie. Ridderbos skryf: „dat in de Heer het beginsel der wederkerigheid, de onderlinge afhankelijkheid en het onderlinge dienstbetoon in de liefde een nieuwe wijze geld en tot uitvoering komt. Immers heeft in Christus de man niet iets voor, boven de vrouw.” (Gal. 3:28)³

Voorts sê Ridderbos van die man se voorrangsposisie, dit: „impliseert voor de vrouw de plicht de leidende plaats van de man te erkennen, voor de man de pligt der liefde.”⁴

Richardson vind ook by Paulus hierdie belangrike uitspraak wat

-
1. Vgl. VENTER E.A. a.w. p.8.
 2. MEIJER W. : LEVEN MET CHRISTUS IN HET GEZIN, p.24.
 3. RIDDERBOS H. a.w. p.341.
 4. Ibid p.343.

die.....

die man se leiding in die gesagsuitoefening duidelik stel, naamlik dat: „in Christus die man en vrou een liggaam is en in hierdie verhouding moet die omgang tussen die man en sy vrou bepaal word. Ily sé: „Indeed we have in the marriage metaphor an excellent illustration of the meaning of the doctrine of the "one body"; "one flesh"; "one spirit" of the Pauline teaching. For the marriage relationship is the deepest, richest and most satisfying personal human relationship of which we have experience; it is an experience of surrender with absorption, of service with compulsion of love without conditions."¹

Dit is so 'n huwelik wat God beskik en wat moontlik is tussen ouers wat kinders moet opvoed. Dit beklemtoon die pragtige moontlikhede daarvan as dit ook ten opsigte van die gesinsopvoeding word: twee mense maar een harteklop.

1. RICHARDSON A. : AN INTRODUCTION TO THE THEOLOGY OF THE NEW TESTAMENT. 'n Verklaring op 1 Kor. 6:15, p.258.

HOOFSTUK 5

DIE HUWELIK EN GESIN SE VOLLE LEWENSUITDRUKKING IN DIE WETSKRINGE AS LEWENSASPEKTE ONDER LEIDING VAN DIE NORMATIEWE CESAGSTRUKTUUR

Die antropologiese struktuur van die mens na sy natuursye, met ander woorde, na die fisies-biotiese liggaamstruktuur, word hier nie weer volledig uiteengesit nie. Dit geld die getal, ruimte, fisies-chemiese, biotiese en die psigiese aspekte, wat juis funderend is vir die normatiewe handele van die mens. Hoe die gesin, met name ten opsigte van die opvoedingsaspek in die natuursye uitdrukking vind, word later belig.

Ons behandel doelbewus eers die normatiewe aspekte vanaf die logiese aspek, hoër op en daarna die natuursye vanaf die getal tot die psigiese. Die motivering is dat die lewensuitdrukking in die natuursye duideliker geïllustreer word as die normatiewe sye klaar toegelig is. Die ontsluiting van die natuursye van huwelik en gesin inklusief die mens se fisiese liggaam, onder leiding van die gehoorsaamheidsnorme word aldus duideliker na vore gebring.

By die behandeling van elke aspek sal ons aanverwante probleme belig wat uiteraard daar tuishoort. Sodoende word die balans van die proefskrif beter gehandhaaf deur nie die uitdrukking van huwelik en gesin en die opvoedkundige aspek gelyktydig te behandel nie. Dit behoort nie die geïntegreerdheid van die tema te benadeel nie.

Ons behandel die uitdrukking van die huwelik en gesin eers in die normatiewe wetskringe, dan in die voor-logiese om dan aan die einde die ontsluiting deur die geloof te bespreek.

5.1 DIE HUWELIK EN GESIN IN DIE NORMATIEWE WETSKRINGE

5.1.1 DIE INTERNE HUWELIKS- EN GESINSDENKE (Die logiese wetskring)

Die huwelik en gesin het 'n tipiese gemeenskapsdenke, gestempel as

gesinsdenke.....

gesinsdenke in liefde.

Dooyeweerd sê van hierdie huweliks- en gesinsdenke die volgende: „In de logische zinzijde drukt het interne structuurprincipe zich uit in het gemeenschapsbegrip van de inwendige gesinsverhoudingen, dat als zoodanig van volstrekt voor-theoretischen aard, steeds onmiddellik in de emosionele gevoelsbetrekkingen tusschen de gezinsgenooten is gefundeerd, hun denkwijze in deze interne verbandsverhoudingen by alle individueel verschil in aanleg en ontwikkeling onlosmakelijk vervlecht en waarin het autoriteitsbegrip een essentiëel moment vormt.....Dit denken staat onder de typische normatiewe leiding der ouderen kinderliefde in de differentiatie van gezagsdragers en aan dit gezag onderworpenen, en het heeft zijn eigen logische individualiteits-structuur.”¹

Binne die interne gesinsverband is die logiese struktuur die onmisbare basis vir alle funksies van die gesin in die opvolgende normatiewe wetskringe. Hierdie denke het onder andere ook in die psigiese aspek 'n funderingsmoment want man en vrou behou hul psigiese aard ten spyte van hul eenwording. Die vrou dink oor die algemeen minder logies abstrak en analities, maar meer intüütief en spontaan aanvoelend.

Wielenga sê met reg: „de sexe is oorsaak, hoe ver en hoe diep kunnen wij niet uitmaken, dat de vrouw meer passief leeft dan de man, meer met het gemoed, dat voelt, met de intuïtie die onmiddellijk waarneemt en het voorhandene, zoowel in tyd als ruimte begrijpt en grijpt.”²

Man en vrou dink as huwelikspaar en as gesinsgroep ook in gemeenskap in terme van en in belang van hierdie intieme liefdesgemeenskap. Dit is nie kleurlose uniforme denke nie, want gesonde individuele denke is onmisbaar. Dit is wel gekenmerk deur 'n solidêre geïntegreerdheid in hierdie intieme samelewingsverband onder liefdesleiding. Spier stel dit byvoorbeeld as volg: „In de gemeenschapsdenken is de denkwijze van afzonderlijk leden van het gezin onderling vervlochten. Niet alle leden denken eenders. Er is tussen de leden verschil in ontwikkeling

1. DOOYEWEERD H. : . DE WYSBEGEERTE DER WETSIDEE, III, p. 232

2. WIELENGA B. a.w. p.81.

en.....

en in kyk op allerlei dinge. Maar er behoort een ongedwongen uitwisseling van gedachte te zijn, opdat er in fundamentele sake eenheid zij. Als die liefde die leiding heeft, zal niet alleen die gemeenskaplike denke verrijkt word, maar zal ook die eenstemmigheid in die hoofdsake bewaard word en die kinderlike ontzag voor die ouerlike gezag zal die waarborg zijn, dat die band der gemeenskap nie verskeur word deur polaire spanninge in die denke der huisgenote. Die autonome past zeker nie in die kader van die interne gemeenskaplike denke der gesins'ede. Die autoriteitsbegrip behoort in die denksfeer sentraal te zijn."¹

Daar is 'n lewensverband, 'n unieke samehang van die logiese individualiteitsstruktuur met die latere normatiewe funksies, gefundeer op die natuursye van die menslike liggaam.

Onder die gesagsopleiding van die liefde het die gesin byvoorbeeld eie interne omgangsbegrippe, taalbegrippe, 'n denkharmoënie in eensgesindheid, eie interne regebegrippe, eie spaarbeplanninge, en so meer. Alle kultuuraktiwiteite binne die gesinslewe is mede die vrug van logiese besinning, oorweging, sifting, beredenering binne die gesinsstruktuur.

Een van die oefenskole om die kinders se denkvermoë op te skerp, is byvoorbeeld om die etenstafel, veral saans, waar by wyse van vraag en antwoord die gesinsgesprek gevoer word.

Die gesinsgesprek gaan oor verskeie sake wat die gesin raak. Gesinslede vorm daar 'n „dinkskrum" wanneer die belange van een of meer lede van die gesin in krisissituasies verkeer. Daar bespreek, beplan, beredeneer die gesin saam om 'n oplossing vir die probleem te vind. Tegelyk moet daar denkbeweging wees wat ryppwording behels, daar moet denkgroei plaasvind teenoor denkgeslotenheid en denkverstarring en denkverskeidenheid. Die gesin moet dus mekaar opskep en verrijk en prikkel en verras. So lewer elkeen 'n bydrae.

1. SPIER J.M. a.w. p.188-189.

Dit is ook opvallend hoe die logiese aspek die historiese aspek fundeer, of anders gestel, voor die historiese kom. Dit beklemtoon die onmisbaarheid van die denkkante voordat die mens se kultuurwerk kan begin.

Daar is werklik geen normatiewe lewensaktiwiteit te bedink sonder logiese fundering; wik en weeg, integrering van feite en faktore. Daarom is die ontslote denkvermoë van die ouers as gesagsdraers so belangrik.

5.1.2 DIE HUWELIK EN GESIN IN DIE HISTORIESE WETSKRING

Die sinkern van die historiese lewensaspek is beheersende, vormende beskawingsontwikkeling, wat Dooyeweerd as volg omskryf: „die van een beheersende vorming van een gegeven aanleg structuur of toestand tot iets dat zich niet vanzelve ontwikkelt, maar veeleer als „Aufgabe“, als taak is voorgesteld en in normatiewe vryheid in het subjectiewe proses der beschaving verwerkelykt wordt.“¹

Juis ook die huwelik en gesin moet as lewensvorm en normatiewe vryheid voortdurend gevorm, gepositiveer word.

Dit behels met ander woorde die vormende kultuurtaak waartoe die mens, ook in sy verbandslewe geroepe is en in besondere sin in huwelik en gesin.²

Ons het hier ook te doen met die totale lewensstyl van die gesin, dit wil sê met die gesin se interne beskawing, gebruike, gewoontes, steeds onder leiding van die liefde.

Spier sien die kultuurtaak in die huwelik en gesin soos volg: „In de historiese wetskring heeft het huwelijk een cultuurvormende taak, daar het moet meewerken op allerlei wyse aan de beschavingsontwikkeling. In het - door het gesinsleven verdiepte - huwelijk worden de kinderen opgevoed en gevormd voor hun toekomstige cultuurtaak, terwyl ook afgedacht van de kinderen - de echtgenooten elkander cultureel hebben te vormen.“³

1. DOOYEWEERD H. a.w. p.143.

2. Vgl. STRAUSS H.J. : INSTELLINGS EN ORGANISASIES TOT EER VAN GOD, p.12.

3. SPIER J.M. a.w. p.187

Ook die gesin is met die interne opvoedingswerk direk besig met histories-vormende kultuurwerk. D.F. Malherbe maak die volgende belangrike uitspraak oor kultuur wat die implikasies van die historiese aspek veelseggend belig, ten opsigte ook van alle gesinsarbeid: „Kultuur is alles van grondbewerking tot skeepvaart en maanreise, van ploeg en saai tot stede bou, van Jubal se siter en fluit tot die magistriale oratoriums van Händel, van die minneliedjie tot die grootste letterkundige verbeelding van Dante en Shakespeare, van die kennis van bome te snoei tot die fynste biologiese ondersoek in die laboratorium, van die familiehoof se beslegting van 'n geskil, tot die weidse regbank van ons tyd, van die familiale orde tot die verwickelde staatswerkzaamheid, van die nederigste hut tot Windsor Castle, van Abraham se klipaltaar tot die Gotiese domkerk.“¹

Die historiese aspek het te doen met die beskawingsontwikkeling, beskawingspeil van die mens, met name dus van die volk en die gesin, byvoorbeeld. Die gesin lewe binne die sfeer van 'n volkslewe wat as die breër kultuurgemeenskap na alle lewensaspekte onder leiding van 'n bepaalde religie ontplooi of geslote bly.

Vanweë hierdie intieme vervlegting van die gesin en ander samelevingsverbande, saam begrepe in die breër beskawingsontploffing, sal die gesinslewe en die opvoeding daarbinne direk daardeur bepaal word. Prakties beteken dit dat 'n Calvinistiese georiënteerde gesinslewe binne die Suid-Afrikaanse samelewing met 'n ontslote en ryk gedifferensieerde kultuurlewe daar heel anders sal uitsien as die in 'n primitiewe stamverband.²

Hierdie historiese aspek het in bepaalde en unieke sin te doen met al die ander aspekte. Waar daar kultuurontsluiting is onder leiding van die Christelike geloof, word alle ander lewensakkers ontgin en ontplooi - vanaf natuurbeheersing tot gesinsverdieping. Hier kan ons dus wys op

-
1. MALHERBE D.F. : KULTUUR : DIE ADEL VAN ARBEID. Uit : Kaleidoskoop van Kopsicland, Mei 1977, p.4.
Vgl. POPMA K.J. : CALVINISTISCHE GESCHIEDENISBESCHOUWING, p.40-42.
 2. Vgl. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE II, p.294.
DOOYEWEERD H. : THE MEANING OF HISTORY IN THE LIGHT OF THE DIVINE WORD-REVELATION, p.294, 296-297.

die.....

die ryke kultuurskatte en opvoedkundige stimuli binne die progressiewe Protestants-Christelike huisgesin teenoor die kultuurarmoede van die onontwikkelde en ontwikkelende groepe.¹

„De verbreding en verdieping van de verschillende functies in de historische voortgang heeft intussen tot belangrijk gevolg dat de mens, de individuele mens, als zodanig duidelyker naar vore treedt. Ging hij eerst op in het stamverband, dat al zijn levensfuncties accentueerde, in de meer ontslote cultuur krijgt de mens zijn zelfstandig karakter, ja, zijn persoonlikheid.“²

5.1.2.1 DIE WEDERSYDSE VORMING DEUR MAN EN VROU IN DIE HUWELIK

Onder leiding van ware persoonlikheidsliefde, moet man en vrou as ouer in hul verskil van aanleg, temperament, vorming en geestes-eiendomme mekaar geestelik bevrug, verryk en verdiep, mekaar se persoonlikhede veredel en hoër opvoer.³

Ons vind dan ook dien ten gevolge in elke gesin 'n bepaalde beskawingspeil, kultuurvlak en spesifiek gewoontes wat net in die gesin op hulle plek is, maar nie daarbuite nie.⁴

Bavinck sê van die wedersydse beïnvloeding van man en vrou: „Den eienaardigheden van man en vrouw maken daarom den een voor den ander onmisbaar. Elk van beide is op zijne wijze niet als mens, maar als man of als vrouw incompleet. De man vindt in de vrouw zijne aanvulling en zijn correctief, en omgekeerd de vrouw in de man.“⁵

Dit is baie belangrik vir die gesin se opvoeding dat man en vrou mekaar goed vind voor kinderopvoeding tersprake kom en dat die kul-

-
1. Vgl. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE II, p.296-297.
 2. DIEMER E. : WYSBEGEERTE EN SOCIAAL LEVEN. In Wysbegeerte en Levenspractyk. 'n Versamelwerk.
 3. Vgl. LOMBARD J.C. : DIE HUWELIK EN GESIN SOSIOLOGIES GESIEN IN DIE LIG VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE, p.56.
 4. Vgl. SPIER J.M. : ORIËNTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p.90.
 5. BAVINCK H. : HET CHRISTELIJK HUISGEZIN, p.90.

turele beheersing van die huwelik na alle kante sodanig is dat 'n gunstige situasie geld vir die opvoedingswerk van die kinders.

5.1.2.2 DIE GESIN SE VORMENDE OPVOEDINGSTAAK

Ook die hele huisgesin is by uitstek 'n samelewingsverband waar die gesinslede mekaar slyp en vorm. Elkeen oefen sy invloed uit op die ander in die gesin.

Bavinck beskryf hierdie vormingstaak as volg: „Nergens wordt de eenheid en gemeenschap, de verscheidenheid en afwisseling, dat vormende element en de opvoedende kracht aangetroffen als in den kring des huizes.”¹

Die belangrikheid van die huisgesin se opvoedingstaak word deur Coetzee as volg gestel: „Uit sy samestelling volg onmiddellik dat die huis die eerste en oorspronklike instelling van die opvoeding is.... alleen die huis waarin die liefde woon tussen die kinders onderling is 'n ware opvoedende gemeenskap. Die huislike opvoeding is nie alleen die begin van alle opvoeding nie, maar ook die grondslag van alle ware opvoeding.”²

Die man as leidende gesagsdraer, is die taak opgelê om na alle lewensaspekte werklik leier te wees. As profeet leer en onderrig hy in alle lewensaspekte wat die Christelike opvoeding betref, nie net die godsdienstige aspek nie. As priester dien hy sy huisgenote met liefde na alle behoeftes.

As koning regeer hy met gesag en lei sy gesin om teen die sondes en alles wat die gesin mag afbreek, te bege. Hierdie drie-voudige amp sluit alle lewensaspekte van die gesin in.

In hierdie verantwoordelikheid staan die vrou haar man by, want sy is ook profetes, priesteres en koningin in haar huis.

1. Ibid p.90.

2. COETZEE J.C. : ALGEMENE INLEIDING TOT DIE TEORETIESE OPVOEDKUNDE, p.361-363, 365.

Bavinck beskryf die verhouding van man en vrou in die huwelik so: „Indien de man het hoofd is, dan is de vrouw het hart des gezins. De man brengt de vruchten van zijn arbeid in, de vrouw deelt ze uit naar elk van noode heeft....de man is de stichter, de vrouw is de bewaarster van het gezin.”¹

Dit is duidelik dat daar harmonieuse samewerking tussen man en vrou in die huis moet wees ter wille van die goeie orde maar ook as openbaring van die liefde.

Dit is die primêre roeping van die ouers om hulle kinders op te voed, maar dit is ook so dat die kinders steeds hoër eise aan die ouers stel en langs die weg vind daar ook van die kinders se kant 'n vormende invloed op die ouers uit, dog die sterkste invloed gaan van die ouers uit op die kinders.

Belangrik vir die ouers is dat die vrou voor die geboorte van haar kind na haar gesondheid moet omsien. Dit is moontlik dat onverskillige optrede as gevolg van die gebruik van foutiewe en skadelike genotmiddels kan lei tot die geboorte van 'n kind wat met 'n agterstand gebore word en so nie tot 'n volle persoonlikheid kan ontsluit nie.²

Mow beweer: „Elke kind wat gebore word bring met hom die geleentheid vir 'n beter wêreld mee, mits ouers en ander volwassenes van hulle verantwoordelikheid bewus gemaak kan word.”³

Die verantwoordelikheid om 'n lewende kind te ontvang by geboorte kan ouers nie ignoreer nie, want die kindjie kom as totale afhanklike mens in die wêreld.

Die opvoeder hanteer jong mense wat na die mens gesproke, die wêreld gaan maak of breek.

1. BAVINCK H. a.w. p.124.

2. Vgl. KEYTER J. de W. : DRINGENDE VRAAGTEKENS IN ONS OPVOEDING EN ONDERWYS, p.76-82.
VAN DER MERWE A. : DIE CHRISTELIKE HUISGESIN AS OPVOEDINGSINSTELLING.

3. MOW A. : LEEF MY KIND? p.3.

Spykman sê terog: „The family is a creation ordinance, providing a setting for parents and children to live together as a basic unit in society. Nothing can take its place.”¹

Ons kan daaraan toevoeg dat dit, met name, geld vir die gesinsopvoeding. Dit is ouers se onvervreembare plig om hul kinders op te voed tot verantwoordelike volwassenheid. In die huis het hulle die geleentheid om aan hul kinders se vorming 'n bepaalde rigting te gee.

5.1.2.3. DIE ROL VAN DIE TUG IN DIE OPVOEDING, VERAL MET BETREKKING TOT DIE HUISGESIN

Daar heers vandag in sommige kringe die geloof dat 'n kind toegelaat moet word om homself uit te leef sodat hy ongehinderd kan ontplooi. Die ouer moet net die geleenthede vir hom daartoe skep.

Daarteenoor staan die Skrif in die Christelike opvoedingsideaal wat die ouer verantwoordelik hou om die kind op te voed in die tug en vermaning van die Here ² wat beteken dat die kind volgens die norme wat God daarvoor neergelê het, opgevoed moet word.

By die uitoefening van tug moet die liefde die leidende beginsel wees.³

-
1. SPYKMAN : THE FAMILY IN SOCIETY. In, Hope for the Family, International Reformed Bulletin 46/47 1971, p.36.
 2. SPREUKE 1:8, 4:1 - „Luister na die tug van jou vader en verwerp die onderwysing van jou moeder nie.”
3:11 - „Verwerp die tug van die Here nie.”
13:1 - „'n Wyse seun luister na die tug van die vader.”
Efes. 6:4 - „Voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.”
 3. DE KLERK J.J. a.w. p.158.

Van Rooy.....

Van Rooy sê. „Tussen tug en straf is daar 'n groot verskil. Die owerheid straf, die ouer tug. In beide gevalle geskied dit weens gesag wat van God afkomstig is.”¹

Tug bestaan uit pakgee, vermaning, berisping. Tug moet 'n gedurige proses wees. Tug moet pas by die oortreding, die ouderdom van die kind en die omstandighede van ongehoorsaamheid.

Tug is 'n onmisbare element in die gesinslewe, dit is, as dit reg toegepas word, die bewys van die liefde in die gesin.

Hoorweg wys op die onmisbaarheid van tug in die gesin as hy sê: „Tucht is de handhaving van de kosmische orde in de kleine kosmos van het gezinsleven.”²

Dit is opvallend dat die losbandige en gedissiplineerde kind direk opval wat weer saamhang met die gesagsuitvoering in die gesin.

Ouers wat die tug verstaan en hul kinders ken, weet hoe om die tug toe te pas sonder om een kind te veronreg. Die vrugte van die tug vat Hoorweg soos volg saam: „En zo worden ze - en dit is de vrucht van onze godvruchtige opvoeding - uit geloofsoortuiging anti-revolutionaire, principiële verwerpers van de revolutie, omdat ze zijn, dat revolutie niet anders is dan de uitleving van het zondige mensenhart, en dat het zalig is de geboden Gods te doen, omdat we zo toegang hebben tot het geboomte des levens.”³

Wurth wys daarop dat tug in etiese sin weergee die Latynse disciplina as die handeling en gedrag teenoor die dissipel die leerling. Dit hoort daarom tuis in die opvoedkundige sfeer en is een van die opvoedingsmiddele, veral met betrekking tot sedelike opvoeding en is nie te verbind met straf nie. Dit is die strenge leiding wat aan ie-

1. VAN ROOY C. en D. : EK EN MY HUIS, p.38.
Vgl. POP F.J. : BIJBELSE WOORDEN EN HUN GEHEIM, p.406.
2. HOORWEG L. : ONS GEZINSLEVEN, p.60.
Vgl. MEIJER W. : LEVEN MET CHRISTUS IN HET GEZIN, p.63.
Vgl. ook WURTH G.B. a.w. p.60.
3. HOORWEG L. : a.w. p.61,62.

mand gegee word om hom instaat te stel om aan sy sedelike bestemming as seun te beantwoord. Tug lei juis na die regte vryheid.

5.1.2.4 DEVALUERING EN ONTLEDIGING VAN DIE GESIN SE OPVOEDINGSTAAK

Ons het reeds daarop gewys dat opvoeding in die eerste plek die primêre taak van die ouers is.

Met die toenemende kultuurontwikkeling het hulpdienste vir die opvoeding noodsaaklik geword, soos onder andere die skool naas die kerk. Die opvoeding in die huisgesin moet egter meer as ooit skerp en dringend positief geëvalueer word.

Ons verwys na 'n studie wat in Israel onderneem is na die invloed van die Kibbutse op die gesinslewe. Daar is juis weg beweeg van die geïsoleerde gesinslewe.

Ouers werk in gemeenskappe saam en die kinders word in sentrums deur onderwysers en oppassers versorg.

Die ouers het nie meer direkte invloed op die kinders gehad nie, maar wel op die opvoeders.

Talmon-Garber skryf oor die ouers se aandeel in die opvoeding, die volgende: „Parents were able to supervise closely the way their children were raised there.”

In die Kibbuts het 'n verandering in die gesinsleefwyse ingetree. Hy skryf verder: „The original homogeneity of the initial stage is disrupted by division of labour and by the establishment and growth of families.”

Hierdie soort samelewing het 'n tweede geslag teweeg gebring.

„The appearance of the second generation is of crucial importance

in.....

in this context because children are the main focus of segregated family life in the Kibutzim. Marriage does not entail a redefinition of roles and a new division of labour does not cause clearly perceptible cleavage between the couple and the rest of the community. The birth of children manifest the partial independence of the family."¹

Daar word byvoorbeeld van die kinders verwag om die ouers se ambag voort te sit. Ouers en kinders maak hier nie meer die selfstandige gesin uit nie, hulle het deel geword van die groot gemeenskap. Die soewereinitiet in eie kring is aangegetas, wat die huisgesin betref.

Hierheen het gesinne in verset gekom omdat die privaat gesinslewe hulle ontnem was. Veranderinge ten goede is egter aangebring sodat ouers en kinders vir langer ure weer met mekaar kon verkeer.

Talmon Garber wys op die resultaat daarvan in die volgende uitspraak: „The family regains some of its lost functions in the sphere of house-keeping. The flat serves in many cases as an important symbol of the togetherness of the family and a physical tend to take a more active part in the socialization of their children.”

Ouers kan nou self meer omsien na die jong kinders en het 'n groter aandeel begin neem in die opvoeding van die jeug. Selfs huweliksere- monies is weer gevier en dit in geleenthede omskep wat die gesinne graag wil bly onthou. Die eie woonplek het weer die plek geword waar die gesin gevorm en opgevoed word.

Die gegewens wat Talmon Garber na vore bring, beklemtoon die feit dat die huisgesin 'n fundamentele instelling vir die menslike lewe is, waarbinne die kind in bepaalde sin die eersgeboortereg van sy lewens- versorging en opvoeding ontvang. Die gesin is onvervangbaar. Die mens kan Gods skeppingsorde nie willekeurig ophef nie, want die gevolge is dat sy lewe ontwig word. Die oortreder van Gods wet loop hom altyd vas teen 'n doodloopstraat.

1. TALMON-GARBER J. : THE FAMILY IN COLLECTIVE SETTLEMENTS. International Social Science Journal, Vol. XIV, 1962, Unesco, p.468-487.

Dis.....

Dis 'n bekende feit dat die kommunistiese regering in Rusland ook in radikale sin die ouers as het ware onteien het van die kinders, toe die staat hulle feitlik geannekseer het in kommunale sentra om hulle uniform op te voed. Dit is veelseggend dat hierdie regime deur die wrange gevolge daarvan gedwing is om die ouers en die gesin meer erkenning te gee.

5.1.2.5 KLEUTERSKOLE EN BEWAARSKOLE

Kleuter- en bewaarskole het vandag die voorskoolse skool geword. Al verskil met die gewone dagskool is dat kleuters nog nie verplig is om daardie skool by te woon nie. Alle aanduidings is daar dat die kleuter- en bewaarskool gekom het om by ons te bly en dat dit in die toekoms 'n steeds belangriker rol sal vervul in die versorging en opvoeding van ons kleuters en peuters.

In resente tye en vandag nog is daar sekere ouers wat die kinders uit gemaksug en traagheid na die kleuterskool neem, maar daar is vandag egter 'n wesenlike behoefte hieraan. Deels is die ekonomiese toestand van die land daarvoor verantwoordelik, want baie meer moeders as vroeër is verplig om beroepswerk te doen.

Vandag word hoër professionele eise aan die personeel van bewaar- en kleuterskole gestel, met die gevolg dat kinders in die skole baie goeie versorging ontvang. Kinders kom so baie vroeër met die buitewêreld in aanraking; hulle moet vroeër leer om hulleself te handhaaf en hul sosialisering vind ook vroeër plaas. Die bewaar- en kleuterskool moet ook soos die gewone skool die opvoeding van die ouer aanvul.

Die feit dat kindertjies so vroeg in hulle lewe vir 'n groot deel van die dag die ouerhuis en ouersorg ontbeer, moet sy nadelige uitwerking op die kind nalaat. Dit kan tot gevolg hê dat die moeder se invloed op die kind kan kwyn; dit kan wees dat ons 'n geslag grootmaak wat armer aan gesinsliefde, gesinsorg en gesinsopvoeding groot word.

As.....

As die kind ontsteld of ongesteld is, of in enige nood of spannings situasie ondervind, is die spontane reaksie dat die moeder en/of die vader die sekuriteit en troos bied. Die kleuterskool van die voormiddag kan by wyse van die simpatieke onderwyseres nooit soos die ouers in hierdie behoefte vervul nie, omdat die gesinsopset hier die eerste natuurlike skokbreker is. Bogenoemde geld natuurlik ook die kind in die primêrskool, maar die pre-primêre kleuter is nog meer sensitief en emosioneel afhanklik van die ouerliefde.

Die bewaarskool en kleuterskool voorsien egter in 'n noodsaaklike behoefte vir ons tyd. Dit bied ook 'n oplossing aan vir ouers wat buitenshuis beroepswerk moet doen. Dit bied 'n opvoeding aan wat baie kinders in hul eie huise mis. Nogtans moet ouers daarop bedag wees dat die belangrikste opvoeding van die kind in die ouerhuis moet plaasvind en ten diepste is die kleuterskool 'n noodverband of noodhulp selfs in ons moderne omstandighede. Die oueropvoeding tuis bly prinsipieel die beste wat aan te bied is.

5.1.2.6 DIE HUWELIK EN GESIN SE BEHEERSENDE FORMING IN DIE DAAGLIKSE ARBEID

Die interne gesinsarbeid moet nie geskei word, maar wel onderskei word van die eksterne beroepsarbeid van die vader en/of die moeder. Hierdie eksterne beroepsarbeid is wel onafskeidbaar vervleg met die interne huweliks- en gesinslewe, veral ten opsigte van die ekonomiese verdienste.

In die interne huweliks en gesinslewe is die vormende werk van veral die vrou van besondere betekenis. Wielenga beweer dat die vrou nie gewoenaar kan word met die bestuur van die interne gesinslewe nie.¹

-
1. WIELENGA B. : HET HUWELIJK ALS INZETTING GODS, p.184.
Vgl. SPREUKE 31:10-31 (vs.10: „haar waarde is ver bo korale.“)
Volgens GISPEN W.H. IN KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT se uitleg van Spreuke 31:10 vv. was hierdie „flinke vrou“ iemand met hoogstaande kulturele inisiatief en mondigheid.

Talle.....

Talle voorbeelde kan genoem word om die vrou se beheersende vorming te skets. Ons noem onder andere die kenmerkende „huisskoonmaakdag“, haar voedselvoorbereiding en versteiling aan klere, masjienwerk, lap- en stopwerk, die estetiese versorging van die huis, die skep van estetiese voorwerpe (kuns, naaldwerk, onder andere) om die huis te versier, om met alles 'n liefdevolle en gesellige woonplek van die huis te maak.

Die plaasvrou behartig ook nog dikwels 'n deel van die boerdery, soos pluimvee en tuinry.

Op die platteland heers die gesin meer direk oor die grond, plant en dier. In die stad is die geleenthede beperk tot die tuintjie in die agterplaas, die grasperk en blomtuin in die voortuin.

Die interne vormingsarbeid vervloei na gekommersialiseerde kunsmatige substitute en dikwels verkeerde, liberalistiese maatskaplike organisasies en verbande.¹

Die historiese vorming het betrekking op alle lewenssye soos bv. biotiese gesinsvorming, teenoor doelbewuste kinderloosheid, die vorming van interne sedes en gewoontes en gedragslyne, ekonomiese en stoflike arbeid; esteties in allerlei dekorasies en sindelikhedsvorming; die vorming van interne ontspanning en omgang van 'n eie interne lewensstyl en gewoontes en so meer. Die gesin is die kweekplek van arbeidslustige volksgenote in plaas van leeglêers.

Die gesin is die plek waar die kind selfwerkzaamheid en medewerksaamheid leer. Hier leer hy dat arbeid adel en dat dit nie 'n skande is om te werk nie.

Die ouer moet die kind leer dat skeppende arbeidsvreugde sy deel en sy voorreg is.

Die gesin se arbeid vertoon 'n ryke differensiasie, soos:

1. Vgl. KEYTER J. de W. : HUWELIK EN GESIN, p.108,111.

Beroepsarbeid deur een of albei ouers en van die ongetroude of getroude werkende kinders. Daar is huiswerk soos skool- en studiewerk, dit is nie-ekonomiese werk, asook nie-betaalde tuinwerk, huishouding, alles met verskillende bestemmings, soos die dogter wat vir die huis blomme rangskik. Dit is estetiese werk wat 'n sosiale doel dien om 'n aangename atmosfeer te skep. Die seun wat weet hy moet die motor was en grasperke reghou, sal in gehoorsaamheid vormende kultuurwerk doen om genoemde twee dingstrukture, motor en tuin esteties beter te laat lyk. 'n Pragtige voorbeeld van skeppende gesinsarbeid is waar die moeder die dogter leer om klerre te maak - minstens dan om hier die basiese dinge te kan doen. Hiermee leer die dogter om kultuurgoedere (klerre) te vorm met 'n belangrike sosiale objeksfunksie.

Arbeidsharmonie kom in die gesin uit in die genoemde spanges teenoor spanninge. Ook daarin dat ewewigtig aan alle arbeidsaspekte die nodige gebalanseerde aandag gegee word en die een aspek nie oordrewe aandag ontvang ten koste van ander verwaarloosde arbeidsopdragte nie.

Arbeidsregverdigheid binne die gesin kom byvoorbeeld daarin uit dat elkeen sy regmatige deel doen volgens die liefde teenoor mekaar en dat die „lyf wegsteek" ten koste van ander as onreg geld. Iemand moet immers die ongedane werk doen. Ouers kan anti-normatief die kinders verslaaf in liefdelose onregverdigheid. Dit het baie sterk na vore getree ten tye van die Industriële Revolusie.

Arbeid kan ook eties en oneties wees. Die kind moet leer watter werke normatief Christelik gehoorsaam is en watter nie en as hy 'n beroepskeuse maak watter werk geoorloof is en watter nie.

Die kind moet ook leer dat diens aan die Here (Gen. 1:28; Kol. 3:23) inspanning verg en dat tyd vir aanbidding gedurende die week gemaak moet word as gereelde geloofsarbeid - dit sal vir hom arbeidssekerte verskaf.

Deur Christelike opvoeding in die arbeid, kan ouers, onderleiding van die geloofsuitgang van die hart, hul kinders help ontsluit tot selfverantwoordelike, selfstandige en betroubare volwasse arbeiders.

5.1.3 DIE INTERNE HUWELIKS- EN GESINSTAAL

Die gesin besit nie net 'n eie denkvermoë nie, maar ook 'n unieke en eie gesinstaal met 'n eie stempel.

Onder invloed van die liefdesleiding en mede beïnvloed deur die Woord het die huisgesin 'n eie unieke taal gevorm wat vol leerheid is, 'n taal wat in geen ander samelewingsverband aangetref word nie.

5.1.3.1 DIE INTERNE HUWELIKSTAAL

Ons vind reeds in die huwelik 'n eie interne huweliksverhouding wat 'n intieme, private, informele gespreksvorm openbaar. Die gespreksvorm sal buite die huweliksverhouding onvanpas wees.

Lombard skryf oor hierdie intieme liefdesgesprek: „Hier blyk juis die intieme twee-eenheid en liefdesgemeenskap, met sy wedersydse benaderinge en unieke nie-formele uitdrukkingswyse. Selfs die taal van teregwyding verskil in aard en toon van byvoorbeeld die voorsitter van 'n vergadering.¹ Die huwelikstaal is 'n beskaafde en beleefde taal met 'n eie styl, ooreenkomstig die liefdesbestemming van die huwelik.

Die huwelik en gesinstaal word ook ekonomies-normatief gebruik vanweë die afwesigheid van voortdurende gebabbel en eindelose geklets; in harmonie byvoorbeeld, deur die ewig van onderwerpe, teenoor die eensydige geselsery oor een saak.

Die gesprek moet deur liefde en vertroue gekenmerk word. Kortom dus, normatief gelei en ontsluit word deur alle latere lewensfunksies in liefde.²

Die taal word regverdig gebruik daarin dat elkeen sy sê kan sê en dat die ouers die kinders leer om die jongeres ook te leer om mee te doen aan die gesprek. Die minderes word nie onregverdig toegesnou en

1. LOMBARD J.C. a.w. p.73.

2. Vgl. Ibid p.74.

gesmoor nie.

Die liefdestoon van die taal van die ouers moet vertrouwe skep en nie vrees en bewing nie. Die gesin kan ook die plek wees van vernige of spottende taal of brutale taal in woorde of soos Jakobus dit noem: „'n vlam uit die hel aangesteek." (Jak. 3:6). So behoort 'n mens nie te praat nie.

5.1.3.2 WYERE HUWELIKS- EN GESINSSIMBOLIEK

Die gesinstaal is liefdestaal wat slegs binne die gesin pas. Verkeerde taal openbaar nie slegs gebrek een liefde nie, maar ook aan ouerlike gesag en kinderlike ontsag.

Taal bestaan nie net uit woorde nie, dit omvat alle simboliese betekening, ook gedrag en houdinge.

Wielenga wys op die ryke simboliek in die gee van die regterhand by die trouplegtigheid. Dit simboliseer die oorgawe aan mekaar van man en vrou.¹

So het die familiewapen heraldiese betekenis. Elke huisgesin het besittings met simboliese betekenis soos portrette, erfstukke en name wat ingewef is in die gesin se liefdesgeskiedenis. Die gee van familiname het veral by die ouergeslag en nog die meeste behoudende gesinne van vandag 'n redelike vaste orde en protokol. Dis mooi in die opsig dat daar daaruit familietrots en historiese kontinuïteit spreek, asook geïntegreerde gemeenskapsgevoel met die vorige geslagte, teenoor 'n individualistiese indifferentisme.

Waar gereelde huisgodsdienst waargeneem word, oefen die Bybel se taal 'n groot invloed uit op die gesinstaal, soos dit ook tot uitdrukking kom in die gesinsgesprekke.

1. Vgl. WIELENGA B. a.w. p.277-279.

Dekker sê onder andere van die Bybel: „Die Bybel, as magtigste kunswerk van die wêreld, was altyd en sal altyd bly die rykste en dieptse bron van inspirasie vir die kunstenaar.”¹ Op alle lewens-terreine oefen die Bybel sy invloed uit.

5.1.3.3 TAALVORMING : BYNAME, HISTORIESE GEBEURE

Dit is eerstens die ouer wat die kind leer praat. Dit hang dus saam met die historiese vormingsaspek binne die gesin. Die lewenseenheid toon hom ook hierin duidelik.

Die liefdesaspek openbaar hom ook baie goed as die ouer woordjies dikwels herhaal vir die kleutertjie om dit na te sê. As die eerste woorde eers vorm en betekenis gekry het, vorder die woordeskat vinnig en eerlank praat en maak die kind sinne.

Die gesin skep byvoorbeeld tipiese woorde wat net vir hulle as gesin 'n bepaalde betekenis het.

Die gesin skep nuwe name vir dinge en vervorm gebruikte name.

In hul taalonbeholpenheid skep die kind 'n woord en die res van die gesin vind dit so amusant dat hulle dit deel van hul gesinstaal maak.

Historiese gebeurtenisse kan ook die gesinstaal verryk. Die paal waarteen pa vasgeloop het word „pa-se-paal”. Dit word ook gebruik om 'n plek aan te dui.

Dit kan met reg gestel word dat die gesin met die moedertaal as medium ten opsigte van taalvorming in der waarheid 'n taalvesting en taalmagasyn is waar die belangrikste grondslae vir die sprekende mens gelê word.

Juis vir en in hierdie unieke samelewingsverband met sy fyn ge-

1. DEKKER J.J. : DIE SKOONHEID VAN DIE BYBEL. In Koers in die Krisis I, p.97.

weefde en tere struktuur, word die kind geleer „wat die hart van vol is, loop die mond van oor“, en hoe die mond moet oorloop.

Die kind se taal verraaï in soveel opsigte die gesin waarin hy opgevoed is.

5.1.4 DIE ONGANG EN SOSIALE VERKEER IN HUWELIK EN GESIN

Die twee sye wat besonder nou saamhang in die gesin se interne lewe is die taal en omgangsvorme. Die twee sye is histories gefundeerd. Daarom moet ons ook die taal en die omgangsvorme sien in verband met beskawingsontwikkeling. So verander omgangsvorme van volk tot volk. In ons eie land is daar 'n duidelike en wesenlike verskil tussen die verskillende bevolkingsgroepe se sosiale omgangsvorme. Ons verwys na sommige van die volke waar bv. die vrou, niks anders as 'n slavin is nie, wat nog „gekoop“ word, teenoor die Westerse georiënteerde volk wat die vrou 'n plek langs haar man toeken as sy gelyke en waar daar 'n fyn beskaafde seremoniële omgangsvorm beoefen word.

Dooyeweerd sê dat die histories-variabele vorme waarin huwelik en gesin in die samelewing voorkom nie normatief is nie. Dit moet juis beoordeel word in die lig van die vaste struktuurnorme en in die historiese norme.¹

Dooyeweerd stel die volgende: „Niet van de historische ontwikkeling afhankelijk is egter het structuurprincipe van het huwelijk zelve, gelijk dat ook in de interne omgangs- en taalverhoudinge tot uitdrukking behoort te komen. Ook by alle innigheid in deze verhoudinge moet de leidende positie van den man daarin haar uitdrukking blyven vinden, wat iets anders is dan de wederkerig vereischte eerbied voor elkanders persoon.“²

Belangrik is dit dat die man se hoofskap eerbiedig word deur die vrou in onderdanigheid (Efes. 5:22). Miskenning van sy sosiale en

1. Vgl. LOMBARD J.C. a.w. p.76.

2. DOOYEWEERD H. : WYSBEGEERTE DER WETSIDEE. III, p. 276

simboliese hoofskap is subjektiewe oortreding van die huwelik se innerlike lewenswet.

Aan die anderkant geld in alle huweliks- en gesinsbetrokkings die liefdesomgang van die man met sy vrou.

Hy is die ridder, eerbetoner aan haar as die huwelikskoningin, waar sy voorregte geniet en eerste aansprake het.

Lombard skryf hieroor soos volg: „Hier geld alle beginsels vir die interne geslagsverkeer, maar vir al die tipies huwelikse liefdesbetuigings, omgangsgewoontes, samespel, eetgewoontes, wandelings en gesprekke, met sy ryk variërende vorme na gelang van elke huwelik“¹

Wielenga sê tereg dat daar geen reëlboek vir die huwelik opgeset is nie, maar sekere grondlyne lê voor die hand soos geduld, toegewiftheid, hoflikheid, kiesheid, fyngevoeligheid en so meer.²

Ook die kinderbeleefdheid moet doelbewus leidend opvoedkundig gevorm word.

Die eerbetoon geld ook die jongeres teenoor ouer kinders, as sedelike gesag. As die ouers afwesig is moet die jongeres die ouer kinders se gesag eerbiedig. In alle eerbetoon bly die innigheid van toon essentiëel, wat aan die tipiese struktuur van gesinsverhoudinge inherent is.

Vrymoedigheid en openhartigheid teenoor mekaar is grondvoorwaardes.

Die sosiale omgang tussen gesinslede het 'n eie karakter. Onder leiding van die liefde is dit intiem, met 'n eie toon en voorbehoud wat vreemdes steeds op 'n afstand plaas. Hierdie eerbetoon in liefde

1. Ibid p.77.

2. Vgl. WIELENGA B. a.w. p.208-209.

moet.....

moet 'n doelbewuste opvoedingsdoel vir die Christenouer wees, want beleefdheid van kinders teenoor vreemdelinge en bejaardes is 'n prysenswaardige deug.

Die onderskeidende en intieme aard van die huweliksomgang tussen die gesinslede blyk ook daaruit dat die herinneringe en blywende indrukke daarbinne van kleinsaf opgedoen die kinders die beste bybly - beter en blywender as in enige ander samelewingsverband.

Bejaarde ouers kan nog aan hulle eie kinders verslag doen van hulle ouerhuis, dit wil sê, van hulle eie kinders se oupa en oma en die toentertydse gesinslewe. So is die goeie gesin integrerend en 'n unieke band ten opsigte van historiese kontinuïteit.

5.1.4.1 GESINSONTSPANNING

Ouers moet in die sosiale verkeer binne die huis hul kinders lei en vorm. Die ontspanning binne die huis is 'n middel om die gesin te integreer en binneshuis saam te bind. 'n Kind wat in die eie ouerhuis ontspanning in verskeie vorms saam met die ouers ontvang, kan nie in die versoeking kom om op straat leeg te lê en elders sy ontspanning te soek nie.

Waar beide man en vrou beroepsarbeid verrig, kan die gesinslewe benadeel word. Dit vervreem ouers en kinders van mekaar en dit verleë kinders om die kunsmatige ontspanning op te soek in die bioskoopsale of die publieke dans.¹

Ontspanning moet by die huis beoefen word en gesinsbindend en -verrykend wees.

Deur met die kinders saam te speel, bou die ouers met die kinders

1. Vgl. KEYTER J. de W. : HUWELIK EN GESIN, p.119-122.

'n gesonde kameraderie op wat later groot vrymoedigheid by die kind opwek om persoonlike probleme met die ouer uit te praat.

5.1.5 DIE INTERNE HUWELIKS- EN GESINSEKONOMIE

Die gesinshuishouding is 'n liefdeshuishouding en is iets totaal anders as die bedryfseksonomie of staatshuishouding.

Die huïsgesin gebruik sy stoflike middele onder leiding van die liefdesbeginsel en nie onder bevel van die winsmotief nie. Dit is die liefdesplig van ouers om toe te sien dat hulle kinders versorg is - onder leiding van die liefdesmotief.

Voorligting en leiding is nodig vir gesinne om ook te begroot, want onoordeelkundige besteding lei dikwels tot armlastigheid. 'n Gesin kan nie soos 'n besigheid bankrot raak nie. Na bankrotskyap verdwyn die besigheid, maar die gesin bly voortbestaan, en word die gesin 'n finansiële las vir ander instansies, byvoorbeeld die kerk of die staat.

In 'n gedisorganiseerde gesin loop die gesinseksonomie skeef.

Die winsmotief mag ook nie die oorheersende motief wees nie, want dan word die struktuurnorm van die gesin misken.

Ons kan in die verband verwys na die gebruik onder baie swartvolke in Suider Afrika waar die vrou die hoofrol speel in die akkerbou. Dit lei tot poligamie.

Die ekonomiese waarde van dogters het by hulle uitloop op die ekonomies gewaardeerde bruidskat (lobola). Hier is die ekonomiese en etiese wetskringe verwar.

In die gesonde huwelikslewe gaan dit om die interne liefdeslewe in alle betrekkings.

Gesinseksonomie.....

Gesinsekonomie beoog nie winste en balansstate nie, maar liefdediens en daarvoor moet daar ekonomiese sekuriteit wees.

As 'n gesin arm is ly al die lewenskringe daaronder in lewenseenheid.¹

Die ekonomie moet uitdrukking vind in al die normatiewe wetskringe. Die norme wat die ekonomie beheer, is normatief, daarom kan hulle oortree word.²

Gehoorzaamheid aan hierdie wette is 'n vereiste vir 'n gesonde gesinsekonomie. Spaarsaamheid en oordeelkundige besteding is 'n eis vir 'n gebalanseerde lewe. Dit geld vir elke aspek van die mens se lewe.³

Dit is die taak van die ouer om die kind op te voed om spaarsaam te wees, nie alleen in die ekonomiese wetskring nie, maar veral daar.

Die gesinsinkomste moet al die behoeftes en lewensuitgange van die gesin dien. In die geloofsdien vir die kerk moet daar duur offers gegee word. Daar moet liefdesgeskenke gekoop word; daar moet sosiale omgangsgeriewe vir die gesin wees; daar moet goeie leesstof wees; daar moet geleentheid vir opvoeding en onderwys wees, vir binneshuise versiering, en so meer wees.⁴

Die fout moet nie gemaak word om alles wat die gesin besit in terme van ekonomiese waarde te bereken nie. Baie van wat die gesin besit, verteenwoordig primêr ander waardes, al het dit ook ekonomiese waarde. Meubels, bv., het 'n sosiale objeksfunksie en dien nie om kredietwaarde te verstewig nie. Alle arbeid in die huis is ook nie ekonomies bestemd nie.

-
1. KUYPER A. a.w. p. 313-314.
 2. Vgl. WURTH G.B. : HET CHRISTELIJK LEVEN IN HET MAATSCHAPPIJ, p.174.
 3. Vgl. STEYN J.A. a.w. p. 87,88
 4. STRAUSS H.J. : ONS EN ONS BESITTINGS, p.18-25.

Geld.....

Geld is nie al wat tel vir die lewe nie, hoe belangrik dit ookal is vir 'n menswaardige bestaan. Dit is nodig dat kinders geleer word om 'n goed gebalanseerde siening oor die verkryging, besteding en besparing van geld te verkry, ooreenkomstig die betekenis van die agtste gebod.

5.1.6 HUWELIKS- EN GESINSHARMONIE

Harmonie in die huwelik en gesin is 'n essensiële deel van 'n gelukkige huwelik en gesin. Oor die harmonie skryf Coetzee: „God'self is die bron van die skone en alles waarvan Hy die bron is, is van fundamentele betekenis in lewe en in opvoeding.”¹

Die estetiese is 'n essensiële deel van die opvoeding van die mens.

In die huwelik kom die estetiese tot sy reg in die aanvullende twee-eenheidsgemeenskap van man en vrou in aanvullende harmonie, elk volgens eie aard.

Volgens Dooyeweerd moet die huweliksharmonie in die hele huwelikshouding die manlike en vroulike element ooreenkomstig eie strukturele aard met mekaar saamstem en dat die vrou nie die tipiese rol van die man sal vervul nie.²

Hierteenoor staan die liberalistiese rigting wat die onderskeid tussen man en vrou wil wegdoesel tot eenvormigheid.³

Vir Wielenga lê die kuns daarin dat die skone ewig in die huwelik bewaar bly, dat die vrou nie enersyds 'n minderwaardige onderdaan onder

1. COETZEE J.C. : INLEIDING IN DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE, p.160.

2. Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p.275.

3. BOSCH J. : FEMINISME. In Christelike Encyclopedie II, p.155.

'n outokraat sal wees nie en andersyds nie die gesag van die man sal misken nie. Die ideaal om 'n nagebootste man te wees is eweso ewewigstorend en die vrou word juis slavin van valse strewe."¹

Dat onder andere die ekonomiese individualisme 'n groot rol speel in die emansiepasiestrewe van baie vroue beleef ons elke dag en elke dag sien ons ook hoeveel vroulikheid in hierdie strewe ingeboet word.

Die gesinsverhoudinge gemeet aan die normatiewe lewenswet, besit ook 'n tipiese interne skone harmonie.

Al is die harmonie deur die sonde in die gesin aangetas, en selfs geheel en al gebroke, is daarmee die gesin se normatiewe estetiese struktuursy nie opgehef nie.²

Teenoor die estetiese skone in huwelik en gesin, staan die disharmonie, die lelike en afstootlike.

Dog die harmoniese gesinslewe vertoon hom waar kragtens die struktuurwet die ouergesag in liefde en die kindergehoorsaamheid in liefde heers, saamverbonde in gemeenskap in alle lewensuitgange gelyktydig.

Disharmonie kom in verskeie vorms voor in die gesin.

Ons vind dit in gesagsmiskening waar die kind te veel in die sentrum geplaas word ten koste van die ewewig van die ouergesag wat tot 'n minimum beperk word.³ Disharmonie kom tot uiting in gesinsgebrokenheid.

Ook in hierdie aspek is dit die ouers wat die voorbeeld moet stel en dan hul kinders opvoed om in harmonie met mekaar saam te leef.

-
1. WIELENGA B. a.w. p.234.
Vgl. STOKER H.G. in Tydskrif vir Wetenskap en Kuns. Jaarboek XIII, p.9-23.
 2. Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p.229.
 3. Vgl. COETZEE J.C. : DIE MODERNE OPVOEDING, p.24-28.

Kinders uit huise wat in disharmonie saamleef, soek kompensasië in die vorm van misdadigheid, gesagsongehoorsaamheid en gedragsafwykings.

Kuyper sê dit is 'n fyn lewenskuns vir ouers om al die persoonlike wense, temperamentsverskille, uiteenlopende behoeftes, in een harmoniese baan te lei. „Ook maakt aard en karakter der samenlevende personen verschil. Driftige, humeurige, hoogmoedige, nydige netelige personen zijn onbekwaam om aan het gezinsleven die rust, dien vrede, die hoogste vreugde, die ryker genieting te waarborgen, die germaakt worden waar zachte nobele, tot evenwicht gekomen karakters in een gezin samenwonen.”¹

Skoonheid is 'n inherente deel van die mens se bestaan. Hy moet so opgevoed word, sy karakter so gevorm word dat hy in gehoorsaamheid aan sy gewete die skone sal waardeur en onderhou. Hiertoë het die ouers 'n dure plig en verantwoordelikheid.²

5.1.7 DIE INTERNE HUWELIKS- EN GESINSREG

Spier sê van die huweliks- en gesinsreg: „Die juridiese is die modale aspek waarin die menslike bestaanswyse se besef van reg en onreg hul oorsprong het.”³

Dit dui daarop dat reg en geregtigheid sal geskied en ook met betrekking tot die mens as persoon.

Steyn sê weer: „Geregtigheid is die bestendige en immerdurende wil om aan elkeen sy reg te laat toekom.”⁴ Dit doen die mens deur 'n eerbare lewe; deur 'n ander nie te beskadig of krenk nie; deur elkeen te gun wat hom toekom.

1. KUYPER A. a.w. p.313.

2. Vgl. STEYN J.A. : a.w. p.80.

3. SPIER J.M. a.w. p.39.

4. STEYN L.C. : ASPEKTE VAN ONS REGSWESE, p.6

Die mens besit regte binne al die samelewingskringe waarvan hy lid is, dit wil sê, binne staatsverband, kerkverband, gesinsverband en alle organisasies waaraan hy behoort en hy het regte in sy vrye maatskaplike omgang met sy medemens.¹ Die huwelik het die karakter van 'n regsinstuut eweas die staat of fabriek, byvoorbeeld.² Die huwelik vertoon vier normatiewe beginsels wat saamhang met die huwelik se struktuur, wat gefundeer is op die geslagsverskil en eties bestemd is.

Die beginsels is:

- i) Die huweliksband is die enig moontlike en wettige regsverband wat die geslagsverhoudinge so kan behels en beliggaam.
- ii) Die juridiese gesinsgesag as beginsel.
- iii) Die gemeenskaplike sfeer van vermoënsreg.
- iv) Die blywende van die huweliksverhouding, 'n beginsel wat hom verset teen willekeurige ontbinding sonder verbandsregsgrond.

Ook in die huwelik en gesin geld die beginsel van ewemaat, gelykmatigheid, van selfliefde en naasteliefde, 'n juridiese antisipasie in die etiese kring.³

5.1.7.1 DIE GESINSREG MEER SPESIFIEK TOEGELIG. DIE OUERGESAG

Du Preez som die kernpunte van die gesinsreg as volg op: „Wat nou die gesinsreg betref... wys ons eerstens daarop dat dit juridiese regsbetrekkinge is wat pas by en oereie is aan die huisgesin as bioties-gefundeerde en sedelik-gekwalfiseerde gemeenskap. Die hoofmomente in hierdie regsbetrekkinge is die ouerlike regsgesag oor hulle kinders, die ouerlike tugbevoegdheid, die kinderplig om hulle aan hierdie tug

1. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.111.

2. Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p.274-275.

3. Vgl. STOKER H.G. : DIE GROND VAN DIE SEDELIKE, p.33-34.
Ook Steyn L.C. a.w. p.6.

te onderwerp en die kinderreg op versorging van die kant van die ouers - en dit alles uit liefde."¹

Dooyeweerd skryf soos volg oor die ouers se gesag: „The structure of authority in the marital community also has its internal juridical aspect....According to the internal structural principle the juridical competence to make a decision belongs to the husband as the head of the conjugal bond. But the very structure of marital authority does not permit autocratic exercise.”²

Die interne struktuur van hierdie gesag verskil opvallend van die van ander verbande. Dit is belangrik dat ouers hulle kinders sal voorleef wat die gesag in die huis betref. Kinders moet hulle ouers se gesag leer eerbiedig, maar dan moet die gesag eerbiedwaardig wees. Veral die vader as gesagsfiguur moet prominent wees.

As die moeder na vore tree as die gesagsfiguur, is die rolle van man en vrou omgekeer. Dit gee 'n sekere indruk wat vir die kinders verwarrend is. Kinders moet reg voorgeleef word, want in hul ouerhuis word die fundamente gelê van hul toekomstige huisgesinne.

Die duur van die ouergesag, sê Van Harten-Oosterom is: „zolang er een gezinsverband is, zo lang duurt de gezagsverhouding, al veranderd wel de wijze van gezagsuitoefening naarmate de kinderen opgroeien tot mondigheid.”³

Die gehoorsaamheid aan die gesag duur solank as wat die gesagsdraer in sy amp is.

Tot die wese van die huwelik behoort ook die vrou se gesag. Hierdie gesag is nie in iets anders gegrond as op die Goddelike ordinansie daarvoor alleen nie.

-
1. DU PREEZ D.C.S. : GESIN EN GESAG. In Koers, Junie 1945, p.211.
 2. DOOYEWEERD H. : A NEW CRITIQUE III, p.327.
 3. VAN HARTEN-OOSTEROM a.w. p.263.

Beide.....

Beide man en vrou is gelyk en na Gods beeld geskape, beide is volkome mense. As Paulus die vrou roep om die man onderdanig te wees, dan berus die beroep nie op 'n wesensverskil tussen die twee nie. Van Harten-Josterom sê: „De enige rechtsvaardigingsgrond van het maritaal gezag is de Goddelijke ordinantie.”¹

Shouls formuleer sy siening soos volg: „Parents are the immediately visible embodiment of power in the family.” Hy sê ook dat ouerlike gesag van alle ander soorte gesag onderskei word. „A family involves a genuine authority - relationship, with the parents in authority, and with the parents having power to guide the children by love into maturity.” Ouers misbruik egter hul gesag as hulle kinders dwing om dinge te doen wat net in die ouer se belang is. Shouls sê verder: „For parents who take their office seriously structure their children's consciousness and so structure for the child the nature of reality to the extent that it becomes the child's world of experience.”² Ouers se gesag en krag berus op die regte verstaan van Gods Woord, anders kan hulle hul kinders nie in die vrees van die Here opvoed nie.

5.1.8 HUWELIK EN GESINSGELOOF

Die mens is as religieuse wese geskape na die beeld van God, by wie daar een of ander religie op die hart beslag lê.³ Dis of gerig op 'n afgod of die ware God.

As die wederbarende genade van God in sy hart ingryp, word sy hart op die ware God gerig omdat hy deur die geloof dit aangryp wat aan hom geopenbaar is. Dit moet altyd daaraan toegevoeg word dat ook hierdie geloof 'n genadegawe van God is, soos immers van die hele weg tot saligheid ten opsigte van alle aspekte daarvan bely moet word.

Ten opsigte van hierdie religieuse ingesteldheid vanuit die hart waaruit dan al die uitgange van die lewe is, speel die geloofsaspek 'n

1. Ibid p.268.

2. SHOULS P. : INSIGHT, AUTHORITY, POWER, p.35-37.

3. Vgl. KALSBECK L. : DE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE, p.100.

strategiese sleutelrol. In die lewensproses van ontsluiting neem die geloofsaspek 'n unieke leidende spitsposisie in, want dit lei al die ander veertien aspekte as 'n eenheid. Prakties beteken dit dat by die Christelike mens die religieuse ingesteldheid van die hart die basis of grondslag is vanwaar die geloof die lewensaktiwiteit rig in verbondsgehoorsaamheid volgens die Woord en wet van God vir alle lewensgebiede.

In geval van die ongelowige mens is daar ook sprankies of brokkies van waarheid of lewensbehoud omdat God se behoudende of algemene genade nog by die heidene en gekultiveerde ongelowiges deurwerk. In geval van die heiden, is daar die semen religiones of sensus divinitatus, dit wil sê, 'n vae oorblyfsel van die oorspronklike vrome Godsbesef en van God se skeppingsorde soos dit gestel word in Rom. 2:14, 15 - „Want wanneer die heidene, wat geen wet het nie, van nature die dinge van die wet doen, is hulle vir hulleself 'n wet, al het hulle geen wet nie, omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte gaskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of verontskuldig.“¹

Daarom dat by sommige heidense stamme nog die basiese trekke van 'n ordelike huwelik of gesinslewe gevind kan word, selfs monogame huwelike, aldus die getuienis van volkekundige navorsing.

Hier volg dan ook die opvoedkundige werk van die ouers aan die kind, in die totaliteit van die stam in te lei en in geval van meer kultuur verfynde kultuur-heidendom soos byvoorbeeld die Grieke en Romeine.²

-
1. VAN LEEUWEN J.A.C. en JACOBS D. : ROMEINEN. Korte Verklaring der Heilige Schrift, p.28,29, sê onder meer: „Geheel beroofd van alle zedelijk besef is ook de wereld buiten Gods bijzondere openbaring niet.“
 2. KALSBECK L. : DE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE, p. 134, 135 - „Zo vinden wij in de Griekse geloofsvoorstellingen een duidelijke overgang van de aanvankelijke primitiewe natuurgodsdienst, waarin de onpersoonlijk en vorm-loze levensstroom werd vereerd, naar de fase van een kultuurreligie, waarin de goden geïdealiseerde menselijke kultuurmachten worden van persoonlijke boven-menselijke vorm en gedaante. Deze weg van geloofsontsluiting voert van de vergoddelijken van onbegrepen natuurkrachten tot het geven van kulturele vorm aan het afgodisch geloof.“

Dis egter die Christelike geloofsinhoud genormeer aan die Woord wat die huwelik en gesin onder leiding van die geloofsaspekte vanuit die wortel en as lewenseenheid kan hervorm of vernuwe, al is hierdie ontsluiting nooit volkome nie. In die sondige bedeling toon baie sogenaamde Christelike huwelike en gesinne ook bedenklike gebrokenheid.

Alle huwelike en gesinne binne die Christelike gemeenskap staan in die teken van die ten dele in hierdie sondige bedeling.

5.2 DIE HUWELIK EN GESIN IN DIE VOOR-LOGIESE NATUURSYE

5.2.1 DIE HUWELIK EN GESIN SE PSIGIESE STRUKTUUR

Op die vraag of die verband 'n eie gevoels- en denklewe, onderskeie van sy lede besit, antwoord Dooyeweerd: „Het is niet innerlijk tegenstrydig wanneer wij zeggen dat het samenlevingsverband subjectief in alle wetskringen fungeert en als zoodanig een structureele subjectiewe eenheid bezit, terwijl wij tegelijk zeggen, dat in dit verband slechts menschen denken, voelen, handelen etc. Want een tydelijke samenlevingsverband kan alz zoodanig niet persoonlijk zijn, doch heeft de menschelijke persoonlijkheid zelve in haar religieuze verbandsstructuur tot boventijdelijken wortel.”¹

Die huwelik en gesin moet ook nooit geïsoleerd gesien word nie, maar in samehang met al die ander samelewingsverbande.

Wat die man en vrou in die huwelik se twee-eenheidsgemeenskap betref, bly hulle nog twee mense, twee selfstandige persone.²

Die menslike natuur wat aan beide eie is, is dieselfde natuur, maar dit bestaan by elkeen op 'n eie wyse.

-
1. DOOYEWEERD H. : a.w. p.244
 2. Vgl. BAVINCK H. : CHRISTELIJKE HUISGEZIN, p.91-97.

Die.....

Die onderskeid werk in die lewe en in alle arbeid deur. Ook die natuur en psigiese vermoëns is by albei dieselfde maar werk tog by elk op 'n ander wyse, gesien byvoorbeeld verskille in lydsaamheid, geduld, aanpassingsvermoë ens.¹

Die sielkundige afhanklikheidsgevoel wat die vrou teen haar man koester, is 'n belangrike feit. Die vrou soek by die man steun en leiding en as sy dit nie daar vind nie, dan is daar teleurstelling. Ewe waar is dit dat die man se normale reaksie is om die vrou se behoefte aan steun en leiding te beantwoord.²

Daar is 'n onmiskenbare samehang tussen die liefde en die psigiese. Bavinck beskryf die samehang as volg: „Dit ideël element in die liefde is iets ongemeen merkwaardigs. In die liefde is het als of de ziel tot op haar grondvesten schudt. De allerdiepste behoeften komen boven, vooral ook de overgroote drang om zichzelf weg te geven. De ontzaglijk vele dommen die deze zelfovergave remmen (James noemt ze instituten tot „personal isolation“) worden als overspoeld. Het oppermachtige ego-complex wordt een oogenblik geveld, er schijnt een macht over ons te komen die sterker is dan wijzelf zijn. Hy vervolgt: „Liefde wordt dan ook altijd gevoeld als een daad, maar tegelijk als een noodlot. Het komt over ons, wij worden verliefd, desnoods tegen wil en dank, tegen alle redenen in. In het liefde wordt het sterkst beleefd een goddelijk macht die samenbindt, die samenvoegt. De sterke spanning tot zelfhandhaving, waarmee wij, arme stervelingen, ons geheele leven voortzeulen wordt een moment overstemdt.

Die grootste actieve daad is tegelijk de diepste passiviteit",..... dat die bring van die lewensoffer aan die beminde as iets heiligs gevoel word en „liefde is de diepste bewogenheid waarvoor een mensch toegankelijk is..... en dit is de tragiek, der liefde.....de machtige spanning van de gemeenschap in het wederzijdsche offer, de overweldiging van het ik door het wij, is op den duur niet te handhaven. Zij gaat ver boven het menselijke vermogens uit. Langzamerhand beginde de wederzijdsche begrenzing weer het ego-complex herneemt zijn rechten

1. Ibid p.95.

Ook WIELENGA B. a.w. p. 198.

DOOYEWEERD H. a.w. p.272.

2. Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p.272.

Ook WIELENGA B. a.w. p.189, 198.

ik staat weer naast ik, zoms selfs teenover ik....." So tree die romantiese enigins terug, terwyl die gemeenskapsgevoel bly. Die liefde ontsluit en verstewig juis die interne gemeenskapsgevoel. Bavinck sê verder: „Van dat oogenblik treden man en vrou als een eenheid de wereld in, met gemeenschappelijke belangen en behoeften.

De vrou zal als onwillekeurig in alle voorkomende quæsten de party van haar man kiezen. Het blyft tog een „wij" dat nooit meer geheel tot twee ikken kan worden teruggeleid." By dit alles ervaar man an vrou dit alles nie sielkundig eenders nie. By die vrou is die liefdesinstink meer in haar natuur ingewortel en speel dit deurgaans ook 'n groter rol as by die man.¹

Deur die eeue het man en vrou tog altyd man en vrou gebly ten spyte van verskillende kultuurperiodes, en dit is skeppingsorde.²

Deur die eeue het daar vormende invloede ingewerk op man en vrou, tog het dit die konstante psigiese struktuur van man en vrou nie geelimineer nie.

Kulturele vormende invloede kan van 'n man nie 'n vrou maak nie en andersom, van die vrou 'n man maak nie.

In die gesin is die gevoelslewe verdiep en verbreed. Die getal lede in die gesin het belangrike sielkundige implikasies.³ Daarby kom die geslagsverhoudinge tussen broers en susters en hul ouerdoms verskille. Die onderlinge verhoudinge tussen kinders en ander lede van die gesin is vir die kind ook van groot belang.⁴

Die huisgesin is nie net 'n ekonomiese of sosiale groep nie, maar is ook 'n psigiese groep: „er ontstaan dus iets wat wij moeten noemen de gezinspsigologie, welke rekenskap kan geven van de besondere vermogens

1. BAVINCK J.H. : INLEIDING IN DE ZIELKUNDE, p.239-240.
2. Sien BAVINCK H. : CHRISTELIJKE HUISGEZIN, p.91-92.
3. BOSSARD EN BOLL H.S. : FAMILY SITUATIONS, p.155.
4. Ibid p.47-48.

en.....

en reaktie wjzen van het gczin als geheel...."¹

Dit is te verstaan dat die gesinspsigologie vormende invloed op die kind sal uitoefen, want die aktiwiteite van die gesin in al die aspekte beïnvloed die kinders, dit beïnvloed hulle veral in hulle psigiese bestaan.

Waar daar nie 'n vormende liefdeslewe is nie, skep dit sielkundige probleme vir die kind. Die gemoedslewe van die mens ly ook onder die sonde en moet deur die genade van God tugmatig gedissiplineer en positief gelei word.

Die kind moet ook in sy gemoedslewe opgevoed word.

So 'n opvoeding lei die kind om eendag in sy huwelikskeuse hom te laat lei deur 'n bewuste normatiewe keuse van 'n lewensmaat, waarin die ware ongerypte huweliksliefde moet lei. Dit moet 'n keuse in lewensverband wees, wat idealisties maar nugter alle faktore en lewenssye gelykelyk harmonies oorweeg en weeg en nie een psigologisties in oorspanning alles oorwoeker nie en die logiese ook sy regmatige plek vind.²

In die huwelikskeuse moet die jongman hom laat lei deur die normatiewe struktuur van die liefde tot die teenoorgestelde geslag in kontras met homoseksualisme.

5.2.2 HUWELIK EN GESINSMAG (HUWELIK EN GESIN IN DIE FISIESE WETSKRING)

In die fisiese kring, met beweging as sinkern, vind ons die oertipe, of prototipe van alle krag en magsontplooiing, waarsonder geen beweging of ontwikkeling denkbaar is nie.

In die subjektiewe normatiewe verbande het dit 'n eie tipiese uitdrukking onder leiding van die verband se struktuurwet.

^{a.w. p.102.}

1. LOMBARD J.C. : Aanhaling uit 'n verslag van die Nederlandse Vereniging vir Geestelike Volksgesondheid oor : HET NEUROTISCH GEZIN,
2. Vgl. LOMBARD J.C. a.w. p.103.
Ook BAVINCK H. a.w. p.239-240.

Net.....

Net soos die staat met alles tot sy beskikking 'n sterk en magtige verband is, so is ook die huwelik en gesin sterk verbande.

'n Staat kan sy roeping en bestemming na wense vervul. Net so ook kan 'n huwelik en gesin wat roepingsgetrou is en wat hul eie tipiese onderskeie bestemming en doeleindes nalewe, te wete juridiese regs-handhawing en liefdeslewe onderskeidelik.¹

Wielenga sê: „Zonder dezen band (die liefde) ontbreekt de specifieke heerlijkheid en kracht, die het huwelijksverband van alle bondgenootschappen onderscheidt.”²

Die huwelik en gesin is nie klaar gegee en status voltooid by die aanvang daarvan, of vanself standhoudend nie. Inteendeel, dis in vrye verantwoordelikheid 'n normatiewe beheersende vorming in volle lewensuitdrukking.

Soos in alle verbande is daar ook in die gesin 'n proses van magsvorming. Hierdie magsvorming hang baie nou saam met die historiese kring wat beskawingsontwikkeling as sinkern het.

Normaalweg is die huwelik en gesin 'n steeds sterkerwordende innerlike solidêre lewenseenheid, teenoor alle destruktiewe faktore en gesinsverval. Hierdie groeiproses is die vrug van 'n beproefde liefdeslewe wat die hele interne huweliks- en gesinslewe saambind in 'n vrye verantwoordelike geroopenheid, 'n normatiewe vormingsproses van die mens se kant. Om so 'n verhouding op te bou is moeilik, dit bly skeppingswerk en beteken dat 'n mens daagliks so sal dink en leef en bid, dat jy die beste uit jou maat sal trek en help om haar ryker en 'n voller mens te maak.³

Die liefdesmag kan so sterk wees dat man en vrou lewenslank in innige verbondenheid en geluk met mekaar kan saamleef. Dit is moontlik

1. Vgl. LOMBARD J.C. a.w. p.106.

2. WIELENGA B. a.w. p.129.

3. Vgl. LOMBARD J.C. a.w. p.109

net omdat die huwelik se bestemming in die liefde lê. Gebrek aan mag, skaad die huwelik en gesin. Gebrek aan psigologiese mag verbreek die eenheidsgevoel; gebrek aan denk- en taalmag verbreek die kommunikasie in huwelik en gesin; gebrek aan sosiale mag verbreek die omgang met mekaar; gebrek aan ekonomiese mag laat die gesin hongersly; gebrek aan estetiese mag maak die gesin slordig; gebrek aan juridiese mag kweek permissiwiteit; gebrek aan etiese mag, aan die liefdesmag, verbreek die huwelik en gesinslewe; gebrek aan religieuse mag laat die man en vrou en gesin goddeloos lewe en lei hul lewe in die koers van afval van God af weg.

'n Sterk liefdesmag het ook ekonomiese lewensmiddele, behuising, ensomeer nodig, maar is nie daarvan afhanklik nie, dit kan daarsonder bestaan.

Die huwelik en gesin word duidelik en direk geraak deur invloede van buite soos industrialisasie, oorlog, sedelike verval, liberalistiese ideologie, verkeerde opvoeding, ensomeer, omdat die gesin intiem vervleg is met die maatskappy, maar 'n gesin wat sterk is, wat deur innerlike krag uit al die aspekte saamgebind is, is weerbaar teen enige soort aanval, hetsy dit op godsdienstige, sedelike, regs, estetiese, ekonomiese, sosiale, kulturele, taal, gedagterigting of emosionele gebied is.

Deur opvoeding alleen kan 'n huwelik en veral 'n gesin weerbaar gemaak word. Ouers voed hulle kinders op om weerbaar te wees op twee maniere. Eerstens leer ouers hul kinders en tweedens leef hulle hul kinders voor. Die voorbeeld is 'n sterker oordedende mag as woorde alleen.

Die Bybel sien die groot gesin as 'n seën, maar ook as sterk gesin (Ps. 127:5 - „Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyand in die poort spreek nie.“).

Die groot gesin se ekonomiese weerbaarheid is byvoorbeeld soveel sterker as hulle saamwerk en saam spaar. Ten opsigte van die fisiese wetskring is daar 'n veelseggende analogie in die normatiewe lewe van die gesin soos vervat in die begrip geestelike weerbaarheid, wat geesteskrag veronderstel.

5.2.2.1 DIE HUISGESIN EN SOSIALE MOBILITEIT (DIE BEWEGINGS ASPEK)

Daar is 'n maatskaplike ongelykheid in ons samelewing aanwesig wat gegrond is op die verskille van ouderdom, geslag, ras, etniese groepe, beroep onderwyspeil, inkomste - dit wil sê op kwaliteite, bekwaamhede of vermoëns van persone. Hiervolgens is mense op een of ander wyse gerangskik in 'n rangorde waardeur die ongelykheid na vore kom. Hierdie ordening van die samelewing vind plaas deur 'n proses wat stratifikasie heet.¹ Een van die belangrikste kenmerke van die stratifikasiestelsel in die Westerse samelewing is dat dit 'n „oop“ stelsel is. Dit bereken dat 'n persoon sy posisie en status kan verander deur dit met sy vermoëns te verwerf.

Hierdie verandering van status word sosiale mobiliteit genoem.

Die mobiliteit kan in twee rigtings verander, naamlik in 'n horisontale- en vertikale rigting.

Mobiliteit in die horisontale rigting beteken verandering op dieselfde vlak, terwyl vertikale mobiliteit 'n verandering na 'n hoër of laer vlak is, soos van een klas na 'n ander klas, van een sosiale groep na 'n ander, van een lewensstyl na 'n ander.

Vertikale mobiliteit is eers afgehandel as die persoon tenvolle geassosieer het met die bepaalde groep en wanneer hy as lid van die groep aanvaar is.

Sosiale mobiliteit gaan gewoonlik (nie altyd nie) gepaard met residensiële verandering van een geografiese gebied na 'n ander.

Die gesin vorm die basis van menslike eenhede en die verskuiwing van gesinne is dan die basiese probleme ten opsigte van sosiale mobiliteit.

5.2.2.2 VERTIKALE MOBILITEIT

Dit skyn of die grootste mate van vertikale mobiliteit by kinders

1.Vgl. STEYN A.F. en BREEDT A. : DIE VERANDERENDE GESIN, p.118.

plaasvind, omdat die meeste volwassenes hul plek in die lewe gevind het en dan moeilik mobiel raak. 'n Ou boom verplant moeilik, blyk hier van toepassing te wees.

Ouers wil egter graag sien dat hulle kinders beter presteer as hulle self, veral die middelklasouer en hulle doen dan ook alles in hulle vermoë om hulle kind vertikaal mobiel te inisiëer. Hulle speel ook 'n aktiewer rol om hul kinders 'n akademiese onderrig te laat ondergaan wat hulle instaat stel om vertikaal mobiel te raak na bo.

Uit hierdie groep middelklasouers kom, volgens Steyn en Breedt, die grootste groep volksleiers.¹

Die invloede wat op die kind inwerk is die onderwyser op skool deur sy onderwys en opvoeding waardeur hy hoër ideale by die kind opwek en hom help toerus om die ideale te bereik. Die onderwyser se status, sy aansien, sy groter geleerdheid inspireer kinders tot hoër ideale.

Skoolkinders spoor mekaar aan tot hoër ideale. Kinders is onder mekaar nie so bewus van sosiale verskille nie. Dikwels is die padmaker se seun en die dokter se seun groot vriende, maar die dokter se seun is 'n aansporing vir die padmaker se seun om mobiel te raak na bo, want die dokter se seun woon in 'n beter woonbuurt as die padmaker se seun. Die dokter se seun woon in 'n eie huis en hulle is meer welaf.

Kinders uit ongelukkige huisgesinne wil ontsnap uit hul ongelukkigheid en hulle sien uitkoms in 'n ander stratum en dit maak hulle mobiel.

Die ontmoeting met 'n persoon uit 'n hoër klas maak ook voornemende huwelikspare mobiel.

Die verandering van werk; van woonplek; ekonomiese posisie, werk alles beïnvloedend op die mobiliteit van die gesin of persoon betrokke.

1. Ibid p.121.

Sosiale mobiliteit beïnvloed die hele gesin, of dit nou al die hele gesin is of net een of meer lede van die gesin is wat mobiel was.

Dit raak al hoe moeiliker om 'n gesin instand te hou waarin sommige lede hoër op of laer af mobiel was en waar die klassegaping groter is.

Daar is 'n sterker neiging by vroue om vertikaal na bo mobiel te wees as wat die geval by mans is. Sy trou in 'n hoër klas (hipergamie). Die vrou se moontlikhede is afhanklik van haar toegang tot mans in die hoër strata.

Vertikale mobiliteit deur sommige gesinslede veroorsaak teenkantsing van familie. Dit skep binne die gesin probleme as die vrou na bo beweeg en haar man agter bly. Dit gebeur maklik met beroepsvroue met hoë akademiese kwalifikasies wat met 'n man trou sonder universiteitsopleiding.

Waar die man mobiel is na bo, gaan sy vrou saam. Die sosiale status van 'n gesin word gewoonlik deur die man se posisie bepaal.

Vertikale mobiliteit is voltooi as daar 'n hoë graad van solidariteit van die gesin bereik is.

Peters stel die vereistes vir solidariteit soos volg: „The members must become like-minded, spiritually unified, homogeneous in outlook.”¹ Hierby kom nog dat die samelewing hierdie gesin moet aanvaar. As hierdie proses voltooi is, strek dit tot voordeel van die gesin.

Mense wat om statusredes van woongebied verander, is gewoonlik mense wat vertikaal na bo mobiel is.²

5.2.2.3 HORISONTALE MOBILITEIT

Alle mobiliteit is nie altyd voordelig vir die gesin nie. Verti-

-
1. PETERS C.C. : FOUNDATIONS OF EDUCATIONAL SOCIOLOGY, p.22.
 2. Vgl. WHITNEY V.H. EN GRIGG C.M. : PATTERNS OF MOBILITY AMONG A GROUP OF FAMILIES OF COLLEGE STUDENTS. In : American Sociological Review. Vol.23 p.643-652, soos aangehaal deur Steyn A.F. en Breedts A. a.w. p.128.

kale mobiliteit na onder of na bo kan vir 'n gesin baie nadele inhou. Dit geld ook vir horisontale mobiliteit. Elke verandering is nie noodwendig 'n verbetering nie. Van die gesin wat baie horisontaal mobiel is geld dikwels die Engelse spreukwoord: „a rolling stone gathers no moss.”

Waar 'n gesin na 'n ander woonbuurt verhuis, verg dit nuwe aanpassings, nuwe vriende moet gemaak word, vertrouwe moet gewen word. Die nuwe gesin moet aanvaar word. Soms is 'n verskuiwing wel 'n verbetering en as die mobiliteit positief is, is verskuiwing soms noodsaaklik.

In die reel besit die rondtrekkende gesin nie 'n eie woning nie; woon hulle in huurhuise; raak hulle nie gevestig nie. Dit bring baie probleme mee, want die gesin kan moeilik 'n positiewe bydrae lewer vir die gemeenskap. Hulle onseker posisie maak dat sulke ouers selde op rade of besture dien en so 'n leidende rol kan vervul. Dikwels moet die kerk sulke mense opsoek en uitnooi om met die kerk mee te leef.

Op skool word die kind se prestasies negatief beïnvloed omdat die verandering van skole nuwe aanpassings vereis wat die omgewing, skoolwerk, maats en onderwysers betref.

Die rondtrekkende gesin vind dit finansiël dikwels meer as 'n verlies, want die verskuiwing van een woongebied na 'n ander gaan dikwels gepaard met werksverandering.

In so 'n huis kom die huisgodsdienst dikwels nie tot sy reg nie; die liefdesband wat die gesin moet aanmekaar hou, word aan hoë spanninge onderwerp. Die ouergesag kom nie altyd tot sy reg nie; vertoon die huurhuis se tuin en ook die binnekant van die huis nie goed versorgd nie; ly die gesin in baie opsigte gebrek; is die sosiale omgang beperk en swak aangepas; is die gesinstaal arm en ontbreek dit aan kultuurontwikkeling; van vrugbare gesinsdenke kom weinig tereg; die gesinsgevoelslewe is onstabiel en in baie opsigte ontbreek dit aan sindelikeid en liggaamlike gesondheid. Die gesin se leefwêreld is klein, hul leef dikwels in afsondering.

Hierdie.....

Hierdie soort gesinne is meesal voorwerp van die Christelik Maatskaplikerade of Volkswelsyn se arbeid. Die gesinne wat so leef is vrugbare teelaarde vir misdadigheid. Omdat die gesinne meesal ekonomies swak daaraan toe is, huur hulle 'n goedkoop huis.

Kinders uit sulke huisgesinne presteer in die reel nie goed in hul skoolwerk en op sport gebied nie en neem selde deel aan kultuurwerkzaamhede waar hul musiek, sang of ander talente ontdek en ontwikkel kan word.

Sou hierdie gesin Christelik getrou en gehoorsaam wees, dan lewer hulle tog hulle bydrae. Al sou die kinders skamel gekleed wees as hulle heel, skoon en netjies is, ontvang hulle die gemeenskap se wellendheid en kan hulle op alle gebiede hul beskeie bydrae lewer, word hulle deur die gemeenskap aanvaar.

Waar die gesin horisontaal mobiel is as gevolg van bevordering in die vader se werk/en die gesin na 'n meer gegoede buurt verhuis, dien die bevordering as motivering vir die gesin om ook in die nuwe buurt te presteer ten opsigte van hul deelname en bydrae in belang van die buurt se welsyn. Ook hierdie mobiliteit verg nuwe aanpassings. Die Christelike huisgesin beskik oor die geestelike toerusting om die nuwe situasie te kan hanteer.

5.2.3 DIE HUWELIK EN GESIN SE RUIMTESTRUKTUUR

Die huwelik se ruimtelike uitdrukking vind ons in die fisiese ruimtelike gebied.

Ook in die ruimte aspek vind die huwelik 'n eie tipiese uitdrukking. Die uitdrukking staan en moet staan in diens van die struktuurnorm^e van huwelik en gesin.

Die huwelik en gesin het ook 'n eie geestelike ruimtesfeer, of lewensruimte as gemeenskap en verband, tipies eiesoortig en uniek en onderskeie van byvoorbeeld die van die kerk en staat.

Om.....

Om hul lewensuitinge en liefeslewe ten beste te dien, moet die huwelik- en gesinslewe in sekere sin afgebaken of geslote wees in 'n eie-intieme lewensruimte en lewenssfeer van hul eie om saam te lewe.

Daar moet ook rustige ruimtelike integrasie en eenheid wees sodat die twee-eenheidskarakter van die huwelik tot sy reg kom.¹

Dit wys op die noodsaaklikheid van ruimtelike eenheid teenoor uithuisigheid, geskeidenheid, laat tuiskoms, ver afgeleë werkplekke, ens. Ons dink hier veral aan matrose, handelsreisigers, getroude soldate wat tans grensdiens doen, trein-personeel en so meer.

Waar die gesin bymekaar is kan hulle in hulle eie geestelike ruimte hul eie intieme liefdeslewe bou. Ook hier is 'n vaste normatiewe wet wat eis dat huwelikspare bymekaar moet wees, as hulle verwag dat hul liefdeslewe moet groei en ontwikkel. Die groei en ontwikkeling is nie moontlik waar hulle uitmekaar woon nie.

Elke samelewingsverband het sy eie kringsoewereine geldingsgebied. By die staat is dit landsgrense, by die Kerk is dit die gemeentegrense. Hulle moet ook 'n geestelike lewens-eenheid en lewensruimte hê.

So het die huwelik en gesin na buite 'n invloedssfeer en na binne 'n verbandseenheid. In hierdie invloedssfeer kan net die huwelik of gesin hom laat geld.

Die huwelik en gesin het ook 'n fisiese ruimtelike begrensing, naamlik die woning.

'n Huis is nie maar net 'n ding met mure en 'n dak nie, met vensters en deure nie. Die woning is die setel van die gesinslewe, ook nie net 'n plek vir eet en slaap nie.

Lombard sê: „die woning is die ruimtelike beliggaming en afgrensing van twee van die intiemste samelewingsverbande : huwelik en gesin.”¹

1. LOMBARD J.C. a.w. p.131.

Die woning moet aan sekere normatiewe eise voldoen. Dit moet so ingerig wees dat die unieke-eiesoortige verbandslewe van huwelik en gesin tenvolle tot sy reg kan kom.

Die woning moet die privaatheid van die gesin beskerm sodat daar geleentheid kan wees vir spontane liefdesbetuigings en liefdesaandag.

Wat die gesondheid betref, moet die woning aan alle biologiese eise voldoen, sodat daar aan alle behoeftes voorsien kan word, waarby ook rekening gehou word dat daar twee geslagte saamwoon, elk met hul eie reg op privaatheid.

Agterbuurtwonings voldoen nie aan die norme van 'n huweliks- en gesinswoning nie.

Die woning moet ook voorsiening maak vir die normaal interne sosiale verkeer ten opsigte van gesinsfunksies in arbied, ontspanning en kinderspel, nie net binneshuis nie, maar ook buitekant die woning.

Die woning moet ook aan die estetiese norm voldoen. 'n Aantreklike, netjies versorgde huis met gekeurde versierings dra baie by tot die estetiese vorming van die kind.

Die woning moet binne die ekonomiese vermoë van die huwelik en gesin wees.

Die woning moet ook aan die eksterne regsnorme van bv. die stadsraad voldoen. Verkieslik moet die woning hul eiendom wees.

Die woning moet ook lewensruimte bied vir die geloofslewe van die huwelik en gesin. Dit moet die regte kalmerende atmosfeer adem om rus en vertrouwe te laat geld en saam te aanbid.

Cronje sê dat 'n eie huis 'n groter mate van sekerheid besorg.¹

Die woning moet ook die ruimte bied vir vormende kultuurarbied,

1. CRONJE in RUITER 23, Mei 1947, p.7 en p. 2-3. Soos aangehaal deur LOMBARD J.C. a.w. p. 145.

vir taalopvoeding, vir die spontane huweliks- en gesins liefdesaspek.

Een van die groot oorsake vir huweliks- en gesinsontwrigting is die tekort aan behuising wat veroorsaak dat sommige huise oorbewoon is en so die huweliks- en gesinsprivaatheid inboet.

Losieshuise en hotelle is 'n heenkome vir mense wat nie 'n ander woning kan bekom nie, maar dit kan nie 'n eie woning met alles wat dit aanbied vervang nie.

Woonstelle is 'n ander populêre woning wat deesdae hoog in aanvraag is. Vir huwelikspare kan dit 'n doeltreffende woning wees, maar vir gesinne is dit te beperk, dit bied nie geleentheid genoeg om 'n kind behoorlik in alle lewensaspekte op te voed nie.

Huurhuise is ook in aanvraag, veral vir werknemers wat gereeld verplaas word, maar daardie gesin ontwikkel nooit 'n eiendomsgevoel nie en daarom is hulle minder oppassend.

Die woning het 'n belangrike maar betreklike waarde vir die huisgesin. Dit hang van die gesin self af wat hulle van hul woning maak.

Die boubedryf is in baie opsigte te kapitalisties gesind ten opsigte van 'n woning. Hulle is te veel ingestel op die winsmotief as op die lewenseise van 'n gesin.

'n Woonhuis moet nie net die ekonomiese as bestemming hê nie, maar die sosiale bestemming moet die deurslag gee want dis 'n kultuur-objek wat die huwelik en gesin se lewensruimte bied. Dit wil sê dat die huis nie ook volgens ekonomiese norme gebou moet word nie, maar dit moet ook voldoen aan die eis van byvoorbeeld die estetika, die liefde, die sosiale, die historiese, kortom alle eise vir die gesonde normatiewe gesinslewe. Ouers is dit aan hul kinders verskuldig om aan hulle 'n woning te gee waarin al die normatiewe lewensuitinge tot sy reg kan kom.

Dus is die woning wat gebou moet word ooreenkomstig die struktuur-norme vir die huisgesin nie 'n neutrale ding nie, maar 'n lewensruimte van die allergrootste belang vir al die opvoedkundige eise wat aan die

ouer.....

ouer gestel word.

Dit is wel so dat 'n gesin lief word vir 'n woning waarin hulle veel lief en leed deurgemaak het. Dis nie om dowe neutte dat daar 'n segswyse bestaan nie: oos-wes, tuis bes.

Die huistoe-verlang is 'n psigiese hunkering met 'n liefdesontsluiting van mens tot mens, maar sterk met „ons tuiste" geassosieër.

5.2.4 DIE HUWELIK SE NORMATIEWE GETALSTRUKTUUR VOLGENS LIEFDESGEBOOD

Die huwelik druk hom in die getalssy uit veral in die normatiewe getalstruktuur van die monogame huwelik van een man met een vrou, as 'n twee-eenheidsgemeenskap.

Dit hou ook die gesondste gesagsverhouding in, naamlik een gesagsbron en voorwerp, dit wil sê gesagseenheid. Dit vind ons nie by poligamie en poliandrie nie.¹

Die huwelik is 'n unieke twee-eenheidsgemeenskap. Van de verbandsvorm sê Dooyeweerd: „het huwelik selve verdraagt naar zijn innerlijk structuur geen verbandsvorm in den zin van een veelheid tusschen meer dan twee echtgenooten. Daaraan kan ook de menschelijk willekeur niets veranderen."²

Die seksuele eenheid is 'n eksklusiewe huweliksreg wat nie een van die partye met 'n derde mag deel nie, want dit verbreek die eenheid van die huwelik.³

Elke kind het dan ook net een vader en een moeder.

Ook in die geslagsgemeenskap word die huwelikseenheid bevestig. „Only through the actual bodily contact can the union lie so consummated that this man and this woman belong to each other. It is the whole body that tends fervently toward the other in the desire to achieve an intimate union."⁴

1. LOMBARD J.C. a.w. p.154.

2. DOOYEWEERD H. : DE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE III, p.251.
POPMA K.J.a.w. p.68.

3. PIPER OTTO A. : MAN EN VROUW, p.58.

4. PIPER OTTO A. : THE BIBLICAL VIEW OF SEX AND MARRIAGE, p.27.

Keet bring die normatiewe aard van die getalsorde ook duidelik as volg uit: „In die natuurlike huweliksliefde kan daar geen deling met 'n derde wees nie, (die liefde tot die kind is iets anders) en waar die liefde so 'n innige verband tussen die egliede daarstel, moet die tussenkoms van 'n derde storend werk. Dit is ook waar van die sedelike verhouding wat in die huwelik totstand kom. Vir so 'n innige gemeenskap sal 'n derde as hindernis ondervind word.”¹

Kuyper bespreek ook die twee-eenheid en praat dan van die geestelike eenheid, na aanleiding van Efesiërs 5, waar van die unio mystica tussen Christus en die gemeente sprake is en dit as 'n akskaduwing is van die huweliksverhouding en sê dan: „niet dus is het huwelijk enkel een contract, dit is een band, gelegd door menschelijke wilsuiting, maar iets veels diepers, - een Goddelijke unio, een Goddelijke oplossing van twee in een wat Paulus reeds uitgedrukt vond in de scheppingsordnantie: Deze twee zullen een vleesch zijn.”²

Hierdie „een vlees wees" wys op al die lewensfunksies, soos Drogendijk dit dan ook stel: „de woorden: zy zullen tot een vleesch zijn mogen daarom op de geheele levensverbinding betrokken worden. Het huwelijk is niet alleen de eenwording van twee menschen voor lichaam en ziel, maar ook twee onderscheiden persoonlijkheden. De twee-eenheid komt evenzeer daarin uit, dat twee tot nog toe afsonderlijke levens, een leven gaan vormen.”³

Te midde van die eenheid tussen man en vrou bly hulle tog ook nog twee selfstandige mondige mense, soos Stoker ook sê: „Elk van beide het sy of haar van die ander onderskeie eie aard, liggaamsbou, sielestruktuur, talente, gawes, moontlikhede en so meer.”⁴

Dit wys op die tweeheid van die huwelikseenheid, want in die eenheid van die huwelik verloor man en vrou nie hul eie identiteit of persoonlikheid nie.⁵ Elkeen bly ook nie net wat hulle is nie, maar soos

-
1. KEET B.B. : SEDELIKE VRAAGSTUKKE, p.61-62.
Vgl. ook BRILLENBURG WURTH G. : HET CHRISTELIJK LEVEN IN HUWELIJK EN GEZIN, p.70.
 2. KUYPER A. a.w. p.360-361.
 3. DROGENDIJK A.C. : MAN EN VROUW, p.25.
 4. STOKER H.G. : STRYD OM DIE ORDES, p.69.
 5. DROGENDIJK A.C. a.w. p.25.

vroeër aangetoon vind die man sy manwees en die vrou haar vrouwees eers werklik in die huwelik. Die vrou wat in die huwelik mansagtig wil wees verloor haar vroulikheid en ontaard die huwelik.

Daar moet gelyke klem val op die eenheid van die tweeheid en op die tweeheid van die eenheid in die huwelik.

Die huwelik se getalstruktuur is 'n onontkombare werklikheid.

Oor die monogame huwelik behoef nie meer gesê te word nie, as dat alle Christenskrywers dit eens is dat die huweliksvorm is wat God ingestel het, soos die Bybel dit voorhou.¹ Dit het direkte betekenis vir die opvoeding binne die gesin, omdat dit eenduidigheid versker van die ouers as gesagsfigure in twee-eenheid. Die problematiek wat sou opduik as die kinders twee vaders en een moeder het wat gesag uitoefen, of twee moeders bv. is ooglopend. Gehoorsaamheid aan God se skeppingsorde lewer altyd die beste lewenspraktyk.

5.3 DIE TIPIESE UITDRUKKING VAN DIE GELOOFSASPEK IN AL DIE ANDER LEWENSASPEKTE VAN DIE HUISGESIN

Daar is ook 'n tipiese ontsluiting van die huisgesin se liefdeslewe onder leiding van die geloofsaspek.

Dit beteken dat die ganse normatiewe liefdeslewe na alle aspekte ook heenwysend, dit wil sê antisiperend in die geloofsaspek konkreet ontsluit sal word.

Ons behandel dit redelik in extenso in hierdie paragraaf om die lewenseenheid van die gesinsliefde in ontsluitende sin so aan te toon om as voorbeeld te dien.

Tussen man en vrou as ouers en tussen al die gesinslede moet daar liefdevolle vertrouwe en mitsdien oorgawe tot mekaar wees. Wantrouwe teenoor mekaar is antinormatief met 'n skerp afbrekende effek na alle lewenskante. Inplaas van 'n hegte eenheid disintegreer die gesin tot

1. Vgl. KEYTER J. de W. : HUWELIK EN GESIN, p.51.
Ook ERASMUS D.F. : DIE CHRISTELIKE HUISGESIN, p.27-28.

losse individualiste met die minimum kommunikasie. Liefde beteken vir die kind sekerte, geborgenheid.

Die estetiese gesinsaspek beteken dat vertroue in mekaar juis harmoniese verhoudinge en eendragtige optrede tot gevolg het, soos die vyf vingers van die een hand.

Daar moet ook sekerte wees van beide ouers teenoor mekaar en beide saam teenoor die kinders, asook van die kant van elke kind teenoor die ouers, dat die interne gesinsreg harmonies in ewig uitgeoefen sal word, in billikheid sonder aansien des persoons.

Negatief word dit skerp geaksentueer deur die ramspoed van voortrekkery, witbroodjies, partyvorming en so meer, wat by die kind of 'n valse sekerte of twyfel wek.

Ekonomiese sekerte vir die gesin beteken dat 'n goeie bestaansminimum verseker is sodat die normale lewensgang van die gesin nie onderbreek word nie. Die huisgesin se inkomste moet vir 'n hele reeks van lewensbehoefte betaal en die weg open. Dis onmisbaar vir die inisiatief en lewensvatbaarheid na binne en buite.

Die gesin wat „geknyp" is, dit skraps het, waar die vader afgedank of gelikwideer is of werkloos sit, ondervind 'n pynigende onsekerte van dag tot dag en die moeder se bekommernis in sulke omstandighede is deerniswekkend.

Ook die sosiale moet deur die pistiese aspek ontsluit word, insover daar binne die gesin en van die kant van die kinders omgangstroue, en vertroulike omgang is.

Die kind se belydenis moet wees: Ek het die volste vertroue om openlik met my ouers te gesels. Ek kan op my ouers se woord en optrede en opregtheid reken. Dit hang al weer saam met die gespreksvertroue ten opsigte van die wyse waarop die ouer met die kind praat in 'n liefdestoon wat die kind trek, bind en bemoedig en grond onder sy voete gee.

Hier kom ook die waarheidsnorm ter sprake. Die ware liefde sal die lewe ontsluit van die kant van die ouer want as vader en moeder se

woord.....

woord nie hulle eer is nie, veroorsaak dit onsekerte by die kind.

Tegelyk moet die ouers se gesagsliefde so uitgeoefen word, dat die kind leer: my ja is my ja, en dis klaar. Die ouers moet sekerte hê oor die kinders se openlikheid en betroubaarheid.

Wat die historiese aspek betref, speel die gesin se geskiedenis met die oog op die norm van kontinuïteit 'n belangrike rol ten opsigte van 'n sekereheidsbasis.

Die vinnige verwisseling van ouers in geval van egskeiding, is 'n erkende oorsaak van twyfel en onbestendigheid by die kind. Die saambinding en integrering van die gesin skep 'n stewige lewensvesting van 'n liefdesgemeenskap wat deel in mekaar se vreugde en smart. So 'n gesin sien vir baie dinge kans, met name ook die probleme - om dit uitdagend vormend te beheers en te oorkom.

Die gesagsopleiding in die gesin moet juis daarop bedag wees om aktief-vormend die sfeer van sekereheid binne die gesin te skep. Daar moet juis ook geleentheid geskep word vir die kultuurvormende uiting en skeppende vermoëns en arbeid van elke gesinslid. Dit beteken dat hy die geloof en vertrouwe moet hê dat „ons huis die lekkerste en vernamste werkplek is vir myself en vir ons saamdoen.”

Die denkstruktuur van die gesin appelleer ook op sekerte, vertrouwe, geloofwaardigheid, betroubaarheid met die skering en inslag van die liefde. Ten opsigte van al die lewensaspekte van die gesin, word op die ouers vertrou en gesteun en gereken om met gesag voor te gaan, te bereken, te wik en weeg en te beslis.

Dit rus ook op hulle meerdere ervaring en wysheid met 'n rypere en meer volwasse denkvermoë.

Dis vanselfsprekend vir die kind om die ouers se opinie te vra: Pa en/of ma sal weet! Die vertrouwe in hulle wete, opinie en denke word pragtig geïllustreer in die rits van vrae waarmee hulle die ouers bestook.

Die.....

Die liefdesbinding ten opsigte van die denkstruktuur kom pragtig na vore in die feit dat kinders wat selfstandig en selfs getroud is, tog nog in byvoorbeeld moeilike beslissings die ouers se oordeel begeer - hetsy die van vader of moeder of albei s'n.

Die gevoel van sekerte, as gewaarwording wat positief aandoen, word bevestig deur die ontsluiting van die psigiese aspek deur al die normatiewe kaders hoër op.

Dit word reeds geïllustreer deur die algehele sekerheidsgevoel van die jong kind wat bedreig voel en spontaan na die ouers storm en hom werp in die arms van pa of ma as 'n hawe van sekerte en veiligheid.

Hierdie liefdesgestempelde sekerheid het ook sy analogie in die ander natuursye van die werklikheid. So is daar groei in die sekerte van die gesinslede; die sekerte is sterk en onversetlik; dit word oorgedra tot mekaar in wisselwerking.

Die gesin vorm 'n tipiese klein hegte verbandsruimte en lewensruimte waarbinne die sekerte opgebou word; dit is liefdessekerste wat in elkeen afsonderlik gestalte vind en dan weer in almal saam as 'n eenheid, dit wil sê, samehorigheid skep want dis 'n gesin as groep wat heg saamgebond is. Die „saamstaan" in 'n krisis getuig van die veel-eenheid van 'n liefdesgebonde gesin.

5.4 TIPIESE INTERNE BYBELSE GELOFSSEKERTE IN DIE HUISGESIN

Terwyl die opvoedingsaspek later met name na vore gebring word, moet hier gewys word op die leerstellige Bybelse of godsdienstige geloofsekerheid wat al die ander lewenskante van die gesin sal ontsluit.

Basiese uitgangspunte vir die vrugbare opvoeding tot geloofssekerste in die gesin is die volgende:

i) 'n Lewende aktiewe geloof wat 'n sekere kennis en vaste vertrouwe is in God Drie-enig soos geopenbaar in sy Woord, die Heilige Skrif. God self het deur die Heilige Gees die Woord gegee en wie Hom liefhet, het ook sy Woord lief.

ii) Die vaste geloof en sekerte dat Gods Woord Goddelik geïnspi-

reer is en normatief tot die mens spreek met absolute en finale gesag. (2 Petr. 1:21; 2 Tim. 3:16; 1 Thes. 2:13).

Hierdie absolute en onfeilbare gesag van die Bybel beteken dat dit 'n absolute religieuse norm is, ook vir die liefdeslewe in huwelik en gesin. Uit die liefde tot God en die medemens (Mat. 22:39) as die sentrale liefdesgebod, is dit deel van ons heiligmaking om huwelik en gesin tot sy eer Christelike gestalte te gee. Die persoonlike kennis van Jesus Christus as persoonlike Saligmaker wat onverbreeklik saamhang met die vastheid van Gods genadeverbond.

iii) Dit beteken dat die Woord wel basiese riglyne en norme gee vir huwelik, gesin en opvoeding wat sorgvuldig nagelees moet word. Dit beteken nie dat ons bibliisisties die volle struktuurnorm van huwelik en gesin en opvoeding in die Bybel gaan aflees nie. Dit beteken ook nie dat die gesinslewe en gesinsopvoeding tans in die laat twintigste eeu wat norme betref, net soos in Bybelse tyd gepositiveer moet word nie. Die Woord leer wel konstant dat omvattende verbondopvoeding moet plaasvind.

Die norm bly, maar die vorm variëer volgens kultuur-historiese gang en nuwe omstandighede.

Die Christelik wetenskaplike besinning is onmisbaar om 'n wyer en dieper ontleding te bied van die samelewingsverbande en die opvoeding se strukture.

iv) Die sekerte van ware kindschap van God soos geleer volgens die basiese geloofswaarhede, ondermeer die belydenisskrifte van die Kerk. Dit sluit in die onveranderlikheid en waaragtigheid van Gods werk soos verseker in sy Raad ook ten opsigte van die uitverkiesing van die gelowiges in die vastheid van die genadeverbond.

Die kragtigheid van die roeping deur die Woord, veronderstel die prediking en die finaliteit van die wedergeboorte;

die.....

die finale onverliesbare genadegawe van die geloof; die sekerte van die bekering tot kindskap en die persoonlike uitverkiesing;

die sekere wete dat die gelowige persoonlik in Christus se borgtogtelike lye geregverdig is;

die Christelike lewenspraktyk deur Gods genade, of heiligmaking wat Gods genadewerk aan die gelowige bevestig;

die bewaring deur God van die gelowiges of volharding van die gelowiges;

die sekerheid van die toekomsverwagting in Christelike hoop met die oog op die hiernamaals.

Bogenoemde omvat nie alle geloofswaarhede nie, maar is wel die basiese leerstukke waardeur die kind in die ouer ingelei moet word om hom te verseker van Gods genadewerk wat in die geloof aanvaar moet word. Hierdie lewende persoonlike geloofssekerte in die hart open die weg vir die wedergebore kind om 'n kragtige geloofsgroei te vra en te soek na die wil en die wet van God vir sy roeping en doen en late op alle lewensakkers. As die penwortel diep geanker is en die staan stewig, kan die takke sterk groei en ryklik vrugte dra, bewus daarvan dat Gods genadeverbond die oorkoepelende reënboog is vir die verbondsgesin. Die gesinslede kan lewe in die geloofsekerte van die verbond soos Ridderbos dit stel dat dit vir die gelowiges verseker die onverbreekbaarheid van God se werk en sy trou; dat dit verlos van 'n heidense vrees vir 'n onbekende en onberekenbare God. Die verbond is die fondament van die sekerheid van die geloof, dit skenk die volharding van die gelowiges, dit waarborg die instandhouding van die Kerk, die behoud van die wêreld en die koms van sy koninkryk.¹

1. RIDDERBOS H.N. : OOR DIE GENADEVERBOND IN DOGMA DER KERK, p.316.

5.5 DIE ONTSLUITINGSFUNKSIE VAN DIE BYBELSE GELOOFSNORME TEN OPSIGTE VAN DIE VOLLE HUWELIK EN GFSINSLEWE

Die Bybel gee vir ons die riglyne hoe 'n huwelik en gesin behoort te wees.

Wat die huwelik en gesin in 'n negatiewe vervalte sin is, dit het die sondeval veroorsaak.

Onder leiding van die geloof kan die vervalte huwelik en gesin uitgelei word om meer en meer te word wat dit behoort te wees.

Christus se versoeningswerk geld ook vir huwelik en gesin.

Die huweliksformulier stel dit duidelik: „Hoewel die sonde ook hierdie heilige verbintenis aantast, kan die gelowiges seker wees dat Christus se verlossingswerk ook hulle huwelik reinig en vernuwe. Daarom kan getroudes wat Hy na mekaar gelei het, seker wees van sy seën en beskerming.”¹

Dit beteken dat elke lid van die huwelik deur die geloof in Jesus Christus verlos is. Hulle liggame behoort nou aan die Here. (1 Kor. 6:13; Rom. 12).

Ridderbos skryf in die verband: „Daarom behoren de liggamen der gelovigen als leden aan het lichaam van Christus toe en kan een gelowige man niet tevens een lichaam en een vlees met een hoer zijn. De bestemming van het lichaam wordt dus door Christus en door de Heilige Geest bepaald. Dit is ook beslissend voor de onderlingen verhoudingen in het huwelijk.”²

Die geloof in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker, veronderstel nie 'n vergeesteliking van die natuurlike huwelik en gesin nie, maar: „veeleer en terugkeer en herstel van het natuurlijke uit Christus en

-
1. DIE KERKBOEK VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK, p.83.
Vgl. RIDDERBOS H.N. : HET KONINKRYK GODS IN ONS LEVEN IN DE WERELD,
in: Het Woord, het ryk en onze verlegenheid, p.157-162.
 2. RIDDERBOS H.: PAULUS p.341.

de.....

de Heilige Geest. En dit is dan ook die diepe zin van het Woord, dat hetgeen God geschapen heeft, m.n. ook het huwelijk, gheheiligt wordt door het Woord Gods en het gebed."¹

Hierdie vernuwing beteken bevryding van die gesin om te kan leef volgens die wet van God.

Hierdie vernuwing van die mens bring mee dat die jongmens wat biddend gelowig 'n lewensmaat soek, dit by voorkeur sal doen uit die geloofsgroep waaraan hy behoort. Sy verhouding tot sy vriende sal ook deur Christelike norme bepaal word. As die mens se denke Christelik religieus gerig is, sal al sy kultuurhandelinge beantwoord aan die wet van God. Sy kultuurhandelinge sal getuig van oorwinning oor sonde en dit sal opheffend wees.

Sy taalgebruik sal gesuiwer wees van alle onwelvoeglikheid. Die mens wat die Skrifnorme eerbiedig, sal ook in wat hy skryf of simbo- liseer, hom weerhou van pornografie of enige ander vorm van onsedelik- heid. Die mens praat met verantwoordelikheid aan God wat hom die vermoë gegee het om te kan praat.

Die taalgebruik moet voldoen aan die norme van Gods Woord en ook aan die norme wat in elke lewensaspek geld. Dit moet dus voldoen aan behoorlike sosiale omgang, dit moet ekonomies gebruik word, dit moet voldoen aan die norme van die estetika, die grammatika, die sedelik- heid en aan die eise van geloofstaal, die getuienislewering as Christen- mens.

In die gesinsopvoeding moet die kinders geleer word om in alle tydelike gesinsbetrekkinge te handel volgens die liefdesnorm.² Die liefde moet hulle sosiale omgang tot mekaar lei en stempel en burger- oorloggies voorkom.

In liefde moet onderlinge geregtigheid geskied en na mekaar se belange omgesien word deur dik en dun.

1. Ibid p.342.

2. Vgl. FOULKES se kommentaar op Fil. 4:8 wat soos volg lui: "Paul uses eight words here to characterize the things which should fill the Christian's thought life.....Paul is saying: let them shape your attitudes." In THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p.1138.

In liefde is daar respek vir mekaar se persoonlike eiendomme en privaat regte in die intimiteit van die gesin.

In liefde betig die kinders mekaar as een kind vader of moeder nie eerbiedig nie of te na kom. As liefdesreëling het die ouer kinders bepaalde voorrange en voorregte bokant die jongeres, maar is daar ook weer norme van bedagsaamheid en voorkeure van ouer kinders teenoor jongeres omdat hulle jonger is.

HOOFSTUK 6

DIE OPDRAG TOT EN NOODSAAKLIKHEID VAN CHRISTELIKE OPVOEDING

6.1 WAT CHRISTELIKE OPVOEDING IS

Christelike opvoeding is 'n opdrag van God-Drie-enig aan ouers in die eerste plek.¹

Waterink stel dit soos volg: „Deze ouders hebben de roeping hun kinderen op te voeden. Het wezen van deze opvoeding wordt....bepaald door de opdracht, die God aan de ouders verstrekt: hun verantwoordelijkheid teenover hun kinderen te beleven.”²

Gunter sê: „Opvoeding is genadegawe van God aan die mens as sondaar om sy kind omhoog te lei.”³

Opvoeding kan nie gedefiniêr word sonder om die doel ook in die oog te hê nie.⁴

1. DEUT. 6:6,7; EFES. 6:4,; PS. 78:1-8. In hierdie Skrifgedeeltes word ouers opdrag gegee om hul kinders op te voed, in die wêreld van die verbond.
2. WATERINK J. : OPVOEDING. In Christelike Encyclopedie V, p.324. Vgl. HEIBERG P.J. : SCHOLASTICISM. In Koers XL No. 4, 5, 6, 1975, p.266. Hy sê: Christian Education belongs to our Christian mandate. We cannot escape from this mandate without serious consequences for Christianity."
3. GUNTER C.F.G. : OPVOEDINGSFILOSOFIE, p.334. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.40. Schoeman sien opvoeding as „opwaartse voeding", dit wil sê: „voeding na bo."
4. Vgl. VAN DER ZWEEP L. : DE PAEDAGOGIEK VAN BAVINCK. Vir Bavinck staan die doel voorop, voor die uitgangspunt, want die doel sal die uitgangspunt bepaal. Hy sê: „Bij de opvoeding komt alles in de eerste plaats aan op het doel....De bestemming beslist over den weg die ingeslagen moet worden," p.61.

As.....

As Schoeman opvoeding breër omskryf, dan stel hy dit soos volg:
 „Indie opvoedingsaktiwiteite kry ons te doen met 'n doelbewuste,
 planmatige handeling van die kant van die volwassene (opvoeder)
 waardeur hy hom met die onvolwassene of volwassewordende (opvoedeling)
 op so 'n wyse bemoei dat hy hom daardeur tot volwassenheid sal kan
 lei.¹

Hierdie leiding sal 'n omhoog leiding na God wees. Die sondaar
 moet omhoog gelci word sodat hy weer aan God teruggebind kan word.
 Dit is onder andere die Christenouer se taak. Hierdie taak van die
 Christenouer noem ons verbondsopvoeding.

Landman sien opvoeding ook as hulp aan die kind met geleidelike
 vervulling van sy bestemming tot volwassenheid. Hy sê: „Dit is 'n
 selfstandige en verantwoordelike bestem-wees tot sy God....Kinders is
 aan hulle ouers tydelik toevertrou onder goddelike opdrag. Dit is 'n
 opdrag wat duidelik blyk uit die doopbelofte.“²

Dit impliseer dus verbondsopvoeding.

Gunter sien opvoeding as 'n omvangryke taak wat elke aspek van
 die menslike lewe insluit. So 'n omvangryke opvoeding word deur die
 Christelike opvoeding aangebied.³

Davies stel hom op dieselfde standpunt: „Christianity provides the
 best moral principles, so far discovered. Therefore teach Christia-
 nity.“⁴

Davies beklemtoon dit dat die mens met sy godsdienst nie losstaan
 van die wetenskap en geskiedenis nie, want God is die Skepper. Hy sê
 tereg: „What we discover through the natural sciences must be his
 methods of creation, and the truth attained, therefore, is truth about

1. SCHOEMAN P.G. a.w. p.40-41.

2. LANDMAN W.A. : LEESBOEK VIR DIE CHRISTENOPVOEDER, p.53,54.
 Vgl. VAN DER ZWEEP L. : a.w. p.61.

Volgens Bavinck kan die leerstof in die opvoeding bepaal word
 volgens die waarde van die leerstof (die objektiewe gesigspunt)
 of volgens die belangstelling van die kind (die subjektiewe gesigs-
 punt). Hy verkies dat die objektiewe gesigspunt voorrang geniet.
 Dit blyk dat dit ook die uitgangspunt is van die pedagoë wat ons
 in die paragraaf aanhaal. Daarna word na die kind self omgesien.

3. Vgl. GUNTER C.F.G. a.w. p.334

4. DAVIES R.E. : AN APPROACH TO CHRISTIAN EDUCATION, p.1.

the nature of God."¹

Van Loggerenberg en Jooste sien eweëns opvoeding as 'n gehoorsame uitvoering van die Goddelike opdrag om die kind op te voed vanuit die Skrif. Hulle sê dan ook dat die Bybel as die onfeilbare Woord van God die belangrikste kenbron bly waarin die beginsels vir 'n Christelike opvoedingsleer bepaal word.²

Steyn sien dit ook so dat die kind as voorwerp van die Christelike opvoeding gesien moet word; dat die kind 'n Christelike persoonlikheid in wording is. Die kind is ten opsigte van sy struktuur, in sy totaliteit onontwikkeld, onryp, hulpeloos en hulpbehoewend, ongedisiplineerd en geneig tot die verkeerde, want ook hy is in sonde ontvang en gebore en geneig tot die kwaad. Ook in die kind is die beeld van God geskend.³

Steyn maak 'n belangrike bowering as hy sê dat daar geen terrein van die opvoeding is wat „Christelik” of „on-Christelik” is nie. Dit is die religieuse mens met sy benadering wat Christelik of on-Christelik is. In die hantering van die leerstof is die opvoeder Christelik of on-Christelik.⁴

Samevattend kan ons die doel van die opvoeding soos volg definieer: Die doel van opvoeding is om die opvoedeling uit al die uitgange van die hart onder leiding van die geloof, soos genormeer deur die Woord, vol en ewewigtig te laat ontplooi, tot geestelike volwassenheid en mondigheid in verbondsgehoorsaamheid in Christus op alle lewensterreine en in alle lewensvorme.

6.2 GODS OPDRAG TOT VERBONDSOPVOEDING

6.2.1 OU TESTAMENTIESE GETUIENIS OOR VERBONDSOPVOEDING

Die Bybel is een Boek met finale Goddelike gesag en nie twee Boeke

1. Ibid p.7.
2. Vgl. VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. : VERANTWOORDELIKE OPVOEDING, p.24 vv.
3. STEYN J.A. : DIE OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLINGS VAN 'N CHRISTELIK-REFORMATORIESE KOSMOLOGIE, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE WYSBE-GEERTE VAN DIE WETSIDEE, p.59.
4. Ibid p.59.
Vgl. RUPERTI K.M. : DIE OPVOEDINGSTAAK, p.41.

nie. Dit is een normatiewe Woord van God en nie twee aparte Woorde nie, daarom moet ons nagaan wat God reeds aan die begin van sy volk se geskiedenis oor opvoeding geleer het.

Die eerste getuienis wat ons vind vir verbondopvoeding, vind ons in die Wet, die Tien Gebooie, ook genoem die Tien Woorde van die verbond (Ex. 34:38) of kortweg, net die verbond genoem.¹

Hierdie Tien Woorde het elk 'n teologiese en 'n sosiale aspek.²

Die „teologiese” aspek wys heen na die verhouding en gehoorsaamheid aan God en die sosiale aspek wys na die verhouding tot die naaste.

Hierdie verhouding vind ons terug in Deut. 6:5 wat soos volg lui: „Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.”

God het vir die mens sy liefde gegee en Hy verwag van die mens wederliefde, daarom stel God homself in die verbond vir die mens verantwoordelik en daarom maak Hy die mens ook aan Hom verantwoordelik.

God gee sy Woord aan die mens en die mens moet daarop antwoord.

Olivier sê: „Dit beteken dat die mens God totaal moet gehoorsaam in al die omstandighede van sy bestaan.”³

Die mens is tot onderworpenheid aan die totale wet gedwing. Gods handelinge met die mens is mededelend, gebiedend, antwoordend. Die wet sê ook hoe die mens moet reageer. Die mens het ook 'n verpligting ten opsigte van die verbond,⁴ soos onder andere in die doopbelofte vervat.

Christus herhaal die Woorde uit Deut. 6:5 in Mat. 22:37 en Mark. 12:30 en Luk. 10:27, en Hy verklaar dat die ganse wet en profete daaraan hang.

1. Vgl. VONK C. : DE VOORZEIDE LEER, Ic. p.487.

2. Ibid p.486.

3. OLIVIER G.E. : DIE IMPLIKASIES VAN DEUT. 6 VIR DIE OPVOEDING VAN DIE VERBONDSKIND, p.84.

4. Vgl. HEYNS J.A. : LEWENDE CHRISTENDOM. 'n Teologie van gehoorsaamheid, p.27.

Van hierdie hele wet en profete sê God in Deut. 6:6: „En hierdie Woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees.”

Die Hebreeuse woord „dabar” in die mond van God het kreatiewe krag. Deur sy dabar (Woord):

- i) Openbaar Hy homself,
- ii) Laat Hy homself geld,
- iii) Is Hy self teenwoordig.¹

Pop skryf soos volg oor dabar: „Jvh beleerst door zijn Woord de geschiedenis.....Dit Woord brengt de grote omwenteling in het leven van die aartsvader.....Het Woord van Sinaï is de grondslag, de norm en de stuwkracht van Israels leven....Zo is Israëls geschiedenis ondenkbaar zonder het Woord....Het is een hemelse creatieve kracht, die op de aarde werkt. Ook de Tora is Woord des Heren. Zij ordenen het leven van Israel, dat Gods partner is in het verbond. Zooals het Woord aan het begin van Israels leven stond zo stond het ook aan het begin van alle leven.”²

Uit hierdie aanhaling spreek die opvoedende Woord van die Here.

Marais wys ook op die opvoedende karakter van die wet as hy sê: „Hier sê God aan die mens hoe hy moet lewe. Hier lê God self die grense vas waarbinne daar vir sy volk lewensruimte moet wees. Dit is dus ordebeplanning waaraan God die ganse skepping bind, want sy wet is die wet van sy Koninkryk waardeur Hy oor die hele wêreld as Koning heers, terwyl die Tien Gebooe as grondwet vir die menselewe in Gods skepping gesien mag word. Die wet is dan die riglyn waarvolgens die mens sy voetstappe moet rig (Ps. 119:9; Jes. 8:9,20).³

Die wet orden dus die saamlewe van mense en dit orden die lewe van die individu.

-
1. Vgl. POP F.J. : BIJBELSE WOORDEN EN HUN GEHEIM, p.579.
 2. POP F.J. a.w. p.581.
 3. MARAIS P.W. : DIE TIEN WOORDE VAN GOD, p.15, 16.
Vgl. ook 2 KRON. 17:7-10; PS 19:8-15.

Die.....

Die liefde wat die wet opeis vir God en die naaste, lê beslag op al die ingeskape vermoëns van die mens, dit omvat die hele mens.

Tidwell verbind Gods wet met sy liefde, hy sê: „God's laws are the expression of His love. He governs man because he loves him and wants to prevent his ruin. Man's obedience is the expression of his love.”¹

Liefde en gehoorsaamheid aan die Woord beteken ook orde in Gods Koninkryk op aarde, dit beteken ook orde in die lewe van elke mens van die Koninkryk.²

In Deut. 6:6 gee die Here 'n bevel: „En die Woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees.”

Volgens Olivier word hiermee die hele wet bedoel, die gebod, die insettinge en verordeninge. Hy sê verder: „Deur hierdie onderwys wil Hy sy volk beweeg om sy wil te doen.”³

Die wet moet „op” die hart, die naaste aan die hart, „in” die hart wees. Daarmee word die religieuse verdieping aangedui.⁴

Dit is egter nie genoeg dat ons die wet in die hart bewaar nie, nee: „jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.” (Deut. 6:7).

Die bedoeling is dat die ouers die kinders 'n onuitwisbare opvoeding in verband met hierdie woorde moet gee.

Vonk verklaar Deut.6:7 soos volg: „Hij wijst hier op de sociale zijde van het 1e en alle ander geboden. Laat ook aan anderen weten en merken, dat de door Gods wil uw hart en leven altijd laat regeren. Zwiig Jahweh niet dood.”⁵

1. TIDWELL J.B. : THE BIBLE BOOK BY BOOK, p.63.

2. Vgl. HEYNS J.A. a.w. p.19.

3. OLIVIER G.E. a.w. p.99.

4. Vgl. VON MEYENFELDT F.H. a.w. p.17.

5. VONK C. a.w. p.499.

In die Ou Testamentiese tyd is die kind in sy vroegste jare deur sy moeder en in sy manlike jare deur sy vader opgevoed. Een van die mees heilige pligte van die vader was om aan sy seun die groot waarhede van Israel se geloof te leer. (Ex. 10:2; 12:26; Deut 6:7, 20-25).

Ten opsigte van die opvoeding van Israel skryf Gomoran: „Moreover the Jews may be considered to have been the recreators of the ideal of democratic education (if by that it meant the education for masses) as well as the creators of the first elaborate scheme of what is generally called extension education.”¹

Opvoeding in ou Israel was bedoel vir die hele volk.

Coetzee maak die betekenisvolle bewering: „Israel was die eerste volk in die geskiedenis om te eis dat die opvoeding vir die hele volk moes geld.”²

Benewens die ouers was die Leviete en priesters belas met die opvoedingstaak in Israel (1 Sam. 2:21, 26; 2 Kon. 12:13; Mal. 2:7; Deut. 31:10-13; Jos. 8:33-35).

Later het die profete bygekom om die volk te onderrig en saam met die profete het ook die wysheidsleraars opgetree wat mense geleer het om 'n goeie lewe te lei.

Laasgenoemde se invloed het geweldig toegeneem gedurende die eksiliese- en post-eksiliese periodes.³

Al hierdie onderrig was hoofsaaklik uit die wet. Uit hulle onderrig het later die Talmud ontstaan wat die belangrikste handleiding in die studie van die wet geword het.

-
1. GOMORAN E., soos aangehaal deur OLIVIER G.E. a.w. p. 105.
 2. COETZEE J.C. : INLEIDING TOT DIE HISTORIESE OPVOEDKUNDE, p.27.
 3. Vgl. DE VAUX R. : ANCIENT ISRAEL, ITS LIFE AND INSTITUTIONS, p.50.

Pop som die aard van die onderwys in Israel soos volg op:

1.. Het onderwys is in het O.T. vooral godsdienstonderwys; het word gegeeven door Mozes (Deut. 4:1, 14), de profeten, de priesters en de wijzen. Karakteristiek is:

- i) Jhvh's openbaring (niet eigen inzichten wordt onderwezen);
- ii) Dit onderwys heeft goddelijk gezag; geen discussie; de leerling neemt aan of verweept;
- iii) Het doel is praktisch: het onderwezene moet gedaan worden;
- iv) Dit onderwys is totaliter;

2. De inhoud van het onderwys:

- i) De rechten en inzettingen - de leefregels van het verbond (Deut. 4:1).
- ii) Het bid van Mozes (Deut. 31:19) en het lied van de boog (2 Sam. 1:18).
- iii) De wet van Jhvh
- iv) De wegen van Jhvh
- v) De Wetenschap aangaande de rechte leven.¹

Ons kan sê dat die onderwys gegaan het oor die openbaring van God in die verlede.

Een van die sterkste Skrifgetuienisse oor verbondsoopvoeding is die Boek Spreuke. Spreuke is 'n verteenwoordiger uit die wysheidsliteratuur in die Ou Testament.

Gispen noem 'n reeks belangrike opvoedkundige en allerlei praktiese onderwerpe in die mens se lewe waaroor Spreuke handel.

Die Boek handel oor die sonde waarteen die sewende gebod waarsku (Spr. 5:1-23). Dit handel oor borgtog (6:1-5); die luiaard wat tot arbeid opgewek moet word (6:6-11); die doen en late van die bedrieër

1. POP F.J. a.w. p. 366,367.

(6:12-15).....

(6:12-15); waarsku teen die owerspeelster (6:20, 35) en haar verleiding (7:1-27); die verheuenheid van die wysheid (8:1-36) en rig 'n uitnodiging na die wysheid.¹

Tidwell het die opvoedkundige waarde van Spreuke so saamgevat: „They emphasize the external religious life. They teach how to practise religion and overcome the daily temptations. They express a belief in God and His rule over the universe and, therefore, seek to make His religion the controlling motive in life and conduct. They breathe a profound religious conception, but put most stress upon the doing of religion in all the relations of life.”²

Gispensê dat Jesus Christus beantwoord: „aan het ideaal dat in dit Boek gesteldt word.”³

Ruffle sê weer dat Jesus 'n besondere voorliefde vir die Boek gehad het, hy sê: „There is ample evidence that our Lord loved this book.”⁴

Spreuke help ons om Jesus en baie van sy optredes beter te verstaan, veral waar Hy van gelykenisse gebruik gemaak het om sy Boodskap oor te dra.

In die wysheid van Spreuke is God in die sentrum: „even when it is most down-to-earth, it consists in shrewd and sound handling of one's affairs in God's world, in submission to His will,” so sê Kidner.⁵

In elke opvoedingsbeleid behoort God in die sentrum te wees.

Spreuke is gevul met wysheidsuitsprake. Hierdie Boek maak van 'n verskeidenheid begrippe gebruik om die verskillende fasette of betekenisse van die wysheid te belig.

-
1. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING VAN DE HEILIGE SCHRIFT, Spreuke 1, p. 8,9.
 2. TIDWELL J.B. a.w. p.102.
 3. GISPEN W.H. a.w. p.15.
 4. RUFFLE J. : PROVERBS. The New Bible Commentary, revised, p.550.
 5. KIDNER D. : PROVERBS, p.13,14.

So.....

So gebruik Spreuke die „tug“ as sinoniem met wysheid, wat deur kastyding, swaarkry verwerf word (4:1).

'n Ander woord wat „tug“ vervang, is „teregwysing“ (1:23). Waar tug meer op lyfstraf wys, daar sien teregwysing op die tug met woorde.

Kidner sê dan van die tug en die teregwysing: „The two terms together can be summed up as discipline; they give the reminder that wisdom is not to be had through extra-mural study : it is for disciples only.“¹

Volgens Gispén bevat die tug ook selftug, selfbeheersing en eie sedelike vorming. Tug hou die vermoë in om tussen goed en kwaad te onderskei.²

Pop verklaar die gebruik van „tug“ in die Ou Testament so: „Het is ons te doen om die woorden, die de Septuaginta vertaalt met paideuc en paideia“en sê dan dat dit op lyfstraf dui: „Het doel ligt in het voelbaar maken, wie de baas is dan in de ontplooiing van die persoonlikheid.“³

Wysheid beteken ook insig, begrip, verstaan, 'n kennis sodat die mens tussen goed en kwaad kan onderskei.

Wysheid is ook tug wat verstandig maak (1:3a).

Wysheid beteken ook skrandeheid (1:4a), dis die vermoë om planne te beraam (22:3), 'n skrande mens sien onheil kom en verberg hom.

Spreuke neem lesse uit die daelikse lewe, maar dan lesse wat deur die Heilige Gees geïnspireer is om mense wys te maak.

Gispén sê van die onderwys wat ons so uit die Skrif ontvang: „het doel van het onderwijs is niet alleen het aanbrenging van kennis, maar ook het vormen van karakter. Daarom gaan onderwijs en opvoeding hand

-
1. KIDNER D. a.w. p.36.
 2. Vgl. GISPEN W.H. : p.21.
 3. POP F.J. a.w. p.406.

aan hand."¹

Die opvoeding in Ou Israel was religieus van aard, (Gen. 18:19; Ex. 10:2; ens.).

Die opvoeding was dus nie neutraal nie. Dit was doelbewuste, doelgerigte religieuse opvoeding.

Hierdie opvoeding het in die eerste plek van die ouers uitgegaan. Hulle het steun ontvang van die priesters, profete en wysheidsleraars. Die klem het in die opvoeding op die gesinsverband geval, dat hulle as sosiale eenheid opgevoed word vir die diens aan God.

Israel se politiek, sy sedeleer, sosiale samelewing, taal, arbeid en denke het alles in diens van God gestaan. So is die teokratiese regering eerbiedig deur diens aan God in elke lewensaspek.

Gans Israel se lewe is beheer deur die wet van God, sy politiek, sedeleer, in die staat, samelewing en gesin, op alle terreine, in alle verbande en verhoudings.

Israel se kuns het in diens gestaan van die Tempel en aanbidding; sy belastings is gehef vir die instandhouding van die tempeldiens en die diens aan armes. Israel se sosiale samekomste was gerig op die beoefening van hul godsdiens. Hul arbeid het in diens van God gestaan, daarvan het hul 'n tiende van die oes aan God afgestaan. Selfs Israel se denke is geïnspireer deur hul diens aan God, hul offers, altare, tabernakel, tempel, feeste, heilige oorloë ensomeer.

Israel se feeste was gesinsfeeste. So is die kinders van kleinsaf geleer om God te ken en te gehoorsaam en het hulle as vanself dag vir dag die lewenswye verbondsoopvoeding prakties ondervind en ontvang.

6.2.2 DIE NUWE TESTAMENTIESE GETUIENIS OOR VERBONDSOPVOEDING

Ons het reeds daarop gewys dat die Ou- en die Nuwe Testament een

1. GISPEN W.H. : ONDERWIJS. In Christelike Encyclopedie V, p.267.

Boek is en nie twee nie. Die verbond het nie met die koms van Christus opgehou om te bestaan nie en daarom ook nie die verbondsoopvoeding nie. In die verband sê McCarthy: „Thus the covenant in what may seem its most formal, legalist expression, in the treaty form, contributes to the openness of the Old Testament to further development in the New”.¹

Die Nuwe Testament spreek hom duidelik uit oor opvoeding soos onder andere in Efes. 6:4: „Vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.”

Kinders word hier onder die gesag en leiding van die Here gestel.² Die Here spreek hier 'n vermanende en beskermende woord. Dit stel die ouer verantwoordelik vir die kind se Christelike opvoeding.

Ouers en kinders moet in vrede saamleef, dit geskied wanneer die ouer sy kind met liefde in die tug van die Here opvoed. So sal hulle die kind se vertrouwe wen.³

Volgens Lloyd-Jones sal Christelike opvoeding daartoe lei dat van die kind gesê kan word: „The Christian child should be the best type of child in the world.”⁴

Bavinck se kommentaar op Efes. 6:4 lui soos volg: „Door het verbond voed God al zijne kinderen tot vrijheid en zelfstandigheid op. Het verbond beschrijft den weg waarlangs de uitverkorenen tot deze hunne bestemming worden heengeleid.”⁵

-
1. MCCARTHY D.J. : OLD TESTAMENT COVENANT, p.56.
 2. Vgl. POP F.J. a.w. p.410.
Vgl. GREIJDANUS S. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT, p.126, 127: „De kinderen zijn allereerst het eigendom van God en moeten als zodanig door de ouders beschouwd en behandeld, geleid en opgevoed worden.”
 3. Vgl. BALJON J.M.S. : KOMMENTAAR OP EFESIERS, p.224.
 4. LLOYD-JONES D.M. : LIFE IN THE SPIRIT IN MARRIAGE, HOME AND WORK. An exposition of Ephesians 5:18-6:9, p.225.
 5. BAVINCK H. : DE OFFERHANDE DES LOTS, p.15.

Nog.....

Nog 'n teks wat heenwys na opvoeding is Gal. 3:24: „Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof.”

Dit wil sê, die wet het as pedagoog gefunksioneer wat die onmondige kinders onder sy vleuels gencem het. Met Christus se koms het 'n nuwe bedeling ingetree waarin die heilsgeskiedenis in 'n nuwe fase ingelei is.

Die betekenis van die verandering wat met die Nuwe Testamentiese tyd begin het, formuleer Pop soos volg: „Zij moeten nu het goede gaan doen, niet omdat de pedagoog hun dit oplegt, maar uit eigen beweging, uit de hun geschonken vrijheid door de innerlijke impulsen van de Geest. Zonder door angst te worden gedreven zoals tijdens de vorige periode van de pedagoog, zullen zij nu van binnen uit tegenover God en hun medemens de plaats innemen, die hun in het heilsplan is geschonken. In deze nieuwe bedeling zullen zij vrije, mondige mensen zijn, want dat is het wat God voor zijn kinderen heeft weggelegd.”¹

Paulus stel die wet nie tersyde nie, maar wel die funksie wat die wet in die Ou Testament gehad het. Nou is almal wat glo kinders van God, hulle sal uit innerlike gehoorsaamheid die Here dien, gedring deur die liefde van Christus.

Tog vind ons die tug soos dit in die Ou Testament vermeld is terug in Hebreërs 12. Hier dra die tug in sigself die bewys van Gods liefde (Heb. 12:6). God tugtig ons in hierdie lewe, sodat ons by die laaste gerig vrygespreek kan word (1 Kor. 11:32).

Paulus het in sy eie lewe die tug van die Here beleef (2 Kor. 6:9), sy eie getuienis daarop is dat God hom so nederig gehou het, hom so op Gods genade alleen laat steun het.²

In 2 Tim. 3:16, 17, vind ons die religieuse hoofdoel van opvoeding vanuit die Bybel. Daar staan geskryf: „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees vir elke goeie werk volkome toegerus.”

1. POP F.J. a.w. p.408.

2. Ibid p.410,411.

Met die hele Skrif bedoel Paulus: „Hier omvat ze principieel Oud en Nieuw Testament saam,” volgens Bouma. Bouma sê ook dat dit nie die Skrif is wat die volgende viervoudige aksie verrig nie, maar: „Ze maakt bekwaam om te onderwijzen, te bestraffen, het ingezonkene en afgedwaalde weer in zijn ouden vroegeren staat van gave frischheid te herstellen en op te voeden op de juiste manier n.l. in het aanprijzen en beoefenen van gerechtigheid, van het wandelen in de vreeze des Heeren en een heiligen levenswandel.”¹

Die Skrif is vir ons gegee om ons tot kennis van God te bring en van ons self, of ander gestel, om ons tot kennis van die verhouding tussen God en mens te bring. Hierdie kennis is roodsaklik om ons tot die ware bestemming as mens te bring.

Coetzee se kommentaar is: „Die hoogste, finale en ewigdurende bepaling van die begrip „opvoeding” lê vir die Christendenker in die grondgedagte van die Heilige Skrif soos geformuleer in 2 Tim. 3:16,17”²

Calvyn se beskouing was dat die enigste wysheid wat die moeite werd is om te besit uit twee dele bestaan, naamlik: „de kennis van God en de kennis van ons zelf.”³ Daardie kennis is in Gods Woord geopenbaar.

Die Bybel is die primêre Bron en norm van die tipiese geloofsmatige religieuse opvoeding en dan wyer, die religieuse normboek vir al die doen en late van die mens in sy verhouding en gehoorsaamheid tot God, want dis die maatstaf van alle religieuse aktiwiteite vir die Christengelowige.

Ons verwerp die standpunt van dié eksistensiële-opvoedkundiges vir wie die Bybel nie die Woord van God is nie, maar wat bely dat die Woord van God in die Bybel is en dat dit die opvoeder se taak is om wat die Woord van God in die Bybel is daaruit te haal en self moet bepaal wat die doel van die godsdiensopvoeding moet wees.⁴

-
1. BOUMA C. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT, p.168, 169.
Vgl. JONKER W.D. : DIE WOORD AS OPDRAG, p.59.
 2. COETZEE J.C. : INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE, p.78.
 3. CALVYN J. : INSTITUSIE I, p.1.
 4. Vgl. VAN WYK J.H. : EKSISTENSIËTEOLOGIE EN GODSDIENSONDERRIG, p.214

6.3 DIE OPVOEDBAARHEID VAN DIE KIND

God vra niks van die mens wat Hy nie vooraf gegee het nie. God stel ook nie eise aan die mens waarvoor Hy nie die moontlikhede voorberei het nie.¹

Landman stel dit ook duidelik waar hy skryf: „Die personale struktuur van die mens is vanaf die geboorte in sy geheel aanwesig en die wording van die kind in sy opwegwees na behoorlike volwassenheid is nie 'n verwerwing van nuwe moontlikhede nie, maar 'n verwerkliking en ontplooiing van daardie moontlikhede wat die kind van sy geboorte af reeds gehad het.”²

Opvoedbaarheid is nie iets wat die normale kind later in sy lewe ontvang of verwerf nie.

By geboorte is die kind geheel en al van die ouer afhanklik, maar daarby is hy so geskape om die hulp van die ouer te aanvaar. Die kind is van sy vroeë stadium af vatbaar vir opvoeding. 'n Kind is van nature leergierig, soos blyk uit die baie vrae wat gestel word vandat hy kan praat.

Kinders boots van nature ander mense na en praat hulle ook na.

Hierdie nagebootste handeling en -praat omskep die kind ook gou in doelbewuste en doelgerigte handeling en in sinvolle praat. Alle kinders het nie dieselfde aanleg en vermoëns nie, want ervaring het dit uitgewys dat sommige kinders gouer regop en alleen kan sit, gouer praat, gouer loop en gouer selfstandige dinge kan doen as ander.

Maar alle normale kinders leer sit, loop, praat, doen selfstandige dinge.

Elke kind het 'n eie bepaalde aanleg en vermoë waarmee hy gebore is.

Dit is die taak van die ouer om daardie aanleg te ontdek en deur opvoeding hom te lei tot volle ontplooiing daarvan.

1. Vgl. VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. a.w. p.41.

2. LANDMAN W.A en andere a.w. p.94.

Vgl. BURGERS G.S. : KUNSMATIGE INSEMINASIE BY DIE MENS, p.88.

Christenson skryf oor die kind se aangebore vermoëns soos volg: „Every person comes into the world and comes into the Body of Christ with "sealed orders" - a unique destiny to fulfill. Part of the calling of a parent is to unseal his orders, discover what it is that God means him to be and do."¹

Daar is 'n verband (wat die ouer moet ontdek) tussen die gawes wat die kind van God ontvang het en die doel wat die ouers met hul opvoeding voor oë moet hê.

Waterink sê in die verband: „Wij kunnen dan ook het beste het doel van de opvoeding omschrijven: de vorming van de mens tot zelfstandige, God naar zijn Woord dienende persoonlijkheid, geschikt en bereid al de gaven, die hij van God ontving, te besteden tot Gods eer en tot heil van het schepsel, in alle levensverbanden waarin God hem plaatst.”²

Kinders kan nie uit hulleself God en sy wil ken nie. Hulle is in die eerste plek van hul ouers afhanklik om hulle dit te leer.

De Graaffstel hierdie verantwoordelikheid van die ouer soos volg: „first of all parents have received this divine charge. They are called to prepare the child for a life of service and to lead him to acknowledge and to do the will of God.”³

Dit is duidelik dat net 'n Christen sy kind 'n Christelike opvoeding kan gee en niemand anders nie, want die Mohammedaan of Boedis se opvoeding sal Mohammedaans en Boedisties wees.

Christenouers is verplig tot 'n Christelike opvoeding vir hul kinders, soos dit ook in die doopformulier uiteengesit is en die ouers op die doopvrae bevestigend geantwoord het.

6.4 DIE NOODSAAKLIKHEID VAN OPVOEDING

Die feit dat die mens by geboorte hulpeloos en geheel en al afhank-

1. CHRISTENSON L. : THE CHRISTIAN FAMILY, p.64.
2. WATERINK J. : OPVOEDING. In Christelike Encyclopedie V, p.324.
3. DE GRAAFF A.H. : THE EDUCATIONAL MINISTRY OF THE CHURCH, p.119.

lik is en vir 'n baie lang tyd afhanklik bly, maak opvoeding noodsaaklik.

In alle opsigte is die kind afhanklik en in alle opsigte moet die kind geleer, onderrig en opgevoed word om selfstandig en verantwoordelik te kan handel.

Die kind is liggaamlik afhanklik van die moeder vir voedsel en vir die versorging van sy liggaam. Met verloop van tyd raak hy al hoe minder van haar afhanklik as sy hom, volgens sy ontvanklikheid, leer om self te eet en self na sy liggaam om te sien. Hy moet geleer word om self te eet sonder om te mors, hy moet leer om homself te was, tande te borsel en hy moet geleer word om beskaafde toiletgewoontes aan te leer.

Die kind is geestelik afhanklik van die ouer, vir veral sy geborgenheid, maar hy moet geleer word om geestelik onafhanklik te word en sy gevoelens en emosies onder beheer te hou.

Die kind is kultureel ongevorm. Hy kan die kulturele skatte aanvanklik nie ken nie, maar hy moet geleer word om dit te waardeer en om self kultuur te vorm.

Die kind kan nie van die begin af praat nie. Hy moet geleer word om reg te dink en reg te praat sodat hy sy sosiale verkeer sinvol kan maak.

Aanvanklik is die kind eiekennig, sku vir ander mense, hy kan alleen deur opvoeding leer om behoorlik met die medemens saam te leef, te werk en te ontspan.

Die kind moet geleer word om ekonomiese handeling te verrig, hy weet dit nie vanself nie.

So moet die kind 'n sin vir die estetiese aankweek; om tussen mooi en lelik reg te kies; om tussen reg en verkeerd te kan onderskei en hoe om die regte ding te doen; om tussen goed en kwaad te kan onderskei om 'n Christelike sedelike lewe te kan voer. Die kind moet ook opgevoed word tot 'n persoonlike en bewuste geloof in Jesus Chris-

tus as sy Saligmaker en tot geloofsgehoorsaamheid.

Elke kind is in sonde gebore en dit maak juis 'n Christelike opvoeding noodsaaklik, want hy moet geleer word om tussen goed en kwaad te onderskei.

Die kind van gelowige ouers is as 'n verbondskind gebore, maar moet opgevoed word tot verbondsgehoorsaamheid.

Omdat die mens se lewe in al die lewensaspekte aan norme onderworpe is, daarom moet hy die norme leer ken en moet hy geleer word en geoefen word om die norme te gehoorsaam. Dit kan alleen deur opvoeding bereik word.¹

1. Vgl. COETZEE J.C. a.w. p.223 vv.
Ook VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. a.w. p.38 en RUPERTI R.M. a.w. p.40.

HOOFSTUK 7

EKSTERNE FAKTORE, KULTUURMILIEU EN VERBANDE WAT MET DIE GESIN VER- VLEG IS AS MEDEBEPALEND VAN DIE GESIN SE OPVOEDINGSTAAK

7.1 DIE NATUUR SE EKSTERNE INVLOED OP DIE GESIN SE OPVOEDING

Die opvoeding van kinders geskied nie net deur die doelbewuste en doelgerigte aktiwiteit van die opvoeder nie, maar ook deur die opsetlike eksterne invloede wat op die kind inwerk.

Nijkamp het hierdie eksterne invloede wat op die opvoeding van die gesin inwerk, soos volg beskryf: „Nog voor het kind er maar iets van bewust is, ondergaat het reeds de invloed van de hem omringende natuur. In het eerste levensjaar is het veral het weer, dat invloed op het dagelijkse leventje van de baby uitoefent.”¹

Dit hang van die weer af wat die kind moet aantrek. Die seisoene stel elk eise aan kleredrag, speelplek en speeltje. Met sonskyn kan die kinders buite speel, as dit reën is hulle in die huis gekluister.

Die seisoene het ook invloed op die soorte voedsel wat op tafel voorgesit word. Gedurende vrugtetijd is daar meer vrugte op tafel as bv. in die winter.

Die omgewing waar die gesin woon, tussen berge of op oop vlaktes, in die bosveld of woestyn, het elk hul eie en besondere invloed op die opvoeding van die gesin, en so ook winterreënvalstreke, somerreënvalstreke of droë streke. Die omgewing het invloed op mense se eetgewoontes, hul kleredrag en hul leefgewoontes, bv. mense langs die see is meer van seekosse afhanklik as die kalaharieboer.

-
1. NIJKAMP W.M. : DE KLEUTER IN DE GEMEENSCHAP, p.375.
Vgl. BIJL J. en VLIEGENHART W.E. : HET KIND. Hulle skryf onder meer: „Het staat dus wel vast dat door omgang met mensen, maar ook met de dingen om ons het kind wordt beïnvloed,” p.8.

Die.....

Die kleredrag in die warm bosveld verskil grootliks van die hoëvelde s'n.

Die huis langs die see moet teen klammigheid beskut wees, die huis in die bosveld moet koeler wees.

Die omgewing het ook invloed op die psigiese lewe van die mens. So is daar streke waar sommige mense meer aan angsneuroses ly omdat hul te veel afgesonderd woon, sommige voel bedreig en bedruk in die bosveld of tussen berge, in die oop kaal vlaktes voel sommige vry en oop in hul gemoed. Die invloed van 'n biomryke omgewing het 'n ander invloed op die mens as die kaal droë sandwoestyn.

In elke omgewing moet die mens klimatiseer. Dit geskied nie deur 'n wilsbesluit of 'n wilsdaad nie, dit is 'n aanpassingsproses van die menslike liggaam en natuur.

In die opvoeding van kinders is dit ook een van die ouers se eerste take om hulle vertrouwd te maak met die natuur. Hulle moet byvoorbeeld geleer word watter gevare vuur en water vir hulle inhou, want dit sal ramspoedig wees om 'n kind toe te laat om self die gevare daarvan te leer ken. Kinders moet geleer word om die natuurwette te gehoorsaam, want daardie wette kan nie verander word nie en hulle moet eerbiedig word. Dit is nodig om 'n kind eerbied en respek, vir bv. weerligstrale te leer, dat dit gevaarlik is om tydens onweer onder 'n alleenstaande boom te skuil.

In die skool word kinders ook geleer en opgevoed vir hul lewe in die natuur deur vakke soos aardrykskunde, biologie en natuurkunde.

In sekere sin kan ons sê dat ons hele opvoeding ten doel het om ons kinders instaat te stel om hul aan te pas by die hele natuurlike lewe en vir die lewe wat hulle eendag as volwassenes moet ingaan.

In hierdie verband is geslagsopvoeding belangrik vir die kind om die natuurlike veranderinge in sy liggaam te kan verwerk en om die

geslagsdrang.....

geslagsdrang te belewe onder selfbeheersing.

Heese sê: „Daar is min mense in die lewe wat nie wonde oorhou van hierdie ongelukkige wanopvoeding in hul kinderjare nie. Dit maak be- hoorlike seksuele opvoeding noodsaaklik.“¹

Die kontak met die natuur in sy ryke verskeidenheid het invloed op die wordende mens^{en} die ouer het as taak om die kind te help om hierdie invloede te verwerk tot sy eie heil en voordeel. Die kind moet ook by die natuur aanpas. Dit is deel van sy lewensruimte en hy moet ook daarvoor kan heers.

Die skatkamer van die natuur is geweldig groot. So ontsaglik is die rykdom van die natuur dat die nietige mens geen begrip het van hoe onuitputlik die skatte van die natuur werklik is nie. In die lug, in die water, bo die grond en onder die grond het die natuur sy skatte gebêre, sommige daarvan kan die mens sien, soos die water en die kos wat ons daaglik voed.

7.2 DIE PLATTELAND SE EKSTERNE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESINSLEWE

Daar is 'n noemenswaardige verskil in die opvoeding wat die platte- landse kind en die stedelike kind ontvang, want hul leefwêreld verskil grootliks.

Die plattelandse boerebevolking was altyd bekend vir hul godsdienstigheid.² Deels moet dit toegeskryf word aan hul diepe afhanklikheid van die Here se seën, vir die wasdom, die reën, vir die oes en die veld, vir kos, vir mens en dier.

Deels moet hul godsdienstigheid gevind word in die noue kontak wat hulle met die natuur het, waar hulle die wondere van die natuur be- leef in sy skoonheid en majesteit, maar ook in sy werklikhede van nuwe lewe en die dood.

1. HEESE K.W. : DIE EIS VAN SY WEG, p.6.

2. Vgl. CRONJE G. : KERK EN STAD, p.42.

Deels moet die godsdienssin van die boere volk gesoek word in opvoeding wat vir geslagte oorgedra is, van verbondsouers op verbondskinders.

Hierdie godsdienssin is ook oorgedra op alle lewensterreine soos o.a. blyk uit hul Boereverenigingsvergaderings en politieke vergaderings wat steeds met gebed geopen word.

Saans as die son onder is, staak alle buitelig werksaamhede, dan het die gesin tyd en geleentheid om met mekaar te verkeer en ook vir die huisgodsdiens.

Die huisgodsdiens laat dan ook sy verrykende invloed geld op die huwelik en die gesinslewe. Die godsdiens voed die liefde waar die gesin in geloofsgemeenskap met mekaar verkeer.

Tenspyte van die feit dat die platteland minder geïsoleer is van die stad vanweë die motorvervoer en goeie paaie, speel die omgewingsverskil nog 'n groot rol.

Ons moet hier ook verreken dat die kommunikasiemiddele waaronder telefoon, radio, televisie ook intenser wisselwerking met die stads-kultuur bevorder.

Nietemin is daar op die platteland ten opsigte van die gesinslewe en die kinderopvoeding verskeie winspunte te boekstaaf. Ons het reeds genoem die direkte opvoedende betekenis van die kontak met die natuur en die direkte leerskool van die natuurgebeure.

Die direkte kontak met en betekenis van die arbeid en die saamwerk waartoe mens op die plaas verplig is teen wil en dank, speel 'n groot rol. Die plattelandse kind word meer gebrei en het 'n beter besef van wat werk is.

Op logiese vlak het hy nie al die stimuli van die stad nie, maar wel die opvoedkundige voorsprong dat hy in die werk vinnige selfstandige beslissings moet neem. Daarom is die plattelander dikwels 'n

groter.....

groter individualis en dink hy oor sekere sake minder kollektief.

Op historiese vormende vlak is hy in verskeie opsigte meer skeppend omdat hy direk die natuur in die lig van Gen. 1:28 onderwerp en beheers. Die kultuur gebod spreek hom direk aan en hy sien wat hy skep op die lande, met die veeteelt, met die erosiebestryding, met die plaasverbetering, ensomeer.

Dis veelseggend om te vind wat die wakker plaasdogter onder leiding van die flink plaasvrou alles kan doen voor sy in die huwelik tree.

Op die taalvlak is daar 'n tipiese woordeskat wat verweef is met die aard van die omgewing, en oor die algemeen meer taalsuiwerheid as in die heterogene stad.

In die R.S.A. is daar veral 'n kontinue stryd van die Afrikaanssprekende om taalsuiwerheid te bevorder.

Op die biotiese vlak sien die stadskind direk die siklus van geboortes en ontvang so geslagsopvoeding deur plant en dier te aanskou en te belewe.

Wat die psigiese aspek betref, is daar die verkwikkende en weldadige rustigheid van die plaaslewe wat vir die stadskind net nie kan bestaan nie. Dit word bevestig deur die feit dat vir die stadskind die direkte kontak met die natuur georganiseer word by wyse van kampe, uitstappies, „Veld en Vlei”, staptoere, landsdiens, ensomeer. Die vryheidsbeleving van die deursnee plattelandse kind is kenmerkend maar dan 'n ongesofistikeerde vryheidsliefde en -drang. Daarom die liefde vir die ruimtes en die ruimtelike omgewingsaspek spreek hier baie sterk. Ek kan na hartelus oor die plaas met my perd galop en in die stad moet ek daarvoor 'n afgemete hoekie gaan opsoek.

Daar is 'n spesifieke getalsopvoeding op die plaas. Heel vroeg moet die plaaskind weet om skape te tel, of al die melkkoeie opgedaag het, of daar nie van die hoenders gesteel is nie en of al die sakke vol graan reg getel is; of al die wolsakke gemerk is.

Die plaaskind se ruimte- en bewegingservaring is meer ontslote as

die.....

die van die stadskind wat baie meer gebonde en ingeperk is, in 'n „geknelde land.“

Daar is kwalik grense ten opsigte van speelruimte en lewensruimte en die plaaskind in die koshuis verlang met die oog op die langnaweek en die vakansie na die plaas.

Die plaas leer die kind ook met die oog op vormende beheersing, in bepaalde sin meer bioties-psigiese liggaamlike vaardigheid en fiksheid, want hy moet meer fisies inspannende werk doen met dier, grond en implemente en meer aktief saamwerk in die bedryf - vanaf die skopgraaf hanteer tot die laai van die sleepwa.

Op energetiese fisiese vlak sou talle voorbeelde opgenoem kan word waar opvoedingsvoorspronge vir die plaaskind geld. Op die plaas is daar beslis baie meer geleentheid vir selfstandige kragtige optrede en ingrype onder leiding van die volle aktstruktuur van die mens.

Hierdie vinnige en kragtige deursettingsvermoë, as energieke handeling is 'n normatiewe analogie vanuit die fisiese wetskring.

Die plaas bied aan die kind in bepaalde sin meer pistiese sekerheidsgevoel as die bestendige eie tuiste in die mobiele stadsewewone van huis tot huis. Die familieplaas is beslis meer bekend as die familiewoning in die stad.

Onder leiding van die geloofsaspek en die Bybelse geloofsinhoud weet die plaasmense meer in hulle afhanklikheid van die natuur se wel en weë, van geloofsvertroue in Gods beskikking ten opsigte van hulle inkomste en voor- en teespoed. Dis 'n unieke opvoedingsgebeure en geestelike skoling as die kinders hulle saans verlustig in die inkom van die oes en die somervolheid. Hier sien ons saans dat die oes die arbeider se loon is. Eweso is dit 'n belewenis wat die stadskind nie ken nie as die ryp of haël die jaar se werk weggee het en ons moet saam ook geestelik op die tande byt.

Wat.....

Wat die liefdesaspek betref, lewe die plaasgesin meer kontinu saam binne die huis en is daar baie minder van 'n vol program soos in die stad waarheen elkeen hardloop. Weliswaar is byna al die hoërskoolkinders deesdae in die skoolkoshuis en dit uiteindelik ten koste van die gesinslewe se saamlewe van dag tot dag.

'n Spesifieke probleem ten opsigte van die liefdesaspek en huwelikskeuse is die min geleentheid van die groter kinders om 'n verskeidenheid ander jongmense te leer ken met die oog op sosiale omgang, en huwelikskeuse. Die segswyse: „van hier af moet ons v^er ry agter die nooiens aan" is bekend, terwyl die mooi plaasdogter moet sit en wag dat hulle self kom.

Die plaaskind se begrip van mense-verhoudinge word in die opsig verskerp dat die hantering van die plaasarbeiders hom direk met 'n besondere probleem in die R.S.A. in kontak bring.

Hy ken die verhoudingsprobleem wat meesal baie minder gekompliseerd is as tussen blank en nie-blank in die stad. Baie plaaskinders is dan ook baie meer op hoogte van een of ander Bantoetaal en praat dit redelik vlot.

Die plaaskind se ekonomiese opvoeding is in sekere sin baie meer direk omdat hy so direk by die plaaswerk en produksie betrokke is - sy eie vader en almal saam is primêre produsente.

Dis opvoedkundig pragtig dat die plaaskind self kan en wil besit by wyse van sy of haar perd, pluimvee, stukkie tuin of land om sakgeld te verdien.

Die estetiese opvoedkundige aspek van die tipiese plaaslewe kom duidelik na vore in die direkte plastiese kennis van die natuurverskynsels en natuurgebeure met 'n kenmerkende skerper opmerkzaamheid, wat aangekweek is. Die plaasseuns is in verskeie opsigte reeds beter aangepas vir die grensoorlog in S.W.A., so bevestig die militêre leiers.

Die.....

Die juridiese aspek van die plaaskind se opvoeding kom onder andere daarin na vore dat daar 'n kleiner groep mense meer geïsoleerd saamgevoeg is en baie meer daarop aangewys is om na mekaar om te sien en onderling reg en geregtigheid te laat geskied. Hier is nie kans om met onreg weg te kom nie, want waarheen?

Ekstern geld hier ook die kosbare lesse wat op die plaas geleer word ten opsigte van die oplossing van geskille tussen plaasarbeiders wat baie gereeld voorkom, maar die feit dat gesien word hoe reg laat geskied word van die ouers se kant aan elke plaasarbeider ten opsigte van loon en voorregte.

In die plattelandse gesin leer die kind meer direk wat gesagsuitoefening deur die ouers betref, omdat hierdie gesinne meer 'n kontinue arbeidseenheid is waar meer bevel tot arbeid na die kinders kom. Hiernaas kan die feit van direkte gesagsuitoefening van gesag oor die plaasarbeiders genoem word - iets wat die stadskind selde of ooit so belewe, afhange van die vader se beroep.

Op die platteland is die gesin se vervlegting met die strukture en organisasies anders as die van die stad. Dikwels is daar op die platteland minder diversiteit ten opsigte van hierdie vervlegting as in die stad met sy vol of oorlaaide kultuurlewe. Op die plase ken die boeremense die kerk, politieke partye, landbouverenigings en vroue-organisasies goed, terwyl daar in die stad 'n veelheid van organisatoriese geleenthede is om tussen te kies.

7.3 DIE STAD SE EKSTERNE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN

Die stadsgesin word onder hoë druk geplaas in hul volharding met huisgodsdienst, die tafelgebed en gereelde kerkgang.

Veral waar lede van die gesin skofwerk doen, eet die gesin selde saam omdat hulle op verskillende tye tuis kom. Dan verskil die buitens-huise belangstelling tussen lede van die gesin so groot dat hulle selde bymekaar is in die huis.

Die.....

Die jeug van die stad is blootgestel aan verleiding, afvalligheid en onverskilligheid, omdat die versoekings relatief soveel meer is as op die platteland om ongodsdienstig te raak. Daarby gevoel die stadsmens hom meer afhanklik van ander mense en tegniese faktore as van God, terwyl dit op die platteland net andersom is.

Wat kerkgang betref, toon kerklike statistiek dat die stedelike Christene net so goed en in sommige gevalle beter kerkgangers is as plattelanders. Volgens statistiek in die gemeente van skrywer hiervan, wat 'n baie goeie gemiddelde stadsgemeente is, het met 'n ondersoek geblyk dat vyf en sestig persent gesinne nog huisgodsdienste waarneem en word die Bybel nog gereeld gelees gepaard met 'n getroue gebedslewe.

In die stad word veral baie Christelike liefdesdiens verrig deur die georganiseerde diakonie en die Christelik Maatskaplike Rade.

Cronje het gevind dat die stadsgesin kleiner is as die op die platteland, dat hulle op hoër ouderdom in die huwelik tree, dat die stadsgesin meer geïndividualiseer is, 'n losser gesinsverband het, meer gesekulariseer is, dikwels onbestendig is en dat daar 'n afnemende familietrots aanwesig is.¹

Ons beskik nie oor eie statistiek nie, maar ons vyftien jaar ondervinding in verskillende plattelandse gemeentes en elf jaar in stedelike gemeentes, het ons geleer dat daar aansienlik meer egskedings in die stad voorkom en dit toon 'n steeds stygende tendens. Die verskillende oorsake vir huweliksverbrokkeling het ook toegeneem. In baie gevalle is die huwelik aangegaan om baie ander redes as om die liefde se ontwil. Gevolglik is die getal ontwortelde kinders aansienlik groot en is sulke gesinne onbestendig en veroppervlakkig.

Waar die liefde aanwesig is, het ons sterk gesinne wat presteer en die gesinsverband stewig is. In die gesinne het ons dan ook 'n sterk gesagsgemeenskap waar die gesinsdisipline gehandhaaf word, teenoor minder

1. CRONJE G. : MENS TOT MENS, p.26.

Vgl. CRONJE G. : STAD EN PLATTELAND, p.42-46.

strenger gesagsgemeenskappe waar die gesin lossen van mekaar is en nie deur 'n sterk band gebind is nie.

Die stadsgesin is miskien meer direk betrokke by eksterne gesagsinstansies, soos die gesag van die stadsraad wat die orde in die stad deur ordonnansies reël. Die ordonnansies reël die netheid van die stad, die veiligheid op die strate, die stadsvervoer en verkeer. Die ongedissiplineerde gesin bots voortdurend met die stadsgesag. Die stadsmens se lewe is baie meer juridies gereglementeer as die plattelander se lewe, veral wat sy verbruik van water, krag, sanitasie, vullis ensomeer betref. Hy is ook onderworpe aan boubepenkings. Die stadsmens het dus te doen met die Munisipaliteit se verskillende komitees wat al die stad se sake behartig.

Waar die plattelander hom verlustig in die skoonheid van die natuur, het die stedeling die skoonheid van die argitektuur, die beeldhouer, die winkelpersierder, die parke, ensomeer, waarin hy hom kan verlustig. Hy kan ook meer dikwels geniet van wat die teater aanbied en die kunsgalery waardeur die estetiesegevoel gevoed kan word en die gesin opgevoed kan word om die kultuurskeppinge van die mens te kan geniet. Vir elkeen se belangstelling het die stad iets om aan te bied.

Ekonomies is die stadsgesin meer afhanklik van die gesinshoof se inkomste. Val hy weg, of raak hy werkloos dan ly die gesin daaronder.

Die geleentheid om spandabelrig te wees, is talryk in die stad. Die stadsouer het 'n gulde geleentheid om hul kinders spaarsaamheid aan te leer.

Vir die reëling van hul geldsake en baie van hul sosiale funksies is die stedeling baie ^{meer} afhanklik van instellings soos banke, bouverenigings, fabriekke, agente, klubs, sosiale welsynsorganisasies.

Brembeck beskryf die stedeling se afhanklikheid soos volg: "The needs of the family are met by the supermarket, drugstore and shopping

plaza.....

plaza. It is a dependent family, requiring for its economic and social existence the services of literally hundreds of specialists, including producers and processors of food, makers and distributors of clothing, repairmen of a dozen kinds, teachers, doctors, druggists, lawyers, automobile and gasoline manufacturers, entertainers, newspapers, religious counsellors, psychologists and psychiatrists."¹

Hierdie ekonomiese en sosiale afhanklikheid van die stadsgesin het tot gevolg dat waar die ouer die bron van kennis vir die gesin was, die posisie nou so verander het, dat die ouers hul meerderwaardige kennis moet deel met die baie professionele mense van wie hulle afhanklik is. Dit het meegebring dat die gesinsverhouding meer een geword het van gelyke vennote waarin die gesin se gesagstruktuur 'n losser verband het of waar die gesinsrolle omgekeer is. Ons vind dan byvoorbeeld dat die man die kruideniersware inkopies doen terwyl die vrou nog met haar beroepswerk besig is.

Die moeder se beroepswerk het die gesinslewe ingrypend verander, meesal met nadelige gevolge vir die gesin en die huwelik.

Die gesin raak alhoemeer afhanklik van sosiale organisasies om sekere gesinspligte oor te neem soos bewaarskole en kleuterskole.

Al sou die bande in die stadsgesin losgeraak het, bly dit steeds die belangrikste opvoedingssituasie.

Die stadskind se invoeging en aanpassing by die sosiale struktuur met sy onderskeie samelewingsverbande, met ander woorde, sy ontsluiting tot gemeenskapswese na die sosiale aspek, is minder problematies.

Du Toit sê van die stadskultuur: „Ons moet ook daarop wys dat ons stede gekenmerk word deur diepgaande rassies-biologiese en kulturele verskille tussen mense. Die blote feit van saamleef van mense wat verskillend is in herkoms en lewensbeskouings, het 'n invloed op die afwykende en probleemverskynsels van die betrokke samelewing."²

1. BREMBECK C.S. : SOCIAL FOUNDATIONS OF EDUCATION, p.121.

2. DU TOIT J.B., STEYN A.F. en RIP C. : AFWYKENDE GEDRAG, p.162.

In elk van ons groot stede het ons konsentrasie-en ontmoetingspunte van Westerse-, Oosterse-en Afrika-kultuur. Ons sien dit in die struktuur en voorkoms van geboue. Ons sien dit in kleredrag en hoor dit op straat in gesprekke.

Baie stedelinge skep die indruk dat dit nie vir hulle belangrik is om hul eie taal suiwer te praat nie. As voorbeelde dien die stryd wat om Afrikaans gevoer word en die brabbel deurmekaar taal, die sogenaamde Fanagalo wat onder die mynwerkers gepraat word en vir elke taalgroep in Afrika verstaanbaar is.

Ons stede is ryk aan simboliese taal soos blyk uit die vlae wat in die blou lug wapper; die standbeelde en monumente; die kerke met hul torings en verskeidenheid simbole op die torings en in die gekleurde vensterruite; die verskeidenheid verkeerstekens; die interessante straatname ensomeer.

Die stad bied min geleentheid vir selfwerkzaamheid, dit bly geriefliker om die artikel te koop.

In die stad is daar egter baie geleenthede waar selfwerkzaamheid aangeleer en beoefen kan word soos tegniese skole, ambagskole, kunsskole ensomeer.

Die denkpatroon van die stadsgesin word deur die tegnologie beïnvloed waarmee die gesin gedurig gekonfronteer word.

Die rumoer en onrustigheid van die stad beïnvloed die gevoelslewe van die stadbewoners. Die stad skep die indruk van haastigheid. Die stadsbewoners is haastig om by die werk te kom en hulle is daarby haastig om tuis te kom en is weer haastig om uit te gaan.

Die stad bied geleentheid om algemene kennis te verryk.

Du Toit wys daarop dat: „wat die biotiese funksie betref, daarop gelet moet word dat instansies buite die gesin 'n steeds groter aandeel

in.....

in die versorging van die mens neem."¹ Hulle wys op die belangrike funksie wat kraëminrigtings, hospitale, kleuter- en bewaarskole, klinieke ensomeer in die stad vervul.

Die stad beslaan 'n groot ruimte, tog is die leefruimte van die individu in die stad uiters beperk. In die groot massa mense is die stedeling dikwels baie alleen.

Berger beskryf die stad so: „Because of the size and diversity of the city, and despite the density of its settlement, it is difficult to maintain in the city the kind of direct and all-embracing solidarity that is characteristic of rural communities.....the city is not a social context in which traditional ways of thinking and acting have a good chance of maintaining themselves.”²

Die kosmopolitaanse samestelling van die stad, die verskeidenheid beroepe, ambagte, nywerhede, industrië, ineenvervlegte vervoerstelsel, gee aan die stad sy veelkleurige karakter. Sy invloed op die gesin is net so veelkleurig, soms verwarrend, omdat nie alle gesinne hul vas-trapplek in die stad kan vind nie. Baie word swerwers wat niks versamel nie en nie eers 'n bestendige gesinslewe daarop nahou nie.

Hierdie opvoedingsmilieu se invloed op die kind is byna selfevident, vanweë die kunsmatige atmosfeer, die snelle tempo, die oorverskeidenheid en oormaat van tegniese indrukke op die kind en die a-sosiale atmosfeer te midde van 'n los menigte mense - dit alles met die meer geleentheid vir uithuisigheid.

7.4 DIE DIERE EN PLANTE SE EKSTERNE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN

Ons het in bepaalde verband al verwys na die plattelandse gesin in hierdie verband.

God het die mens aangestel om te heers oor die werke van sy hande,

-
1. DU TOIT J.B., STEYN A.F. en RIP C. a.w. p.163.
 2. BERGER P.L. en BERGER B. : SOCIOLOGY, p.104.

oor.....

oor diere, plante en die aarde (Ps. 8:7-9; Gen. 1:28).

Die mens se bemoeienis met diere en plante bring verandering mee aan of van diere en plante, maar die mens se bemoeienis met plante en diere beïnvloed ook die mens.

Die mens is deel en het deel aan die wêreld met sy verskeidenheid kleure, geure, geluide, smake, belewenisse, dooie en lewende en bewegende dinge; dit alles doen die mens aangenaam aan of wek weersin. Die mens reageer daarop op genotvolle of ongenotvolle wyse; die mens waardeer dit hoog of laag.

Die wordende mens kry te doen met die lewe op aarde, van die eenvoudigste eensellige diertjies tot die mees gekompliseerde menselewe.

Tellegen-Veldstra sê: „Intuïtief spreken deze levensvormen de mens anders aan dan de doden stoffen doen.”¹

Lewe raak alle mense, want die mens is daaraan gebonde en daarvan afhanklik.

Die mens is afhanklik van diere en plante vir voedsel, klere, vervoer, behuising, meubels en sovele ander dinge.

Tellegen-Veldstra sien die invloed van diere- en plantelewe op die mens soos volg: „De veelvuldigheid van de ontmoeting, de gevariveerdheid ervan en de omstandigheden waaronder die ontmoetingen plaatsvinden, zijn medebepalend voor het groeiproces, dat zij in werking kunnen zetten en dat heen kan voeren naar een natuurlijke en gave eerbiedsverhouding.”²

7.4.1 DIE INVLOED VAN DIE KONTAK MET DIERE OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN

Aanvanklik maak die kleuter nie onderskeid tussen lewlose en lewende dinge nie, vir hom is dit net 'n ding, maar op 'n gegewe moment wek die beweeglikheid van dinge sy aandag en belangstelling. Dan moet

1. TELLEGEN-VELDSTRA U. : LEVEN MET PLANT EN DIER, p.146.

2. TELLEGEN-VELDSTRA U. a.w. p.147.

die kind leer dat sommige van die lewende dinge byt, krap en dus gevaarlik kan wees.

Dit is belangrik dat 'n kind ten opsigte van speelgoed met dierevoorwerpe moet kennismaak. Dit help hom om vrees vir diere te oorwin. Tets van die gehegtheid van die speelgoeddiertjies word oorgedra op die lewende dier.

Tellegen-Veldstra is van oortuiging dat veelvuldige ontmoetings met diere onder gunstige omstandighede 'n voorvereiste is vir die ontwikkeling van 'n kind na eerbied vir die lewe van diere.¹

Nijkamp beklemtoon dit dat dit noodsaaklik is vir kinders om 'n natuurlike belangstelling vir diere aan te leer, anders verdwyn die moontlikheid om met diere in kontak te kom, want die kind ontwikkel maklik 'n vrees vir diere en dit kan skadelik wees vir die eerbiedsgevoel van die kind vir dierelewe.²

Die eerste ontmoeting met diere moet die kind nie bangmaak nie. Nijkamp sê van die eerste ontmoeting met diere: „Het angstige of bange kind mag niet het risico lopen onverwacht of te intiem met de dieren geconfronteerd te worden; het moet de dieren op een veilige afstand en vanuit een onbedreigde positie kunnen observeren.”³

Dit is net so raadsaam om die kind se spontane toenadering tot die dier onder beheer te hou, want 'n dier kan aggressief raak.

Die kind sal eerbied vir 'n dier aankwaak as daar 'n spontane onbedreigde verhouding tussen hom en die dier heers. Die kind wil graag die dier aanraak, bekyk en betas en selfs geniepsig seermaak. So trek 'n kind graag die kat se stert, so leer hy egter dat diere ook pyn kan ly.

Kinders moet geleer word om diere te versorg, want hulle het ook

1. Vgl. Ibid p.148.

2. Vgl. NIJKAMP W.M. : DE KLEUTER IN DE GEMEENSCHAP, p.377.

3. Ibid p.380.

sorg nodig, hulle het voedsel en beskerming nodig. Diere moet 'n eie blyplek, 'n hok hê en die moet skoongehou en versorg word. Diere kan dit nie self doen nie.

Voëls het vir kinders ook 'n groot aantrekkingskrag en daarom moet kinders ook daarmee in aanraking gebring word.

Kinders aap ook diere na, soos hul geluide en maniere.

Kinders leer by diere iets oordragteliks van die versorging in gesinsverband.

Klein katjies en klein voëltjies word deur hul moeder gevoed en versorg solank hulle klein is. Diere verbreek egter hul „gesinsverband“ sodra hulle selfversorgend geword het.¹

Kwalitatief doen die menslike moeder baie meer as dit vir haar kind en daarin het sy die hulp van die vader.

Die ontmoeting met diere maak diep indruk op die kind want die dier kan beweeg, geluide maak en kan selfs 'n speelmaat wees, of 'n vriend wees.

Diere moet egter ook beskerm word teen mishandeling, in die opsig is daar nog maar min begrip. Nauta sê: „Zelfs onder Christenen ontbrak het hier tot voor kort zo goed als volledig aan het besef, dat hier terdege ook van een christenroeping sprake is.“²

Miskien kan hierdie onverskillige houding teenoor diere gewyt word aan die byna humanistiese wyse waarop sommige dierebeskermingsorganisasies soms die saak benader.³

-
1. Vgl. GROENMAN G. : DE LICHAMELIJKE OPVOEDING ALS ANTHROPOLOGISCH PROBLEEM, p.88, oor die struktuur verskil tussen mens en dier.
 2. NAUTA D. : DIERENBESCHERMING. In Christelike Encyclopedie II, p.415.
 3. Vgl. H.G. STOKER : DIE GROND VAN DIE SEDELIKE, p.27.

Albert.....

Albert Schweitzer het selfs sover gegaan om alle lewe, ook dierelewe heilig te verklaar.¹ Op Bybelse gronde moet die standpunt verworp word, want geen lewe, nie eens die mens se lewe is in sigself heilig nie. Dit kan alleen deur die Gees van God geheilig word.

Maar ons moet dierelewe eerbiedig, want dierelewe is 'n skeppingsmisterie, dit behoort ook tot God se wêreld. Hy het dit geskep. Die dood van diere vir voedsel is nie verbode nie, maar die Skrif verbied die sinnelose doodmaak van diere.²

In die algemeen openbaar die Bybel 'n positiewe sienswyse teenoor diere (Josua 4:11).

God het ook die diere gegee tot beskikking van die mens. Die mens is in vele opsigte van die dier afhanklik.

Die dier voorsien die mens van 'n verskeidenheid onmisbare lewensvoedsel en kleding en byprodukte wat noodsaaklik is in die voorbereiding van voedsel en 'n verskeidenheid ander noodsaaklikhede. Die diere se vleis dien as voedsel; dierevet is nodig in die voorbereiding van voedsel; diere wol of -haar word gebruik in die vervaardiging van klere en 'n menigte noodsaaklikhede, selfs vir luukse versierings vir die mens. Dierevelle dien vir skoeisel, klere en luukse artikels; dierebeen word gemaal vir dierekos en diereafval word gebruik vir bemesting. Diere melk en die verwerkte vorms daarvan in room, botter, kaas en melkpoeier dien as voedsel vir die mens.

Diere is 'n vervoermiddel vir die mens; dit dien as trek- en pakkediere; as troeteldiere om die mens plesier te verskaf; honde dien as bewakers van eiendom en vir die gereg.

Uit hierdie paar gebruike wat ons genoem het, blyk dit hoe onmisbaar diere vir die mens se bestaan is. Dit dui dus op die belangrike plek wat diere in die menselewe inneem. Hieruit moet dit ook duidelik wees hoe belangrik dit vir die opvoeding van die mens is om die plek wat diere in sy lewe inneem te begryp en om die nodige eerbied en respek te hê en in te boesem vir dierelewe.

1. NAUTA D. a.w. p.415.

2. Vgl. Spreuke 12:10 - wat die wreedheid teenoor diere toeskryf aan goddeloosheid.

Die invloed van diere op die mens se lewe spreek uit die religieuse invloed wat diere op baie primitiewe volke het. Dit is alombekend hoe verskillende diere as heilig beskou word en is dit verbode om hulle te dood. Baie afgode is gemaak met dierekoppe.

'n Sprekende voorbeeld is die goue kalfbeeld wat Aäron by Sina¹ vir ou Israel gemaak het om te aanbid (Ex. 32:4).

In sy sondige hart dink en handel die mens soms verkeerd met diere. Die Christelikgelowige mens moet leer om die diere se plek en funksie in die lewe van die mens te ken en dien ooreenkomstig op te tree.

Hierdie opvoedingsaspek is tans veral belangrik omdat die stads-kind net indirekte kontak met diere het, afgesien van die gereelde besoeke aan dieretuine en wildreservate.

7.4.2 DIE INVLOED VAN DIE KONTAK MET PLANTE OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN

Die lewensbestaan van mens en dier is afhanklik van die plantelewe. Ons brood en ander graankos, groente, vrugte, neute, suiker, koffie, tee en speserye is almal afkomstig uit die planteryk.

Dit is bekend dat ons vernaamste plaasdiere - die koei, slagbees en skaap - plantetend is en dat melk, botter, kaas, vleis en wol produkte is wat eintlik hul oorsprong in die planteryk het.

Die mens is ook vir kleding, huislinne, tapyte, matte, tpu, garing, seil en sakke in die eerste plek van die planteryk afhanklik.¹

Bome voorsien die mens van timmerhout, brandhout, papier en weefvesels.

Verskillende soorte plante word gebruik om medisyne uit te vervaardig.²

Plante versier die wêreld. Oral in die wêreld is daar parke wat met bome en blomme versier is. Plante versier ons blomtuine, ons huise en selfs ons kerke.

1. Vgl. AFRIKAANSE KINDERENSIKLOPEDIE IX, p.4128-4132.
2. Vgl. AFRIKAANSE KINDERENSIKLOPEDIE I, p.455.

Blomme het selfs estetiese betekenis, omdat God dit mooi en goed gemaak het en dit deel is van die skepping waaruit God geken kan word. (Rom. 1:20). Christus net self ook na die blomme verwys as voorwerp van Gods sorg en dat die blomme in groter heerlijkheid beklee is as Salomo (Mat. 6:28, 29; Luk. 12:27,28).

Plante het ook lewe, onbewuste lewe, maar lewe wat God daaraan gegee het en daardie lewe moet ook eerbiedig word. Die mens mag plante nie verniel en ook nie onnodig vernietig nie. Die uitroei van bome en plantegroei het op plekke alklimaatsveranderinge te weeg gebring, die reënval beïnvloed en gronderosie in die hand gewerk.

Die ontmoeting van die mens met die plantelewe is makliker, maar dis minder diep.

Kinders kan ook geleer word om plante te eerbiedig, om dit te versorg en so die kind 'n verantwoordelike gevoel teenoor plante te kweek. Plante is baie afhanklik van die mens se sorg, veral in tuine en parke.

Die plantelewe is 'n ryke bron van realistiese opvoeding aan die kind. Die saadjie wat in watter versorg word om te ontkiem, is die begin van 'n nuwe lewe wat tot plantvolwassenheid moet uitgroeï. Daartoe het die plantjie grond, water, lug en sonlig nodig. As die kind vir die ontkiemende saadjie verantwoordelik gehou word dan weet hy dat die plantjie van hom afhanklik is.

Die wonder van Gods sorg kan ook geleer word uit die nuwe lewe wat daar uit die oënskynlike droë takke van die winter in die somer uitbot.

Die nuwe lewe wat so goddelik uitblom uit die „droe" takke stimuleer en voed die kind se fantasie wêreld en denke. Plante verryk die kind se taal met nuwe woorde, begrippe en voorstellinge.

Plante dien ook 'n sosiale funksie. 'n Bossie blomme as geskenk met 'n verjaardag of as blyke van meegevoel of as waardering aan 'n geliefde, verrig meer as wat soms in woorde gesê kan word.

Blomme.....

Blomme in die kerk dien 'n estetiese doel. Verwerkte hout dien as kultuurskat; afhagende vir watter doel die hout verwerk is, dien dit ook ander lewensaspekte.

In die opvoeding van die kind in sy kontak met plante, moet die kind leer dat elke plant sy eie lewensruimte nodig het; dat die boom pie reg gebuig moet word terwyl hy klein is; dat 'n plant bioties siek kan word, dat hy moet groei en volgens Tellegen-Veldstra moet die kind opgevoed word om die plantelewe te belewe deur vir homself te moet sê: „een plant wil leven en ik wil daarbij helpen.”¹

Plante voorsien ook bestanddele waaruit medisynes vir mense ver-vaardig word en verskillende soorte olies en reukwater.

God het ook die plantewêreld tot beskikking van die mens gestel om dit te ontgin, om dit aan die mens diensbaar te maak, die mens moet daarvoor heers. Dit is duidelik dat God die mens ook verantwoordelik hou vir die voortbestaan van die planteryk. Een van die voorwaardes vir die voortbestaan van die plante is die mens wat die grond moet bewerk (Gen. 2:5).

Plante is geleende goed aan die mens, daarom moet die mens dit oppas en kinders moet van kleins af opgevoed word om Gods wêreld te eerbiedig as Gods skepping; om Gods wêreld te versier met sy plante; om plante op te pas en te versorg, te bewaar en beskerm.

Kinders moet ook bewus gemaak word van die vakwetenskappe wat hulle besig hou met die plantkunde of botanie. In die plantkunde onderskei ons tussen morfologie (of vormleer, die studie van die uitwendige en inwendige vorm van plante); die fisiologie of die leer van die lewensverrigtinge of stofwisselingsprosesse. Die ekologie bestudeer die betrekkinge tussen die bou en lewensverrigtinge ener-syds en die milieu andersyds; die studie vanuitgestorwe plante (Paleo-botanie); die studie van die verspreiding van plante, die plantegeo-grafie en die studie van plantsiektes of fitopatologie.

1. TELLEGEN-VELDSTRA U., soos aangehaal in BAL C.: ASPECTEN VAN DE KLEUTEROPVOEDING, p.153.

Die Bybel gebruik op verskillende plekke bome as beeld van die gelowige se lewe (Ps. 92:13-16; 1:3 ensomeer)¹, daardeur wil God dat ons iets van Hom ook in plante sal ontdek wat ons self ook kan wees. Gemser verklaar dat Ps. 92:13 die lewensuitsig van die regverdige beskryf in die beeld van die palmboom en die seder, die palmboom die koning onder die bome van die vlakke en die seder die vors onder die bome van die berge.²

Spurgeon verklaar Ps. 1:3: „Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome" soos volg: Die boom is 'n uitgesoekte boom wat God self geplant het. Hy sien dit in verband met Mat. 15:13: Hy antwoord en sê: „Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word.”³

Verbondsouers het 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat hulle kinders in die Woord geplant is, sodat hulle nie ontwortel sal word nie, maar altyd vol nuwe geestelike lewe sal wees en vrugte sal dra wat by die bekering pas.

Besonder aktueel is tans ook die behoefte in die gesinsopvoeding tot opskerpings van die kind om kontinuu mee te doen aan die 'vordering van natuurbeskerming en bekamping van natuurbesoedeling in die lig van die Goddelike kultuuroopdrag.

7.5 DIE SKOOL SE INVLOED OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN

Ons gaan hier wys op die feit dat die skool snypunte openbaar met al die aspekte van die gesinsopvoeding in alle lewensaspekte.

Daarom moet die uiteensetting wat volg oor die skool terug geprojekteer word op die gesin, want geen ander samelewingsverband (selfs nie die kerk nie) oefen met die onderwyser se opvoeding so 'n direkte invloed uit op die gesin se kinders nie.

Dit is die huis wat aan die skool die kinders gee wat onderwys en opgevoed moet word. Die feit bepaal die innige verband tussen huis en skool. Die skool het vandag 'n onmisbare aanvulling van die huis

1. Vgl. ook Mat. 7:17; Luk. 6:43; Joh. 15:2,5.

2. GEMSER B. : DE PSALMEN III, p.94.

3. SPURGEON C.H. : THE TREASURY OF DAVID I, p.2.
Vgl. Ps. 1:3 in die Bybel met verklarende aantekeninge wat soos volg lees: „Wat die water vir die boom is, is die Woord van die Here vir die gelowige.” Vgl. Jes. 40:31.

in die onderwys en opvoeding van die kind geword.¹

Ons erken die skool se soewereiniteit-in-eie-kring en vryheid-in-eie-bevoegdheid.²

Die huisgesin wil nie in die professionele taak van die skool inmeng nie, maar die huisgesin het belang by die onderwys en opvoeding wat die skool aanbied. Daar bestaan ook nie wesentliche verskille tussen die opvoedingstaak van die huis en die van die skool nie. Die enigste verskille wat bestaan, is die ten opsigte van beklemtoning, organisasie en deskundigheid.

Ottaway sien die kindse plek tussen die ouerhuis en die skool soos volg: „The child is, so to speak, sandwiched between parents and the teachers and all are involved in a complex of relationships!”³

Die kind kom met 'n rykdom van ontslote moontlikhede in die wêreld wat deur opvoeding en onderwys ontsluit, gelei en geaktiveer moet word dat hy uitvoering kan gee aan sy gekompliseerde kultuurtaak en -opdrag.⁴

Die skool as opvoedings- en onderwysinstituut beoog die ontsluiting van die kind sodat die kind by volwassenheid sy roeping tot eer van die Skepper kan verrig. Daarby sluit die opvoedingsprogram van die skool die opvoeding van die liggaam met sy gevoelens, sindelikeheid en gesondheid in. Daarby sal 'n skool in 'n Christelike gemeenskap uitgaan van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en sal die onderwys in die praktyk op Christelike nasionale onderwys wees.

Alle opvoeding en onderwys vind plaas op die basis van 'n bepaalde kultuur wat onder leiding van 'n bepaalde, aanwysbare, religieuse grondmotiewe tot stand kom.⁵

-
1. COETZEE J.C. : DIE SKOOL EN : DIE HUIS, DIE KERK EN DIE STAAT. In Koers in die Krisis I, p.325, 326.
 2. ELOFF S.J. : HUISGESIN, SKOOL, KERK IN GESPREK, p. 18.
 3. OTTAWAY A.K.C. : EDUCATION AND SOCIETY. An Introduction to the sociology of education, p.161.
 4. MULDER J.J. : DIE VERHOUDING GESIN, STAAT EN SKOOL IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS MET VERWYSING NA DIE ROL WAT ELKEEN IN DIE VOLKS-OPVOEDING VERVUL EN DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KOÖRDINASIE VAN HIERDIE SAMELEWINGSVERBANDE IN DIE OPVOEDINGS- EN ONDERWYSPRAKTYK. Uit: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, p.112.
 5. Ibid p.112.

Deur die Onderwyswet No. 39 van 1967 dra die openbare skole in Suid-Afrika 'n verpligte Christelike karakter. Hiervoor moet die Christenvolk dankbaar wees.

Die Christelike karakter verkry 'n skool nie deur net Bybelkunde en godsdien as skoolvak aan te bied nie, maar veral deurdat die Christelike religie elke vak vir die kind ontsluit tot diens aan God. 'n Skool bestaan nie in 'n religieuse lugleegte nie, ook nie in 'n kulturele lugleegte nie, daarom is ons onderwys Christelik en nasionaal. Daar behoort nie botsing te wees tussen die Christelike huisgesin en die skool se religieuse benadering van die kind se opvoeding nie.

Die Christelike norme moet geld vir elke terrein en aspek van die skool se aktiwiteite, en dit geld ten opsigte van alle sedelike norme vir gesin en skool in gelyke mate.

Tereg sê Brembeck: „If the values that are taught in the school, mirror those taught in the home, we may say there is a continuity between the values of school and home.”¹

Daar moet dus harmonie wees tussen die skool en die huisgesin se sedelike norme en die toepassing daarvan om verwarring by die kind te voorkom. Dit word heel problematies as gesin en skool nie mekaar bevestig nie en die kind tussen twee stelde kodes moet kies. Die kind kom in die skool in aanraking met kinders uit huise waar sedelike norme kan verskil en tussen al die opvattinge deur moet die skool die Christelike koers aandui. Die skool moet in sy opvoeding rekening hou met kinders wat moontlik uit huise kom waar min of geen sedelike opvoeding plaasvind nie. Veral in ons stede is daar baie gebroke huisgesinne. In een van die stadsgemeentes wat ons bedien het, is gevind, (met die hulp van 'n ondersoek deur die plaaslike Maatskaplike werkster) dat daar nie minder as twee en dertig gesinne was waar man en vrou buite-egtelik met mekaar saamgeleef het nie; daar agt en twintig gebroke gesinne was waar egskeiding 'n voldonge feit was; daar agt gesinne was waar die vader verwyder is weens werkskuheid. Dit het beteken dat een derde van daardie gemeenskap se kinders uit gebroke

1. BREMBECK C.S. : SOCIAL FOUNDATIONS OF EDUCATION, p.121.

huise gekom het.

Die skole waar daardie kinders onderwys ontvang het, het 'n reuse taak om die liefde en die vertroue by die kinders op te wek.

Die skool is ook 'n interne juridiese gemeenskap met 'n bepaalde gesagsordening en het ook as taak om kinders in gehoorsaamheid op te voed.

Die gesag in die skool is ook onderworpe aan die Skrifnorme wat vir daardie gesag geld. Streng dissipline is in 'n skool nodig omdat daar soveel mense saam is wat nog onvolwasse is. Baie kinders kom in hul ouerhuise, veral in onwrigte huise, ongedissiplineerd groot. Die skool is 'n magtige faktor wat permissiwiteit kan teenwerk of bevorder, afhange van die dissipline wat daar heers in die skool as geheel of in klaskamers afsonderlik.

Die skool het ook as taak die opvoeding in die estetika. 'n Goed gedissiplineerde skool moet en kan ook harmonieuse samewerking verkry tussen die personeel onder mekaar en met die kinders, die kinders kan harmonieus saamwerk in die klas en die skool as geheel, ook in die aktiwiteite buite die klaskamer soos op die sportveld of in die godsdiens-tige en kulturele samekomste.

Die skool het ook as taak om kinders in die skool op te voed om die skone, die mooie in kuns en kultuur en in ander opsigte raak te sien en na waarde te waardeer.

Die skool moet ook 'n hoë premie plaas op die persoonlike netheid van die kinders en die personeel. Die eenvormige skooldrag vir skole is 'n groot bydraende faktor om netheid en mooi vertoon te bevorder.

Mooi gelase, mooi maniere en mooi voorkoms gee aan 'n skool 'n mooi naam.

Die skool kan kinders ook leer om ekonomies, besparend te leef. Die regte besteding van die skoolfonds, die aankoop van apparaat wat

tot.....

tot die voordeel van die kinders se opvoeding en onderwys bydra, leer kinders om geld reg te bestee. Skole help die spaarsin aan deur middel van spaarklubs. Deur kinders te beperk in hul aankope by die snoepwinkel word kinders geleer om nie onnodig geld te verkwis nie. Deur kinders verantwoordelik te hou vir gratis skoolboeke kan spaarsin ook aangeleer word. Die gebruik self om boeke aan kinders te leen is ekonomies voordelig vir die ouer, maar vir die kind het dit nie persoonlike waarde nie, want dit is nie sy eiendom nie en hy gee daarom nie veel daarvoor om nie. Dit skep egter die geleentheid om die kind te leer om ander se goed op te pas.

Die skool leer kinders om Christelike waardes vir hulle self toe te eien, naamlik die goeie, die ware en die mooie.

Die skool is ook 'n sosiale gemeenskap wat ten doel het om kinders op te voed om aan te pas en saam te werk. Hierdie taak is moeilik met kinders uit gebroke huise. Birley en Dufton sien die probleem so: „Broken homes, or those unbroken but under strain; shockingly overcrowded homes; homes full of cruelty or massive indifference; corrupt or criminal parents - these factors may be too much for a school to try to counteract.”¹

Die skool kan sy invloed laat geld, maar kan nie die invloede wat op kinders by die huis inwerk neutraliseer of in 'n ander koers dwing nie. Die skool kan hom leer om die huis se invloed te verwerk.

Die skool kan die kind help om te vorder en so 'n goeie verstandhouding met die ouer op te bou, wat weer van sy kant toesien dat die kind tuis leer en huiswerk doen.

Dit is nodig dat ouers en onderwysers mekaar wedersyds beskerm, ten opsigte van gesagsuitoefening en die waarheid, sodat verkeerde inligting wat deur die kind gegee word deeglik gekontroleer word.

Die skool moet kinders oplei om verantwoordelike volwassenes te word, goed aangepas en toegerus vir hul lewenstaak. Die eenheid van gesin,

1. BIRLEY B. en DUFTON A. : AN EQUAL CHANCE, p.94.

skool en kerk moet ook vir die skool belangrik wees, want die skool is mede verantwoordelik vir die gewetensvorming van die kind. Die skool het ook 'n aandeel aan die toeëiening van Christelike waardes vir die kind.

Die kind dra baie van wat hy by die skool leer oor op die gesin tuis. So vind daar wisselwerking plaas en wedersydse beïnvloeding van skool en huisgesin.

Die skool leer kinders reg praat en skryf. Hulle leer nie net grammatikaal reg praat en skryf nie, maar om in hul sosiale omgang hul taal suiwer te praat en om nie te vloek of kwaad te praat nie. Selfs die simbole-taal behoort by die skool ernstige aandag te kry want die liberale aanslag op die jeug maak van simbole gebruik wat alle gesag aftakel en belaglik maak.

Seker die belangrikste taak van die skool is die kultuurtaak, die opdrag van God in Gen. 1:28. Die kind moet opgevoed en onderrig word om kultuur te vorm. Hierdie taak is 'n omvattende opdrag wat die tydelike lewe van die mens in beslag neem. Ses dae van die week, (Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen. Ex. 20:9), duur die arbeid.

Hierdie kultuurvorming is nie religieus neutraal nie, want die arbeid kan tot eer of tot oneer van God geskied.

Die sondeval het die mens ook van sy kennis van sy werk beroof. Die verlossende genade in Christus stel die mens weer instaat om sy werk te ken, maar daartoe moet die mens opgevoed word. Onder leiding van die Christelike religie ontsluit die kind, om die werk waarvoor hy aanleg van God ontvang het, te ken en te doen.

Die mens van vandag het 'n ryk kultuurerfenis ontvang om te ken en te bewaar en daar lê nog 'n baie groot en wye wêreld oop om te kultiveer. Hierdie onontginde wêreld moet aan die kinders voorgehou word as die ideaal vir hulle lewe. Kinders moet nie net ontvang en bewaar nie, maar hulle moet ook eksploiteer.

Die.....

Die kultuurtaak van die skool is om alle lewensaspekte vir die kind toeganklik te maak, so sal die kind se besondere aanlegte ontdek en uitgebou word. Iewers in die rigting van die natuur- of geesteswetenskappe lê die rigting waarin elke kind se aanleg te vinde is.

Die kind moet op skool geleer word om fluks en hardwerkend te wees, getrou en betroubaar. Hy moet leer om arbeid nie as 'n las of straf te beskou nie, maar as 'n geleentheid om God en die naaste te dien.

Habermehl spreek hom oor ons daaglikse werk soos volg uit: „Hierbij mag er van worden uitgegaan, dat in beginsel God in elk beroep evenzeer gediend kan worden, omdat Christus heel het (natuurlijk) leven aan de macht van de zonde heeft ontrukkt en opnieuw heeft gelegd aan de voeten van Gods, heel het leven is Gode geheiligd in Christus.”¹

Die Here wil ook nie dat ons net uit die loon van ons arbeid vreugde moet put nie, maar ook in die roeping. Die gelowige kan God dankend dien.²

Die skool is by uitstek ook 'n denkgemeenskap. Die skool prikkel die kind se denke na alle rigtings. Die kind moet leer om selfstandig te dink, daarvoor kry hulle baie werk om te doen. Kinders moet geleer word om nie oor allerhande dinge te dink nie, om nie die dinge te bedink wat sleg, lelik en verkeerd is nie, maar wat goed, reg en mooi is; om positief te leer dink en wat konstruktief is.

Die skool moet ook die kind se gevoelslewe in die regte bane lei. Gedurende sy skooljare ondergaan die kind veranderinge deur die verskillende fases van sy ontwikkeling. Deur dit alles moet die kind geleer word om homself te beheer, sy humeur in bedwang te hou, sy gevoelens en emosies onder beheer te bring en om onder emosionele spanning homself in te hou; om nie met sy gevoelens op sy mou te loop nie; om ander mense se gevoelens te respekteer en eerbiedig.

Dit is belangrik vir elke onderwyser om sy klas kalm en rustig te hou, want as 'n klas senuagtig en bang is, geniet hulle nie die klas nie en kan hulle nie presteer nie. Dit is ook te betwyfel of sulke

1. HABERMEHL D.N. : ONS DAAGLIJKS WERK, p.55.
Vgl. 1 Kor. 7:17-24 - „Elkeen moet wandel.....soos die Here elkeen geroep het.”
2. Ibid p.55.

kinders lojaal teenoor hul skool sal wees.

'n Skool moet 'n eenheidsgevoel kweek onder die lede van sy gemeenskap en ook 'n gevoel van eenheid met die ouers en die kerk. Die skool moet die kinders ook opvoed om 'n volksgevoel, taalgevoel en nasietrots te ontwikkel.

Kinders moet selfrespek aanleer en respek vir ander, veral teenoor bejaardes en gesagsdraers.

Wat die biotiese wetskring betref, het die skool 'n gulde geleentheid om seuns en dogters op te voed om die ander geslag te ken, met selfrespek met mekaar om te gaan en te leer hoe om hulle in mekaar se geselskap behoorlik te gedra.

Geslagsopvoeding in volle lewensverband is noodsaaklik. Kinders moet nie onder die indruk gebring word dat die lewe net uit seks bestaan nie, maar dat seks een van die aspekte van die menslike lewe is, maar dan 'n aspek wat die mens kan vernietig, tensy hy leer om dit onder beheer te bring.

Liggaamlike opvoeding is 'n aspek wat ons skole nog altyd belangrik geag het, want die leuse: 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam, word prakties geïmplimenteer. Geen wonder dat ons land op byna alle sport gebiede met die beste in die wêreld vergelyk. Soms kry mens die indruk dat die liggaamlike bo die geestelike aksent ontvang. Daar behoort 'n gesonde balans tussen die liggaamlike en geestelike opvoeding te wees. 'n Gesonde liggaam huisves nie noodwendig 'n gesonde gees nie, daartoe moet hy Christelik opgevoed word.

Elke skool het sy eie sosiale ruimte. Die plattelandse skool en die stadskool se ruimtes verskil, want hulle adem die gees van hul gemeenskap en die onderrig wat hulle ontvang is in ooreenstemming met hul gemeenskapsbehoefte en eise.

Die geografiese ruimte van elke skool moet groot genoeg wees om kinders nie die gevoel van toegedruk en vasgekeer te wees nie.

Elke.....

Elke skoolkind moet op skool leer dat hy 'n eie selfstandige mens is, maar dat hy nie 'n eenling in die wêreld is nie, maar deel is van die geheel van die skoolgemeenskap en deel is van sy land en volk en die wêreld waarin ons woon.

Elke kind moet ook op skool leer dat hy deel is van die gesin waaruit hy kom en dat hy deel is van sy kerk.

Teenoor elkeen van die verbande, die kerk, huis en staat en die skoolinstelling het hy 'n verantwoordelikheid uit dankbaarheid vir wat hy ontvang.

„Just as the child is responsible for taking to heart the guidance he receives, so the teacher is held responsible for the way he guides.”¹
 'n Onderwyser (opvoeder) is nie vry om die kind te onderrig wat hy wil nie en 'n kind is nie vry om te leer wat hy wil nie. Die skool se taak word deur de Graaff soos volg geformuleer: „to enable students to take up their life tasks with deepened understanding of the Christian view of life in the midst of our complex society.”²

7.6 DIE INVLOED VAN DIE KERK OP DIE OPVOEDING VAN DIE GESIN

Die Kerk word getipeer as 'n religieuse of geloofs- en verbondsge-meenskap. Die Kerk is 'n instelling van God, die liggaam van Christus, as instituut die plek waar gelowiges as 'n verbondseenheid saamkom om hul geloof te bely, God te loof en te aanbid, te luister na die verkondiging van Sy Woord, die sakramente te ontvang en hulle onder die kerklike vermaning en tug te stel. Dit teenoor die doelloosheid, die uit-sigloosheid, die vertwyfeling van die tydelike, die sekulêre, die ongeloof.³

Hieruit volg reeds die opvoedende karakter van die Kerk. Die Kerk was dan ook nog altyd bewus van sy lerende funksie soos dit blyk uit sy prediking en sy kategese.⁴ De Klerk sê daarom: „Die opvoedkundige

-
1. HOEKSTRA D. en DE GRAAFF A.H. : CONTRASTING CHRISTIAN APPROACHES TO TEACHING RELIGION AND BIBLICAL STUDIES, p.38.
 2. Ibid p.42.
 3. CILLIERS D.H. : DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE OPVOEDINGS- EN ONDERWYS-PRAKTYK. In: 'n Volk besin oor sy opvoeding en onderwys, p.117.
 4. Vgl. MALAN J. du P. : KERK EN OUERSKAP, p.217.

funksie van die Kerkinstituut is deel van die diakonia wat haar opgelê is."¹

Wurth en Wielenga sê die middele waarmee die Kerk hom bedien in sy evangeliserende werk is die prediking, kategeese en huisbesoek. Vir hulle staan die prediking voorop want dit is die middel waardeur God sy volk bedien. Hulle sê: „De wekelijkse prediking van het Woord Gods is het middel waardoor Christus zijn gemeente de wegen wijst waarin Hij wil dat zij wandelen zal.” Die kategeese is volgens hulle ook 'n opvoedingstaak om mense tot geestelike volwassenheid te lei, tot geloof en bekering en heiligmaking.

Huisbesoek is ewe-eens 'n opvoedingstaak. Hier word oor opvoeding en die huislike lewe gepraat. Die opvoeding tot getuigenislewering moet in die huis begin.²

De Villiers stel die opvoedende taak van die Kerk so: „Ook die Kerk het 'n onderrigtende taak en die is nie net ten opsigte van kinders nie, maar ook volwassenes. Die gelowige mens het altyd die behoefte om altyd opgebou te word in die geloof, om as heiliges toegerus te word vir hulle dienswerk (Efes 4:1-12). Die opdrag tot opvoeding kan tot sover as Gen. 1:28 teruggevoer word.”³

Ten opsigte van die Kerk se opvoedingstaak sê Stone, verskil dit van die opvoedingstaak van die gesin en skool in die opsig dat die ouers en die skool sin ophou sodra die kinders die huis en skool verlaat, maar die Kerk se opvoedingstaak duur lewenslank want die lidmate raak al vaster aan die Kerk gebind.⁴

Die Kerk bedien hom van sy ampte om sy opvoedingstaak uit te voer, naamlik deur die lerende ouderling (die predikant) die ouderlinge, diakens en die amp van die gelowiges.

-
1. DE KLERK J.J. a.w. p. 97.
 2. WURTH G.B., WIELENGA W.A. : HET EVANGELIE IN EEN ONTKERSTENDE WERELD, p.81.
Vgl. STONE H.J.S. : DIE EIESOORTIGE OPVOEDINGSTAAK VAN DIE KERK. In : Die Voorligter, Okt., 1978, p.36.
 3. DE VILLIERS D.W. : DIE ONDERRIGTENDE TAAK VAN DIE KERK VOLGENS DIE SKRIF. In : Die Kindervriend, 1e Kwartaal, 1972.
Vgl. ook BAVINCK H. : PAEDAGOGISCHE BEGINSELEN, p.12.
 4. STONE H.J.S. a.w. p.36.

Met betrekking tot die predikant se dienswerk sê Vonk: „Het is de taak vooral der predikanten om de kinderen des Koninkryks te onderwijzen aangaande dit Koninkryk en hun te bewegen tot het geloof in Gods beloften omtrent dit rijk.”¹

Die Kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Artikel 9, beskryf die amp van die bedienaar van die Woord. Elk van sy pligte is van opvoedende en onderwysende aard, soos onder andere: „die behartiging van die Kategetiese onderwys.”²

Die Formulier vir die bevestiging van bedienaars van die Woord, lê ook klem op die onderrigtende en lerende aard van die predikant se werk - waarvoor hy afgesonder is.³

Die ouderlinge is deur die Heilige Gees aangestel as opsieners om die gemeente van die Here te versorg (Hand 20:28), oor hulle te waak en hulle te vermaan (Hand. 20:31). Die ouderlinge moet self deur die Woord opgebou word (Hand 20:32).⁴

Die diaken se ampswerk dra ook 'n opvoedende karakter. In die uitoefening van die diens van barmhartigheid gee hy 'n praktiese voorbeeld van Christelike barmhartigheid en naasteliefde, terwyl sy amp verder inhou „waar hulp verleen word, moet ook die Evangelie gebring word.”⁵

Die amp van die gelowige hou in dat elke Christengelowige die amp van koning, priester en profeet beklee, wat beteken dat elke gelowige betrek is met die Christelike opvoedingstaak, om Gods wet, Gods Woord te verkondig, toe te pas en toe te sien dat Gods wet ook deur ander gehoorsaam en eerbiedig word. Dit is elke Christen se verantwoordelikheid om ander na Christus te lei, dit wil sê tot geloof, bekering en

1. VONK C. : HUISBEZOEK NAAR GODS GEBODEN, p.213.

2. DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK MET AANVULLENDE BEPALINGE - Sinode van Suid-Transvaal 1975, Artikel 9.1 - 9.7, p.4.

3. DIE KERKBOEK VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK, p.42-46.

4. Vgl. KERKORDE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK, p.5, die amp van die ouderling is eweeens opvoedkundig van aard, byvoorbeeld Artikel 16.1 - „die roeping om ander na Christus te lei.” Vgl. ook DIE KERKBOEK p.62, Formulier vir bevestiging van ouderlinge.

5. DIE KERKBOEK, Formulier vir bevestiging van diakens, p.63. Vgl. KERKORDE, Artikel 17, p.6.

heiligmaking.¹

Die amp van die gelowige kan in kerkdienste verrig word as kateget, in die kategetese, as hulp in die sending, gevangenisdiens, hospitaal-besoeker en in elke ander werksaamheid van die Kerk.

Elke gelowige is 'n getuie vir Christus in sy werk, waar God se Koningskap erken en bely word, waar geleenthede hom voordoen om die Here te dien en 'n saligmakende woord te spreek.

Die Christen gelowige staan elke oomblik van sy lewe in diens van Christus se Kerk. Deur woord, daad en gesindheid moet die invloed van Christus op sy lewe sigbaar en hoorbaar wees.

Wurth sê dieselfde: „Wil God daarby van onze dienst gebruik maken, ons als instrumenten bezigen om door ons zijn werk te werken.”²

God gebruik ook die amp van die gelowige om deur Christelike getuienis, die roeping te laat uitgaan wat God gebruik om mense ook inwendig te roep tot die bekering wat Hy in die hart van die mens werk.

Ons glo van harte dat God die genadige Gewer is van die menslike saligheid. Wurth stel dit so: „Het is God, die tot bekering oproept en dat niet alleen, maar ook door zijn genade in hen, die Hij naar zijn eeuwig voornemen daartoe bestemd heeft, de bekering zelf totstand brengt, die het hart wederbaart en zorgt, dat die wedergeboorte daarna nu ook daadwerkelijke bekering omzet.”³

-
1. DIE KERKORDE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK bepaal: „Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die Kerk geaktiveer word om as Kerk werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.” Daar is ook 'n Reglement opgestel vir die dienswerk van die gelowiges ter aanvulling en verduideliking van Bepaling 55, soos hierbo aangehaal. Vgl. die Kerkorde van die Nederduits Gereformeerde Kerk met aanvullende bepalinge 1975, Artikel 55, p.15 en Reglement vir die dienswerk van die gelowiges, p.81.
 2. WURTH G.B. : DE BEKERING ALS EVANGELISATIEPROBLEEM, p.69. Vgl. DORDTSE LEERREELS, 3de en 4de Leerstukke, paragraaf 11,12.
 3. WURTH G.B. a.w. p.66.

Die.....

Die Kerk kom ook tot openbaring in die lede wat deur die doop of deur belydenis van geloof daartoe behoort. Die ouer is nie net lidmaat van die Kerk nie, maar is integrale deel van die Kerk en dit geld ook van die onderwyser. Dit impliseer dat as die onderwyser in sy klas deur sy getuienis kinders Christelik onderrig, dit die werksaamhede van die Kerk en gesin bevestig.

Die roeping om getuies vir Christus te wees, gaan nie net van een persoon tot 'n ander uit nie, maar ook van die Christelike samelewing wat langs die weg van die Christelike opvoeding ons roep tot gehoorsaamheid aan Sy Evangelie.¹

Aalders sê ook tereg: „dat de gemeente als gemeenschap der gelovigen te gelijk ook de moeder der geloovigen is. Zij vordert niet alleen geloof, maar voedt ook op tot geloof...Hier komen we in een aanraking met een van de belangrijkste functies die de gemeente in de wereld heeft te vervullen. Zij is er om de geestelijke groei van generaties mogelijk te maken; om de schat des geloofs over te leveren aan het komende geslacht.”²

Die sakramente van die doop en die Nagmaal dra sterk geloofsopvoedende gesag, waar die Woord deur die oog na die hart sy weg vind.

Net soos die sigbare tekens van die sakramente apelleer op die sintuie van die mens om dit te belewe, so is ook die sigbare Kerk en meublement die sigbare gemeenskap van die gelowiges, bydraende faktore in die Christelike opvoeding van die huisgesin.

Die Kerk vol mense in aanbidding is 'n getuienis aan die wêreld dat God nog leef en werk in die harte van mense en dat daar nog mense is wat hulle aan Gods genadewerk onderwerp.

Soortgelyke invloed gaan daar ook uit van huisgesinne wat huisgodsdiens waarneem.

Die kerkdrag, die kerkboeke, die kerkstemming, die liturgiese orde dra alles 'n opvoedende karakter. Die erediens self het 'n vormende invloed op die gesin. Trautwein beskryf die vormende invloed soos

1. Vgl. CILLIERS D.M. a.w. p.117.

2. Vgl. DE KLERK J.J. a.w. p.98, aanhaling uit AALDERS W. : IN VERZET TEGEN DE TIJD, p.100.

volg: „Waar de Kerk spreekt en handelt, doet zij dus aan vormingswerk. Zij vormt overtuigingen en meningen; zij doet gedragsmodellen ontstaan.“¹

In die erediens word gedink, geluister, ervaar, beleef, na die diens word deur groepe gereageer, gekommunikeer. Daar word 'n proses aan die gang gesit en ingestudeer. Dit beteken dat daar 'n vormingsproses aan die gang gesit is. Hierdie vormings-proses is bevrydend en ontsluitend.

Die Kerk beïnvloed lidmate se gedagtes, hul arbeid, woordgebruik, sosiale omgang, hul offervaardigheid, hul voorkoms en gedrag, hul sin vir reg en geregtigheid, hul sedelike en liefdeslewe en verinnig hul verhouding tot God Drie-enig.

Die Kerk se standpunte soos deur Sinodes vasgelê of in die besluite van Ringe en Kerkrade, die Kerk se profetiese getuienis en arbeid het 'n verliggende koersgewende invloed op die kuns, 'n kalmerende invloed op politiek, 'n hervormende invloed op die huwelik, 'n meelewende invloed op die lidmaat, 'n hervormende invloed op die hedendaagse humanisme, 'n vormende invloed op die denke en 'n rigtinggewende invloed op die beleidmakers van onderwys en opvoeding.

Die Kerk se getuigende invloed gryp ook uit tot vêr buite sy grense, want Gods Koningskap gaan oor sy hele skepping. Oral moet Hy heers en erken word as Koning. 'n Middel waardeur God Hom bedien in die wêreld, is onder andere sy Kerk, soos geopenbaar in die lewe van gelowige mense, in Christelike organisasies en ook Christelike gesinne.

Die Kerk bestee baie tyd en aandag aan die geestelike versorging van die jeug want die jeug is, in die woorde van Luther: die voorjaars-tuin van die Kerk. Daar word die jong plantjies versorg om later in die gemeente te groei en te bloei.² Die Kerk se erns met die geestelike versorging van sy jeug blyk uit die verslae van verskeie sinodale studiekommissies (die N.G. Kerk), besluite en voorgeskrewe boeke vir die Kategetiese onderrig en die organisering van die jeugwerk in die verskil-

1. TRAUTWEIN D. : KERKDIENT ALS LEERPROCES, p. 90.

2. Vgl. VAN UCHELEN A.C. : HET HEILIG ONDERRICHT DER KERK, p.74.

lende fases van die jeug se ontwikkeling, te wete in junior-, senior- en werkende jeug.

Bogenoemde behels dat die Woordbediening van die plaaslike gemeente en die Kerk in breër sin direk met die gesin vervleg is en bevestig net die tipiese geloofsopvoeding. Die kinders moet die huisbesoek meemaak; moet leer om die Kerklike ampsdraers te respekteer; moet leer om die erediens gereeld te besoek, moet die sakramente self ook sien, moet inskakel by die jeugaksies.

Die gesin voer sy meelewendheid terug na die Kerk, maar die Kerk voer sy geloofsgetuïenis onder die seënende hand van God weer terug na die ouers en die kinders.

HOOFSTUK 8

LEERSTELLIGE BYBELONDERRIG AS TIPIESE GELOOFSONDERRIG IN DIE HUIS- GESIN (GELOOFSASPEK)

Christelike opvoeding moet die volle lewe in die visier hê, want dis opvoeding binne die volle lewe van die kind wat as totale mens binne die volle lewe sy roeping moet vervul.¹ Vanweë die feit dat die geloofsaspek so 'n sentrale plek inneem in die religieuse lewens-uiting, moet besondere aandag gewy word aan die Bybelonderrig in die gesin, of breër, Bybelse geloofsleeronderrig. As dit in 'n huisgesin sou ontbreek is daar 'n fatale lugleegte juis omdat 'n mens wat na sy aard religieus en na die beeld van God geskape is nie tegelyk religieus ontsluit word nie.

Die Bybel- of godsdiensonderrig in die huis neem as vanself net so 'n belangrike plek in die gesinsopvoeding in as wat die geloofsaspek die hoogste ontsluitende wetskring is.

8.1 DIE BETEKENIS VAN GELOOFSOPVOEDING VIR DIE HUISGESIN

Van der Werf formuleer die invloed van die Christelike godsdiens op die huisgesin soos volg: „Het huis spreek de bezoeker aan en op enigerlei wijze zal de bezoeker met dit alles in relatie treden. Het leerhuis is niet een plaats waar abstracte denksystemen ontwikkeld worden, maar waar de wereld van Gods handelen open gaat. Het menselijk bestaan, met hoofd en hart, met lichaam en ziel is er in betrokken. In ons leerhuis komt ons het levenscheppende Woord te gemoet. In het leerhuis is er de ontmoeting met „De Here des huizes self.”²

Bogenoemde is in ooreenstemming met die Here se beloftewoord: „Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees.”³

1. Vgl. POTGIETER F.J. : GODSDIENS IN DIE WORDING VAN DIE KIND, p.7. Hy sê onder andere: „Die mens is as totaliteit in wording tot en met sy dood.”
2. VAN DER WERF J. : OEFENINGEN IN HET LEERHUIS, p.10.
3. 2 KOR. 6:16. Vgl. ook Efes. 3:17; Open. 21:3.

Die.....

Die ouers wat na luid van Josua 24:15 bely: „Ek en my huis, ons sal die Here dien," sal gewoonlik die huis wees waar Gods gesag deur Sy Woord duidelik merkbaar is.¹

Die ouer moet die opvoedkundige ingesteldheid hê dat die kinders so gelei word dat hulle in die eenheid en na alle kante van die lewe in die verbond, dus ten opsigte van alle doen en late, gehoorsaam sal wees aan die wil en wet van God. Die kind moet van kleinsaf integraal-Christelik-religieus leer dink sodat dit vir hom ook as hy opgegroeï is, 'n vanselfsprekende vertrekpunt is. Alleen op hierdie grondslag sal hy ewewigtig ontsluit en met vreëgte die wet van die Here gehoorsaam.

In die Christelike huisgesin moet die kind onder die besef gebring word dat die Christelike religie toonaangewend staan in verband met al die doen en late van die mens en dat die mens deur God verantwoordelik gehou word vir die handhawing van die Christelike gehoorsaamheid en diens aan God.²

In die huisgesin moet die kind so onder beslag van die Christelike religie gelei word dat hy vooruit, aan sy eie persoonlike geloofsoortuiging en gewete verantwoordelik en aan die wet van God gehoorsaam sal handel. Daardeur sal hy meer en meer tot 'n Christelike ewewigtige en gedissiplineerde persoon ontsluit met 'n geïntegreerde gehoorsaamheid aan Gods wet.³

1. Vgl. GOSLINGA C.J. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT, OOR JOZUA, KOMMENTAAR OP JOZ. 24:15 - „Overduidelijk blijkt uit Jozuas woorden dat de dienst van Jehova onvereenigbaar is met dien der afgoden. Er moet gekozen worden wat hier aangaat hij heeft gekozen. Hoe Israel ook beslisse, voor hem en zijn huisgezin is de dienst des Heeren het voorwerp van hun begeren."
2. Vgl. VAN RIESSEN H. : WIJSBEGEERTE, p.92.
3. Vgl. STEYN J.A. : DIE OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLINGE VAN 'N CHRISTELIKE REFORMATORIESE KOSMOLOGIE, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE, p.61.
Vgl. ook POPMA K.J. : INLEIDING IN DIE WYSBEGEERTE, p.94.
Vgl. DE JONG P.Y. : CALVIN'S CONTRIBUTION TO CHRISTIAN EDUCATION, p.167. Hy sê ondermeer: „We may learn from this, that the true service of God begins with faith."

Hierdie.....

Hierdie kennis word toegeven binne die gesin deur middel van die gesamentlike omgang met die Woord onder leiding van die ouers, asook die eie persoonlike Bybelstudie, met alles wat verder 'n godvrugtige lewe veronderstel. Dis ook in die praktyk so dat hier 'n verrykende toevoeging is vanaf die eksterne kant van die kerklike kategeese en die prediking, benewens nog die Bybelonderrig op skool.

Die Bybel bly die primêre Christelike leerboek. Daar kan egter nuttige gebruik gemaak word van die drie Afrikaanse Kerke se belydenis-skrifte as handleidings om die Bybel te verklaar.

Die geloof is die middel vanuit Gods genade waarmee ons die genadeskatte wat die Here aanbied aanvaar vir onself. Dit behels dat ek dus opgevoed sal word ten opsigte van die geloofsinhoud, dit wat ek glo, dit wat ek bely, wat lei tot dit wat ek doen en uitlewe.

Schoeman formuleer bogenoemde aldus: „Omdat geloof die bewuste werking in die hart van die mens is waardeur die openbaring van God geken kan word, is die belangrikheid van die geloofsopvoeding deur behoorlike Bybelonderrig in die Christelike opvoeding sekerlik nie te betwyfel nie.”¹

Kinders kan alleen as sodanig Christelik opgevoed wees as hulle onder leiding van die Christelike geloof by elke uitgang van die hart die Here dien. Wat die kind tengoede geleer word, dra by tot die totaalontplooiing van die kind. Landman sê ook: „Die Christen se verantwoordelikheid is om soos 'n Christen te leef.”² Die Christelike belydenis moet gepaardgaan met 'n Christelike lewenspraktyk.

'n Kernvraag is wat die ouer se siening oor die absolute gesag en betroubaarheid van die Woord is, want hierdie siening is dit wat mutatis mutandis op die kind oorgedra sal word.

As ontsluitende, opvoedende kultuurwerk kan ons die leidende betekenis van die Bybelonderrig aan die verbondskind soos volg saamvat

1. SCHOEMAN P.G. a.w. p.114.

2. LANDMAN W.A. : LEESBOEK VIR DIE CHRISTENOPVOEDER, p.101.

wat die breë hoof doelstelling betref, naamlik om die opvoeding tot die volste mate vanuit sy geloofsfunksie uit te lei, te ontplooi en te verdiep tot geloofssekerte in die verbond en wel met die kennislig van Gods Woordopenbaring as die norm vir hierdie leidende lewensuitgang van die hart. Hoe beter dit geskied, hoe sterker sal die religieuse greep van die Woordopenbaring wees op die verbondskind en vanuit hierdie religieuse greep op die hart 'n Christelik opvoedbare kind wees.

8.2 DIE TOERUSTING VAN DIE HUISGESIN VIR GODSDIENSONDERRIG EN -OPVOEDING

Die Christelike huisgesin met die verbondsouers en -kinders is die eerste, die oorspronklike en die natuurlike opvoedingsinstelling wat deur God daargestel is. Die huisgesin voldoen ook aan die belangrikste voorwaardes wat noodsaaklik is vir verbondsovoeding.¹ Onder andere lui dit in die amptelike standpunt van die Nederduits Gereformeerde Kerk as volg: „Die godsdienstige opvoeding van die kind is die ouers se onvervreembare plig.”²

In hierdie taak kan die Kerk die ouer nie vervang nie, slegs aanvul.

Die huisgesin is verder deur God op 'n besondere wyse vir hierdie taak toegerus.

Eerstens, die huisgesin is die kind se vanselfsprekende natuurlike lewensruimte en lewenssfeer waar hy opgroei totdat hy 'n volwasse mens is. Ouers en kinders is op grond van die struktuurnorm in Gods skepping gegee op mekaar aangewys, aanmekaar gebind deur die bloedbande en die liefde. Ouers en kinders het mekaar nie gekies nie, hulle is vir mekaar van God gegee.

Tweedens is daar die spontane, vanselfsprekende betrokkenheid op mekaar. Die ouers is baie sensitief ingestel op die kind se behoeftes, te alle tye en die kind se afhanklikheidsgevoel teenoor die ouer is direk en spontaan.

-
1. Vgl. GREYLING E. : GODSDIENSONDERWYS IN DIE SKOOL, p.19.
 2. STANDPUNTE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK TEN OPSIGTE VAN OPVOEDING EN ONDERWYS, p.5.

Derdens is daar die natuurlike agting wat die kind vir Jie ouer het. Hy aanvaar spontaan die ouers as gesagsfigure. Die kind erken die gesag van die ouer, onderwerp hom daaraan en word daardeur opvoedend gelei, vanaf die kleuterstadium.

Vierdens is daar die liefde as bindende geestelike sement in die Christelike huisgesin. Sonder hierdie wedersydse liefde is behoorlike opvoeding nie moontlik nie. Die liefde is immers die bestemmingsfunksie van die gesin.¹

Die kind is dus primêr ingestel op die ouer-kind verhouding, waarin onder andere die volgende faktore 'n besondere rol speel.

Eerstens die atmosfeer in die huis druk homself op die kindergemoed of soos die lewensstyl in die gesinslewe is, groei die kind op.

Tweedens, dit geld meestal dat soos die ouers is, so is ook die kind, al besef 'n mens dat daar beslis uitsonderings op die reel is.

Derdens, die godsdienstige gebruike van die ouer beïnvloed die kind tot spontane navolging daarvan. Nêrens is daar 'n situasie wat 'n gunstiger geleentheid bied om die kind so opsetlik en soms onopsetlik uit die Woord te onderrig en die kind self te laat oefen om te lees en bid nie.

So is daar in die huis 'n geleentheid vir die moeder om self uit die Bybel of Kinderbybel voor te lees en vir die kinders gebede te leer. Die huisgodsdienst bied aan die ouer die geleentheid om die kinders die inhoud van die Bybel te leer; om dit vir die kinders, hoe eenvoudig ookal, te verklaar en toe te pas op die daelike lewe. Die gesin kan 'n gesprek voer rondom die Bybel, vrae kan gevra en antwoorde gegee word; die Kategese vrae of opdragte kan saam behandel word.

By die huisgodsdienst hoort ook die gewyde sang en die gebede waarvan die hele gesin kan deelneem. Die oefening van deelname aan

1. Vgl. GREYLING E. a.w. p.21.

die openbare gebed vind in die huis plaas veral rondom die lees en bespreek van die Woord van die Here.

Deel van die huisgodsdienst is die gesin se erediensbywoning. Die gesin en die kerk is vervleg. Die bywoning van die erediens in die kerk het belangrike religieuse opvoedende betekenis vir die gesin. Ons kan die volgende hoofmomente uitlig as betekenisvolle opvoedende elemente in die gesin se kerkgang.

i) Dit bevestig aan kinders wat die ouers, die prediker en die wat die katechese behartig sê.

ii) In die erediens vind ons weer direkte aansluiting by die huisgodsdienst.

iii) Die gemeentesang is nie vreemd vir die gesin nie, want hul sing dieselfde lieder tuis ook.

iv) In die kerk ontmoet die gesin ander gesinne. Die kerkdienst bestaan uit verskeie gesinne wat gesamentlik aanbid.

v) Geen huisgesin leef geïsoleerd nie, maar is deel van 'n groter geheel.

vi) Die kerk het sy eie omgangsstyl, daar is dissipline in die kerk, 'n dissipline waaraan die gesin tuis ook gewoond is by die huisgodsdienst.

vii) Die kerkdienst kweek 'n goeie musieksmaak en sangmaak by die gesin.

viii) Die Jeugdienst lê die klem op die Christelike lewe van die verbondsjeug wat die lewe van die jeug in gesinsverband ten goede kom.

ix) Die kerk se katechese is aanvullend by die van die ouers want dit vervang nie die ouers se katechetiese verantwoordelikheid nie.

x) Die kerk eis getrouheid en dissipline met betrekking tot gereelde en getroue erediensbesoek. Daartoe wek die kerk die ouers op en moet die ouers hul kinders saam met hulle neem na die erediens.

Die.....

Die invloed van die huisgodsdienst van die gesin kom bv. tot openbaring as kinders „kerk" speel of „basaar" hou of ander elemente uit die godsdienstige lewe naboots.

Die uitgangspunt van die Christenouer in die opvoeding van sy kind behoort altyd te wees dat sy kind 'n gevalle beeldraer van God is, wat in scnde ontvang en gebore is, maar wat as verbondskind weer in Christus geregverdig is. As sodanig moet die kind wat in die verbond ingesluit is opgevoed word om God te ken en te eer. Uitgaande van die bondseël van die doop kan die Christenouer aan die verbondskind die versekering gee. Jy behoort aan Jesus Christus.¹

8.3 HUISGODSDIENS AS METODE EN HULPMIDDEL VAN VERBONDSOPVOEDING

Nauta definieër huisgodsdienst as 'n samekoms: „Welke naast de publieke Kerkdiensten door particuliere Christenen belegd worden om in kleine kring met elkander te bidden, de Bijbel te lezen en te bespreken en soms ook een stichtelijke toespraak aan te horen.”² Volgens hom het huisgodsdienst ontstaan, in die verlede, weens gebrek aan erediens samekomste.

Uit ons eie volksgeskiedenis verhaal Lubbe dat in die Kaap, tydens die Groottrek: „Die Bybel in die een hand en die geweer in die ander, die simbool van die Afrikaanse opvoedingsideaal was.”³

Hy skryf verder dat die kinders opgevoed is om beskaafde, godvresende lede van die samelewing te word, met 'n diepe besef van hul plig teenoor hul ouers, hul Kerk, hul land en hul volk.

Die huisgodsdienst het volgens hom bestaan uit Bybellees, die leer van Bybeltekse, die leer van die sing van die Psalms en Gesange. Die huisgodsdienst het verder uitgebrei na die onderrig om te lees en skryf, sodat die kinders self die Bybel kon lees. Dit was veral die moeder se taak terwyl die vader veral verantwoordelik was vir die waarneem van die huisgodsdienst en die kategetiese onderrig. Kinders

-
1. Vgl. STANDPUNTE VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK TEN OPSIGTE VAN OPVOEDING EN ONDERWYS, p.6.
 2. NAUTA D. : HUISGODSDIENSTOEFENING. Uit : Christelike Encyclopedie III, p.532.
 3. LUBBE J.J. : LEWENSOMSTANDIGHEDE EN OPVOEDING VAN DIE VORTREKKERKIND, p.73.

het ook onderrig ontvang in kultuurskoppinge, soos naaldwerk en houtwerk.

Die huisgodsdienst het vir die Trekkers die plek van die eredienst ingeneem as gevolg van die gebrek aan predikante.

Huisgodsdienst word as die een en belangrikste faktor uitgesonder wat die Trekkers bewaar het teen geestelike verwildering of vermenging met die heidene.¹

Erasmus skryf oor die Voortrekkertyd dat die vader saans as priester, die Statebybel gelees het by die huisgodsdienst, dat die kinders daarna oor die gelese gedeelte ondervra is en dat die tent daarna „weerklink het van dankbre psalme.“²

Hy wys ook op die onberekenbare invloed wat die Statebybel uitgeef het op die vorming van ons volkslewe.

Schulze skryf oor die invloed van die Statebybel: „Wat die Statebybel vir die Afrikanervolk beteken het mag nooit vergeet word nie. Dit was die groot skatkamer, wat voorsiening gemaak het in al sy geestelike behoeftes op alle terreine van die lewe en dit het die Afrikaner in sy donkerste ure en in sy grootste afsondering van die buitewêreld vir analfabetisme bewaar.“³

Huisgodsdienst is die middel wat God in die hand van die verbondsoer gegee het om die doopbelofte na te kom, naamlik om die kind in die leer te onderrig en vanuit die huisgodsdienst die kind te oefen in die praktiese geloofslewe.

Malan skryf: „Ouerskap na Gods bedoeling is om kinders vir Hom groot te maak.“⁴

1. Ibid p. 74-87.

2. ERASMUS D.F. : DIE CHRISTELIKE HUISGESIN, p.62-65.

3. SCHULZE H.G. : DIE INVLOED VAN DIE BYBEL OP SPREEK- EN SKRYFTAAL. Koers in die Krisis I, p.287-288.

4. MALAN J. du P. : KERK EN OUERSKAP, p.137

Ouers het by die doop hul geloof in Christus bely en onderneem om hul kinders in die Christelike leer te onderrig of te laat onderrig.

Dit is dan ook een van die kenmerke van 'n Christelike huisgesin.

Erasmus definieer die gesin soos volg: „Waar die huisvader Christus erken en bely as Here en Koning en dat hy as huispriester die diens van God in sy gesin handhaaf en onderhou. Hiertoë behoort ook die waarneming van die huisgodsdienst.”¹

Vandag het ouers met huisgodsdienst voor talle probleme te staan gekom, veral waar die vader skofte werk en huisgodsdienst feitlik onmoontlik geword het. Hierdie gesinne ly onteenseglik baie geestelike skade omdat hulle baie selde saam om die Woord vergader is.

Uit 'n opname in die gemeente deur skrywer hiervan bedien ten tye van hierdie skrywe, is gevind dat nog die helfte van die huisgesinne huisgodsdienst saans waarneem, maar geensins in die oggend nie en dat die gcwyde sang feitlik uitgesterf het. Dis 'n verliespunt veral in die ontwrigte tye wat ons tans beleef. Huisgodsdienst is vandag dringend nodig om die godsdienstige lewe op 'n hoër peil te bring en die gebrekkige Godskennis weer te vermeerder. So sal die gelowiges in hul geloof weer opgebou en versterk kan word. Huisgodsdienst sal gesinne staal teen die geweldige hoë eise wat aan ouers en kinders gestel word. Vandag is daar uit baie huise 'n vader of seun wat godsdienst verrig, dit stel hoë eise aan die gesin se geloof en vertroue in die Here. In tye van siekte, lye en dood, van misoes, teleurstelling, mislukkings en ~~sm~~meer, het die mens 'n anker nodig soos die wat God alleen bied om aan vas te hou.

Waar ouers nie self huisgodsdienst kan hou nie, kan hulle tog nog baie doen om die geestelike heil van hulleself en hul kinders te bevorder.

Ouers moet hulle kinders leer om getrou, elke oggend en aand Bybel te lees en bid. Hulle kan goeie Christelike leesstof verskaf en hul

1. ERASMUS D.F. a.w. p.62.

kinders help in die voorbereiding vir die kerk se kategese en hulle kan toesien dat hulle kinders getrou die eredienste en die kategese bywoon.

Die kategese handboek bied 'n gulde geleentheid aan die ouer om 'n geestelike gesprek met die kind te voer.

Daar bestaan vandag 'n verskeidenheid handboeke wat vir die ouer as hulp kan dien hoe om die kind godsdienstig te onderrig.

Huisgodsdien is vandag dringend noodsaaklik om die gesinsbande te versterk, die liefde te voed; eerbied vir die ouerlike gesag te eis; die gesinsharmonie te beskerm; tyd uit te koop vir huisgodsdien en gesins-samesyn wat so nodig is vir gesonde en vrugbare same-syn; vir saamwerkzaamheid; die gesonde en vrugbare gesinsdenke en -gesprek; die eenheidsgevoel van die gesin; die onderlinge respek vir die teenoorgestelde geslag; die leiding van die oortollige energie in die regte kanale tot gesonde liggaamlike ontwikkeling.

Die diens aan God in die eie huis maak van die eie huis 'n huis van die Here waar die gesin as eenheid die Here dien.

Onder leiding van die interne gesagstruktuur is die huisgodsdien een van die belangrikste tipiese geloofsuitings in die huwelik en gesin en daarom ook is die opset en vorm anders as die van die eredienste.

Die gesinslede, as lidmate van die kerk, is in hulle huisgodsdien kessioneel verbode aan die kerk se belydenis en leer. Die Woord is hulle bindende geloofsnorm. Die huisgodsdien is die ontsluitende glanspunt in elke gesin se lewe, 'n gebeurtenis wat kinders altyd met groot dankbaarheid en waardering teenoor hul ouers onthou.

Grobbelaar beskryf die gewyde oomblikke in die huisgodsdien soos volg: „Geseënde oomblikke wanneer al die hoofde gebuig is, terwyl God in gebed geëer, geloof en gedank word en die behoefte van groot en klein, van gesondes en krankes, van armes en behoeftiges, voor die Here se aangesig neergelê word. Hier kom op unieke wyse die eenheid

van.....

van die lede van die gesin tot openbaring."¹

Verval in die huisgodsdienst, so leer die ervaring ons, lei tot verval in die huisgesin.

Die metode van huisgodsdienst verskil van huis tot huis. Belangrike elemente wat die ouer kan help om huisgodsdienst doeltreffend te maak is ondermeer: om vroeg in die oggend met die onderrig te begin, want dan is die verstand nog vars en baie kan ingeneem word.² 'n Goedgekose Skrifgedeelte kan baie beteken vir die dag se hardewerk of om die probleme van die dag te ontmoet.

Huisgodsdienst saans kan baie van die dag se sondige gedagtes uitwis en die nag se rus met sekerte en vertroue te laat te gemoet gaan.

Dit is voordelig om sistematies die Bybel of boeke van die Bybel deur te lees, sodat die gesin na verloop van tyd die hele Bybel deur-gewerk het. Handleidings, gidse, die Kategese handboek en ander hulpmiddele is tot die gesin se beskikking as hulp by die huisgodsdienst. Vrugbaar is die metode waar die kinders wat kan, deelneem aan die lees van die Bybel, waar kinders deelneem aan die gebed by die huisgodsdienst en waar die gesin kerkliedere sing. Kinders moet een of ander aandeel in die huisgodsdienst hê.

Dit is nie genoeg dat die gesin net na die Boekevat oor die radio of T.V. luister nie. Die ouer moet self sy huis se diens aan God lei, dit is 'n intieme gesinsangeleentheid. Die Bybel self moet die sentrale plek in die huisgodsdienst inneem en mag deur geen ander boek verdring word nie.

Tot die huisgodsdienst behoort ook die tafelgebed, die gebede by siekes en die eredienst op Sondag en kerklike feesdae, huwelike en begrafnisse. Daar moet die Christelike liefde ook tot openbaring kom waar ons deel het aan die vreugde of leed van die naaste.

Huisgodsdienst is godsdienstige- en geestelike-opvoeding met die doel om ons verbondskinders tot 'n persoonlike belydenis van geloof in

1. GROBBELAAR P. de V. : GODSDIENS IN DIE HUIS. Koers in die Krisis III, p.66.
2. Vgl. OLIVIER G.E. a.w. p.109.

Jesus.....

Jesus Christus te lei en hulle dan verder op te bou in hulle allerheiligste geloof; om hulle te leer hoe om deur woord en daad getuies vir Christus te wees en hoe om by elke uitgang van die hart Christus as Koning te laat regeer. Die mens is 'n eenheid.

Dooyeweerd sê tereg: „De interne gezinsvormen bieden zich inderdaad aan leden als een structureele eenheid, waarin de afsonderlijke modale zin-zijden niet geïsoleerd zijn te vatten.”¹

Die ouer moet deeglik rekening hou met die lewenseenheid van die mens, omdat die geloofsontsluiting, in die lig van die Woord die religieuse rigting van al die doen en late van die kind in 'n bepaalde sin integreer in die Christelike grondmotief en koers.

Dit is dan ook die gebed van Dawid in Ps. 86:11 - „verenig my hart tot die vrees van U Naam.”

Guthrie verklaar die teks soos volg: „This estimate of God leads to the desire to become like Him in mind and manner, i.e. to be integrated in a life inseparable from Him.”²

Die huisgodsdienst is 'n geleentheid waar die gesin geleer word om Christelik te dink en te handel om in alles Christus gelykvormig te word.

8.4 DIE INHOUD VAN DIE BYBELONDERRIG

Die Bybel gee nie vir ons die volle struktuurwette en metodiek wat vir elke lewensverband geld nie. Wel gee die Bybel aan ons die basiese norme wat geld vir alle verbande en aspekte van die mens se lewe wat in liefde tot God en sy wet, gelewe moet word.³

Vir die pistiese wetskring is die Bybel nie net die norm vir 'n gehoorsame geestelike lewe nie, maar bied dit ook die inhoud van die

1. DOOYEWEERD H. a.w. p.297,505

2. GUTHRIE D. : THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p.505.

3. Vgl. MALAN J. du P. a.w. p.47.

Vgl. LOMBARD J.C.: ROMEINE 13 CONTRA OPEN. 13 EN DIE ANTITHESE. R-
DIE HEILIGE SKRIF EN RELIGIEUSE VOORVERONDERSTELLINGS IN DIE
WETENSKAP. Uit: Op al sy akkers, p. 25

geloofskennis van die godsdienstige lewe.

Vir ons doel selekteer ons 'n paar Skrifgedeeltes, wat ons saaklik gaan toelig, wat direk te doen het met die verbondsoopvoeding soos dit ook op die huisgesin betrekking het.

8.4.1 DIE BETEKENIS VAN DIE TIEN GEBOOIE VIR DIE OPVOEDING VAN DIE VERBONDSGESIN

Die Here het reeds by die skepping sy wet vir alles vasgelê wat Hy gemaak het om Hom te gehoorsaam.

Die mens was ook nooit sonder wet nie en die wet van God vir sy volle lewe was in sy hart geskrywe. Voor die sondeval het die mens hierdie wet spontaan en ongedwonge uitgelewe. Die inhoud van daardie wet, as sentrale liefdesgebod, was die kern van die dekalog, naamlik die liefde tot God en die naaste (Mat. 22:37-39).

Tidwell sê van die wet: „God's laws are the expression of His love. He governs man because He loves him and wants to prevent his ruin. Man's obedience is the expression of his love.”¹

Met die sondeval het die mens opgehou om volgens die wette van die verbond te leef. Alle insig in die wet was egter nie verlore nie (Rom. 1:19; 2:14,15).

Waar die mens na die sondeval nie meer die wet spontaan geken het nie, moes God van buite af hierdie wet weer aan die mens bekend maak. Dit doen die Here by Sinaï waar Hy dit op twee tafels aan Moses oorhandig om dit vir die volk te gee.² Hierdie Wet is bekend as die Tien Gebooie of Tien Woorde van God. Die Tien Gebooie gaan in bepaalde sin oor al die lewensuitgange van die hart, hulle is allesdekkend. Du Toit noem die Tien Gebooie die reëls van die verbond.³

In die eerste vier gebooie van die eerste tafel word omskryf waarin die liefde tot God bestaan en die ses gebooie van die tweede tafel om-

-
1. TIDWELL J.B. : THE BIBLE BOOK BY BOOK, p.63.
 2. Vgl. VELDKAMP H. : ZONDAGSKINDEREN II, p.139.
 3. DU TOIT H.D.A. : VIER EEUE VAN TROOS, p.141.
Vgl. MURRAY A. : DIE KRAG VAN DIE BLOED, p.11.

skryf die liefde tot die naaste.¹

Die Tien Gebooie is nie los van die verbond nie, maar vloei juis daaruit voort.

Die Tien Gebooie is die aanduiding van die eise wat God stel vir die verhouding waarin sy volk tot Hom moet verkeer. Die Tien Gebooie dui ook die grense aan tussen die verbondsvolk en die heidene.

Binne die Tien Gebooie geniet die mens sy hoogste vryheid. Veldkamp formuleer die vryheid so: „De Tien Geboden zijn geen hand- en voetboeien, maar bevrijders van ons bestaan.”²

Die wet is die weg van God na die mens en vandaar is die wet die weg van die mens na God.

Uit die wet van God leer die mens sy ellende en wys die sondaar na Christus as Saligmaker. As die mens in Christus verlos is, is die wet die reël van dankbaarheid vir die verlossing in Christus.³

Christus het die wet vervul (Mat. 5:17), daarom kan alleen die mens wat in Christus glo die wet nakom.

Daarom is dit so belangrik dat ouers hul kinders lei tot 'n bewuste geloof in Jesus Christus, sodat hulle Gods wet met die vreugde van Ps. 119 sal gehoorsaam.

Die vervlegting tussen die gesin en kerk se opvoeding moet duidelik waarneembaar wees, soos Dijk dit beskryf: „Het verband met het gezin moet hierin openbaar worden, dat de catecheet weet uit welke gezinnen zijn leerlingen komen; hoe het religieus en ook hoe het etisch en sociaal met de gezinnen gesteld is; of ze kerkelijk meeleven

-
1. Vgl. VELDKAMP H. a.w. p.137.
Vgl. HEIDELBERGSE KATEGISMUS. Vrae en Antwoorde 4, 5 & 6.
Vgl. HOEKSTRA D., DE GRAAFF A.H. : CONTRASTING CHRISTIAN APPROACHES TO TEACHING RELIGION AND BIBLICAL STUDIES, p.39. Hulle skryf ondermeer: „Since the Christian has no other task in life than to love God with all his heart and his neighbour as himself, all forms of education should ultimately serve to give guidance with respect to this religious calling.”
 2. VELDKAMP H. a.w. p.138.
 3. Vgl. HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 1, Vraag en Antwoord 3.

of de catechisatie gesteund wordt door het huis onderwijs; voorts, dat hy tracht door de catechese het gezinsleven geestelik te steunen, en dat hij door besoek en door berichten omtrent de catechisanten het medeleven van de ouders zoekt te stimuleren."¹

Die eerste gebod is van fundamentele betekenis want dit is die wortelgebod waaruit al die ander geboie hul oorsprong het.²

Koole sê dit beteken: „dat er geen anderen goden behoeven te zijn voor hen die de Here hebben leren dienen en vertrouwen."³

Dit gaan hier om die openbaarmaking van Gods wil vir die ordelike bestaan en voortbestaan van sy volk. Dit is alleen moontlik daar waar Hy alleen as God geken, erken en gedien sal word. In hierdie gebod word al die ander geboie sinvol verstaan.⁴

Godsdienst is diens aan God alleen, om te alle tye oral by God in diens te wees.

Een van die hoogtepunte van die mens se bestaan is as God by die kultiese byeenkoms aanbid en gehuldig word - by ons diens in die erediens. God is nie af te beeld nie.⁵ Die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid, want dit is die mense wat God soek om Hom te aanbid (Joh. 4:23). God vrees nie afgode nie, maar Hy weet hoe afgode die mens van God vervreem.

Die aanbidding van die Here is ook die gesin se roeping.⁶ Hulle mag nie God afbeeld en die beelde aanbid nie, maar hulle moet God se beeld maak deur dit af te spieël, dit gebeur wanneer die mens sy lewe in ooreenstemming met Gods Woord bring.

-
1. DIJK K. : DIENST AAN DE KERKJEUGD, p.23.
 2. Vgl. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT, Exodus II, p.64.
 3. KOOLE J.L. : DE TIEN GEBODEN, p.31.
 4. MARAIS P.W. : DIE TIEN WOORDE VAN GOD, p.38.
 5. Vgl. HEYNS J.A. : DIE NUWE MENS ONDERWEG, p.87.
BOHL F.M. : EXODUS. Teks en Uitleg, p.4.
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, SONDAG 35, Vraag en Antwoord 96.
VELDKAMP H. a.w. p.150.
 6. Vgl. VILJOEN D. : HOE LIEF HET EK U WET, p.70.

In die derde gebod openbaar God Hom in sy Naam. Die Naam is uitdrukking van sy wese.¹ Van die Naam lees ons in die Nuwe Testament: „En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie (Hand 4:12).² Die hemel omspan nie net die aarde nie, maar alles wat onder die hemel is.

Met die doop is die Naam oor die dopeling uitgeroep, daarmee ontvang hy die teken dat hy eiendom van God is. Die verbondsgesin is 'n gedoopte gesin en daarom verplig tot gehoorsaamheid.

Die vierde gebod noem Koole die: „aanrakingspunt tussen hemel en aarde." Dit, sê hy, maak die gewone werksdae nie sondiger as die Sondag nie, maar intendeel: „de werkdagen worden door de heiliging van de Sabbat niet losgelaten maar juist onder de invloed van God gesteld."³ Elke dag behoort aan die Here. God behoort elke dag in en deur ons daaglikse arbeid aanbid te word.

Die vierde gebod het in besondere sin te doen met die innerlike bevryding van die mens. Dit wys na die vryheid en rus wat in God gekry kan word (Mat. 11:28; Hebr. 4:9-13). Dit wys op die lewe wat uit die geloof alleen is en nie op die wat op hulle werke vertrou vir hul saligheid nie.⁴

Sondag is by uitstek die dag wanneer die geheiligde gesin saam met ander geheiligde gesinne as gelowige volk van die Here Hom in die erk aanbid; waarop die verbondskinders deur die kategese uit die Woord onderrig word in die Christelike leer en lewenswandel; wanneer die Bybel moet gelees word; waarop werke van barmhartigheid betoon moet word, na die voorbeeld van Christus. Wie hom op die Sondag positief aktief

1. MARAIS P.W. a.w. p.83.

2. GROSHEIDE F.W. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT. Handeling I, p.66: „Er is niemand anders, bij wien verlossing is te vinden. Men behoeft niet naar een ander te zoeken, want men zal hem niet vinden."

3. KOOLE J.L. a.w. p.78.

4. Vgl. MURRAY A. : VERSAMELDE WERKE IX. Kommentaar op Hebr. 4:9,10, p.130.

besighou, sal nie in die versoeking val om dit te ontheilig nie.

Die vyfde gebod sprcek kinders direk aan om hul ouers te eer, maar impliseer ook 'n opdrag aan ouers om hulle kinders tot gehoorsaamheid op te voed.

Hebden-Taylor stel dit so: „As applied to adults the Fifth Commandment means that they will care for their own parents in their old age as well as support their own children.”¹

Jesus Christus het self die voorbeeld gestel in die gehoorsaamheid aan die gebod (Jon. 19:26).

Hebden-Taylor sê nog verder: „Within the family, parents have a right to exercise discipline and children have duty to obey.”²

Die vyfde gebod sny dus na twee kante wat die verhouding ouer-kind betref.

Die Here het ook 'n belofte verbind aan die gehoorsame uitvoering van die gebod en dit is „dat julle dae verleng mag word in die land wat die Here God aan julle gee.”³

In die Woord van God vind ons dus beloftes om die volk van God aan te spoor om Hom gehoorsaam te wees, alhoewel dit nie die eerste oorsaak vir gehoorsaamheid is nie, maar omdat dit 'n opdrag van God is.⁴

In die ouer eerbiedig die kind Gods gesag, want ouers het van God verleende gesag ontvang. Die ouer se opvoeding moet sodanig wees dat die kind hom graag wil eer. Die ouer se opvoeding impliseer dat hy sy kind sal leer om ook elke ander gesag te gehoorsaam.⁵

1. HEBDEN-TAYLOR E.L. : THE REFORMATIONAL UNDERSTANDING OF FAMILY AND MARRIAGE, p.67.
2. Ibid p.2.
Vgl. KOOLE J.L.a.w. p.85.
3. Vgl. ook EFES. 6:2: „Eer jou vader en jou moeder - dit is die eerste gebod met 'n belofte.”
4. Vgl. MARAIS P.W. a.w. p.144.
5. Vgl. EX. 22:28 - „en 'n owerste onder jou volk mag jy nie verwens nie.”
Vgl. HEYNS J.A. a.w. p.161.
MALAN J. du P. a.w. p.155, 156.
HEIDELBERGSE KATEGISMUS Sondag 39, Vraag en Antwoord 104.
VONK C. : DE VOORZEIDE LEER, Deel 1 a, p. 586

Gispens sê van die vyfde gebod: „Eerbied wordt bevolen aan elken Israëliet, hoofd voor hoofd, niet alleen voor zijn vader, maar ook voor zijn moder, waaruit blijkt dat de vrouw in Israel een geachte plaats in mocht nemen in het midden van haar gezin.”¹

Vir kinders is hul ouers hul naaste naaste, vir die man sy vrou en vir die vrou haar man en vir ouers hul kinders. Ook ander mense is 'n naaste.

Die gebod toon ook duidelik dat die moeder in Israel hooggeag is. Die vrou het nie 'n minderwaardige posisie bekleed nie. Sy is ook eerwaardig, sy dra ook gesag.

God het die ouers met 'n hoë posisie bekleed. Christenson beskryf hierdie posisie so: „Part of the image of God in man is found in this that we share His fatherhood. God is the Father. All parenthood derives from Him.”² Vanuit hierdie hoë posisie vloei die ontsettende verantwoordelikheid wat op ouers rus met die kinders wat God as gawes aan hulle toevertrou het.³

Waar die sonde die gesinsverhoudinge versteur, kom die Here met die vyfde gebod om hierdie verhoudinge te reël sodat die gesinsharmonie weer herstel kan word.

Met die sesde gebod eis God eerbied vir alle lewe want alle lewe vind hul oorsprong by God. Die mens word onder bepaalde omstandighede verbied om selfs plantelewe of voëls onnodig te beskadig (Deut. 20:19; 22:6).

Die mens moet alles in sy vermoë doen om die lewe van sy naaste te beskerm (Deut. 22:8).

In verband met die gesinslewe spreek hierdie gebod die ouer aan wat sy kind verwaarloos; hom geestelik aftakel, verkleineer of uitbuit vir eie trots, soos byvoorbeeld om eise aan die kind te stel bo sy

-
1. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT, EXODUS II, p.71.
 2. CHRISTENSON L. : THE CHRISTIAN FAMILY, p.63.
 3. Vgl. DUVENHAGE B. : DIE ETIESE ASPEKTE VAN BEVOLKINGSONTPLOFFING.

liggaamlike of geestelike vermoë. Ouers het nie absolute reg op die lewe van hul kinders nie, hulle behoort eerstens aan God wat hulle gegee het. Die ouer mag ook niks doen wat homself onbekwaam of onbevoeg kan maak om na behore sy ouerskap uit te oefen nie, soos byvoorbeeld deur dronkenskap nie.

Ouers word deur die sesde gebod verplig om toe te sien dat hul kinders genoegsame voeding en kleding ontvang, asook liggaamlike versorging in wyere sin soos sinvolle liggaamlike oefening en ontspanning. Ouers moet hulle kinders ook padveiligheidsbewus maak en bewus maak van die gevare van vuur en water.

Hierdie gebod gebied verantwoordelike ouerskap, ten opsigte van lewensbeskerming en lewensverwekking. Ouers moet nie meer kinders hê as waarvoor hulle behoorlik kan sorg nie. Die gebod verbied aborsie wat nie Christelik verantwoord kan word nie en dit verbied heterologe kunsmatige inseminasie omdat dit buite-egtelike kinders in die gesin wil insmokkel.

Die sesde gebod wil dat ouers hul kinders sal opvoed om lewe te eerbiedig as 'n gawe van God. Die sondige mens is van nature geneig om die lewe te haat en op 'n onbesonne wyse in gevaar te stel.

Kinders moet opgevoed word om hul eie lewe te beveilig as dit bedreig word en om ander mense se lewens te beveilig as dit bedreig word.

Ook volgens hierdie gebod moet kinders die gesag van hul ouers gehoorsaam en moet die ouers hul kinders dienooreenkomstig opvoed.

Hebden-Taylor stel dit soos volg: „Thus God's law not only expects to honour and obey their parents, but it also teaches that children have their rights and that „fathers are not to provoke their children to the point of rebellion" (Efes. 6:4).¹

Greijdanus sê van Efes. 6:4 : „En gij, vaders, verbittert uw kinderen niet door ze onbarmhartig, willekeurig, zonder rekening te houden met hun welzijn en krachten, te behandelen en met allerlei lasten te be-

1. HEBDEN-TAYLOR E.L. a.w. p.69.

zwaren, waardoor onnodig hun toorn opgewekt en geprikkeld word." ¹

Kinders behoort cerstens aan God (Eseg. 16:20,21) en moet as sodanig beskou en behandel, gelei en opgevoed word. Jesus waarsku teen selfs die wraak gedagtes (Mat. 5:22). ²

Die sewende gebod betrek die terrein van die huwelikslwe en die seksuele lewe in die algemeen. ³

Die Here het die huwelik ingestel as 'n skeppingstruktuur en lewensvorm wat Hom behaag en Hy het die struktuur en norme vasgelê waarvolgens dit moet fungeer. Die Here stel die huwelik so hoog dat Hy dit gebruik as simbool van sy verhouding tot sy gemeente (Efes. 5:23-25, 32) en sy verbondsvolk (Jer. 2; Eseg. 16; Hosea 2:18).

Die huwelik is by uitstek 'n liefdesverhouding.

Die sewende gebod eis eerbied en respek vir die eie huwelik en vir die huwelik van die naaste. Dit roep om kuisheid in die huwelik. ⁴

Dis 'n onmisbare feit dat die sewende gebod met al sy implikasies tans in die brandpunt van aktualiteit staan, vanweë al die aanslae op die Christelike kuisheid.

Ten opsigte van gesonde Christelike seksuele verhoudings het die ouer en onderwyser tans 'n dringende en ontsaglike opvoedingsplig. In die sewende gebod kom die hele seksuele problematiek op die horison.

De Klerk sê dat ons vandag in die seksualisme te doen het met 'n beheersende mag en 'n gevaarlike bedreiging. ⁵

Josef het as jongman 'n verhewe opvatting gehad wat vir ons jeug navolgenswaardig is (Gen. 39:7-12).

-
1. GREIJLDANUS S. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT, EFESIERS, p.126.
 2. GROSHEIDE F.W. : HET HEILIG EVANGELIE VOLGENS MATTHEUS, p.80,81.
 3. Vgl. GISPEN W.H. a.w. p.72.
 4. Vgl. KOOLE J.L. a.w. p.109-111.
 5. DE KLERK W.J. : GESPREK OOR SEKSUALITEIT I.B.C. No. 8, p.2.

In die Nuwe Testament word die gebod in sy volle diepte belig, vergelyk Mat. 5:27-32; 1 Kor. 6:19,20.

In Mat. 5:27-32 word die hele seksuele gebied betrek en dan veral: „dat het aankomt op wat er omgaat in het hart“... en „ook hier gaat het van den man uit.“¹

Die Fariseërs het die vrou verantwoordelik gehou vir seksuele sondes, Jesus lê daarom sterk klem op die man se aandeel in die oortreding van die gebod en Hy wys daarop dat sonde reeds in die hart gepleeg word. Selfs die Farriseërs is nie onskuldig aan die geboi nie.²

Die Fariseërs het die gebod so opgevat asof dit net op egbreuk betrekking het en dat dit, volgens Lenski: „as a piece of civil legislation and that is all. But neither Moses nor God intended that this commandment should be only a civil law or an outward rule of life.“³ Daarom verklaar Jesus die ware betekenis van die gebod as Hy sê: „The sin is already in his heart and only comes out in his lustful look.“⁴ As die mens se hart rein is, sal hy nie met begeerte kyk nie. Die mens se hart moet deur die geloof in Jesus Christus en deur die wederbarende werk van die Heilige Gees gereinig wees, dan kan die mens kyk sonder om te begeer. Wat Jesus van die man sê is net so waar van die vrou.

Glover sê: „The great secret of the exclusion of evil from the soul is the absorption of the soul with good.“⁵ Dit kom daarop neer dat die mens deur selfdissipline hom van die kwaad moet weerhou. Die mens het beheer oor sy oog en sy hand om dit van kwaad weg te hou. Die mens kan opgevoed word om sy luste, begeertes, sy sondige „kyk“ en handeling onder bedwang te hou.

-
1. GROSHEIDE F.W. a.w. p.83.
 2. Vgl. GROSHEIDE F.W. a.w. p.83,84.
Vgl. LANGE J.P. : COMMENTARY OF THE HOLY SCRIPTURES, MATTHEW, p.114.
 3. LENSKI R.C.M. : ST. MATTHEWS GOSPEL, p.225.
 4. Ibid p.226.
 5. GLOVER R. : THE GOSPEL OF MATTHEW, p.51.

Die.....

Die mens kan oor die sonde, ook die sonde van die sewende gebod, heers (Gen. 4:7).

Die agtste gebod lê die vinger op al die sondes wat saamgevat word in die woorde: „jy mag nie steel nie.”

Hierdie gebod impliseer ook arbeid as roeping van die mens, as opdrag van God, reeds in Gen. 1:28 gegee.¹

Die huweliksformulier lê klem daarop dat die huwelikspaar so moet arbeid dat hulle ook na die behoeftiges kan omsien vir hulp.² Die Christenhart moet medelye hê vir minderbevoorregtes.

Sonde het sy verwoestende mag ook in die arbeidslewe ingewerk en dit verswaar en geproblematiseer.³

In plaas daarvan dat die mens God in sy arbeid verheerlik, het die mens die neiging om homself vanweë sy prestasies te verheerlik. Sonde het 'n versteuring te weeg gebring tussen die mens en sy arbeidsveld, tussen mens en medemens, tussen die mens en sy God en tussen die mens en sy arbeid.⁴

Waar die verhouding tussen die mens en God verkeerd is, is daar geen arbeidsvreugde nie. Gelowige ouers moet hulle kinders opvoed om arbeid lief te hê, om tot eer van God te arbeid. Hulle moet ook die nodige leiding ontvang vir die toekomstige beroepskeuse.

Ouers het ook die plig om hul kinders te leer om 'n spaarsin aan te kweek en om geld nie te verkwis nie.

Die ouers se opvoedingstaak sluit ook in om hul kinders te leer waar alles vandaan kom wat hulle besit. Deur hul besittings op te pas,

-
1. Vgl. VENTER W.J. : DIE MENS IN DIE MEGANISASIE EN OUTOMATISASIE, I.B.C. No. 11, p.4.
 2. DIE HUWELIKSFOMULIER IN DIE KERKBOEK, p.79.
 3. Vgl. WURTH G.B. : HET CHRISTELIJK LEVEN IN DE MAATSCHAPPIJ, p.249.
 4. Vgl. DE KLERK W.J. a.w. p.208.

te.....

te waardeer en nuttig te gebruik leer die kinders om dit ook te doen.

Kinders moet dus so volledig moontlik voorberei en toegerus word vir hul lewenstaak.

Alle besittings moet deur harde eerlike arbeid verdien word. Daar is nie 'n kortpad na rykdom, via diefstal, dobbel of weddenskappe nie, want die Here belet dit as sondig. Getrouheid en toegewydheid in sy arbeid is nodig om sukses in arbeid te behaal.

Arbeid het egter ook sy grense, dit is nie die enigste lewensfunksie nie. Daar is ander lewensuitinge van die gesin, afgesien van die daaglikse beroepsarbeid wat aandag nodig het as noodsaaklike kultuuraktiwiteite. Dit geld vir die vryetydsbesteding, kerklike dienswerk, skoolaktiwiteite, partybelange ensomeer. Die mens moet nie slaaf word van die ekonomiese beroepsarbeid nie.

In die negende gebod gaan dit om die persoon wat leuenagtig is of waarheidsliwend is.¹ Dit waarsku om niemand wederregtelik aan te kla deur hom valslik te beskuldig nie. Met „valse getuienis" word meteen alle ander onwaarhede veroordeel. Dit beteken dat ons vir niemand moet lieg nie, (Lev. 19:11) ook nie vir God nie (Hand. 5:3,5).

Hieruit vloei belangrike vrae, soos onder andere die noodleuen, die lokvinkstelsel, spoedlokvalle, krygslis, spioenasie, e.s.m.

Die negende gebod verbind ons ook aan die regspraak of die gereg. Die gebod neem die regspraak onder beskerming. Nie net die verkeerde daad nie, maar ook die valse woord is strafbaar. Nie net die naam van die naaste moet beskerm word nie, maar ook die Naam van God moet beskerm word. Teen die een wat laster, moet opgetree word.² (Lev. 5:1; Spr. 19:24).

Die vraag na waarheid en die uitwys van die leuen tel dus onder die opdragte van die negende gebod.

1. Vgl. KOOLE J.L. a.w. p.130.

2. Vgl. MARAIS P.W. a.w. p.274.

Ouers moet hulle kinders so opvoed dat hulle nie as leuenaars uitgewys word nie, maar as eerlike betroubare mense wat die waarheid liefhet, soos mense wat Dawid kan nasê: „al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie." (Ps. 15:4b).

Ouers moet ook Ps. 139 vir hulle kinders voorhou sodat hulle gedurig bewus kan wees van die alomteenwoordigheid en die alwetendheid van God. God ken reeds die gedagtes en wil die mens daar by die wortel van sy doen en late heilig.

Kinders moet leer om die waarheid ten alle koste te beskerm. Dis 'n groot oorsaak van vreugde as die ouer daarvan bewus is dat sy kind die waarheid ken en liefhet, dat hy 'n betroubare mens is wat sy eer en trots daarop stel om selfs ten koste van homself as hy oortree het, die waarheid te praat.

Die tiende gebod gee verdiepte betekenis aan die hele Wet. Dit stel hoër morele eise aan die mens. Dit leer die mens om vergenoeg te wees met Gods reëling vir ons lewens en om die brood te geniet wat vir ons bestem is (Spr. 30:8).

Verkeerde begeertes kan ontaard in 'n demoniese mag wat ook gesinne kan vernietig.¹

Die sondedaad moet by die wortel, die begeerte oorwin word.

Veral die reklamewêreld buit die sondige begeerte-geneigdheid van die mens uit om hul ware te verkoop.

Dit gaan hier oor die verborge lewe van die mens, die gesindheid van die hart, die gedagte-wêreld en die ontwikkeling van die sonde.

Hierdie gebod wil ons leer om liewer te voorkom as om te genees en dat tevredenheid 'n belangrike faktor is om gehoorsaamheid te vergemaklik.

1. Vgl. HEYNS J.A. a.w. p.240.
en VELDKAMP H. a.w. p.235.

Daar.....

Daar is dinge wat 'n mens mag begeer, Veldkamp sê hieroor: „dat wij zeer begerig zullen zijn, de vergeving der zonden en de gerechtigheid in Christus te zoeken.”¹

Die gebod belet nie alle begeertes nie, bv. die begeerte na 'n Christelike huweliksmaat; Christelike beroepswerk; Christelike gemeenteharlewing; Christelike politieke ideale en ~~en~~ meer.

Ons mag nie die besittings van ons naaste en die huweliksmaat van ons naaste begeer nie. In die opvoeding moet ons ons kinders leer om ons naaste met sy voorregte, gawes en besittings te eerbiedig as gawes van God aan hom.

Die tiende gebod is as het ware die hek voor elke ander gebod. As ons ons self sou wil regverdig met betrekking tot elkeen van die vorige nege gebooie, dan roep die gebod ons tot verantwoording met betrekking tot ons sondige gedagtes en gesindhede.

Ouers moet hul kinders opvoed om die regte gesindheid teenoor God, sy wet en die naaste te openbaar.

Die bewys van ons liefde teenoor God lê juis in die gehoorsaamheid aan die wet (Joh. 14:15).

8.4.2 DIE BETEKENIS VAN SPREUKE VIR DIE OPVOEDING VAN DIE VERBONDSKIND

Ons ag dit geregverdig om saaklik te wys op die waardevolle getuienis van die boek Spreuke, ten opsigte van die opvoeding van die verbondskinders. Dis 'n boek wat besonder ryk is aan inhoud wat betref die totale verbondslewe as diens aan God.

GISPEN wys daarop dat die Spreuke-tekse moet gesien word teen die agtergrond van die Tien Gebooie. Hy wys ook daarop dat al die Spreuke verband hou met een of ander gebod uit die verbondswet.²

1. VELDKAMP H. a.w. p.245.

2. Vgl. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING, SPREUKE 1, p.16,23.

Die Spreuke-tekse is almal vol lewenswysheid. Dit maak van die boek 'n praktiese en noodsaaklike bron vir die opvoeding van die verbondskind.

Ons neem uit Spreuke 'n paar belangrike Skrifgedeeltes en wys dan op die belang daarvan vir die opvoeding.

8.4.2.1 Wysheid

Die teks wat die boodskap van die hele boek dra is die kernspreuk 1:7: „Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis.”

Dit beteken dat die vrese van die Here die penwortel is waaruit ware kennis groei.¹

Gispens sê van die teks: „Het toont de waarde aan van de vrees voor de Here en wijst op wat dwazen doen. Daardoor wil het de vrees voor de Here aanbevelen en het verachten van wijsheid en tucht afraden.”²

Hierdie „vrees” vir die Here is meer as net „eerbied”, dit sluit ook kennis van die Here in (2:9, 9:10). Hierdie kennis bedoel intieme persoonlike kennis. Hierdie kennis maak die mens bekwaam, soos Gispens dit stel: „De Spreuken maken de jonge mens, die uiteraard onervaren is, schrander, begrijpend en bedachtzaam, zodat hij niet meer openstaat voor elke invloed.”³

Delitzsch sê van 1:7: „Wisdom comes from God and whoever fears Him receives it.”⁴ Dis die ideaal en bede van die verbondsouer dat die vrese van die Here, wat die fondament is van die wysheidsgebou in die kind se hart sal bloei, want dan kan vervul word die uitspraak van 3 Joh. :4, wat ook toegepas kan word op die ouer-kind verhouding, al bedoel die apostel kinders in die ruimere sin as geestelike kinders.⁵

-
1. Vgl. LOMBARD J.C. : DIE HEILIGE SKRIF EN RELIGIEUSE VOORVERONDERSTELLINGS IN DIE WETENSKAP. Uit : Op al sy akkers, p.27.
 2. GISPEN W.H. a.w. p.22.
 3. Ibid p.21.
 4. DELITZSCH F. : PROVERBS OF SOLOMON I. Uit : Keil and Delitzsch : Commentaries on the Old Testament, p.58.
 5. 3 Joh. :4 - „Ek het geen groter blydschap as dit nie dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel.”

Van Riessen ken 'n besondere plek toe aan Wysheid ook in die denke van die wysgeer en definieer dit as volg: „Zij is een intuïtief, genormeerd inzicht in de toestand en in dat, wat deze vereist, en zij is een daarop afgestemd handelen. Of korter: Wijsheid is inzicht in de waarheid en waarachtigheid in het handelen.”¹

Dis vir ons tema van besondere belang, want talle ouers wat geen besondere akademiese vorming ontvang het nie, openbaar 'n besondere lewenswyshid in die opvoeding van hulle kinders.

8.4.2.2 Die Dwaas

Teenoor die wyse stel Spreuke die dwaas en tipeer hom as verstandelik naïef (14:15; 22:3) en sedelik onverantwoordelik (1:32) en dom (15:21). Die dwase seun is 'n verdriet vir sy vader en moeder (17:25). Hy is nie net self sleg nie, maar oefen ook 'n slegte invloed uit op almal met wie hy verkeer (13:20).

Die wortel van die kwaad van die dwaas is dat hy God vergeet. Sy geboorte verag, ongehoorsaam is. Die ouer-kind verhouding is in disharmonie. Die wortel van die kwaad lê dus in sy geestelike lewe.

Gispén verklaar dit so: „Wie met dwazen verkeer, word een slecht mens. Slecht is dan in zedelijke betekenis van het woord bedoeld.”²

Ouers wat hulle kinders opvoed „na die Woord van die Here”, sal hul kinders help om „hulle pad suiwer te hou” of sedelik goed te hou.³

Die dwase seun is die ongehoorsame seun.

Die Spreuke-skrywer vermaan seuns om na die vader se onderrig te luister. Hy spreek uit eie ervaring hoe sy vader hom geleer het en wat dit vir hom beteken het (Spr. 4:1-6). Die tekse spreek van die goeie verhouding wat daar tussen die ouer en die kind moet wees. Dit spreek van die ouer wat uit rype ervaring en diepe insig die kind na die beste van sy vermoë opvoed; van kinders wat gehoorsaam luister; dit getuig van die rype vrug wat voortgebring word uit 'n harmonieuse verhouding tussen ouers en kinders. Dit moet 'n dom kind wees wat nie luister na sy ouers se onderwysing nie.

1. VAN RIESSEN H. : OP WIJSGERIGE WEGEN, p.11.

2. GISPEN W.H. a.w. p.237.

3. Vgl. Ps. 119:9.

8.4.2.3 Die Luiard

'n Ander groep mense wat teenoor die wyse stelling inneem is die luiard (6:9,10). Hy kan nie 'n aanvang neem met sy werk nie en as hy nog 'n aanvang maak, kry hy nie klaar nie. Hy is selfs te lui om te eet (19:24). Hy het gedurig verskonings waarom hy nie werk nie (22:13). Hy sien gedurig lees op straat (22:13), hy sien swarigheid teen alles, hy opper denkbeeldige besware. Hy ploeg nie, daarom oes hy ook nie (20:4), al wat hy behoorlik doen is om te begeer (21:25).

Gispén verklaar hierdie begeerte as 'n begeerte na rus, dit bring 'n niksdoen voort, hy begeer baie maar doen niks om die begeerte te bevredig nie.¹

Wat die luiard moet leer is eerbare hardewerk, soos God dit in Gen. 1:28 gewil het. Die luiard ly armoede, dis sy eie skuld (10:4a) as hy vlytig werk kan hy ryk word (10:4b) want dan kan hy uit sy oervloed wegsit om in moeilike en teenspoedige dae versorg te wees.

Daar is 'n oestyd, geleenthede om te werk en baie te verdien, maar as die mens daardie geleenthede onbenut laat het hy dwaas gehandel (4:5).

Opvoeding moet so ingestel wees dat dit die kind aanspoor tot verantwoordelike selfarbeid.

In die arbeid werk ons met ander mense saam of werk ons vir ander mense. Arbeid het 'n sosiale aspek. Die luiard kom sy sosiale verpligtinge teenoor die medemens nie na nie en oortree so die liefdesgebod.

In die gesamentlike arbeid word ook vriendskapsbande gebind waarin die vriendskapsliefde tot uiting kom, daaraan het elke mens behoefte. Dit is juis in die sosiale samesyn, ook in die arbeid, dat die gelowige sy Christelike getuienis kan lewer, op die wagpos waar die Here hom ge-

1. Vgl. GISPEN W.H. : SPREUKE II, p.134.

stel het. Die opvoeding in die huisgesin tot roepingsbesef, vlyt, deeglikheid en beplanning in die huiswerk en die eventuele beroepswerk sal bepaalend wees in die lewe van die kind as toekomstige toegewyde werkers op die onderskeie akkers van Gods koninkryk.

8.4.2.4 Die Vriend

Spreuke is 'n boek wat uitsprake lewenswyd gee. In sy uitsprake het die Spreukedigter ook die sosiale lewe betrek. Hier wil ons die klem veral op die vriend laat val.

In hul opvoeding moet ouers hul kinders leer wat ware vriendskap is, hoe om 'n ware vriend te wees en om vriendskapsliefde te beoefen. Vir die opvoeding bied Spreuke waardevolle leerstof.

In Spreuke word die ware vriend beskryf as 'n man van vrede (3:29), maar as jy ontrou teenoor hom handel sal hy jou in die skande steek (25:8,9).

Hierdie vriend is 'n goeie buurman as jy reg teenoor hom optree. As jy niks goeds van hom kan se nie, swyg liewer (11:12). Onvrede met jou buurman tref jou nadeliger as vir hom (21:10).

Vriendskap moet versigtig hanteer word, die minagting of die oordrywing daarvan is nadelig (22:24,25). Vriendskap moet ekonomies en harmonieus wees.

Goeie vriende is skaars, maar kosbaar, is beter selfs as 'n broer (18:24). Goeie vriende moet behou word, ook die vriende van jou vader, want op 'n dag van nood is hulle meer werd as 'n broer wat ver is (27:10). Goeie vriende maak ook soms seer, maar die wonde wat hulle maak is goed bedoel. Die raad van 'n goeie vriend is rykdom (7:6) en dit hervorm die medemens (17:17).

Vriendskap moet spontaan opgebou word, nie geforseer word nie, sodat jou vriend nie vir jou moeg word nie.

Die.....

Die geheime wat jou vriend jou meedeel mag jy nie oorvertel nie, dan skinder jy (25:10,20).

Ouers moet self hul vriende versigtig kies, sodat hulle hul kinders kan voorleef in die keuse van huisvriende.

Alle mense het vriende nodig, ons kinders moet ook nie sonder vriende wees nie. My kind moet self 'n vertroude vriend wees, want vriende is baie werd, veral in tye van nood. Vriende moet behou word, in beproewing, nood, verleentheid, teleurstelling, in misoes of terugslag, kan jou vriend jou bystaan met raad en daad. Die ouer kan wel ook bid : bewaar my kind van vyande, en red hom of haar van verkeerde vriende. Dis veelseggend dat die vriendekring van die kinders vir die verantwoordelike ouer kontinu hoog op die ranglys van prioriteite is.

8.4.2.5 Die Ouer-Kind Verhouding

Konings het hulle die sondige weelde in Israel veroorloof om meer as een vrou te neem, maar die gewone Israeliet het dit selde gedoen.¹ In Spreuke is die norm duidelik neergelê dat die huwelik uit net een man met een vrou moet bestaan. Die twee het die opvoeding van hul kinders gesamentlik behartig en het dit so gedoen dat hulle as het ware uit een mond gepraat het (1:8,9; 6:20).²

1:8 - „My seun, luister na die tug van jou vader en verwerp die onderwysing van jou moeder nie.”

„Luister” word ook vertaal met „hoor”. Gispén sê: „het horen is zowel een luisteren naar als opvolgen van gehoorsaamheid.”³

Die seun moet na vader en moeder gehoorsaam luister, hy moet hulle hoor en dan gaan doen wat hulle sê.

1. KIDNER D. : PROVERBS, p.49.

2. Die aanspreekvorm „My seun” vind ons ook in 1:10, 15; 2:1,3; 3:1,11,21; 4:10,20; 5:1,20; 6:1,3; 7:1; 19:27; 23:19,26; 24:13,21; 27:11.

3. GISPEN W.H. : SPREUKEN I, p.25.

Die ouer spreek die kind as die mindere aan, die ouer dra gesag, die kind moet eerbiedig die gesag erken.

Die ouerlike gesag spreek daaruit dat hulle die seun vermaan om „die gebod“ van die vader en die „onderwysing“ van die moeder te bewaar en nie te verwerp nie (6:20).

Die inhoud van die „gebod“ en die „onderwysing“ is die wet van die Here, maar die ouers praat asof dit hul eie „wet“ is. So intiem is die ouers se geestelike lewe met God verbind, dat Sy wet ook hulle wet geword het en die kind moet dit ook syne maak.

Die ouer waarsku sy kind teen seksuele verwildering. Delitzsch sê 1:20,21 se bedoeling is: „Warning against sins of the flesh whose power and prevalence among men is so immeasurably great, that their terrible consequences cannot sufficiently be held up before them, particularly before youth.“¹

Die ouer waarsku nie net die seun teen die ontugtige vrou nie, maar onderrig die seun ook oor die deugde van die deugsame vrou. As die seun 'n goeie huwelik wil aangaan (soos wat sy ouers dit vir hom begeer) dan moet hy die deugsame vrou trou.²

Tegelykertyd is Spr. 31:10-31 'n onderwysing aan die seun waarin vroulike deug behoort te bestaan. As sy 'n deugsame vrou en moeder wil wees moet sy haar lewe hiervolgens inrig.

Tussen man en vrou moet daar die intiemste liefdesverhouding bestaan. Dit is nie moontlik as een of albei van hulle sedeloos en bandeloos is nie. Vir die huwelik wat aan die hoë eise sal voldoen, moet die kinders volgens Bybelse norme opgevoed word en moet die kinders dienooreenkomstig voorgeleef word.

Die erns waarmee die ouer sy kind opvoed, spreek uit 13:24, as hy

-
1. KEIL AND DELITZSCH : PROVERBS I, p.149.
 2. SPREUKE 31:10-31.

hom moet tug oor die kwaad. Die wyse seun luister na die tug, hy bekeer hom dan van die kwaad.¹

As wysheid die lewe self is (8:35,36) dan is dit beter om dit op 'n harde manier te bekom as om die dood lief te hê. Ouers kan hulle kinders verkeerd liefhê. Hulle het hul kinders nie lief as hulle hul nie tug wanneer dit nodig is nie. Tug is nodig om „die sotheid" wat in die hart vassit daaruit te haal (22:15) en om verstand te verkry wat die insig in die waarde van die menselewe besef (15:32).

Die kind is in sonde gebore, sy hart neig ook na die kwaad. Om die hart tot bekering te lei verg besliste optrede.

Die kinderlewe moet van kleins af gebuig, geoefn word volgens die weg wat hy moet gaan, dan sal hy as hy groot geword het, daar nie van afwyk nie (22:6).

As 'n ouer 'n kind aan homself oorlaat, bring hy skande en verdriet op die ouerhuis (29:15). So 'n ouer het homself te blameer. Die ouer wat sy kind in die weë van die Here opvoed, kan homself nie blameer as sy kind later fouteer in sy lewe nie.

Daarenteen het die ouer wat sy kind in liefde tug, leer, onderrig, onderwys, opvoed baie vreugde. Die kind wat na sy ouer luister het die belofte van 'n lang lewe (4:10).

Kidner som die gesinslewe soos in Spreuke uitgebeeld, soos volg op: „In all, the family holds in Proverbs the pivotal place in society which it received in the Sinai Covenant when it was written into the Decalogue three times over. The family loyalties which are briefly enjoined in the latter come to life here in the homely glimpses of children faithfully brought up and parents joyfully united; while the exposure of the suicidal nature of those sins which specially flout this divine order (1:18, 2:18) gives point to the teaching in the fifth commandment that stability is the proper product of sound family life."²

1. POP F.J. a.w. p.409. Na analogie van Open. 3:19: „Almal wat Ek liefhet bestraf en tugtig Ek," verstaan ons die ouerlike tug uit liefde ook so dat dit die bekering ten doel het.

2. KIDNER D. a.w. p.52.

Hiermee is gegewens oor die Christelike opvoedkundige lesse uit Spreuke ver van uitgeput, dog hiermee het ons probeer aantoon hoedat Spreuke die hele lewensterrein dek as voorwerp van religieuse onderrig. Tewens, die hele Bybel is deur God gegee vir verbondsoopvoeding.

DIE ETIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE OPVOEDING

Basies onderskei ons eerstens die sentrale liefdesgebod soos in Mat. 22:36-40 gegee. Die liefde vervul die hart tot God en die medemens. Dis die sentrale gerigtheid van die liefde tot God waarin die liefde tot die medemens wortel.

Tweedens differensieër die liefde in die verskillende tydelike betrekkinge en verhoudinge soos byvoorbeeld die huwelik, gesin, vriendskap ensomeer.

Hoe hegter die ouer-kind liefdesband is, wedersyds, hoe beter, stewiger die liefdesopvoeding is. Die gesinsopvoeding is bestem om opvoeding in die liefde te wees kragtens die gesin se leidende bestemmingsfunksie. Die normale gesinslewe hou ook in dat hierdie klein intieme gemeenskappie elke dag kontinu met mekaar saamlewe in alle lewensaspekte, een van die mees sensitiewe en strategiese opvoedings instansies is in die menslike samelewing.

Die liefdesnorm word vir die huwelik en gesin duidelik gestel, onder andere in Efes. 5:22 - 6:4.¹

9.1 INLEIDING TOT DIE ETIESE ASPEK

Die eerste kring waarheen die geloof retrosiperend terugwys is die etiese kring van die liefde.²

Ons praat ook van die sedelike of die morele, van sedelikheid of moraal.³

Ons praat nie van iemand se etiek nie, want etiek is die wetenskap van die etiese aspek, maar ons praat van sedelike gedrag.

-
1. Vgl. LLOYD-JONES D.M. : LIFE IN THE SPIRIT IN MARRIAGE, HOME AND WORK. Dis 'n verklaring van Efes. 5:18-6:9, waarin o.a. die liefdesnorm bespreek word.
 2. Vgl. KOCK P. de B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE. Inleiding p.67.
 3. Vgl. SPIER J.M. : ORIËTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p.40.

Van Wyk maak die stelling: „Die etiek beskryf die gewoontes of sedes van mense. Etiek beskryf nie net nie, dit is 'n normatiewe wetenskap, dit wil sê, dit beskryf die sedes en gewoontes van die mens soos dit behoort te wees.“¹

Wurth sê van die etiese die volgende: „In het ethos of de zedelijkheid gaat het om het handelen van de mens al of niet overeenkomstig de daarvoor geldige etische norm en om de achter dat handelen liggende en de daarin zich openbarende innerlijke gezindheid.“²

In die etiek gaan dit om die mens se handeling. Hierdie handeling is nie soos die behaviorisme leer, blote gekondisioneerde handeling nie. Handeling by die mens vind plaas wanneer dit met volle bewussyn, met oorleg, berekend as resultaat van 'n keuse of 'n beslissing geneem is.

Daarom kan net die mens sedelik handel. In sy handeling is aanwesig sy insig, gevoelens, stemminge, bewussyn of onbewuste, kortom die hele aktstruktuur en die onderbou daarvan.

Net die mens dra verantwoordelikheid vir sy handeling. Die mens kan die gevolge van sy handeling voorsien en omdat sy handeling onderworpe is aan norme vir goed of kwaad, is sy keuse verantwoordelik. Die mens kies in vryheid sy daad, maar hierdie vryheid is nie willekeurig nie, dit word deur die motiewe agter die daad bepaal.

Die mens se daad word deur die gesindheid van die hart bepaal, daarom kan Paulus daarop aandring: „wat julle ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie.“ (Kol. 3:23)

Hierdie uitspraak van Paulus moet ons lees teen die agtergrond van die Woord van Jesus in Mat. 25:35 en volgende verse waar Hy ons leer dat wat ons vir ander mense doen, ons dit ook vir Hom doen.

1. VAN WYK J.A. : ETIEK, p.1.

2. WURTH G.B. : ZEDELIJKE OPVOEDING, p.12.

Wat ons „van harte" doen, beteken dat ons daad in elke aspek aan die norm van die Woord en die wet wil voldoen.

Wurth maak tereg die stelling: „ Het etiese rust van a tot z in het religieuse. Wat het goede is weten wij niet dan op grond van Gods openbaring. Slechts God kan zeggen, wat wij behoren te doen, gelijk Hij dat in zijn geopenbaarde zedewet in zijn Woord dan ook metterdaad gedaan heeft."¹

Waterink sê ook dat daar 'n noue verband tussen die godsdienstige en die sedelike lewe van die mens is. Hy skryf as volg: „de gebondenheid der liefde aan de norm heeft een religieus karakter."²

Die Christelike sedelike lewe het sleutelnorme in die Tien Gebooe, dit vorm die norm vir die sedelik goeie of sedelik slegte.³

Die beslissings wat die mens neem word bepaal deur die norm wat hyself vir sy lewe aanvaar het.

Van Wyk sê dat die wet die mens se hart ontsluit om sy sedelike lewe in ooreenstemming met die wil van God te bring.⁴

Die godsdienstige lewe en die sedelike lewe van die mens is egter nie identies nie. Schippers stel die onderskeid soos volg: „De verhouding van die mensch tot God is een godsdienstige en godsdienst en zedelijkheid zijn verschillend in wezen al kunnen zij elkaar doordringen en is een zekere vervlechting van beide mogelijk."⁵

1. Ibid p.21.

2. WATERINK J. : THEORIE DER OPVOEDING, p.583.

3. Vgl. Ibid p.403.

4. Vgl. VAN WYK J.A. a.w. p.1.

Vgl. SEVERIJN J. : DE GESCHIEDENIS DER ETHIEK, p.28. Severijn sê: „De Israelietische ethiek heeft haar levensnorm in de wet Gods" en van die wet sê hy verder: „Zij is de grondslag van alle ethiek."

5. SCHIPPERS R. : ETHIEK : In Christelijk Encyclopedie II, p.647.

Die mens staan teenoor sy medemens in 'n sedelike-liefdes verhouding.

Omdat die morele liefde die sinkern van die sedelike is, dui dit nie net op naasteliefde en selfliefde nie, maar ook op liefde vir Gods skepping, vir diere, plante en dinge.¹

Stoker skrywe in „Die Grond van die Sedelike“: „As iemand bv. 'n dier martel, handel hy onsedelik, nie omdat dit 'n dier is wat mishandel word nie, maar omdat hy as mens deur sy dieremarteling 'n gebrek aan selfliefde openbaar en daardeur sy menslike persoonlikheid verlaag. Waar ware selfliefde heers sal die mens, beeldraer Gods, geroepe om die natuur te beheers, nie tot dieremarteling, tot die behae daarin of die onverskilligheid daarteenoor kan verval nie.“²

Die mens kan dus ook onsedelik wees teenoor diere, plante en dinge, bv. sadisme, mishandeling van diere en moedswillige beskadiging van plante en besoedeling van die omgewing of lug in een of ander vorm.

Daar is uiteraard 'n verskil in die moraal van die Christengelowige en die nie-Christen. Die verskil is in die hartsgesteldheid te vind.

Die wet (liefdesgebod) ontsluit die gelowige se hart om sy sedelike lewe in ooreenstemming met die wil van God te bring.

Die vernuwing van die hart is die werk van die Heilige Gees, wat die gelowige se hart dring deur die liefde van Christus om aan Gods wet gehoorsaam te wees.

9.2 DIE MENSLIKE VERANTWOORDELIKHEID TEN OPSIGTE VAN DIE SEDELIKE

Die eerste verantwoordelikheid van die mens ten opsigte van die sedelike is om kennis van die sedelike norme te bekom.

Die basiese sedelike norme is geopenbaar in Gods wet.

-
1. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.112.
VERMEULEN A. a.w. p.40,41.
VENTER E.A. : DIE GELOWIGE IN DIE SAMELEWING, p.56.
 2. STOKER H.G. : DIE GROND VAN DIE SEDELIKE, WAARIN HY HANDEL OOR "DIE KOSMIESE WESENSGROND VAN DIE SEDELIKE.", p. 29

Kennis van hierdie norme bepaal ook die sedelike karakter en optrede van die mens. Hoe geringer die kennis daarvan, hoe geringer is die sedelike verantwoordelikheid.

Sedelike opvoeding behels dus eerstens die vermeerdering van kennis van goed en kwaad sodat die mens se sedelike insig kan verbeter.¹

Die Bybel leer ons dat ons kennis van sonde uit die wet is,² soos ons ook lees in Rom. 7:7 - „ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie.“³

Alhoewel die mens vry is om sy eie keuse tussen goed en sleg te maak, word sy keuse bepaal deur die norme wat sy lewe beheer. Ons keuse word deur norme gelei.⁴

Elke mens besit, om dit so te stel, die outeursreg op sy dade.⁵

Wurth laat hom soos volg uit oor die sedelike vryheid: „En dat blijft nog altijd de hoogste vryheid: dat de innerlijke boven de dingen staan, die echt Christelijke zelfbeheersching en zelfbeperking, die vryheid die paradoxaal uitgedrukt - niet altijd, maar soms, zich juist het meest manifesteert door van haar recht en vryheid op een gegeven moment geen gebruik te maken.“⁶

Die sedelike aspek van die kind eis doelgerigte punktuele opvoeding sodat die kind met verantwoordelikheid tussen goed en kwaad kan onderskei en kies. Hiervoor bied die gesinsopvoeding met die rykdom van lewenssituasies en beslissings wat gevel moet word, 'n unieke geleentheid.

1. Vgl. VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. a.w., p.61.

2. Vgl. HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag 2, Vrae en Antwoorde 5-8.

3. DIE NUWE TESTAMENT EN PSALMS. Die Bybelgenootskap van S.A. 1979.

4. KEET B.B. : SEDELIKE VRAAGSTUKKE, p.5.

5. Ibid p.6.

Vgl. COETZEE J.C. a.w. p.108, 109.

6. WURTH G.B. : DE CHRISTELIJKE VRIJHEID, p.10.

9.3 OPSKERPING EN ONTSLUITING VAN DIE CHRISTELIKE GEWETE NOODSAAKLIK VIR DIE GESINSOPVOEDING

Schippers formuleer die gewete soos volg: „Het geweten is een werkzaamheid van het mens - zijn, welke samenhangt met die behoefte van de mens, om rekenschap te geven van zijn daden en bij zijn verantwoordelijk gesteld worden een eigen, zijn zelfrespect niet aantastende benadering te hebben van het hem, anderen en de samenleving bindende normenstelsel”¹

Die Christen staan met sy hele persoon onder die gesag van die wet van God waaraan hy sy hele lewe en al sy aktiwiteite meet. Wanneer die mens met hierdie „meet” besig is, onwaak sy gewete.²

Hierdie „meet” is 'n onmiddellike werkzaamheid van die mens se sielelewe wat betrekking het op die sedelike bewussyn.³

Schippers skryf oor die aard en grens van die gewete: „De geweten is dan allermens de stem van God in een mens, ook niet een gerechtshof in zijn binneste, maar een zich innerlijk willen verantwoorden van de mens teenover de hem bekende en bewuste normen.”⁴

Die gewete van die mens kan besoedel wees (Titus 1:15).

Die mens wie se hart van sonde gereinig is, het 'n goeie gewete (1 Petr. 3:16, 21) en 'n rein gewete (2 Tim. 1:3) en 'n volkome goeie gewete (Hand. 23:1).

Paulus verklaar dan ook dat hy hom daarin oefen om altyd 'n rein gewete voor God en die mense te hê (Hand. 24:16).

-
1. SCHIPPERS R. : GEWETEN. In Christeljk Encyclopedie III, p.217.
 2. Vgl. COETZEE J.C. a.w. p. 112.
 3. Vgl. KEET B.B. a.w. p.19.
 4. SCHIPPERS R. a.w. p.218.

As.....

As die gewete die mens aanspreek verontrus dit die mens, want dit spreek 'n afkeurende oordeel oor die hele persoon. Die gewete spreek die mens afkeurend aan by verkeerde daade. Die gewete spreek die mens net aan in kritieke oomblikke van die lewe, meesal na die afhandeling van 'n daad, soms ook voor die daad waarskuwend en soms met die daad begeleidend, altyd aanklaend veroordelend.

Kennis van God, sy Woord en wet, is nodig om tot die regte keuse te kan kom vir goeie daade. Hierdie ingesteldheid vir beslissings in ooreenstemming met Gods wil, kan alleen langs die weg van die verbonds-opvoeding verkry word. Dit is 'n geestelike groeiproses van dag tot dag binne die regte geestelike milieu waarbinne die kind onder gesagsleiding van die ouers toegerus word om Christelik-religieus te dink en te selekteer tussen goed en kwaad. Dis uiters belangrik vir die gesin se opvoeding tot geestelike weerbaarheid dat die kind die antitese tussen lig en duisternis, goed en kwaad, van kleins af onderskei en dienooreenkomstig sal kies.

9.4 DIE LIEFDE IN DIE HUWELIK EN GESIN

9.4.1 DIE CHRISTELIKE LIEFDE. LIEFDE TOT GOD

Stroup maak die stelling dat liefde in verhouding net tot God en tot mense is.¹ Dit is foutief, die mens staan ook in 'n sedelike verhouding tot die res van Gods skepping, soos onder andere diere en plante.

Die mens het van God drie besondere gawes ontvang, naamlik geloof, hoop en liefde. Die uitnemendste hiervan, skryf Paulus, is die liefde (1 Kor. 13:13).

Aalders sien dit so dat die liefde in Jesus Christus manifesteer (Jóh. 3:16) en dat alle ander deugde van die liefde afhanklik is. Hy beroep hom hiervoor op 1 Joh. 4:16 - „God is liefde.”²

-
1. Vgl. STROUP A.L. : MARRIAGE AND FAMILY. A Developmental approach, p.111.
 2. AALDERS W.J. : HANDBOEK DER ETHIEK, p.127.
Vgl. ook POP F.J. : BIJBELSE WOORDEN EN HUN GEHEIM, p.387-388.

Piper sien die liefde: „als iets, dat eigen is aan het wezen van God (1 Joh. 4:8), kan zij niet vanzelf in de mens tot ontwikkeling komen, maar zij moet de mens door God geschonken worden; als gave is zij niet beperkt tot een afzonderlijk karaktertype of tot een bepaalde groep van mensen, maar zij is bestemd voor iedere mens, wie dan ook, ter wille van zijn mens-zijn; zij word niet gemotiveerd door de waarde die de mens heeft op enig gebied, maar uitsluitend door de goddelijke bestemming van de mens; daarom is het haar doel, deze mens terug te leiden tot zijn goddelijk bestemming; zij is voorts bereid zichzelf volledig op te offeren voor de geliefde mens; en hy die liefheeft handelt aldus, wanneer hijzelf de concrete situasie van de geliefde gaat delen.”¹

In die ontmoeting met die lewensmaat beteken dit vir die Christen dat God hulle bymekaar gebring het en is hy en sy lewensmaat in Christus een.

Piper sien dit so dat ek my naaste liefhet omdat Christus ook vir my naaste gesterf het, daarom ontmoet ek in hom meer as 'n medemens, ek ontmoet Christus in hom.²

Aalders se siening is soos volg: „Dit beteeekent, dat die liefde die totaliteit uitdrukt van Gods werkzaamheid,” en verder: „liefhebben beteeekent zich geven niet slechts iets van zich, maar zichzelf.... liefde is dus deur en deur persoonlik existensieel, zij sluit alles wat er aan betrekking bestaan in.”³

Volgens Mat. 22:37-39 eis God die hele mens op vir die liefde tot God self en die naaste, sy hele verstand, al sy krag, sy hele hart en sy hele siel.⁴

God eis van die mens liefde om God se ontwil en Hy eis liefde vir die self en die naaste, ook om Gods ontwil.

Die liefde neem dus die sentrale en fundamentele plek in die mens se lewe in.

-
1. PIPER O. : MAN EN VROUW, p.133.
 2. Ibid p. 134.
 3. AALDERS W.J. a.w. p.127.
 4. Ibid p. 128.

Insake hierdie liefde wat die hele mens insluit, maak Aalders die afleiding: „Vandaar dat zinnelijke liefde, byvoorbeeld in haare seksuele uiting, niet als zoodanig uit den booze is, naamlijk zij ondergesckikt is aan het menschelijke in den vollen zin des woords.”¹

Piper se siening strook ook hiermee as hy dit so sien dat die naasteliefde hom ook uitstrek oor alle lewensverhoudinge en met name ook oor die seksuele lewe. Hy skryf: „De gelowige liefde leidt de partner tot het inzicht, dat de seksualiteit door God gegeven is. Dat wil zeggen, zij is een middel in Gods hand om de mensen te brengen tot die bewustwording van die liefde die God voor hen heeft.”²

God spreek van sy verhouding tot sy kerk, sy gelowige volk en die gemeente in die beeld van die verhouding van 'n bruidegom tot sy bruid en Hy praat van die kerk as 'n vrou (Efes. 5:25 onder andere).

Ons wys ook daarop dat al die ander deugde soos gehoorsaamheid, dankbaarheid, vertrouwe, toewyding, ootmoed, opregtheid, reinheid, geduld, vergewingsgesindheid, ensomeer, geen sin het sonder die liefde nie.

Waar die liefde ontbreek, is daar terstond selfsug, haat en vyandskap.

Aalders sê: „Wie niet liefheeft isoleert zich van zijn levensverband en wil dit verband dat hij toch niet ontberen kan, aan zich dienstbaar stellen.”³

Vandaar kom die begeerlikheid in die plek van die liefde, wat almal oorheers, beheers, gebruik en geniet. Dan voer die vlees vyandskap teen God en sy gebod.

Die kwaad moet deur die goeie oorwin word. Die liefde bou op.

Die liefde is 'n lewewekkende krag wat die naaste ook sy plek gee

-
1. Ibid p. 129.
 2. PIPER O. a.w. p.136.
 3. AALDERS W.J. a.w. p.136.

waar hy hoort. Die liefde word net deur die liefde gewek.

Die liefde tot God is die oorsprong en die bron vir alle liefdesbetrekkinge tussen mense, veral in die huwelik en gesin en in die liefdesverhoudinge wat die huwelik voorafgaan.

Wurth laat hom soos volg uit oor die verhouding tussen liefde en geloof: „Ongetwyfeld, uit het geloof bloeit de liefde op. Maar dat is maar niet een natuurlijk groei- en ontwikkelingsproces. Daartoe moet steeds weer naarstig de liefde-eis van Christus gepredikt en aangehoord worden.”¹

Daar is 'n sluimerende liefde wat ons by mekaar moet opwek. Die egte geloof is voorwaarde vir ware liefde. Gen. 3 en 4 wys duidelik hoedat die mens in die Kainsgeslag wat sy geloof in God verloor sy liefde vir die medemens verloor sodat dit selfs op broedermoord kan uitloop.

„Mens-zijn” is inderdaad een “zijn in de liefde”, sê Wurth en daarom sê hy verder: „er is m.a.w. ook zo iets als een wedergeboren worden tot de liefde.”²

Uit homself haat die verdorwe mens God en die naaste en het hy die die liefde nie. Rom. 3 gee besondere getuienis hiervan.

Die liefde, net soos die geloof, is 'n gawe van God, maar dan 'n gawe wat die mens, as hy dit ontvang het, moet in-oefen, sodat hy daarin kan groei tot volwassenheid. Deur verbondsoopvoeding kan die liefde gekweek, gevoed en tot rypheid uitblom.

Die liefde is ook 'n norm (in tydelike betrekkinge). God roep ons ons om lief te hê. Christus het dit duidelik gestel, as ons Hom liefhet sal ons sy gebooi bewaar (Joh.14:15).

Die mens vervul eers die wet as hy in Christus glo en die bewys van sy geloof word in die liefde openbaar.

-
1. WURTH G.B. : GESTALTEN DER LIEFDE, p.10.
 2. Ibid p.59.

Sonde het die liefde met die haat vervang. Rom. 1:18-22 toon die hopelose verstand van die heiden aan. Ridderbos toon in sy kommentaar op Romeine hoedat die mens sy verantwoordelike sedelikebeseef verloor buite die erkenning van God om.¹

Opvoeding tot geloof in Christus is dus nodig om by die liefde uit te kom.

9.4.2 DIE ROMANTIESE LIEFDE

Die romantiese liefde lê tussen die verliefdheid en die huweliks-liefde. Dit het baie in gemeen met verliefdheid, maar daar is ook belangrike verskille want romantiese liefde behels baie meer.

Stroup haal Cavan oor romantiese liefde soos volg aan: „romantic love is more inclusive of the whole personality and more readily adjusted to the realities of marriage.”²

Die romantiese liefde is dus meer gesentreer om die verhouding, daar is meer 'n „ons" gevoel, of 'n eenheidsgevoel as wat die geval by verliefdheid is.

Stroup beweer dat familie en sosiale aangeleenthede in die romantiese liefde nie veel waarde het nie. Hy sê: „romantic love is the epitome of mating democracy.”³ Die wêreld bestaan vir hulle net uit hulle twee. Hierdie behoefte aan saamwees lei daartoe dat hulle liefde stabiliseer ter voorbereiding van hul huwelik.

In hierdie periode verloof die jongman en jongedogter en lei dit tot verdere stabiliteit in hul romantiese liefde.

Die romantiese liefde berei paartjies voor vir 'n monogame huwelik.

Die romantiese liefde is nie 'n waarborg vir 'n suksesvolle huwelik nie, al lê dit 'n stewige fondament om 'n huwelik op te bou.

1. SMITH H.J. : ETIESE GRONDBEGINSELS BY PAULUS, p.64.
Vgl. RIDDERBOS H. : ROMEINE, p.46.

2. STROUP A.L. a.w. p.121, 122. Aangehaal uit Cavan R. : The American family, p.406.

3. STROUP A.L. a.w. p.122.

Volgens Wurth is die liefde meer as romantiese liefde, dit is meer as erotiese gevoel, dit is ook meer as om saam te wees met 'n ander. Liefde is vertrouwe, om volkome mekaar toe te behoort. Liefde is ontmoeting op so 'n wyse dat hulle mekaar tref, mekaar in hul persoon vind.¹

Die romantiese liefde moet hierdie groter liefde soek om dit te vind.

9.4.3 DIE HUWELIKSKEUSE VAN DIE KINDERS

Die huwelikskeuse is nie 'n daad waarin die mens uit eie vrye keuse kies soos hy wil nie. Dit word deur baie faktore bepaal. Oor sommige van hierdie faktore het die mens weinig of geen beheer nie, oor ander het hy wel.¹

Vir die Christen is daar een faktor in sy huwelikskeuse waaroor hy altyd dankbaar moet wees, en dit is dat God vir hom sy huweliksmaat gekies het en as het ware met sy hand hulle na mekaar gelei het.² Dit sluit natuurlik in al die menslike verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie keuse en al die beginsels of riglyne wat doelbewus gevolg moet word in die normatiewe keuse.

In die soeke na sy lewensmaat moet die jongmens God in vertrouwe neem. Hy moet die wil van God met sy lewe soek. Fitch sê: „Obviously, then, when the time comes for me to seek a life-partner, I must do it under His direction.”³

Dit beteken allermens dat ons 'n negatiewe houding moet inneem en dan verwag dat die huweliksmaat op 'n skinkbord aangedra sal word.

Die Christen vra God om hom en sy toekomstige lewensmaat bymekaar uit te bring.

Hierdie „bymekaar uitbring” vind nie buite die mens se wil en keuse om plaas nie. Die mens moet altyd aktief en doelbewus soekende wees.

1. STROUP A.L. : MARRIAGE AND FAMILY, p. 128.

2. DIE KERKBOEK. Die huweliksformulier, p.78.

3. FITCH W. : CHRISTIAN PERSPECTIVES ON SEX AND MARRIAGE, p. 13.
Vgl. WURTH G.B. : HET CHRISTELIJK LEVEN IN HUWELIJK EN GEZIN, p. 129-130.

Dog hierdie „by mekaar uitkom" is afhanklik van die beskikking van God wat die weg daartoe baan. Hieroor skryf Bavinck soos volg: „Van eene vrije wilskeuze, die alleen met eigen zin en lust te rade gaat, mag daarom by het sluiten van een huwelijk geen sprake zijn. Wij hebben rekening te houden met al de omstandighede waarin God ons geplaatst heeft, en daaruit af te leiden wat Hij tot ons zeggen heeft."¹

Wurth voeg hieraan toe: „Voor hen staat het zo, dat zij, wat het vinden van de huwelijkspartner betreft, mogen rekenen op Gods liefdevolle, zegenende, voorzienige leiding."²

Die Here beskik ook faktore en middele op die mens se lewensweg wat medebepalend is in sy huwelikskeuse.

So skryf Bavinck: „Bij dit voornemen zijn wij van alle kanten gebonden; wij zijn gebonden door de ouders, uit wie wij geboren, door de familie, waarvan wij leden zijn, door de maatschappelijke kring waarin wij leven, door het dorp of de stad, waar wij wonen, door het beroep, dat wij uitoefenen, door de Kerk, tot welk wij behooren, door de belijdenis, welke wij toegedaan zijn, door de bekwaamheid, welke wij ons verworven hebben, door de loopbaan welke wij ons voorstellen."³

As voornemende huweliksmaats moet hulle deur al die faktore wat God beskik het laat lei. „De jongeling en de maagd, die elkander het jawoord hebben geschonken, moeten in alle oprechtheid den Heeren kunnen danken dat Hij hen tot elkander heeft gebracht."⁴

Ter aanvulling van die faktore wat Bavinck genoem het wat die huwelikskeuse beïnvloed, noem Stroup die volgende sosiale faktore wat in sekere sin beperkende faktore is in die huwelikskeuse.

-
1. BAVINCK H. : HET CHRISTELIJK HUISGEZIN, p.99.
 2. WURTH G.B. a.w. p.130.
 3. BAVINCK H. a.w. p.99.
 4. Ibid p.100.

Stroup.....

Stroup noem die volgende vyf faktore naamlik:

i) Ras. Volgens hom is die ras waaraan die mens behoort, die grootste bepalende faktor in die huwelikskeuse. Hy skryf dat daar in die V.S.A. negentien state is wat huwelike oor die rasgrense verbied. Dis veelseggend in die lig van linkse kritiek teen die R.S.A. se wetgewing teen gemengde huwelike.

Stroup skryf: „Even though northern states are without such prohibitions, few people cross racial lines in choosing spouses.“¹

ii) Godsdien. Volgens Stroup soek voornemende huwelikspare hul lewensmaat by voorkeur uit hul eie godsdienstige groep.²

iii) Etnisiteit. Huwelike oor etniese grense vind hoofsaaklik plaas waar die groepe in dieselfde omgewing of gemeenskap woon. „The combination of the two factors (etnisiteit en godsdien) has been powerful influence affecting marriage patterns.“³

iv) Sosiale posisie. Binne dieselfde sosiale posisie vind die meeste ontmoetings tussen mense plaas. Dit is dus vanselfsprekend dat dit groot invloed op die huwelikskeuse uitoefen.

v) Woonplek. Die omgewing waarin mense woon, is meer dikwels die plek wat die huwelikskeuse beïnvloed.

Hierdie beperkende faktore het alleen invloed op die soort huweliksmaat, dit wys nog nie die individu, die persoon van die huweliksmaat aan nie.

Die persoon van die huweliksmaat word deur ander faktore bepaal.

1. STROUP A.L. a.w. p.128.

2. Ibid p.128.

3. Ibid p.129.

Soos ons vroeër aangetoon het, vorm die biotiese aspek die fundering van die huwelik, daarom is dit uiteraard ook mede-bepalend in die huwelikskeuse.

Grinstein en Sterba sê in die verband: „Because it is so closely related to the biological needs of the individual, physical attraction is an important element in all attraction. Often it is the first and only factor of which the person is aware. Every family begins with the mutual attraction of two people of the opposite sex. Fundamentally this attraction is biotically determined. Its aim is union for the perpetuation of the species. Biological forces alone, however, are not sufficient to account for the selection of a partner mate.”¹

Baie ander faktore as net fisiese aantreklikheid werk mee om twee mense op mekaar aangetrokke te laat voel en op mekaar verlief te raak.

Die aangetrokkenheid ontstaan en verloop meesal spontaan. Hul gedurige bymekaar wees ontwikkel 'n psigologiese eenheid wat hulle voorberei op 'n huwelik. Die behoefte ontstaan om hul verhouding permanent te maak, daarom gaan hulle oor tot 'n verlowing.

Ouers beïnvloed die paartjie se verhouding deur dit goed of af te keur.

Hoe meer ooreenkoms daar is tussen die paartjie se ouers, des te groter is die kans dat ouers van beide kante die verhouding sal goedkeur. Die teendeel is natuurlik ook waar. Grinstein en Sterba stel dit so: „Problems deriving from differences in religion, economic status, sociological and ideological concepts, or political affiliations are a significant source of possible conflict since the beliefs with which people grow up are very often invested with intense feelings.”²

1. GRINSTEIN A. en STERBA E. : UNDERSTANDING YOUR FAMILY, p.3, 11.

2. Ibid p.17.

Die soeke na 'n lewensmaat begin in die tiener se hoërskooljare.

Volgens Lasswell het die ouerhuis waaruit die jongmens kom, groot invloed op die jongmens se liefdeslewe. Hulle beweer dat 'n jongmens uit 'n ongelukkige ouerhuis vroeër in sy lewe na iemand soek wat hy kan liefhe en trou, ook op jonger leeftyd, terwyl jongmense op 'n hoër ouderdom ernstige liefdesverhoudinge aangaan.¹

Lasswell beweer ook dat jongmense wat nie hoë aspirasies koester nie, vroeër trou, terwyl die wat oop deure het na 'n groot toekoms later trou.

Kinders uit ongelukkige huise trou jonger as die uit gelukkige huise.

Dit alles dui daarop dat die ouer dit aan sy kind verskuldig is om aan hom 'n gelukkige tuiste te bied, sodat hy op ryper ouderdom en met groter verantwoordelikeidsgevoel trou.

Geluk en liefde in 'n huisgesin is nie afhanklik van rykdom, weelde en sosiale aansien nie.

Twee jongmense wat mekaar in liefde gevind het, het mekaar gevind op grond van 'n eie vrye keuse, maar dit is 'n persoonlike liefdeskeuse. Daardie liefdeskeuse is in liefde gedoen vanuit hul persoonlikhede, hul gedrag teenoor mekaar, hul geaardheid, aangetrokkenheid en persoonlike voorkeure (blond, bruin, kleur van oë, liggaamsbou, aantreklikheid ensomeer.)

Daarby kom dat hulle sekere eise aan hul lewensmaat stel en hulle is tevrede dat die lewensmaat aan die eise voldoen.

Hul lewensmaat is die een wat elkeen van hulle alleen liefhet en wil liefhê.

By hul uiteindelijke keuse van 'n lewensmaat het nog geld, status, of wat ookal 'n sê nie, die liefde het beslis dat hulle vir mekaar bestem is.

1. Vgl. LASSWELL M. en T. : LOVE, MARRIAGE, FAMILY, p.92,93.

Dog, dit is geen blinde liefde nie, maar berekende liefde wat alle faktore fyn oorweeg het. Hulle het mekaar met wins en verlies aanvaar.

Ouers moet hulle kinders van jongs af opvoed om hul toekomstige lewensmaat te soek met biddende opsien na God wat al die weë voorsien waarlangs hulle op Sy bestemde tyd bymekaar uitkom, mekaar vind en mekaar aanvaar in liefde.

Retief sê hieroor die volgende: „Hoewel die harte van liefdesvuur moet brand, mag die wysheid en insig en oorleg daardeur nie geskaad word nie. Dit is dus nodig dat die keuse van 'n huweliksmaat nie oorhaastig gedoen sal word nie.”¹

Dit word beweer dat 'n goeie huwelikskeuse die belangrikste deel van 'n huwelik uitmaak. Die keuse van 'n huweliksmaat het verreikende gevolge en is een van die grootste keuses wat 'n mens in sy lewe moet maak. Dit is moeilik om 'n verkeerde keuse later weer reg te maak. Die gevolge van 'n verkeerde keuse is problematies van aard.

Voordat persone in die huwelik tree, is dit nodig dat hulle 'n beter begrip sal kry van hulleself, van mekaar en ook wat die huwelik presies beteken.

Ons moet die oorsake van mislukte huwelike onder oë kry. Daaruit kan ons wyse lesse leer wat ons leiding kan gee om verstandige besluite te kan neem.

Statistiek toon aan dat meer as vyftig persent van vroeë huwelike (waar man en vrou albei onder twintig is) misluk. Moontlike redes is dat die persone emosioneel en geestelik onryp is; dat hulle die ouers probeer ontvlug; gebrek aan emosionele sekuriteit en gebrek aan ekonomiese sekuriteit.

'n Ander oorsaak vir baie ontbinde huwelike is dat die huweliksmaats mekaar nog nie goed genoeg geken het nie.

Gemengde huwelike slaag selde.

1. RETIEF E. : VERLOOF. Uit : Vroue-harte, p.108.

Onsekerheid oor die rolle van man en vrou laat dinge gou skeef loop in die huwelik.

Verkeerde seksuele benadering ruïneer 'n huwelik. Die voor-huwelike seks ondergrawe stewige fondamente, hulle bou hul huis op sand, hy kan nie staande bly nie. Seks is nie die enigste aspek van die huwelikslewe nie.

Verkeerde verhoudinge met die skoonfamilie, is 'n bedreiging vir die huwelik.

Onvolwassenheid in die huwelik is 'n risiko. Die huwelik is bedoel vir verantwoordelike volwassenes.

Onder spannende omstandighede moet man en vrou kalme en nugter deurdagte besluite kan neem. Die een moet ook nie so 'n sterk persoonlikheid hê dat hy die ander oorheers nie, daar moet gesonde harmonie tussen hulle persoonlikheidstrekke wees.

Daar is 'n paar belangrike riglyne wat voornemende huwelikspare kan volg wat tot 'n groot mate vir hulle 'n suksesvolle huwelik kan voorspel. Ons noem die volgende:

Die geluk van die ouers. Daar blyk ooreenkoms te wees tussen die ouers se huwelik se geluk en die van die kinders se huweliksgeluk;

Gelukkige kinderjare lê stewige fondamente vir 'n gelukkige huwelik;

Gebrek aan konflik met die ouers is 'n goeie teken;

Goeie huislike dissipline gedurende die kinderjare is ewe-eens 'n goeie teken;

Kinders wat geleer is dat seks iets moois is en nie verwerplik nie, vorm 'n goeie lewensmaat.

Trou.....

Trou twee persone met mekaar het hulle ook te doen met die voorouers wie se erflike eienskappe in hulle kinders aanwesig sal wees. Voornemende huwelikspare moet mekaar se voorgeslagte se geskiedenis ken, met deskundige hulp kan hulle vasstel of hulle huwelik of ouerskap wenslik sal wees.

Die jongman en jongedogter moet dit met hulleself uitmaak aan watter eise die toekomstige huweliksmat moet voldoen en of hulleself 'n keuse is.

Na die huwelik bly daar nog baie aanpassings oor. Met die wil om van die huwelik 'n sukses te maak, kan die huweliksmats dit bereik.

Die oueropvoeding tot 'n verstandige en verantwoordelike huwelikskeuse is seker een van die belangrikste opvoedingstake van die gesin, want hiermee word die grondslag gelê vir 'n volgende huwelik - die van die kind. Die ouers se voorbeeld en lering sal die kind moet leer om met 'n geheelperspektief na alle lewenskante die keuse te maak; om nie 'n volmaakte wese te soek nie; om nie met bymotiewe, byvoorbeeld ekonomiese winsmotief te kies nie; om nie in blinde verlieftheid in die huwelik in te plons nie. Die liefde moet as beskermingsfunksie die deurslag gee, want dis die basis van vertrouwe teenoor mekaar en van liefdestrou, by uitstek waar die basiese geloofsbelijdenis ter sprake is. Ook die huwelikskeuse as normatiewe liefdesdaad het 'n heen en terugwysing na alle ander lewenskante of wetskringe, wat elk op sy eie manier en almal saam die normatiewe struktuur vir die keuse van 'n lewensmaat vorm.

9.4.4. DIE SEKSUELE ASPEK AS LIEFDESUITING

Liefde is moeilik omskryfbaar of definieërbaar.

Folsom beweer dat liefde 'n wye begrip is wat vir verskillende mense verskillende betekenisse het; dat daar 'n algemene begrip van liefde is wat nie definieërbaar is nie, waarmee almal kan saamstem. Hy omskryf die liefdeservaring soos volg:

„We.....

"We note first, that "love" refers to certain kinds of behaviour (including feeling) and, second, to certain kinds of social relations or interaction which seem to be based upon this behaviour. Behaviour always involves stimulus, linkage and reaction."¹

Hierdie stimulus is noodsaaklik vir 'n liefdesverhouding tussen twee mense en hierdie stimulus kan verskillende vorme aanneem. Folsom skryf: "There are some stimuli of a purely sensory, impersonal kind which sometimes arouse various love reactions even in adults, such as genital friction, perfumes, and music, but for the most love stimuli are configurations of persons and their characteristics. Hence in practise it is common to speak of the objects rather than the stimuli of love, and it is understood that love objects are mainly persons".²

Stroup beweer daar is grade van liefde, want die liefde tot 'n beminde, 'n tante of oom is anders. Hy skrywe: "Love may be considered as a complex of strong and positive sentiments and attitudes toward another person."³

Goode definieer liefde soos volg: "Love is defined as a strong emotional attachment between adolescents or adults of opposite sexes, with at least the components of sex desire and tenderness."⁴

Die liefde wat die Nuwe Testament opeis, is nie 'n nuwe of ander liefde as die natuurlike liefdes effekte nie: "zij is veeleer een nieuwe wijze waarop de natuurlijke effecten fungeren, een manier die ontstaat uit een hoge visie op het menselijke leven, die de mens gegeven word door de Heilige Geest."⁵ Die egte liefde beheer en lei die seksuele. Die gelowige mens se seksuele liefde moet beheersend gelei, verbreed en verdiep word.

Piper stel dit as volg: "De gelovige liefde laat de sexuele toenaderingsdrift op haar plaats staan; maar zij brengt verandering in de

1. FOLSOM J.K. : THE FAMILY AND DEMOCRATIC SOCIETY, p.365.

2. Ibid p.366.

3. STROUP A.L. a.w. p.112.

4. GOODE W.J. : THEORETICAL IMPORTANCE OF LOVE. Uit: Lasswell M.E. en T. : Love, Marriage, Family, p.164.

5. PIPER O. a.w. p.262.

houding van beide menses tot elkaar en tot de seksualiteit."¹

Die Christelike liefde wys dus die plek aan vir die liefdeservaring. Goode sien dit as volg: „Since strong love attachments apparently can occur in any society and since love is frequently a basis for and prelude to marriage, it must be controlled or channeled in some way. More specifically, the stratification and lineage patterns would be weakened greatly if love's potentially disrupted effects were not kept in check. Love must be controlled before it appears."²

Die seksuele liefde kan onder beheer gehou word en sy plek in die lewe aangewys word deur die Christelike opvoeding. Dit kan onder andere gedoen word deur:

- i) Kinderhuwelike te ontmoedig.
- ii) 'n Gelukkige gesinslewe daarop na te hou.
- iii) Seksvoorligting aan kinders en jongmense te gee.
- iv) Die voorbeeld van ouers wat hul liefdesbetuigings teenoor mekaar so doen dat dit 'n sprekende opvoedkundige boodskap vir die kinders het.
- v) Selektief vriende vir die kinders te kies wat bymekaar pas.
- vi) Ouers kan geleenthede skep waar hul kinders moontlike toekomstige huweliksmaats kan ontmoet. So kan die ouers help in die maak van 'n huwelikskeuse.

9.4.5 HUWELIKSLIEFDE

Die huweliksliefde het sy eie karakteristieke eienskappe. Stroup som die besondere eienskappe soos volg op: „In the first place, it seems to partake of more reality than does romantic love, and of less idealization. In popular language we speak of "settling down" to marriage."³

In die huweliksliefde aanvaar man en vrou mekaar met mekaar se foute, dit is 'n liefde wat die stremminge en eise van die huwelik kan deurstaan.

-
- 1. Ibid p.263.
 - 2. GOODE W.J. a.w. p.166.
 - 3. STROUP A.L. a.w. p.123.

Die huweliksliefde maak dat huwelikspare nie net baie van mekaar verdra nie, maar dat hulle ook offers vir mekaar bring en ver uit hulle pad uitgaan om mekaar gelukkig te maak.

Die feit dat hulle mekaar „besit“, bring stabiliteit en kalmte in hul verhouding. Hulle gevoelslewe groei as het ware inmekaar sodat hulle mekaar se stemminge kan aanvoel. Die een se leed is ook die ander se leed, so deel hulle ook hul vreugdes met mekaar.

De Vries wys juis op die twee-eenheid van die huwelik en wel as volg: „Het gaat immers in elk huwelijk om het meest persoonlijk elkaar bezitten. Als het goed is geeft men in het huwelijk niet iets van zichzelf maar zichzelf geheel. Men is van elkaar.“¹

Elke fase in die liefdesontwikkeling stel sy eie eise. Eers as aan al die eise van daardie stadium voldoen is, kan 'n volgende fase binne gegaan word. Die liefde moet nooit in enige fase geforseer word nie, nie voor dit stabiliteit in die betrokke fase bereik het nie, anders raak dit buite beheer met rampspoedige gevolge vir die verliefde paar.

Deur opvoeding alleen kan kinders geleer word om hul liefdesdrange onder beheer te hou. Ouerleiding is nodig om die kind te help om sy liefdesverhoudinge rein te hou, mooi te hou, sodat hulle die liefdesvreugde kan geniet en dit bewaar teen verdriet.

Die liefdesvlam is 'n verterende vuur as dit nie onder bedwang gehou word nie. Die kind sal dit nie weet as die ouer hom nie daarvoor inlig nie.

9.4.6 DIE HUWELIKSTROU

Die huwelikstrou het te doen met die eenheid van die huwelik, met die erkenning dat hulle vir lewenslank mekaar aanvaar het, as deur God vir mekaar gegewe.²

Piper sê van die huwelikstrou die volgende: „Heeft de liefde vooral

-
1. DE VRIES W.G. : HET HUWELIJK IN ERE, p.24.
 2. Vgl. DELLEMAN Th. en HIJMANS A. : HUWELIJKSBOEK, p.26.

te maken met de erkennen van de tweezaamheid van de beiden mensen, de trouw met hun eenheid."¹

Die liefde en die trou in die huwelik word deur Christus gevoed, want sê Diemer-Lindeboom: „Christus trou voedt onze trouw. Zijn liefde vormt de bron van onze liefde.”² Hierdie trou behoort op elke terrein van die ryk geskakeerde huwelikslewe tot uiting te kom. Waar is daar mooier en aangrypende voorbeelde van trou waar een van die egpare 'n ander een vir baie jare liefdevol versorg op 'n siekbed of in 'n rystoel?

Man en vrou behoort aan mekaar vir die duur van die hele lewe - hulle behoort net aan mekaar, hulle is van God vir mekaar gegee.³

Huwelikstrou is net verbonde aan 'n reeds bevestigde huwelik.

Die huwelikstrou is simbool van die trouverbond tussen God en sy gemeente (Efes. 5:23 -25,32); dit is simbool van sy verbond met sy volk (Jer. 2; Eseg. 16; Hosea 2:18). So moet ook die verhouding tussen man en vrou wees.⁴

Heyns skryf oor die sewende gebod: „In die spel van die liefde, waak teen alles wat roep om die vervulling wat alleen binne die huwelik gegee mag word, dit sluit in intieme betasting, prikkelende lektuur, suggestiewe kleredrag, vergiftende gesprekke, besoedelde films, onkuise gedagtes, woorde, gebare, verleidelike vermaak, bedenkbare vorms van ontspanning - dit lei tot seksuele verwildering.”⁵

Die gesin is van grootste betekenis vir die huwelikstrou,⁶ die instandhouding en voortbestaan van die huwelik. Die gesin is juis daarvan afhanklik vir sy kontinuiteit.

Onbeskryflik is die ellende in die huwelik wat nie in die teken van die huwelikstrou staan nie. Wanneer die huwelik losgemaak word van sy

-
1. PIPER O.A. : MAN EN VROU, p.269.
 2. DIEMER-LINDEBOOM F.T. : IN „HUWELIJSBOEK”, p.129.
 3. DELLEMAN Th. : IN „HUWELIJSBOEK”, p.26.
Vgl. PIPER O.A. a.w. p.270.
 4. Vgl. HEYNS J.A. : DIE NUWE MENS ONDERWEG, p.195.
 5. Ibid p.203.
 6. Vgl. DELLEMAN Th. : UIT „HUWELIJSBOEK”, p.24.

Christelik-religieuse wortel is die fondament verkeerd gelê. Die lewens- en wêreldbeskouing van huwelikspare het ook baie te doen met die huwelikstrou. Waar hulle Gods gebooie minag sal die trou dikwels ook uitbly.

De Hartog sê daarom: „Wie getrouwd is moet weer naar huis al heeft hij of zij ruzie en al zijn nijdig die huwelikstrou eis dit.”¹

De Klerk wys ook op die gevare van die moderne lewensbeskouing wat op alle lewensterreine tot uiting kom, veral in die seksualisme, waarin die privaatheid van die seksuele lewe nie eerbiedig word nie.² Ons het vandag in die seksualisme te doen met 'n beheersende mag en 'n gevaarlike bedreiging.

Ontrou in die huwelik op seksuele gebied, naamlik owerspel, is die enigste rede wat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aanvaar as grond vir egskeiding. Daarmee is die huwelik in sy wese geskend, is die huweliksmat beledig, is die gebod van die Here oortree.³

De Klerk sê: „Voltooide geslagsgemeenskap is so ingrypend intiem, dat dit alleen binne 'n onverbreekbare en permanente liefdesverhouding mag bestaan - alleen die huwelik is so 'n onverbreekbare permanente verhouding.

God het die voortplanting en daarmee die geslagsgemeenskap aan die huwelik verbind.⁴

Huwelikstrou moet kinders geleer en voorgeleef word deur die ouers. Dit kan alleen deur verbondsoopvoeding vermag word.

9.4.7 KUISHEID

Kuisheid beteken reinheid in seksuele sin, dit sien veral op jongmense en beteken dan die vrywillige onthouding daarvan deur die

-
1. DE HARTOG A.H. : MODERN HEIDENDOM, p.34.
 2. DE KLERK W.J. : GESPREK OOR SEKSUALITEIT. Uit : In die dae van jou jonkheid, p.105-110.
 3. Vgl. VAN DER WALT S.P. : HUWELIKSNOOD I.B.C. No. 30, p.5.
 4. DE KLERK W.J. a.w. p.113.

wat ongetroud is.

Wurth sê van kuisheid, dit is: „een rein bewaren het geslachte-
lijk leven door het te beleven in verantwoordelijkheid teenover Hem,
die daarvan die Schepper is.”¹ Seksuele omgang buite die huwelik is
'n onkuise daad.²

Geesink stel dit so: „Taalkundig kan men ze zoo onderscheiden:
Kuisch sien uitsluitend op het weerstaan van verboden vleeschelike
lusten, van die impura libido; eerbaar onderstel een zedig gedrag.
De kuische denkt niet aan het onreine, de ingetogene weet zijn lust
tot het kwade te beheerschen.”³

Om kuis te wees moet die mens beheer uitoefen oor sy gedagtes,
soos by sy gewete, om vanuit die hart kuis te lewe. Dit kan alleen
deur die heiligende werk van die Heilige Gees.

Kuisheid is 'n deug waardeur die reinheid bewaar word. Die kom-
ponente van kuisheid is skaamte (bloos) en eerbaarheid.

Die norm vir 'n kuis lewe is die wet van God.

Die sewende gebod dui die kern aan vir die norm van kuisheid.⁴

Kuisheid moet beoefen word in die liefdesverhouding voor die huwelik,
na die huwelik en in die gesin.

Die Bybel gee vir ons voorbeelde van onkuisheid en deel ook die
tragiese gevolge daarvan mee. Ons noem byvoorbeeld Lot se dogters,
Gen. 19:31-32 en Dawid en Batseba, 2 Sam. 11.

Die gesag en tug in die huisgesin is middele wat die kinders kan
dissiplineer en opvoed om kuis te lewe.

Die huidige tydsgewrig word gekenmerk deur 'n grootskaalse onkuis-
heid. Veral jeugsaahtreke wat bekend staan as „rallies” is een

1. Vgl. VENTER J.A. - CHRISTELIKE KUISHEID, p.2.

2. Vgl. ook KNAP J. : KUISCHHEID, p.13.

3. GEESINK W. : GEREFORMEERDE ETHIEK I, p.405.

4. VENTER J.A. a.w. p.3.

groot onkuisse fees.

Die verval van die kuisheid gaan hand aan hand met die verval van die Christelike norme. As die godsdienstige binding van 'n volk verswak, dan neem onkuisheid, seksuele losbandigheid toe.¹

'n Tweede rede waarom daar 'n verval in die kuisheid vandag plaasvind, is omdat die band tussen die sedelike en die godsdienstige lewe losgemaak is. Dat Gods wet as norm vir die hele lewe geld, word nie meer aanvaar en bely nie.

De Bruyn het 'n hele reeks oorsake wat hy aanvaar vir die verval van die kuisheid van die volk. Volgens hom is die seksuele losgemaak van die huwelik en geniet dit as blote ontspanning.

Gedetermineerde propaganda ten gunste van vrye seks, soos tans die geval is met die huidige mejuffrou Suid-Afrika wat met haar kerel saamwoon en wat deur 'n vorige mejuffrou Suid-Afrika en mejuffrou wêreld verdedig word, sowel as uit verskeie ander oorde. Gelukkig is daar nog jong dogters wat daarteen protesteer.

Die mens se liggaam is ten nouste aan kuisheid betrokke, omdat die mens se liggaam 'n tempel van God is wat vir Hom heilig en rein bewaar moet word.

Die mens moet eerbied vir sy eie liggaam en vir die van ander hê omdat alle mense beeldraers van God is. Christene se liggame is ledemate van Christus, sê Paulus vir die Korinthiërs. (1 Kor 6:15)

Ook binne in die huwelik kan huwelikspare onkuis wees. Die grondtoon van die ware huwelik moet altyd die sielsverbintenis deur die liefde uit die hart wees. Dan het die huwelik 'n geestelike agtergrond. So 'n huwelik is kuis. Onkuisheid in die huwelik is sonde.²

Die seksuele lewe kan nie uit die huwelik uitgeskakel word nie, want hierdie sielsgemeenskap staan die hoogste en is onmisbaar in man en vrou se saamleef, maar seksuele gemeenskap is die voorreg van getrou-

1. DE BRUYN P.J. : KUISHEID VOOR DIE HUWELIK, p.3.

2. Vgl. KNAP J. a.w. p.29.

des binne die huwelik alleen.

Maagdelikheid by man en vrou is voor die huwelik 'n gebod van God (Deut. 22:20-25). Die Here verbied ongeoorloofde betrekkinge tussen 'n man en 'n vrou, voor of binne die huwelik.

Onkuisheid voor die huwelik verwoes die mooi jong lewes en belemmer hul toekoms.

Onkuisheid binne die huwelik werk verbrokkelend en maak die huwelikslewe ongelukkig.

Slegs deur doelbewuste en doelgerigte opvoeding van die kant van die ouers en die skool en die Kerk kan kuisheid weer tot deug verhef word. Al hierdie opvoeding moet vanuit die Skrif die hart van die jeug aanspreek.

In die eerste plek is dit die ouers se plig om sekonderrig aan hul kinders te gee. „We recommend the recognition that sex education is primarily an affair for parents,” aldus uit die verslag van die Longford Report.¹

Ons mis egter in die verslag die visie of besef van die waarde van die instansies. Ons mis ook die belang wat die huwelik en gesin in die saak het en die gebrek aan die Skriftuurlike begrip van seks. So-doende skeep dit 'n wanbegrip by mense asook ten opsigte van die visie van die ouer se taak.

Daar was en is nog mense wat dink dat die huisgesin uitgedien is en daarom het hulle 'n alternatief gesoek, soos Traas skrywe: „Er wordt wel experimenten verricht met communes en andere alternatiewe leefdegemeenschappen, doch die blijven tog wel beperkt tot een kleine groep mensen die veelal ook de meer intellektuele kringen komen.”²

In 'n losbandige samelewing kan daar van kuisheid weinig tereg kom. Daar is nie 'n alternatief vir huwelik en gesin as 'n tipiese samelewingstruktuur in hulle eie gesag en bevoegdheid nie. Dit vervul

1. PORNOGRAPHY : THE LONGFORD REPORT, p.427.

2. TRAAS M. : OPVOEDEN TOT SAMENLEVEN, p.100.

'n unieke taak ten opsigte van die intieme liefdeslewe van man, vrou en kinders. Die korrekte normatiewe opvoeding in die Christelike liefdesnorme en -styl het 'n besondere aktualiteit en sensitiwiteit wat beslissende betekenis het vir die res van die samelewing want: die gesin lewer die mense materiaal en hulle gehalte om al die plekke vol te staan.

HOOFSTUK 10

DIE JURIDIESE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING

10.1 INLEIDING

Die gesin het sy eie tipiese regslewe in onderskeiding van die staatsreg, die bedryfsreg, die kerkreg en so meer.

Hommes sien die verskillende juridiese eenhede soos volg: „Alle rechtssubjecten zijn juridische eenheden. Het zijn concrete enkelingen of sociale collectiviteiten (staat, kerk, bedryfsverband, vereeniging etc.) die naar hun juridisch aspect aan de feitelijke zijde van het rechtsleven als juridische eenheden optreden in veelheden van specifieke rechtsbevoegdheden en rechtsplichten.”¹

Die mens besit regte binne alle lewenskringe waarvan hy lid is, dit wil sê, binne staatsverband, kerkverband, gesinsverband en alle organisasies waaraan hy behoort en hy het regte in sy vrye maatskaplike omgang met sy medemens.² Daar is letterlik niemand wie se lewe nie voortdurend deur regsordening geraak word nie.³

Ons praat van regte wat die mens het, maar eintlik besit die mens nie regte nie, die mens besit voorregte, God alleen besit regte. Hy is die alleen-Gesagsdraer en elke ander gesagspersoonlikheid dra verleende gesag. Elk gesagsdraer moet aan God verantwoordeing doen vir die gesag wat aan hom verleen is.⁴

Steyn skryf in die verband soos volg: „Ek weet van geen reg of vryheid van die enkeling wat met enige absoluutheid beklee kan word nie. Elke reg en vryheid staan noodwendig onder die beperkings wat opgelê word deur die regte en vryhede van ander en deur die vereistes vir die ordelike bestaan van die gemeenskap waarin die enkeling staan. Daarom

-
1. HOMMES H.J. van E. : DE ELEMENTAIRE GRONDBEGRIPPEN DER RECHTSWETENSCHAP, p.116, vgl. ook p.340 vv.
 2. Vgl. SPIER J.M. a.w. p.40.
 3. Vgl. STEYN J.M. a.w. p.3.
 4. Vgl. STEYN J.A. a.w. p.75.

staan.....

staan die regsorde nie buite alle verband met die tweede grootste gebod in die Skrif nie."¹

Die juridiese is die aspek waarin die menslike bestaanswyse se besef van reg en onreg hul oorsprong het.²

Die juridiese dui daarop dat reg en geregtigheid sal geskied in intermenslike verhoudinge en ook met betrekking tot die belange van die mens as persoon.³

Steyn definieër die juridiese as geregtigheid. Hy skryf: „Geregtigheid is die bestendige en immerdurende wil om aan elkeen sy reg te laat toekom.“⁴

Dit doen die mens deur 'n eerbare lewe, ander nie te beskadig of te krenk nie en aan elkeen gee wat hom toekom.

Die huidige denke oor gesin en huwelik word grotendeels deur die humanistiese motief van vryheid en gelykheid bepaal. Dit sien ons deur bloot van die heersende Noord-Amerikaanse beskouinge kennis te neem. As teenvoeter vir die ouer puriteinse gesagsdwepery, val die klem op die gesin se gemeenskaplike belewing van „demokratiese“ vryheid. Die ervaring van onvoorwaardelike liefde en begrip en die voortdurende genieting van die lewe is die hoogste „waardes“.⁵

Huidig is daar ook nog 'n ander problematiese siening oor die gesin en die bepaling van sy gesag. Dit kom daarop neer dat gesinne al hoe kleiner word; dat hulle al hoe meer van die breër familie geïsoleerd raak, met ou tradisies breek; dat die gesin 'n verbruikerseenheid word en wie se lewensstyl deur die informatiewe koerant, televisie en tydskrifte gekondisioneer word.

-
1. STEYN L.C. : ASPEKTE VAN ONS REGSWESE, p.6.
 2. Ibid p.1.
 3. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.111
 4. STEYN L.C. a.w. p.6.
 5. VISAGIE P.J. : GESIN EN GESAG. IN : ROEPING EN RIGLYNE, J27 No. 3 Sept. 1979, p.1.

Die industriële en vermaaklikheidsorganisasies neem van die tipiese funksies van die ouers oor. Hierin is geen plek vir Gods gesag nie, want ander faktore bepaal die „norme“. „Norme“ word derhalwe as resultaat van figurerende sosiale relasies gesien¹ en dit beheer die mens se lewe.

Ouers wat hierdie „norme“ gebruik om hul gesin op te voed, mis die doel waarvoor God die mens op aarde geplaas het, naamlik om tot sy eer en diens te leef.

10.2 GOD SE ABSOLUTE GESAG

God is die absolute gesagsdraer en Hy alleen deel gesag uit, aan die een meer en aan die ander minder. „Hij is het, die de ene mens stelt boven anderen. Hij geeft de een het recht over anderen te gebied, de ander laadt Hij met uitnemende krachten, waardoor hij als vanzelf volgelingen trekt. In geen enkele vorm komt het gezag uit de enkele mens of uit de maatschappij op. Waarachtig gezag daalt af van God, die de normen ervoor bepaalt.“²

Die staat het sy gesag van God ontvang volgens Romeine 13:1. Die owerheidsgesag is ingestel om dienaar van God te wees (vs.4). Van Leeuwen en Jacobs het hieruit die afleiding gemaak: „De overheid is dus niet ontstaan uit menselijke wilsbesluit, of krachtens de evolutie van het menselijk geslacht, of toevallig, maar uit Gods wil en ordening.“³

Nie net die staat nie, maar ook elke ander gesag is afgeleide of verleende gesag want „daar is geen mag behalve van God nie en die wat daar is, is deur God ingestel (Rom. 13:1) sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan.“ (13:2)

Gehoorzaamheid aan die gesag is dus God se bevel en God se wil.

1. Vgl. Ibid p.2.

2. DONNER A.M. : GEZAG : In : Christelike Encyclopedie III, p.221.

3. VAN LEEUWEN J.A.C. en JACOBS D. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT. Romeinen, p.249.
Vgl. VAN RIESSEN Ir. H. : MENS EN WERK, p.53,54.

Calvyn sê van die wat die owerheid ongehoorsaam: „Omdat het Gode behaagt aldus de wereld te regeeren, tracht ieder, die de overheid veracht de ordening Gods om te werpen en wederstaat God-zelven.”¹

Die kerk dra ook gesag. Hierdie gesag is sigbaar in sy ampsdraers, maar hulle gesag is van Christus.

Schouls sê tereg: „The offices in church communities are not human inventions, the offices are instituted by Christ, the Head of the church.”² Hierdie gesag van God oor sy kerk word duidelik in sy Woord gestel, want die Bybel self is Woord van God wat met Gods gesag bekleed is. Petrus stel dit duidelik: „Deur die Heilige Gees gedrywe het heilige mense van God gespreek.”³

Schouls sê verder van die kerk: „The service of the church offices is in terms of bringing to bear absolute authority and total redemptive power of the Word of God in all aspects of the lives of the members of the churches community.”⁴

Die kerk se gesag dra meer die karakter van 'n dienende gesag, soos wat Christus self die voorbeeld gestel het.

Die skool het ook 'n gesagstruktuur wat implisiet van God ontvang is (Rom. 13:1).

Ouers se gesag is ook afgeleide gesag van Gods kant, of verleende gesag.⁵ God gee aan vader en moeder gelyke plek in die gesag wat aan hulle toevertrou is (Ex. 20:12; 21:17). God sê aan ouers gesag toe volgens Ex. 20:12, as die vyfde gebod en volgens Efes. 6:4.

„De ouders staan hier op aarde in de plaats van de Godheid”, so verklaar Böhl die ouerlike gesag op grond van die vyfde gebod. Om die rede word eerbied vir hulle opgeëis.⁶

1. CALVYN J. : Soos aangehaal deur VAN LEEUWEN J.A.C. en JACOBS D.. a.w. p.249.
2. SCHOULS P. : INSIGHT, AUTHORITY AND POWER. Christian Perspectives series 1971, p.31.
3. 2 PETRUS 1:21.
4. SCHOULS P. a.w. p.32.
5. MALAN J. du P. : KERK EN OUERSKAP, p.54.
6. BÖHL F.M. Th. : EXODUS. Teks en Uitleg, p.149.

10.3 DIE TIPIESE INTERNE GESINSGESAG

Die gesin onderskei hom in die juridiese aspek van elke ander gemeenskap in die sin dat die gesin ook sy eie reëls het. Die reëls is ongeskrewe in sover dit die onderlinge verhoudinge betref. Na buite is die gesin onderworpe aan die wette van die staat, die ordonansies van die stad of provinsie, aan die kerk se ordereëls of die reëls van die vereniging of organisasie waaraan die gesinslede behoort.

Hier bepaal ons ons by die intern ongeskrewe reëls wat verantwoordelik is vir die goeie orde in die huisgesin.

Schouls sê van die gesagsdraers in die gesin: „Parents are the immediately visible embodiment of power in the family.”¹

Barth sê van die gesag van die ouers, na aanleiding van die vyfde gebod, dat die mens eers kind van sy ouer moet wees voordat hy ouer van 'n kind kan wees. Hy sê: „Der mensch ist zuerst und sicher kind seiner eltern, dan erst gegebenen Falles auch Vater oder Mutter.”²

Die bloedband alleen is nie genoeg rede vir ouers om gesag oor hulle kinders uit te oefen nie. Histories geniet ouers voorrang oor hulle kinders, maar dit gee ook nie aan ouers gesag oor hulle kinders nie. Die ouer kry sy gesag van God. Die Vaderskap van God is die bron van die ouerlike gesag.³

Die kindjie word in algehele afhanklikheid van die ouer ontvang. Die ouer moet vir die kind sorg, so leer die kind die les dat hy van onverdiende guns alleen, van genade moet leef. Die natuurlike afhanklikheid leer ook die kind om sy ouer te eer.⁴

Strating beskryf die andersoortigheid van die gesinsgemeenskap soos volg: „Die gesin is 'n gemeenskap met 'n eie karakter en die man, vrou en kinders word aanmekaar verbind met sterk kragte. Die intieme omgang met mekaar is meer as blote aanrakingspunte; met iedere aanraking vind daar altyd innerlik 'n wysiging in die onderlinge verhouding plaas.

1. SCHOULS P. a.w. p.35.

2. BARTH K. : DIE LEHRE VON DER SCHÖPFUNG, p.272.

3. Vgl. Ibid p.272.

4. Vgl. VAN ANDEL H.A. : GODS GEBOD EN ONS GEBED, p.44.

Een van die aspekte van die intieme saamlewe is die wisselwerking wat daar plaasvind. Dit is 'n proses wat werksaam is en wat 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van die kinders uitoefen. Hierdie wisselwerking in die gesin het 'n unieke eieaard en dit word onderskei van alle ander vorme van omgang tussen mense. Hierdie omgang met mekaar mag wissel, maar dit bly voortbestaan."¹

Dit is duidelik dat hierdie unieke, andersoortige en veranderende gesinsgemeenskap unieke en tipiese gesinsreëls sal positiever en neerlê wat die unieke gemeenskap se onderlinge wisselwerking beheer.

Hierdie „reëls“ vir die gesin moet aan sekere eise voldoen om effektief en doeltreffend te wees. Elke gesin het sy eie interne reëls. Daar sal opvallende basiese ooreenstemming wees tussen verskillende huisgesinne wat betref die opset en metode van tuguitoefening insover dieselfde basiese norme geld. Elke gesin se tuguitoefening het wel 'n eie styl en stempel, maar breed genome is daar basiese didaktiese grondlyne wat vir alle ouers en kinders geld.

Dat daar ook opvallende verskille tussen verskillende ouers se standpunte sal wees, is aanvaarbaar, want selfs opvoedkundiges verskil onder mekaar oor baie aspekte van die kinderopvoeding.²

Die eise waaraan die interne gesinsreëls moet voldoen is onder andere die volgende:

Eerstens moet daar die nodige respek wees vir die ouers. Die ouers se gedrag moet sodanig wees dat hulle toenemend die kinders se respek afdwing. Daarin sal die ouer slaag as hy konsekwent is in sy tughandeling.

Tweedens moet die ouer daaraan dink dat dit 'n vrugbare geleentheid is om met die kind te kommunikeer net na hy gestraf is.

Dobson sê in die verband: „Nothing brings a parent and child closer together than for the mother or father to win decisively after being defiantly challenged. This is particularly true if the child was "asking for it", knowing full well that he deserved what he got."³

1. STRATING L. : DIE VERHOUDING VAN OUER TOT KIND. Uit: Die anker van 'n volk, p.16.
2. Vgl. DOBSON J. : DARE TO DISCIPLINE, p.23.
3. Ibid p.32.

Derdens moet ouers beslis wees in hul optrede en nie verskonende of onseker nie.

Vierdens moet ouers waak teen oordrywing. Hulle moet nie onnodig met rigoristiese reëls hul kinders so aan bande lê dat hulle skaars kan asemhaal nie. Aan die anderkant moet ook nie so tugteloos wees dat hulle kinders permissief word nie.

Dobson definieër permissiwiteit kort en bondig soos volg: „I refer to the absence of effective parental authority, resulting in the lack of boundaries for the child.”¹

Kinders wat geleer het om asseblief en dankie te sê, getuig van goeie maniere en van eerbied vir gesag.

Vyfdens moet ouers hulleself onder bedwang kan hou as hulle beheer oor hul kinders uitoefen. Hulle moet selftug beoefen.

As vader en moeder afwesig is, moet die een wat tuisbly die verantwoordelikheid vir die handhawing van die tug opneem. As albei ouers afwesig is, moet die oudste kind omsien na die dissipline in die huis.

Ouers moet grense aan die kind se eie wil en gedrag stel en dit handhaaf. Kinders moet weet waarom hulle getug word sodat hulle hul foute kan herstel. Tug moet nie aanranding wees nie, want die kind kan hom nie teen die volwassene verdedig nie; dit moet ook nie mishandeling wees nie, dan oorskry die ouer die grense van sy verleende gesag.

Kinders moet voel dat hulle respekteer word, hulle is ook mense, hulle is die heel naaste aan die ouers en is geregtig op ouerliefde, ook in die tug.

Sesdens moet ouers rekening hou met die ouderdom, die verantwoordelikheidssin, die geaardheid van die kind en met alle ander faktore wat die kind en die omstandighede van sy ongehoorsaamheid raak, in die uitoefening van die tug.

1. Ibid p.48.

'n Persoonlike gesprek is soms die vrugbaarste metode van tugoeffening. In een of ander stadium van sy lewe moet die lat gebêre word.

In alle tughandelinge moet die liefde die leidende faktor wees en nie woede, geskree en dreigemente nie.¹

Dobson beklemtoon die noodsaaklikheid van dissipline in die huis met die volgende woorde: „I will say it again to parents: one of your most important responsibilities is to establish an equitable system of justice and a balance of power at home. There should be reasonable "laws" which are enforced fairly for each member of the family.”¹

Kesler sien dit weer so dat ouers hulleself gedurig moet afvra wat God van hulle verwag in die opvoeding van hulle kind. Hy sê onder andere: „The relationship of God the Father to Jesus the Son, is used as a parental model throughout Scripture.”²

10.4 DIE GESIN EN DIE JURIDIESE ASPEK VAN DIE OPVOEDING

Die gesagsdraers ontvang hulle gesag van God, ook volgens die getuie-nis van Romeine 13:1-6 en die vyfde gebod in die Tien Gebooe.

Waar die gesag nie meer bestaan binne 'n samelewingsverband nie, ontstaan 'n ontsaglike vakuum. Dit moet as een van die ontstellentste feite van ons tyd geboekstaaf word dat soveel kinders nie binne die gesinslewe gesagsuitoefening met liefdevolle beslistheid belewe nie.

Die kind moet leer om byvoorbeeld vertrouwe in gesag en in die gesagspersone te hê wat dus dui op die tipiese verband met die geloofsaspek.

Sterk leidende en beskermende gesag gee sekuriteit. Die vader en moeder maak staat op hulle gesagsbeskerming en gesagsbeslissings.

Die kind binne die normale gesin leer dat die ouers tussenbeide kom in geskille en besleg in alle ad hoc gevalle van problematiese ver-

1. Vgl. DOBSON J. : THE STRONGWILLED CHILD, p.99.

2. KESLER J. : TOO BIG TO SPANK, p.21.

houdingssituasies. Hierin moet die vader en moeder eendragtig en gelykluidend optree. Hulle moet logies wees en nie irrasioneel en emosioneel eensydig nie. Die kind moet kan onderskei en begryp waarom die ouer sus of so optree.

Die ouer moet in die gesagsuitoefening nie oordadig te werk gaan en die kinders domineer nie. Hier moet die juridiese ekonomie in ag geneem word, soos Hommes dit as volg stel: „de juridische economie kunnen wij omschrijven als de juridischbesparende wijze van behartiging van rechtsbelangen ter bevrediging van erkende rechtsbehoeften.”¹

Dit hang weer nou saam met die feit dat die regshandhawing in die gesin tipies deur die morele liefdesnorme gelei en gestempel word. Hommes wys ook op die eie oorspronklike aard van die regsaspek en die morele (liefdes) aspekte maar ook op die onverbreeklike samehang: „Het rechtsaspek ligt in de universele tydsorde aan het morele ten grondslag, terwijl het onder leiding van dit laatste wordt verdiept en ontsloten.”²

Ten diepste beteken dit dat die ware ouer wat sy kind waarlik liefhet, reg handhaaf in die gesin, desnoods met hardhandige tug : juis en terwille van die kind.

Die kind moet die gesindheid en eerlike motief van die gesagshandhawing goed begryp. Hy moet die billikheid daarvan kan insien en beredeneer en intuïtief psigies aanvoel. Dan is daar ook toename, dit wil sê, groei in die kind se regsbewussyn en die vertrouwe in die gesagsfigure.

Sterk gesagshandhawing en ontvanklike gehoorsaamheid daaraan versterk die gesinslewe en die opvoedende invloed daarvan.

Die gesin het ook sy eie tipiese regstaal wat tot die kind spreek. Enkele woorde, net 'n blik of gebaar van die ouer kan boekdele spreek tot die kind by wyse van wenk of vermaning om sake in die regte koers te stuur.

1. HOMMES H.J. van E. a.w. p.441.

2. Ibid p.492.

So word „die boompie gebuig" terwyl hy nog jonk is en die kind voorberei tot 'n ordeliewende mens in die gemeenskap. So word morele geregtigheid in die kind se lewe met vormende beheersing gelei en gevoed en is die gesinsopvoeding ook in hierdie opsig 'n sine qua non van 'n voorspoedige samelewing.

10.5 DIE GESIN SE GESAGSBEGRENSING : SOEWEREINITEIT IN EIE KRING (s.i.e.k.)

Elke regsverband of -gemeenskap het sy grense, selfs die staat, die hoogste gesagstruktuur het sy grense.¹

Alle regssubjekte is juridiese eenhede.

Die huisgesin is 'n liefdeseenheid met 'n juridiese aspek.

Die huisgesin het sy eie regsgebied waaroor dit gesag uitoefen, as geldingsgebied, afgebaken deur die gesin se struktuur.

Vir die gesin beteken dit dat sy grense in verhoudinge tot ander samelewingsverbande duidelik af te baken is. Die gesin het 'n eie interne vryheid in eie bevoegdheid, al is dit op velerlei wyse vervleg met die ander samelewingsverbande en gebeur na buite.

-
1. Vgl. HOMMES H.J. van E. : a.w. p.116.
 Vgl. DINGERINK D.J. : SOEWEREINITEIT IN EIGEN KRING. In : Christelike Encyclopedie VI, p.211. Hy skryf: „Die kerngedachte die in de woorden s.i.e.k. ligt uitgedrukt is, dat God alle verskijnselen in de door hem geschapen werkelijkheid - dus zowel hetgeen wij aantreffen in de zogenaamde anorganische natuur en de planten- en diernwereld als ook in de menselijke samenleving en ordeningen of structuurwetten die haar oorsprong en bestand vinden in Gods soevereine scheppingswil."
 Vgl. DOOYEWEERD H. : VERNIEUWING EN BEZINNING, p.42.
 Dooyeweerd stel hierdie belangrike beginsel vir die menslike samelewing in die skeppingsorde gegrond soos volg: „Het beginsel der soevereiniteit in eigen kring is een scheppingsbeginsel, dat onverbrekelyk samenhangt met het Schriftuurlijk grondmotief der Christelike religie. Het leert ons niet slechts de onderlinge onherleidbaarheid, maar niet minder de onverbrekelyke innerlijke verbondenheid en onafscheidelyke samengang aller aspecten der werkelijkheid in de orde van de tijd kennen."

Hommes.....

Hommes sien die huisgesin in die ruimtelike aspek soos volg:
 „Zo behoren tot de natuurlijk gemeenschap van een gezin de ouders en de uit hun stammende minderjarige kinderen. Ook al leven gezinsleden tydelijk niet in een zelfde huis, 'toch blijft de gezinsgemeenschap intact.“¹

Die regsgeldingsruimte van die gesin geld net vir hulle wat aan die huisgesin behoort en ander mense wat hulle in die gesinswoning bevind.

Die regslewe van die gesin hang ook nou saam met die kultuurhistoriese ontwikkelingspeil van die samelewing. Die samelewing beïnvloed die gesinslewe, daarom sal in dieselfde samelewing die gesinsreëls van verskeie gesinne opvallend ooreenstem.

Belangrik is dit dat die huisgesin sy regsreëling kan orden soos dit die bepaalde gesin en hul omstandighede pas. Dit is daarom belangrik dat die staatlike regsgebied die nie-staatlike regsgebiede sal erken, met name die van die gesin.² In 'n diktatoriale staat met sy staatsuniversalisme word die s.i.e.k., ook wat die gesin betref, misken en word dit vir die gesin onmoontlik gemaak om sy vryheid en reg in eie kring te handhaaf.

Alhoewel die gesin soewerein is in eie kring, is dit tegelyk ook aan Gods universele wette onderworpe, omdat die samehang tussen die wetskringe vir alle samelewingsverbande geld.

Die gesin leef in al die wetskringe ooreenkomstig die eie struktuur-norm en dit moet gehoorsaam nagelewe word om 'n gesinslewe tot eer van God te wees.

So mag die ouer byvoorbeeld nie sy kind aan twyfelagtige kunsuitvoerings laat deelneem nie, net om die estetiese nie. Die gesinsgesag en gesinsliefde moet ware estetiese beleving vir die kind tot sy reg laat kom.

Die gesin het 'n taak en roeping in elke lewenskring om dit onder leiding van die Christelike geloof te ontsluit.

1. HOMMES H.J. van E. a.w. p.129-130.

2. Ibid p.342.

Indien die gesin hul eie reëls oortree en daar wanorde heers, het die staat die reg en die plig om die orde in daardie gesin af te dwing.

Ouers is ook nie vry om hul kinders losbandig op te voed nie, want hulle is 'n gevaar vir die samelewing.

Ouers het 'n plig teenoor die staat, die kerk, die skool, die samelewing, om hul kinders op te voed om gedissiplineerde en wetsgetroue en -gehoorsame landburgers te wees op wie die ouers trots kan wees in ooreenstemming met 3 Joh : 4 - „Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my kinders in die waarheid wandel.“

HOOFSTUK 11

DIE ESTETIESE ASPEK VAN DIE OPVOEDING

Die gesin se estetiese opvoedingstaak kan onder die volgende aspekte toegelig word.

11.1 DIE SKOONHEID VAN DIE BYBEL

Ons eerbiedig die Bybel as die openbaring van God aan die mens waarin Hy sy verlossingsplan bekend maak.

Schoonheid is egter 'n inherente, dit wil sê, inwonende, onafskeibare eienskap van die waarheid en in sover ook 'n intrinsieke eienskap van God en Sy openbaring in natuur en Woord.¹

Daarom is bewondering en waardering van die schoonheid van die Bybel nie alleen geoorloof nie, maar is dit ons dure plig.

Dekker het die schoonheid van die Bybel en die invloed daarvan treffend gestel in die volgende sin: „Die Bybel, as magtigste kunswerk van die wêreld, was altyd en sal altyd bly die rykste en diepste bron van inspirasie vir die kunstenaar.”²

Die invloed van die Bybelse taal en voorstellingswyse vind ons by baie skrywers. Ons vind die invloed van die Bybel in verskillende kunsvorme, soos byvoorbeeld in die onverganklike skone sange van Dante, Vondel en Milton; in die magtige apokaliptiese visioene van Michelangelo; die klassieke kunswerke van Raffael; die mistiek-gloeiende doeke van Rembrandt; die sonore musiek van Bach; die ekstadiese simfonie van Händel ens. Ons verwys hier na die uitnemende werk van Wielenga: „De Bijbel als Boek van Schoonheid”, waarin hy die schoonheid van die Bybel beskryf.

11.2 GOD, DIE BRON VAN DIE SKONE

God alleen is in absolute sin Skepper. Ons lees in Gen. 1:31 -

-
1. Vgl. DEKKER J.J. : DIE SKOONHEID VAN DIE BYBEL. In: Koers in die Krisis I, p.96.
 2. Ibid p.97.

„Toe.....

„Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed.”

Venter se kommentaar op die teks lui: „Die oorspronklike skeppingswerk was ongetwyfeldvolmaak in sy onnaspeurlike skoonheid, 'n skoonheid wat ons eers weer sal aanskou by die vernuwing van alle dinge aan die einde van die tye.”¹

Coetzee merk ook tereg op: „God is self die Bron van die skone en alles waarvan Hy die Bron is, is van fundamentele betekenis in lewe en in opvoeding.”²

Ons konkludeer hieruit dat die norme van God vir die skoonheid en harmonie die enigste norme vir die mens is as hy kuns wil skeep wat God verheerlikend is.

Gods Woord open die mens se oë om die ware essensie van die skone te ontdek as 'n afskynsel van God vir die doel om God te eer.”³

Dawid het die waarheid begryp toe hy in Ps. 19:1-7 geskryf het: „Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande....”

Om kunstenaar te wees is 'n ingebore goddelike gawe wat die mens met die sondeval nie geheel ontnem is nie.

Ons moet besef dat die Bybelse - religieuse boodskap dat God as Skepper, die skepping goed en mooi gemaak het; dat die estetiese aspek deel is van al die voorbeelde van sy handewerk.

Lewens- en wêreldbeskoulik moet die kind hierdie grondslag van die ouers ontvang dat hy spontaan die ouers in die hart sal naspreek : Hoe wonderlik is dit of dat wat die Here gemaak het. Hy moet die kinderlike verwondering by die ouers aanleer.

1. VENTER E.A. : DIE GELOWIGE IN DIE SAMELEWING, p.64.

2. COETZEE J.C. : INLEIDING TOT DIE TEORETIESE OPVOEDKUNDE, p.160.

3. Vgl. STEYN J.A. a.w. p.80.

11.3 KUNSVORMING IS KULTUROPDRAG VAN GOD

In die opvoeding van die kind, moet die kind onder die besef gebring word dat kunsvorming deel is van die kulturopdrag van God (Gen. 1:27,28; Ps. 8:7).

Alle kunswerke wat volgens estetiese en ander norme gedoen word is tot eer van God of nie en is nie net godsdienstige of gewyde kuns nie.

Dit is God wat die kunstenaar tot die skepping van kuns bekwaam en roep.¹

Waar die Woord van God beslag lê op die hart van die Christen, moet dit ook weerspieël word in sy kuns. Ons is diensknegte van Christus en dit is ons ook as kunstenaars, indien die gawe ook ons deel mag wees.

Die mens moet in diens van die Here staan met sy hele lewe. Die mens se lewe is 'n eenheid en kan nie in sy breë verband geskei word van sy diens aan God nie.

Abraham Kuyper beweer dat kuns 'n teruggryp is na die Paradys, na die skone wat die sonde hom ontnem het. Die skone kuns is ook 'n heenwys na die skone toekoms wat wag.²

Om kuns te lewer wat aan die Skrifnorme voldoen, het die mens 'n wedergebore hart nodig, want Spr. 4:23 geld ook vir die kunstenaar. 'n Vernuwning van die hart bring 'n vernuwning van die hele lewe mee.³

11.4 DIE MENS EN SY TALENTE

Talente word deur die Skepper aan die mens gegee volgens sy welbehag.

Elke kind in die gesin het nie dieselfde begaafdheid of eweveel

1. Vgl. VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. a.w. p.73.

2. Vgl. BOOYSEN M.J. : JEUG EN KUNS. In : Dink aan jou Skepper, p.189.

3. Vgl. DE SPIEGEL-DOMINEE : IK WIL EENS MET U PRATEN, p.61.

talent nie en hulle moet leer om te berus by wat elkeen ontvang het sonder om jaloers te wees. Die meerdere talent van die ander huisgenote moet juis inskiklik aanvaar word as verblydend en met trots: dis my broer of suster wat dit kan lewer.

'n Belangrike aspek in hierdie opsig van die gesinsopvoeding is dat die ouers hulle kinders met die oog op valse ideale nie moet dwing om 'n musiekopleiding te geniet nie - 'n veel voorkomende opvoedingsfout. Dis gesagsmisbruik wat die kind veronreg saam met die ideaal van die ouer na meer sosiale status via die kind.

Die gelowige ouer moet biddend die kind se talente ontdek en ontgin. Waar die ouer self nie die kind se aanlegte kan ontwikkel nie, moet hy hulp van buite kry. Ouers is dit aan hulle kinders verskuldig om hulle na alle aspekte waarvoor hulle aanleg het, na die volle potensiaal van die kind te laat ontwikkel sodat hy ook na die estetiese die volle mens sal wees wat hy kan wees.

Van Vuuren beweer dat dit tot die natuur van die mens behoort om skoonheid te waardeer. Hy sê: „as hierdie aspek van die mens se lewe verwaarloos word, verskraal dit sy opvoeding, terwyl die opwekking van hierdie aspek 'n ontplooiing van die ander aspekte meebring. Dit bring 'n volwaardiger mens mee.“¹

In die estetiese vorming van die kind moet die ouers eerstens goeie smaak by die kind ontwikkel, tweedens die kind leer om kuns te waardeer en dan derdens ontdek of die kind aanleg besit en dit dan ontwikkel of laat ontwikkel.²

Die kind moet binne die gesin gelei word om esteties vormend op te tree. Dit kan gedoen word by wyse van tekenprente, tuisversiering, samesang en musiekspel. Die samesang en musiekspel skep 'n samebindende faktor in die gesin wat moeilik oorskakel kan word en beliggaam van die mooiste oomblikke in die gesinslewe.

Ekstern moet die geleentheid vir die kind geskep word om kuns-uitvoerings en -uitstallings te belewe, afgesien van die radio en tele-

1. VAN VUUREN J.C.G. : ORIENTERING IN DIE PEDAGOGIEK, p.103.

2. Vgl. VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. a.w. p.72.

visie se opvoedingsmoontlikhede daartoe. Daarbenewens moet ouers hul kinders voorsien van goeie literatuur binne die gesin, nie net oor die kuns nie, maar ook leesstof en musiek wat die goeie smaak bevorder.

'n Uiteraars strategiese aspek van die estetiese gesinsopvoeding, is om skokbrekers te skep teenoor die psigedeliese „musiek" wat op die plate-speler . die gesin mag teister, afgesien van die radio en televisie. Alle popmusiek kan nie as problematies beskou word nie - psigedeliese musiek wel, want die naam dui al die problematiese aan.

Dit bevestig die feit dat die gesinsopvoeding in hierdie opsig 'n geart kuleerde taak het om die kinders op te voed tot geestelike weerbaarheid teenoor kwasikuns in verskeie vorme wat die mens assodanig na benede trek.

11.5 SATAN EN DIE KUNS

Na die sondeval het die mens 'n worstelstryd teen demoniese invloede. Die mens moet hierdie invloede nie onderskat nie. So wyd as die mens se bestaan is, so wyd is die front waarop die demoniese invloede wat op die mens se lewe gemonster is.

Satan slaag daarin om heidense literatuur te skep oor mitologie waarin gehandel word oor demone, afgode, half gode, sages. Hulle is almal godsdienstig, maar die ware God ken hulle nie. So verlei Satan volke om God te misken en te ignoreer.

In elke stad van Egipte was 'n afgod aanbid, maar nie een het aanspraak gemaak dat sy god die ware en enigste god is nie.

Satan het daarin geslaag om Israel met sy literatuur te isoleer. Vandag nog gebruik Satan begaafde skrywers om briljante geskrifte die lig te laat sien, maar hulle swyg God dood. Hulle beoefen kuns maar neger die groot Kunstenaar.

In die skilderkuns vertoon die mens op besondere wyse dat hy beeld-draer van God is. Satan slaag daarin om God ook hier dood te swyg. Waar God egter erken word, getuig die kuns van heilige grond waarop skepper en kyker hul beweeg.

Dit.....

Dit geld ook van die beeldhoukuns en boukuns dat Satan daarin slaag om God daar dood te swyg, dat sy norme daar nie erken word nie, maar dat dit dikwels wemel van ateiïstiese gedagtes. Kuns word meestal ingespan om die sonde te dien eerder as om God te verheerlik.¹

Vir baie kunstenaars en baie kuns bewonderaars is kuns hul god, of hul afgod.

Ook die lied word van God afgewend om die mens te verheerlik.

Die Hervorming het weer daarin geslaag om aan die lied terug 'n majesteit te gee wat op God die Almagtige en Christus die Hoof en Verdediger van sy Kerk gerig is.²

Die Kerklied het 'n groot bydrae gelewer om die Voortrekkers teen geestelike verwildering te beskerm en om hulle 'n godsdienstige volk te hou. Jesus Christus het vir die sonde van die mens gesterf, ook om hom te bevry van die invloed van demoniese magte wat hom verlei om God ook in die skone te ignoreer.

11.6 LEWENSSTYL

Lewensstyl behoort ook tot die estetiese lewe van die mens.

De Spiegel-Dominee beskryf lewensstyl soos volg: „We bedoelen daarmee het geheel van vormen, uitingen, gedragingen en gewoonten, die uit een centraal beginsel opkomen en met die ene kern in harmonie zijn.“³

Nêrens spreek afkoms, tradisie en opvoeding so duidelik mee as hier nie. Die bedoeling is nie dat alle Christene se lewensstyl dieselfde moet wees nie, maar ons bedoel dat die kern van alle Christene se lewensstyl in die geboorte van God gevind sal word.

Flemming sê ook: „Etiket in die sin van mooi maniere of korrekte maatskaplike omgangsvorme, is ook 'n aanwysing of kaartjie met besonder-

1. DE BOND T A. : DAEMONISCHE INVLOEDEN IN ONS LEVEN, p.1-3.

2. LOOTS P.J. : ONS KERKLIED DEUR DIE EEUE, p.163.

hede oor die persoon se opvoeding, agtergrond, beskaafdheid, welwillendheid en menseverhoudinge."¹

Mooi maniere en goeie gedrag is om die eie lewe so te reël dat mense vir mekaar eerbied sal he en konsiderasie sal betoon, want aan sy maniere word 'n mens ook geken.

Jesus het gesê: „Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart, goeie dinge te voorskyn en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart slegte dinge te voorskyn. (Mat. 12:34,35).

Sy gedrag vertolk sy hart se inhoud.

Mooi maniere is 'n stelsel van selftug en selfdissipline in belang van homself en die medemens. Dit is 'n sleutel tot gesonde, gelukkige verhoudings in huis en samelewing. Die liefdesgebod is dus ook bepalend vir die regte lewensstyl.

Die strengste toets vir goeie maniere, sê Flemming, is binne die eie huis aan tafel, in geselskap, in die Kerk, op besoek, op straat, op reis, met die telefoon, by die toonbank of lessenaar, in die kafee, by 'n persoonlike onderhoud, by 'n huwelik, in die openbare lewe, op skool."²

Groenewald beskou dit so dat 'n Christelike lewensstyl alleen moontlik is as die mens hom hou aan die eerste lewensbeginsel, naamlik: „Ek is en leef en sterf tot eer van God - die Vader, Die Seun en die Heilige Gees." Verder sê sy: Wie se denke en gevoele so ingestel is, sal voortdurend soek na die hoogste, die beste, die skoonste in die lewe."³ Dit geld ook vir die lewe in die huis, die meubels, prente, blomme, versierings, ensomeer.

Meima sien dit so dat die ouer sy kind moet opvoed deur selftug toe te pas, dan sal sy opvoeding slaag, want hy moet self die reëls naleef wat hy sy kind voorsê. Hy sê verder: „Alleen wanneer ze hebben leeren

1. FLEMMING H.C.J. : MOOI MANIERE EN GOEIE GEDRAG, p.9.
2. FLEMMING H.C.J. a.w. p.11.
3. GROENEWALD G. : HUWELIKSE LEWENSVERSIERING. Uit : Vroue-harte, p.173.

luisteren naar een innerlijk wet, die voor het leven geldigheid heeft overeenkomstig de Goddelijke ordinatiën, kunnen we ze het leven laten ingaan en zelfstandigheid gunnen."¹

Dit is onmoontlik om alle vorme van disharmonie in die lewensstyl uit te wys, maar 'n paar ongerymdhede moet tog op gewys word.

Die eerste waarop ons wil wys is die gewoonte by baie mense om die Naam van die Here ydelik te gebruik of om te vloek.

Ons wys op die dra van sekere hangertjies wat bedoel is vir versiering maar wat bewus of onbewus 'n afgodiese karakter dra.

'n Gebruik wat ook nie met Christene vereensêlwig kan word nie, is Saterdagtheiliging in 'n veelheid van vorme soos sport, handeldryf en vertoonhuise en doellose reise.

Ons kan die lys aansienlik aanvul met ander irriterende gewoontes soos rook in motors, sale en huise en drankmisbruik.

Daar moet harmonie wees in die gesinsvermaak, die televisie-kyk en bioskoopgang. Veral die godsdienstige gebruike van die gesin moet nie deur televisie versteur word nie, ook nie die leef- en eetgewoontes nie.

Die sonde het ook die lewensstyl en die lewensaktiwiteite van die huisgesin aangetas en die mens onbekwaam gemaak om die skone na vore te bring.

In ons tyd is 'n nuwe, meer permissiewe samelewing besig om vorm aan te neem. Die wêreld is die duidelikste afgeteken in die wêreld van die kunste : in toenemende naaktheid en openhartigheid van die hedendaagse film, in die stomp, haas obscene taal van die moderne literatuur, in die blatant eerlike liriek van die popliedjies, in die ont-kleding van die moderne ballet, in die eroties-gelade kuns, in die vryer

1. MEIMA G. : GEZINSLEVEN, p.87.

model en oriënterende ontblotende reklame.

In 'n Christengemeenskap werk al die dinge disharmonie. Die estetiese vind in al die wetskringe uitdrukking, dit wil sê, in elke wetskring behoort daar die skone harmonie aanwesig te wees, maar as gevolg van die sonde is daar disharmonie. Daar 'n Christelike opvoeding alleen kan daar die harmonie wees wat voldoen aan die norme van God Drie-enig.

11.7 DIE VERBAND TUSSEN DIE ESTETIESE EN DIE ANDER LEWENSASPEKTE

Die tipiese kwalifiserende eie aard of sinkern van die estetiese funksie van ons lewe is die skone harmonie. In die woorde van Spier beteken dit: „om dinge in hul skoonheid te waardeer en om terselfdertyd 'n afkeer te hê in die walglike en lelike.”¹

Die mens kan self esteties-waardevolle dinge maak.

Dooyeweerd gebruik ook die begrip „eweredigheid” as sinoniem met skone harmonie.² Dit beteken dat 'n ding mooi of lelik is, meer of minder mooi, aanstaand en afskuwelik is.

Die mens se estetiese subjeksfunksie moet vorming en ontwikkeling ondergaan, indien hy tot kunstwaardering en selfs ook kunstproduksie wil lewer.

Die estetiese aspek is deel van ons ervaringslewe. Hommes stel dit treffend soos volg: „Het is een aspect van onze integrale tijdelijke ervaringswereld waarin alle dingen van de menselijke samenleving fungeren.”³

Die estetiese aspek is 'n selfstandige aspek wat nie met ander aspekte verwar moet word nie, soos byvoorbeeld met die gevoelaspek nie.

1. SPIER J.M. : ORIËNTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p.39.
Vgl. KALSBECK L. a.w. p.98.
2. Vgl. Ibid p.39.
Vgl. VAN DEN BERG D.J. : ENKELE GEDAGTES OOR DIE KUNSHISTORIES-METODOLOGIESE BETEKENIS VAN DIE VRAAG NA DIE RELIGIEUSE GRONDSIGTEKING VAN 'N KUNSSTYL. T.C.W. 10j. 2K 1974, p.69,70.
3. HOMMES H.J. van E. a.w. p.468.

Die waardering van die estetiese hang nie van die gevoel af of 'n ding mooi of lelik is nie. Die estetiese het sy eie norme waarvolgens kuns beoordeel moet word.

Die estetiese vind 'n analogie of antisipasie in die geloofsaspek, dan praat ons van geloofsharmonie, bedoelende eensgesindheid onder geloofsgenote. Disharmonie kan in die geloofskring voorkom waar mense die geloofsaspek op die spits dryf of waar dit verwaarloos word. Ons vind voorbeelde hiervan by dweepsiek Christene en by die Kerk se evangelisasie voorwerpe, waar mense opgespoor en aangespoor moet word om hul Christelike belydenis met 'n Christelike lewe te versier.

Die estetiese analogie in die etiese wetskring is ook baie belangrik vir die harmonie in die huwelik en gesin.

Die gesinslewe moet gebalanseerd wees en nie na 'n uiterste oorhel nie. Liefde kan misplaas wees as daarmee alle onheilighede bedek word. Liefde kan ook ontbreek waar oormatige gestrengheid die huislike lewe reglementeer.

Die reg moet met billikheid gehandhaaf word in die gesinslewe, anders word die regsharmonie verstoort.

Die estetiese retrosipeer op die ekonomiese aspek waar dit veral eis dat daar 'n gesonde balans in die gesinslewe gehandhaaf sal word tussen die gesinsinkomste en uitgawe. Waar die gesin vrekkerig leef en ondervoed en spandabelrig leef en om die rede gebrek ly, is die ekonomiese harmonie versteur.

Sosiale omgang en sosiale verkeer moet harmonieus wees, dan sal die sosiale omgang met die medemens vrugbaar wees, maar disharmonie in sosiale verhoudinge skep wrywing tussen mense.

Die taalaspek het ook behoefte aan die skone en aan eweredigheid. Suiwer en korrekte taalgebruik is 'n genot om na te luister, maar as iemand alleen die gesprek oorheers, of as mense mekaar „doodpraat" of as kragwoorde die gesprek ontsier, geniet mens nie die gesprek nie.

Binne.....

Binne die huisgesin spreek die estetiese van die bestaande orde van harmoniserende verstandhoudings oor die werksprogram, die verdeling van sakgeld tussen kinders, die maksimum van besteding; die voorbeeldige verstandhouding tussen pa en ma ten opsigte van die beskikbaarheid van geld vir lopende uitgawes, en dies meer.

Al die belange van die gesin moet afwegend, gebalanseerd-harmonies, gelykmatig tot sy reg kom met die beskikbare geld.

Dis byvoorbeeld disharmonies as die vader vir sy stokperdjie spandeer en ander aspekte moet skade ly.

DIE EKONOMIESE ASPEK VAN DIE HUISGESIN SE OPVOEDING, SOOS GEÏN-
TEGREERD MET AL DIE ANDER NORMATIEWE CHRISTELIKE LEWENSUITINGE

12.1 BEGRIPSBEPALING

In die ekonomiese lewe het ons met die mens en sy besittings te doen. Die vraag waarom dit hierin gaan, is hoe die mens te werk gaan met die besittings wat God aan hom gegee het.

Wurth sê dat die mens en sy besittings nie van mekaar geskei kan word nie: „Dat goed mag hier nooit worden geïsoleerd van de mens. Het gaat altijd om economisch handelen en handelen is nooit denkbaar zonder een mens, die handelt.”¹

Dit beteken dat alle handeling van die mens 'n ekonomiese aspek het. Die sinkern van die ekonomiese sin van die werklikheid, is volgens Schoeman, ewewigtige besparing.²

Die ekonomiese aspek is die bestaanswyse wat dit by ons tuisbring dat alles wat nie vir elkeen in oorvloed beskikbaar is nie, waarde het.³

In die verband word geld as waardemeter gebruik. Om die rede word vir waardevolle dinge baie geld betaal.

Op grond van hierdie bestaanswyse, is dit sinvol om te werk en geld te verdien en om die geld ekonomies-spaarsaam te benut.

Die ekonomiese aspek het die sosiale as fondamentstuk want ons stoflike besittings kom die beste tot hul reg in ons onderlinge omgang en verkeer met mekaar.

In die ekonomiese kan ons 'n keuse uit 'n veelheid doelstellings

-
1. WURTH G.B. : HET CHRISTELIJK LEVEN IN DE MAATSCHAPPIJ, p.174.
 2. SCHOEMAN P.G. a.w. p.108.
 3. SPIER J.M. : ORIENTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, p.39.

maak, aangesien ons nie alle doelstellings kan verwesenlik nie. Hierdie stand van sake noop ons om 'n ekonomiese gebruik te maak van die beperkte middele wat in 'n volgorde van belangrikheid en dringendheid aan ons behoeftes moet voldoen.¹

Die bevrediging van die behoeftes vind plaas deur die gebruik van goedere en dienste. Dit beteken dat ons ons inkomste op voordeligste manier sal gebruik om vir ons tot die grootste nut te wees.

Ruppert sê van ons ekonomiese handeling die volgende: „De konsument die ekonomisch handelt, zal zijn verbruikshuizhouding op zodanige wijze voeren, dat zijn inkomen wordt besteedt voor de aankoop van die combinatie van verbruikersgoederen en diensten, welke het grootst mogelijke nut sticht. Daarnaast zal hij streven naar een zodanige aanwending van zijn arbeidskracht en besparing, dat het langs die weg verkregen inkomen in een gunstig mogelijk verhouding staat tot de opoffering van anderscortige tydsbesteding en van verbruiksmogelijkheid enerzijds, tot de bevrediging door arbeidsvreugde en bezitstrots anderzijds, die arbeiden en sparen meebrengen.”²

Arbeid het waarde en produkte van die arbeid het waarde. Die pryse van goedere word bepaal deur die effektiewe aanbod daarvan. Skaars goedere is daarom duur.

Die hoeveelheid geld beskikbaar sal dus bepalend wees wat en hoeveel ons kan koop.

De Roos omskryf ekonomie soos volg: „Deze houdt zich bezig met de problemen, die voortvloeien uit het menselijk handelen, voorzover dit betrekking heeft op schaarse goederen die voor bevrediging van menselijke behoeften kunnen dienen en voor een veelheid van doeleinden kunnen worden aangewend; het ekonomisch handelen houdt derhalve altijd het maken van een keuz in.”³

-
1. Vgl. RUPPERT M. : ECONOMIE. In : Christelike Encyclopedie II, p.534.
Vgl. CRONJE G. : MENS TOT MEDEMENS, p.56.
VERMEULEN A. a.w. p.38.
 2. Ibid p.534.
 3. DE ROOS F. : ECONOMISCHE FACULTEIT. In : Eenheid in Veelheid p.81.

12.2 NORME VIR DIE EKONOMIESE LEWE

Die ekonomiese aspek word ook deur norme beheer en is dus oortree-
baar.¹

Die Here het 'n duidelike arbeidsopdrag aan die mens gegee (Gen. 1:28)
Na die sondeval is die arbeid verswaar (Gen 3:17-19).²

Deur moeitevolle arbeid sal die mens sy brood verdien. Dit is hierdie moeitevolle arbeid gepaard met die sonde-neiging van die mens, dat die mens makliker maniere uitgedink het om sy brood te verdien en om voeruit te gryp na wat God nie bedoel het dat hy moet besit nie, daarom het God in sy Wet, in die agtste gebod, die mens verbied om te steel,³ omdat die mens deur eerlike arbeid sy brood moet verdien.

Die geneigdheid van die sondige hart van die mens is om te dink en te handel asof hy absolute besitter is, wat hy in der waarheid nooit kan word nie, want „die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon." (Ps. 24:1)

Daarenteen belet die Skrif werkskuheid. Ons lees in 2 Thes. 3:10:
„As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."

Wat die Here dus van ons vra, is om in gehoorsaamheid aan sy werksopdrag te arbeid en om 'n oop hand te hê vir die behoeftes van ander mense (diens van barmhartigheid) en om na gasvryheid te streef (Rom.12:13).

Die formulier vir die bevestiging van die huwelik, stel dit duidelik soos volg: „En aangesien dit die bevel van God is dat die man in die sweet van sy aangesig sy brood moet eet, moet u ook getrou en ywerig in u beroep arbeid, sodat u u huisgesin met God en met eer kan onderhou en bowendien ook iets kan hê om aan die hulpbehoewendes te gee".⁴

Die Christelike huisgesin weet om in hul nood op God te vertrou want: „God het mag om alle genade oorvloedig te laat wees, sodat julle

1. Vgl. DE KLERK J.J. a.w. p.269.

2. Vgl. veral GENESIS 3:19 :„In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet....."

3. GENESIS 20:15.

4. DIE KERKBOEK VAN DIE NEDERDUITS GEREFORMEERDE KERK, p.79.

altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk (2 Kor. 9:8).

Ook in sy stoflike nood, maak die Here voorsiening vir die wat op Hom vertrou - en die geleentheid om te kan werk is juis part en deel van hierdie voorsiening.

12.3 DIE GESINSEKONOMIE EN GESINSARBEID

Die huisgesin het sy eie tipiese liefdesekonomie as interne stelsel wat verskil van die van die kerk, die staat, verenigings en maatskappye.

Die gesin het 'n vaste bron van inkomste, naamlik die van die vader en by sommige van die moeder ook, as sy professionele werk doen, solank hulle gesond is en leef.

Die gesinsinkomste moet al die gesinsuitgawes dek, soos ons dit reeds aangetoon het. Die gesin skep ook eie artikels wat ook ekonomiese waarde het en verrig ook take wat besparing in die hand werk.

So sal die vrou self die gesinswasgoed was, maar 'n bediende aanhou vir die strykwerk, waarvoor daar betaal word.

Dit gaan in sommige huisgesinne moeilik om in alle lewensbehoefte te voorsien as gevolg van die inflasie en hierdie gesinne moet meer take self behartig omdat hulle nie 'n bediende kan bekostig nie.

Dit is soms verrassend om te sien wat in sommige huise gedoen kan word om die gesinsekonomie te laat klop. So weet ons van 'n gesin waar 'n vyf, sesjarige die volgende take verrig:

Hy maak sy eie bed op, pak sy eie klere netjies in sy klerekas, bêre self sy speelgoed op hulle plek, gee die plante in die huis water, maak asbakke leeg, gee die huisdiere kos, dek tafel en dek weer die tafel af. Hy verdien so 'n paar sent per week, meer as die gereelde sakgeld wat hy ontvang. Met die sakgeld spandeer hy volgens eie begroting. Iets gaan in die spaarbussie, 'n paar sent gaan vir Sondag se kerk en Sondagskool, hy koop 'n bietjie lekkers en as daar nog geld oor is, gaan

die.....

die ook na die bank of die spaarbussie vir 'n groot ding wat hy later, as hy genoeg geld het, vir homself kan koop.

'n Tiener kan die vullisblikke uitsit, die motor binne en buite skoonmaak, koper- en silwerware opvryf, vuur aansteek, vloere poleer met poleerder. Die tienerdogter kan al haar klere self was en stryk. Vir die tiener gee die ouer meer sakgeld, want dit is belangrik dat hulle van jongs af leer om op 'n eie begroting te werk, om met min baie te vermag, om met goeie smaak eie kleinigheidjies te koop. So leer hulle ook selfstandig dink, beplan en besigheid doen.

Hierdie huiswerkies het ekonomiese waarde vir die kind en vir die ouer wat met een bediende minder of selfs sonder 'n bediende die mas kan opkom.

Die moeder wat self voorsien in die kinderklere en as dit kan ook haar eie, spaar baie kontant geld. 'n Vader wat minder ernstige elektriese reparasies self kan behartig, is net so 'n groot ekonomiese bate in die huis en as hy nog self motorwerktuigkundige is, kan die maandelikse besparing 'n aardige bedrag beloop.

Daar is baie werke in die huis en buite om die huis wat die gesin kan behartig. Gewoonlik is die tuine om die huis behartigbaar vir die gesin. Daar leer hulle om as 'n eenheid saam te werk, mekaar se werk te waardeer, mekaar behulpsaam te wees, saam te geniet uit die tuin se skoonheid en wat dit alles oplewer. So word ook die gesinsliefde gevoed. As die seun byvoorbeeld die eerste rosie pluk en dit vir die moeder aansteek, blom sy van vreugde. As die gesin teen sonder saam op die grasperk ontspan, word die gesinsliefde gevoed, die gesinsdenke en taal gevorm, die sosiale omgang verdiep, die gesinsherinneringe geskep. Saam geniet hul die prag van hul tuin; die uitvoering van Gods opdrag om sy skepping te versier met plante.

Die tuin is ook geld werd, die gesin verkoop egter nie wat die oplewer nie, maar gee eerder daarvan weg. Hulle genot wanneer ander mense saam met hulle die skoonheid en oorfloed kan geniet, is beloning genoeg vir al die sweet in die aangesig.

As.....

As die gesin so gesellig bymekaar is, word die belangrikste werk in die wêreld verrig, naamlik deel van die opvoeding van die gesin.

Plante en blomme en huisdiere lewer saam hul bydrae in 'n belangrike deel van die gesinsopvoeding.

Liefde vir die arbeid word in die tuin aangeleer, 'n verantwoordelikeheidsin word gekweek, dissipline word ingeskerp, netheid word aangeleer, besparing van water, kunsmis en grond word ingeskerp.

Terselfdertyd word ekonomiese vryetyd geniet wat die huisgesin kosteloos kan gebruik.

In die klein tuintjie om die huis, geniet menige Afrikanergesin nog iets van die rustige boereplaas. Daar het hulle nie vir geld gewerk nie, hulle was selfversorgend.¹

Nou werk die huisgesin in die stad om aan die lewe te bly en as siekte of dood die broodwinner se inkomste afsny, dan ly die gesin gebrek en raak hulle afhanklik van die barmhartigheid van die kerk of liefdadigheidsorganisasies, van ander mense.

Dog as die vader ruim voorsiening gemaak het deur polisse, assuranse en spaargeld, dan kan die ekonomie die lewe van die gesin laat voortgaan sonder sorge oor wat hulle sal eet of drink.

Die ouers het ook 'n plig teenoor hulleself om ruim genoeg voorsiening te maak vir pensioen vir die oudag, sodoende sal hulle nie 'n ekonomiese las vir hul kinders wees nie, maar nog iets vir hul kinders kan nalaat.

Voorsiening moet ook gemaak word vir die moontlike werklose dae as gevolg van siekte of ongeskiktheid vir werk.

Die gesinsbegroting moet ook voorsiening maak vir die studie en opleiding van die kinders vir hul toekomstige beroepsarbeid en ook om vir

1. ALBERTYN J.R. e.a. : KERK EN STAD, p.10.

die ontwikkeling van moontlike kunstalent in een of meer vorm vir sport en kulturaangeleenthede waarin hulle mag belangstel.

Die huisgesin is die plek waar kinders voorberei word vir die wye wêreld waarin hulle tuis moet wees. Vir die omvattende opvoeding moet ouers ruim begroot, Geleerdheid, kennis, vaardigheid besit alles ekonomiese waarde. Om die doel te bereik, moet die kinders instaat gestel word om konserte, kunsaanbiedinge en dergelike byeenkomste by te woon. Ouers moet 'n verskeidenheid goeie leesstof voorsien, goeie smaak vir musiek aankweek deur ordentlike plate aan te skaf.

Ouers moet ook sosiale byeenkomste reel waar hulle kinders kan ontmoet wat aan dieselfde geloof, kerk en stand behoort.

Ouers moet die nodige geld voorsien vir klere en ander duurder items wat die kinders nie met hul sakgeld kan bekostig nie.

Voorsiening moet ook gemaak word vir liefdesgeskenke vir verjaarsdae, wanneer iemand presteer, of om net tasbaar dankie te sê vir 'n weldaad.

Ouers moet ook gesteld wees op die gesondheid van die huisgesin, ook die tandarts moet gereeld besoek word en die huisdokter. Gesonde etes, baie vrugte in hul seisoen moet vir die gesin voorsien word.

Die gesin moet ook hul tyd ekonomies verdeel sodat daar vir alle gesinspligte tyd ingeruim word en ook genoeg tyd vir die boekevat en stiltetyd in die kamer.

Die gesin se ekonomiese beplanning is 'n wye en omvattende taak, maar noodsaaklik vir die ekonomiese gebruik van die beskikbare tyd, geld, geleenthede en voorregte.¹

1. Vgl. VOGES H.W. : HUISHOUDING VIR DIE STUDENT, p.184-185.
- Vgl. COOKE M.V. : HANDLEIDING VIR DIE HUISHOUDKUNDE LEERLING, p.294-295.
- Vgl. SCHMIDT M.M.
- ROBERTS C.M.P. : FLINK MET DIE VOORSKOOT, p.332-333.
- Vgl. SCHWELLNUS H.G.
- VIVIERS S.C.G. : HUISVLYT, Std. 9, p.174.

Dit is 'n vereiste dat die mens se arbeid ekonomies lonend moet wees, want dit is waarvan hy en sy gesin moet bestaan.

Die arbeider is sy loon werd. Die hoeveelheid of die kwaliteit arbeid wat gelewer word, bepaal die werker se loon.

So verdien ongeskoolde arbeiders min terwyl goed gekwalifiseerde arbeiders baie meer verdien.

Die gesin het dus 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die voorbereiding vir die lewenstaak om die tyd om hul te bekwaam die voordeligste te benut en om die geleentheid in die werk self die beste gebruik van te maak.

Die mens moet onderrig en opgevoed word om stof, plant en dier na behore te beheer. Die mens moet sy insig en aanleg met oorleg gebruik om die beste gebruik daarvan te maak, sodat die beoogde bestemming bereik kan word.

Selfgemaakte kultuurdinge het ook ekonomiese waarde. Die voedsel wat die huisvrou vir ete voorberei het, het ekonomiese waarde, die graan wat op die lande geoes word, het ekonomiese waarde. Die diere in die veld het ekonomiese waarde, gemeet aan die kondisie en kwaliteit van die dier se vleis of wol.

Die man wat met minderwaardige diere boer, sal ekonomies baie afsteek teen die buurman wat met stoetdiere boer.

Die huisvrou wat duur meubels koop, wat sy kan bekostig, sal op die lange duur meer waarde daaruit kry as die buurvrou wat spog met haar goedkoop meubels.

In hierdie aspek is ook ter sprake die voorsiening wat vir die gesin se toekoms gemaak is in teenspoedige jare of wanneer die aftreeouderdom bereik is.

Dit is verstandig om deur die jare spaargeld te versamel en pensioen te betaal vir 'n onbesorgde oudag.

Pensioen.....

Pensioen, lewensassuransie, anniteitspolis, begrafnispolis, die aanskaf van vaste eiendom of aanteelvennig, is verstandige beleggings vir 'n kommervrye toekoms.

Die verandering van die huisgesin van 'n ekonomiese eenheid na 'n verbruikerseenheid, stel hoër ekonomiese eise aan die gesin. Aan hierdie eise kan alleen behoorlik voldoen word langs die weg van noukeurige beplanning. Die Woord van die Here is hier duidelik toepaslik om eers die koste te bereken voordat met die (gesins)bouwerk begin word (Luk 14:28).

12.4 DIE GESINSBEGROTING

Die meeste advertensies word deesdae op die vrou gerig aangesien die vrou in sewentig persent van alle huisgesinne die meeste of al die inkomste van die gesin bestee.

Daar is verskeie faktore wat die uitgawes van die gesin beïnvloed soos die grootte van die gesin en hul voedselbehoefte. Geen begroting kan 'n klein inkomste meer maak nie. Die belangrikste van 'n begroting is dat dit rekening sal hou met die inkomste en dat dit die gesin se aandag sal vestig op hul finansiële posisie. Dit stel die gesin in staat om binne die raamwerk van die begroting die meeste te maak uit die beskikbare geld.

Die goeie verbruiker maak seker dat hy binne sy vermoë leef. Dit beteken dat die huishouding goed beplan word.

Om binne die inkomste te leef moet 'n sekere standaard van lewe vasgestel word wat binne die vermoëns val; die uitgawes moet beplan word om nie die inkomste te oorskry nie en 'n doelbewuste poging moet aangewend word om te spaar.

Die beplanning van die begroting is noodsaaklik want dan kan 'n duidelike beeld verkry word van die hoeveelheid geld wat vir elke item gebruik kan word.

Begrotings kan maandeliks vergelyk word om spaarsaamheid te bevorder. Dit maak ook die taak van die huisvrou interessanter.

Van die beskikbare huishoudelike uitgawes word algemeen aanvaar dat dit soos volg verdeel word:

Vir huishoudelike uitgawes	40%
delgings	25%
opvoeding	10%
klere	10%
ontspanning	5%
spaarfonds	5%
onverwagte uitgawes	5%

Dit dui daarop dat die belangrikste item wat maandeliks gekoop word, huishoudelike items is. Dit is omtrent die enigste item waar daar met oorleg besnoei kan word, maar dan moet dit nie geskied ten koste van die gesin se gesondheid nie. Al die ander items is vasgestelde bedrae wat betaal moet word en waarop daar geen afslag moontlik is nie.

Kinders moet bewus gemaak word van die pryse van goedere sodat hulle kan weet om dit spaarsaam te gebruik, veral lekkernye. Dit is ook goed om van die kinders saam te neem wanneer die maandelikse inkope gedoen word, wanneer water en ligte, die telefoonrekening en belasting betaald word. Dit maak kinders bewus waar dit vandaan kom en wat dit kos. Dit maak hulle besparingsbewus.

12.5 HOE DIE GESINSOPVOEDING IN DIE EKONOMIESE ASPEK GESKIED

Die opvoedingstaak van die gesin is 'n langdurige proses, maar dis noodsaaklik want as die volwasse kind eendag sy eie tuiste begin, sal hy weet hoe om doeltreffend te begroot en ekonomies te leef.

In die meeste huisgesinne ontvang kinders min of meer dieselfde ekonomiese opvoeding. My ekonomiese opvoeding het ek soos volg ontvang: My vader het letterlik met niks begin boer nie, behalwe die paar beeste wat hy as kind present gekry het.

Hy het 'n plaas deur die Landbank op skuld gekoop en deur die depressie in die dertigerjare het hy en moeder met geld wat hulle uit

botter.....

botter en eiers en pluimvee gespaar het, die rente bymekaar gekry vir die grondskuld.

Ons het nooit volop gehad nie, maar ook nooit gebrek gely nie. Elke sent was twee keer omgedraai voordat dit spandeer is. Baie aande het vader berekenings oor inkomste en uitgawes gemaak en met moeder besprekings gevoer wat die nodigste vir die huishouding is. Elke dag is die vee getel en as daar een ontbreek, moes elke beskikbare persoon help soek tot ons dit vind. So is die vee en ook die pluimvee opgepas. Smorens en saans is al die hoendernesse deursoek vir eiers.

Die groentetuin en vrugteboord het ons die somermaande van groente en vrugte voorsien en wat in oorvloed was, is gedroog of ingemaak vir die skaarste gedurende die wintermaande.

Smidswerk het vader self behartig; pikke en skeie het hy self gemaak en rieme het hy self gebrei.

Binneshuis het moeder alles altyd skoon, netjies en blink gehou. Brood het sy self gebak; koffie het sy self gebrand en gemaal; botter het sy self gekarring en klere het sy self gemaak. Sy was 'n vrou na die voorbeeld van die deugsame vrou waaroor Spreuke 31:10-33 skryf.

Later toe ons kinders groot genoeg was, het ons met die huishouding en die boerdery daarbuite gehelp. Tyd is afgemeet vir elke dagtaak, want tyd is kosbaar.

Sakgeld het ons maar min gekry, want ons ouers het vir ons van alles laat kry wat 'n kind kon geniet, maar afgemeet en wat hulle kon bekostig. Sakgeld moes ons oordeelkundig spandeer en 'n deel daarvan spaar.

Nuwe klere het ons gekry wanneer dit broodnodig was en dan is oordeelkundig gekoop en ons wat ouer was, moes die klere goed oppas, want as ons dit ontgroei het, moes die jongeres dit ook nog kon dra.

Uit al die swaarkry het ons as gesin geleer om alles wat ons ontvang te waardeer as gawes van die Heer wat baie goed vir ons gesorg het.

Ek.....

Ek herinner my nagte wat ons na 'n haelbui die skape een vir een moes aandra na die motorhuis om hulle te red. Koud en met haelwater deurweek het ons vir ure hard gewerk. Eers later in my lewe sou ek vader se besorgdheid oor sy diere goed begryp - hy was so afhanklik van die inkomste wat hulle verskaf het en hy het sy vee elkeen afsonderlik goed geken, hy was vir hulle lief.

Dieselfde sorg het moeder aan die pluimvee bestee, want uit hulle inkomste was hoofsaaklik die kruideniersware aangekoop.

Daar was genoeg meubels in die huis, maar nie een meubelstuk was oorbodig nie. Daar het maar min prente aan die mure gehang, meestal was dit portrette van voorgeslagte.

Vir elke lewensaspek is voorsiening gemaak vir die noodsaaklikste behoeftes, dog die spaarsin was oral merkbaar.

Nooit het hulle 'n vreemdeling honger of dors ontvang vir wie hulle nie voedsel en te drinke aangebied het nie. Teenoor vriend en vreemdeling was hulle ewe gasvry. Teenoor die kerk was hulle vrygewig.

Hierdie opvoeding was lewenswyd. Dit het ons geleer waarin ons spaarsaam moes wees en waarin ons mildadig moes wees.

12.6 DIE EKONOMIESE ASPEK SE UITDRUKKING IN AL DIE NORMATIEWE LEWENSASPEKTE

Die ekonomiese aspek antisipeer op al die opvolgende aspekte en retrosipeer op al die voorafgaande aspekte. In elke aspek vind die ekonomiese 'n tipiese uitdrukking.

12.6.1 DIE GELOOFSASPEK

Hier gaan dit om die kerk se inkomste, sy besittings en die spandering daarvan.

Kerkgeld is geloofsgeld. Die kerk belas nie sy lidmate soos die staat nie. Vrywillig gee huisgesinne en lidmate hul dankoffers vir die

kerk.....

kerk (2 Kor. 9:5-8). Die Christelike kerk vertrou op die vrywillige bydraes van belydende lidmate. Hierdie bydrae is noodsaaklik vir die kerk se bestaan en voortbestaan. Die kerk het geld nodig vir sy voortbestaan, vir die instandhouding van die erediens, dit is vir die geboue (die kerkgebou, pastorie ens.) vir die emolumente van die predikant en kerklike amptenare. Daarbenewens het die kerk geld nodig vir alimentasie en ander noodsaaklike behoeftes in gemeente verband; dan het die plaaslike gemeentes in wycr kerkverband uitgifte vir Rings- en Sino-dale werksaamhede soos inrigtings vir sorgbehoewende kinders, jongmense en bejaardes, opleidingsgeriewe vir predikante en kerklike werkers en -werksters; die kerk beskik oor persone wat gespesialiseerde werk doen soos huwelikberaders, pastorale sielkundiges en so meer.

Met sy geloofsgeld moet die kerk begroot om al die uitgebreide werksaamhede instand te hou, maar dan moet ook steeds rekening gehou word met die uitbreiding van die werksaamhede en nuwe terreine waarop die kerk hom moet beweeg veral in die sending en die diens van barmhartigheid.

Vir al hierdie werksaamhede en nog meer, moet die huisgesin in hul begroting voorsiening maak. Hulle spandeer ook geloofsgeld.

Hulle ontvang van die kerk geestelike sorg, godsdiensopvoeding en stoflike hulp, wanneer nodig. Die kerk bied eredienste aan vir die aanbidding van die Here en vir die geestelike opbou van die gemeente; kategeese vir die kinders se godsdiensopvoeding; bevestig gelowiges se huwelik; begrawe dierbares uit die kerk; bedien die sakrament van die doop aan verbondskinders. Die kerk is in bepaalde sin die geestelike versorger van die huisgesin. Die gesin betaal nie vir kerklike voorregte nie, die gesin gee 'n bydrae as dankoffer om die diens van die kerk in stand te hou.

Vir sommige van sy dienswerk is die kerk van die vrywillige diens van lidmate afhanklik. Diakens verrig onbetaalde arbeid vir die kerk, dis geloofsarbeid, geloofstyd wat hulle spandeer by die insameling van dankoffers en by die besteding daarvan.

Ewe-eens verrig ouderlinge vrywillige geestelike sorg en toesig oor die gemeente.

Net so is die kerk afhanklik van die vrywillige diens van lidmate vir die kategetiese onderlig aan die verbondskinders.

Huisgesinne is betrek by kerklike funksies.

Die kerklike barmhartigheidsdiens moet sy voorbeeld put uit die gesinsgasvryheid wat kenmerk moet wees van elke Christelike huisgesin.

Die kerkraad spandeer met groot omsigtigheid die kerkgeld want hulle het net genoeg om die noodsaaklikste pligte na te kom. Waar gemeentes behoefstig is, word hulp verleen van gemeentes wat welgesteld is.

12.6.2 DIE SEDELIKE-LIEFDESASPEK

Die gesinsinkomste bestaan hoofsaaklik uit wat die vader of moeder of albei saam uit hul beroepsarbeid verdien. Soms word die inkomste aangevul deur 'n volwasse kind wat inwone en self ook beroepsarbeid verrig. Hierdie gesinsinkomste is liefdesgeld. Uit liefde vir die gesin arbeid die ouer om voorsiening te maak na die noodsaaklike lewensbehoefes van die huisgesin.

Die belangrikste gesinsbehoefes is die een behuising, voeding, kleding, gesondheid, opvoeding. Daar is egter nog baie ander behoeftes van die gesin. Die ouer maak na alles voorsiening wat hy kan bekostig om sy gesin gelukkig te maak, alle voorregte aan hulle te gee wat bekostig kan word. Ons gee hier 'n lys van items waarvoor begroot moet word om die gesin behoorlik te versorg:

- i) Daar is jaarlikse uitgawes soos eiendomsbelasting, skool en buitenskuurse bedrywe. Daar is lewenspolis, uitkeerpolis, motor, huis en huishoudelike besittings; lisensies vir motor, televisie, radio huisdiere, ledegeld en vakansie.
- ii) Daar is maandelikse uitgawes vir huur en lening, voedsel, klere vervoer, huishoudelike dienste (water, ligte, sanitasie, bediende); huishoudelike instandhouding; medies; koerante en tydskrifte; geskenke en vir genotmiddels¹ en natuurgeld, kerkgeld.

1. BYLAE TOT SARIE MARAIS : DIE VROU EN HAAR GELDSAKE, 19 Okt. 1977, p.5.

Indien die gesin se begroting nie vir al hierdie items voorsiening kan maak nie, dan moet 'n prioriteitslys opgestel word om in die noodsaaklikste behoeftes voorsiening te maak.

Dis verkeerd om meer uit te gee as wat die inkomste is, dan word die gesin belas en is die arbeid nie meer liefdesdiens nie, maar 'n las.

Dis ook verkeerd om vrekkerig te wees en van die gesin voorregte te weerhou wat tot hulle welsyn dien. Dit is ook liefdeloosheid.

Dit is met name liefdesgeld wat die welsyn van die hele gesin voor oë het vir die huidige en vir die toekoms.

Erfgeld is ook liefdesgeld wat met harde werk versamel is en die geld moet ook met omsigtigheid spandeer word, dit moet met verantwoordelikheid gebruik word. Alle geld binne die gesin gebruik vir alle gesinsbelange, is geld in liefdesdiens ooreenkomstig die stukkeurnorm vir die gesin.

12.6.3 DIE JURIDIESE ASPEK

Staatsgeld is juridiese geld. Die staat kry sy geld hoofsaaklik uit die belastings wat opgelê word. In sy begroting moet die huisgesin ook voorsiening maak vir staatsbelasting en boetegeld.

Die Woord van Christus geld vir alle mense, „betaal aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat God toekom." (Mat. 17:22)¹

Die huisgesin ontvang van die staat die reg op besittings, die staat beskerm die besittings en die staat beskerm die lewe met sy regte en voorregte van die staatsburgers.

Benewens sy belastinggeld het die staat die landsburger nodig vir die verdediging van die land en in verskillende staatsdepartemente. Die staat besoldig sy landsburgers wat dienste aan hom lewer.

1. Vgl. ook ROMEINE 13:6,7

Die staat het die reg om op die dienste van sy landsburgers aanspraak te maak. Uit vaderlandsliefde sal die patriotiese burger hom die opdragte van die staat laat welgeval.

Die staat gee erkenning aan die huweliksband soos deur die kerk verbind en het alleenreg op die ontbinding van die huweliksband. By die ontbinding van die huweliksband sowel as by die oorlye van een of albei ouers, sien die staat toe dat die belange van veral die kinders beskerm word, sodat hulle nie veronreg word en skade ly nie.

Die staat oefen ook beheer uit oor die pryse van die noodsaaklikste produkte om produsente en verbruikers te beskerm teen uitbuiting. Beheermaatreëls van die kant van die staat is noodsaaklik om inflasionistiese toestande te beheer sodat werkloosheid bekamp kan word en dat die landsburgers se geld hul waarde bly behou, sodat depressie nie intree nie en ellende tot gevolg het nie.

Uit hierdie staatsoptrede in die ekonomiese sfeer, trek die gesins- ekonomie direkte voordeel ten dienste van die ekonomiese mag van sy liefdeslewe.

12.6.4 DIE ESTETIESE ASPEK

Die ekonomiese antisipeer ook in die estetiese aspek.

Elke huisvrou wil graag haar huis netjies versier om die estetiese gevoel te bevredig, maar hierdie versiering moet ook inpas in die gesinsbegroting, daarom kan daar nie skilderye of muurbehangsels of ander versierings aan die muur gehang word wat nie bekostig kan word nie. Dit geld ook van die meubels en van die huis self. Kunsskatte of antieke meubels moet nie die brood uit die gesin se mond vat nie. Kunsskatte en antieke meubels is egter ook nie al wat estetiese waarde het nie. Daar is nog die teater, konserte, musiekuitvoerings, sang- en voordraguitvoerings, musiek- en sanglesse vir die kinders of ook skilderkuns, beeldhou-, pottebakkerie en soveel ander kunsoorte waarin die huisgesin opleiding kan ontvang.

Kan.....

Kan die gesin al die dinge nie bekostig nie, is daar altyd ruimte vir die selfwerkzaamheid wat ook ekonomiese waarde besit. Kunsnaaldwerk, houtsneewerk, metaalwerk is dinge wat self aangeleer kan word en waardeur die huis versier kan word.

Gesinslede kan self skilder of verfwerk doen om die huis te versier.

Die estetiese kan ook oordoen word en dit kan ook afgeskeep word en aan die huis 'n vaal en vervelige voorkoms verleen.

Tot die gesin se estetiese lewe behoort ook hul kleredrag, hul voorkoms, hul tuin, blomme in die huis gerangskik, die bywoning van kunsuitstallings, konserte, die opleiding in een of ander kunsvorm, huisvlyt en so meer. In elk van die opsigte moet die gesin rekening hou met wat hulle kan bekostig. Met min en eenvoudige klere kan die gesin tog netjies en skoon daar uitsien. Dit is nie noodwendig duur klere wat netjies vertoon nie.

Die estetiese opvoeding kan nie in die huisgesin gedy as die ouers te arm is om finansieël daarmee by te kom nie. Andersyds het talle ryk ouers nie die smaak om hul kinders esteties te verryk nie.

12.6.5 DIE SOSIALE ASPEK

Die ekonomiese aspek retrosipeer op die sosiale. Die ekonomiese rus primêr op die sosiale omdat die waarde van dinge eers effek kry deur die omgang en verkeer met mense.

Elke mens is geroepe tot omgang met sy medemens. Hierdie omgang het ook 'n ekonomiese aspek. Die omgang met die medemens kan oordoen word in so 'n mate dat hy dit nie kan bekostig nie. Die sosiale kan ook op kompetisie uitloop wat eise stel bo die vermoëns van mense. So is daar mense wat 'n duurder huis, motor, rok, pak klere wil besit as die van die bure of vriende of ander familie.

Vriendskap self kan so oordoen word dat dit tot verlies van die vriendskap kan lei.

Verhoudinge.....

Verhoudinge met die medemens kan ook a-sosiaal wees en in die geval ly die mens skade want goeie gesonde vriendskap is baie werd, juis ter wille van die sosiale opvoeding van die kinders.

Hier geld ook weer die woord van Paulus dat ons aan die medemens goed moet doen en gasvry teenoor hom moet wees (Rom. 12:13).

Die mediese wetenskap het teweeggebring dat die mens se lewensverwagting verleng is en dat kindersterftes verminder is. Dit het meegebring dat geboortes afgeneem het en dat bejaardes in getal toegeneem het. Dit hou duidelik ekonomiese implikasies in.

Waar die gesin van 'n ekonomiese eenheid (vorige tye) verander het na 'n verbruikerseenheid soos tans, beteken meer kinders en meer afhanklike bejaardes in die gesin, groter ekonomiese las.¹

Die gevolg is krimpende geboortetal en meer bejaarde tehuse. Laasgenoemde doen skade aan die gesinssamesyn, sosiale verkeer en die liefdesaspek. Dit beteken nie dat die gesin mekaar nie meer liefhet nie, maar die aktiewe liefdesomgang word minder. Kinders versorg dan nie meer hul bejaarde ouers self nie.

Die werkende moeder het ook invloed op die sosiale aspek van die huwelik en gesin. Berger sê in die verband: „a man will be much less disposed to get rid of a wife who is contributing to his work than of one who is simply adding to his costs. Conversely, as women entered the labor force in growing numbers, a wife earning a salary herself is more easily disposed to get rid of a husband who has become a burden to the family or a hindrance to her own career.”¹

Dit is duidelik dat in bogenoemde gevalle nie die liefde nie, maar die ekonomiese die grootste seggenskap in die huwelik het. Die deugsame vrou van Spreuke 31:10, stel egter die regte verhouding voor tussen man en vrou en in die huisgesin met betrekking tot haar en haar man se professionele werk en aparte inkomstes.

Of dit vandag ekonomies lonend is dat ook die vrou, professionele werk doen, word deur baie in twyfel getrek, aangesien hulle belasting baie hoog is. Intussen word skade gely aan die huwelik en gesin se

1. Ibid p.87.

sosiale verkeer en verhoudinge. Albei kom saans moeg by die huis. Die lei ook daartoe dat hul rolle soms ongeruil word.

Die verlies wat kinders ly wat nie deur hul moeder versorg word nie, kan nie in geldwaarde bereken word nie, dit kos veel meer as wat vir die kleuterskool of bewaarskool of die oppasser betaal word. Al die voordele wat die skole mag inhou, kan nie vergoed vir die ouerliefde wat die kind verbeur nie.

Klasseverskil is hoofsaaklik die gevolg van verskil in inkomste. Hoe hoër die inkomste hoe hoër klas betree die gesin. Hoe hoër klas die gesin is, hoe hoër is die uitgawes, want hulle leef hoër. Dit gee egter aan hulle hoër status wat ander voordele inhou.

Die mobiliteit van die gesin hou ook ekonomiese implikasies in - nie net op die vertikale vlak van een klas na 'n ander nie, maar ook op horisontale vlak, van een werk en woongebied na 'n ander. As 'n gesin mobiel raak moet die ekonomiese voor en nadele ook deeglik in berekening gebring word,¹ want dit tref ook in bepaalde opsigte die opvoeding van die kinders. Sosiale onbestendigheid is opvoedkundig nie bevorderlik.

12.6.6 DIE TAALASPEK

Die ekonomie retrosipeer ook op die taalaspek. Die ekonomiese van woorde beteken dat mens nie te veel moet praat nie en ook nie minder moet se as wat nodig is nie. Die spreker moet sy woorde tel. Hy moet met 'n minimum woorde 'n maksimum gedagtes in taal oordra, liever as om 'n maksimum woorde te gebruik wat niksseggend is nie.

Dit beteken dat die spreker duidelik praat sodat daar nie weer dieselfde woorde herhaal moet word nie.

Dit geld ook vir die geskrewe woord dat duidelik geskryf moet word en reg geskryf moet word sodat dit nie herhaal hoef te word nie, want dit is verspilling van tyd, papier en ink.

1. Vgl. BERGER P.L. en B. a.w. p.151, 152:

Kuns kan ook on-ekonomies beoefen word as dit niksseggend is en nie aan die norme van die estetika beantwoord nie.

As kuns egter geniet en oor en oor bewonder kan word, dan is dit die geld werd wat daaraan bestee is.

In die aspek is ook die liefdesbetuigings in die gesin ter sprake. Die bossie blomme, of ruiker, die geskenke, die liefkosing, elke daad, hoe gering ookal tussen man en vrou en tussen die gesinslede, spreek boekdele. Daarmee moet nie suinig gehandel word nie, maar oordeelkundig, want dis alles deel van die liefdestaal in die huwelik en gesin. Dit kan ook oordoen word, maar dan verloor dit van die egtheid en opregtheid.

Kinders moet ook nie opgevoed word in 'n gesin waar woorde en gesprek tot 'n minimum beperk is nie. Net so skadelik is vir hulle in die gesin waar (on-ekonomies) 'n stortvloed van onnodige geklets is wat kant nog wal raak.

12.6.7 DIE ANALITIESE ASPEK

Die mens kan nie te veel besin voor hy begin nie. Die mens kan nie te veel beplan voor hy bou nie. Dit is egter fataal vir 'n man om 'n saak te begin sonder dat daarvoor behoorlik besin het.

Denk-ekonomie, ook in die gesin, staan byvoorbeeld teenoor omhaal van woorde en omslagtige redenasies. Die man wat konstruktief dink kan in 'n paar kernagtige sinne net soveel sê as wat die breedsprakerige kan regkry in 'n omhaal van woorde.

Spaarsaamheid en oordeelkundigheid is 'n eis vir 'n gebalanseerde lewe op alle lewensterreine. Die denke van die mens vorm die basis vir sy hele normatiewe lewe in al die opvolgende aspekte.

Deeglike besinning is baie werd, dit kan baie spaarsaamheid in die hand werk wat tyd, geld en materiaal betref.

Spaarsin.....

Spaarsin is 'n belangrike opvoedingsdoelstelling. Vandag is die geleentheid om spandabelrig te leef legio, veral as gevolg van die verkoopskuns, prikkelende advertensies wat op die gevoel van die mens speel en so sy gedagtes prikkel om te begeer. Voeg daarby die algemene welvaart van baie mense en die verkoopsman het sy ware verkoop en die koper sit dikwels met 'n onbruikbare of ondoelmatige artikel.

Deur opvoeding alleen kan die mens leer om gesonde verstand en gesonde oordeel aan die dag te lê.

Dis opvallend hoe die ouers die kinders in hierdie opsig leer om van kleinsaf sakgeld te verdien en dit planmatig en metodies te spendeer met 'n logiese beredeneerdheid. Dis 'n integrale opvoedingstaak om die kind te leer om nie sy geld impulsief en irrasioneel uit te gee nie, juis omdat hy ook hierin aan God verantwoordelik is.

HOOFSTUK 13

DIE SOSIALE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING

13.1 DIE SOSIALE ASPEK VAN DIE SAMELEWING

Die mens is ook 'n sosiale wese. Egte omgang bestaan net by mense en dit kan net geskied op die basis van die menslike denklewe, sy historiese vorming en sy taallewe.¹

Berger definieer die samelewing as volg: „Society is our experience with other people around us!”²

Die sosiale omgangsaspek bestaan net soos die aspekte van reg, moraal, ensomeer, uit 'n bowillekeurige, normatiewe struktuur. Dit bevat modale en struktuurtipiese-bepalende beginsels wat deur die vormingsarbeid tot geldende norme gepositiveer word.³

Die samelewing het norme waarvolgens geleef moet word. Die Bybel gee die uiteindelijke hoofnorme in religieuse sin waarvolgens mense moet saamleef en met mekaar moet verkeer.

God het die sosiale aspek - dit wil sê die behoefte en vermoë om met die medemens om te gaan - in die mens geplant.

Die mens is in gedurige wisselwerking met die gemeenskap, sonder wie sy bestaan nie moontlik is nie, want hy is van die samelewing afhanklik vir die verwerking van sy potensialiteite.

Die Christelike norme vir al die verskillende lewensterreine spruit nie uit die individu of die samelewing nie, maar uit die allesdekkende wet van God.

Hoffman sê hieroor die volgende: „Die ryk geskakeerde skeppingswet

-
1. Vgl. COETZEE J.C. a.w. p.159.
SPIER J.M. : ORIËTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGERTE, p.38.
 2. BERGER P.L. : SOCIOLOGY, p.3.
 3. HOMMES H.J. van E. a.w. p.404.

is die samevatting van alles waarin die Skepper sy wil vir die bestaan, verloop, werking, lewe en gedraging van die geskapene het en dit sluit in wette, norme, ordening, strukture en beginsels."¹

Die mens is 'n religieuse wese in die sentrum van sy bestaan, naamlik in sy hart. Strauss sê hieroor: „Dit moet derhalwe vernuwend deurwerk in elke sektor van die menslike lewe.”² Hoffman sê van die vernuwe mens die volgende: „Uit die Christus-herbore hart, is die Christenmens daarom geroepe om te kom tot Christelike lewensuitinge (Christelike denke, -kultuurvorming, -omgang, -taalgebruik, -regspraak, -liefde en -geloof) en tot die daarstelling van Christelike lewensvorme (Christelike skool, -universiteit, -kollege, -kultuurverenigings, -volk, -staat, -geloofsverbande (kerk), -bedrywe, -huwelik en -gesin)”³ Die omvattende Bybelverankerde ver-christeliking van die ganse lewe teenoor die verskralende Roomse ver-godsdienstiging en verkerkliking daarvan word deur Strauss duidelik gekontrasteer.⁴

Die samelewing het 'n verchristeliking nodig, nie 'n verkerkliking of vergodsdienstiging nie. Die sosiale omgang moet onder die liefdesgebod (Mat. 22:39) verrykend ontsluit word. Die hele tweede tafel van die wet van God geld as norm vir die sosiale omgang en vir al die lewensverbande soos huwelik, gesin, kerk, skool, staat ensomeer.

Van der Zanden beskryf die invloed van die geloofsrigting op die samelewing en toon dan hoe die geloofsrigting bepalend inwerk op die samelewing in al sy aspekte. Daarmee bevestig hy opnuut die feit dat die mens vanuit sy hart leef met 'n bepaalde geloofsinhoud.⁵

-
1. HOFFMAN P.A.E. : INLEIDING TOT DIE SOSIO-PEDAGOGIEK, p.5.
Vgl. SPIER J.M. a.w. p.25,26 -Spier sê ook dat elke skepsel onderworpe is aan Gods wet en geroepe is om die wet te gehoorsaam omdat God die wette gemaak het waarvolgens hy hom moet gedra.
 2. STRAUSS H.J. - CHRISTELIKE WETENSKAP EN CHRISTELIKE ONDERWYS, p.3.
 3. HOFFMAN P.A.E. a.w. p.8.
 4. STRAUSS H.J. a.w. p.3-4.
 5. Vgl. VAN DER ZANDEN J.W. : SOCIOLOGY, A SYSTEMATIC APPROACH. The Ronald Press Comp. New York, 1965.
Vgl. ook VRIEZE M. : NADENKEN OVER DE SAMENLEVING, p.39,40 :
„Naar christelijke geloofsovertuiging is de Christus de radix of wortel van de menscheids gemeenschappelijkheid.”

Die.....

Die Christelike lewensstyl, soos basies in die Woord voorgeskryf laat die Christelike huwelik en gesin skerp kontrasteer met die heidene en ongelowige huwelik en gesin.

Die Spreukeboek met sy opvallende en allesdekkende verbondswet bied 'n rykdom van normatiewe lig oor talle aspekte van omgang en verkeer tussen mense.¹

Paulus stel in Gal. 5:16-26 duidelik die antitese tussen geloof en ongelooft, die vrugte van die Gees teenoor die vrugte van die vlees.²

Volgens Symanowski ontken baie mense dit dat die mens se verbintenis met sy Kerk enige verband hou of invloed het op die mens se werk. Hy skryf: „For the church-estranged man there exists no connection between the world of his work and the church but there is some connection between the world of his personal family life and the church.”³ Die enigste verbintenis wat hulle raaksien is slegs die doop, belydenis, huweliksbevestiging en begrafnis.

Christenouers moet met hierdie on-Bybelse geestesstrominge rekening hou in die opvoeding van hul kinders, om hul daarteen te beskerm.

Volgens Berger is die gemeenskap waarin die kind opgroei bepalend vir sy opvoeding. Hy skryf soos volg: „The sector of our experience is the most real to us.”⁴

Die struktuur van die samelewing is deel van die uitdrukking van God se soewereine wil vir die skepping en is as sodanig die kader waarbinne die werklikheid sig voltrek sonder om self die struktuur op te lewer, veral nie vanuit die immanente gesigshoek nie.⁵

-
1. Vgl. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT. SPREUKEN I, p.16.
 2. Vgl. ook EFESIËRS 4:22 -6:9 in kontras met ROMEINE 1:26,27 waar Paulus die Christelike lewe met die Christelike deugde voorhou, teenoor die afstootlike van die heidense lewenswyse.
 3. SYMANOWSKI H. : THE CHRISTIAN WITNESS IN AN INDUSTRIAL SOCIETY, p.33.
 4. BERGER P.L. a.w. p.58.
 5. Vgl. HOFFMAN P.A.E. a.w. p.19.

Dit.....

Dit is duidelik dat elke kosmiese ding en elke sin-sy van die werklikheid in onselfstandigheid eerstens heenwys na die Skepper en dan ook na al die ander dinge en aspekte en niks kan buite hierdie re-lasies sinvol bedink word nie, ook geen handeling nie.¹

Bogenoemde stelling is geheel en al bo- en voorwetenskaplik en kan nie op wetenskaplike wyse getoets word nie. Die feite is egter essen-siëel vir 'n ware begrip van die stand van sake.

Die pedagogise denke, net soos elke ander wetenskaplike denke is nooit neutraal nie.

Ons vind in die sosiale aspek veral twee uiterste denkrigtings, naamlik die liberalisme en kommunisme.

Die liberalisme beskou die individu as die bousteen van die same-lewing. Die individu verdien in die eerste plek die erkenning. Sy regte, belange, vryhede en welvaart is van fundamentele betekenis. Hy is 'n redelik-sedelike wese wat selfbeslissend is, hy is 'n redelik-sedelike soewereine wese. Verskille in ras en kleur is bykomstig, almal behoort gelyke selfbeskikkers te wees. Alle mense is gaaf en goed, die kwaad word verklaar uit gebrek aan aanpassing.

Die doel van die lewe is welvaart. Huwelik, gesin, skool, volk, kerk is 'n kollektiwiteit van individue. Die verbande is in diens van die individu.

Ons kritiek op die liberalisme is dat God in die middelpunt van alle dinge is en nie die mens nie en dat die individu aan God gehoor-saamheid verskuldig is; dat die mens ook 'n sosiale wese is en nie net individu nie; dat die mens sy roeping van God ontvang het en aan Hom verantwoording verskuldig is. Die mens is net in Christus en nie in homself nie; die mens is van nature sonbaar en nie gaaf en goed nie en kan allen verlos word deur die geloof in Jesus Christus.

Die strukture is ook nie kollektiewe versameling van mense nie. Strukture het hul eie eenheid, struktuur, taak en bestemming van God ontvang en het 'n eie bepaalde gesag van God ontvang, is soewerein in

1. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.38, 39.

eie kring en is terwille van God daar.

Die huwelik is 'n instelling van God, dit is nie 'n groep gelyke individue nie, maar 'n vereniging van twee persone van teenoorgestelde geslag op so 'n wyse dat 'n nuwe, bo-individuele organiese band, 'n enigsoortige twee-eenheid gevorm is wat deur twee pole bepaal word, naamlik die biologies-seksuele, wedersydse aanvulling en van die bo-biologiese, sedelike liefdestrou.¹

Die kommunisme weer is 'n soort sosialisme wat uitgaan van die standpunt dat die verband belangriker as die individu is. Die individu is aan die verband onderworpe en gevolglik bestaan privaatheid nie. Omdat alles aan die staat behoort, is huweliksluiting onnodig, dit is vir hulle 'n vrywillige saambly.

Die kritiek op die kommunisme is in hoofsaak dieselfde as die teen die liberalisme. Daarby kom egter dat die mens eerstens vir God werk en nie vir homself nie.

In die nasionaal-sosialisme word die volk verafgod, daar staan die volk in die middelpunt en nie God nie.

Tussen God en die mens as mondige individu, mag nie die volk of die staat tussenbei kom nie, want dan word die mens van sy mens-wees beroof.²

Die mens is eers egte mens as hy die liefde tot God en die mens, dit wil sê in gemeenskap, beoefen.

Die sosiale aspek vind ook tipiese uitdrukking in elk van die ander lewensaspekte. Die sosiale aspek retrosipeer op die linguale aspek. Sosiale verkeer is alleen moontlik deur taal of vorme van taal, anders sou mense nie hul gedagtes kon oordra nie.

Die sosiale omgang retrosipeer ook op die historiese. Die sosiale omgang kan sig ook slegs uitdruk in die histories-gefundeerde gedragsvorme van hoflikheid, beleefdheid, welwillendheid, beskeidenheid, takt

1. Vgl. STOKER H.G. : DIE STRYD OM DIE ORDES, p.16-25 en 67-67.

2. Ibid p.87-143.

en so meer.

Sonder normatiewe omgangsvorming sal ons sosiale lewe verstar tot strakke en verouderde praktyke.¹

Sosiale handelingte vertoon dus 'n moment van sosiale beheersing of mag oor jouself , oor ander persone en sake.

Die sosiale retrosipasie op die logiese vind ons basies in die onderskeidingsvermoë. Die mens moet kan onderskei of hy in ooreenstemming met die heersende norme leef; of hy die status van mense kan onderskei, of hulle meerderes of minderes is, want die begroeting sal in ooreenstemming met die bepaalde status wees van die persoon wat teenoor hom optree.

My logiese oordele sal bepaal wat my optrede sal wees teenoor mense wat in vreugde of rou of in enige ander situasie verkeer.

Waar die sosiale op die psigiese aspek retrosipeer, het ons te doen met omgangsgevoel. Die mens is geskape om met sy medemens omgang te hou, daarsonder sou sosiale omgang nie bestaan het nie. Hierdie aspek maak die mens se sosiale strewes en begeertes moontlik. Hierdie aspek moet onder beheer gehou word want 'n mens se gevoelens teenoor die medemens mag nie met hom op loop gaan nie.

Die sosiale retrosipeer ook op die biotiese aspek. Die norm wat hier ten grondslag lê, is wellewendheid en meelewing met die medemens. Die mens moet in sy sosiale handelingte welgevallige uitlewing van sosiale beginsels beoefen - en dit doen hy volgens die norme wat God daarvoor neergele het.

Die sosiale retrosipeer ook op die fisiese aspek, dit het te doen met die wisselwerking tussen mense;

in die kinematiese het dit te doen met die soepelheid in die omgang tussen mense om te kan aanpas in veranderde omstandighede;

in die ruimtelike aspek het dit te doen met die omgangsruimte.

1. Vgl. DOOYEWEERD H. : NEW CRITIQUE II, p.227.
Vgl. HOFFMAN P.A.E. a.w. p.60,61.

Alle sosiale norme is van krag binne hul geldingsgebied. Elke sosiale verhouding verg 'n ruimte waarin dit kan ontplooi. Die primêre norm wat hier geld, is sosiale saamhorigheid;

in die getalsaspek het dit te doen met sosiale eenheid in 'n veelheid van omgangsvorme. Daar moet onder andere eenstemmigheid wees.

Ons vind ook sosiale norme in antesiperende sin.

Op die ekonomiese beteken dit dat die mens normatief siftend handel. Die vriendskap en begroetinge moet nie corâryf word nie, maar sosiale ewewigtigheid moet die norm wees.

So moet daar harmonie in die sosiale omgang wees.

Die regte van ander mense moet eerbiedig en respekteer word.

Die antisipasie van die sosiale op die etiese aspek bring ons in aanraking met die verdiepende idse van omgangstrou. Hier word trou aan die self en die medemens vereis. Sosiale getrouheid of sosiale betroubaarheid moet hier die norm wees.

In die geloofsaspek kan die norm aangegee word as sosiale vertrouwe. Elke mens het behoefte aan sekerheid. Hoffman sê van die sosiale vertrouwe: „sosiale sekerheid is die voorwaarde vir 'n gevoel van sekuriteit, geborgenheid, selfvertroue en eie waarde.”¹

Die gevoel kan ons kry as daar volgens die norme van God opgetree word.

In die opvoeding van die Christelike mens moet die pedagogiek: „sig besig hou met die wetenskaplike ondersoek deurskouing en blootlegging van die opvoedingsverskynsel om sodoende te trag om die Christelike (ware) beginsels, norme, essensies, kriteria, kategorië, ensomeer, bloot te lê. Dit geskied om rigtinggewend en dus norm voorskrywend vir die praktyk (pedagogie) te wees.”²

In die sosiale aspek van die opvoeding moet rekening gehou word met die Christelike mensleer.

1. HOFFMAN P.A.E. a.w. p.68, vgl. p.66,67.

2. Ibid p.16.

13.2 SOSIALE OPVOEDING BINNE DIE GESINSLEWE

Die huisgesin is en bly vir Bavinck ten regte die oorspronklike en eintlike opvoedingsinstelling. Hoewel die skool die werk van die huisgesin aanvul, is die opvoeding in wese die taak van die huisgesin.¹

Kinders moet tot volwassenheid opgevoed word, ook in hul sosiale verhoudinge.

Berger sê ten opsigte van hierdie opvoeding: „Not only is a child socialized into a particular world, but he is socialized into a particular self.“²

Elke gemeenskap verander gedurig en die veranderinge beïnvloed die individu.

In die opvoedingsproses van die kind, het die sosialiseringproses groot invloed op die wordende kind.

Die eerste sosiale gemeenskap waarin die kind opgevoed word, is die ouerhuis.³ Man en vrou bly die ideale opvoeders van hulle kinders. Nie alleen voed die ouers die kind op nie, maar voed hulle mekaar ook op. Kinders ontwikkel by die ouers 'n reeks deugde soos vader- en moederliefde, ouers lê hul selfsug aan bande. Kinders maak van selfsugtige ouers dienendes, gierigaards tot mildadiges, swakkes tot sterkes, lafaards tot helde, tere vrouens tot leeuinne van moed.⁴

Die huisgesin is vol lewe. Alles in die huisgesin voed op. Sonder 'n vasgestelde plan en tyd is almal en alles besig met die opvoeding van almal in die huisgesin. Die huisgesin is die skool van die lewe. Dit is die lewe self wat hier opvoed en die lewe is groot, onuitputlik, alsydig en ryk.

Die huislike opvoeding omvat die hele mens.

-
1. Vgl. HAVINGA J.F.E. : BAVINCK SE PSIGOLOGIE EN PEDAGOGIEK, p.185.
 2. BERGER P.L. a.w. p.61.
 3. VAN HARTEN OOSTEROM C.A. a.w. p.264.
 4. HAVINGA J.F.E. a.w. p.187.

Feibleman sien ook die huisgesin as die basiese sosiale gemeenskap waaruit die ander sosiale samelewingsverbande gevoed word. Hy sê: „it is the basic constitutive service institution.”¹

Die huisgesin as gemeenskap het verskeie kenmerkende eienskappe wat van belang is vir die gesin se sosiale verkeer en die onderlinge beïnvloeding en opvoeding.

Eerstens merk ons van die gesin op: „ze zijn gekenmerkt door een innerlijke eenheid.”² Die eenheid het sy eie interne wette wat die onderlinge verhoudinge reguleer. Die eenheid is tot groot mate onafhanklik van die kom en gaan van die individuele lede daarvan.

Die band tussen ouers en kinders is die bloedband. Hierdie bloedband is nie staties nie, want die gesin is 'n lewensgemeenskap en kan daarom die gesin as eenheid nie bewaar nie. Die aspek wat die gesin as eenheid bewaar, is die sedelike liefdesgemeenskap. Van Oosterom sê in die verband: „Dit houdt in dat de samenleving in gezinsverband beantwoord aan haar bestemming, als zij geleid wordt door de liefde.”³

Tussen die gesinslede bestaan ook verskeie ander bande, maar hulle almal staan onder die leiding van die liefde. Dit is die liefde wat die gesin aanmekaar bind.

Naas die interne bestemmingsfunksie om mekaar lief te hê, het die gesin ook 'n eksterne funksie: „het is mede dienstbaar aan bijv. de opvoeding tot kerkleden en tot staatsburgers.”⁴ Maar die gesin is nie daar net terwille van die kerk, staat of skool nie. Om die rede mag nie die staat, kerk of skool inmeng in kwessies van die interne gesinslede nie, want ten opsigte van byvoorbeeld die opvoeding of gesinsgrootte is die ouers, nie aan mense nie, maar aan God verantwoordelikheid verskuldig.

-
1. FEIBLEMAN J.K. : THE INSTITUTIONS OF SOCIETY, p.198.
 2. VAN HARTEN OOSTEROM C.A. a.w. p.259.
 3. Ibid p.260.
 4. Ibid p.261.

Die.....

Die gesin moet in diens van God staan. Dit kan alleen die Christelike gelowige gesin, ondanks baie foute. Die gesin se liefde is 'n uiting van hul godsdiens, terwyl dit nie die geval is met die ongelowige gesin nie. Die sentrale liefdesgebod van liefde tot God en tot die medemens, is die groot omvattende Bybelse norm vir die verkeer met die medemens en medegesinslede. Daarmee hang dan nou saam die Christelike liefde wat moet geld vir alle sosiale omgang binne die gesin. Hier geld die gees en die gesindheid van byvoorbeeld Ps. 133:1 - „Kyk hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon.” Dit beteken dat waar die Christelike liefde mense in harmonie laat saamwoon ook vervul word wat in vers 3 staan: „daar gebied die Here die seën, die lewe tot in ewigheid.” Die gesinsliefde is meer as 'n gevoel vir mekaar, of 'n geneentheid tot mekaar of as 'n gevoelsaandrift.

Die gesinsliefde is normatief. Dit is die vervulling van die wet en ondenkbaar sonder die trou. Hierdie liefde is aktief in die vorm van liefdesdiens. Hierdie liefde word gekonkretiseer onder leiding van die geloof in die Woord van God. So kom die huisgesin ook tot openbaring as liggaam van Jesus Christus. Christus het die gesinsgemeenskap wat met die sondeval verbreek is, kom herstel. Deur die sonde sal die interne eenheid maar altyd mank gaan.

Die gesinseenheid word noodsaaklik verbreek wanneer die seun sy ouerhuis verlaat, 'n vrou neem en 'n nuwe huwelik en gesin begin. Die gesinsverband kan ook noodsaaklik gebreek word terwille van 'n religieuse rede om Christus se ontwil (Lukas 14:26).

Die gesagsverhouding wat in die gesin aanwesig is, word nêrens in 'n ander verband gevind nie. Die gesagsverhouding in die gesin is daar volgens skeppingsordinansie en moet eerbiedig word.¹

Die gesin het ook sy eie tug om die gesag af te dwing, altyd in liefde en tot welsyn van die huisgesin.

Die gesin se funksie het in vroeër jare veel meer ingesluit. Met verloop van tyd het die gesin van sy funksies afgestaan aan die staat, skool, kerk, bedryf en so meer. Vandag besit die gesin nog van die funksies, maar in beperkte sin. Die huisgesin voed nog op, maar

1. Ibid p.262.

het die hulp van die skool en kerk nodig; die gesin beoefen nog tuisnywerheid, maar is hoofsaaklik van die winkel afhanklik waar hulle alles kan koop. Die onvermydelike gevolg is dat die buitewêreld 'n al hoe groter wordende invloed op die gesin uitoefen en die gesin alhoemeer afhanklik maak.

Die buitewêreld beïnvloed selfs die laaste vestings in die huis wat die eenheid en hegtheid bewaar deur middel van die televisie en radio. Waar televisie die hele aand in beslag neem, is talle huisgesinne se dissipline ontwrig. Die televisie kan daarom beskuldig word van „huisvredebreker“ al geskied dit meestal vrywillig.

Dit is belangrik vir die opvoeding van die kind dat hy gedissiplineerd sal wees, want as hy in die huisgesin geleer het wat gesag en tug is, sal dit invloed op hom hê as hy in aanraking kom met die gesag in die skool, kerk en staat.

Die opvoedingstaak van die gesin strek oor 'n baie wye gebied want in die gesin het ons met die hele mens te doen. Behalwe die opvoeding druk die liefde ook nog haar stempel af op die gesin deur die wyse waarop die huishouding gevoer word.

Dit gaan in die gesin om die welsyn van al die gesinslede.

Die gesinsopvoeding het 'n onberekenbare invloed op die kind, so ook die skool en ook die kerk.

Wanneer die ouer, die skool en die kerk hul kragte saamsnoer en gesamentlik die opvoedingstaak aanpak, sal hulle invloed onweerstaanbaar wees. Kay sê van die invloed van die samesnoering van die gesin en skool se opvoedingskragte: „It is reasonable to suppose that when these two forces augment each other their influence could be irresistible. That, at least, is the conclusion to which most researchers have come.“¹

1. KAY W. : MORAL EDUCATION, p.182.
Vgl. ook p. 183,184.
Vgl. ook SHARP R. en GREEN A. : EDUCATION AND SCHOOL, p.196 vv.
vir die belangrikheid van die samewerking tussen die huisgesin en die skool.

Samewerking vir die ideaal van Christelike nasionale onderwys en opvoeding, moet steeds Christenouers inspireer tot die realisasie daarvan. Dit kan net heil vir ons land en volk beteken.

Ons het reeds daarop gewys dat die sosiale gekarakteriseer word deur onderlinge omgang en verkeer tussen mense. In die opvoeding van ons kinders is dit belangrik om hierdie feit voor oë te hou. Dit is daarom verkeerd om kinders as het ware in die huis toe te sluit en hulle die reg en voorreg ontnem om, onder streng beheer, ruim geleentheid te kry om met die kinders van die omgewing sosiale omgang te hê. So sal hulle leer om hulle goed te gedra teenoor ander mense.

Ons het in ons land 'n ryke verskeidenheid omgangs- en beleefdheids-vorme vir die verskillende situasies en vorme van die samelewing.¹ Die mens is nie 'n eenling geskape nie, maar in gesinsverband word hy gebore. Daarom sê Wurth: „Als mensen zijn wij maar geen enkelingen, die los van elkaar ons eigen leven leven.“²

Die kind se sosiale funksie moet ook op God gerig ontsluit, om so tot volle ontplooiing in die tyd te kom. Die Christen het die roeping³ om op die voorposte te staan, hy mag hom nie in isolasie terug trek nie.

Die sosiaal ontslote persoon is die een wat in sy gemeenskap sosiaal inpas en aanpas, wat met die gemeenskap saamwerk en wat agting afdwing.

Van Loggerenberg en Jooste dui drie stappe aan waardeur die kind deur opvoeding die sosiale ideaal kan bereik, naamlik, eerstens deur

-
1. Vgl. SCHOLTZ J.A. a.w. p.37.
Vgl. KUIPER G. : SOCIOLOGIE. In : Christelike Encyclopedie VI, p.202.
Vgl. VRIEZE M. : NADENKEN OVER DE ZAMENLEVING, p.11
Vgl. DOOYEWEERD H. : NEW CRITIQUE I, p.518, waar hy ondermeer sê:
„The modal meaning of intercourse can indeed only express itself in the historical founded forms of courtesy, politeness etc.“
 2. WURTH G.B. a.w. p.16.
 3. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.107.

by.....

by die kind die gevoel te kweek dat hy andere aanvaar en deur andere aanvaar word. Tweedens, deur gedurige aanpassing by nuwe omstandighede wat in die samelewing ontstaan, mits die aanpassing nie bots met die lewensopvatting en geloofsbelofenis nie. Derdens, deur die kind te wapen teen ongewenste en skadelike ontwikkeling in 'n poging om sodanige ontwikkelinge so te verander dat dit aan die aanvaarde etiese beginsels sal beantwoord.¹

Opvoeding in die sosiale sluit in opvoeding tot sosiale bruikbaarheid, in sosiale deugde, in nuttige vryetydsbesteding en in sosiale verkeer.

Die sosiale is primêr ingestel op ewewigtigheid in die samelewing.

Hierdie proses ly ook onder die sonde en staan gedurig in stryd met magte wat die ewewig wil verander.

Veranderinge soos te weeg gebring deur oorlog, depressie, hongersnood industrialisasie ens. verg altyd nuwe veranderinge om die ewewig te herstel. Selfs die kultuur en struktuur van die gemeenskap kan deur sulke ingrypende invloede verander.²

In die opvoeding, ook binne die gesin, moet deeglik rekening gehou word met die veranderinge sodat die kind daarby kan aanpas en hy tuis kan voel in sy nuwe wêreld.

Die grondslag van die kind se sosiale vorming word in die gesin gelê. Die kind word daar deur sy ouers voorgeleef.

Volgens Fourie is die gesin die plek waar kinders geleer word om met die medemens saam te leef; waar hy geleer word om die liefdesgebod te gehoorsaam; waar die kind leer om sy naaste te dien; die goeie in sy naaste leer ontdek en waardeer; sy foute te ontdek en te vergewe. In die gesin leer die kind om ander mense te eerbiedig, ongeag ras of kleur, sosiale posisie of status, ouderdom of seks.³

1. SIEN VAN LOGGERENBERG N.T. en JOOSTE A.J.C. a.w. p.66.
2. Vgl. KUIPER G. a.w. p.202.
3. Vgl. FOURIE D.R. a.w. p.63, en ook RUPERTI R.M. a.w. p.77-78. asook THERON J.A.L. : JEUG EN BEDRYF. In die dae van jou jonkheid, p.171.

Die gesin is ook die plek waar die kind erkenning moet kry in die samelewing.¹

Die kind moet tuis aangemoedig word vir deelname aan alle aktiwiteite waarby hy sy ouderdomsgroep ontmoet in die kerk, skool, jeug, kultuur en ontspanningsorganisasies.²

Fourie beklemtoon veral die belang van die skool vir die oorgang van die kind na volwassenheid. Hy skryf: „Die skoolgemeenskap is 'n onverbeterlike oorgang van die eie gesinskring tot die groot gemeenskap waarin hy as volwassene moet beweeg.“³

Jaarsma sien die doel van die sosiale opvoeding soos volg: „The forming of the individual to the full development of all human values and thereby to qualify him for service in the community, is desired.“ Hy skryf verder : „Also in the social life our chief concern is to have the glory of our Lord manifested in His image.“⁴

Die verbondsoopvoeding, sluit na ons oordeel ook die sosiale opvoeding in, soos dit die opvoeding in elke ander lewensaspek insluit.

Met Jaarsma is ons dit eens as hy die sosiale opvoeding soos volg sien: „And when we lead the child according to this way in the active cultivation of his God-given talents and potentialities for the service of God and of the community, we are emphasizing that this must be done in keeping with God's demands with his whole heart, with his whole soul, with his whole mind and with all his strength. Here we have the application of the idea of totality of the whole person in education.“⁵

Die gesin se sosiale opvoedingsmoontlikhede kan moeilik oorskat word. Dis 'n liefdesgemeenskap waar 'n klein groepie dag vir dag saamlewe, van die môre tot die aand met mekaar te doen het. Al die

-
1. Sien KEYTER J. de W. a.w. p.72.
 2. Sien FOURIE D.R. a.w. p.64.
 3. FOURIE D.R. a.w. p.64,
asook RUPERTI R.M. a.w. p.78.
 4. JAARSMA C. : FUNDAMENTALS IN CHRISTIAN EDUCATION. Theory and Practice, p.428.
 5. JAARSMA C. a.w. p.429.

aktiwiteite binne die gesin het 'n sosiale aspek, want hetsy iemand bad of studeer of bid - al die ander moet hom konsidereer en hy die res van die gesin.

Elke gesin positiver dan ook as het ware sy sosiale norme of verstandhoudinge, hoe om sake onderling te reël en hoe om sake sosiaal vlot te laat verloop.

Die gesagsreëling van die ouer is hier sentraal. Hulle beslis byvoorbeeld wanneer kinders kan gaan kuier, hoe laat hulle mag tuis kom, wie die vriende is wat aan huis mag kom, hoe laat die kuiers duur. Die ouers sifnommatief uit watter sosiale bewegings goed of skadelik vir die kind is.

Die ouers sien toe dat die gesin sosiaal een, homogeen, saam bly na die sosiale aspek van alle aktiwiteite in alle wetskringe, byvoorbeeld:

Saam huisgodsdienst (geloofsaspek)

Saam met verjaarsdae, gesinsvereniging (liefde)

Saam besleg, geskille en beslissings (juridies)

Saam na musiekuitvoerings, of gesinskuns saam en saamdoen (esteties)

Saam werk, saam begroot (ekonomies) saam beplan, saam gesels (taal)

Saam voel, solider, eenheid (psigies en getal)

Saam uitstappies, saam na die mooi natuur.

Die Here beskik die gesin in die kind se lewe as die mees kontinue samelewingsstruktuur waar hy leer om aan te pas, in te pas, om sosiale vertrouwe aan te kweek, om Christelik stylvol te lewe, saam te wen of verloor, om die ons-gesindheid aan te kweek. Om die uiterstes van 'n sosiale rondvaller enersyds wat nooit tuis is nie te vermy, en andersyds nie 'n individualistiese askeet of egoïes te word nie.

Waar anders as in die gesin leer die kind die veelbesproke „goeie maniere?"

Waar anders word die kind sosiaal opgevoed sodat buitestaanders van hom getuig: mens kan sien uit watter huis hy kom.

In.....

In die verhouding tussen seuns en dogters word al die grondslag gelê vir ko-edukasie in die sin dat hulle aan die aspekte van die geslagsandersheid op 'n natuurlike wyse gewoon raak, wat in sekere sin voorbereidend is vir die eie verhouding met die teenoorgestelde geslag.

13.3 SPREUKE OOR DIE STYL EN WYSE VAN SOSIALE ONGANG IN DIE GEMEENSKAP EN IN DIE HUISGESIN

Die Spreukeboek bevat in verskillende tekse uitsprake wat betekenisvol vir die harmonieuse sosiale verkeer tussen mense is.

Ons tekskeuses is willekeurig en is bedoel om 'n aantal aspekte van verskillende aard na vore te bring wat van belang is vir die harmonie in die huisgesin.

15:1 - „'n Sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom.”

Gispén sien dit so dat Spreuke hier bedoel om goeie raad aan te bied om iemand wat blaas van woede tot bedaring te bring terwyl hy tegelykertyd waarsku dat dit juis die krenkende, die beledigende woord is wat die toorn ontvlam.¹

Delitzsch verklaar grimmigheid soos volg: „denotes anger in the highest degree; a mild, gentle word turns away the heat of anger, puts it back.”²

Die bedoeling is dat die mens se geselskap kalm, vriendelik, hofflik en bedaard moet wees, want 'n onvriendelike of beledigende woord maak seer. Dit is die woord wat seermaak wat die woede ontvlam.

In Psalm 78:40 word die woord „wederstrewig” sinoniem met „krenkende woord” gebruik. Deur hul wederstrewigheid het Israel God gegrief, dit wil sê die toorn laat opvlam.

1. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING, SPREUKE I, p.260, 261.

2. DELITZSCH F. : PROVERBS OF SOLOMON I, p.316.

As 'n krenkende woord selfs God toorn laat ontvlam, hoeveel te meer nie die sondige mens nie. Juis in die huisgesin waar gesinslede kontinu met mekaar saamleef, moet krenkende woorde vermy word en moet die saamleef versier word met sagte antwoorde.

Goeie buurskap, goeie vriendskap, kan behoue bly as ons krenkende woorde vermy. Geselskap sonder pynigende woorde beskerm harmonieuse sosiale verhoudings en getuig van 'n beskaafde lewensstyl, soos Spreuke 16:24 dan ock bevestig: „Vriendelike woorde is soos 'n heuningkoek : soet vir die siel en 'n genesing vir die gebeente.”

Kidner sê van die teks die volgende: „To say nice things when we can is a simple benefit we may bring a person, in mind and thence in body.”¹

Delitzsch verklaar die „vriendelike woorde” as: „Words which love suggests, and which breathe love. Such words are sweet to the soul of the hearer and bring strength and healing to his bones.”²

Gispén verklaar „siel” hier as: „zetel van het begeren en het verlangen;” en „genesing van die gebeente” beteken: „Vriendelike woorde zijn weldadig voor het gehele gestel.”³

Ons geselskap moet vir ander mense 'n lus wees om na te luister. Wat 'n mens praat, is altyd belangrik, want die woorde wat ons praat beïnvloed die naaste ten goede of ten kwade, daarom sal ons ook volgens ons eie woorde geoordeel of vrygespreek word (Mat. 12:37).

Woorde doen nie net iets aan 'n mens nie, maar ook in 'n mens, want woorde kan 'n mens van God afvallig maak, of dit kan die mens beïnvloed om in Christus te glo en so toegevoeg word by die gemeenskap van die gelowiges (vgl. 18:4). Hoe belangrik is dit nie in die gesinsopvoeding nie, juis in die verbondsoopvoeding is die woorde van die ouer koersbepalend vir die kind.

1. KIDNER D. : PROVERBS, p.121.

2. DELITZSCH F. a.w. p.348.

3. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING. De Spreuken van Salomo II, p.23.

In Spreuke 17:1 lees ons: „Beter is 'n stuk droë brood en rus daarby as 'n huis vol offermaaltye met getwis.”

Hier word twee sake teenoormekaar gestel, naamlik aan die een kant, 'n stukkie droë brood met rus daarby. Volgens Gispén wys die „droë brood” op „de grootst moegelyke soberheid” en die „rus” wys op: „zorgeloosheid.” Met ander woorde, by die armoedige maaltyd word sorgelose rus geniet. Dit sê die Spreukedigter is verkieslik bo aan die anderkant, 'n huis vol slagoffers met twis by die maaltyd. Die offermaaltyd is bedien met die vleis wat van die offer oorgebly het.

Die offervleis wys op harmonie met God, maar daar is twis onder mekaar. Dit dui op huigelary. Familietwiste kom hier tot openbaring.¹

Armoede en eenvoud van lewe in die gesin, maar eerlik en opreg teenoor mekaar, is verkieslik bo oorfloed, maar skynheilig teenoor die wêreld. Die feesmaal mag nie ontaard in 'n drinkpartytjie nie, dit veroorsaak gesinstwiste.

Die wyndrinkery by gesinsfeeste maak sommige mense spraaksaam, dit lei ook tot onnodige woordewisseling.

Teenoor die spraaksame stel Spreuke in hoofstuk 17:27 : „Wie sy woorde inhou besit kennis en hy wat kalm is van gees, is 'n man van verstand.”

Dit gaan hier om die taal as omgangsmiddel tussen mense. Sonder taal in een of ander vorm is sosiale verkeer onmoontlik. Die verstandige mens gebruik 'n ekonomie van woorde, en as hy praat dan weeg hy sy woorde, hy praat siftend, berekenend. Hy swyg liever as om onseker te wees oor wat hy wil sê. Breedsprakerigheid hou die gevaar in om te veel te praat, vervelig te wees en onsin kwyt te raak, terwyl die man van min woorde toon dat hy kalm van gees is. Dit dui ook op die innerlike geaardheid en temperament van die verstandige mens. In die sosiale omgang, veral in die huisgesin moet elkeen 'n billike beurt kry om sy sê te sê. Een praat nie vir almal nie, maar elkeen moet die geleent-

1. Vgl. GISPEN W.H. a.w. p.28.

2. Vgl. ook DELITZSCH F. a.w. p. 352.

heid gegun word om deel te neem aan die gesinsgesprek.

Spreuke 29:17 - „Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf.“

Gedissiplineerde opvoeding verskaf vreugde aan die ouer, andersins sal die ouer nooit rus vind nie, want hy sal hom gedurig kwel oor sy kind wat hom verdriet aandoen (Vgl. Spreuke 30:17). Die ongehoorsame kind wat spot met sy ouer (se God gegewe gesag) sal 'n skandedood sterf.

Die ouer word hier aangespreek om sy gesag oor sy kind uit te oefen, daarvoor het hy 'n opdrag van die Here ontvang (Deut. 6:7; Spreuke 19:18). Die ouer is verantwoordelik vir sy kind. Spreuke lê 'n hoë premie op die harmonieuse gesagsverhouding tussen die ouer en sy kind. Van die kind word hier ook verwag om die ouer gehoorsaam te wees om so aan die ouer vreugde te verskaf. Die miskenning van die ouerlike gesag bring teleurstelling en verdriet mee.

13.4 ENKELE NUWE TESTAMENTIESE NORME NEERGELEË VIR DIE HARMONIEUSE SOSIALE ONGANG IN DIE SAMELEWING EN IN DIE HUISGESIN

In die Nuwe Testament vind ons ook verskeie uitsprake waarin die norme neergelê is vir die harmonie in die sosiale verkeer tussen mense. In besonder geld die norme vir die intiemste sosiale gemeenskap, naamlik die huisgesin.

Eerstens noem ons Gal. 5:19-21 waarin die praktyke van die sondige natuur, soos dit in die algemeen bekend is, gestel word teenoor (Gal. 5:22) die negevoudige vrugte van die Gees en tot stand bring.

Die Apostel stel dus die sondige verdorwenheid teenoor dit wat die Heilige Gees totstand bring.

Die bekende werke van die vlees is nie die gevolge van die sondige natuur van die mens nie, nee, dit is „denkelyke werkingen”,¹ dit is

1. GREIJLDANUS S. : KORTE VERKLARING. GALATEN, p.144.
Vgl. THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p.1103.
MIKOLASKI S.J. : Verklaring van Rom. 5:19-21

doelbewuste verkeerde handclinge, wat in stryd is met die wet van God.

Die lang lys goddelose handelingte sluit in sinnelike sondes, afgodery, wanverhoudings met die naaste, seksuele ongeregthede en losbandigheid, almal dinge waarvan die apostel sê dat die wat hierdie dinge doen, uitgesluit is uit die Koninkryk van God.

In die Christelike huisgesin sal elkeen van die werke van die vlees ontwrigtend inwerk, kommer verwek en oorsaak wees van gesinsontwrigting.

Daarteenoor stel die apostel die vrugte van die Gees, die vrugte wat die Heilige Gees totstand bring in die lewe van die mens in wie Hy woon. Hierdie mens is wedergebore, is vernuwe in sy hart en verstand, is 'n nuwe skepping van God.¹

Waar dit by die vlees gaan om doelbewuste bose werke, daar gaan dit by die Geesvervulde mens om die spontane, die natuurlike, vanselfsprekende en gehoorsame uitlewing van die norme van God.

Die vrugte van die Heilige Gees is die noodsaaklike openbaring van 'n Geesvervulde lewe, dit kan nie uitbly nie. Greijdanus stel hierdie spontane lewensuiting soos volg: „Alle zijn toch de uiting en belichaming van het eene heilige beginsel der ware liefde.”²

Paulus noem in vs. 22, die deugde wat op die verhouding tot die medemens betrekking het. Hierdie deugde is 'n openbaring van die mens se regte verhouding tot God. By die deugde staan die liefde tot die naaste voorop. Die huwelik en gesin is liefdesgemeenskap. Die Heilige Gees bewerk die liefde. Hoe belangrik is dit dan nie dat die gesin in God sal glo nie.

Blydskap en vrede verwek nie twis nie, maar beklemtoon die eensgesindheid en samestemming in die sake wat die gesin raak. Lankmoedigheid beklemtoon die verdraagsaamheid teenoor mekaar; die vriendelikeheid tree voorkomend op om twiste te vermy; die goedheid bewerk die heil; die trou sien op die betroubaarheid van die een teenoor die ander; die sagmoedigheid, selfbeheersing voorkom dat die gelowige deur hartstog en verkeerde handelingte meegesleur word. Teen sulke dinge

-
1. Vgl. RIDDERBOS H. : PAULUS p.234-252 waar Ridderbos spesifiek handel oor „die lewe deur die Gees” en oor „die nuwe mens.”
 2. GREIJ DANUS S. a.w. p.145.

het die wet niks, inteedeel hulle voldoen aan die eise van die wet.

In die beoefening van die deugde wat die Gees werk, voldoen die gelowige mens aan die eise van die wet. Die gelowige mens moet dus sy lewe al hoemeer onder die beheer van die Gees stel. Dit veronderstel verbondsoopvoeding, waartoe die gelowige ouer hom deur die doopbelofte verbind het om die kind te leer om onder andere die wet van die Here doelgerig te gehoorsaam.

In Romeine 12 vers 9-21, vind ons riglyne vir die Christelike lewe. Ons wil die aandag op 'n paar van die verse bepaal wat uitdruklike bevels inhou vir die sosiale omgang met die medemens.

Vers 10 - „Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.”¹

Die liefde tussen gesinslede word voorgedhou as voorbeeld vir die liefde wat in die gemeente tussen medegelowiges moet wees.²

Davidson en Martin se siening oor die broederliefde is soos volg: „Love, which is really the ruling principle of Christian living, is more than an emotion and of firmer nature than mere sentimentality or pure philanthropy.”³

Hierdie broederliefde moet juis tot openbaring kom waar elkeen die ander se belange voor sy eie stel en waar hy die ander voorgaan om eer te betoon of waar hy ander oortref in sy aanbidding van die Here.

Die een moet dus die ander die weg wys deur voor te loop in die beoefening van die Christelike lewe.

Ons dink hier byvoorbeeld aan die openbare afle van geloofsbelydenis waar die belyer as het ware die gemeente uitnoodi of selfs uitdaag om hom tereg te wys as hy afdwaal van die belydenis wat hy gedoen het om God in liefde gehoorsaam te wees.

Hoë eise word aan die broederliefde gestel. Hierin moet die gesins-

-
1. Teks uit : DIE NUWE TESTAMENT EN PSALMS 1979.
 2. Vgl. JACOBS D. : KORTE VERKLARING. ROMEINEN, p.243.
 3. DAVIDSON F. en MARTIN R.P. : In: THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p.1041.

liefde die voorbeeld stel. Hoeveel hoër is dan die eis van die liefde vir die gesinslewe.

Vers 13 - „Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.“¹

Die ou vertaling lees : „Maak voorsiening in die behoeftes van die heiliges; streef na gasvryheid.“

Die diens van barmhartigheid ontvang hier beklemtoning sowel as die voorbidding. Dit is ook duidelik dat daar 'n verband is tussen gasvryheid en die diens van barmhartigheid. Gasvryheid is op sigself barmhartigheid.

Gasvryheid is 'n deug wat in die huisgesin beoefen word. Gasvryheid is nie 'n natuurlike aanleg nie. Die kind moet opgevoed word tot gasvryheid, hy moet dit aanleer, hy moet daarin deur die ouers voorgeleef word.

Onder die gaste wat die huis besoek is ook behoeftiges en die diaken besoek die huisgesin om offergawes wat ook vir die barmhartigheidsdiens van die gemeente en die kerk voorsiening moet maak. Hy moet ook gasvry ontvang word.

Een van die eise wat gestel word om te kwalifiseer vir die ouderlingsamp is gasvryheid, 1 Tim. 3:2, 5:10; Titus 1:8.

Jesus Christus het ons geleer dat ons 'n vreemdeling moet ontvang en gasvryheid betoon, want: „vir sover julle dit gedoen het aan een van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen“ (Mat. 25:40).

Ons gasvryheid betoon ons om Christus ontwil.

Vers 16 eis van ons eensgesindheid, verbied hooghartigheid, vermaan om gering te wees en belet eiewysheid.

Die huisgesin is by uitstek die plek waar Christene eensgesind moet wees. Die huisgesin is 'n sosiale eenheid, heg en stewig aanmekaar verbonde, deur die bloedband gebind en deur die liefde verenig.

1. VERTALING VAN DIE NUWE TESTAMENT EN PSALMS 1979.

As Christene nie in die gesinsverband verenig is nie, kan hulle ook nie in die ander gemeenskappe eensgesind wees nie, want die gesin is die oefenskool vir die lewe. Die eensgesindheid word versteur deur die persoon wat meer van homself dink as wat hy behoort te doen. Hooghartigheid en eiewysheid verbreek die gesinseenheid en die harmonie. Gesinslede moet saamwerk, elkeen moet nie sy eie ambisies koester ten koste van die gesinseenheid nie.

As hierdie gesindheid aanwesig is, sal die mens ook nie aan die versoeking toegee om kwaad met kwaad te vergeld nie (vs 17), maar sal so leef dat sy goedgesindheid bekend raak, ten aanskoue aan alle mense en van alle skyn ontdaan, sodat dit tot verheerliking van God kan dien. Dit beteken dat die een nie kwaad van 'n ander moet dink nie, nie agterdogtig wees sonder goeie rede nie, nie kwaad dink of praat nie, maar dat die denke onder die tug van die wet van God geplaas word.

In die huisgesin se gesinsgesprek moet kinders opgevoed word om nie kwaad te dink nie of te praat nie of te doen nie en om kwaad nie met kwaad te vergeld nie, want dit doen die mens met 'n sonde besmette hart (Mat. 15:19), maar die mens wiese lewe deur die Gees vernuwe is, is goedgesind teenoor alle mense en leef ook in vrede met alle mense (vs. 18).

Ander mense maak dit soms onmoontlik om met hulle in vrede te leef, maar in sover dit van jou afhang, moet jy vrede bewaar. Ons kan nie vrede bewaar ten alle koste nie, want waar Christus geloen word of sy eer in gedrang kom of waar openlik gesondig word, moet ons intree, al sou dit die vrede versteur. Christene moet veral in die huisgesin die vrede bewaar, of bewerk want die vrede van Christus moet ook in ons harte wees.

As ons hierdie riglyne vir ons gesinslewe navolg, sal ons gesin 'n baie gelukkige en voorbeeldige lewe voer.

Kol. 4:6 gee vir ons ook 'n duidelike riglyn vir ons taal en omgang met mekaar, daar staan geskrywe: „Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.“

Die.....

Die woord, veral in die gesproke taal, is ons belangrikste omgangsmiddel met mekaar. Die Woord van die Here is so 'n woord wat met sout besprinkel is. Die brief aan Filemon is 'n goeie voorbeeld van so 'n woord wat met sout besprinkel is.

Die inwoners van Nazareth het eenmaal van Jesus se woorde getuig dat dit lieflik en aangenaam is (Luk 4:22).

As ons as gelowiges kinders van die Here sy Woord meedeel moet dit nie slordig voorgedra word nie, want dan doen dit skade aan die inhoud.

Baljon sê: „Het altijd oude Evangelie moet in nieuwe en frissche vormen worden verkondigd, opdat het aantrekkelijk zij voor de kinderen van onze tijd.”¹ Hy sê ook verder: „de evangeliprediking moet ook aan aesthetische eischen voldoen en een beschaafd hoorder niet kwetsen.”²

Ook die eenvoudige man stel die eis dat die evangelie in 'n waardige en kuise taal verkondig sal word.

Die evangelie is dit en moet daarom as 'n aanvaarbare goed voor oë gestel word om so die onsedelikheid teen te werk. Ons dink aan die woorde in Efes. 4:29 „laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie.” Soos sout bederfwerend is, smaak gee, so moet die omgangsgesprekke ook wees.

Die Christengelowige moet die Bybelse taal sy eie taal maak, dan sal dit aan die hoë eise van die Skrif voldoen.

Hierdie Bybelse taal word aangeleer by die huisaltaar waar die Bybel gereeld gelees word; in die binnekamer waar elkeen self die Bybel lees; in die gereelde erediensbywoning en waar daar oor die Bybel gesprekke gevoer word. As die Bybelse taal ons omgangstaal is, sal ons mekaar stig, sal ons 'n trooswoord hê uit die Bybel vir die bedroefdes, sal ons 'n woord van bemoediging hê vir die vermoeide pelgrim, sal ons 'n woord van saligheid hê vir die soekende siel. Vir elke mens onder elke omstandigheid sal ons 'n woord van die Here hê, na elkeen se behoeftes, indien ons Sy Woord in ons hart bewaar.

1. BALJON J.M.S. a.w. p.338.

2. Ibid p.334.

Guthrie vermaan Christene soos volg: „Christians must learn to choose the best manner of answering questions about the faith.”¹
Die antwoorde is in die Bybel.

In nou aansluiting hierby, is Kol. 3:8 - „Maar nou moet julle ook dit aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond.”

Die nuwe mens in Christus moet die ou dinge wat hy uit die sondige lewe nog met hom saambring het, soos 'n kleed uittrek of afwerp, dit wil sê, hy moet radikaal daarmee breek.

Wat vroeër 'n natuurlike en gewone leefwyse was, naamlik om toornig te wees en vol woede, boosheid, laster en skandelige taal, word nou nie meer toegelaat nie, want die ou dinge was liefdelose gesindhede teen die naaste. In woord, gesindheid en gedrag het die liefdeloosheid tot uiting gekom.

Nou moet die vrugte van die Gees gedra word en die moet ook tot uiting kom in taal, gesindheid en gedrag.

1 Thes. 5:14 - Hier word die gemeente aangespreek oor die onordelikes, om hulle te vermaan en sorg te bestee aan kleinmoediges, swakkes en om lankmoedig te wees teenoor almal.

Gelowiges is mekaar se oppassers. Ons is ons broer se wagter, nie om uit die hoogte fout te vind nie, maar om terwille van Christus en medegelowiges se heil hulle te help. Terwille van Christus, moet daar orde en dissipline in sy kerk wees; moet die kleinmoediges met woorde uit die Skrif bemoedig word; moet die swakkes steun gegee word en moet verdraagsaamheid beoefen word.

Hierdie Christelike deugde moet in die huisgesin aangeleer en beoefen word sodat dit ook in die gemeenskap met ander mense beoefen kan word.

Vers 15 vul die sake aan waaraan medegelowiges aandag moet gee terwille van die goeie orde en vooruitgang van die gemeente (Vgl. Rom. 12:17).

1. GUTHRIE D. : In : THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p.1152.

In 1 Petr. 3:8 word weer klem gelê op die broederliefde en die eensgesindheid wat daar onder Christene moet wees.

Wheaton verklaar die eensgesindheid hier in die lig van die eenheid wat die Gees bewerk in alle gelowiges, om een van sin te wees. Hy sê verder: „This will enable them to enter into the feelings of others and to experience his love for their fellow-Christians.”¹

Wat gesinslede dus nodig het, om met mekaar egte medeïye te kan hê en om mekaar te verstaan en om in harmonie met mekaar saam te leef, is die besit van die Heilige Gees.

Die besit van die Heilige Gees is voorwaarde vir 'n Christelike gehoorsame lewe en vir die vermoë om die kwaad te weerstaan en ander te help om hul van die verkeerde lewenswyse af te sien.

Die Heilige Gees is voorwaarde om (vs.9) geen kwaad met kwaad te vergeld, of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar om liewer te seën, want dit is waartoe die Heilige Gees ons roep. Op hierdie optrede ontvang die gelowige Christen seën, nie as 'n verdienste nie, maar die seën is ingesluit in die vermoë om goed te doen.

Wheaton stel dit so: „The Christian's vocation is to follow his Lord's example of suffering and with Him inherit the blessings God has prepared for him.”² (Vgl. Rom. 8:17,18 en 1 Petr. 2:21).³

Ook in vs. 10 en 11 word die Christen onderrig in die Christelike deugde en gewaarsku teen verkeerde taal en slegte dade.

Ons het genoeg voorbeelde uit die Skrif aangehaal om aan te toon hoe lewenswyd die Skrif se opvoedingsboodskap aan die mens is, soos ons ook lees in II Tim. 3:16,17 wat soos volg lui: „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”

1. WHEATON D.H. : THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED, p.1243.

2. Ibid p.1243.

3. 1 PETRUS 2:21 - „Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstap kan volg.”

HOOFSTUK 14

DIE TAALASPEK VAN DIE HUISGESIN SE OPVOEDING

14.1 BEGRIPSBEPALING

Pretorius definieer taal soos volg: „Taal is die benoeming van die beleefde feitelikheid; die werklikheid word dus vertaal.“¹

Verwoording is eie aan die mens en dit hang saam met die mens se beleving, met sy beleefde werklikheid.

Die taal het sy eie reëls, as mense in gesprek met mekaar hulle aan die reëls nie hou nie, kan hulle mekaar nie verstaan nie en is kommunikasie nie moontlik nie.²

Taal bestaan uit verskillende klanke, woorde en sinne.³ „Klank- en beeld nabootsende woorde vorme teenwoordig althans maar een klein deel van die tekens van een taal.“⁴

Skrif is die kunsmatige middel waardeur taal vasgelê word. Die spelling van die geskrewe woord toon ons hoe die woord uitgespreek moet word.

Taal is die belangrikste kommunikasiemiddel tussen mens en mens, daarom is dit noodsaaklik dat hierdie middel so goed en so ver as moontlik ontwikkel moet word.⁵

Taal is nie 'n uitvindsel van die mens self nie. God het die mens na Sy beeld geskape en vir hom 'n taal gegee waarmee hy met God kan praat. Oor die oorsprong en ontstaan van taal sê Strauss die volgende: „Die

-
1. PRETORIUS J.W.M. : KINDERLIKE BELEWING, p.39.
 2. Vgl. SIERTSEMA B. : TAAL. In: Christelike Encyclopedie D6, p.313.
 3. Vgl. STRAUSS D.F.M. a.w. p.59.
 4. Vgl. SIERTSEMA B. a.w. p.313.
 5. Vgl. DE HAAN A.A. : TAALONTWIKKELING. Aspekten van de Kleuteropvoeding, p.210.

oorsprong.....

oorsprong van taal se normatiewe individualiteitstruktuur is dus gegee in die wet van God."¹

God het die mens in die paradys opgesoek en met hom in sy taal gespreek. Van al die geskape wesens van God is dit ook net die mens wat normatief met taal kan kommunikeer.

Na die sondeval het God die mens se taal verwar by Babel waar die taal gedifferensieër het.

Dit is nou juis so aangrypend dat God nie in engeletaal, maar in mensetaal van die Bybelse tyd, vanuit die hemelse dieptes met die sondige mens gespreek het en dan ook deur middel van letterkundige genres soos gegee in die historiese, profetiese, didaktiese, paranetiese, wysheids- en apokaliptiese Bybelboeke en dat dit nogtans Sy Boek is.²

Die Christelike religie moet dus ook op die gebied van die taal die gesag van God laat spreek.³

Regter Steyn het daarom tereg opgemerk: „Dit staan my vry om te praat, maar ek mag niemand belaster nie.“⁴

By hierdie aspek verstaan ons die wonderlike gawe wat God aan die mens gegee het om op verstaanbare wyse met mekaar te kommunikeer.⁵

Daar bestaan bepaalde norme vir 'n Godwelgevallige en beskaafde taalgebruik, naamlik die norme van die taalkunde wat deur die grammatici aangedui word.⁶

1. EXODUS 20 · 16 ; DEUT 5 : 20

2. LOMBARD J.C. : DIE BETEKENIS VAN DIE BYBELKUNDE AS AKADEMIESE DISSIPLINE, p.1.

3. Vgl. STEYN J.A. a.w. p.106.

4. STEYN L.C. : ASPEKTE VAN DIE REGSWESE, p.5.

5. Vgl. SCHOLTZ J.A. a.w. p.35.

6. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.105.

In die taalkunde moet die mens altyd denkend besig wees; taalkunde is dus 'n denkwerkzaamheid, 'n wetenskap wat logies-analities gekwalifiseer is.¹

Eers by die wesenlike ontsluiting van die kultuur word die merkwaardige verband met die taalaspek vir die visie geopen.²

Die sinkern by die taalaspek is simboliese betekening.

Dooyeweerd verklaar taal soos volg: „The nuclear moment of the lingual aspect is symbolic signification related to the lingual understanding of signs. This modal meaning fits all the concrete symbolic meaning-functions of a language into internal function coherence with which specific linguistic laws are valid.”³

Taal kan verskeie vorms aanneem en is nie beperk tot die gesproke of geskrewe woord nie. Taal kan ook die vorm van gebare, houdings, simbole, tekens, geluide ens. aanneem. Taal is die bewoording van 'n volk se leefwyse, daarom moet dit eerbiedig word, korrek, mooi en suiwer gebruik word, sonder taalgoggas.⁴

So is bv. die landsvlag en die monumente ook draers van 'n volk se geskiedenis, sy ideale en geloofsvisie. Dit roep 'n volk op tot arbeid, tot 'n rein en eerlike lewe.⁵

Vir die Christen is die kruis die simbool van die Evangelie van verlossing in Jesus Christus wat vir die sonde van die wêreld aan 'n kruis gesterf het.

Die anti-Christelike bewegings keer die kruis onderstebo en knak die dwarsbalk met die punte skuins na onder. Dit skep die indruk van 'n voëlspoor. Dit dien vir hulle as simbool van opstand teen Christus.⁶

-
1. Vgl. STRAUSS D.F.M. : WYSGERIGE GRONDPROBLEME IN TAALWETENSKAP, p.33.
 2. SIEN VERMEULEN A. a.w. p.37.
 3. DOOYEWEERD H. N.C. II, p.275.
Vgl. SPIER J.M. a.w. p.38.
 4. STEYN J.A. a.w. p.106.
 5. Vgl. MOSTERT C. : DIE BETEKENIS VAN DIE UNIEVLAG. Die Afrikaanse Kinderensiklopedie, Deel 9, p.3765.
 6. Sien HUGO D. : VREDESTEKEN OF TEKEN VAN DIE ANTI-CHRIS. Riglyne J4 No. 1, Maart 1973, p.12.
Sien ook DIE KERKBODE van 5 Mei 1971.

Vandag word daar kentekens, hangertjies en allerlei wapentjies, elk met 'n eie simboliek, aan die jeug uitgeveel wat almal losbandigheid propageer. Daar word ook van spreuke gebruik gemaak om dwelmmiddels te propageer.

Grobler verwys na spotgebode soos onder andere: „Heroin is my shepherd; I shall always want.“¹

Die taal waarmee God geloof moet word, het in die mens ontaard in 'n verterende vuur.

Vir die Christen-gelowige en-geloofsgemeenskap het God ook simbole gegee, soos die in die Nagmaal en Doop. Hierdie simbole is eenvoudig van aard, maar verkondig die verlossende genade in Christus.²

Ouers se handeling kan ook iets vir hul kinders simboliseer. Ons verwys na die putte wat Jakob gegrawe het wat sy nageslag gedurig herinner het aan die God wat hy aanbid het. (Joh. 4:12).

Taal vind in elke wetskring uiting. Antisipering op die ekonomiese wetskring moet die ideaal, taalekonomie wees. Dit kom daarop neer dat die mens bv. nie te veel moet praat nie en ook nie te min nie, maar bondig, effektief en duidelik.³

In die estetiese wetskring ontsluit die taal in taalbalans en taalharmonie.⁴

In die juridiese wetskring ontsluit die taal aspek tot 'n proses van sifting en keuring om die korrekte en eenduidige taal te gebruik.

In die etiese ontsluit die taal bv. tot liefde en trots op die moedertaal en in die betroubaarheid dat woorde sê wat hulle bedoel : woord en betekenis is juis en korrelaat.

-
1. GROBLER J. : DIE MISBRUIK VAN DWELMMIDDELS, I.B.C. 51, p.5.
 2. Vgl. LOMBARD J.C. a.w. p.35.
 3. Vgl. DOOYEWEERD H. : NEW CRITIQUE II, p.126-127.
 4. Vgl. STRAUSS D.F.M. a.w. p.77.

In die geloofskring ontluit die taal tot taalsekerheid, naamlik tot die vermoë om duidelik en betroubaar te sê wat hy wil sê. Onder leiding van die geloof in God deur Jesus Christus, kan die verdieping in die linguale tot aanbidding en lofprysing deur middel van die taal plaasvind.¹

Taalopvoeding is uiters belangrik. Dit raak die gesproke, die geskrewe en die verbeelde woord. Strauss sê van die leerproses om te praat die volgende: „Wanneer 'n kind leer praat, skuil die volledigheid van sy beduiding dikwels agter die ontoereikende betekenis van sy woorde. Die ontsluiting van die pïstiese antisipasie van die taal is by die kind nog nie voltooi nie en die vertroebel die sekerheid wat ons aan die betekenis van sy woorde behoort te hê.”²

Ouers het 'n roeping om hulle kinders reg te leer praat. Kinders praat hulle ouers na, daarom moet ouers hulle kinders reg voorpraat. As ouers se taal slordig is en met onkiese woorde besmet is, sal die kinders se taal net so wees.

Dit is opvallend hoe 'n Christelike volksdeel se taal deur die Bybel beïnvloed is om 'n geloofstaal te praat. Schulze noem die Statebybel 'n woordkunsmerk wat nie alleen vir die Hollandse volk veel beteken het nie, maar ook vir die Afrikanervolk. Hy sê: „Dit was die groot skatkamer wat voorsiening gemaak het in al sy geestelike behoeftes op alle terreine van die lewe en dit het die Afrikaner in sy donkerste ure en in sy grootste afgesonderdheid van die buitewêreld vir analfabetisme bewaar.” Hy sê voorts: „Tog kan die Statebybel in sy Nederlandse taalgewaad nooit met sy volle krag en onmiddellik tot die hart van die Afrikaner spreek nie.”³

Na die mate wat die Afrikaanse taal in kerk en skool, in staat en maatskappy posgevat het, het die kloof tussen die Nederlandse Bybel en die Afrikanervolk al groter geword. 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel het onontbeerlik geword en met die verskyning van die Bybel in Afrikaans het sy spelling, woordeskat en styl 'n heilsame invloed uitgeoefen.

1. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p.106.

Vgl. STRAUSS D.F.M. a.w. p.74. „Die hele ontsluitingsproses loop in die transendentale tydsrigting vas in die geloofsaspek wat die grensaspek van die werklikheid vorm.”

2. STRAUSS D.F.M. a.w. p.79.

3. SCHULZE H.G. : DIE INVLOED VAN DIE BYBEL OP SPREEK- EN SKRYFTAAL. In : Koers in die Krisis I, p.287,288.

Naas die ouers, is dit die geskrewe woord wat die grootste invloed het op die taalvorming van 'n volk, daarom is dit belangrik wat ouers hul kinders gee of toelaat om te lees.

Carter en McGinnis beklemtoon die waarde daarvan om effektief te lees, om reg te lees, om vrugbaar te lees. Hulle skryf soos volg: „you must know how to make adequate use of textbooks and reference materials. You must know how to read for a purpose, how to identify main ideas and how to make these ideas your own. You must know how to concentrate upon a reading activity and how to read to solve problems in mathematics, science and social studies. You must know how to read essays, poems, short stories and novels. You must know how to increase your knowledge of words. Especially, you will need to know how to evaluate the many ideas you find in print. All of these reading skills must be acquired if you are to adjust successfully in the world you are creating for yourself.”¹

Die lees van nuttelose leesstof is nie net 'n verkwisting van kosbare tyd nie, maar dit is ook blootstelling aan beïnvloeding.

Leesstof moet ook gekies word wat bevatlik is vir die kind se psigologiese en fisiese vermoëns.

Saam met die opvoeding om goed en reg te lees, hoort ook die opvoeding om effektief te luister en effektief te onthou.

14.2 DIE TIPIESE GESINSTAAL EN GESINSGESPREEK

Elke afsonderlike huisgesin word gekenmerk deur 'n eie gesinsdenke, gesinstaal en gesinsgesprekke.

'n Buitestaander kan hom soms verwonder oor die eie tipies-eienaardige manier waarop gesinslede met mekaar praat of vir die woordeskat wat daar ontwikkel is en hulle eie benoemingsvorm vir mekaar.

Onder leiding van die liefde praat hulle as gesinslede op 'n tipiese eie interne wyse met mekaar.

1. CARTER H.L.J. en MCGINNIS D.J. : READING. A Key to Academic Success, p.1.

My seun noem byvoorbeeld sy jonger suster altyd op haar naam, maar as hy verlee" is oor iets wat sy vir hom moet doen, dan noem hy haar "ounooi" en sy noem hom dan "boetie" terwyl sy gewoonweg hom ook op sy naam noem.

So kenmerk vader en moeder se aanspreekvorme wanneer hulle met mekaar praat allerlei naampies wat hulle vir mekaar het. Hierdie naampies dateer uit hulle jeugjare toe die liefde tussen hulle opgevlam het.

So het hulle na hul huwelik ook die eersteling kleintjie en elke kindjie daarna met troetelwoordjies aangespreek - troetelwoordjies wat so kenmerkend is van ouers wat hulle kindertjies in liefde ontvang het as gawes van God, wat net aan hulle behoort.

En as die kindjie oor die agt maande oud is word woordjies vir die kleine herhaal totdat hy dit agterna sê. Hoeveel opgewondenheid heers daar nie as die kleine pappa en mamma begin sê nie.

Die taalbegeleiding van die vroeë kleuterstadium af wat klank-ekspresie by die kind in aanvang neem, is so belangrik wat pa, ma en ander voorsê, speel 'n groot rol in die taalvorming van elke kind. Hy sê dit na met elke toon, stembuiging en beklemtoning. As die ouers se geselskap getuig van 'n fyn opgevoede taal, dan sal die kinders se taal dienoooreenkomstig wees of andersom.

Die vrugbaarste dink- en taalopvoeding vind sekerlik in die huisgesin plaas. Daar gons dit soms soos die gesin saampraat, daar word taal-regstellings gemaak. Elke situasie waarin die gesin hulle bevind skep nuwe bronne vir taalverryking. So word nuwe woorde geleer wanneer die gesin op reis is en vreemde voorwerpe, diere, voëls, plante en landskappe as het ware ontdek word.

Uit en vir elke aspek van die mens se lewe word nuwe woorde en begrippe aangeleer. Dis taalvorming en ontsluiting in totale lewensverband.

Die kerk, die kategeseskool, die biduur, huisgodsdien, huweliksdiens, die bediening van die sakrament en die lees van die Bybel

open vir die kind 'n rykdom van godsdienstige en geloofsbegrippe wat sy geestelike lewe ontsluit en verdiep, wat sekerheid skep en vertrouwe opbou.

Die taal van die gesin moet 'n liefdeskarakter en stempel dra wat in die onderlinge gesprekke en woordeskat sal moet blyk. In die taalgebruik sal die onderskeid tussen goed en sleg insover die ouers en kinders dit Christelik kan beoordeel na vore kom.

Daar ontwikkel 'n normatiewe styl in die spreekwyse. 'n Duidelike voorbeeld is die woordgebruik teenoor ouers, susters en broers as dit kom by intieme geslagsake en seksuele verhoudinge.

Onder leiding van die geloof sal die kind die goeie bedink en praat. Sonder die Christelike geloofsontsluiting ontwikkel sy denke en taal in 'n s edelik afvallige rigting.

Die juridiese aspek binne die gesin is die terrein waar die kind leer om grammatikaal taalkundig reg te praat in gehoorsaamheid aan die taalreëls, spelling en woordgebruik. Onder leiding van die Christelike geloof, in gehoorsaamheid aan Gods wet sal sy taalgebruik ook Gods gebooe eerbiedig.

Die estetiese aspek open vir die kind se denkpatroon die skone harmonie in die taalgebruik. Skrywers en digters kan veral die skoonheid in Gods skepping in die mooiste en aangrypendste taal beskrywe. Selfs die Bybel kan in die skoonste taal die lof van God besing soos die skepping dit openbaar. (Vgl. Ps. 19)

In die juridiese aspek vind ons soms krenkende, neerhalende taal. Dis antinormatief as ouers dit teenoor kinders en andersom gebruik.

Elke kind het 'n taalreg en voorreg om sy sê te sê binne die gesagstruktuur van die gesin, maar die ouers het in liefde die laaste woord - dus 'n gesags-en 'n tydsvoorrang.

'n Gesin ontwikkel ook sy eie regstaal en -terme, byvoorbeeld dit waarmee 'n kind betig en tereggewys word met 'n simboliese gebaar van die gesig of die hand kan boekdele spreek ter teregwysing of as wenk wat om te doen en nie te doen nie.

Die roede is nie in die ouerhuis 'n martel-instrument nie, maar 'n gesags- en tugsimbool.

In die ekonomiese aspek van die taalgebruik leer die kind die waarde van dinge in woorde afweeg. Ook die waarde van sommige woorde kan hoër wees as ander om dieselfde saak te verwoord. Volgens die taalmanne leer 'n kind ook om nie onnodig te praat nie, maar ook nie om spraakloos te wees nie.

Volgens die sosiale aspek van die taalgebruik moet die kind kennis maak met woorde en begrippe soos hy dit veral van die ander gesinslede en mense hoor. Ander se geselskap kan taalverrykend wees, maar ook taalafbrekend as hy hom in slegte geselskap bevind.

Die historiese - kulturele aspek is die aspek waardeur die kind se taalvorming van kindertaal na volwassenheid beskryf word. Interessant is dit om te hoor hoe 'n kind soms woorde kan vervorm, byvoorbeeld, dat hy "hoppiestal" sê vir hospitaal en "stofuis" vir volstruis. Elke ouer kan hierdie woordelys aanvul met talle voorbeelde uit hul kinders se taalgeskiedenis. Onder die regte taalleiding kom die kind eindelijk uit by die korrekte taalgebruik.

Dis foutief van ouers om aanhoudend babawoordjies te praat wat die kind se taalontwikkeling vertraag. Hoe duideliker ons met hulle praat hoe gouer snap hulle die regte.

Die histories-kulturele aspek bied verder 'n rykdom van woorde en begrippe wat die beskaafde wêreld aanbied om die woordeskat en taalgebruik te ontsluit tot taalvolwassenheid.

Die logiese aspek is die terrein waar die ordelike denkpatroon gevorm word en waar veral die ouers die grondliggende vormingswerk doen.

Die denkkrag word nie net deur die ouers se voorpraat gevorm en gestimuleer nie, maar deur al die hulpmiddele wat die ouers inspan. So skryf Dobson: "If parents want their children to be capable, they should begin by talking to them at length while they are still babies. Interesting mobiles and winking - blinking toys should be arranged around the crib. From then on through the toddler years, learning activities should be programmed regular by."¹

Ouers moet egter daarvoor waak dat hulle nie hulle kinders onder druk plaas om vinnig te lees nie, hulle pogings om die kind se leesgierigheid aan te wakker moet stimulerend wees.

Ouers moet ook daarop bedag wees om die lees-prioriteite reg te kry. Watter sin is daarin vir 'n ouer om te kan kraai oor die kind se leesvermoë, as hy byvoorbeeld nog nie weet hoe om veilig oor 'n straat te kom nie; hoe om sy skoenrieme vas te maak; hoe om tot by tien te tel of hoe om 'n telefoon te beantwoord nie.

Die leesproses moet nie geforseerd wees nie. Dobson se goeie raad is: "The best policy is to provide your children with many interesting books and material, read to them and answer their questions, then let nature take its unobstructed course."²

Ouers kan egter nie alle kennismedia ongesensureerd toelaat om hul kind te beïnvloed in sy soeke na kennis nie. Ouers moet siftend te werk gaan in die aanbieding van leesstof en ander materiaal om hul leeslus en kennislus te bevredig. Een van die media wat intensief en sensitief beïnvloed is die televisie.

1. DOBSON J. : DARE TO DISCIPLINE, p. 149

2. DOBSON J. : a.w., p. 150

Kesler beskryf die invloed daarvan raak in die kort opmerking: "Television has made all people feel that they are eyewitnesses to all truth."¹

Ouers moet dus die televisieprogramme vir hul kinders versigtig selekteer.

Ouers moet andersyds ook nie in 'n ander uiterste verval en hul kinders alle media voorregte ontnem nie, want die verskeidenheid media stel hul kinders in staat om op hierdie bepaalde wyse beter met ander mense te kommunikeer. Hul algemene kennis word uitgebrei en dit dien steeds tot stimulant vir meerdere taalkennis.

Bierkens beskou dit so dat 'n kind wat begin loop aan die begin staan van ontdekkingstogte in die kamer, huis, werf, straat en so meer. Dan skryf hy soos volg: "De kennis van de kleuter groeit niet allen in omvang, ze groeit tevens in diepte via het handelend omgaan met dingen."²

'n Kind is in sy beginjare veral 'n handelende persoon. En soos sy ontdekkingstogte vorder kry woorde vir hom 'n spesifieke betekenis. Die kind ontdek dat elke ding 'n naam het, daarom die oneindige vrae; Wat is dit? Vir die kind is dit belangrik dat die vrae reg beantwoord word.

Die spreukwoord: "Kennis is mag", is ook vir kinders waar, dit leer hulle vroeg in hulle lewe om leierseienskappe aan te kweek wat in die latere lewe so noodsaaklik is.

Ouers moet die spontane praat en geselskap uitlei en stimuleer in plaas daarvan om hulle nors die swye op te lê.

1. KESLER J. : TOO BIG TOO SPANK, p.140.

2. BIERKENS P.B. : a.w., p. 32

Skoglund sê onder andere van hierdie restriksies wat 'n ouer in die kind se weg kan lê die volgende: "One of these rules is that when parents perceive that a child has a deep need to talk, they should remove all possibility of retribution in order for the child to feel he can voice his thoughts freely."¹

Ouers moet simpatiek luister na wat hul kinders te sê het, want dit gee hulle vrymoedigheid om met vertroue te praat.

1

14.3 OPSOMMEND - TIPIESE GESINSTAALOPVOEDING

Die huisgesin is die kleuter se eerste taallaboratorium, waar angstig gewag word op die eerste woordjies wat geprewel word - so angstig dat sekere klanke te vroeg as woorde geïnterpreteer word.

Dan is dit veral die moeder wat voltyds versorg en 'n sentrale rol speel in die fynbesnede liefdes kommunikasie met die kind (ers) in die gesin. Die vader is meesal ietwat meer terughoudend en matiger in sy liefdesbetuigings met woorde, alhoewel hy hier ook lus kry om mee te doen.

Sodra daar meer kinders in die gesin is diversifiëer die kommunikasiepunte met mekaar tot 'n ryke interkommunikasie volgens elkeen se bydrae ooreenkomstig die ouderdom en rypheid.

Dis eintlik 'n taalwonder wat plaasvind as 'n mens bedink hoe vinnig die kind name het vir soveel voorwerpe om hom.

Hier ontvang die kind sy tipiese geloofstaal en geloofsbegrippe wat hom tuismaak in al die basiese gedagtes hoe om die Here in engere godsdienstige en breëre sin te dien. Hy leer in die Christelike

1. SKOGLUND E. : YOU CAN BE YOUR OWN CHILD'S COUNSELLOR, p. 45.

gesin heelvroeë Bybelterme en eenvoudige Bybelwoorde. Die kindergebed is gewoonlik een van die vroeëste temas wat hy "taalkundig" bemeester en onthou, al sal dieselfde inhoud later verbreed en verdiep.

Wat geloofstaal betref moet die ouers versigtig wees met aanskoulike hulpmiddele wat Bybelfigure en openbaringsgeskiedenis uitbeeld. Die kind moet vroeg al leer dat God en Christus nie afgebeeld mag word nie en dat die openbaringsinhoud vir vermaak oorgespeel mag word op die doek of op die verhoog nie vanweë besondere beginseloorwegings.¹ Dit tenspyte van die feit dat die kind 'n baie plastiese en visuele voorstellingsbeeld het en argeologiese en kultuurhistoriese agtergronde beslis vir hom gebruik moet word, wanneer dit pas by die onderrig. Die jong kind dink egter nie taalkundig diskursief nie, dit gaan vir hom meer oor die "saak van die woord as die woord van die saak".

Overduin skrywe: "Wanneer die kind woorde gebruik, bedoel hy die saak self en nie die voorstellingsbeeld nie. Volgens Piaget het die kind van ongeveer agt jaar nog nie die vermoë om woord of voorstelling of dinge te onderskei nie. Tussen agt en elf jaar begin die onderskeidingsvermoë deur te breek, en eers na die elfde jaar kom die juiste oplossing: die onderskeid tussen voorstelling en dinge name en dinge, binne- en buitewêreld."²

Onder leiding van die Christelike geloofsnorme in Christelike beskawingsstyl, sal die kind ook leer om beskaafd te praat in alle aspekte en verbande van sy jong lewe. Hy leer heel gou wat die liefdesaksent is van die woorde van pa en ma se woorde asook intuïtief die normbesef ten opsigte van lelik praat al dan nie. Die kind staan vroeg al op sy punte en verdedig sy regte met welsprekende oortuigings, teen die agtergrond van die regsmilieu wat in die gesin heersend is. Die onderlinge debatte tussen kinders oor "regsgeskille" is aan elke ouer goed bekend.

-
1. Vgl. LOMBARD J.C.: DIE PASSIESPELE EN PROTESTANTSE PELGRIMS. Die Kerkbode, September, 1979, p. 364
 2. OVERDUIN J. : DIE KINDERGEBED. In Afrikaans vertaal deur Buys P.W. - Pro Rege, Potchefstroom, 1956.

Die religieuse ingesteldheid van die gesin sal ten opsigte van die verdere normatiewe aspekte, hetsy positief en negatief 'n deurslaggewende rol speel al illustreer ons dit nie ten opsigte van elke aspek nie.

Die kind kry ook eerstens in die gesin sy taalaanvoeling. (Psigies). Hy leer 'n lewende taal ken wat vir hom in soveel opsigte die lewe ontsluit en hom persoonlike taal mag gee om uiters variabel aan te wend. Met sy rykerwordende woordeskat en uitdrukkingsvermoë en as hy dit as charisma ontvang het - welsprekendheid, beskik hy oor taal mag (histories) en 'n taalmatige lewensruimte waarbinne hy kan kommunikeer.

Die gesin gee juis aan die kind 'n ryke verskeidenheid taalindrukke en begrippe (getal) in die volle samelewing van die normatiewe lewe binne die gesin, wat die taalgrondslag lê vir sy latere werk in Gods Koninkryk.

Dis belangrik om daarop te wys dat ook die taalgebruik en simboliese handeling van die mens religieus tot eer of oneer van God kan wees, volgens 1 Kor. 10 : 31 wat soos volg lui: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."

Ons wys ook op ander Skrifuitsprake oor die mens se taalgebruik:

Efes. 4 : 29; "Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor."

Mentz se hieroor die volgende: "Ook uit die woorde moet dit duidelik word dat die gelowige 'n nuwe mens geword het, dat hy 'n afsku het aan al wat onrein en walglik is"¹ Dis 'n waarskuwing teen vuil taal.

Die gelowige moet nie swygend deur die wêreld gaan nie. Waar dit nodig is moet hy spreek sodat dit seën kan bring aan die wat dit hoor.

1. MENTZ J.F. : DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS. p. 49

Baljon beweer dat vuil taal veral vir jongmense aantreklik is. Baljon sê verder: "Met een duivelsch behagen kwetst men het zedelijkheidsgevoel van anderen".¹

Efes. 4 : 31, waarsku ewe-eens dat die gebruik van woorde om te laster verwyder moet word. Die gelowige moet hom weerhou van alle verbittering, van alles wat onnodig skerp is. Die bitterheid kom tot uiting in 'n verkeerde gesindheid en veral in kwetsende woorde, wat bereken is om die naaste skade aan te doen.

Jakobus, die apostel, het hom baie sterk uitgelaat oor die taalgebruik in Hfs. 3: 1 - 12, van mense. Hy verwys onder meer na die tong van die mens waarsonder die mens nie kan praat nie, maar waaroor die mens so maklik struikel.

Ward verklaar dat die tong 'n miniatuur wêreld is, hy sê onder andere: "The tongue is settled in our members as the world of unrighteousness that stains the whole personality - James goes on to think not only of the individual but of humanity at large." Die tong moet hom ook hou aan Gods norme: "the tongue should produce that which accords with the gospel".²

Die tong wat soveel verwoesting in die wêreld kan veroorsaak, kan tot groter seën wees as die mens dit volgens Gods gebooie gebruik.

Spreek die dieselfde waarheid meegedeel in Hfs. 15 : 2 wat soos volg lees: "Die tong van die wyse getuig van grondige kennis, maar die mond van die dwase laat sotheid uitborrel".

Die wyse het nie alleen kennis nie, maar hy weet hoe om dit goed te gebruik, die dwaas daarenteen bring sy dwaasheid sonder meer na vore, stel dit bekend.³

1. BALJON J.M.S. a.w., p. 202

2. WARD R.A. : Kommentaar op Jakobus 3 : 5 , 12 in The New Bible Commentary Revised. p. 1231

3. Vgl. GISPEN W.H. : KORTE VERKLARING. Spreuke I, p. 261

Delitzsch verklaar: "Die tong van die wyse getuig van grondige kennis", soos volg: "to know in a masterly manner," en "to bring to light great knowledge."¹

Die tong is die instrument wat die kennis voortbring. In die huisgesin kan die tong heil of onheil oor die gesinslewe haal, afhange van hoe die tong gebruik word.

Die tong kan die skerpte van 'n swaard openbaar en pynlike leed veroorsaak, maar dit kan trooswoorde spreek en vreugde besorg.

Spreuke 14 : 1 het die huisgesin in die visier: "Die wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af."

Die vrou wat haar huis goed versorg word in die boek Spreuke geprys. (Vgl. 12 : 4 en 31: 10 - 31.) Sy bou haar huis. Hier moet ons dit so verstaan dat sy haar huisgesin opbou in al die lewensaspekte, want die huishouding dek alle lewensterreine. Sy bou haar huis in die lig van Psalm 127 : 1, met die hulp van die Here, want anders bou sy tevergeefs.

Sy bou die huis, sy vernietig dit nie. Die wyse vrou skeep gunstige omstandighede vir die gesin sodat die huisgenote in vrede en gelukkig met mekaar kan saamlewe. Sy is as het ware die wortel en die fondament waaruit die gesonde gesinslewe uitgroeï of opgebou word.

Dit dui net weer op die strategiese posisie wat die vrou in die gesinslewe belee, ook wat die taalaspek betref. Sy is die een wat die meeste moet praat, vermaan, teregwys, onderrig gee, opdragte gee - sy is grootliks verantwoordelik vir die reëlins van die huishouding. Sy kan as sy onverstandig is, haar huis afbreek tot op die grond. Is sy egter verstandig bou sy haar huis tot 'n veilige vesting waarin al die Christelike deugde beoefen word, ook die geloofs taal tot eer van God.

1. DELITZSCH F. : PROVERBS OF SOLOMON. p. 316

HOOFSTUK 15

DIE HISTORIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE OPVOEDING

15.1 DIE KULTUURVORMENDE INVLOED VAN DIE HUISGESIN AS KULTUUREENHEID

Die gesin is een van die mees produktiewe, verrykende kultuureenhede in die menslike samelewing.

Dis die samelewingsverband waar die kind sy eerste en basiese kultuuropvoeding ontvang. Hier lees hy sy eerste tegniese vaardigheid. Die ouer wys hom hoe om te werk te gaan om 'n bepaalde opdrag uit te voer en dan moet hy dit onder die oë van die ouer self doen. Voer hy die opdrag verkeerd uit moet hy dit oordoen. So is die huisgesin 'n oefenskool om tegniese vaardighede aan te leer.

In die gesin leer hy sy eerste lesie in die beplanning van 'n taak. Die jong dogter sal byvoorbeeld die moeder met 'n gebak help. Sy leer om eers al die bestanddele vir die gebak bymekaar te maak, die regte hoeveelhede af te meet en dit dan volgens die voorskrif van die resep te meng en bak.

So sal die seun bv. leer om al die nodige gereedskap eers bymekaar te maak voordat hy 'n opdrag uitvoer om 'n gebreekte meubelstuk weer heel te maak.

Die boerseun luister nie net na sy vader se beplanning vir die volgende dag se werksaamhede nie, maar doen mee aan die beplanning.

So word die kinders geoefen in die beplanning van die arbeid. Eendag wanneer hulle op hul eie is dan weet hulle hoe om te beplan.

Die huisgesin het 'n eie biblioteek wat opgebou is uit boeke en tydskrifte wat aangekoop word sowel as met boeke wat as geskenke ontvang is. Die biblioteek moet gedurig aangevul word met boeke wat die gesin se kennis oor al die lewensaspekte dek. So word nie alleen algemene kennis uitgebrei nie, maar dien dit as hulp om die aanlegte en vermoëns van die kinders te ontdek.

In die

In die huisgesin leer die kind om in al die lewensterreine die arbeid te lewer waartoe hy geroepe is om homself te bekwaam vir sy lewensroeping of om diens te lewer aan God en die naaste.

In die volgende paragrawe wil ons die soeklig laat val op die inhoud van die kultuuroopdrag en enkele belangrike aspekte uitlig vir nadere toeligting.

15.2 DIE GESIN SE KULTUUROPDAG - LEWENSWYD

Strauss tipeer die historiese aspek as "beskawingsontwikkeling"¹ en Spier sê: "Die historiese aspek word getipeer deur kultuurvormende mag."²

Kultuurvorming is 'n goddelike opdrag, slegs aan die mens, wat op die beheersing van stof, plant en dier berus.

Die kultuuroopdrag aan die mens lui so: "En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers." (Gen. 1 : 28, Ps. 8 : 6 - 9)

Met hierdie histories-kulturele aspek neem alle beheersende aktiwiteit van die mens in aanvang.³

Dit geld nie alleen van die beheersende aktiwiteite oor die natuurdinge nie, maar ook die ontwikkeling en beskawing van die menslike gees.⁴

Opvoedende aktiwiteite by die mens en by name in die huisgesin, is gebaseer op die uitoefening van 'n praktyk wat 'n veranderende invloed op die lewe van die opvoedeling in die vooruitsig stel, en is gevolglik op besondere wyse vanuit die histories knogspunt van die kosmiese realiteit te verstaan.⁵

1. STRAUSS H.J. : CHRISTELIKE WETENSKAP EN CHRISTELIKE ONDERWYS, p.27

2. Vgl. SPIER J.M., a.w., p. 37

3. Sien VERMEULEN A., a.w., p. 34

4. Vergelyk VAN DER MERWE N.J., CALVINISME EN KULTUUR. KOERS IN DIE KRISIS I. p. 279

5. Vgl. SCHOEMAN P.G., a.w., p. 102

Net die mens kan geskiedenis vorm. Elke ontslote Christenmens help tog ons beskawingsgeskiedenis maak.¹

Lombard sien ons ryke volkskultuur op alle lewensterreine as 'n bewys van: "die gehoorsaamheid aan Gods opdrag om op elke lewensakker die hand aan die ploeg, en die vingers om die pen te slaan."²

Dit is net in die Woord waar ons die sleutel tot die religieuse fundering van ons kultuuropdrag vind. (Gen. 1 : 28, Exod. 20 : 9)

Die mens se hele lewe word vir God opgeëis. Gevolglik moet die mens se kultuurwerke tot Sy eer gedy in gehoorsaamheid aan Sy allesdekkende wet. Die Woord eis van die mens om alles wat hy doen tot sy eer te doen (1 Kor 10 : 31).

Juis by die huisgodsdiens word die gesin onderrig in die norme van God vir ons daaglikse arbeid.

Die Woord leer ons dat Christus ons nie net van die sonde van ons siel verlos nie, maar dat sy verlossingswerk ook oor ons arbeid gaan om dit te bevry.

Vir die Calvinis is kultuur ook godsdiens volgens Venter en moet ons ook onderskeid maak tussen verlose kultuur en verlossingskultuur. Hy skryf: "Verlose kultuur is kultuur wat uit dankbaarheid vir die volkome verlossing in en deur Christus beoefen word. Dit is Koninkrykskultuur."³

Verlose kultuur is goeie werke wat uit dankbaarheid teenoor God gedoen word.⁴

Verlossingskultuur is dan die soort kultuur wat voortvloei uit motiewe by die mens om homself te verlos of waardeur hy wil help om hom te verlos, of waardeur hy 'n soort eie heilstaat totstand wil bring.⁵

-
1. Vgl. VERMEULEN A., a.w. p. 35
 2. LOMBARD J.C. : LEERSTELLIGE GODSDIENSONDERWYS EN BYBELKUNDE, p. 39
 3. VENTER C.N. : 'n CALVINISTIESE KULTURBESKOUING. KOERS, Desember 1969 - Februarie 1970.
 4. HEIDELBERGSE KATEGISMUS: Son. 32 vr. en antw. 86.
 5. Vergelyk VENTER C.N., a.w., p. 174.

Die Christelike kultuur gaan uit van die standpunt dat alle kultuur verlore kultuur moet wees.

In die norme vir die historiese lê die grondslag vir voortgesette kultuurontwikkeling in alle na-historiese modaliteite.¹

Betekenisvol is die feit dat die historiese op die logiese gebaseer is. Dit stel die kind instaat om te heers oor sy handwerk, om kultuurvormende arbeid te lewer wat op kennis gebaseer is.

Die kind wat insig het in wat hy doen kan doeltreffend optree. In die opvoeding beteken dit dat die kind eers moet verstaan voordat hy toepassings kan maak.

Deur opvoeding moet alle aspekte vir die kind ontsluit word sodat hy in alle aspekte omhoog gelei kan word en daardeur instaat gestel word om die geskape kosmos beheerend tot sinvolle, Godswelgevalinge ontsluiting te voer.²

Daar is veral drie norme vir die historiese wat vir die ouer belangrik is, om mee rekening te hou. Dit is eersens kontinuïteit wat daarop dui dat opvoeding kontinu moet plaasvind en nie met spronge nie. Deur al die fases van die kind se lewe moet daar 'n geleidelike ontwikkelingsgang in sy opvoeding wees. Daar moet byvoorbeeld nie 'n onderbreking plaasvind tussen die geestesrigting van die ouerhuis en die skool nie.

Tweedens moet rekening gehou word met die individuele vermoëns van elke kind. Daar moet differensiasie wees. Elke kind het sy eie aanleg en vermoëns. Al die vermoëns wat die kind na sy volle persoonlikheid besit moet tot sy volle potensiaal ontwikkel word.

1. Sien SCHOEMAN P.G., a.w., p. 103 .

2. Vgl. SCHOEMAN P.G., a.w., p. 103

Derdens moet die beginsel van integrasie bewaar word. Die kind moet sy plek kan vind in die eenheid van die geheel van al die aspekte saam en moet sy lewe afstuur op die Uiteindelijke Doel.¹

Volgens Stone was alles wat deur die eeue heen navore gebring is, ook deur wetenskaplikes, niks anders as 'n na vore bring wat God reeds in sy skepping weggeleë het.²

Die taak van die Christelike ouer is om die ontsluitingsaktiwiteite so te lei dat die historiese aspek van die opvoeding verdiep sal word tot begrip van die historiese gedenkwaardighede soos monumente, geskryfte nes. wat 'n bepaalde boodskap vir die kind in 'n besondere kultuurmilieu inhou.

Die historiese kom op 'n tipiese wyse tot uitdrukking in sy anti-sipasies op die ander wetskringe wat volg.

Op grondslag van die historiese beskawingsontwikkeling ontsluit die ekonomiese tot kultuur - ekonomie, sodat daar tussen kultuurkringe behoorlike ewewig kan bestaan.

Die estetiese wetskring word verruim tot kultuur-harmonie.

In die juridiese kom die historiese beregtiging ter sprake. Die opvoedeling moet hier geleer word om die tipiese, eiesoortige Goddelike norme vir die bestaan van die onderskeie kulturele terreine gelykwaardig te eerbiedig.

In die etiese bring die historiese 'n sinsverdieping in die vorm van die ontwikkeling van kulturele liefde.

Ons dink hier veral aan die vormende invloed van volksfeeste waar die liefde vir die land en die volk en sy tradisies sterk na vore gebring word in toesprake en die meedoen aan die feestelikhede.

1. Vergelyk STEYN J.A., a.w., p. 107 : Vgl
Vgl. SCHOEMAN P.G., a.w., p. 103

2. Vgl. STONE H.J.S. KULTURELE WEERBAARHEID, Riglyne, Junie 1974, p. 22

Eindelik staan die historiese ontsluiting by die opvoeding onder die leiding van die ontslote pistiese modaliteit wat meebring dat die beginsels en rigting wat die geloof aan die historiese ontwikkeling aangedui word, byvoorbeeld, 'n suiwer Christelike is.

In die kulturele aspek is dit ook belangrik dat ouers vir hulle kinders herinneringe sal nalaat van dinge wat hulle saam geskep en gedoen het.

In die verlede was die Boerehuisgesin die skepper en voortplanter van die egte Boerekultuur, maar dit was ook 'n vesting van daardie kultuur waarteen die volksvreemde en ondermynende invloede van 'n dekadente en oppervlakkige stedelike beskawing hulle lank te nletter geloop het. Tans is daar tekens dat hierdie historiese vestings verkrummel onder die modernisme wat nie veel waarde heg aan kultuurskatte en volkstradisies nie.

Die Christen huisgesin en by name die Christelike jeug het 'n roeping om hierdie duur verdiende kulturele skatte te bewaar. Dit kan die jeug in hul ouerhuise geleer word waar ouers self waarde heg aan die geskiedenis van die volk en die voorgeslag en aan hul kultuur nalatenskappe.

15.2.1. GESINSARBEID - 'n GODDELIKE ORDINANSIE

Wat die kind van ons tyd nodig het is weer 'n suiwer opvatting oor wat werk eintlik is en dat die verwronge opvattinge oor die wese van arbeid ontmasker word. Hierdie verkeerde opvattinge, meen Theron, is die gevolg van talle faktore wat vanaf die vroegste kinderjare op die kind se gemoed inwerk.¹

As die vader saans moeg by die huis kom en knorrig is en nie lus het om tyd aan sy kinders of gesin te spandeer nie, dan vrees kinders arbeid want dit het dan mos 'n slegte invloed op die mens.

1. Vgl THERON J.A.L., KULTUURSAKE. In die dae van jou Jonkheid, p. 164

Om die wese van ons arbeid reg te verstaan moet ons na die Woord van die Here gaan, want daaruit is die beginsel van alle wysheid en kennis.

'n Moontlike misverstand wat by baie mense gevind word en uit die weg geruim moet word is dat arbeid straf op die sondeval is. In die sondeval het ons arbeid verswaar.

Christus het met Sy koms en sterwe vir die sonde, nie net die mens nie, maar ook die mens se arbeid kom vernuwe, sodat die mens weer daarmee sinvolle en verhewe diens aan God kan lewer.

Volgens Theron ontplooi die mens deur sy arbeid Gods skeppingsorde,¹ Arbeid voltooi Gods skepping. God het nie vir die gesin lande vol graan gegee nie, nee, die gesin moes self die implimente maak, self die grond omdolwe, self saai en die land versorg - God sal die wasdom gee. Die gesin is in sy arbeid dus medewerker van God.

Arbeid is 'n roeping van Gods kant aan die mens en daarom is die gesin in die eerste plek aan God verantwoording verskuldig vir hul arbeid.

Die mens in die Tuin was van die Here afhanklik en nie outonoom nie. Die mens moes in die Tuin 'n taak met verantwoordelikheid verrig. Die taak is van die Here gegee.

Die taak is tweeledig : bewerk en bewaak. Met die opdragte is die mens aangestel as beheerder van die Tuin. En die Here God is sy Heer.

God roep ook die totale mens tot arbeid. Daarom is dit 'n devaluasie van die arbeid as die mens byvoorbeeld net sy liggaamsvermoëns verkoop of laat gebruik in sy arbeid. Arbeid is ook nie 'n doel op homself nie. Die laaste doel van arbeid lê daarin dat dit tot eer van God moet wees.²

1. Vgl. Ibid. p. 164

2. Vgl. DUVENHAGE S.C.W. : DIE BEPLANNING VAN WERK EN TYD VANUIT CALVINISTIEWE VISIE. I.B.C., Nr 7, p. 3

Die eis van God dat die gesin ses dae moet arbeien al sy werk doen lê ook 'n plig op die gesin om die sewende dag te rus, omdat God dit beveel het en die voorbeeld gestel het, sodat die gesin Hom op die Sondag kan aanbid.

Voordat die mens gaan rus op die Sondag is hy in die Tuin geplaas om dit te "bewerk en bewaak". (Gen. 2 : 15). Vir hierdie opdrag skryf du Toit, het God die mens toegerus. Hy skryf: "Vir sy kultuurtaak het God die mens toegerus, nie alleen deur die fisiese vermoë en toerusting (hande, liggaamskrag ens,) maar ook die redelike vermoë tot analise, beplanning, stelselmatige uitvoering van die beplanning en beoordeling en evaluasie van die voltooide.

Met dit alles in berekening gebring, lê dit dan ook voor die hand dat arbeid 'n eksistensiaal, 'n strukturele noodsaaklikheid vir ware mensheid is : die mens kan nooit tenvolle en waarlik mens wees sonder arbeid in een of ander vorm nie."¹

Na die sondeval sou die gesin net deur sy arbeid bly voortbestaan.

In die vierde gebod word die arbeid van die mens duidelik uitgespel vir die ses dae beroepsarbeid en op die sewende dag tipiese godsdienstige geloofswerk.

In die agste gebod word die arbeid om ekonomiese inkomste en lewensmiddele te verwerf geimpliseer.

In hierdie gebod word gesê dat ek vir my eie behoeftes self moet werk en nie op ander sal parasiteer nie.

1. DU TOIT D.A. : LOTERY, ARBEID EN GELOOF, p. 4

Volgens Du Toit het die Sabbatsgebod meer oor arbeid te sê as net dat die mens ses dae moet arbeid en een dag rus. Hy skryf soos volg: "Die Sabbatsgebod berus op die veronderstelling van 'n noodwendige arbeidsstelsel, terwyl die verbod teen steel en begeer die korrekte verhouding tussen loon en arbeid as uitgangspunt het."¹

Lombard wys daarop dat elke normale mens veronderstel is om elke dag besig te wees met daelike werk.²

Hy grond sy stelling op die volgende uitsprake van die Skrif: "Die arbeider is sy loon waardig" (1 Tim. 5 : 18 ; Efes. 4 : 28 ; Jak. 5 : 4). Daarenteen: "As iemand nie wil werk nie moet hy ook nie eet nie". (2 Thes. 3 : 10)

Ook in die huidige bestel het arbeid sy probleme. Marais stel dit as volg: "Industrialisasie, meganisasie en outomatisasie skep nie alleen 'n nuwe produksiewyse nie, maar ook 'n nuwe lewensritme. Om op maat van die tegniek te werk en te leef, kom die mens self in gedrang. Wat die mens in sy religieuse bestaan is, moet tot uiting kom in sy psigomatiese bestaan."³

Arbeid stel om bogenoemde wetenskaplike ontwikkelinge hoër eise aan die gesin. Daar is 'n gejaag na hoër ekonomiese groei, dit eis hoër prestasie, dit eis weer gespesialiseerde vakkennis. So word die gesin 'n deel van die geheel en smaak hy nie meer die vreugde van voltooidde arbeid wat hy gelewer het nie. Gesinsarbeid is liefdesarbeid terwille van die welwese van die gesin, daarom moet daar vreugde in arbeid wees. As arbeid 'n las geword het is daar geen vreugde meer in nie.

Ouers kan hulle kinders van kleinsaf opvoed om werk te geniet, om verantwoordelikheid te dra en om werk as 'n voorreg en geleentheid

1. Ibid. p. 5

2. LOMBARD J.C. : DIE CHRISTELIKE ADEL VAN ONS ARBEID.
Riglyne Jg. 2, No. 2, September 1971, p. 27

3. MARAIS E.J. : PASTORALE SORG AAN DIE MENS IN DIE BEDRYF. p. 267.

om hul skeppende vermoë te beoefen as roepingsvervulling.

Kinders moet ook geleer word om alle soorte werk in die huis te doen, soos hulle eie kamer aan die kant hou, bedopmaak, help met tafeldek, skottelgoed was, en as dit nodig is vloere vryf. Hulle moet leer dat daar nie iets soos bediendewerk is nie.

15.2.2 LOTERY - 'n EUWEL IN DIE GESIN SE OPVOEDING

Die sug na rykdom of die sug na ontkoming uit ekonomiese kwellinge en ook luiheid in die arbeid laat sommige huisgesinne na ander middele gryp om hul sug te bevredig.

Een van die metodes wat baie gesinne aangryp om gou en maklik geld te maak is loterye.

Loterye is nog altyd deur die kerk verwerp as 'n bedenklike en onskriftuurlike praktyk.

Die gesin wat dit beoefen doen dit vrywillig - maar alles wat die mens kan doen is nog nie wat hy mag doen nie.

God se woord en Wet spreek hom uit oor arbeid en die arbeider moet dit eerbiedig.

Die gesin wat lotery beoefen wil geld bekom waarvoor hy nie gewerk het nie. Kinders weet dit en leer foutiewelik dat 'n mens sy brood ook op so 'n manier kan verdien sonder arbeid.

Hieronder sorteer perdewedrenne waar daar weddenskappe aangegaan word: allerlei raaispeletjies, kompetisies met eenvoudige vrae, waar daar geloot moet word oor wie die pryswenner is.

Dit is nodig dat ouers weer hul norme aan die Skrif moet toets en hul perspektief op die lewe weer regkry, anders verlei hulle hul kinders om God ontterende praktyke te beoefen.

Alle

Alle eerbare werk wat deur die ouer gedoen word is religieus bepaald. Dit is tog ouers en kinders wat werk volgens norme of beginsels vanuit die gelowige of ongelowige hart, sodat die werk van die messelaar, die tegniese vakman, die natuurwetenskaplike net so min neutraal is as die van die leraar of opvoedkundige.¹

Volgens Duvenhage het norme twee funksies, naamlik eerstens vervul norme die funksie van rigsgoere waarvolgens 'n gesin van plan is om te handel en waarvolgens hy behoort te handel. Tweedens doen norme die diens van maatstawwe waarvolgens 'n gesin dinge beoordeel as dit eers klaar afgehandel is.²

Vir die Christelike gesin is die Tien Gebooie beide die rigsgoer en die maatstaf waaraan dinge beoordeel word.

Die Woord is nodig vir die volkome toerusting vir ons lewenstaak, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim. 3 : 17).

Die Wet lei die mens ook tot 'n heilige lewenswandel wat alleen verkry kan word deur kennis van die Wil en Wet van God.³

Vir sy lewenstaak moet die gesin dus na sy volle potensiaal toegerus wees en van God geheilig wees.

Dit kan die gesin nie van homself getuig wat lotery bedryf nie. Ouers moet hul kinders opvoed om deur arbeid te verwerf wat hulle nodig het.

In die Skrif blyk dit duidelik dat die lot 'n besliste religieuse karakter dra, soos onder andere uit Spreuke 16 :33 wat soos volg lui: "In die skoot word die lot gewerp, maar elke beslissing daarvan kom van die Here."

1. Vgl. LOMBARD J.C., a.w. p. 28

2. Vgl. DUVENHAGE B. ONS ROEPING EN ONS NORME, I.B.C. No. 59, p. 1, 2

3. Vgl. COETZEE J. CHRIS : VOLKOME TOERUSTING VIR DIE LEWENSTAAK. In die dae van jou jonkheid. p. 25

Die gesin kan nie 'n religieuse verhouding tot God ophef nie, die ongelowige en heiden kan dit omkeer en dit met 'n heidense inhoud vul deur dit op substitute vir die ware God te rig.

Die gelowige gesin moet op God vertrou dat Hy vir hulle voorsien. God is alleen die Absolute Beskikker en ons moet tevrede wees oor hoe Hy sy goed uitdeel. Hy laat die gesin toe om daarvan te verwerf, maar dan alleen langs die weë wat Hy daarvoor bepaal het.¹

Lotery is 'n ewel wat uitgeroei moet word. Die gesin is die plek waar die gevare van lotery aan die kinders geleer moet word. Ouers moet deur hul voorbeeld hulle kinders hiervan weerhou en hulle kinders so opvoed om hulle arbeid te sien as die weg waarlangs God vir hulle lewensbehoefte voorsien. Arbeid moet vreugde wees, arbeid moet liefde wees wat gestalte gekry het. Lotery wat deur die ouers beoefen word, benadeel die Christelike opvoeding van die gesin, want dis heulery met sondige praktyke.

15.2.3. DIE GESIN SE DAGTAAK IN VOLLE LEWENSVERBAND.

Die gesin se lewe en werk strek sig uit oor al die aspekte van die gesin se bestaan. Elke aspek eis van ons arbeid gehoorsaamheid aan die norme van daardie aspek. Die gesin vind ook vreugde en genoegdoening in elke aspek waarin hy arbeid lewer. Ons wil aantoon hoedat ons dagtaak binne die gesin in sy volle lewensverband tot uiting kom.

DIE GELOOFSASPEK

In die behandeling van die verbond wat God met die ouers aangegaan het, het ons reeds daárop gewys dat God nie iets van die ouer vra wat God nie self ook voorsien nie.

1.Vgl. Lev. 25 : 23 ; Gen 14 : 19 - 23 ; Gen. 28 : 13 ; Mat. 25 : 14 - 30

As God die opdrag vir die gesin gee om te ploeg en te saai, dan sal God ook die oes gee.

Die beloftes van die Here dat die gesin uit die sweet van hul arbeid sal lewe gee die gesin vertrou en sekerte.

Hierdie vertrou en sekerte is vrug van die geloof wat God in die harte van Sy kinders werk. In Sy geloofsuitsig op die Woord en op die Here wat die Woord bekend gemaak het, het die Christenarbeider vertrou in die Here wat voorsien.

Die Here self het die gesin geleer om afhanklik te bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood." (Mat 6 : 11). Hy is 'n beloner vir die wat na Hom vra. God is dus die grond van my arbeidsvertroue. Daarom dank ons Hom by elke maaltyd wat ons geniet.

Dit is Hy wat elke mens toegerus het met die nodige aanleg, talente en vermoëns vir sy lewensarbeid.

DIE LIEFDESASPEK

Arbeidsliefde is ook 'n gawe van die Heilige Gees en liefdesarbeid is die gevolg daarvan. Dis uit liefde vir sy gesin dat die vader hom afsloof sodat hulle geen gebrek sal ly nie.

Die huweliksformulier stel dat as eis en plig van die Christengesin dat hulle so hard sal werk dat hulle ook aan minderbevoorregtes kan uitdeel uit hul oervloed. So betoon hul dan liefde uit hul arbeid.¹

Hierdie aspek verbied ons om in ons arbeid die medemens uit te buit in hardvogtigheid of om as arbeider teenoor die werkgewer 'n gevoel van wrewel en verwyd na te hou.

1. DIE HUWELIKSFOMULIER. Die Kerkboek, p. 79

Die vader moet sy werk liefhê omdat dit die plek is waar God vir hom en sy gesin hul daaglikse brood voorsien wat daartoe help dat hy 'n eie huis met geriewe kan bekostig en dat hy nog genoeg oor het om vir sy kinders 'n behoorlike opvoeding en opleiding kan verskaf.

DIE JURIDIESE ASPEK

In sy arbeid het die vader gedurig met wette en regulasies en gesagspersoonlikhede te doen.

Die ouer moet die gesag en reg van die werkgewer eerbiedig en al die instruksies en voorskrifte vir die werk nakom.

Die ouer, as hy die werkgewer is moet die regte en voorregte van die werknemer eerbiedig en beskermend teenoor hom optree. Van albei word eerlikheid, reg en geregtigheid verlang.

Die norme van die juridiese aspek vir arbeid is nie bedoel om arbeid te verswaar nie, maar om dit te reguleer sodat die mens vreugde daaruit kan put.

DIE ESTETIESE ASPEK

Die estetiese aspek kom veral in twee opsigte sterk na vore in arbeid.

Eerstens kom die skone harmonie tot uiting in die harmonie tussen gesinslede as daar 'n goeie en egte verstandhouding tussen hulle bestaan.

Tweedens kom die estetiese tot uiting in netjiese voltooide werk wat afgerond daaruit sien. Spanwerk in die gesin getuig ook van harmonie in die gesinsarbeid.

Die

DIE EKONOMIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE ARBEID

Hierdie aspek verplig die gesin om nie verkwistend met die materiaal waarmee hy werk of die tyd waarin hy werk te wees nie.

Deur werk van meet af reg aan te pak en volgens voorskrif te doen word tyd bespaar want brouwerk moet oorgedoen word en lei tot vermorsing van materiaal en tyd. Die aspek moedig die Christen gesin aan om tyd uit te koop deur liever meer te doen as wat verwag word.

DIE SOSIALE ASPEK VAN DIE GESINSARBEID

Arbeid het ook sy sosiale aspekte. Die gesin werk saam met mekaar en vir mekaar. Saam met mekaar moet hul gedrag onbesproke wees sodat almal hul werk kan geniet. Een uit die groep wat 'n klakous, 'n pruttelpot, 'n loodswaaier, 'n luiwaard of 'n vloeker is, kan die werksomstandighede van 'n hele gesin versuur.

Daarenteen kan een opgewekte en vrolike gesinslid aansteeklik inwerk en so almal opbeur.

Die gesin werk ook vir ander mense, hetsy dat hulle iets vaardig wat ander nodig het of ander bedien. 'n Vriendelike klerk agter die toonbank maak sake maklik en lok kliënte. 'n Nors en suur klerk is geen aansporing vir kliënte om in so 'n bedrukte atmosfeer sake te doen nie. Die sosiale aspek moet deur die liefdesgebod geïnspireer word, dan het ons 'n aangename sosiale verkeer in die arbeid.

DIE TAALASPEK VAN DIE GESINSARBEID

Die gesin se arbeid moet sprekend wees van hul innerlike self. Die Christen se arbeid moet kan getuig van sy geloof in God. In die benoeming van die terme en begrippe van hul arbeid moet die gesin ook rekening hou met hul moedertaal en die gebesigde taal se reëls en

norme

norme sodat dit korrek, nie gemeng en ook nie vuil sal wees nie. Dit is nie 'n moet om te vloek as 'n mens sukkel om 'n taak afgehandel te kry nie. Juis waar hulle saamwerk kan ouers hul kinders leer om reg te praat.

DIE HISTORIESE ASPEK VAN DIE GESINSARBEID

My dagtaak moet gesien word as 'n opdrag van God. My dagtaak is die wagpos waar ek die geleentheid moet benut om vir God die gevolge van die sonde te beveg en die wêreld beter te maak tot sy eer.

Daar moet toename merkbaar wees in elke Christenarbeider. Die gesin se produksievermoë en die gehalte van hul werk moet progressie toon want dit baan die weg na promosie, na groter verantwoordelikheid en by uitstek is dit beter uitvoering van die kultuurtaak tot eer van God.

DIE LOGIESE ASPEK VAN DIE GESINSARBEID

God is 'n God van orde. So moet ook die Christen gesin se dagtaak en werkstuk beplan wees. Sommige gesinne het aan die einde van 'n dagtaak verskeie onvoltooide werkstukke, wat nie so moes gewees het en wat ook nie so sou wees nie, as die beplanning deeglik was nie.

Daar is ook baie meer genot in werk as dit deeglik beplan is en dan stuk vir stuk afgehandel word. So kan vordering beter waardeer word. By die aandete is dit vir die gesin 'n geleë tyd om die volgende dag se arbeid te beplan.

DIE PSIGIESE- BIOTIESE ASPEK VAN DIE GESINSARBEID

Die gesin moet nie hul gees ooreis of hul liggame ooreis nie. Dit doen die gesin deur die oorsake van spanninge te verminder, die

gesondheid

gesondheid op te pas en te waak teen ooreising. Die gesin moet nie bo hul vermoë, terwille van meer geld langer ure werk as wat nodig is nie. Die gesinslede se liggame het hul beperkinge. Die ouer se liggaam en gees het ook sy vermoëns en die moet ten vrugbaarste ingespan en gebruik word in diens van God, die naaste en die gesin.

Die gesin het van God die toerusting ontvang vir 'n bepaalde rigting in hul arbeidskeuse. Elke arbeider moet toegerus word vir sy arbeid, hy moet net self sy potensiaal ontwikkel en gebruik,

Die Christenmens sien arbeid lewenswyd as werk vir God - gewyde roepingswerk net soos die van die predikant en ander geestelike werkers. Ook die daaglikse beroepsarbeid moet gesien word binne die gesin in die lig van Kol. 3 : 23 wat soos volg lui in die nuwe vertaling: "Wat julle ookal doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."

HOOFSTUK 16

DIE LOGIESE ASPEK VAN DIE GESIN SE OPVOEDING

16.1 BEGRIPSBEPALING

In hierdie aspek gaan dit om die ontwikkeling van die verstandsvermoë, om logiese siftende en analitiese denke.

Die logiese aspek van die mens is nie die enigste aspek nie, maar een naas al die ander aspekte.

Die logiese aspek is 'n uiters belangrike aspek want dit vorm die substraat van al agt na-logiese modaliteite. Nie een van die agt kan sonder die onderbou van die logiese bestaan nie en in die tyd reg funksioneer nie.

Nieuwenhuis sê dat die mens bewus is van sy denkvermoë, hy stel dit soos volg: "Het lijkt me een onbetwisbaar feit, dat alle mensen, voor zover ze niet tot de groep der "idioten" gerekend moeten worden, niet alleen kunnen denken, en dat bij allerlei gelegenheden ook doen, maar ook weten dat ze denken."¹

En dus ook weet wat nadenke is. Kinders sê dit reeds vroeg in hulle lewe "ek het gedink" of "ek dink". Hulle is bewus dat hulle dink en dat dink iets anders is as praat of sing of loop.

Maar wat hierdie denke alles behels is 'n saak waaroor daar nie maklik gesels word nie omdat daar nagedink moet word wat denke nou eintlik is.

Die wetenskap wat die denke van die mens ontwikkel is die logika.

1. NIEUWENHUIS H. : PSYCHOLOGIE VAN HET DENKEN, In aspecten van de Kleuteropvoeding.

Die logika alleen kan egter nie leer dink nie want leer dink veronderstel denkbekwaamheid en denkinhoud. Die logika wys ons op die mees voorkomende denkfoute ; op die eise van suiwer en juiste denke; dit leer ons om die innerlike harmonie van 'n juiste stelling, maar ook om die innerlike teenspraak van 'n onjuiste stelling in te sien; dit sê ons hoe ons oordele op vaster grond kan rus; dit wys ons die weg aan tot die volmaking van ons denkmetode.

Die bron van die logika is die denke wat die logiese wette opspoor. Hierdie wette, norme is ook van God gegee.

God het die mens die gawe gegee om te dink. Die mens is van nature ook 'n redelike wese,

Denke is 'n bewuste werking van die menslike gees met sy voorstellinge en begrippe. Die mens dink ordelik, doelgerig en doelbewus.

Ons onderskei in die denke van die mens 'n drieërlei orde, te wete: ons denke het 'n bepaalde uitgangspunt, 'n doelpunt en bepaalde metode.

Die uitgangspunt is die gegewens van die vraagstuk waaroor gedink word, die doelpunt is die vinding van die antwoord op die vraagstuk en die metode is die vaste prosedure wat ons volg om vanuit die gegewens tot ons beskikking die gevraagde antwoord te vind.

Nieuwenhuis haal Duyker aan oor die wese van die denke wat soos volg luit: "Denken is het zoeken naar de oplossing van een probleem"¹

Die definisie is te skraal, dit gebeur soms dat met die ontstaan van 'n probleem die oplossing ook dadelik gegee is.

1. NIEWENHUIS H., a.w. p. 180, haal aan uit
DUYKER H.C.J. : LEERBOEK DER PSYCHOLOGIE, p. 136

Vir 'n denkproses is daar voorwaardes aan verbonde, naamlik:-

- (i) Daar moet 'n probleem wees, daarsonder kan die denkproses nie begin nie.
- (ii) Die oplossing van die probleem moet nie outomaties gegee word nie.
- (iii) Daar moet 'n soeke plaasvind na die oplossing van die probleem, dus 'n ontleding van die probleem.
- (iv) Daar moet 'n vermoede wees van die oplossing van die probleem en die vermoede moet uitgevoer word.
- (v) Dan moet die vermoede oplossing getoets word en toegepas word. Beantwoord dit aan die doel, is die denkproses voltooi.

16.2 DIE PLEK VAN DIE LOGIESE DENKE IN DIE LEWE VAN DIE MENS

Die logiese denke vorm die basis waarop die normatiewe aspekte van die mens se lewe gebou is. Logiese denke is 'n suiwer menslike besigheid, diere dink nie en daarom het diere hier en in die latere modaliteite geen subjeksfunksie nie.¹

Die logiese aspek neem 'n prominente plek in die menslike lewe, en by name in die opvoeding van die mens.

Schoeman beklemtoon die belangrike plek van die logiese aspek soos volg in die onderyws: "Die ontwikkeling van die denkvermoë van die kind is derhalwe die belangrikste (indien nie die belangrikste) take van die onderwyser, maar beslis nie die enigste nie."²

1. Vgl. SPIER J.M. : ORIENTERING IN DIE CHRISTELIKE WYSBEGEERTE , p.36

2. SCHOEMANN P.G., a.w., p. 100

As dit waar is dat die logiese aspek vir die onderwyser so belangrik is vir die opvoeding van die kind, dan is dit in nog groter mate waar van die gesinsopvoeding, want dit is in die eerste plek die plek waar kinders geleer word om konstruktief reg te dink. Daar word die denke gevorm en ontwikkel, want die denke moet beskou word as die belangrikste taak in die opvoeding van die kind. Sonder denke kan die kind nie in die daaropvolgende aspekte reageer nie,

Die kind moet geleer word om sy denkvermoë reg te gebruik. Daarom moet die kind nie by die noem van 'n probleem die oplossing dadelik gee nie. Die kind kan ook nie aan sy natuurlike aanleg en vermoë oorgelaat word om self die oplossing te vind nie. Die kind moet met probleme gekonfronteer word wat hom interesseer. Dan moet hy die geleentheid gegee word om die probleem selfstandig op te los, anders is daar van denke geen sprake. Die kind moet tydig gehelp word om die probleem op te los, nie te gou nie, voordat hy nie genoegsame tyd gehad het om deeglik oor die probleem na te dink nie, ook nie te laat nie, voordat hy belangstelling in die probleem verloor nie.

Die denkopvoeding moet vroeg in die kleuter se lewe in aanvang neem, maar dan moet dit rekening hou met individuele ontwikkeling, aanleg, vermoë en belangstelling van die bepaalde kind.

'n Kind van een jaar en sommige reeds vroeër sal eenvoudige denkvermoë openbaar deur byvoorbeeld te weet hoe om die voedingsbottel te hanteer as dit leeg raak om die laaste bietjie uit die bottel te bekom. Maar abstrakte denke by die kind is eers na die kleuterstadium moontlik.

Nieuwenhuis sê van die kind se abstrakte denkvermoë: "Want dit abstract denken op kinderlijk niveau is en blijft de basis van heel de verdere ontwikkeling van het abstracte denken tot op het hoogste niveau."¹

1. NIEUVENHUIS H., a.w., p. 193

Hier word nie wetenskaplike denke nie, maar abstrakte kinderlike denke bedoel.

Kinders van drie jaar kan al tel en kan die afleiding maak dat as hulle iets van die tafel af kombuis toe dra, hulle mamma help afdek.

Nijkamp beweer: "De kleuter heeft in de meeste gevallen reeds voor hy naar de kleuterschool gaat de ontdekking gedaan dat anderen zijn gedachten niet kennen."¹

Hy lei dit daarvan af dat hy 'n leuen vertel het wat nie ontdek is nie.

Die kleuter het sy eie fantasiewêreld en dit ontbreek hom soms aan die taalvermoë om dit vir volwassenes oor te dra. So sal hy "jok" sonder opset. Hy bedoel miskien "ek wou dit nie doen nie", Maar sê "ek het dit nie gedoen nie."

Kinders wat onveilig of bedreig voel, vertel meer leuens as kinders wat 'n gevoel van geborgenheid ervaar. Hy vertel leuens om straf vry te spring.

Begrip van die kind se denkvermoë is belangrik om die kind die regte denkopvoeding te gee. Kinders sal baie daarby baat as hul ouers hul denkvermoë begryp.

Denke is 'n gawe van God aan die mens, waarmee die mens gebore word. Die aspek moet egter ontsluit word en deur opvoeding ontwikkel word.

Hieroor sê Nieuwenhuis: "Verreweg de meeste leerlingen hebben hulp nodig bij het tot volle ontplooiing brengen van hun gaven, op welke gebied die ook mogen liggen Het leren denken vormt op deze regel geen uitzondering."²

1. NIJKAMP: W.M. : DE KLEUTER IN DIE GEMEENSCHAP, p. 245.

2. NIEUWENHUIS H. : a.w., p. 185 - 186

Die kind moet opgevoed word om in al die lewensaspekte na sy volle vermoë op logiese wyse te dink en handel.

In al die lewensaspekte moet die kind logies-analities kan dink en werk; hy moet geleer word om met insig die korrekte wetenskaplike begrippe en simbole op bepaalde wetenskaplike terreine te vertolk en aanwend. ¹.

Denkgemeenskap is noodsaaklik vir gesonde wetenskaplike arbeid, want die een wetenskaplike leer van die ander.

Denkeonomie is kenmerkend van die effektiewe gebruik van logiese vermoëns, daarenteen is omslagtige redenasies vervelig.

Denkharmonie bewaar 'n goeie balans in die denke en maak dit vir die hoorder of leser maklik en aangenaam om te luister na wat gepraat word.

Logiese denke kan onderskei word van drogredenasies en wat nie is nie.

Denkeerlikheid en denkliefde is nodig vir die beoefening van wetenskap en vir alle wetenskaplike denke.

Die denkende mens moet ook denksekerheid besit want met twyfel kan geen vordering gemaak word nie.

Die kind moet van jongs af leer om te besin eer hy begin en om dinge nie hals oor kop aan te pak en dan te laat uitvind dat hy die ding verkeerd aangepak het nie.

Dit beteken dat 'n kind van jongs af moet leer om te beplan, om die koste aan geld, tyd, arbeid, vermoë te bereken voordat hy met sy bouwerk begin.

Die mens se lewe moet beplan word. Elke dag se program, sy take moet beplan word en daarvoor is konstruktiewe denke noodsaaklik.

1. Vgl. SCHOEMAN P.G., a.w., p. 101

Dit is onmoontlik vir die mens se beheersende vorming volgens 'n vrye ontwerp sonder die vermoë om te onderskei.¹

16.3 DIE TIPIESE LEIDENDE AKSENT IN DIE GESINSDENKE

Ooreenkomstig die gesin se struktuurnorm soos ons dit reeds behandel het is dit so dat ook die denke hier 'n tipiese stempel sal hê, al bly die struktuur van die denke by alle normale mense dieselfde.

In geval van die gesin moet deeglik kennis geneem word deur die ouers van die fases wat die kind se denkontwikkeling deurmaak - juis om die denke van die kind reg te ontsluit.

Dit moet ook beklemtoon word dat die gesinsdenke nie primêr wetenskaplike analitiese denke is nie, omdat die gesin se bestemming in die liefde gegee is as 'n intieme gemeenskaplike vanaf byvoorbeeld die kleuter tot die grootvader en grootmoeder. Hier geld uitsluitlik nuwe voorwetenskaplike denke deur die gesinslede, ten spyte van die vorming met en bevrugting deur wetenskaplike denke soos die ouers dit ontvang en nastrewe, asmede die kinders se kennisverryking op akademiese vlak deur bv. die skool, universiteit en ander media.

Dis juis ook laasgenoemde instansies wat in positiewe sin (ook negatiewe) 'n groot bydrae kan lewer tot die stimulering van die gesinsdenke en kennisverryking.

Die ontsluiting tot meer geartikuleerde ontledende denke word duidelik deur Bavinck in die volgende voorbeeld gestel: " De groote geestelijke crisis die veel kinderen die Christelijk opvoeding zijn, vaak doormaaken in hun jaren van ontwikkeling, is te karakteriseren als de stryd om van het nuwe oordeel tot het gereflexeerde te komen. Eerste wordt het als van zelf nagesproken : God is liefde.

1. KOCK P. DE B. : CHRISTELIKE WYSBEGEERTE, INLEIDING, p. 104

Na zeer veel twyfel, veel stryd en verwarring, komt de geest ten slotte tot het resultaat : het is toch waar. Hy is toek liefde."¹.

Dit wys tegelyk op die psigiese aspek van die ontwikkeling van die denke of die substraat van die psigiese.

16.4 DIE GESAGSLEIDING IN DIE OPVOEDING TOT DENKE

Ook binne die gesin is die logiese aspek 'n strategiese substraat vir die historiese, dit wil sê kulturele ontsluiting. Dit word bevestig deur die belangrikheid van skerp en aanspreeklike denke vir nuwe weë wat ingeslaan moet word. Akademiese opvoeding en onderwys in kultureel ontslote sin is die conditio sine qua non vir goeie beskawingsontwikkeling, en dit geld basies ook vir die gesin.

Hierin speel die ouers wat die gesin betref 'n sleutelrol. Daar is die stufte, geslote ouer wat selde of ooit 'n simpatieke gesprek voer met die kind en reken dat die skool daardie taak oorgeneem het.

Daarenteen ag die Christenouer dit as sy heerlike plig en voorreg om langs alle moontlike weë die kind volgens sy jare en ontwikkelingsstadium te ontsluit wat sy denke betref. Dit geskied dan sonder om die jong kind te vroeg te ryp te wil maak (foutiewe tydsberekening) en te oorlaai met redenasies en feite (onekonomies) of om dit eensydig net oor een geliefkoosde tema te doen (dis-harmonie), ook geskied die denkontsluiting nie met 'n bombardement van twyfelvrae nie, want dit skep denk-onsekerte as denkongeloof en so help die ouer die kind van die wal in die sloot.

Die ouer wat werklik Christenopvoeder is sal hier ook aangryp die geleentheid om ook deur spel en arbeid naas gesprek en leesstof die kind se denke te stimuleer.

1. BAVINCK J.H. : INLEIDING IN DE ZIELKUNDE. p. 203 - 204

Deur al handelende met die kind saam te doen leer hy die kind om te dink. Binne die gesin kan konstruktiewe spelsoorte wat die dink en prestasievermoëns prikkel baie vrugbaar gebruik word. Die oplossing van die kind se huiswerk en ander dinkprobleme, in sover dit op die ouer se weg lê, open pragtige moontlikhede tot denkontsluiting.

Wat egter hier beklemtoon moet word is dat die kind in die normale Christelike huisgesin dag vir dag kontinu vanaf die etenstafel tot met die vakansiereis lewe onder die treflike denkleiding en dinkpatroon van die ouers. 'n Denkstempel word afgedruk wat beslissende betekenis het vir die latere volwasse lewe van die kind.

Die ouer kan nie hoe langer hoe meer vir die kind dink en beslis nie, maar dan moes hy die kind geleer het om vir homself te dink. Daar was al treffende getuienisse van persone wat juis in ons land, in die hoogste leidende posisies gestaan het en met klem terug wys na die denkleiding wat die ouers hulle gegee het.

Die basis vir die sensitiewe ontvanklikheid vir hierdie ouerleiding lê juis daarin dat die ouer die denkleiding spontaan en natuurlik, onopgesmuk gee in liefde. Daarom sal die liefhebbende ouer nie sy kind drywe om byvoorbeeld akademiese prestasies te behaal wat bokant sy vermoë is nie of om 'n "status beroep" te kies waarin die kind nie werklik belangstel nie.

Bierkens beweer dat die denkvermoë van die kind baie vinnig ontwikkel en so ook sy sug na meerdere kennis en sy nuusgierigheid, ook sy konsentrasievermoë, sy interpretasievermoë - dat hy nugter en saaklik leer dink en die geneigdheid openbaar tot verstandelike be-meestering van nuwe ervaringsgebiede.

Bierkens beweer ook dat die rypere kinderjare die leerperiode by uitstek vorm om die volgende redes:

1. Die kind is weetgierig en is sterk op die buitewêreld gerig.
2. Die konsentrasievermoë groei snel.
3. Die kind

3. Die kind beskik oor 'n verbasende interpreterende vermoë.
4. Die denkeis nugter en saaklik.

Hy sê ondermeer die kind beskik oor: "Een gencigheid tot verstandelike bemeestering van nuwe ervaringsgebiede breekte zich baan."¹

Die rypere kind se belangstelling is nie meer globaal soos in die kleuterjare nie, maar meer in besonderhede.

Die ouer moet deeglik rekening hou met die vinnig groeiende denkvermoë van die kind om die ontwikkeling daarvan nie te vertraag nie, maar om daarmee tred te hou sodat die kind die volle voordeel kan benut van sy groeiende denkvermoë na volwasse verantwoordelike denke.

16.5 DIE CHRISTELIKE NORME VIR DIE DENKLEWE VAN DIE MENS

Geloofsontsluiting in die lig van die Woord is hier van radikale belang. Die ouer moet juis die grondslae lê vir die kind se latere en verdiepte begrip van Christelike onderwys en Christelike denke. Daarvoor moet die Christenouer ook in die Christelike amp van die gelowige toesien dat die skoolonderrig, die tegniese onderrig, en die onderrig aan inrigtings vir hoër onderwys, waar sy kind eventueel mag beland, Christelik-wetenskaplik gefundeerd is - in lyn en harmonie met die religieuse denkrigting van die huisgesin.

God dink. God het van hierdie vermoë ook aan sy beelddraer, die mens gegee. Hierdie vermoë moet ge oefen word. Deur opvoeding leer die mens om reg te dink.

God dink aan sy verbond. (Gen. 9 : 15)

God dink aan die mens, soos byvoorbeeld aan Abraham (Gen. 19 : 29).

God dink ook voor Hy doen. Hy beplan soos toe Hy die mens geskape het. (Gen. 1 : 26) en in Numri 33 : 56 sê God: " En soos Ek gedink het om aan hulle te doen, sal Ek aan julle doen."

God roep die gelowige om ook te dink voor hulle doen. Hulle moet oor die ou tyd nadink. (Deut. 32 : 7) en dan die lesse van God daaruit leer.

Die

Die Here se opdrag is om aan sy gebooie te dink. (Numr. 15 : 39, 40) om om dit te doen (Ps. 103 : 18) en om aan die Here self te dink (Ps. 63 : 7). Dawid sê, as hy aan die Here dink dan steun (sug) hy. (Ps. 77 : 4).

Die gedagtes aan God laat die mens sy skuld ontdek, maar tegelyk ook die groot genade van God oor ons sondes.

Die opdrag van God aan die ouers om hul kinders op te voed sluit die hele lewe in, ook die aspek van die logiese denke. Daarom vermaan Paulus ons om die dinge te bedink wat daar bo is en nie wat op die aarde is nie. (Kol. 3 : 2)

Die aardse gedagtes is vleeslik en wat die vlees bedink is vyandskap met God. (Rom. 8 : 5 - 7).

Ouers moet hulle kinders opvoed om oor God, sy gebooie, sy oordele, sy beloftes, sy genade, sy liefde, ja, oor sy hele Woord te dink sodat hy sy lewe dien ooreenkomstig kan inrig.

Die mens kan, maar mag nie dink wat hy wil nie. Hy moet tot eer van God dink, volgens die gebooie van die Here. Voor alle arbeid moet die mens dink. Die denke is die wortel waaruit sy arbeid groei. As die denke sleg is sal die vrugte ook sleg wees. Die kind moet geleer word om reeds by die wortel (denke) van sy lewe, Hom deur die bloed van Christus laat heilig. Ook sy gedagtes moet tot God bekeer wees.

Die ouer het elke dag geleentheid om sy kind Christelik te leer dink. Die ouer moet in die Christelike denke sy kind tot voorbeeld wees. Die ouer het sy kind tot volwassenheid gelei as hy op elke terrein van elke uitgang van die hart beheer het.

HOOFSTUK 17.

DIE HUWELIK EN GESIN SE VOLLE LEWENSUITDRUKKING IN DIE NIE-NORMATIEWE NATUURWETMATIGE ASPEKTE

17.1 DIE STRUKTUUR VAN DIE MENSLIKE PERSOON

Die mens lewe binne al vyftien die wetskringe en vertoon daarom die volgende strukture:-

17.1.1. DIE FISIES-CHEMIESE STRUKTUUR

Die fisies-chemiese struktuur wat die eerste vier funksies of wetskringe, naamlik getal, ruimte, beweging en energiewerking omvat en waardeur alle fisiese dinge gekenmerk word.

By die mens is dit in een menslike liggaam ingesluit. Ons het hier die rangskikking van die menslike liggaam en sy hulle onderlinge verband en werking ook ter sprake, naamlik die fisies-chemiese stowwe wat nodig is vir die organiese opbou van ons liggaam.

17.1.2. DIE VEGETIEF-BIOTIESE LEWENSASPEK

Tweedens is daar die vegetief-biotiese lewensaspek wat by alle organiese dinge en plante aangctref word. Dit bind die fisies-chemiese tot 'n eenheid in die lewensproses, waarin die lewende selle 'n belangrike rol speel. Hierdie struktuur omsluit die eerste vyf wetskringe, naamlik getal, ruimte, fisiese beweging, energiewerking en biotiese wetskringe.

17.1.3. DIE PSIGIESE LIGGAAMSTRUKTUUR

Die psigiese liggaamstruktuur van die sielike gevoelslewe. Die psigiese struktuur ontsluit die twee voorafgaande strukture in 'n sinvolle samehang. Hierdie struktuur behels die eerste ses wetskringe, die psigiese aspek is daarby ingesluit.

17.1.4.

17.1.4. DIE AKTSTRUKTUUR

Die aktstruktuur sluit die laaste nege na psigiese normatiewe aspekte in wat alleen by die mens aangetref word. Die aktstruktuur kom tot uiting in die drie grondrigtings van ken, wil en verbeelding, en is in die diepte van die menslike hart gekonsentreerd en deur ... die hart religieus anastaties op God gekeer of apostaties teen God gekeer.

Onder die aktstruktuur verstaan ons die innerlike werksaamheid van die mens wat uitgaan van sy ek of hart en wat intensioneel gerig is op bepaalde stande van sake en die stande van sake is op sy selfheid of ek betrek deur dit sy eie te maak. Dit behels bewuste daede wat doelbewus gedoen word in gehoorsaamheid aan Gods wet.¹

Laasgenoemde is op die voorafgaande liggaamstrukture gebou. Schoeman stel dit duidelik dat hierdie vier liggaamstrukture nooit morfologies van mekaar geskei word nie: "maar is in die vormgeheel van die menslike liggaam op 'n onverbreeklike wyse met mekaar verweef. Hulle kan nooit geskei nie, dog wel onderskei word."²

Ons het reeds vroeër daarop gewys dat die menslike lewe 'n eenheid is. In die nie-normatiewe natuursye het ons met die liggaam van die mens te doen.

Hierdie liggaam is in twee opsigte vir die Christenmens belangrik, naamlik dat die liggaam die instrument is waarmee sy handeling uitgevoer word. Opvoeding is dus noodsaaklik vir die kind om verantwoordelike beheer oor sy liggaam uit te oefen. Die liggaam is die middel waarmee die mens goed of kwaad doen.

1. Vgl. HEIBERG P.J. : 'n VOLK BESIN OOR SY TOEKOMS.
Referaat gelewer. p. 44

Vgl. SCHOLTZ J.A. a.w. p. 59

Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p. 78

2. SCHOEMAN P.G. a.w. p. 78

Tweedens is die liggaam van die mens die tempel van God waarin Hy woon (1 Kor. 6 : 19). Die mens het nie selfbeskikkingsreg oor sy eie liggaam nie, hy kan nie met sy liggaam maak wat hy wil nie, dit behoort aan God. Die kind moet dus opgevoed word om sy liggaam in diens van God, volgens sy norme te stel. Die mens is God se mens en moet hom ook so gedra.

Elke mens is 'n persoon op sy eie. Hy leef net sy eie lewe binne die ruimte wat God hom toelaat om sy lewe op aarde te voer.

17.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE PSIGOLOGIESE ASPEK

Die logiese-analitiese of wetenskaplike studie van die psigiese aspek van die mens toon aan ons 'n indrukwekkende struktuur wat blootgelê word, al is daar tussen psigoloë oor hierdie vakgebied baie verskil. Geen wonder dat Bavinck J.H. skrywe: "Juist het inzien in den opbou der ziel is het, dan in ons die teere bewondering kon wekken voor den Grooten Maker der ziel Weinig dingen zijn mooier in deze wereld dan met het geloof in God in het hart te mogen indringen in de diepten der ziel."¹

Die psigologie is dus die wetenskap wat hom in enger en ruimer sin opgevat, besig hou met die mens se sielelewe. Die siel van die mens is 'n selfstandigheid wat van die liggaam onderskei moet word ten opsigte van sy oorsprong, wese en bestemming.²

Die psigologie het te doen met die menslike siel en moet dit die verskynsels van die mens se sielelewe vasstel, saamvat en beskryf.

Die siel vind sy oorsprong by God wat die mens na liggaam en siel geskape het. Die mens ontvang nie alleen sy liggaam van sy ouer nie, maar ook die psige word van ouer op kind oorgedra. Die psige staan

1. BAVINCK J.H. : INLEIDING IN DE ZIELKUNDE. p. 3

2. Vgl. HAVINGA J.F.E. oor Bavinck se psigologie. p. 178

dus ook onder die invloed van die erfsonde.

Wat die wese van die siel van die mens betref onderskei Bavinck dit so, hy sê dat engele geeste is en God is Gees, terwyl die mense siele is. By die mens is die gees tot siel georganiseer; dit is saamgestel tot 'n lewensprinsipe van 'n stoflike organisme. Die siel is vir hom as gees aan die onsienlike verbonde, terwyl dit as siel aan die sinlike wêreld verwant is.¹

Die psigologie is die wetenskap van die bewuste lewe van mens en dier.

In die geval van die mens bestudeer die psigologie alleen daardie gedraginge van 'n lewende mens wat deur die ek bepaal is en wat in psigologiese terme beskryf en verklaar kan word.²

Die psigologie hou hom veral met drie vrae in die opvoeding besig, te wete:

- (i) hy moet kennis dra van die psigologie van die bewuste lewe;
- (ii) hy moet kennis dra van die psigologie van die wordende mens en
- (iii) hy moet kennis dra van die psigologie van die leerproses.

17.2.1 GESINSOPVOEDING EN DIE PSIGOLOGIESE ASPEK DAARVAN

Die ouers het in sy opvoeding te doen met die bewuste lewe van die kind.

Die wordende mens is nog nie 'n volwassene nie. In sy groei na volwassenheid gaan sy lewe deur verskillende stadiums of fases. Die kind verskil van die volwassene na liggaam en siel. Die psigologiese verskille lê veral op die terrein van die strewings, opmerkzaamheid, belangstelling, kenlewe en gevoelslewe.

Belangrik vir die ouer om te weet is dat die kind se kenlewe

aanvanklik

1. Vgl. Ibid, p. 178

2. Vgl. Ibid, p. 178, 179

aanvanklik sinlik van aard is. Hy leer dan deur aanskouing en waarneming. Langsamerhand tree die voorstellende stadium in, naamlik die begripsvormende wanneer hy met begrippe werk.¹

Bavinck bevestig dit ook as hy sê: " De intuïtie is in die kinderjare veel krachtiger ontwikkel en legt al overal de grondslagen waarop later het discurcieve denken kan voortbouen."²

Kennis van die periodes en die tydperke wat die kind in die verskillende stadia van sy lewe is, gee die ouer ook beter insig in die psigiese lewe van die kind.

Dit is ook belangrik vir die ouer om te weet wat leer is, hoe geleer word, watter soorte leer daar is en watter wetmatighede die leerproses beheers, hoe leerprodukte gemeet word wat nadelig op die leerproses inwerk, en so meer.

Die gevoelslewe van die mens is nie aan sy verstand ondergeskik nie, dit is net so 'n aspek van die mens se lewe as sy verstand.³

Net soos die verstand doelbewus ontwikkel moet word, net so moet die gevoelslewe deur opvoeding ontwikkel word.

In 'n huislike atmosfeer van liefde gedy die gevoelslewe van die kind op sy beste. Die kind moet veilig, onbedreig, geborge voel. In die atmosfeer van die liefde verkry die kind vertroue, moed en durf wat belangrike voorwaardes vir die opvoedingsdaad is.

'n Kind het behoefte aan liefde. Hierdie liefde moet gevoel en gehoor word. As die ouer die kind liefdevol teen sy lyf vasdruk en vertroetel ontwikkel hy in 'n rustige kalme en tevrede mens.

1. Vgl. SCHOEMAN a.w. p. 96

2. BAVINCK J.H. a.w. p. 208

3. Vgl. VAN VUUREN J.C.G. : ORIËNTERING IN DIE PEDAGOGIEK, p. 95

Veral kinders met een of ander gebrek het nog meer liefde en begrip nodig om hulle te leer om hul omstandighede te aanvaar en daarmee saam te leef.

Deur opvoeding alleen kan die kind se gevoelslewe ontsluit en verdiep in al die normatiewe kaders van sy bestaan, sodat hy beheer kan uitoefen op al die gevoelsuitgange in sy jong lewe.

Die gevoelslewe word antisiperend verdiep tot logiese gevoel, kultuurgevoel, sosiale-, ekonomiese-, kuns-, regs-, liefdes- en geloofsgevoel.¹

Die periode in die jong kind se lewe wat die ingrypendste die gevoelslewe tot die uiterste beproef is die puberteitsjare.

Bierkens beskryf hierdie jare van verandering soos volg: "In de puberteitsjaren rijpt de jongen tot man en het meisje tot vrouw"²

In die tydperk neem die kind afskeid van die kinderjare en groei hy die leefwêreld van die volwassene binne. Hierdie tydperk gaan gepaard met intense emosionele spanninge omdat die liggaamlike veranderinge wat plaasvind geweldige invloed uitoefen op die psigiese lewe. Die seun en dogter groei nou tot seksuele rypheid. Bierkens sê ondermeer van die verandering na seksuele rypheid: "Seksueel rijpen is groeien naar liefhebben ... het eindpunt ervan is de duurzame band van liefdevolle medemenselijkheid."³

Die volgende fase in die mens se lewe wat geweldige psigologiese verandering te weeg bring is na die huwelik wanneer die eerste kindjie gebore word. Dan het die vrou moeder geword en die man het vader geword. Hul status het verander en elkeen het nuwe gevoelservaringe beleef.

-
1. Vgl. SCHOEMAN P.G. a.w. p. 99
 2. BIERKENS P.B. a.w. p. 79
 3. IBID p. 100

Die moeder ervaar die tere liefde vir haar eie kind, sy ervaar die drang om hom te voed en beskerm. Sy bevind haar meteens in 'n gesin van haar eie en in 'n nuwe veranderde verhouding teenoor die gemeenskap. Sy ervaar vrees en vreugde, vrees of sy sal slaag in haar moederskap met sy veelvuldige eise ten opsigte van haar kind; vreugde oor haar moederskap en dat sy vir haar man 'n kind kon gee.

Die aangename gevoelens wat die nuwe rol as moeder haar laat ervaar kan ons soos volg opsom. Sy ervaar 'n gevoel van uitgelatenheid na die lang wag; van voltooiing van 'n besondere taak; van volkomenheid; dankbaarheid teenoor die Skepper.. Dog sy het ook onaangename gevoelens. Die kind gaan nou al haar aandag verg, sy is nie meer vry nie, sy behoort nie meer net aan haar man nie. Dit is alles normale lewenservarings. Al die gevoelservarings net na die geboorte van die kind verdwyn mettertyd om plek te maak vir meer bestendige gevoelens.¹

Ook die jong vader beleef gevoelservarings by die groter verantwoordelikheid wat sy nuutgevonde vaderskap hom opleë.

Ook sy "vryheid" is nou aan bande gelê.

Sy vrou behoort nou nie meer net aan homself nie, want die kind gaan die grootste deel van haar tyd in beslag neem. Sy verantwoordelikeheidsgevoel is groter want nou het hy 'n gesin om te versorg. Hy wil 'n vaderbeeld skeep waarop sy vrou en kind trots op kan wees.

Saam geniet hulle die kindjie as vrug op hul huweliksliefde.

Die kind word nie met liefde vir die ouer gebore nie. Die liefde moet gekweek word. Die liefde vir die ouer word verwerklik as die ouer die kind liefdevol versorg, voed en 'n gevoel van geborgenheid gee.

Tyd moet aan die kind self spandeer word. Deur hom te vertroetel, met hom vriendelik gesels, al verstaan hy aanvanklik niks daarvan nie, wek die liefde in die kind op, voed en bestendig dit.

1. Vgl. RAYNER : FAMILY FEELINGS, p. 7

17.2.2. DIE PSIGOLOGIESE ASPEK IN LEWENSVERBAND IN DIE GESINSOPVOEDING

Normaalweg is die deursnee ouers nie mense wat akademies opvoedkundig of sielkundig afgestudeer is of deskundig is nie. Dit verhoed nie die ouers om onder leiding van die Heilige Gees, met lewenswysheid, met gesonde verstand hulle kinders sielkundig korrek op te voed nie. Dis nie teoreties spekulatief om te beweer dat sommige eenvoudige ouers hul kinders met meer wyse oorleg en meer normaal opgevoed het as geskoolde deskundiges of ander akademici nie.

Die lewenswysheid van die Spreukeboek is 'n baie goeie voorbeeld van wetenskaplike wysheid.

Dit geld hier van die ouers wat hulle kinders reg begryp, liefdevol wil begryp en hulle geaardhede onderskei en elkeen op sy eie meriete en behoefte beoordeel en behandel.

Die wyse ouer kan heerlik met ander volwassenes en met mekaar gesels oor interessante sielkundige verskille tussen die kinders, en na wie hulle aard.

Die psigiese of psigologiese aspek van die gesinsopvoeding behels dus nie dat sielkundige lesings aan kinders gegee word nie. Weliswaar is dit ten goede dat die ouer self met die maksimum goeie akademiese voorligting oor die opvoedkundig-sielkundige aspek toegerus sal word.

Die kerneis is eerstens dat die liefdesbinding onder ontsluiting van die geloof so sterk sal wees dat in geloofsekerte, geloofskalmte en liefdesoorgawe in die gemoed sal heers.

As die liefde lei sal die ouer vanself die kinders begrypend hanteer en hulle met sielkundige-behendige metodes hanteer.

In die liefde word die uiteenlopende temperamente en belange saamgesnoer tot 'n harmoniese eensgesindheid. So word sielkundige spanninge voorkom en kry verskilpunte onewewigtige (onekonomiese) prioriteite of aandag nie.

Daar

Daar sal dus 'n psigologiese spontane en ontspanne sosiale omgang binne die gesin wees met intuitiewe aanvoeling en begrip vir mekaar.

Die toon van die gesprekke en die taalgebruik sal 'n gevoelvolle liefdestempel dra. Die opvlammende humeure sal verantwoordelik beheers, getemper word (Histories).

Die logika en die billikheid sal die botoon voer bokant sielkundig-onbeheersde ontboeseminge en konflikte.

Hierdie normatiewe leiding van die ouers in liefde het dus in volle lewenseenheid ook die psigiese resultaat dat die kalmte, rus, vrede en gesinsbou kan voortgaan.

Konfliktsituasies in die gesin het ook 'n anti-normatiewe struktuur en is 'n uiting van die aktstruktuur uit die hart, maar, die ouer en kind se "psigiese" samestelling speel 'n sleutelrol. Dit geld van die verhouding vader, moeder, en albei afsonderlik en albei saam se verhouding tot die kinders en elke kind afsonderlik asook nog die verhouding van al die kinders saam tot die ouers en elkeen se eie individuele verhouding tot die ouers en tot elke kind afsonderlik.

In geval van elke kind speel die psigiese aspek ooreenkomstig die ontwikkelingsfase en persoonlikheidssamestelling van elke kind 'n belangrike rol.

Dit lyk op die oog af of daar soveel mynvelde is, maar as die ouers die gesin lei in liefde en Christelike geloofsontsluiting is die meeste van die negatiewe gevare by voorbaat ontloot.

17.2.3 DIE BYBEL EN MENSLIKE GEDRAG OF SIELKUNDIGE HANDELE

Die Bybel is lewensgetrou en dis gewone mense wat in die openbaringsgeskiedenis optree, elk met 'n eie geaardheid en sielkundige toerusting.

Bavinck

Bavinck wys op die Spreuke van Salomo as 'n boek waarin fyn sielkundige opmerkings gemaak word, met 'n diepe insig in die verborge motiewe van die menslike handele.

Hier is 'n sielkundige aan die woord wie se oë deur die Gees van God verlig is om die bronne van die menslike wil en lewe te aanskou. "En niet alleen dit boek, de gansche Schrift is oerryk aan menschen kennis. Zij doet om God te kennen, maar openbaart ons niet minder het menschenhart."¹

Tog sê Bavinck ook tereg, en dit geld ook van die hele Bybel: "Het boek der Spreuke bevat wel zielkundige gedachten, maar is allerminst een systematische psychologie."²

In Efes. 6 : 4 het 'n belangrike opvoedkundige sielkundige beginsel, naamlik dat die ouer se gestrengheid nie sielkundig die kind tot breekpunt sal beproef sodat hy moedeloos word nie. Ons lees in die nuwe vertaling in Efes. 6 : 4 - "En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."

Wat Paulus hier onder andere sê is: "Door een vriendelijk woord moet men zijn kind winnen en leiden, en zooveel mogelijk er naar streven, dat de jeugd der kinderen onbezorgd en vroolijk zij."³

In vreugde en leed soos die Psalms dit vermeld is dit intiem vervleg met die psigiese aspek van die mens se lewe. Tog is dit juis treffend hoe die psigiese terneergedruktheid oor die sonde en die vyande telkens weer ontsluit word tot geloofsbydschap.

By Saul is dit so dat sy psigiese laagtepunte hoogstens deur die estetiese harptone bedaar word, en by Dawid weer word sy gemoed ook psigies kalm, juis op grond van die pistiese Woordontsluiting.

-
1. BAVINCK J.H. a.w. p. 5
 2. IBID p. 6
 3. BALJON J.M.S. a.w. p.224

Die Bybel is 'n troosboek; omdat die Trooster, die Heilige Gees deur die Woord die onstuimige gemoed tot bedaring bring en in die terneergedrukte gemoed vreugde wek.

Om die rede is huisgodsdienst so gelangrik vir die gesin se psigiese opvoeding, omdat die Woord kalmte, berusting, vrede, vreugde, verdraagsaamheid en liefdevolle eensgesindheid werk.

Die Christelike opvoeding in die huisgesin is nodig om die gesin en gesinslede se gevoelslewe onder beheer te hou.

17.3 DIE BIOTIESE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING

Soos ons in paragraaf 17.1.3 aangetoon het, het ons hier te doen met die negatief-biotiese lewensaspek. Dit is die bestaanswyse van die organiese lewe.¹ Ook die mens se liggaam is onderworpe aan die wette wat vir die organiese lewe geld.

Vermeulen sien dit so dat die lewe 'n fundamentele modaliteit is wat behoort tot die modale horison van die mens se bestaan.²

Die biotiese ontsluit in al die daaropvolgende lewensaspekte as lewe of groei.

17.3.1. DIE BIOTIESE ASPEK VAN DIE GESINSOPVOEDING IN VOLLE LEWENSVERBAND.

Ons het hier te doen met die liggaamlike aspek. Dit is die wyse waarop die mens in die wêreld is. Die kind beleef sy volwassewordingsproses lyflik. Die mens leef in sy liggaam en hy leef met sy liggaam. Hy ken sy wêreld met sy liggaam. Gesinslede verkeer lyflik met mekaar en ken mekaar lyflik.

1. Vgl. SPIER J.M. a.w. p. 35

2. Vgl. VERMEULEN A. a.w. p. 30

Die kind se liggaam moet opgebou word sodat dit gesond kan wees. Die kind moet geleer word om sy liggaam reg te gebruik. Die kind word met sy liggaam aanvaar of verwerp. Voed ons die kind op dan is dit nie 'n liggaam wat ons opvoed nie, maar die mens van die kind, dit wil sê sy liggaam met sy gees.¹

Die kind is 'n besielde liggaam. So verskyn hy in die wêreld en vul hy sy roeping.

In sy liggaam leef die kind, ervaar hy, dink hy, handel hy, praat hy, verkeer hy met die ander gesinslede sosiaal, dryf hy handel, skep hy kuns, doen hy reg, het hy lief, is hy tempel van God en aanbid hy die Here.

Met sy liggaam hoor, sien, tas, ruik en proe die kind. Die menslike liggaam is meer as wat die anatomie of fisiologie daarvoor te sê het. Engelbrecht sê van die menslike liggaam die volgende: "So ervaar ek die wêreld vanuit myself en wel vanuit my liggaamlikheid. My liggaam staan in die werklikheid wat ek belewe."²

Die kind se liggaam is sy toegangspoort tot die wêreld, dit is sy medium van beweging; dis sy medium van dialoog voering, waarmee hy sy wêreld kontak onderhou.

Engelbrecht sê: "Deur sy liggaam tree die mens in kommunikasie, in dialoog met sy wêreld, rig hy hom tot die mense en die dinge in die wêreld."³

Deur sy liggaam beheers die mens die wêreld.

Vir die kind in die wieg is die ontdekking van sy liggaam met sy liggaamsdele, hande, voete, ore, neus, oë, ens. belangrik. Net so belangrik is die ontdekking wat die puber maak van die veranderinge in sy liggaam na volwassenheid. Daar vind groei plaas in sy liggaam

-
1. Vgl. VAN ZYL P. : OPVOEDKUNDE I, p. 227 - 228
Vgl. ook ENGELBRECHT C.S. : DIE SAMEHANG TUSSEN LIGGAAMSBELEWING EN LEERPROBLEME BY DIE KIND p. 49
 2. ENGELBRECHT C.S. a.w. p.55
 3. IBED p. 61

na liggaamlike volwassenheid en daar vind ontwikkeling van sy gevoelslewe plaas na psigiese volwassenheid.

Fourie stel dit ook duidelik dat die mens net deur sy liggaam funksioneer, hy sê verder: "dit is daarom ook van sy liggaamlike eksistensie waar dat hy in biologiese sin nie opgevoed kan word sonder liefdevolle versorging van sy medemens nie."¹

Liefdesuitinge en liefdesbetuiginge word lyflik ervaar as aangename ervarings. Die kind het behoefte aan sulke liefdeservarings en liefdesbelewenisse.

Waterink stel dit dat die prinsipiële uitgangspunt in die opvoeding moet wees die eenheid van die mens na liggaam en siel, van gees en stof. Hy sê: "De opvoeding van het kind is een. En de lichamelijke opvoeding is een wezenlijke bestanddeel, is een specifiek aspect van de geheele opvoeding."²

In die liggaamlike opvoeding gaan dit nie alleen om 'n sterk gesonde liggaam nie, maar ook om die opvoeding van die hele mens.

Die liggaamlike en die psigiese bestaanswyse van die kind is so heg in mekaar vervleg dat ons sê: 'n gesonde gees woon in 'n gesonde liggaam. Daar is 'n noue verband tussen die liggaamlike toestand en die mens se geestestoestand.³

Die ontwikkeling en groei van 'n gesonde liggaam beteken normaalweg ook die groei van 'n beheersde gevoelslewe.

'n Gesonde liggaam is ook nodig vir die ontwikkeling en groei in die denklewe van die kind tot selfstandige denke. Wanneer die kind liggaamlik volwassenheid bereik het, het sy denke gewoonlik ook tot selfstandigheid gegroei.

1. FOURIE D.R. a.w. p. 49

2. WATERINK J. a.w. p. 550

3. Vgl. WATERINK J. a.w. p. 552

Met die kind se liggaamlike en verstandelike ontwikkeling groei sy beheersde taalvermoë tot taalvolwassenheid.

Die kind se toename in liggaamskrag en uithouvermoë stel hom in staat om sy kultuurarbeid doeltreffend en met vaardigheid te verrig. Die liggaam van die kind moet ontwikkel en geoefen word om spesifieke take te kan verrig wat vaardigheid, behendigheid en krag vereis.

'n Gesonde liggaam bevorder ook sosiale omgang soos byvoorbeeld in sport. Daar moet ook kontinue groei aanwesig wees in die sosiale omgang met gesinslede en in die gemeenskap.

Die estetiese aanvoeling vir die skone en harmonieuse moet voortdurend groei, dit verryk en verdiep die estetiese gevoel.

Die kind moet leer om sy eie en ander mense se liggame te eerbiedig. Dit is 'n integrale deel van opvoeding tot volwassenheid.

Die liefdesgebod eis liefde vir die persoon van die self en van die medemens. Ouers en kinders moet mekaar liefhê. By die liefde is die liefde vir die liggaam van die ander gesinslede ingesluit. Die liefde in die huwelik, tussen man en vrou moet altyd groei. Die liefde tussen gesinslede moet steeds groei. Dit is die liefde tussen 'n jongman en jongmeisie wat groei totdat dit op 'n huwelik uitloop en hulle mekaar lewenslank in liefde ontvang.

Volgens Ruperti is dit die ouers se taak om hulle kinders die heiligheid van hul liggame te leer en dat die liggaam die geestelike moet dien, en nie andersom nie.¹

Geloofsgroei, geloofslewe, geloofsbeleving, geloofstoename, geloofsvertroue is almal begrippe wat lewe en groei veronderstel. Die biotiese vind ook in die geloofsaspek uitdrukking.

1. Vgl. RUPERTI R.M. a.w. p. 74

Die opvoeding van die kind tot volwassenheid veronderstel dus groei tot lewensrypheid in elke lewensaspek.

Die ouer wat die kind voed om liggaamlik te groei tot volwassenheid, moet ook die ander aspekte voed sodat die kind in elke aspek volwasse kan wees.

17.3.2 DIE HUISGESIN EN GESONDHEIDSOPVOEDING

Die Transvaalse Onderwysdepartement stel as algemene doelstelling van gesondheidsopvoeding: "Alle gesondheidsopvoeding, formeel sowel as informeel, behoort die bevordering van die gesondheid en geluk van die individu en van die samelewing as mikpunte te hê."¹

Die oogmerk kan bereik word deur die aankweek van goeie gewoontes; kennis van die bou en werking van die liggaam te bekom; die kind te betrek by die skepping van 'n gesonde omgewing; kennis te verskaf oor die funksionering van die liggaam as geheel.

Die doelstelling kan doeltreffend bereik word waar die individu sy liggaam as skepping en tempel van God sien, ken en onderhou en sy persoonlike verantwoordelikheid in die lig daarvan aanvaar en uitleef. Hierdie strewe moet ook die gemeenskaplike ideaal van die gemeenskap wees.

Die bereiking van hierdie ideaal verg selfdisipline en verantwoordelikheid.

In die huisgesin het die ouers as taak om hulle kinders ook gesond op te voed en hulle kinders te leer om die gesondheidsreëls na te kom. Die gesonde en gelukkige gemeenskap word primêr op die gesondheid en geluk van die individue in daardie gemeenskap gebou.

1. TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT SILLABUS VIR GESONDHEIDSOPVOEDING. Primêre skool. Std. 2,3, en 4. 1978. 2005, p. 1

Die hele liggaam van die mens word by die gesondheidsopvoeding betrek. Van der Merwe definieër gesondheid as: "'n toestand van harmonie, van 'n harmonieuse samewerking tussen die organisme en sy omgewing."¹

Die gesin se gesondheidsleer sluit die volgende aspekte in:

1. Die regte liggaamshouding van kleinsaf sodat die beenstelsel en ruggraat die regte liggaamshouding inneem.

Die skelet het die volgende funksies:

Dit gee vorm en stewigheid aan die liggaam. Dit dien as aanhegtingspunt van die willekeurige spiere en as hefboomstelsel wat verplasing van die liggaam moontlik maak wanneer dit deur die same-trekking van die willekeurige spiere in beweging gebring word. Die skelet bied ook beskerming aan en bepaal die ligging van die tere organe soos die brein in die breinholte, die organe in die borskas en bekken.

Van der Merwe sê: " die mens is in 'n groot mate die boumeester van sy eie vorm". 'n Regop houding van die liggaam in loop, sit en staan posisie sowel as die regte bed om op te slaap, sal help om 'n regop houding te kweek.

Die skeletstelsel van 'n baba kan belemmer word as hulle te gou regop laat sit word of te gou gedwing word om te loop. Klere en skoene kan ook die liggaamshouding beïnvloed as hulle nie behoorlik pas nie.

Die regte liggaamshouding verseker 'n mooi voorkoms en dit vry-waar spanning.

Vir 'n gesonde skelet moet 'n gesonde diëet gevolg word wat aan die liggaam die nodige fosfor en kalsium voorsien.

1. VAN DER MERWE I.R. : HANDLEIDING IN GESONDHEIDSLEER, p. 13

2. Die spierstelsel in die liggaam van die mens is ewe belangrik. 'n Swak spierstelsel kan te wyte wees aan swak voeding of gebrek aan liggaamsoefening. 'n Spier, net soos enige orgaan wat nie gebruik word nie, kwyn weg.

Oefening laat spiere gedy. Kleredrag wat te nou is, belemmer die vrye toevloei van bloed na die spiere en dit is nadelig.

3. Spysvertering, sê van der Merwe, hou verband met die gemoedstoestand, hy sê: "Kweek 'n aangename, oopgeruimde gemoedstemming en nuttig jou voedsel in 'n aangename rustige atmosfeer ... moenie die tafel 'n bakleplek maak nie ... aan tafel moet 'n gees van hoflikheid, welwillendheid en ordelikheid heers."¹

Na ete moet die mens ontspan sodat spysvertering kan plaasvind.

4. Asemhaling: Die asemhalingskanale moet altyd oopgehou word sodat die persoon vry en diep asem kan haal.

5. Die niere moet opgepas word deur nie oormatige sout te gebruik nie, baie water moet gedrink word, dit help die niere skoon hou. Die niere kan maklik beskadig word.

6. Natuurlike slaap na 'n dag se arbeid is die beste medisyne vir oorspanne senuwees en 'n ooreiste liggaam. Gesonde slaap is 'n gesondheidskuur, dit verfris die liggaam en die gees.

7. Vars lug, voldoende suurstof is noodsaaklik in die slaapkamer, die huis en werkplek.

1. Ibid p. 44

8. Beligting is ewe belangrik vir die oë waar daar gewerk, geleer en gelees word.

9. Kleding: Klere moet die vermoë besit om in die winter die liggaam warm te hou en in die somer koel te hou.

Klere beskerm die liggaam teen oormatige son. Sommige mense hou daarvan om hul liggame te ontbloot sodat dit mooi bruin kan brand in die son. Hoehn waarsku ernstig teen sonbrand, hy sê onder andere: "Terwyl u dus probeer bruin brand om jonk en lewenslustig te lyk, moet dit nie oordryf en voor u tyd oud en verweerd lyk nie."¹

10. Eetgewoontes: 'n Mediese professor John Tudkin het in 'n mediese verslag, oor navorsing deur vooraanstaande deskundiges uitgevoer, bevind dat: "Meer as die helfte van die mense wat jaarliks sterf, sterf weens verharding van die slagare en hoë bloeddruk. In sy artikels beskryf hy die redes waarom hy glo dat die mediese beroep op 'n dwaalspoor was toe hy probeer bewys het dat die vernaamste oorsaak van hartkwale 'n oormaat vet in die diëet is. Tudkin se afleiding na aanleiding van die ondersoek is dat die vernaamste oorsaak die oormaat suiker is wat mens daaglik inkry. Suiker word vandag by die meeste verwerkte voedsels gevoeg, vanaf 'n blik tamaties tot bevrore hoender omdat dit ekstra smaak verleen aan gesteriliseerde en smaaklose kosse. Dit is daarom moeilik om presies vas te stel wat die totale gebruik van suiker per persoon per dag is. Tudkin het bereken dat die gemiddelde suikerverbruik per persoon 'n half pond of tweehonderd en vyf en twintig gram per dag beloop, wat hopeloos te veel is."²

Die Departement van Onderwys het ook gewaarsku teen die oormaat suiker wat kinders inkry deur lekkers en koeldrank en het daarom

-
1. HOEHN G.H. : SONBRAND EN JEUGBLOS. IN GESIN EN GESONDHEID, Jg. 5, No. 2, p. 7
 2. 'n MEDIESE VERSLAG : IN GESIN EN GESONDHEID, p. 13
 3. DIE ONDERWYSGASET, 17 JANUARIE 1974 soos aangehaal in GESIN EN GESONDHEID, p. 14

aanbeveel dat: "In gesondheidsleerklasse moet die nadelige uitwerking van die eet van soetgoed onder die leerlinge se aandag gebring word. Die samewerking van ouers in hierdie opsig sal waardevol wees."¹

Vir 'n gesonde liggaam is 'n noukeurige gebalanseerde diëet noodsaaklik. Dit geld ook vir die gees.

11. Liggaamlike oefening: Ouers moet toesien dat hulle en hul kinders genoegsame en gesonde liggaamlike oefening kry.

Die deelname aan sport en ontspanning is nodig. Waar ouers en kinders nie aan sport kan deelneem nie is die natuurlike en eenvoudige oefeninge binne die bereik van die gesin, naamlik tuinwerk, handewerk en stap.

Liggaamlike oefening moet deeluitmaak van die ontspanning wat die ouers aan die gesin verskaf, waaronder speletjies wat liggaamlike gesondheid bevorder.

Ouers kan hulle op hoogte stel oor gesondheidsvoorskrifte wat van die Departement van Gesondheid in Pretoria verkry kan word, of by die kinderklinieke.

Ouers is dit aan hulle kinders verskuldig terwille van hul geluk en veral terwille daarvan dat hul kinders se liggame tempels van God is om hulle gesond groot te maak.

Hierdie gesondheidsopvoeding neem reeds met die verwagte moeder in aanvang wat 'n gesonde diëet moet volg en haar liggaam gesond moet hou. Die verskaffing van die regte voedingstowwe aan die ontwikkelende fetus is die verantwoordelikheid van die verwagte vrou. 'n Nuwe wese word gevorm en net die moeder kan die nodige boustowwe verskaf.¹

1. DEPARTEMENT VAN GESONDHEID : 'n Pamflet oor; DIËET TYDENS SWANGERSKAP EN BORSVOEDING, p. 2, Sien ook pamflet oor; BABAVOEDING, p. 3, 5

Deel van die ouers se gesondheidsopvoeding is die vroe diagnose-
sering van kindersiektes, die behoorlike versorging van die siek kind
en die imunisering teen siektes waartoe die Staat ouers verplig.

Deel van die gesondheidsopvoeding van die kant van die ouer is
padveiligheid; die kind jonk te leer swem; liggaamlike- en
geestelike weerbaarheid.

Kinders grootmaak is voorwaar 'n groot verantwoordelikheid wat
die Skepper aan hulle toevertrou het, en hierdie verantwoordelikheid
geld in besonder ook die gesin se gesondheidsopvoeding.

17.3.2.1 VERDOWING- EN VERSLAWINGSMIDDELS EN ALKOHOLISME (ONDER-
MYNERS VAN DIE GESONDHEID VAN DIE GESIN)

Verdowingsmiddels en verslawing is in ons tyd oorsaak van die
aftakeling van die gesondheid van baie gesinslede wat weer tot
gevolg het nood in die gesin, soos huweliksnood, gesinsnood aan voedsel,
kleding, versorging, beskerming, opvoeding en someer.

Gewoontevorming en verslawing aan verdowingsmiddels het nadelige
gevolge vir die individuele en die maatskaplike welsyn van die gesin
sodra dit tot verlies van natuurlike funksies en vermoens lei.¹

Uit kliniese geskiedenis van meeste verslaafdes blyk dit dat
hulle belang in kos, seks, vriendskap, ontspanning en gesinsbande
verloor het. Hulle word werksku en onproduktief en word 'n las
vir die samelewing.²

Verdowingsmiddels verwoes die menslike liggaam; en dit vernietig
die moreel; dit skep swak nuttelose burgers vir die samelewing;

1. Vgl. STEYN A.F. e.a. : AFWYKENDE GEDRAG, p. 153

2. Ibid, p. 153

verslaafdes is krimirele.¹

Daar is 'n groot verskeidenheid dwelmmiddels wat verslawing in die hand werk. Hulle kan hoofsaaklik in twee groepe verdeel word, naamlik die stimulerende- en depressiewe middels.

Die gesin kan hom vrywaar van hierdie gesinsverwoester deur voorkoming, deur die gesin te waarsku teen die gevare van verdowings- en verslawingsmiddels en as 'n gesinslid of meer die slagoffer daarvan geword het aandring op fisiese of mediese en psigologiese en geestelike behandeling en ook sosiologiese behandeling.

Vir die behandeling van verslaafdes is nodig die simpatie en samewerking van die gemeenskap, die kerk, die medikus, die psigiater en die sosioloog.

Voorkoming is altyd beter as behandeling, daarom behoort die gesin en by name die kinders deur gemeende instansies voorligting te ontvang. (as hulp aan die gesin) oor die gevare verbonde aan die gebruik en misbruik van verdowingsmiddels. Daar is 'n groot verskeidenheid beskikbare hulpmiddels verkrygbaar vir die behandeling van verslaafdes.²

In 'n pamflet oor die gebruik van dwelmmiddels word die belang van die huisgesin beklemtoon in die voorkoming en bekamping van dwelmverslawing met die woorde: "Onthou die ouerhuis en die huisgesin bied die sterkste vesting teen die misbruik van verdowingsmiddels."³

By SANRA kantore is 'n groot verskeidenheid pamflette verkrygbaar wat huisgesinne tot groot nut kan wees as hulle dit lees.

By die misbruik van doofmiddels hoort ook nog die misbruik van

-
1. Vgl. GROBLER J.P. : Referaat No. 4, Gelwer 1 Julie 1970 oor; DIE MISBRUIK VAN ALKOHOL EN DWELMMIDDELS, p. 17, 18.
 2. Vgl. GROBLER J.P. a.w. p. 4
 3. SUID AFRIKAANSE RAAD, insake ALKOHOLISME EN AFHANKLIKHEID VAN VERDOWINGSMIDDELS: Sal u weet as u kind dwelmmiddels gebruik.

doofmiddels hoort ook nog die misbruik van medisynes en pille wat verslawend is en die gesondheid van die gesin nadelig affekteer.¹

17.3.3 DIE GESLAGSLEWE IN LIEFDESVERBAND

Die kind se liggaam is nie maar net 'n fisies-chemiese (biotiese) kompleks nie, maar dit staan in diens van die gees van al die lewens-funksies.²

Ook aan die geslagslewe word deur die liefde sy interne rigting en leiding gegee.³

Die geslagsomgang is nie alleen 'n ontspanningsdrif nie, maar is in besondere sin 'n uitdrukkingsmiddel van die liefdeseenheid tussen man en vrou.

Voortplanting is nie die enigste doel van die geslagsomgang in die huwelik nie. Onderskeiding moet gemaak word in die geslagsomgang tussen die interne bestemming van die huwelik met sy geslagsverkeer in liefdesleiding, en sy eksterne doelordening tot voortplanting. Die geslagslewe het in die huwelik selfstandige liefdesbestemming, al sou bevrugting die natuurlike uitloper daarvan wees en 'n gesin ontstaan wat weer 'n ander struktuur is.

17.3.4 DIE GESIN EN GESLAGSOPVOEDING

Ouerskap bring verantwoordelikheid mee. Ouers dra daarom die grootste en vernaamste deel by tot die vorming van hul kinders. Seksuele opvoeding is ook 'n belangrike deel van die ouers se totale opvoedingstaak. Ouers is reeds vanaf hul kind se geboorte af besig

-
1. Sien BLOOMER H.A. EN BUTTERFIELD J. : HOOPYPNPILLE KAN U NIERE BESKADIG. Uit GESIN EN GESONDHEID. Jg 5, No. 2, p. 25
Sien ook pamflet: DWELMMIDDELMISBRUIK EN DIE GEBRUIK EN MISBRUIK VAN MEDISYNE. Departement van Gesondheid, Pretoria.
 2. Vgl. SPIER J.M. a.w. p. 247 - 248
 3. Vgl. DOOYEWEERD H. a.w. p. 214

met seksuele

met seksuele opvoeding, al is hulle nie daarvan bewus nie, want seksuele opvoeding is veel meer as om biologiese feite mee te deel. Die verhouding tussen man en vrou is 'n lewenswyse wat duideliker opvoedingslesse gee as 'n lesing oor die onderwerp.

Ouers moet hul eie liggame en die seksualiteit positief Christelik benader om vir hul kinders die regte leiding te gee.

Die seksonderrig sal verskillend wees in elke stadia van die kind se ontwikkeling. Dit baat niks om antwoorde te gee op vrae wat 'n kind nog nie gevra het nie, dit is ook skadelik om vrae van kinders te ontwyk oor seksuele sake.

Seksuele opvoeding aan die kind begin as hy sy liggaam ontdek as suigeling en sy liggaamsdele betas. Alle gesonde kleuters betas hulle geslagsdele omdat hulle dit aangenaam vind. Dit is normaal. Hieroor moet hulle nie gestraf word nie, maar moet die ouer hulle aandag daarvan aftrek deur aan hulle iets te gee (soos 'n speelding) om hulle hande mee besig te hou. Kinders speel graag en hul aandag word maklik deur 'n speelding in beslag geneem.

Wanneer die kind begin praat en sy liggaamsdele benaam, moet die ouer ook die geslagdele benaam, by die regte naam of iets anders noem. Die kind moet nie bang gemaak word om daarvoor te praat nie.

Van kleinsaf moet die kind bewus gemaak word van die liefde, veral as vader en moeder mekaar soen. Dit leer die kind om die geslagsdaad as 'n uiting van liefde te sien as hy groot word.

Reeds van die vierde jaar af kan kinders geleer word dat dogtertjies groei om eendag mammies te word en seuntjies groei op om eendag pappies te word. Daarom verskil hulle liggaamlik en verskil ook hul kleredrag.

Reeds vanaf die vierde jaar, as die kind dit vra kan hy geleer word dat die baba in die moeder groei en as hy groot genoeg is kom hy deur 'n gangetjie na buite.

Kinders wat vrae vra is ryp genoeg om die eerlike, eenvoudige en duidelike antwoord te ontvang.

Vanaf die vyfde tot die agste jaar is die kind min in seks geïnteresseer. Maar op agtjarige ouderdom is die kind ryp genoeg dat die ouer aan die kind die godsdienstige, die liefde, kultuur familietradisies in verband met die liefde en die huwelik kan oordra.

Op negejarige ouderdom skei seuns en meisies hulle van mekaar af en is daar selfs 'n vyandiggesinde gevoel tussen hulle, waarvoor ouers groot begrip moet hê.

Vrae oor geslagsvoortplanting moet in hierdie stadium van die kind duidelik, saaklik en eerlik verduidelik word. In hierdie stadium moet kinders veral regte voeding ontvang en moet hul persoonlike higiëne aandag kry.

Die kinderjare eindig om en by twaalfjarige ouderdom wanneer die kind die puberteitstadium binnegaan.

Gedurende die puberteitstadium groei die kind besonder vinnig en vind daar vinnig groot liggaamsveranderinge plaas, dan word die dogter 'n vrou en die seun 'n man.

Die proses van seksuele rypwording word gekenmerk deur beide se opvallende liggaamlike veranderinge en psigiese veranderinge.

Die sosiale en emosionele verhoudings verdiep en die kind skud sy afhanklikheid af. Hierdie proses is pynlik vir die kind met sy wisselende humeur en buie en ook vir die ouer wat met Salomo se wysheid en Job se geduld die kind deur die storm- en drangjare moet deurlei.

In die jare ervaar die seun saadverlies en die dogter menstruasie.

Met

Met omsigtigheid moet die ouer die kind leer dat dit die Godgewilde weg is tot volwassenheid en seksuele rypheid om eendag as hulle getroud is kinders in die wêreld te bring. Die wonder van lewe, die wonder van lewe-skepping, die wonder van geboorte, is alles onderworpe wat die ouer hierdie jongmense kan leer, en van leestof voorsien met die nodige illustrasies om hulle tenvolle in te lig oor die seksuele voortplanting van die mens.

In hierdie stadium is dit ook gebiedend noodsaaklik om die kind selfbeheersing te leer, en eerbied en respek vir die eie en die ander se liggaam en waarsku teen oormatige liefkosing.

Nou moet hulle ook geleer word dat seksuele omgang buite die huwelik sonde voor die Here is en dat geslagsgemeenskap voor die huwelik tot baie ellende kan lei as die meisie verwag. Daarby belemmer hulle hulself om eendag met skuldgevoelens hul huwelikslewe te begin.

Plaaskinders en kinders wie se ouers diere en voëls aanhou ontvang op 'n natuurlike wyse geslagsopvoeding, want hulle maak kennis met die geboorte van kalwers, lammers, kuikens en ander dier- en voëlsoorte en huisdiere.

17.3.4.1 SEKSUELE WANPRAKTYKE WAT SKADELIK IS VIR DIE GESINSOPVOEDING

Die liberale opvatting oor seksuele sake wat vandag wyd in omvang is moet aan verskillende oorsake toegeskryf word. Daar word in baie kringe selfs van 'n moderne seksuele revolusie gepraat.

Piper skryf oor die seksuele revolusie soos volg: "There is hardly any other area of life in the Western World that has been so profoundly affected by the recent general upheaval of social political and economic conditions as our evaluation of sex, and yet, strange enough there is no other sphere of social relations in which such radical revolutionary change has been accepted with such ease and so little opposition."¹

1. PIPER O. : a.w. p. 4

Die oorsake vir die seksuele verval skyn moreel en psigologies te wees.

Die moderne afvallige wetenskap het sy bydrae gelewer om die mens los te maak van sy godsdienstige ankers. Dit het gelei tot seksuele vryhede. Piper beskou die emansipasie van die vrou in die 20ste Eeu as 'n bydraende faktor tot seksuele vryhede.¹

Die vrye beskikbaarstelling van voorbehoedmiddels, die pil en ander faktore dra verder by tot 'n vrye seksuele lewe.

Verder is daar nog die propagering van vrye liefde en die humanisties geïnspireerde uitgangspunt: "Ieder mens heeft recht z'n leven te doen leiden door beginselen die hij aanhangt."²

Rinzema sê een van die nuwe gedagtes van die seksuele revolusie is die van 'n rekbare monogamie waarin die buite egtelike geslagsverkeer nie as ontrou beskou word nie.³

Die sogenaamde communes is 'n ander vorm van seksuele losbandigheid wat die gesinslewe aftakel.

Die gesin moet beskerm word teen al hierdie uitwasse van die samelewing. Verbondsoopvoeding in die huisgesin is die sekerste behoud van die huwelik as enigste instelling waar die seksuele lewe geoorloof is en waarin kinders gebore moet word en opgevoed moet word.

Kerk, skool en huisgesin moet hierin mekaar se hande vat om die euwel van seksuele vryheid te beveg tot beskerming van die huisgesin as instelling van God.

Die vrye seksuele omgang het meesal nie gesinsvorming ten doel nie,

1. Ibid p. 4

2. DE VRIES W.G. : HET HUWELIJK IN ERE p. 49

3. Vgl. RINZEMA J. : DE SEXUELE REVOLUTIE, p. 16

daarom word vrylik gebruik gemaak van voorkomingsmiddels.

'n Ander vorm van geboorte beperkings of geboorte voorkoming vind ons in sterilisasie en aborsie.

Sterilisasie is die metode van onvrugbaar making.¹ Sterilisasie kan op die man of die vrou gedoen word.² Sielkundig kan sterilisasie lei tot die afstomping van verantwoordelikeidsbesef en piëteit by die egpaar wat geslagsgemeenskap opeis.

Sterilisasie beveilig nie die gesin algeheel nie. Sterilisasie kan alleen geregverdig word as die gesondheid van die mens op geen ander wyse beskerm kan word nie.

Die mens het 'n aardse roeping en diens om te vervul, en dit mag nie met sterilisasie beëindig word nie. Sterilisasie behoort die heel laaste strooihalmpie te wees waarna gegryp word om geboortes te reël of te beëindig.

Ongeregverdigde sterilisasie is niks anders as 'n skending van die liggaam en die beeld van God, 'n miskenning van hierdie aspek van die roeping en doel van die mens om die wêreld te bevolk en die voorkoming van nuttige mense vir God en Sy wêreld. Ongeregverdigde sterilisasie is 'n moedswillige ingrype van die mens om Godsplan met die mens te dwarsboom.

Aborsie is die opsetlike beëindiging van swangerskap.³ Waar aborsie gedoen word om die lewe van die moeder te red of beskerm is dit te regverdig, maar as dit gedoen word om swangerskap te beëindig omdat die kind onwelkom is, is dit moord, want die ongebore fetus of kind is reeds van ontvangenis af mens.⁴

-
1. Vgl. DROGENDIJK A. a.w. p. 9
 2. Vgl. HONIG C.J. : BRANDENDE VRAAGSTUKKEN DER SEXUELE ETHIEK. GEBOORTE BEPERKING EN STERILISASIE. In Koers in die Krisis III, p. 128
 3. Vgl. CALFF J.P. : MEDISCHE ETHIEK VANDAAG. p. 63
 4. Vgl. BURGERS G.S. : KUNSMATIGE INSEMINASIE BY DIE MENS p. 65
Vgl. ook Ps. 139 : 16 - U oë het my ongevormde klomp gesien dae dat alles bepaal was toe nog geeneen van hulle daar was nie.

met

Met instemming kwoteer ons Lindeboom in die verband: "By de provocatie van een abortus word een jong, kiemend leven vernietigd, een groeiend individu gedood."¹

Aborsie is oortreding van die sesde gebod. Die verbondsgesin is opgevoed om die hele wet van God te gehoorsaam. Ouerskap moet met dankbaarheid aanvaar word en die skep van 'n nuwe lewe as 'n wonder van God wat die gesin in liefde moet aanvaar.²

As die getal kinders in die huisgesin beperk moet word, dan is geboortereëling die plig van die ouers, want ouers moet hul ouerskap met verantwoordelikheid aanvaar. Ouers kan nie 'n onbeperkte getal kinders in die wêreld bring nie. Die getal kinders moet bepaal word deur verskillende faktore soos die gesondheid van die ouers; hul finansiële vermoë, behuising, huislike omstandighede, bestaansmoontlikhede, erflike eienskappe, ouderdom van ouers en die omstandighede waaromder die kinders moet groot word, soos landsomstandighede.

God se soewereine beskikkingsreg oor die getal kinders wat gebore moet word moet erken word.³

Geboortebepersing om gemaksug moet veroordeel word, want dan mis die huwelik sy roeping. Mens mag nie met die huwelik knoei nie en dan nog verwag dit moet stabiel wees nie.

Die Bybel beskou vrugbaarheid en die moontlike voortbring van kinders 'n seën van God.⁴ Ouers kan nie eiemagtig besluit dat 'n kind onwelkom is nie.⁵

-
1. LINDEBOOM G.A. : MEDISCHE ETHIEK p. 3
 2. Vgl. GARDNER R.F.R. : ABORTION p. 124
 3. DE BRUYN P.J. : DIE CHRISTEN EN GEBOORTEREËLING, p. 16, 17
 4. Vgl. Ps. 128 : 3
 5. Vgl. DU PREEZ A.B. : GEBOORTEBEPERKING, p. 10

In biddende

In biddende opsien na bo moet ouers die aantal geboortes, die ouderdomsverskille reël in ooreenstemming met byvoorbeeld hul finansiële vermoë. Hulle kan nie meer kinders hê as waarvoor hulle behoorlik kan sorg nie. Alle faktore moet in ag geneem word. Ouers moet 'n rein gewete voor God hê oor die getal kinders wat hulle het, want hulle moet die kinders met verantwoordlikheid groot maak. Elke kind moet 'n billike kans gegun word om alle voorregte te ontvang wat hom in staat stel om na alle lewenssye opgevoed te word.

Die gesin moet opgevoed word om kuis te leef. Kinders moet die regte gesindheid en houding teenoor die seksuele lewe inneem. Hulle moet eerbied en respek vir lewe hê. Dit sal nie alleen die gesin beskerm teen skande en verdriet nie, maar sal ook die vaste grondslae lê vir die kinders se toekomstige eie huwelik en gesin.

EVALUERING

Die belydende Christelike huisgesin dink religieus in terme van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Dit hou onder andere in dat God in sy alwyse skeppingsorde die mens uniek en as kroon van sy skepping geskape het met die opdrag om Hom in alles te dien en te verheerlik, met name ook in die huwelik en gesin.

In die opvoeding van die belydende Christelike huisgesin moet rekening gehou word met die sondeval wat radikaal ontwrigtend in alles deurge- werk het en wat veral die mens tot 'n totale val vanuit sy hart gebring het.

Rekening moet ook gehou word met Jesus Christus se versoeningswerk wat die volle geskape werklikheid en die totale menselewe versoen het, sodat - die onvolmaakte daarvan ten spyte in hierdie bedeling- die mens God weer in alles sinvol kan gehoorsaam en die afvallige rigting van die hart en lewe omgesit kan word in die religieuse gerigtheid na Hom.

Die ouer moet rekening hou met die herskeppende werk van die Heilige Gees in die hart van die kind wat hom in staat stel om God te ken, Hom lief te he en gehoorsaam te wees.

Die Drie-enige God het Hom in sy Woord geopenbaar. In sy Woord het HY openbaar dat HY die mens geskape het na sy beeld; dat Hy die mens man en vrou geskape het, na sy beeld; dat Hy die huwelik ingestel het; dat Hy bepaal het dat die huwelik die plek is waarin mense gebore moet word; dat die huisgesin die eerste en primêre opvoedingsinstelling is; dat ouers hul kinders 'n volledige verbondsoopvoeding moet gee; dat kinders hul ouers gehoorsaam moet wees. Opvoeding uit die Bybel is vir die Christenouer vanselfsprekend - daarin vind ons Gods wet en norm vir die hele lewe.

God

God het vir die ouer die toerusting gegee om die kind op te voed en God het die kind so geskape dat hy opgevoed kan en wil word.

Om die volle samehang en konstellasië waarbinne die gesin opereer in perspektief te sien moet 'n mens uiteraard gebruik maak van die kosmologiese onderskeidings wat die Christelike wysbegeerte ons bied, om sodoende die wetskringe of lewensaspekte en die individualiteitsstrukture waaronder die samelewingsverbande, duidelik te onderskei en tipeer.

Wat die vyftien werklikheidsaspekte of wetskringe betref, is dit vir die doel van ons tema belangrik om te wys op die ontsluitende betekenis van die geloofsaspek, genormeer deur die geopenbaarde inhoud van Gods Woord as dit Christelik ontsluit is. Dit het radikale betekenis vir al die aspekte van die Christelike gesinslewe en die opvoeding daarbinne.

Onder die samelewingstrukture soos deur God ingestel en ook histories gevorm onder sy voorsienigheid in die beskawingsontwikkeling, neem die huisgesin 'n unieke strategiese posisie in. Dit word onder andere deur alle verantwoordelike kultuurfilosowe en opvoedkundiges beklemtoon.

Om die gesin egter korrek te evalueer moet die Christelike antropologie deeglik verwerk word, want dis die ouers as mense wat kinders as mense binne die gesin opvoed.

Dis die gesin wat "mense lewer" vir die ander samelewingsverbande soos kerk, skool, staat, maatskappy en so meer. Hierdie mens wat opvoed en opgevoed word is 'n eenheid van liggaam en siel. Die mens is ook nie net 'n religieuse- of net sedelike- of net redelike- of net liggaamlike wese nie. Die mens is al die lewensaspekte eweveel gelyktydig. Die hele mens in al sy lewensaspekte moet opgevoed word.

Vanweë die intieme vervlegting van huwelik en gesin is dit onvermydelik om aan die huwelik ook besondere aandag te skenk. Dis immers die suksesvolle Christelike huwelik wat tot die positief Christelike ontslote gesin ontsluit, en binne die gesin is die ouers as gesagsdraers nog 'n huwelikspaar.

Die

Die huisgesin is 'n liefdesgemeenskap tussen ouers en kinders waarin die gesagsleiding van die ouer in liefde die gesinsdisipline handhaaf. Die ouers se gesag is van God gegee. Hierdie gesag moet in liefde uitgeoefen word. Die gesag in die huwelik en gesin moet deur die struktuurwet gestempel word en wel onder leiding van die liefde, as gesag in liefde uitgeoefen.

Die Christelike opvoeding is geen neutrale opvoeding nie, want Gods opdrag tot opvoeding is vir spesifiek verbondsoopvoeding. Geen opdrag tot opvoeding is 'n opdrag tot gehoorsaamheid aan al die norme van God vir die hele lewe. Daar kan geen neutrale opvoeding wees nie, want alle opvoeding is net vir of teen God.

Christelike opvoeding beteken opvoeding tot geloof in God Drie-enig sodat Hy beslag kan neem van die kinderhart om vanuit die hart, sy hele lewe te rig en sy lewenskoers bepaal.

Vanuit die gelowige hart word al die uitgange van sy lewe ontsluit om in Gods diens te staan tot sy eer. Dit beteken dat die liefdesgebod sy stempel op die kind gelaat het om God, sy Skepper lief te hê; om die naaste lief te hê (van wie sy ouers sy heel naaste is); om die aarde met wat daarop is lief te hê, want hy is uit die aarde geformeer, hy leef en werk daarop en daarmee.

Die doel van die Christelike opvoeding in die huisgesin is om die kind so op te voed dat hy/sy 'n Christelike, verantwoordelike, ontslote volwassene in elkeen van die vyftien lewensaspekte sal wees. Dit beteken dus dat die kind:

1. In die geloofsaspek tot geloof in God Drie-enig tot belydende lidmaat van sy kerk opgevoed word sodat hy later sy eie huwelik en gesin in die ampte van koning, priester en profeet, in verbondsgehoorsaamheid kan opvoed, op so 'n wyse dat die liefdesnorm gehandhaaf word.

Vanuit die gelowige hart moet sy gesinslede se harte ontsluit word om die Here in al die lewensaspekte te dien en te eer.

2. In die

2. In die sedelike- liefdesaspek opgevoed word tot 'n verantwoordelike sedelike volwassene, wat volgens Gods liefdeswet, as norm leef in sy verhouding tot God sy Skepper, tot die naaste (van wie sy ouers, sy vrou, en sy kinders sy heel naaste is) en tot die aarde waaruit hy geformeer is, en met alles daarop, waarmee hy moet saamleef en waartoe hy 'n kultuuroopdrag ontvang het; dat hy eendag sy eie huwelik en gesin volgens die sedelike- liefdesnorm instand sal hou;
3. In die juridiese aspek opgevoed word tot 'n gehoorsame, verantwoordelike volwasse gesagsdraer volgens Gods norme daarvoor neergelê, sodat hy 'n patriotiese landsburger kan wees wat alle gesag oor hom eerbieding as verleende van God wat eendag as gesagsdraer in die eie huwelik en gesin, die gesag onder leiding van die liefde regverdig sal uitoefen;
4. In die estetiese aspek opgevoed word tot 'n verantwoordelik volwassene in wie al die lewensaspekte in harmonie, verenig is; wat die skoonheid van God in sy Woord en skepping kan raaksien en waardeer; wat eendag in sy eie huwelik die twee-eenheidsgemeenskap bewaar sowel as die harmonie in die gesin as liefdesgemeenskap volgens die normatiewe lewenswet;
5. In die ekonomiese aspek opgevoed word tot 'n Christelike, volwasse, verantwoordelike, spaarsame mens wat uit liefde vir sy huwelik en gesin harde en eerlike arbeid lewer, sodat hy genoeg kan verdien om aan sy huwelik en gesin ekonomiese sekuriteit en geborgenheid te kan verleen. Verder moet die gesin genoeg besit om die gasvryheid en die liefdadigheid te kan beoefen en boonop ook nog geloofsgeld vir die kerk te besit en vir alle werk in Gods koninkryk.
6. In die sosiale aspek opgevoed word tot 'n Christelike, verantwoordelike en volwasse sosiale mens wat goed aangepas in sy gemeenskap met ander mense omgaan, onder leiding van die liefdesgebod; wat later in sy eie huwelik en gesinsbetrekkings die liefdesomgang handhaaf;

7. In die

7. In die taalaspek opgevoed is tot 'n verantwoordelike, volwasse, Christelike taalgebruiker wat sy moedertaal veral, doeltreffend beheer en wat die norme van God in die gebruik van taal in sy veelvuldige vorms eerbiedig; wat eendag in sy eie huwelik en gesin 'n eie liefdestaal spreek, wat so eie is aan die intieme twee-eenheid en liefdesgemeenskap:
8. In die kultuur-historiese aspek opgevoed word tot 'n verantwoorde-
like, volwasse en beheersende beskaafde Christenmens, wat vir sy vormende kultuurtaak behoorlik toegerus is volgens aanleg en vermoë; wat eendag sy gesin se totale lewensstyl (interne beskawing, gebruike en gewoontes - steeds onder leiding van die liefde) in beskawingsontwikkeling kan uitbou, en so gedurig besig wees met interne opvoedingswerk, dus met histories-vormende kultuurwerk:
9. In die logiese aspek opgevoed word tot 'n volwasse, selfstandige, ontslote logiese Christendenker, want daar is geen normatiewe lewensaktiwiteit sonder logiese fundering nie. In sy latere gesin moet die ouer onder leiding van die Christelike geloof, die gesinsdenke kan uitlei tot denkontsluiting.
10. In die psigiese aspek opgevoed word tot 'n geestelike volwassene wat volle beheer oor sy gevoelslewe het en wat later die eenheid van sy gesin se gevoelslewe, sal help ontsluit onder leiding van die liefde.
11. In die biologiese aspek opgevoed word tot 'n liggaamlike volwasse en gesonde mens, wat, as hy biologies volgroeid en volwassenheid bereik het, met verantwoordelikheid 'n eie huwelik kan aangaan en 'n gesin kan hê:
12. In die fisiese aspek opgevoed word tot 'n liggaamlike sterk mens wat volle beheer oor sy liggaamlike vermoëns het en wat eendag sy gesin tot 'n steeds sterkerwordende innerlike solidêre lewens-eenheid kan opvoed teen alle destruktiewe faktore wat die huwelik en gesin mag bedreig:

13. In die

13. In die ruimtelike aspek opgevoed word tot 'n verantwoordelike volwassene wat sy lewensruimte (sy plek in die lewe) met verantwoordelikheid tot eer van God kan vul; en wat eendag sy gesin so sal opvoed om as gesin hul plek in die samelewing en om alle terreine waartoe hulle instaat is te dien.
14. In die getalsaspek opgevoed word tot 'n selfstandige, volwasse, Christen gelowige mens wat sy persoonlike verantwoordelikhede teenoor sy gesin, kerk, staat en samelewing sal nakom; wat die twee-eenheidsgemeenskap van sy eie huwelik en die van ander sal eerbiedig.

Hierdie lewenswye opvoeding kan tereg een van die mens se sentrale opdragte van God beskou word.

Dis dan juis binne die gesin wat gebind word deur die genetiese bloedband en gelei en gestempel deur die liefde dat 'n besondere sensitiewe klimaat en moontlikhede bestaan vir die verbondsopvoeding.

Dit plaas 'n besondere groot verantwoordelikheid aan die ouers om dit nie net in Skriftuurlike sin te doen nie, maar gelei deur juis die liefdesnorm, wat die hele opvoedingstoon van die gesin behoort te kwalifiseer.

So word binne die gesinsopvoeding in Christelik-religieuse sin die grondslag gelê vir die gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine.

Die huisgesin het in sy opvoedingstaak die onontbeerlike hulp en samewerking van die skool en die kerk nodig.

Die skool moet in die lyn van die gesins se lewens- en wereldbeskouing akademiese onderrig aan die kind verskaf, ook op sekondêre en tersiêre vlak, en die kerk moet die ouer behulpsaam wees met die kind se geestelike vorming.

Die kerk

Die kerk en die staat is van huisgesinne afhanklik. Dit is vir die kerk en die staat belangrik dat huisgesinne aan hul eie norm en struktuurwet getrou sal bly.

Die ideaal van Christelike nasionale opvoeding en onderwys moet vir die Christenouer, die Christelike kerk en die Christelike skool steeds wesenlik bly.

BYBLOGRAFIE

- AALDERS G. CH. HET VERBOND GODS
Kok, Kampen 1939
- AALDERS W. J. HANDBOEK DER ETHIEK
2de Druk, Amsterdam 1947
- AENDORFF R. ALKOHOL - WAT DIT IS EN WAT
DIT DOEN.
2de Druk, Fisher & Seuns, Paarl 1964
- AFRIKAANSE BYBELKON-
KORDANSIE Van Schaik, Pretoria 1970
- ALBERTYN J.R. e.a. KERK EN STAD
Pro-Ecclesia Boekhandel, Stellenbosch 1947
- ALBRIGHT W.F. FROM THE STONE AGE TO CHRISTIANITY
2de Uitgawe, Doubleday & Co.
New York 1946
- ANSHEN R.N. THE FAMILY; ITS FUNCTION AND DESTINY
Harper & Brothers, New York 1949
- BAL C. e.a. ASPECTEN VAN DE KLEUTEROPVOEDING
Wolters, Groningen, 2de Druk 1966
- BAVINCK H. DE OFFERANDE DES LOFS (s.a.)
16de Druk, 1916
- DE OPVEEDING DER RIJPERE JEUGD
1916
- DE ZEKERHEID DES GELOOFS
4de Druk, 1932
- GEREFORMEERDE DOGMATIEK
Dele 1 - 4, 4de Druk 1928
- HET CHRISTELIJK HUISGEZIN 1908
- MAGNALIA DEI
2de Druk 1931
- PAEDAGOGISCHE BEGINSELEN
3de Druk 1928
- KOK, KAMPEN
- BAVINCK J.H. INLEIDING IN DE ZIELKUNDE
Kok, Kampen 1926
- BAVINCK J.H. e.a. HET GELOOF EN ZIJN MOEILIKHEDEN
Zomer & Keunings, Wageningen, (s.a.)

- BAVINCK J.H. e.a. DE HEILIGE GEEST
Kok, Kampen 1949
- BERGER P.L. e.a. SOCIOLOGY
Basic Books Publishers, New York, 1972
- BERKOUWER G.C. DOGMATISCHE STUDIEN
- GELOOF EN HEILIGING 1949
GELOOF EN RECHTVAARDIGING 1949
GELOOF EN VOLHARDING 1949
DIE ALGEMENE OPEBARING 1951
DE PERSOON VAN CHRISTUS 1952
HET WERK VAN CHRISTUS 1953
DE MENS HET BEELD GODS 1957
- DE ZONDE; 1. OORSPRONG EN KENNIS
VAN DER ZONDE 1958
11. WEZEN EN VERBREIDING
DER ZONDE 1960
- CONFLICT MET ROME
2de Druk 1949
KOK, KAMPEN
- BIANCHI H. ETHIEK VAN HET STRAFFEN
Callenbach, Nijkerk 1965
- BIERKENS P.B. INLEIDING TOT DE ONTWIKKELINGS-
PSYCHOLOGIE EN KARAKTERKUNDE
Malmberg's - Hertogenbosch
14de Druk 1967
- BIGELOW H. FAMILY FINANCE
Lippinot, Chicago 1936
- BIJL J. EN VLIEGENHART W.E. HET KIND
Wolters, Groningen
15de Druk, 1967
- BIJLSMA R. KLEINE CATECHETIEK
Callenbach, Nijkerk 1962
- BINGLE H.J.J. DIE GODSDIENSTIGE LEIDING VAN
DIE VOORSKOOLSE KIND
NEL B.F. Kinderopvoeding reeks No. 2
P.U. vir C.H.O. Potchefstroom, 1948
- BIRLEY D. EN DUFTON A. AN EQUAL CHANCE. EQUALITIES AND
INEQUALITIES OF EDUCATIONAL OPPOR-
TUNITY
Rouledge & Kegan Paul, London, 1971

- BLIGNAULT A.P. DIE OPVOEDING VAN DIE HELE KIND
Volkspers, Kaapstad 1943
- BOGARDUS E.S. SOCIOLOGY
The MacMillan Co., New York 1955
- BOSSARD EN BOLL H.S. FAMILY SITUATIONS
University of Pennsylvania Press
Philadelphia 1943
- BOUMA C. EEN INSETTING GODS. EEN WOORD TEN
GELEIDE VAN HET CHRISTELIJKE HUWELIJK
Littooij - Terneuzen (s.a)
- BOUMAN A. EN HOMMES N.J. MAN EN VADER. EEN BOEK OVER DE MAN,
ZIJN LEVEN EN ZIJN SPECIALE MOEILIKHEDEN
La riviere & Voorhoeve, Zwolle, 1953
- BOUWMAN H. GEREFORMEERDE KERKRECHT I 1928
GEREFORMEERDE KERKRECHT II 1934
Kok Kampen
- BREMBECK C.S. SOCIAL FOUNDATIONS OF EDUCATION.
John Wiley, New York, London, Sydney
April 1967
- BRINK H.E. MENSLIKE FISIOLOGIE,
DELE 1. HERSIENE UITGAWE 1960
DELE 2. HERSIENE UITGAWE 1957
Universiteit Uitgewers, Stellenbosch
en Grahamstad
- BUTLER J.D. RELIGIOUS EDUCATION
MacMillan, New York 1937
- CALFF J.P. MEDISCHE ETHIEK VANDAAG
Elsevier, Amsterdam, Brussel 1969
- CALVYN J. INSTITUSIE, DELE 1, 2, 3.
Vertaal deur Sizoo A. 2de Druk
Sacum Bloemfontein 1949
- CHRISTENSON L. THE CHRISTIAN FAMILY
Bethany Fellowship, Minneapolis,
Minnisota 1970
- CILLIERS S.P. GESONDE GESINSBOU, RIGLYNE VIR
DIE GESINSLEWE IN DIE HEDENDAAGSE
SAMELEWING.
Universiteits Uitgewers, Stellenbosch, 1960
- COETZEE J.C. DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL EN DIE
ONDERWYS IN TRANSVAAL, 1859 - 1937
Potchefstroom 1939
- DIE MODERNE OPVOEDING
Van Schaik, Pretoria 1939

- DIE MODERNE OPVOEDING. 'n HISTORIESE
KRITIESE STUDIE
Van Schaik, Pretoria 1939
- INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE
OPVOEDKUNDE.
3de Druk, Van Schaik, Pretoria. 1960
- INLEIDING TOT DIE HISTORIESE OPVOEDKUNDE
2de Druk, Johannesburg 1958
- COOKE M.V. HANDLEIDING VIR DIE HUISHOUDKUNDE
LEERLINGE
Maskew Miller Bpk, Kaapstad (s.a.)
- COUVÉE D.J. MET JEZUZ OP DEN BERG.
Kok Kampen 1941
- CRONJE G. KINDERS SONDER SORG
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad,
Pretoria 1959
- KRIMPENDE KINDERTAL
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad,
Pretoria 1958
- MENS TOT MEDEMENS
H.A.U.M. Kaapstad, Pretoria 1958
- VROUE EN MOEDERS WAT WERK
- DAVIES R.E. AN APPROACH TO CHRISTIAN EDUCATION
Epworth Press, London 1957
- DE BONDT A. DAEMONISCHE INVLOEDEN IN ONS LEVEN
Voorhoeve - Den Haag Ongedateer
- DE BRUYN P.J. DIE CHRISTEN EN GEBOORTEREELING
Pro Rege-Pers, Potchefstroom, Ongedateer
- KUISHEID VOOR DIE HUWELIK
Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1971
- DE GRAAF S.G. VERBONDSGESCHIEDENIS, DELE I EN II.
Kok Kampen, 3de Druk 1952
- DE GRAAF S..G. e.a. GODS WOORD IN HET STUDENTENLEVEN
Daamen's 's Gravenhage 1941
- DE HARTOG A.H. MODERNE HEIDENDOM
Kok Kampen 1935
- DE KLERK J.J. KERKLIKE DIENSWERK
Sacum, Bloemfontein 1974
- DELLEMAN T.H. EN
HIJMANS A. HUWELIJKSBOEK
De Graafscap - Aalten
4de Druk 1946

- DENGERINK J.D. CRITISCH-HISTORISCH ONDERZOEK NAAR
DE SOCIOLOGISCHE ONTWIKKELING VAN HET
BEGINSEL DER SOUVEREINITEIT IN EIGEN
KRING IN DE 19de EN 20e EEUW
Kok Kampen 1948
- DE RU G. DE VERLEIDING DER REVOLUTIE
Kok Kampen, 2de Druk, (s.a.)
- DE SPIEGEL-DOMINEE IK WIL EENS MET U PRATEN
Zomer en Keuning, Wageningen, (s.a.)
- DE VAUX R. ANCIENT ISRAEL, IT'S LIFE AND INSTITUTIONS
2de Druk 1968
- DE VRJES W.G. HET HUWELIJK IN ERE.
De Vuurbraak, Groningen 1970
- DEWEY J. DEMOCRACY AND EDUCATION.
MacMillan, New York 1937
- DIE KERKBOEK VAN DIE N.G. KERK
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, 1976
- DIE KERKORDE VAN DIE N.G. KERK MET AANVULLENDE BEPALINGE,
REGLEMENTE EN BESLUITE VAN DIE SINODE VAN SUID TRANSVAAL - 1975
- DIEMER E. e.a WYSBEGEERTE EN LEVENSPRACTYK
Kok Kampen 1948
- DIJK K. DE DIENST DER KERK 1952
DIENST AAN DE KERKJEUGD 1954
Kok Kampen
- DOBSON J. DARE TO DISCIPLINE
Kings Publishers Eastborne 1978
THE STRONGWILLED CHILD
Tynedale House Publishers, Wheaton,
Illinois 1978
- DOOYEWEERD H. A NEW CRITIQUE OF THEORETICAL THOUGHT.
DELE 1 EN 2.
Paris - Amsterdam.
The Presbyterian and Reformed Publishing
Co. Philadelphia U.S.A. 1955
DE WIJSBEGEERTE DER WETSIDEE, 3 DELE
Paris - Amsterdam 1936
IN THE TWILIGHT OF WESTERN THOUGHT
The Craig Press, Nutley, New Jersey, 1965

VERKENNINGEN IN DE WYSBEGEERTE, DE
SOCIOLOGIE EN DE RECHTSGESCHIEDENIS.
CHRISTELIKE PERSPEKTIEF I
Buijten & Schipperscheijn, Amsterdam, 1962

VERNIEUWING EN BEZINNING. OM HET REFORMA-
TORISCH GRONDMOTIEF.
Van Den Brink, Zutphen, 2de Druk, 1963

WAT IS DIE MENS?
In afrikaans vertaal deur H.J. Strauss
Sacum, Bloemfontein 1969

DROGENDIJK A.

MAN EN VROUW
Kok Kampen 1948

DUNN J.G.

GOD IS FOR THE ALCOHOLIC
Moody Press, Chicago 1974

DU PLESSIS G.J.

DIE KIND IN DIE MIDDEL
C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1942

DU PLESSIS P.J.J.

PEDAGOGIEK AS WETENSKAP EN SOSIAAL-
PEDAGOGIESE TAAK TEENoor ONDERWYS-
VERNUEWING.
Van Schaik, Pretoria 1957

DU TOIT D.A.

LOTERY, ARBEID EN GELOOF
N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1977

DU TOIT H.D.A.

VIER EEUE VAN TROOS
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad,
Pretoria 1963

DU TOIT J.B. e.a.

AFWYKENDE GEDRAG. 'n STUDIE VAN ENKELE
MAATSKAPLIKE PROBLEME.
N.A.S.O.U. BPK 1965

DUYVENE DE WIT J.J.

DIE EVOLUSIONISME
Sacum Bpk, Bloemfontein (s.a.)

ELLIOT J. EN PRING R.

SOCIAL EDUCATION AND SOCIAL UNDER-
STANDING.
University of London Pres 1975

ELOFF S.J.

DIE GEWETENSKLOUSULE
Sondagskoolboekhandel, Bloemfontein, 1978

HUISGESIN, SKOOL, KERK IN GESPREK OOR
HULLE GESAMENTLIKE TAAK IN DIE CHRISTELIKE
OPVOEDING VAN ONS VERBONDSKINDERS.
Uitgegees deur die A.J.K. van die N.G. Kerk
(s.a.)

ELVIN H.L.

EDUCATION AND CONTEMPORARY SOCIETY
Watts, London 1965

- ERASMUS D.F. VERLOWING EN HUWELIK
Sacum, Bloemfontein, 2de Druk, (s.a.)
- FEENSTRA J.G. ONZE GELOOFSBELIJDENIS
Kok Kampen 1947
- FEIBLEMAN J.K. THE INSTITUTIONS OF SOCIETY
George Allen & Urwin Ltd, London, 1956
- FLEMMING H.C.J. DIE GELUKKIGE MAN EN VROU.
Sondagskoolboekhandel, Bloemfontein, (s.a.)
- MOOI MANIERE EN GOEIE GEDRAG
N.G. Sendingspers, Bloemfontein, 1965
- VOED HULLE OP
Bloemfontein 1966
- FOLSOM J.K. THE FAMILY AND DEMOCRATIC SOCIETY
John Wiley, London 1942
- FORMULIERBOEK VAN DIE N.G. KERK VAN SUID-AFRIKA
N.G. Kerk Uitgewers, Pretoria, 1969
- FOX C. EDUCATIONAL PSYCHOLOGY. IT'S PROBLEMS
AND METHODS.
Kegan Paul, London, Harcourt, New York, 1925
- FRANKL V.E. MEDISCHE ZIELZORG
Bijleveld - Utrecht 1959
- FREEMAN J.M. MANNERS AND CUSTOMS OF THE BIBLE
Logos International, Plain Field,
New Jersey 1972
- GARDNER R.F.R. ABORTION. THE PERSONAL DILEMMA. A
CHRISTIAN GYNAECOLOGIST EXAMINES MEDICAL,
SOCIAL AND SPIRITUAL ISSUES.
Paternoster Press. Exeter, 1972
- GEESINK W. GEREFORMEERDE ETHIEK, DELE 1. EN 2.
Kok Kampen 1932
- GISPEN W.H. WET EN GENADE
Höveker en Wormser, Amsterdam, (s.a.)
- GOODSELL W. A HISTORY OF THE FAMILY AS A SOCIAL AND
EDUCATIONAL INSTITUTION.
Macmillan, New York 1919
- GRESSE D.A. SOSIO PEDAGOGIESE VERKENNING
Juta Kaapstad, 1970

- HIJMANS A. HET GEZONDE HUWELIJK
Kok Kampen 1960
- HOEKSTRA D. EN DE GRAAFF A.H. CONTRASTING CHRISTIAN APPROACHES TO
TEACHING RELIGION AND BIBLICAL STUDIES.
A Calvin College Monograph. Grand Rapids,
Michigan, 1973
- HOFFMAN P.A.E. INLEIDING TOT DIE SOSIO-PEDAGOGIEK
Sacum, Bloemfontein 1978
- HOLWERDA B. DE DINGEN DIE ONS VAN GOD GESCHONKEN
ZIJN, DEEL 1 EN 2. CATECHISMUSPREDICATIËN.
Oosterbaan en Le Cointre, Goes, 1953
- HOMMES H.J. VAN EIKEMA DE ELEMENTAIRE GRONDBEGRIPPEN DER
RECHTSWETENSCHAP.
Kluwer, Deventer 1972
- HOMMES N.J. DE VROUW IN DE KERK
Wever, Franeker 1951
- HONIG A.G. HANDBOEK VAN DE GEREFORMEERDE DOGMATIEK
Kok Kampen 1938
- HOORWEG L. ONS GEZINSLEVEN
Kok Kampen 1950
- HUGO G.F. DE VOS REGSWETENSKAPLIKE VORMING
Sacum, Bloemfontein, 31 Julie 1970
- IRVING R.G., ZUCK R.B. YOUTH AND THE CHURCH
Moody Press, Chicago 1977
- JAARSMA C. FUNDAMENTALS IN CHRISTIAN EDUCATION,
THEORY AND PRACTICE.
Eerdmans, Grand Rapids, Michigan, 1953
- JAGER H.J. KERNWOORDEN VAN HET NIEUWE TESTAMENT
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1968
- JANSE DE JONGE A.L. ANTHROPOLOGIE EN GEESTELIJKE VOLKS-
GEZONDHEID.
Kok Kampen 1959
- JANSON M. BEWAAR JOU HUWELIK
N.G. Kerk Uitgewers, Pretoria, (s a.)
- JONKER W.D. EN AS JOU BROEDER SONDIG. ENKELE ASPEKTE
VAN DIE KERKLIKE TUG.
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad, (s.a.)
- DIE WOORD AS OPDRAG
N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1976

- KALSBECK L. DE WIJSBEGERTE DER WETSIDEE.
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970
- EEN SCHOOL MET OF ZONDER BIJBEL
Kok Kampen 1977
- KAY W. MORAL EDUCATION. A SOCIOLOGICAL STUDY
OF THE INFLUENCE OF SOCIETY, HOME AND
SCHOOL.
George Allen & Urwin Ltd, London, (s.a.)
- KEET B.B. ONS REDELIKE GODSDIENS
C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1945
- SEDELIKE VRAAGSTUKKE
S.A. Bybelvereniging, Kaapstad, 1945
- KESLER J. TO BIG TO SPANK. PRACTICAL HELP FOR
PARENTS OF TEENAGERS.
G. & L. PUBLICATIONS, GLENDALE,
California U.S.A.
- KIRKPATRICK C. THE FAMILY, AS PROCESS AND INSTITUTION.
Ronald Press, New York 1963
- KNAP J.J. KUISCHHEID
Kok Kampen (s.a.)
- KNELLER G.F. EDUCATIONAL ANTHROPOLOGY: AN INTRODUCTION
Wiley, New York, London 1965
- KOCK P. DE B. CHRISTELIKE WYSBEGERTE
Sacum, Bloemfontein 1970
- CHRISTELIKE WYSBEGERTE. INLEIDING
Sacum, Bloemfontein 1975
- CHRISTELIKE WYSBEGERTE. STANDPUNTE EN
PROBLEME I
Sacum, Bloemfontein, 1973
- KÖNIG A. SONDAG, DAG VAN DIE HERE
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad
Pretoria 1963
- KONIJN S. ECHT VERBONDEN, EEN GELOVIGE VERKENNING
VAN HET HUWELIJK.
Gooi en Sticht, Hilversum 1974
- KOOLE J.L. DE ZIN DER LITURGIE
Bakker, Amsterdam 1946
- KOTZE D.J. KOMMUNISME VANDAG.
Tafelberg, Kaapstad 1977

- KRAAN E.D. SCHULDBESEF
Kok Kampen (s.a.)
- KRAAN G. e.a. MOEDER, ZEG MEE EENS ... ANTWOORDEN
OP MEISJESVRAGEN.
Kok Kampen 1952
- KROEZE J.H. BYBEL EN SEKS
De Jong, Braamfontein 1970
- KUYPER A. ANTIREVOLUTIONAIRE STAATKUNDE I
DE BEGINSELEN
Kok Kampen 1917
- DE GEMEENE GRATIE, DEEL III
Kok Kampen (s.a.)
- MEDITATIEN - VOLKSUITGAWE
Kok Kampen (s.a.)
- NABIJ GOD TE ZIJN. MEDITATIEN.
DEEL I.
Kok Kampen 1908
- KUYPER H.H. HAMABDIL. VAN DE HEILIGHEID VAN HET
GENADEVERBOND.
Van Bottenburg, Amsterdam 1907
- LANDMAN W.A. e.a. KIND EN GODSDIENS
N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1975
- LANDMAN W.A. LEESBOEK VIR DIE CHRISTENOPVOEDER.
N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1974
- LASLETT P. EN WALL R. HOUSEHOLD AND FAMILY IN PAST TIME.
University Press, Cambridge 1972
- LASWELL M.E. EN T.E. LOVE, MARRIAGE, FAMILY. A DEVELOP-
MENTAL APPROACH.
Scott, Foresman & Co. Glenview, Illinois,
Brighton, England 1973
- LINDEBOOM G.A. VRIJERE VRUCHTAFDRYVING?
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1970
- LLOYD-JONES M.D. AUTHORITY
Intervarsity Fellowship, London, (s.a.)
- MALAN D.J. 'nKRITIESE STUDIE VAN DIE WYSBEGEERTE
VAN STOKER H.G. VANUIT DIE STANDPUNT VAN
DOOYEWEERD H.
Buijten & Schipperheijn, Amsterdam, 1968
- MALAN G. DIE KOMMUNISME ONTMASKER. WAT IS
KOMMUNISME. III
Christosentro, Roosevelt park, 1977

- MALAN J. HUWELIKSGELUK
N.G.Kerk Boekhandel, Pretoria, (s.a.)
- MARAIS E.J. PASTORALE SORG AAN DIE MENS IN DIE BEDRYF
Christelike Uitgewersmaatskappy
Roodepoort (s.a.)
- MARIS J.C. VAN HET DOOPVONT TOT DE BONSDIS.
NO. 5 UITGAWE VAN H. JANSSEN-FONDS,
Amsterdam, Julie 1949,
- MASSIALAS B.G. EDUCATION AND THE POLITICAL SYSTEM.
Addison-Wesley Publishers Co., Menlo
Park - California, London 1969
- McCARTHY D.J. OLD TESTAMENT COVENANT. A SURVEY OF
CURRENT OPINIONS.
Blackwell, Oxford 1973
- MEIJER W. LEVEN MET CHRISTUS IN HET GEZIN.
De Vuurbaak, Groningen, 7 Junie 1973
- MEIMA G. DE HAARDVUREN BRANDENDE. SCHETSEN OVER
DE OPVOEDING IN HUIS.
Kok Kampen 1928
- GEZINSLEVEN, IN ZIJN WAARDE VOOR OPVOEDING.
Kok Kampen 1933
- MEYER P.J. DIE GEESTESKRISSES VAN DIE WESTE
S.A.U.K. Publikasie, JOHANNESBURG
- MOW A.B. LEEF MY KIND?
Varia Boeke, Alberton, TVL 1963
- MURDOCK G.P. SOCIAL STRUCTURE
MacMillan, New York 1949
- MURRAY H. THE CHILDREN FOR CHRIST
Moody Press, Chicago 1968
- NEL B.F. DIE OPVOEDING VAN DIE KLEUTER -
GESPREKKE MET OUERS.
Voortrekkerpers 1966
- FONDAMENTELE ORIËTERING IN DIE
PSIGOLOGIESE PEDAGOGIEK, I.
Universiteit Uitgewers - Stellenbosch, 1968
- 'n MODERN-PEDAGOGIESE BENADERING VAN
JEUGPROBLEME.
Besteladres: Posbus 100, AMSTERDAM. 1961
- PEDAGOGIESE VERWAARLOSING
Universiteit, Pretoria 1966

- NEL B.F. e.a. GRONDSLAE VAN DIE PSIGOLOGIE.
Universiteits Uitgewers, Stellenbosch,
Grahamstad 1965
- NEPGEN C.C. DIE SOSIALE GEWETE VAN DIE AFRIKAANS-
SPREKENDE.
C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1938
- NIJKAMP W.M. DE KLEUTER IN DE GEMEENSCHAP.
Wolters, Groningen, 7de Druk, 1968
- NILSON L. e.a. DIE WONDER VAN DIE LEWE.
Human & Rossouw, Kaapstad, Pretoria, 1972
- OLTHUIS J.H. I PLEDGE YOU MY TROTH.
Harper & Row, New York, London, 1975
- OTTAWAY A.K.C. EDUCATION AND SOCIETY. AN INTRODUCTION
TO THE SOCIOLOGY OF EDUCATION.
Routledge & Kegan Paul, New York, 1962
- OVERDUIN J. DIE EVANGELIE VANDAG
Pro Rege-Pers, Potchefstroom, 1956
- HET KINDERGEBED.
Kok Kampen (s.a.)
- DIE KINDERGEBED.
In Afrikaans vertaal deur Buys P.W.
Pro Rege, Potchefstroom 1956
- PENQUIN N. DE PEDAGOGISCHE VERANTWOORDELIJKHEID
VAN DE SAMENLEVING.
Romen & Zonen, Roermond 1966
- PETERS R. AUTHORITY, RESPONSIBILITY AND EDUCATION.
George Allen & Unwin, London, 1963
- PETERS C.C. FOUNDATIONS OF EDUCATIONAL SOCIOLOGY.
MacMillan, New York 1930
- PETERS R.S. THE CONCEPT OF EDUCATION.
Routledge & Kegan Paul, New York, 1970
- PETERSEN J.A. e.a. FOR FAMILIES ONLY. ANSWERING THE TOUGH
QUESTIONS PARENTS ASK.
Tyndale House, Wheaton, Illinois, 1977
- PHILIPS M. A CHRISTIAN FAMILY IN ACTION.
Bethany Fellowship, Minneapolis,
Minnesota 1977
- PIPER O. THE BIBLICAL VIEW OF SEX AND MARRIAGE.
James Nisbett, Digswell Place, 1960

- PISTORIUS P. GISTER EN VANDAG IN DIE OPVOEDING
Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1971
- POPMA K.J. CALVINISTISCHE GESCHIEDENISBESCHOUWING.
Wever, Franeker 1945
- INLEIDING IN DIE WYSBEGEERTE
Kok Kampen 1956
- PORNOGRAPHY THE LONG FORD REPORT
Hodder Paperbacks, London 1972
- POTGIETER F.J. GODSDIENS IN DIE WORDING VAN DIE KIND.
H & R Academica, Pretoria, Kaapstad, 1970
- POUNDS R.L. EN GARRETSON R.L. PRINCIPLES OF MODERN EDUCATION.
MacMillan, New York 1962
- PRETORIUS J.W.M. KINDERLIKE BELEWING.
Perskor, Johannesburg, 3de Uitgawe,
1e druk 1972
- PRINS S.J. DIE ALKOHOLIS. 'n PASTORAAL PSIGOLOGIESE
BENADERING.
Van Schaik, Pretoria 1973
- PULLUS J.A. DE ONTWIKKELING VAN DE KLEUTER II
Malmberg, Hertogenbosch, (s.a.)
- RAYNER C. FAMILY FEELINGS
Arrow Books Ltd. Johannesburg, 1977
- RICHMOND M.E. SOCIAL DIAGNOSIS
Sage Foundation. New York 1917
- RIDDERBOS H. DE KOMST VAN HET KONINKRYK.
Kok Kampen 1950
- PAULUS, ONTWERP VAN ZIJN THEOLOGIE
Kok Kampen 1971
- RIDDERBOS H.N. DOGMA DER KERK
Jan Haas, Groningen 1949
- RINZEMA J. DE SEXUELE REVOLUTIE. UITDAGING EN
ANTWOORD.
Kok Kampen 1972
- ROBINSON J.F. THE CONTRACEPTIVE PILL.
E & S Livingstone, Edinburgh, London, 1965
- RUPERTI R.M. DIE OPVOEDINGSTAAK
Afrikaanse Pers, Boekahndel,
Johannesburg 1965

- SCHIPPERS R. DE GEREFORMEERDE ZEDE
Kok Kampen 1954
- SCHOEMAN P.G. GRONDSLAE EN IMPLIKASIES VAN 'n
CHRISTELIKE OPVOEDINGSFILOSOFIE.
Sacum, Bloemfontein 1975
- SCHOOLS P. INSIGHT, AUTHORITY AND POWER. A BIBLICAL
APPRAISAL.
Wedge Publishing Foundation 1972
- SCHMIDT M.M. EN ROBERTS C.M.P. FLINK MET DIE VOORSKOT
HUISVLYT VIR STD 9
Nasou Bpk, Eerste Uitgawe (s.a.)
- SCHMIDT W.H.O. CHILD DEVELOPMENT. THE HUMAN, CULTURAL
AND EDUCATIONAL CONTEXT.
Harper & Row, New York, London, 1973
- SCHOUTEN J. DE DOELSTELLINGEN VAN HET CHRISTELIJK
ONDERWIJS. EEN AANZET TOT EEN ONDERWIJS-
KUNDINGE ONDERBOUWING.
Kok Kampen (s.a.)
- SCHUTTE B.C. EN SCHOLTZ I.P. OUER, U KIND.
Pro Rege, Potchefstroom (s.a.)
- SCHWELLNUS H.G. EN VIVIERS S.C.G. HUISVLYT STD. 9
PRAKTIESE KURSUS
Perskor Uitgewery 1977
- SINGER C.G. JOHN CALVIN: HIS ROOTS AND FRUITS.
The Presbyterian and Reformed Publishing
Company, Philadelphia, Pennsylvania, 1967
- SIZOO A. HERLEEFD VERLEDEN.
Kok Kampen 1958
- SIETSMA K. DE AMBTSGEDACHTEN.
Bakker, Amsterdam (s.a.)
- SKOGLUND E. YOU CAN BE YOUR OWN CHILD'S COUNSELLOR.
Glendale, California, U.S.A. 1978
- SMITH T. KERK EN JESUS PEOPLE.
Tafelberg, Kaapstad 1975
- SMUTS A.J. DIE HUWELIK EN GESINSLEWE VAN DIE
ALKOHOLIS - STRYDPERK OF INVALSPOORT
VIR HULPVERLENING.
Inligtingstuk (s.a.)
- SMUTS J.P. FILOSOFIES - OPVOEDKUNDIGE SKETSE.
Swetz & Zeitlinger, Amsterdam, 1929.

- SMIT R.J. EN
KILIAN C.J.G. ONDERWYSENDE OPVOEDING
N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1973
- SOUTER A. A POCKET LEXICON TO THE GREEK
NEW TESTAMENT.
Claredon Press, Oxford 1946
- SPIER J.M. ORIËTERING IN DIE CHRISTELIKE
WYSBEGEERTE.
Sacum, Bloemfontein 1972
- SPIER H.J. EN J.M.
e.a. WY SBEGEERTE EN LEVENSPRACTYK, DE
BETEKENIS VAN DE WIJSBEGEERTE DER
WETSIDEE VOOR VELERLEI LEVENSGEBIEDEN.
Kok Kampen 1948
- STALL S. WAT EEN JONGE MAN BEHOORT TE WETEN.
Den Boer, Naarn, 2de Druk (s.a.)
- STARK R. SOCIAL PROBLEMS
C.R.M. Random House 1974
- STAVAST L.H. NA U VERMOË.
Pro Rege, Potchefstroom 1963
- STEENSMA G., J. e.a. A BIBLICAL VIEW.
U.S.A. 1977
- STELLENWERF J. OORSPRONG EN TOEKOMST VAN DE CREATIVE MENS CH.
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1965.
- STEYN A.F. EN
BREEDT A. DIE VERANDERENDE GESIN.
Academica, Pretoria, Kaapstad, 1978
- STOKER H.G. BEGINSELS EN METODEDES IN DIE WETENSKAP.
PRO REGE, Potchefstroom 1961
- DIE STRYD OM THE ORDES.
Admin. Buro, Gereformeerde Kerk
Potchefstroom 1941
- WAARHEID EN WERKLIKHEID. WYSGERIGE
PERSPEKTIEWE OP DIE WERKLIKHEID.
De Jong, Braamfontein 1971
- STONE H.J.S. OPVOEDING EN RELIGIE.
Sacum, Bloemfontein 1972
- STOTT J. DIVORCE. THE BIBLICAL TEACHING.
Sunday School Centre Wholesale,
Kaapstad 1975
- STRAUSS D.F.M. WETENSKAP EN WERKLIKHEID.
Sacum, Bloemfontein 1971

- WYSGERIGE GRONDPROBLEME IN DIE TAAL-
WETENSKAP. 'n INLEIDINDE STUDIE.
Sacum, Bloemfontein (s.a.)
- STRAUSS H.J. CHRISTELIKE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING.
DIE DIENS AAN GOD MET ONS HELE HART.
Sacum, Bloemfontein 1970
- CHRISTELIKE WETENSKAP EN CHRISTELIKE
ONDERWYS.
Sacum, Bloemfontein (s.a.)
- ONS EN ONS BESITTINGS.
Nasionale Pers, Port Elizabeth, 1944
- VAKBONDBEWEGING, BEROEPSEGOÏSME EN
STAATKUNDIGE PROBLEMATIEK. ERFENIS
UIT HUMANISTIESE WETENSKAPSLEIDING.
Sacum, Bloemfontein 1970
- STROUP A.L. MARRIAGE AND FAMILY. A DEVELOPMENTAL
APPROACH.
Appleton-Century-Crofts, New York, 1966
- TALJAARD J.A.L. KURSES IN LEWENS- EN WÊRELDBESKOUINGSLEER
EN MENSLIKE SAMELEWINGSVERBANDE.
Pro Rege, Potchefstroom 1963
- TAUTE B. OPVOEDENDE ONDERWYS.
Unie Volkspers, Kaapstad 1938
- TAYLOR H. THE REFORMATIONAL UNDERSTANDING OF
FAMILY AND MARRIAGE,
The Craig Press, Nutley, New Jersey, 1970
- THE NEW LEGALITY. IN THE LIGHT OF THE
CHRISTIAN PHILOSOPHY OF LAW.
Presbyterian and Reformed Publishing
Company, Philadelphia 1967.
- TOURNIER P. OM MEKAAR BETER TE VERSTAAN
Kaapstad 1977
- TRAAS M. OPVOEDEN TOT SAMENLEVEN
Callenbach, Nijkerk 1974
- TRAUTWEIN D. KERKDIENT ALS LEERPROCES
Kok Kampen 1974
- VAN ANDEL H.A. GODS GEBOD EN ONS GEBED.
Kok Kampen 1931
- VAN DE VELDE DIE GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE LIEFDE
IN DIE HUWELIK.
Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg, 1952

- VAN DE VELDE T.H. IDEAL MARRIAGE. IT'S PHYSIOLOGY AND
TECHNIQUE.
Granada, London 1977
- VAN DEN BERG J.H. MEDISCHE MACHT EN MEDISCHE ETIEK.
Callenbach, Nijkerk, 18 de druk (s.a.)
- VAN DEN BERG H. DUIWELSKUNSTE EN DIE BYBEL.
Magaliesberg Uitgewers, Skeerpoort (s.a.)
- VAN DER MERWE A. DIE HUWELIK
Sacum, Bloemfontein 1953
- VAN DER MERWE I.R. HANDLEIDING IN GESONDHEIDSLEER. VIR
GEBRUIK IN MIDDELBARE SKOLE.
Nasionale Boekhandel. Kaapstad, Bloemfontein,
Johannesburg 1957
- WYSGERIG-ANTROPOLOGIESE GRONDSLAE VAN DIE
LIGGAAMLIKE OPVOEDING,
Nasionale Boekwinkels, Bloemfontein (s.a.)
- VAN DER STOOP F. DIDAKTIESE GRONDVORME
H. & R. Academica, Pretoria 1969
- VAN DER WALT B.J. HORIZON, SURVEYING A ROUTE FOR CONTEMPORARY
CHRISTIAN THOUGHT.
P.U. vir C.H.O., Potchefstroom 1978
- VAN DER WALT N.G.S. DIE APEWEG NA KONINGSKAP
Die Evangelis, Potchefstroom.
- VAN DER WALT S.P. DIE WYSBEGEERTE VAN DR. HERMAN BAVINCK.
Pro Rege, Potchefstroom, 1953
- VAN DER WERF J. OEFENINGEN IN HET LEERHUIS.
A. Roelofs van Goor, Amersfoort, 1966
- VAN DER ZANDEN J.W. SOCIOLOGY. A SYSTEMATIC APPROACH.
The Ronald Press Comp. New York 1965
- VAN DER ZANDEN L. DE MENSCH ALS BEELD GODS.
Kok Kampen (s.a.)
- PRAEDESTINATIE. ONZE VERKIESING IN
CHRISTUS. Kok Kampen 1949
- VAN DER ZWEEP L. DE PAEDAGOGIEK VAN BAVINCK
Kok Kampen (s.a.)
- VAN DIJK M.P. DE UITDAGING VAN HET NEO-MARXISME.
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1974
- VAN DIJK R. MENS EN MEDEMENS. EEN INLEIDING TOT DE
SOCIOLOGIE.
Zomer en Keunings, Wageningen, (s a)

- VON GAGERN E.F. GELUKKIG HUWELIJK. PSYCHICKE GRONDSLAGEN VAN DE OPVOEDING EN DE ZIELELEIDING II. Nelissen, Bilthoven, Groeit, Antwerpen, 1958
- VAN HARTEN-OOSTEROM C.A. VIER GLAZEN. GEDENKBOEK 1886 - 1961. SOCIETAS STUDIOSORUM RE-FORMATORUM. Delft, Nederland 1961
- VAN HERKSEN J. AMBTELIJKE ZIELSZORG, EN ZEKERHEID DES GELOOFS. Kok Kampen (s.a.)
- VAN LOGGERENBERG N.T. EERSTE STAPPE IN DIE FILOSOFIE VAN DIE OPVOEDING. Sentrale Pers, Bloemfontein (s.a.)
- VAN LOGGERENBERG N.T. EN VERANTWOORDELIKE OPVOEDING JOOSTE A.J.C. Nasionale Boekhandel, Bloemfontein, 1970
- VAN NIEKERK P.A. DIE PROBLEMATIESE OPVOEDINGSGEBEURE. Universiteits Uitgewers, Stellenbosch, Grahamstad 1976
- VAN MELLE P.J. KORTE SCHETS DER CHRISTELIJKE GELOOFSLEER. G.F. Callenbach, Nijkerk 1930
- VAN NIEKERK F.N. GEBOORTEBEPERKING EN GESINSREËLING. Sacum, Bloemfontein 1966
- VAN PEURSEN C.A. LICHAAM- ZIEL - GEEST. INLEIDING TOT EEN FENOMENOLOGISCHE ANTHROPOLOGIE. Erven J. Nijleveld, Utrecht, 1970
- VAN RIESSEN Ir H e.a. MACHT EN ONMACHT VAN DE TWINTIGSTE EEUW. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1974
- MENS EN WERK
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 196 2
- OP WIJSGERIGE WEGEN
Zomer en Keunings, Wageningen, 1958
- WIJSBEGEERTE
Kok Kampen 1970
- VAN UCHELEN A.C. HET HEILIG ONDERRICHT DER KERK
Amsterdam 1945
- VAN VUUREN J.C.G. e.a. "ORIËNTERING IN DIE PEDAGOGIEK. 'n STUDIEBOEK VIR BEGINNERS
Unisa, Pretoria 1976
- VAN WYK J.A. ETIEK
N.G. Sendingpers, Bloemfontein, 1968

- VAN WYK J.H. EKSISTENSIETEOLOGIE EN GODSDIENSONDERRIG
Pro Rege, Potchefstroom, 1971
- STROMINGE IN DIE OPVOEDINGSTEORIE
Butterworth, Durban
- RELIGIE, OPVOEDKUNDE EN OPVOEDING.
P.U. vir C.H.O., POTCHEFSTROOM, 1976
- VAN ZYL P. OPVOEDKUNDE II. HANDLEIDING VIR STUDENTE.
De Jong, BRAAMFONTEIN 1975
- OPVOEDKUNDE III. HANDLEIDING VIR NAGRAADSE
STUDENTE.
De Jong, Braamfontein, 1977
- VEENHOF C. SOUVEREINITEIT IN EIGEN KRING.
Kok Kampen (s.a.)
- VELDKAMP D.H. MENSEN GODS
La Riviere en Voorhoeve, Zwolle, (s.a.)
- VELDKAMP H. ZONDAGSKINDEREN I EN II
Wever, Franeker (s.a.)
- VELEMA W.H. EN KOLE I.A. OP DE KEPER BESCHOUWD II. EEN SERIE
LESSEN OVER ETHISCHE EN SOCIALE VRAGEN.
Kok Kampen (s.a.)
- VENTER E.A. DIE GELOWIGE IN DIE SAMELEWING
Sacum, Bloemfontein 1969
- WYSGERIGE TEMAS
Sacum, Bloemfontein (s.a.)
- VERHOEF P.A. METODIEK VAN DIE EKSEGESE.
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad,
Pretoria 1973
- VERHOEF P.A. e.a. SOL JUSTITIAE , FEESBUNDEL. VERSAMELWERK
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad
Pretoria (s.a.)
- VERMEULEN A. DIE OPVOEDKUNDIGE-ANTROPOLOGIESE BETEKENIS
VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE.
N.G.N. Publikasie, Nr 19, Pro Rege,
Potchefstroom, 1971
- VOGES H.W. HUISHOUDING VIR DIE STUDENT.
Maskew Miller, Kaapstad 1960
- VONK C. HUISBEZOEK NAAR GODS GEBODEN.
Kok Kampen (s.a.)

- VRIEZE M. NADENKEN OVER DE SAMENLEVING
Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1977
- WARNKE M. THE SATAN SELLER
Logos International, Plainfield,
New Jersey 1972
- WATERINK J. AAN MOEDER SE HAND NA JESUS
De Bussy, Kaapstad, Pretoria, 1947
- BRIEVEN AAN JONGE MENSEN
Zomer en Keunings, 2de Druk (s.a.)
- THEORIE DER OPVOEDING
Kok Kampen 1951
- WESSLER R. SOSIALE ETIEK. TEOLOGIESE BOEKREEKS NR. 9
Genadendal, K.P. (s.a.)
- WHITNEY H.J. THE NEW "MYTH"-OLOGY.
Smith en Peterson, Brisbane 1967
- WIELENGA B. HET HUWELIJK ALS INZETTING GODS.
Kok Kampen 1936
- HET WEZEN VAN HET CHRISTENDOM.
Kok Kampen (s.a.)
- JOHANNES CALVYN'S INSTITUSIE. VERKORT
WEERGEGEVEN.
Kok Kampen 3 September 1934
- ONZE CATECHISMUS II
Kok Kampen 1947
- WISSINK R.H. DE BIJBEL OP SCHOOL - JA, MAAR HOE?
Kok Kampen (s.a.)
- WURTH G.B. CHRISTELIJK ZIELZORG IN HET LICHT DER
MODERNE PSYCHOLOGIE.
Kok Kampen 1955
- DE ANTITHESE IN DEZEN TIJD.
Kok Kampen 1940
- DE CHRISTELIJKE VRIJHEID
Kok Kampen 1934
- GESTALTEN DER LIEFDE
Kok Kampen 1953
- HET CHRISTELIJK LEVEN. GRONDLIJNEN
DER ETHIEK.
Kok Kampen 1949

- | | | |
|---------------------------------|--|--------|
| | HET CHRISTELIJK LEVEN. IN DE MAATSCHAPPIJ
Kok Kampen | 1951 |
| | HET CHRISTELIJK LEVEN. IN HUWELIJK EN
HUISGEZIN.
Kok Kampen | 1960 |
| | MENS-BESCHOUWING EN MAATSCHAPPELIJK WERK
Kok Kampen | 1957 |
| | ZEDELIJKE OPVOEDING. GRONDLIJNEN DER
ETISCHE PAEDAGOGIEK.
Kok Kampen | 1960 |
| WURTH G.B. EN
WIERSINGA W.A. | HET EVANGELIE IN EEN ONTKERSTENDE WÊRELD
Kok Kampen | 1953 |
| ZEEMAN M.T.S. | NUWE HOOP VIR 'n VERWARDE WERELD.
Sacum, Bloemfontein | 1973 |
| ZUIDEMA S.U. | COMMUNISME IN ONTBINDING.
Zomer en Keunings, Wageningen, (s.a.) | |
| | VAN GELOOF TOT GELOOF
Wever, Franeker, | (s.a.) |

KOMMENTARE

- BALJON J.M.S. COMMENTAR OP DE BRIEVEN VAN PAULUS
Utrecht, J. Van Boekhoven 1907
- BÄHL F.M. Th EXODUS, TEKS EN UITLEG.
J.E. Wolters, U.M. Groningen
Den Haag 1928
- BOUMA C. KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT,
I, II TIMOTHEUS EN TITUS, FILEMON
Kok Kampen 1937
- CALVIN J. COMMENTARIES ON THE LAST FOUR BOOKS
OF MOSES III.
W.B. Eerdmans Publishing Company,
Grand Rapids, Michigan, 1950
- VONK C. DE VOORZEIDE LEER:
DEEL 1 (a) GENESIS, EXODUS 1960
DEEL 1 (c) NUMERI, DEUTERONOMIUM, 1966
LEVITICUS, NUMERI, DEUTERONOMIUM, 1963
- DELITZSCH F. BIBLICAL COMMENTARY OF THE PROVERBS
SOLOMON, VOL. I EN II.
W.M.B. Eerdmans Publishing Co.
Grand Rapids, Michigan 1950
- DIE BYBEL MET VERKLARENDE AANTEKENINGE, I, II EN III.
Verenigde Protestantse Uitgewers,
Kaapstad 1958.
- DU TOIT G.D. DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS
C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1951
- FREEMAN J.M. MANNERS AND CUSTOMS OF THE BIBLE.
Logos International, Plainfield
New Jersey 1972
- FREY H. IN DEN BEGINNE. (VERKLARING OP GENESIS 1 - 11)
T. Wever Franeker, Stellenbosch, 1950
- GEMSER B. DE PSALMEN III, TEKST EN UITLEG,
PRAKTISCHE BIJBELVERKLARING.
J.B. Wolters, Uitgewermaatschappij,
Groningen, Batavia 1949
- GISPEN W.H. KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT.
DIE SPREUKEN VAN SALOMO, DEEL I EN II.
Kok, Kampen 1968
- GISPEN W.H. SCHEPPING EN PARADIJS. VERKLARING VAN
GENESIS 1 - 3.
Kok Kampen 1966
- GOSLINGA C.J. KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT. JOZUA
Kok Kampen 1937

- GLOVER R. THE GOSPEL OF MATTHEW.
Zondervan Publishing House, Grand Rapids,
Michigan 1956.
- GRYDANUS S. KORTE VERKLARINGEN DER HEILIGE SCHRIFT,
EPHEZE, PHILLIPPENZEN.
Kok Kampen, 2de Druk, 1949
- GROENEWALD E.P. DIE EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTHIËRS.
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad,
Pretoria 1971
- GROSHEIDE F.W. DE BRIEF VAN PAULUS AAN DE EFESIËRS
Kok Kampen 1960
- GROSHEIDE F.W. HET HEILIGE EVANGELIE VOLGENS MATTHEUS
Kok Kampen, 2de Druk 1954
- GUTHRIE D. e.a. THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED.
Intervarsity Press, 3rd Edition,
Reprinted 1975
- KIDNER D. PROVERBS.
Intervarsity Press, London, Herdruk, 1974
- KITTEL G. THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW
TESTAMENT.
W.M.B. Eerdmans Publishing Co. Grand
Rapids, Michigan, London 1964
- KOOLE J.L. DE TIEN GEBODEN.
Bosch & Keuning, N.V. Baarn 1964
- LANGE J.P. COMMENTARY ON THE HOLY SCRIPTURES.
MATTHEWS .
Zondervan Publishing House, Grand Rapids,
Michigan, (s.a.)
- LENSKI R.C.M. ST. MATTHEW'S GOSPEL.
The Waitburg Press, Columbus, Ohio, 1943
- LLOYD-JONES D.M. LIFE IN THE SPIRIT IN MARRIAGE, HOME
AND WORK. EFES. 5: 18 - 6 : 9, 1975
- LUCK G.C. THE BIBLE BOOK BY BOOK.
Moody Press, Chicago 1955
- MARAIS P.W. DIE TIEN WOORDE VAN GOD.
N.G. Kerk Boekhandel, Pretoria, 1978
- MATHEW HENRY'S COMMENTARY ON THE WHOLE BIBLE. VOL. 1 - 6.
New York London, Edinburgh (s.a.)
- MENTZ J.F. DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS.
S.A. Bybelvereniging, Kaapstad (s.a.)

- MULLER J.J. DIE BRIEWESKAT VAN PAULUS.
N.G. Kerk Uitgewers 1974
- NEW MARKET REFERENCE BIBLE (CONCORDANCE)
Zondervan Bible Publishers
13 Printing, March 1934
- POP F.J. BIJBELSE WOORDEN EN HUN GEHEIM.
Boekencentrum - Gravenhage 1964
- POPMA S.J. HET GEZEGDE LEVEN. EEN CONFRONTASIE
MET DE BRIEF AAN EFESE.
Bosche en Keuning, Baarn (s.a.)
- RIDDERBOS H. AAN DE KLOOSSENZEN.
Kok Kamper. 1960
- RIDDERBOS J. KORTE VERKLARINGE DER HEILIGE SCHRIFT,
DEUTERONOMIUM, DEEL I.
Kok Kampen 1950
- SPURGEON C.H. THE TREASURY OF DAVID I - VI.
Marshall, Morgan-Scott Ltd, London
Edinburgh 1950
- THE NEW BIBLE COMMENTARY REVISED
INTERVARSITY PRESS, Herdruk 1975
- TIDWELL J.B. THE BIBLE BOOK BY BOOK, 8th ED. REVISED.
W.M.B. Eerdmans Publishing Co.
Grand Rapids, Michigan 1945
- VAN DEURSEN F. DE VOORZEIDE LEER I.K. PSALMEN II
Wesdijk, Liebeek en Hooy Meyer -
Barendrecht 1975
- VAN LEEUWEN J.C. EN
JACOBS D. KORTE VERKLARING DER HEILIGE SCHRIFT,
ROMEINEN.
Kok Kampen, 2de Druk 1939
- VAN NIEKERK E.A. TIEN STIPPELLENE VIR DIE PAD.
N.G. Kerk Uitgewers-Boekhandel,
2 de Druk 1971
- VILJOEN D. HOE LIEF HET EK U WET. BYBELKOR
N.G. Kerk Uitgewers en Boekhandel,
2 de Druk, Kaapstad 1976
- VILJOEN J.A.V.Z. DIE BRIEWE VAN DIE APOSTEL PAULUS AAN
DIE FILIPPENSE, KOLOSSENSE,
THESSALONISENSE.
S.A. Bybelvereniging, Kaapstad
Pretoria (s a.)

PROEFSKRIFTE

- MALAN J. DU P. KERK EN OUERSKAP.
D.D. U.P. Desember 1968, Pretoria
- DU PLESSIS I.J. CHRISTUS AS HOOF VAN KERK EN KOSMOS.
Kampen 1962
- DE KLERK J.J. 'n PRINSIPIËLE BESKOUING OOR DIE POSITI-
VERINGSTAAK VAN DIE GEREFORMEERDE
KERKINSTITUUT IN WISSELWERKING MET DIE
MODERNE SAMELEWING.
D. Phil., P.U. vir C.H.O. Potchefstroom, 1966
- VAN MEYENFELDT F.H. HET HART (LEB, LEBAB) IN HET OUDE
TESTAMENT.
Leiden, E.J. Brill 1950
- VAN HEERDEN E. BEGELEIDINGSHULP AAN OUERS TEN OPSIGTE
VAN HULLE OPVOEDINGSTAAK
D. Phil., R.A.U., Johannesburg,
Desember 1976
- GUTSCHE C.E.W. OPVOEDKUNDIGE STRAF.
D. Phil., U.P. ,Pretoria 1941
- DUVENHAGE S.C.W. KERK, VOLK EN JEUG. DEEL I. DIE
VERHOUDING VAN KERK TOT VOLK, 'n
HISTORIESE-PRINSIPIËLE STUDIE.
Heijnis, Zaandijk 1962
- PLATINGA G.H. JEUGD EN GODSDIENSTIGE VORMING. INLEIDING
TOT EEN GODSDIENSTIGEDAGOGISCHE BENADERING
VAN ENIGE CATECHETISCHE PROBLEMEN.
Groningen, Uitgewer, T. Wever, Franeker, 1967

VERHANDELINGE

- BREWIS J.C. DIE BYDRAE VAN R. PERQUIN S.J. TOT DIE PEDAGOGIEK IN DIE ALGEMEEN EN DIE FUNDAMENTELE PEDAGOGIEK IN DIE BESONDER.
M.Ed., Unisa, Pretoria, Januarie 1976
- BURGERS G.S. KUNSMATIGE INSEMINASIE BY DIE MENS. 'n Kristiese beoordeling.
M.A. U.O.V.S., Bloemfontein, Desember, 1973
- COETZEE C.J. 'n CHRISTELIKE ANTROPOLOGIE EN DIDAKTIEK.
M.Ed, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom
Januarie 1976
- COETZER M.J.G. DIE SPESIFIEKE BYDRAE VAN BYBELONDERRIG EN BYBELKUNDE TOT CEESTELIKE WEERBAARHEID.
M.A., U.O.V.S., Bloemfontein, Desember 1978
- DU TOIT N. 'n WYSGERIGE ONTLEDING VAN DIE STRUKTUUR VAN DIE CHRISTELIKE SKOOL, OPVOEDING EN ONDERWYS.
M.A., U.O.V.S., Bloemfontein, Januarie 1971
- ENGELBRECHT C.S. DIE SAMEHANG TUSSEN LIGGAAMSBELEWING EN LEER PROBLEME BY DIE KIND.
M.Ed., U.P., Pretoria, Desember 1970
- FOURIE D.R. DIE OPVOEDKUNDIGE TAAK EN ROEPING VAN DIE CHRISTELIKE HUISGESIN AS SAMELEWINGSVERBAND MET VERWYSING NA DIE VERSKILLENDE TYDSGEWIGTE.
M.Ed., U.O.V.S., Bloemfontein, Januarie 1975
- LOMBARD J.C. DIE HUWELIK EN GESIN SOSIOLOGIES GESIEN IN DIE LIG VAN DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE.
M.A. U.O.V.S., Bloemfontein. 1951
- MARAIS J.L. DIE GEESTESWEERBAARHEIDSPROGRAM IN TRANSVAALSE SEKONDERE SKOLE. 'n TEORETIES-EMPIRIESE ONDERSOEK.
M.Ed., P.U. vir C.H.O., Potchefstroom
Januarie 1977.
- OLIVIER G.E. DIE IMPLIKASIES VAN DEUTERENOMIUM 6 VIR DIE OPVOEDING VAN DIE VERBONDSKIND.
M.A., U.O.V.S., Bloemfontein, September 1975
- SCHOLTZ J.A. DIE CHRISTELIK-RELIGIEUSE INGESTELDHEID EN TOERUSTING VAN DIE LEERKRAG IN GODSDIENS-ONDERWYS EN BYBELKUNDE.
M.A., U.O.V.S., Bloemfontein, Desember 1973
- SMITH H.J. ETIESE GRONDBEGINSELS BY PAULUS.
M.Th., Stellenbosch, Noyember 1970
- STEYN J.A. DIE OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLINGE VAN 'n CHRISTELIK-REFORMATORIESE KOSMOLOGIE, MET SPESIALE VERWYSING NA DIE WYSBEGEERTE VAN DIE WETSIDEE.
M.Ed., U.O.V.S., Bloemfontein, Desember 1959

STONE H.J.S.

DIE PROBLEMATIEK VAN GELOOFSEKERHEID IN DIE
GODSDIENSONDERRIG AAN AFRIKAANSE ONDERWYS
STUDENTE.

M.Ed., P.U. vir C.H.O., Potchefstroom
Desember 1967.

VENTER J.A.

CHRISTELIKE KUISHEID.

M.A., U.O.V.S., Bloemfontein 1978

VAN ZYL J.M.

DIE PEDAGOGIESE IMPLIKASIES VAN ENKELE
MOMENTE UIT DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS.

M.Ed., U P., Pretoria, Oktober 1976

ENSIKLOPEDIË

AFRIKAANSE KINDERENSIKLOPEDIË - DELE I - X.
Nasionale Boekhandel, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1956

CHRISTELIJKE ENCYCLOPEDIË, DELE I - VI.
Kok Kampen, 1956

DIE VROU. DELE I - VIII.
Albertyn, Kaapstad, Bellville, Stellenbosch, (s.a.)

ENCYCLOPEDIË VAN HET CHRISTENDOM. PROTESTANTSE DEEL.
Elsevier, Brussel, Amsterdam, 1955

GENEESKUNDIGE ENSIKLOPEDIË. MEDIESE HANDBOEK VIR DIE AFRIKAANSE
GESIN. DELE I - III.
C.N.A., Johannesburg (s.a.)

VERSAMELWERKE

CHRISTELIK NASIONAAL. ONS CHRISTELIK-NASIONALE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING.

Stigting, Dirkie Uys, Januarie 1967.

CHRISTIAN HIGHER EDUCATION. THE CONTEMPORARY CHALLENGE.

Potchefstroom. J.B.C.F. 3 No. 6, September 1975.

DIE ANKER VAN 'n VOLK. DIE GESIN AS KERNEENHEID, GEREEL DEUR DIE FEDERALE VROUERAAD. (A.C.V.V.: S.A.V.F.: O.V.V.: N.C.V.V.) Sondagskoolboekhandel, Bloemfontein.

DIE ATOOMLEU: IN U LIG.

Eeufeespublikasie van I.B.C., Potchefstroom, 1969.

DIE BEHOUD VAN DIE AFRIKAANSE SKOLE. REFERATE GELEWER BY DIE KERKLIKE KONGRES OOR ENKELMEDIUMSKOLE. Desember 1942.

Voortrekkerpers, Johannesburg, 1943

DIE KONINKRYK VAN GOD. EEUFESUITGAWE, TEOLOGIESE SKOOL, POTCHEFSTROOM, 1969,

Potchefstroom, Herald, Potchefstroom.

DIE WÊRELD VAN '70. 'n PUBLIKASIE VAN KORPS "VERITAS VINCET"

Pro Rege, Potchefstroom 1974

DINK AAN JOU SKEPPER. PUBLIKASIE VAN KORPS "VERITAS VINCET".

Pro Rege, Potchefstroom 1960

EENHEID IN VEELHEID. EEN BUNDEL OPSTELLEN OVER EEN AANTAL AAN DE VRIJE UNIVERSITEIT ONDERWEZEN WETENSCHAPPEN.

Feesuitgawe, Amsterdam 1955.

F.A.K., 1970.

21ste Algemene Vergadering. Referate.

F.A.K., CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBELEID.

Instituut vir Christelike Nasionale Onderwys.

Posbus 8711, Johannesburg, 1948.

F.A.K. KONGRES, REFERATE EN BESLUIE OOR JEUGAANGELEENTHEDE.

30 September - 2 Oktober 1948, Bloemfontein.

F.A.K. REFERATE, BLOEMFONTEIN, 30 SEPTEMBER 1964.

Posbus 8711, Johannesburg.

FOKUS:

Uitgawe van die Jeugraad van die F.A.K. (s.a.)

HANDBOEK VIR DIE ONDERWYSER. GELOOFSLEER EN SEDELEER VIR STD. 10.
Interkerklike Uitgewerstrust.

HANDHAAF.

F.A.K. Publikasie, Posbus 8711, Johannesburg

IN DIE DAE VAN JOU JONKHEID.

Publikasie van Korps, "Veritas Vincet". Pro Rege, Potchefstroom, 1969

IN U LIG.

Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

KOERS IN DIE KRISIS. DELE I - III.

Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1935.

KONGRES OOR OPENBARE SEDELIKHEID EN LIBERALISME.

N.G. Kerk, O.V.S., 3 - 4 September 1965, Bloemfontein.

MEETSNOERE VIR DIE JEUG.

Sacum, Bloemfontein, 1950

RAS, VOLK EN NASIE EN VOLKERE VERHOUDINGE IN DIE LIG VAN DIE SKRIF

N.G. Kerk 1975

'n VOLK BESIN OOR SY OPVOEDING EN ONDERWYS.

Referate en Besluite. Volkskongres, 29 September - 2 Oktober 1969
te Pretoria. Interkerklike Uitgewers, Kaapstad, Potchefstroom, Pretoria.

OP AL SY AKKERS.

Sacum, Bloemfontein, 1975

OUER EN KIND. GESINSHANDBOEK.

N.G. Kerk Uitgewers, (s.a.)

OPVOEDING, NORME EN JEUGVERSET.

Referate gelewer te Durban, 27 - 29 Junie 1973.

S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

REFORMASIE EN REVOLUSIE.

Publikasie van I.B.C., Potchefstroom, 1974.

STANDPUNTE VAN DIE N.G. KERK TEN OPSIGTE VAN OPVOEDING EN ONDERWYS

SOOS DEUR DIE ALGEMENE SINODE AANVAAR OP 20 OKTOBER 1970,

TE PRETORIA

UIT VROUE-HARTE

Sacum, Bloemfontein (s.a.)

VERANTWOORDELIKE OUESKAP.

Referate gelewer by die Simposium, 28 September 1977, R.A.U.
Johannesburg.

VERSAMELDE WERKE; A. MURRAY, DELE I - X.
C.S.V. van S.A., Stellenbosch, 1945.

VOLKSKONGRES: FEDERALE ARMESORGRAAD VAN DIE GEREFORMEERDE
N.G. KERK, JOHANNESBURG. 1 - 4 Julie 1947.
Refcraate en Besluite.

TYDSKRIFTE

BULLETIN VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR DIE BEVORDERING
VAN CHRISTELIKE WETENSKAP.
S.A.V.C.W., Skakelbeampte, Joubertstraat 116, Sunnyside, Pretoria

CHRISTELIKE SENDING INTERNASIONAAL.
Posbus 1145, Krugersdorp.

DIE KINDERVRIEND.
Maandblad van die N.G. Kerk

DIE OSSEWAREEKS.
Opgestel deur die federasie van Calvinistiese verenigings in
Suid-Afrika. Pro-Rege, Potchefstroom.

DIE TWEDE TREK REEKS.
Nasionale Pers, Bloemfontein, Kaapstad en Port Elizabeth.

DIE VERKENNERREEKS.
Opgestel deur die Federasie van Calvinistiese studenteverenigings
in Suid-Afrika. Pro Ecclesia, Stellenbosch.

DIE VOORLIGTER
Maandblad van die N.G. Kerk.

HORIZON
Maandblad gewijd aan levensvragen.

INLIGTINGSTUK VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD INSAKE ALKOHOLISTE.

INTERNATIONAL SOCIAL SCIENCE JOURNAL.
Unesco. Vol. 14

1962

INTERNATIONAL REFORMED BULLETIN.
Official organ of the International Assosiation for Reformed
Faith and Action.
Borssenburg 4, Amstelveen, Nederland

KOERS
Twee maandelikse tydskrif vir Calvinistiese denke. Potchefstroom,
Herald, Potchefstroom.

NED. GER. TEOLOGIESE TYDSKRIF
N.G. Kerk Uitgewers, Kaapstad.

NUUSBRIEF
Streeks Welsynsraad van die Oos Transvaal.

REBOS
Uitgegee deur die Elimvereniging vir hulp aan probleemdrinkers,
Posbus 88, Kempton Park

RIGLYNE.

Publikasie van V.C.H.O., Posbus 1824, Bloemfontein

RIGTING.

Kwartaalblad van die Kindersendingkrans van die O.V.S.
Posbus 1399, Bloemfontein.

ROEPING EN RIGLYNE.

Kwartaalblad van die V.C.H.O., Posbus 1824, Bloemfontein

SAAMSTAAN.

Maandblad van die Christelike Alkoholiste Vereniging.

SARIE MARAIS.

'n WEEKBLAD. Uitgewers, Nasionale Tydskrifte, Kaapstad.

THEOLOGIA EVANGELICA.

Tydskrif van die fakulteit van Teologie, Unisa, Pretoria

TUSSEN ONS.

Lyfblad van die Admissiebond, U.O.V.S., Sacum, Bloemfontein.

TYDSKRIF VIR CHRISTELIKE WETENSKAP.

Publikasie van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys.
Posbus 1824, Bloemfontein.

TYDSKRIF VIR RASSE-AANGELEENTHEDE.

Uitgegee deur SABRA, Posbus 2768, Pretoria

486.

DIKTATE

LOMBARD J.C.

LEERSTELLIGE GONDSDIENSONDERWYS EN
BYBELKUNDE - DIE GRONDSLAG EN PRAKTYK
BYBELKUNDE H.O.D.

VERBOND EN VERBONDSGEHOORSAAMHEID.
BYBELKUNDE III.

DIE BETEKENIS VAN BYBELKUNDE AS AKADEMIESE
DISSIPLINE. Intreerede, 1 Maart 1973.
U.O.V.S., Bloemfontein., Prof. in Bybelkunde.

OPSOMMING

Die belydende Christelike huisgesin dink religieus in terme van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Dit hou onder andere in dat God in Sy alwyse skeppingorde die mens uniek en as kroon van Sy skepping geskape het met die opdrag om Hom in alles te dien en te verheerlik, met name in die huwelik en die gesin.

Die sondeval het radikaal ontwrigtend in alles deurgewerk, maar in Jesus Christus se versoeningswerk is die volle geskape werklikheid en die totale menselewe versoen en, sodat, - die onvolmaakte daarvan tenspyte in hierdie bedeling - die mens God weer in alles sinvol kan gehoorsaam en die afvallige rigting van die hart en lewe omgesit word in die religieuse gerigtheid na Hom.

Om die volle samehang en konstellasië waarbinne die gesin opereer in perspektief te sien moet 'n mens uiteraard gebruik maak van die kosmologiese onderskeidings wat die Christelike wysbegeerte ons bied, om sodoende die wetskringe of lewensaspekte en die individualiteitsstrukture waaronder die samelewingsverbande duidelik te onderskei en te tipeer.

Wat die vyftien werklikheidsaspekte of wetskringe betref, is dit vir die doel van ons tema belangrik om te wys op die ontsluitende betekenis van die geloofsaspek, genormeer deur die geopenbaarde inhoud van Gods Woord as dit Christelik ontsluit is. Dit het radikale betekenis vir al die aspekte van die Christelike gesinslewe en die opvoeding daarbinne.

Onder die samelewingstrukture soos deur God ingestel en ook histories gevorm onder sy voorsienigheid in die beskawingsontwikkeling, neem die huisgesin 'n unieke strategiese posisie in. Dit word onder andere deur alle verantwoordelike kultuurfilosowe en opvoedkundiges beklemtoon.

Om die gesin egter korrek te evalueer moet die Christelike antropologie deeglik verwerk word want dis die ouers as mense wat kinders as mense binne die gesin opvoed. Dis die gesin wat "mense lewer" vir die ander samelewingsverbande soos kerk, skool, staat, maatskappy en so meer.

Vanweë/.....

Vanweë die intieme vervlegtheid van huwelik engesin is dit onvermydelik om aan die huwelik ook besondere aandag te skenk. Dis immers die suksesvolle Christelike huwelik wat tot die positief Christelike ontslote gesin ontsluit, en binne die gesin is die ouers as geslagsdraers nog 'n huweliksegpaar.

Nadat ook die "wese" of kernbetekenis van die verskynsel opvoeding ondersoek is kan tot die behandeling van die omvattende lewenswyse, totale opvoeding binne die gesin onder leiding van die liefde oorgegaan word. Die onsluitende opvoedkundige omhoogleiding van die kind kan tereg een van die mees sentrale opdragte van God aan die mens beskou word in die lig van die kultuurmandaat van Gen. 1 : 27, 28 en Duet. 6 en Efes. 6 se verbondsmatige opvoedingsimperatief.

Dis dan juis binne die gesin wat gebind word deur die genetiese bloedband en gelei en gestempel word deur die liefde dat 'n besonder sensitiewe klimaat en moontlikhede bestaan vir die verbondsoopvoeding. Dit plaas 'n besondere groot verantwoordelikheid aan die ouers om dit nie net in Skriftuurlike sin te doen nie, maar gelei deur juis die LIEFDESNORM, wat die hele opvoedingstoon van die gesin behoort te kwalifiseer.

Die totale lewensomvattende opvoeding in die gesin, in volle lewenseenheid ontvang dan besondere aandag na alle normatiewe kante en nie net die "godsdienstige" nie. Ook die Christenouer en -opvoeder se visie en perspektief moet in hierdie opsig verbreed. Ons kom in verzet teen die verskraalde eensydige opvatting wat die Christelike gesin se Christelike opvoedig net koppel aan die enger godsdienstige opvoeding en huisgodsdien. Daarteenoor moet die alsydige wyd-kulturele gesinsvoeding in sy geheel op Christelike liefdesgrondslag geskied. So word binne die gesinsvoeding in Christelik-religieuse sin die grondslag gelê vir die gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine.

Die uitwerking in fyner besonderhede van die gesin se lewensomvattende opvoedingsgeleentheid en opvoedingsroeping het tot dusver selfs in reformatoriese kringe weinig aandag geniet. Dit kan in baie meer besonderhede as in hierdie verhandeling geskied waarby ook baie vrugbaar gebruik gemaak kan word van diegene wat nie uitgesproke trag om op Christelik-opvoedkundige standpunt te werk nie.

